

**KONFLIKRESOLUSIE IN 'N TRANSFORMASIEKONTEKS: 'N
VREDEBOUONTLEDING VAN DIE POST-LANCASTER HOUSE
TYDVAK IN ZIMBABWE: 4 MAART 1980 – 2002.**

deur

OOCKERT JAKOBUS GRUNDLING

**voorgelê luidens die vereistes
vir die graad**

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

AFRIKA POLITIEK

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA


STUDIELEIER: PROF P. LABUSCHAGNE

MEDESTUDIELEIER: PROF D.KOTZÉ

NOVEMBER 2009

Studentenommer: 34320040

Ek verklaar hiermee dat Konflikresolusie in 'n transformasiekonteks: 'n vredebou-ontleding van die post-Lancaster House tydvak in Zimbabwe: 4 Maart 1980 – 2002 my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

A handwritten signature in black ink, consisting of a large, stylized loop on the left and a horizontal line extending to the right.

Handtekening

Datum

**Oppedra aan my Vader,
Aletia, Euonell en my ouers**

VOORWOORD

Ek wil graag my opregte dank en waardering betuig aan:

My studieleiers, Proff Pieter Labuschagne en Dirk Kotzé vir die besondere wyse van leiding tydens die skryf van die proefskrif. U geduld en advies sal my lank bybly.

Die besondere ondersteuning ontvang van Unisa biblioteek. Die diens ontvang, stel 'n navolgenswaardige voorbeeld van diensverskaffing aan alle soortgelyke instellings in Suid-Afrika.

My werkgewer, Boland Kollege, vir die besondere ondersteuning, aanmoediging en ruimte aan my gebied tydens die tydperk van navorsing en skryf van die proefskrif.

Rudolf de Wet, Maureen Armstrong, Reg Cowie en Petra Aucamp vir al die vermoeiende proefleeswerk. Baie dankie. Deon Swart baie dankie vir die voortdurende ondersteuning, hulp en gedagtewisselings. Jy is 'n voorbeeld vir baie.

Duncan Roberts van Wings Express vir die uiters professionele koerierdiens van navorsingsmateriaal.

Judith Todd, vir haar intense passie vir Zimbabwe - dikwels ten koste van haarself. Baie dankie vir die ongelooflike insig in nasionale, streek en plaaslike aangeleenthede in Zimbabwe, wat ek tot my voordeel kon gebruik. Haar werk vir die Zimbabwe Project Trust en talle ander terreine - die resultate en uitdagings daarvan - is op sigself 'n skildery van Zimbabwe.

Prof Stephen Chan van die Universiteit van London en lid van die Statebondswaarnemersgroep tydens die 1980 verkiesings- en oorgangsproses. Baie dankie vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om u insigte oor Zimbabwe te deel.

Rocco Joubert, Pa Frans en Ma Petro vir julle besondere ondersteuning waarsonder die voortsetting van die studie moeilik sou wees. Die Strooidakgemeente en talle lidmate se morele en ander ondersteuning.

Dr Joh van Tonder, jy het die hart en gees van transformasie verstaan en dit as werkswyse in Staatskundige Ontwikkelingsdiens gevestig. Hierdie studie het daaruit voortgespruit.

Ma Odia en Pa Joppie vir die grondslag wat julle op fisiese, ekonomiese, psigiese en geestelike gebied gelê het vir die bereiking van hierdie ideaal. Dankie vir die grondboodskap, dat niemand geleerdheid, kennis en wysheid van jou kan wegneem nie. Petra, Jan en Chris, baie dankie vir die ure se gesprekke. Dit is waar die gees van demokrasie begin.

Sebastiaan, jy was die versinnebeelding van vrede en toewyding - 'n voorbeeld vir baie.

Aletia (Kiewiet) en Euonell vir julle ondersteuning. Die wyse waarop julle dit gedoen het, het van die studie 'n gesinspoging gemaak. Baie dankie. Kiewiet, jy is en bly die suurstof wat my aanspoor.

My Vader en Mentor, die Prins van Vrede, die gelofte het waar geword! Baie dankie. Vrede is 'n duur artikel, niemand sal dit kry as hy dit nie self wil maak nie. "Mercy and Truth have met together, Righteousness and Peace have kissed each other." Die wetenskap bewys die spreekwoord tog reg!

INHOUDSOPGAWE

| | |
|--|------------|
| VOORWOORD | 4 |
| Opsomming | 8 |
| INLEIDING | 11 |
| 1. Doel | 11 |
| 2. Probleemstelling | 11 |
| 3. Teoretiese raamwerk | 14 |
| 4. Navorsingsontwerp en metodiek | 14 |
| 5. Bronnelys | 16 |
| HOOFSTUK 1: Konflikresolusie en vredebou in ‘n transformasie konteks: teoretiese vertrekpunte | 17 |
| 1. Doel | 17 |
| 2. Konflikresolusie | 17 |
| 3. Vredebou | 18 |
| 4. Die fases in die vredebou model | 20 |
| 4.1 Vredevestiging | 20 |
| 4.2 Vredemaak | 30 |
| 4.3 Konflikdefinisie en die formulering van gesamentlike visie en versoeningsdoelstellings: ‘n soeke na ‘n inklusiewe raison d’être met akkommodering van diepliggende diversiteite | 49 |
| 4.4 Implementeringsbeplanning: Transformasie en voorkomende beplanning | 54 |
| 5. Beoordeling | 58 |
| 6. Bronnelys | 65 |
| HOOFSTUK 2: ‘n Historiese ontleding van die konflikstruktuur in Zimbabwe | 68 |
| 2.1. Doel | 68 |
| 2.2. Pre-koloniale periode | 68 |
| 2.3. Koloniale periode | 76 |
| 2.3.1. British South African Company | 76 |
| 2.3.2. Vestiging van verantwoordelike selfregering | 90 |
| 2.3.3. Die federasie opsie: Nyassaland, Noord- en Suid-Rhodesië | 97 |
| 2.4. Die UDI-tydperk | 121 |
| 2.4.1. UDI-verklaring en die reaksie daarop | 121 |
| 2.4.2. HMS Tiger en HMS Fearless onderhandelinge | 126 |
| 2.4.3. Die 1969-grondwet en Republiekwording | 126 |
| 2.4.4. Pearce Kommissie (1971-1972) | 128 |
| 2.4.5. Binnelandse skikkingsinisiatief (1972-1974) | 131 |
| 2.4.6. Die guerrilla-oorlog in die sewentigerjare | 132 |

| | |
|--|------------|
| 2.4.7. Détente pogings en die binnelandse Skikking | 137 |
| 2.4.8. Statebondspitsberaad, Lusaka 1979 | 140 |
| 2.5. Beoordeling: konflikdefinisie | 141 |
| 2.6. Bronnelys | 156 |
| HOOFTUK 3: Vredevestiging in die post-Lancaster House-era | 160 |
| 3.1. Doel | 160 |
| 3.2. Aanloop tot die Lancaster House Konferensie | 160 |
| 3.3. Die Lancaster House Konferensie: 10 September 1979 – 21 Desember 1979 | 168 |
| 3.4. Implementering van die Lancaster House-ooreenkoms | 180 |
| 3.5. Die rol van die internasionale gemeenskap in die oorgangsproses: Die Statebondswaarnemersgroep se verslag oor die verkiesingsproses | 183 |
| 3.6. Onafhanklikheidsverkiesings | 189 |
| 3.7. Beoordeling | 192 |
| 3.8. Bronnelys | 208 |
| HOOFTUK 4: Versoening en vredebou in die Post-Lancaster House-era | 211 |
| 4.1. Doel | 211 |
| 4.2. Versoening en vredebou in die onafhanklikheidsperiode: persepsies van doel en belangebotsings | 211 |
| 4.3. Versoening en vredebou: konflikterende gedragpatrone | 232 |
| 4.4. Versoening en vredebou: konflikterende gesindhede | 249 |
| 4.5. Beoordeling | 262 |
| 4.6. Bronnelys | 270 |
| Hoofstuk 5: Samevatting en gevolgtrekking: raamwerk vir konfliktransformasie dmv geïntegreerde konflikresolusie en vredebou | 273 |
| 5.1. Konflikresolusie en transformasie: versoening en vredebou? | 273 |
| 5.2. Gevolgtrekkings: impak op konflikresolusie en vredebou teorie | 290 |
| 5.3. Voorgestelde raamwerk vir konflikresolusie in 'n transformasiekonteks dmv van versoening en vredebou | 295 |
| Bibliografie | 304 |

| Tabelnommer | Tabelnaam | Bladsy |
|--------------------|--|---------------|
| 1 | Lederach: Raamwerk vir geïntegreerde vredebou | 22 |
| 2 | Galtung se konflik-driehoek | 31 |
| 3 | Bronne van konflik | 35 |
| 4 | Konflikgedrag | 41 |
| 5 | Konflikgesindhede | 43 |
| 6 | Konflikeskalasie-aanwysers: sentrifugale kragte | 45 |
| 7 | Konflikeskalasie-spiraal | 46 |
| 8 | Konflikversagters: sentripetale kragte | 48 |
| 9 | Konflikresolusie en vredebou proses- en be- planningsriglyne | 62 |
| 10 | Britse onderhandelingspogings in Rhodesië | 124 |
| 11 | Historiese onderdrukkende wetgewing wat eskale- rend op destruktiewe konflikgesindhede en –ge- dragspatrone ingewerk het | 154 |
| 12 | Lys van kiesafdelings en setelverdelings | 177 |
| 13 | Ordinansies uitgevaardig deur Lord Soames | 180 |
| 14 | Ondersoeke na klagtes oor beweerde skietsta- kingsverbrekings | 189 |
| 15 | Lys van politieke partye wat aan die 1980- verkiesings deelgeneem het | 190 |
| 16 | Volledige uitslae van die 1980-gemeenskaplike kieserslys | 190 |
| 17 | Uitslag van die 1980-algemene kierserslys per kiesdistrik | 191 |
| 18 | Volledige uitslae van die blanke kieserslys | 191 |
| 19 | Volledige kronologiese verloop van die Lancaster House-konferensie: September – Desember 1979 | 196 |
| 20 | Samestelling van die deelnemende onderhan- delingspanne | 207 |
| 21 | Kontrolelys van die historiese konflikstruktuur in Zimbabwe | 212 |
| 22 | Voorbeelde van eskalerende institusionele destruk- tiewe konflikgedragshandeling | 237 |
| 23 | Georganiseerde burgerlike samelewingsorganisa- sies in Zimbabwe | 261 |
| 24 | Gedragskode vir interaktiewe kommunikasie in gefragmenteerde samelewings | 300 |
| 25 | Raamwerk vir geïntegreerde vredebou | 301 |
| 26 | Konflikrisiko-analise | 302 |
| 27 | Currently Perceived Choice | 303 |

OPSOMMING

Die oogmerk van die studie is 'n ontleding van die konflikresolusie-proses in Zimbabwe sedert die Lancaster House-ooreenkoms en die daaropvolgende verkiesings van 4 Maart 1980 tot en met die jaar 2002. Die doelstelling is om te bepaal in watter mate en op welke wyse, daar op alle vlakke van die gemeenskap nasionaal en op plaaslike vlak, gepoog is om die geweldskultuur, wat kenmerkend van die guerrilla-oorlog was, te transformeer tot 'n volhoubare inklusiewe vredesomgewing en -kultuur.

'n Primêre motivering vir die keuse van die bepaalde navorsingstydperk is dat dit veronderstel is om die vredebou-periode van die Zimbabwiese konflikresolusie-proses in te lui. Dit is die era waartydens die bronne van die historiese konflik, ooreenkomstig die vredebou-teorie, getransformeer moes word. Dit sluit ook die era in waartydens die eerste stappe van die radikale grondhervormingsproses geïmplementeer is.

In die lig hiervan word die onderstaande 5 kernvraagstukke as *raison d'être* van die studie op 'n hoofstukbasis ondersoek:

1. Wat is die vereistes vir volhoubare vrede, ooreenkomstig die konflikresolusie- en vredebouteorie soos veral ontwikkel deur Galtung, Mitchell, Lederach, Burton en Anstey?
2. Wat was die kenmerke van die historiese konflikstruktuur wat in die post-1980-periode moes transformeer?
3. Het daar in die post-1980-periode 'n inklusiewe, multi-vlakkige en geïntegreerde program vir die transformasie van die historiese konflikstruktuur, ontwikkel?
4. Het die internasionale bestuurders van die proses die grondslag gelê vir 'n integrering van vredevestiging met die verdere fases van vredebou? In watter mate was versoening en vredebou enigsins 'n prioriteit? Indien nie, waarom nie?
5. Watter lesse kan vanuit die Zimbabwiese ervaring geleer word wat kan bydra tot 'n beter begrip van praktiese konflikresolusie en vredebou-implementeringsprosesse in veral Suider-Afrikaanse gemeenskappe? Watter bydraes kan en moet interne en eksterne rolspelers speel? Voortspruitend hieruit word daar ook aanbevelings aan die hand gedoen oor die integrasie van internasionale en nasionale (eerste, tweede en derde vlakke) rolspelers in hierdie verband.

Teen hierdie agtergrond word samevattend bevind dat konflikresolusie en vredebou, 'n geïntegreerde multi-dimensionele en multi-vlakkige proses is. Vanuit die Zimbabwe situasie word bevind en bevestig dat konflik uit 'n geïntegreerde wisselwerking van behoefte- en doel-onversoenbaarheidspersepsies met voortspruitende konflikterende gesindhede en gedragspatroon-verskynsels, bestaan. Daar word ook aangetoon dat daar duidelike eskalerende en de-eskalerende invloede teenwoordig is.

Daar is ook bevind dat die wyse hoe die geskiedenis van Zimbabwe evalueer en hanteer is en steeds word, die bou van versoening en langtermyn vrede benadeel. Die afwesigheid van 'n inklusiewe *raison d'être* wat alle rolspelers inbind tot een Zimbabwiese sentiment, ten spyte van diepliggende verskille en diversiteite op etniese, stam, sosiale, ekonomiese, klas en ander terreine, is 'n sterk eskalerende faktor en gevolg in hierdie verband. Die loodsing van 'n diepliggende en veelvlakkige versoeningsproses, sal die identifisering van sódanige sentiment – die aorta van Zimbabwe se konstruktiewe, volhoubare voortbestaan – as primêre samebindende prioriteit moet neem.

Teen hierdie agtergrond word 'n geïntegreerde versoenings- en vredebou meganisme en raamwerk ontwikkel en voorgestel. 'n Meganisme en proses wat multi-vlakkige deelname vanaf 'n internasionale (United Nations Peace Building Commission) tot en met 'n streeks, nasionale, provinsiale en plaaslike fokusvlak, verseker. 'n Proses en meganisme wat ook deel uitmaak van die meer prominente vestiging en institusionalisering van konflikresolusie en vredebou as 'n generiese bestuurstyl en program in die politieke en regeerprosesse in oorgangsamelewings, maar veral ook in die Zimbabwe situasie.

SUMMARY

This study aims to analyze the conflict resolution process in Zimbabwe after the Lancaster House Agreement and the subsequent elections from March 4, 1980 up until 2002. The objective is to determine what effect this process has had on all the people in Zimbabwe, both nationally and locally. It also endeavours to evaluate their attempts to transform from a violent culture of guerilla warfare, to an all-inclusive sustainable peaceful environment and culture.

The reason for this specific time period of the study lies in the fact that the peace building process of the Zimbabwean conflict resolution process was supposed to be introduced during this time. This is the era during which the root of historic conflict, according to the peace building theory, has had to be transformed. It also implies the start of the implementation of the radical land reform process.

From this perspective the following 5 key questions form the *raison d'être* of the study and will be analyzed in the different chapters:

1. The requirements for sustainable peace, according to the conflict resolution and peace building theory, as developed by Galtung, Mitchell, Lederach, Burton and Anstey.
2. The characteristics of the historical conflict structure to be transformed during the post-1980 period.
3. An evaluation of the development of an all inclusive, multi-faceted and integrated program for the transformation of the historical conflict structure.
4. An evaluation of the international managers' contributions for laying the foundation for the integration of peace-making and the subsequent phases of

the peace building process. It also questions the degree of reconciliation and peace building.

5. The lessons learnt from the Zimbabwean experience and its implications for conflict resolutions and peace implementation processes in Southern African societies. Included in this question is to seek clarification and to develop proposals about the roles and contributions of internal and external role players on all levels of society in such processes.

Hence the conclusive finding that conflict resolution and peace building is an integrated multi-dimensional process. This conclusion is confirmed in the Zimbabwean situation. Conflict involves the entanglement of needs, unappeased perceptions and codes of conduct during the period of negotiations. In Zimbabwe the escalation and de-escalation of these influences are clearly observed.

The evaluation and manipulation of the history of Zimbabwe, of which the manipulation is still continuing, is harming the process of reconciliation and peace building. The absence of an inclusive *raison d'être* for all parties involved (regarding differences and diversities on ethnical, social, economical and other levels) implies a strong escalating and de-escalating factor in the irreconcilability in Zimbabwe.

The initiation of an integrated and multi-dimensional process, mechanism and framework of reconciliation and peace is strongly advised. This process, mechanism and framework has to have an integrated structure starting at international level (United Nations Peace Building Commission) decentralizing into regional, national, provincial and local government structures. The process and mechanism must be part of the establishment of conflict resolution and peace building as an generic management style and approach aimed at the political and governing processes of societies in transformation. This is especially important for the current Zimbabwean situation.

INLEIDING

1. Doel

Die oogmerk van die studie is ‘n ontleding van die konflikresolusie-proses in Zimbabwe sedert die Lancaster House-ooreenkoms en die daaropvolgende ZANU (PF) verkiesingsoorwinning van 4 Maart 1980 tot en met die jaar 2002.

‘n Primêre motivering vir die keuse van die bepaalde navorsingstydperk is dat dit veronderstel is om die vredebou-periode van die Zimbabwiese konflikresolusie-proses in te lui. Dit is die era waartydens die bronne van die historiese konflik, ooreenkomstig die vredebou-teorie, getransformeer moes word. Dit sluit ook aan die ander kant, die era in waartydens die eerste stappe van die radikale grondhervormingsproses geïmplementeer is.

Teen hierdie agtergrond, verskaf die periode ‘n metingsinstrument vir die mate waarin diepliggende konfliktransformasie plaasgevind het en indien nie, ‘n perspektief op die eskalاسie van die post-Lancaster House-konflikgebeure. Die post-2002 konflikteskalاسieprosesse, kan gevolglik hierteenoor geëvalueer word.

Die doelstelling van die studie is om die formele konfliktransformasieproses in Zimbabwe te ontleed en te bepaal in watter mate en op welke wyse, daar op alle vlakke van die gemeenskap nasionaal en op plaaslike vlak, gepoog is om die geweldskultuur, wat kenmerkend van die guerrilla-oorlog was, te transformeer tot ‘n volhoubare inklusiewe vredesomgewing en -kultuur. Dit verg in die eerste plek ‘n ondersoek na die aard van die histories-ontwikkelde konflikstruktuur in Zimbabwe, gevolg deur ‘n analise van die mate waartoe die historiese konflikstruktuur in die post-1980-periode getransformeer is, al dan nie.

Die mikpunt is om na aanleiding van die ontleding en evaluasie gemaak, ‘n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van ‘n prakties-implementeerbare raamwerk vir vredebou en konfliktransformasie, relevant vir samelewings in Afrika wat deur diepgewortelde konflik geteister word.

2. Probleemstelling

Reychler (1998: 83-105) wys in dié verband dat ‘n volhoubare vredesomgewing permanente pogings ten opsigte van vredemaak ("peace-making"), vredebou ("peacebuilding") en vredevestiging ("peace reinforcement/-keeping") verg.

Laurie Nathan (Dec, 1998) vul aan deur daarop te wys dat vredebou alles te make het met die voortgesette bestuur van konflik deur middel van goeie regering. Die implikasie hiervan is dat konflikresolusie en, veral ook vredebou, as ‘n belangrike en noodsaaklike prioriteit in die normale bestuursprosesse van regerings geïntegreer moet word.

In sy boek, *“Degrees in Violence. Robert Mugabe and the Struggle for Power in Zimbabwe” (Blair, 2002: 10)* wys David Blair daarop dat die geskiedenis van Zimbabwe deur diepe rassekonflik gekenmerk is en dat dit inderwaarheid tot die

Lancaster House-ooreenkoms en die daaropvolgende onafhanklikheidsverkiesings voortgeduur het.

Belangrik en insiggewend in dié verband, is sy argument dat die Lancaster House-ooreenkoms nie die resultaat van 'n innerlike oortuiging aan die kant van die onderskeie rolspelers was nie, maar eerder die produk van internasionale dwang was.

Volgens hom was Smith internasionaal gedelegimiteer en het hy en sy opvolger, Muzorewa, weens die eskalerende konflik-gevolg van daardie etiketering, geen ander keuse gehad as om die Lancaster House-konferensie in London (1979) by te woon en 'n ooreenkoms wat tot 'n swart meerderheidsregering sou lei, aan te gaan nie.

Victor de Waal (1990: 7) vul Blair se beklemtoning van 'n diepe rasse-konflik en gebrekkige interne motivering vir vrede aan. Hy wys daarop dat jarelange konflik-eskalasie in Zimbabwe grotendeels die gevolg van 'n doelbewuste konflik-vermydingstrategie, waar die wesentlike vraagstukke van die land geïgnoreer is, was.

Hierdie waarneming is van besondere belang, nie alleen deurdat dit die vraagstuk oor die aard en wese van post-konflik vredesbou-transformasieprosesse ter tafel plaas nie, maar wel ook die eise en aard van deurlopende konflikbestuur as deel van normale regeerprosesse beklemtoon.

Die vraag in hierdie studie is of destruktiewe konflik in diepverdeelde samelewings verminder kan word indien konflikresolusie en vredebou as 'n beleidsraamwerk geïnstusionaliseer word.

Hierdie behoefte aan vredebou is internasionaal op hoogste vlak reeds in 1992 deur die voormalige Sekretaris-Generaal van die VVO, *Boutros Boutros Ghali (1992: 56-57)* uitgespreek en het daarna 'n baie prominente internasionale prioriteit geword.

In die lig hiervan word die onderstaande 5 kernvraagstukke as *raison d'être* van die studie op 'n hoofstukbasis ondersoek:

1. *Wat is die vereistes vir volhoubare vrede, ooreenkomstig die konflikresolusie- en vredeouteorie?*

Hierdie aangeleentheid word in **hoofstuk 1**, behandel.

2. *Wat was die kenmerke van die historiese konflikstruktuur wat in die post-1980-periode moes transformeer?*

Hoofstuk 2 fokus op hierdie kernvraagstuk. Dit is die belangrikste metingsinstrument om geïntegreerde multi-vlakkige versoening en vredebou in die post-1980-periode as 'n geestes en psigiese mensingesteldheid en die grondslag vir demokratisering, te vestig.

3. *Het daar in die post-1980 periode 'n inklusiewe, multi-vlakkige en geïntegreerde program vir die transformasie van die historiese konflikstruktuur, ontwikkel?* Hierdie vraagstuk word op 'n geïntegreerde basis in **hoofstukke 3 en 4** hanteer.

Die mate waarin die onderhandelingsproses, asook die bestuur van die vredevestigingsproses, daarin kon slaag om 'n multi-vlakkige vredeswerkswyse te institutionaliseer, is veral belangrik, aangesien dié fase 'n belangrike rol te speel het in die bestuur van oorgang, vanaf kompetisie op 'n geweldsgrondslag (pre-1980) na vreedsame kompetisie (post-1980).

4. *Het die internasionale bestuurders van die proses die grondslag gelê vir 'n integrering van vredevestiging met die verdere fases van vredebou? Het hulle die instrumentele en gesindheidsgees daarvoor geskep, al dan nie? Wat het die Zimbabwe-proses uitgewys in terme van die tekortkominge van 'n vredesproses wat deur eksterne dwang, sonder 'n interne wil, afgeforseer word? Wat was die rol van die regering en ander multi-vlakkige rolspelers in die transformasie van die historiese konflikstruktuur? Was daar enigsins 'n transformasie in die rol van die regering en ander multi-vlakkige rolspelers in die historiese konflikstruktuur?* **Hoofstuk 4** ondersoek hierdie vrae.

Teen hierdie agtergrond word die volgende vraagstukke behandel: *in watter mate was versoening en vredebou enigsins 'n prioriteit? Wie was dié rolspelers? Wat was die suksesgraad daarvan? Wat was die redes vir die mislukking, indien wel?*

Veral belangrik in hierdie verband is die ondersoeking en beantwoording van vrae, soos die mate waarin versoening en vredebou op etniese en stamvlak in die post-1980-periode plaasgevind het; die lesse wat geleer kan word oor die aard, inisiering en bestuur van vredebouprogramme in diepverdeelde samelewings in Afrika; die rolspelers wat in sulke prosesse betrokke moet wees en, die aard van die proses wat geloods moet word. Die hoofstuk moet ook antwoorde bied oor die mate waarin konflikresolusie en vredebou as 'n bestuursprogram binne regeringsprosesse geïntegreer was. **'n Primêre onderliggende uitkoms van die hoofstuk is die lesse wat daaruit geleer kan word oor die belangrikheid en aard van versoeningprioriteite, -prosesse en -beleidsgrondslae in post-gewelddadige konflik-geteisterde lande en samelewings.**

5. *Watter lesse kan vanuit die Zimbabwiese ervaring geleer word wat kan bydra tot 'n beter begrip van praktiese konflikresolusie en vredebou-implementeringsprosesse in veral Suider-Afrikaanse gemeenskappe? Watter bydraes kan en moet interne en eksterne rolspelers speel? Hoe kan die rol van interne en eksterne akteurs geïntegreer word tot 'n omvattende strategie? Moet die proses volledig aan politieke akteurs en belangegroepes oorgelaat word, of moet die internasionale agentskappe (bv VN; EU; AU; Statebond) 'n bepaalde rol aan intellektuele-, konflikresolusie- en vredebou-praktisyns toeken?* Hierdie vraagstukke word pertinent as uitkomst in die **slothoofstuk**, aangespreek.

Voortspruitend hieruit word daar ook aanbevelings aan die hand gedoen oor die integrasie van internasionale en nasionale (eerste, tweede en derde vlakke) rolspelers in hierdie verband.

3. Teoretiese Raamwerk

Die navorsing is gegrond op 'n empiriese ondersoek na die aard en wese van konfliktransformasie deur middel van konflikresolusie en vredebou-benaderings in die post-Lancaster House-tydvak in Zimbabwe.

In hierdie verband word die teoretiese vertrekpunte van Johan Galtung, John Paul Lederach, John Burton, Christopher Mitchell; Roger Fisher en William Ury en andere as analitiese vertrekpunt geneem.

Die doel is om aan die hand daarvan en na 'n ontleding van die Zimbabwiese scenario, 'n prakties-implementeerbare model vir vredebou en konfliktransformasie relevant vir Afrika samelewings, wat geteister word deur diepgewortelde konflik, te ontwikkel. In hoofstuk 1 word daar dus 'n teoretiese basis vir die ondersoek ontwikkel. Vanuit die teoretiese basis word die probleemstellende vraagstukke op 'n hoofstukbasis ondersoek, soos hierbo aangedui.

4. Navorsingsontwerp en Metodiek

Ten einde aan die bestaansrede van hierdie studie te voldoen, sal 'n empiriese studie van hoofsaaklik primêre en sekondêre bronne onderneem word. Die literatuurstudie word onderneem ten einde 'n teoretiese en vergelykende analise te doen na die aard en wese van konflikresolusie tydens transformasieprosesse.

Grondvlak data-insameling sal ook in sekere gevalle deur middel van onderhoude onderneem word. Die doel daarvan is om 'n analise van die grondliggende konfliktransformasie prioriteite te doen. Vir hierdie doel is onderhoude met bepaalde waarnemers, bekend met Zimbabwe se omstandighede, gevoer.

'n Tekortkoming is die feit dat vredebou 'n resente ontwikkeling binne die veld van konflikresolusie is. Daar is tans uiteenlopende interpretasies, verklarings en benaderings in die literatuur. Dit is ook bekend dat vredebou sy oorsprong binne die internasionale konteks het en dikwels vanuit die perspektief van eksterne toetredingsprogramme en fasilitering benader word (bv. die Verenigde Nasies, Statebond, Afrika Unie, ens.).

Die uitdaging in die teoretiese toepassingsmodelle van vredebou is om veral ook gepaste raamwerke te vind vir die vestiging van volhoubare eienaarskap, verantwoordelikheid en vrede by die konflikterende rolspelers self (*Lederach, 1997*).

'n Vergelykende studie uit die Afrika-konteks, kan gevolglik 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die vredebou-teorie lewer. Dit is juis omdat volhoubare vrede 'n historiese uitdaging vir Afrika-state is. Aangesien daar steeds geworstel word om antwoorde te vind vir hierdie vraagstukke in Afrika, lê die uitdagings daarin om geskikte teoretiese en praktiese raamwerke vir Afrika se jong demokrasië te vind.

Zimbabwe is 'n waardevolle studieveld, omdat dit 'n onderhandelde oorgangsproses vanuit 'n oorlogssituasie was. Die verhoudinge is gekenmerk deur diep

historiese verdelingslyne. Te midde van ernstige ontwikkelings-, rekonstruksie- en versoeningsvraagstukke moes 'n nuwe demokratiese en volhoubare vrede bewerkstellig word. Zimbabwe is 'n tipiese voorbeeld hiervan binne Afrika-konteks.

Die redes waarom Zimbabwe 'n goeie studieveld vir vredebou is, is o.a die feit dat Zimbabwe tydens die koloniale era (die selfregerende periode van 1923-1965) en tydens die UDI-bewindsera, diepgewortelde etniesgerigte konflik as erfenis nage-laat het (*Grundling, 1988: 76 – 97*). Die gewelddadige oorlog wat daaruit voort-gespruit het, was ook oorwegend gemotiveer deur die ontkenning van wesentlike mensebehoefes (*Martin and Phyllis Johnson, 1981: 51-72*).

'n Verdere belangrike nuanse volgens analiste is dat die vredemaakproses primêr deur die eksterne koloniale moontheid beheer was (*Verrier, 1986: 237-276*). Daarbenewens is die heropbou van die land en die vestiging en konsolidering van 'n kultuur van vrede, grotendeels aan die interne leierskap oorgelaat (*Blair, 2002: 178-179; Verrier, 1986: 304-305 en Stiff, 2000: 29-30*). Dit het die uitdaging gerig om uit eie geledere en leierskapvermoëns, die ernstige bronne, gesindheids- en gedragskrisisse (voortspruitend uit die jarelange oorlog) te versoen met die langertermyn vereistes vir volhoubare vrede. Hierdie realiteite plaas die Zimbabwe oorgangsscenario direk binne die speelveld van konflikresolusie en vredebou-teorie en -prosesse.

Vanweë die vergelykende benadering is dit noodsaaklik om allereers die multi-dimensionaliteit van die konflikstruktuur in Zimbabwe uit te wys en te beskryf. Die deduktiewe metode word derhalwe aangewend. Hiervolgens sal die histories-onderliggende konflikstruktuur-elemente aan die hand van sekondêre geskrewe bronne ontleed word. Analitiese verklarings is dus noodsaaklik en sal daarom in die vorm van beskrywings en beoordelings deel van elke hoofstuk uitmaak.

Deur feitelik en analities die verband tussen die konfliktransformasie-proses in Zimbabwe en die vredebouteorie te vergelyk, sal projeksies op bevindinge in die vorm van 'n geïntegreerde vredebouraamwerk vir toekomstige hantering van kern-vraagstukke in die vestiging van volhoubare vrede aangeraak word. Vir hierdie doel sal Tabel 1, (p22) gekombineer met die benaderings van Galtung, Mitchell, Burton asook Fisher en Ury aangewend word. Hierdie benadering word in meer besonderhede in hoofstuk 1 omskryf.

5. Bronnelys

1. Blair, David. 2002. *“Degrees in Violence. Robert Mugabe and the Struggle for Power in Zimbabwe.”* London: Continuum.
2. Boutros Boutros Ghali, 1992. *“An Agenda for Peace. Preventative Diplomacy, Peacemaking and Peace-keeping.”* Report of the Secretary-General pursuant to the statement adopted by the Summit Meeting of the Security Council on 31 January 1992.” A/47/277 – S/24111. New York: United Nations.
3. Burton, John W. 1987. *“Resolving Deep-Rooted Conflict. A Handbook.”* London: University Press of America.
4. De Waal, V. 1990. *“The Politics of Reconciliation. Zimbabwe’s First Decade.”* London: Hurst & Company.
5. Fisher, Roger & William Ury, 1982. *“Getting to Yes. How to Negotiate to agreement without giving in.”* London: Arrow Books Ltd.
6. Galtung, J. 1996. *“Peace by Peaceful means: Peace and Conflict, development and civilisation.”* London: Sage.
7. Grundling, O.J. 1988. *“Ruimtelike en Magsverhoudinge in Zimbabwe na Onafhanklikheid (1980-1985).”* MA Tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
8. Lederach, John Paul. 1997. *“Building Peace. Sustainable Reconciliation in Divided Societies.”* Washington D.C.: United States Institute of Peace Press.
9. Martin, David and Phyllis Johnson. 1981. *“The Struggle for Zimbabwe. The Chimurenga War.”* Johannesburg: Ravan Press.
10. Mitchell, C.R. 1981. *“The Structure of International Conflict.”* New York: St. Martin’s Press.
11. Nathan, Laurie. 1-2 December 1998. *“Strategies for Peace and Prosperity in Southern Africa.”* Prepared for the Southern Africa Trade and Investment Summit, International Herald Tribune, Cape Town: Centre for Conflict Resolution. University of Cape Town, South Africa.
12. Reychler, Luc. 1998. *Democratic Peacebuilding and Conflict Prevention* in Wellens, Karel, 1998. *“International Law: Theory and Practice. Essays in Honor of Eric Suy.”* The Hague: Martin Nijhoff Publishers.
13. Stiff, Peter, 2000. *“Cry Zimbabwe. Independence – Twenty Years On.”* Alberton: Galago Publishing (Pty) Ltd.
14. Verrier, A. 1986. *“The Road to Zimbabwe. 1890 – 1980.”* London: Jonathan Cape Ltd.

HOOFTUK 1

Konflikresolusie in 'n transformasie konteks: teoretiese vertrekpunte

1. Doel

Die doel van die hoofstuk is om 'n teoretiese grondslag vir die res van die studie te verskaf. In dié opsig word die vraag, rakende die vereistes vir volhoubare vrede, ondersoek. Vir hierdie doel, word die vereistes aan die hand van die konflikresolusie- en vredeouteorie, soos veral ontwikkel deur Galtung, Mitchell, Burton en later ook, Lederach (veral ten opsigte van vredebou), ondersoek.

2. Konflikresolusie

John Burton (1988: 2) wat deur *Oliver Ramsbotham, Tom Woodhouse en Hugh Miall (2005:39-47)* as een van die tweede generasie konflikresolusie ontwikkelaars beskou word, definieer konflikresolusie as: *“terminating conflict by methods that are analytical and that get to the root of the problem. Conflict resolution, is a permanent solution to the problem....because it seeks to get at the source of the problems, conflict resolution aims not merely to resolve the immediate social conflict, the immediate family or ethnic dispute, but also to provide insights into the generic nature of the problem and thus to contribute to the elimination of its sources and the prevention of other instances. It is, in short, analytical problem-solving.”*

Burton (1988: 2) argumenteer dat sy definisie van konflikresolusie nie gelykgestel moet word aan konflikoplossing **per sé** nie. Konflikresolusie beklemtoon volgens hom, dat konflik-episodes opgelos kan word en selfs totaal beëindig kan word. Dit impliseer egter nie dat konflik as verskynsel nooit weer sal voorkom nie. Volgens *James Laue (1990(c):258)* kan konflikinsidente opgelos word, maar die voorkoms van konflik as verskynsel in samelewings, word nooit beëindig nie. Elke oplossing skep immers 'n nuwe sintese waarbinne 'n volgende konflik-scenario afspeel. Teen hierdie agtergrond gesien, is daar volgens beide *Burton (1988: 2)* en *Laue (1990(c):258)* 'n behoefte aan 'n voortdurende konflikresolusie-bestuursproses binne regerings- en ander samelewingsektore.

Die vraag of daar 'n deurlopende en volhoubare konflikresolusie-bestuursprogram binne die regeringsektor in die post-Lancaster House-tydvak gevolg is, word as gevolg hiervan relevant. Eerstens, in die mate dat dit klaring moet bied oor watter mate daar 'n bepaalde verbintenis tussen alle rolspelers was om die grondliggende oorsake van die guerilla-oorlog (konflikstruktuur) d.m.v. beleid en programme aan te spreek. Voortspruitend hieruit, ontstaan die vraag in welke mate die wesentlike behoeftes, vrese en verwagtinge van die blanke minderheidsgroepe in hierdie proses aangespreek is?

'n Tweede kernvraag is in watter mate beleidsraamwerke, gemik op die verhinderende van 'n terugkeer na destruktiewe konflikresolusie-benaderings, geïmplementeer is?

Derdens, wat is gedoen om alle aandeelhouers in die oorlog tot deelname en ware inbinding in die nuwe Zimbabwiese *raison d'être* {bestaansrede volgens *Pounds (1972:14)*}, aan te spoor?

Teen hierdie agtergrond argumenteer *Roger Fisher en Scott Brown (1988:8)* dat dit noodsaaklik is dat daar 'n gesonde werksverhouding tussen konflikterende partye moet ontwikkel. Die fokus en doel van só 'n werksverhouding is die skep van 'n inklusiewe volhoubare vermoë "*to deal well with differences.*"

Die mate waarin hierdie vermoë binne 'n staat met diep historiese verdelingslyne ontwikkel, bepaal of daar volhoubare vrede en 'n gees vir demokratiese implementering tot stand gekom het.

Die kritiese metingsinstrument vir 'n ware demokrasie is immers nie eenheid of eendersheid nie, maar die vermoë om verskille effektief, met respek en vreedsame metodes te besleg. Ware demokrasie beskerm immers die reg om te verskil as 'n nie-onderhandelbare norm. In hierdie opsig stem *Colin Knox en Padraic Quirk (2000: 28)* met *John Paul Lederach (1996: 53-54)* saam dat die vermoë van diverse gemeenskappe om hul ernstige verskille effektief en vreedsaam te hanteer, bepaal word deur die mate waarin daar in die post-konflik tydvak geslaag word om gebroke samelewingsverhoudinge te herbou.

Die realisering van so 'n transformasieproses, so glo 'n stygende groep akademici en politici, lê in die institutionalisering van volhoubare vredebou strategieë. Die mate waarin die gebroke samelewingsverhoudinge in die post-1980-era herstel is, is gevolglik 'n belangrike vraagstuk vir ondersoek wat veral in hoofstuk 5 aandag kry. Die aard van 'n konflikresolusieproses sal later in die hoofstuk meer volledig hanteer word.

3. Vredebou

Vredebou word as die derde fase van konflikresolusie beskou (*Sully, 1996*) en fokus op die skepping van 'n volhoubare vredesomgewing, of soos *Galtung (1996:1-3)* daarna verwys, 'n stabiele sosiale ekwilibrium, waar die voorkoms van nuwe dispute nie eskaleer na geweld en oorlog nie. *Anstey (1993:3-4)* stem saam dat vredebou as die derde fase van konflikresolusie beskou moet word. Hy onderskei vredebou van vredevestiging en vredemaak, deur aan te toon dat vredebou die noodsaaklike fases van skietstakings, onderhandelings vir ooreenkomste ens. opvolg, deurdat dit fokus op die sosiale, ekonomiese en psigologiese omgewings van gemeenskappe met die oog op rekonstruksie en voorkomende doelwitte.

Bovermelde vereis dat die grondoorsake van konflik aangespreek word (*Clements, 1997*). Reyhler verklaar dat die aanspreek van die grondoorsake van konflik slegs deur omvattende rekonstruksie en rekonsiliasie-prosesse in die samelewing kan plaasvind (*Reyhler, 1998:85-103*). In hierdie proses word van multi-dimensionele en veelvlakkige benaderings en rolspelers gebruik gemaak, met gepaardgaande kort, medium en langertermyn prosesse, programme en fases wat deelnemende beplanning op alle vlakke van die samelewing vereis (*Morris, 2000*). Konflik kan in sulke diepverdeelde samelewings slegs transformeer deur die

beveiliging van die wesentlike ekonomiese, sosiale, kulturele en humanitêre mensebehoefes in die samelewing (Clements, 1997). Burton (1990©:14) sluit hierby aan deur te wys op die sentrale rol wat basiese mensebehoefes speel in die eskalasië- en de-eskalasië vlakke van konflik :

“the pursuit of human drives are sometimes more powerful than institutional constraints. There are reasons for predicting that no form of coercion or control is likely to suppress conflict and its violence in the family, street, the community, the business organization, the public organization, or within the national or international society, while there exists an environment promoting conflict and ignoring the human dimension.”

In sy verdere navorsing oor konflik in diepverdeelde samelewings en dit wat daartoe aanleiding gee, stem Burton (1990(a):49) ooreen met die gevolgtrekkings van Clements, deur daarop te wys dat in omstandighede waar 'n wesentlike persepsie bestaan van basiese mensebehoefes ontkenning, destruktiewe konflikgedrag geantisipeer en gevolglik voorspel kan word.

Die voorkoms van toekomstige konflik word, volgens hierdie gesigspunt bepaal deur die beskikbaarheid en verdelingspatrone van bronne geleenthede, asook die geleentheid om in 'n deelsame omgewing te leef. Dit handel ook oor 'n strewe na die beskerming van persoonlike identiteit, sekuriteit en waardigheid en eise rakende bepaalde waarborge daarvoor.

'n Ontleding van die grondoorsake van konflik in Zimbabwe wys daarop dat daar, inderdaad soos hierbo aangedui, fisiese, sowel as psigologiese grondoorsake vir konflik is. Dit is volgens Lederach (1997) aangeleenthede wat in 'n vredeboustrategie aangespreek behoort te word, want daarsonder is volhoubare vrede nie moontlik nie. 'n Voorbeeld van die praktiese impak wat fisiese, sosiale en emosionele marginalisering van individue en gemeenskappe op konflik-eskalasië het, word sinvol uitgebeeld deur Joshua Nkomo in sy boek - ***“NKOMO, the story of my life (1984; 10-11;20):***

“To me, Father was the greatest man in the world. But there were people who treated him disrespectfully. When he met one of these people on the road, he would take off his hat and stand aside, but they would not take off their hats in return; at best they would nod their heads and pass on, barely noticing him. I understood almost without being told that they had taken something from us. Later I discovered that what they had taken was our country. Setting that right has been the ruling passion of my life.”

In hierdie aanhaling kan die wesentlike behoeftes aan identiteit, sekuriteit, waardigheid en erkenning, as motiveerders vir Nkomo se lewenslange toewyding aan die bevrydingstryd in Zimbabwe, duidelik waargeneem word. Lederach (1996: 53-54) argumenteer dat die heropbou van verhoudinge wat weens sodanige mensebehoefte-ontkenning tot geweldaddige konflik gelei het, een van die belangrikste fokuspeunte van vredebou is. Daarom dui hy versoening as 'n kernfokuspeunt van vredebou aan.

Anders as die gedagtes van *Boutros Boutros Ghali (1992:56-56)* bepleit *Kofi Annan (1998)*, as Sekretaris-Generaal van die VVO, in sy verslag oor die oorsake van konflik en die bevordering van volhoubare vrede, dat vredebou nie slegs 'n post-oorlog of post-konflik herstelprogram kan wees nie, maar dat dit ook 'n voorkomende oriëntasie moet insluit.

In hierdie opsig sluit hy aan by Burton, wat in 'n sekere sin as 'n voorloper van die teorie oor vredebou beskou kan word vanweë sy beklemtoning van die behoefte aan die institusionalisering van konflikvoorkoming in samelewings, deur regerings, asook internasionale agentskappe, soos die VVO, Afrika-Unie, ens. Konflikvoorkoming word deur Burton verduidelik as: “...*deducing from an adequate explanation of the phenomenon of conflict, including its human dimensions, not merely the conditions that create an environment of conflict, and the structural changes required to remove it, but more importantly, the promotion of conditions that create cooperative relationships.*” (Burton, 1990(a): 3).

Lederach (1997: 20-21) sluit nou aan by Kofi Annan en Burton se beskouing oor konflikvoorkoming as hy daarop wys dat vredebou oor veel meer as post-konflik rekonstruksie handel. Hy sien vredebou as 'n omvattende konsep wat al die nodige prosesse, benaderings en fases, om konflik tot volhoubare vreedsame verhoudinge te transformeer, insluit. Daarom beskou hy strukture, prosesse, verhoudinge, bronne en koördinasie as interverwante komponente van 'n vredeboustrategie in diepverdeelde samelewings.

In sy uiteensetting van 'n raamwerk vir geïntegreerde vredebou, integreer *Lederach (1997:80)* probleem-oplossende werkwinkels (soos deur veral Burton en later ook Kelman aanbeveel) as 'n bepaalde komponent van sy geïntegreerde model van vredebou. Hy maak ook gebruik van die beskouings van *Johan Galtung (1969:167-191)* en *Christopher Mitchell (1981: 15-34)* oor die struktuur van konflik, in dié sin dat hy die psigologiese impak of reaksies op konflik as 'n belangrike rigtingwyser neem vir die opstel van 'n raamwerk vir vredebou. *Tabel 1 (sien p22)* verskaf 'n belangwekkende uiteensetting van 'n geïntegreerde raamwerk vir vredebou afgelei uit die Lederach-perspektief. Die model en sy integrasie met die werke van Galtung, Burton, Mitchell, Anstey asook Fisher & Ury, word vervolgens bespreek.

4. Die Fases in die Vredebou Model

4.1 Vredevestiging

Zartman voer 'n argument aan oor waarom rolspelers bereid is om gewelddadige strategieë te laat vaar ten gunste van onderhandelde skikkings. Zartman argumenteer in hierdie verband dat die sleutel van 'n suksesvolle oplossing van 'n bepaalde konfliktsituasie, te vinde is in die tydsberekening van die konflikresolusie poging. Hy argumenteer dat partye slegs bereid is om hul onderlinge konflikte op te los sodra hulle daarvoor gereed is, omdat daar 'n bepaalde gunstige omgewingsklimaat vir onderhandelde oplossings op dié gegewe tydstip bestaan.

Volgens hom beteken “gereedheid”: “...when alternative, usually unilateral, means of achieving a satisfactory result are blocked and the parties feel that they are in an uncomfortable and costly predicament....The concept of a ripe moment centres on the parties’ perception of a mutually hurting stalemate, optimally associated with an impending, past or recently avoided catastrophe.” (Zartman, 2003: 19). Zartman (2003:20) wys egter daarop dat hierdie oomblik van gereedheid ‘n persepsieële moment is, wat aangevul word deur ander objektiewe verwysingsraamwerke wat geanaliseer moet word.

In ‘n vroeëre ondersoek van Zartman en Berman(1982:42-43) word die mening gehuldig dat onderhandeling eers werklik begin nadat die konflikterende partye die besluit geneem het om die opsie van onderhandeling te ondersoek. Omstandighede en ontwikkelings het dus daartoe gelei dat hulle analitiese en koste-effektiewe vraagttekens begin plaas rakende die uiteindelijke suksesgraad van hul bestaande strategieë. Die spesifieke oomblik wanneer die verskillende partye só ‘n besluit neem, is egter volgens hulle, nie altyd duidelik aanduibaar nie.

Deur sy analise van die Lancaster House-konferensie van 1979 stem Davidow (1984:14) grootliks saam met die waarneming van Zartman oor gereedheid, as hy tot die gevolgtrekking kom dat die Lancaster House-konferensie suksesvol was: “Rhodesia was ready for a settlement; and effective British diplomacy converted the favourable situation into the reality of an agreement acceptable to all of the parties.” Dit, ondanks die feit dat opeenvolgende Britse Regerings reeds vir vyftien jaar onsuksesvol gepoog het om ‘n ooreenkoms te implementeer.

Die vraag wat ondersoek moet word, is in welke mate die konflikterende partye in Zimbabwe-Rhodesië (Regering van Muzorewa aan die een kant en die alliansie vennote van die Patriotic Front, aan die ander kant) self tot bogenoemde gevolgtrekking gekom het, en indien nie, wat hulle in ieder geval tot deelname beweeg het. Was dit in die geval van die Zimbabwe-Rhodesiese oorgangsproses ‘n intern gedrewe, gemotiveerde en oortuigde veranderingsproses van gewelddadige strategieë na onderhandelde skikking, of ‘n proses onder dwang van interne en eksterne rolspelers? Indien dit grootliks ‘n interne en eksterne gedwonge proses was, wat was die impak daarvan op die post-1980-versoeningsproses en dus op vredebou in die algemeen?


In sy ontleding van vredeswerk onderskei Anstey (1993: 3-4) tussen die konsepte “peacekeeping”/vredesbewaring, “peacemaking”/vredesluiting en “peacebuilding” vredebou. In dié verband wys hy daarop dat “vredesbewaring” daarop gemik is om die strydende partye uit mekaar te hou, ten einde voortgesette destruktiewe konflik-gedragpatrone te verhinder sodat ‘n klimaat vir onderhandelings gevestig kan word. Skietstakings is ‘n tipiese voorbeeld hiervan. “Vredesluiting” aan die ander kant dui, volgens hom op die betrek van derde party rolspelers as fasiliteerders in onderhandelings tussen besluitnemers op leierskapvlak - gemik op die ontwikkeling van kreatiewe oplossings. Vredebou, daarenteen, het ‘n fokus op langtermyn rekonstruksie en voorkomende doelstellings.

Stedman (2003:106) beklemtoon op sy beurt dat vredevestiging gewoonlik ‘n pakket van ooreenkomste behels wat aangeleenthede soos demobilisering, ontwapening, verkiesings, menseregte, vlugtelingrepatriasie, ekonomiese rekon-

struksie, die hervorming van beleid en die vestiging van verantwoordbaarheid, insluit. In dié proses vereis die suksesvolle implementering van vredes-ooreenkomste en die beëindiging van gewelddadige bedreigings, dat prioriteits-aandag aan hindernisse soos ontwrigters (“spoilers”), asook demobilisering van soldate, die verskaffing van burgerlike sekuriteit en die bou van plaaslike vredes-vermoëns, gegee moet word.

Stedman se konsep van vredevestiging (“peace settlement”) integreer dus Anstey se gedagtes van vredesbewaring en vredesluiting. *Stedman (2003:109)* wys daarop dat die demobilisering van soldate en hul herintegrasie in die burgerlike lewe, die belangrikste ondersteunende doel in ‘n vredes-implementeringsproses is. Die beëindiging van burgeroorlog hang, volgens hom, af van die bereidwilligheid van kompeterende gewapende magte om selfgeskepte oplossings te laat vaar, hul soldate te demobiliseer en om, in die meeste gevalle geïntegreerde weermagte te skep.

Tabel 1 LEDERACH (1997) RAAMWERK VIR GEÏNTEGREERDE VREDEBOU



In die proses behoort die internasionale gemeenskape 'n rol te speel as waarborgverskaffers om die noodwendige risiko's wat met sulke prosesse gepaard gaan, te verminder. Dit kan hulle doen deur beskerming te verleen aan strydende magte in hul periode van weerloosheid, wat gepaard gaan met die prosesse van demobilisering. *Stedman (2003:109)* wys ook daarop dat die *moniteringsaspek van vredesimplementering* dikwels gebrek ly aan doeltreffende intelligensievermoëns. Dit bring mee dat die onderliggende redes vir 'n verbreking van demobiliseringsooreenkomste, nie na behore ondersoek word nie. Aan die ander kant, is daar die onwilligheid by vredesimplementeerders om duidelike riglyne en standaarde vir voldoening aan die ooreenkoms neer te lê.

Stedman(2003:109) noem drie redes vir 'n verbreking van demobiliserings-ooreenkomste. In die **eerste plek** word troepe van demobilisering teruggehou ten einde as versekeringspolis te dien ingeval van vyandelike aanvalle van opponerende groepe. In die **tweede plek** word troepe in reserwe gehou ten einde voordeel te trek in verkiesingstye, aangesien sulke magte vir verkiesingsintimidasië doeleindes aangewend word. **Ten derde** poog vyandige groepe om daardeur voordeel te trek in gevalle waar hul opponente reeds gedemobiliseer is.

Stedman (2003:110) argumenteer egter dat vredesimplementeerders in die korttermyn 'n baie belangrike rol kan speel om die grondslag vir langtermyn vredebou te lê. In dié verband beklemtoon hy veral drie strategiese aksies:

1. Die hervorming van die burgerlike polisie en regstelsel.
2. Die vermindering van die beskikbaarheid van ligte wapentuig en
3. Die versterking van plaaslike burgerlike organisasies.

Die eerste twee strategiese aksies kan volgens hom veel vermag om die probleem van toenemende gewelddadige misdaad te bekamp. Stygende misdaad is, volgens hom immers 'n verskynsel wat 'n geneigdheid het om samelopend met die afhandeling van onderhandelde skikkings voor te kom. Die versterking van plaaslike burgerlike organisasies kan volgens hom 'n bydrae lewer om die plaaslike kapasiteit, veral ten opsigte van die psigologiese, institusionele en fisiese gevolge van oorlogverwante geweld, aan te spreek (*Stedman, 2003:110*).

Stedman argumenteer gevolglik dat vredevestigingsprosesse die *herbeplanning en ontwerp van burgerlike veiligheidstelsels* moet insluit. 'n Belangrike prioriteit in dié verband is dat regerings, burgery en internasionale organisasies 'n spesiale poging moet aanwend om die *besikbaarheid van wapens te beperk*. *Stedman (2003:111)* wys daarop dat *plaaslike burgerlike organisasies* 'n baie belangrike rol in vredevestiging en vredebou kan speel, veral aangesien hulle op grondvlak vrede kan legitimiseer deur *plaaslike versoening, geregtigheid en menseregte inisiatiewe te inisieer*.

Die vraag wat in die hoofstuk ondersoek moet word, is in welke mate sodanige burgerlike betrokkenheidsprogramme in die vredevestigingsperiode van die Zimbabwiese grondwetlike oorgangsproses plaasgevind het, al dan nie. Indien nie, wat was die impak van die afwesigheid daarvan? Hiermee saam: was dit dalk 'n gebrek in die beplanning van die internasionale vredevestigingsprosesse?

Lederach (1998:179) sluit by hierdie argument aan en integreer op sy beurt die konsepte van vredesinstandhouding en vredemaak as deel van 'n geïntegreerde vredebou-proses. Hy wys daarop dat vredebou 'n komplekse aangeleentheid is, veral as gevolg van:

1. Die interaktiwiteit en gelyktydige verloop van aktiwiteite;
2. Die erns en belangrikheid van aangeleenthede ter sprake en
3. Die druk vir onmiddellike reaksie.

Vanweë hierdie redes is grondige nadenke in enige vredebouprogram nodig oor die interaksie van tydsraamwerke en die aard en implementering van die gepaardgaande aksies.

Hy stel gevolglik 'n konsepsuele raamwerk voor vir die beplanning van sulke interaksieprosesse (interaksie tussen tyd en aksie-implementering). Die doel daarvan is om 'n meganisme te ontwikkel waarvolgens onmiddellike behoeftes geïntegreerd met die langertermyn beplanning van vredebou bestuur kan word.

Teen hierdie agtergrond identifiseer *Lederach (1998:179-181)* vier belangrike opeenvolgende fases waarvolgens tydsraamwerke en aksie-implementering geïntegreer word, naamlik:

1. **Fase 1: Aksieneming en krisis-stabilisering** van die bestaande konflik
2. **Fase 2: Voorbereiding** wat daarop gemik is om die deelnemers toe te rus vir die uitdagings van die proses en binne dié konteks 'n effektiewe proses te beplan. Hierdie fase sluit 'n sosialisering op multi-vlakkige basis van alle rolspelers, in ten einde hulle deur middel van opleiding, vir die proses voor te berei.
3. **Fase 3: Die Ontwerp.** Die kern van die ontwerpfase is om die onmiddellike aksies wat geneem moet word, te integreer met die langtermyn doelstellings. Hier handel dit oor die ontwikkeling van 'n konseptuele vredebouplan gemik op die fasilitering van die nodige sosiale verandering.
4. **Fase 4: Die uitkoms.** Hier word gefokus op die visie en die verandering wat nodig is vir die transformering van die konflik.

Lederach beklemtoon in dié verband dat ware versoening nie 'n korttermyn aangeleentheid is nie en dat daar waarskynlik eerder in terme van generasies gedink moet word.

Galtung (1969); Mitchell (1981); Burton (1987); Roger Fisher en William Ury (1981), asook *Anstey (1991)*, wys egter almal op die noodsaaklikheid daarvan om die diepgewortelde oorsake van konflik in die beplanning van die resoluë van die probleem aan te spreek. Daarsonder is die risiko van 'n terugkeer na 'n klimaat van konflik te hoog.

In tabel 1 (p22) kan gesien kan word, word hoe Lederach se fase 1 en 2 in hierdie studie geïntegreer word as die vredevestigingsfase. Sy ontwerpfase word gevolglik met die teorie van Galtung, Burton, Mitchell, Fisher en Ury, asook Anstey, geïntegreer, ten einde 'n grondslag te lê vir 'n duidelike, strategiese fokus op dié transformasie van die worteloorzaak van die konflik, tydens beplanning en inisiering van die probleem-oplossende fase van die vredebou-proses.

Burton (1989:57) verwys na hierdie fase as die analitiese fase wat die ontwikkeling van moontlike oplossings ten grondslag moet lê. **Fisher (1981:70)** verwys ook na die fase as die analitiese fase waar die probleem gediagnoseer word, simptome van die probleem gekategoriseer word, dieperliggende oorsake ondersoek en ontleed word en faktore wat die probleem vererger aangedui en verreken moet word. **Anstey (1991:51-90)**, stem saam as hy daarop wys dat dié fase beide die konflikteskalasie en de-eskalasie faktore moet verreken.

Die kern grondslag vir konflik-analise in hierdie fase berus op die idees van **Johan Galtung (1969:167-191)** en sy klem op die driehoekige raamwerk van konflik (“*multiple definition*”, naamlik (1) *onversoenbare belange*, (2) *die konflikgedrag* en (3) *die konflikhoudinge en persepsies*). Die klem val hier ook op ‘n geïntegreerde proses van vredebou en die probleemoplossende en transformerende grondslae gegrond op versoening, transformasie en voorkoming, dmv die aanspreek van die worteloorsake van die historiese konflik.

Die vredevestigingsfase is veral relevant, aangesien die doel daarvan, die skepping van ‘n veilige ruimte vir die vestiging van ‘n formele, geïntegreerde vredesproses is (**Lederach, 1998:179**). Dit gaan dus hier om *rampbestuur* met ‘n strategiese fokus op die bestuur van mense, strukture en prosesse ter stabilisering van die bestaande krisis. Die tipe take sou onder meer kon insluit demobilisering van militêre magte, ontwapening, oorgangregering, indiënsnemings, ens want dit het alles ‘n impak op die beweging vanaf destruktiewe konflik tot ‘n herdefinisie van verhoudinge.

Die tweede beginsel wat hier ter sprake is, is die van *oorgang*. Dit impliseer volgens **Lederach (1998: 186)** dat elkeen van die geïdentifiseerde agendapunte deur ‘n tegniese en logistiese fase van implementering moet beweeg. Voorbeelde hiervan is onder meer die repatriasie van vlugteling wat ‘n tegniese beplanningsproses vereis (bv. vervoer, plasing en hulpverskaffing aan die terugkerendes). Hierdie oorgang moet geïntegreerd met die verdere transformasieprosesse plaasvind. Dit moet oor veel meer as tegniese aangeleenthede handel en veral ook, die dieper vraagstukke van die konflik aanspreek. As praktiese voorbeeld hiervan noem hy dat ontwapening aan die eenkant, fokus op die verwyderingsprosesse van ammunisie uit die hande van strydende groepe en aan die ander kant, handel dit ook oor die rol en plek van die weermag in ‘n nuwe konteks, binne ‘n nuutgevormde regeringstruktuur. Uiteindelik word die transformasieproses dus ook ingebed binne die uiteindelijke doel, naamlik versoening van verhoudinge.

Lederach (1998:186) wys ook op die teenwoordigheid van 4 onderskeibare, maar noodsaaklike, dimensies in die geïntegreerde benadering tot vredebou:

1. sosio-politieke;
2. sosio-ekonomiese;
3. sosio-psigologiese en
4. die geestelike dimensies.

Hy waarsku teen ‘n eng en oordrewe fokus op die tegniese taak van oorgang, veral ten opsigte van sosio-politieke en sosio-ekonomiese aangeleenthede. Die gevaar

bestaan dat die sosio-psigologiese en spirituele dimensies van menslike ervaring dikwels agterweë gelaat word.

In sy verduideliking van die 4 onderskeibare dimensies dui hy aan dat die sosio-politieke dimensie veral oor demobilisering, ontwapening en reïntegrasie handel.

Die sosio-ekonomiese dimensie handel oor aangeleenthede soos finansiële hulp aan terugkerende guerrillas en vlugteling; opleiding vir nuwe werksgeleenthede; armoedetransformasie; beleid en strategie oor ontwikkeling en verspreiding van bronne om die vredebou program/inisiatief te ondersteun.

Die doel van die sosio-psigologiese dimensie is gerig op transformasie en versoening. Dit gaan hier veral om die transformasie van persone en van die sosiale netwerke waarbinne hulle leef en beweeg. Dit sluit veral ook emosionele transformasie; trauma-resolering; identiteitsontwikkeling; selfbeeld ontwikkeling asook woede-, gekrenktheid- en verliesresolering, in.

In die geestelike dimensie is die doel, versoening, of soos Lederach dit stel: **“an encounter with the self and the other.”** Die mikpunt van versoening is volgens hom in die eerste plek, ‘genesing.’ Daarna volg ’n soeke na die waarheid en ’n erkenning daarvan – ingeslote die pyn en ongeregtigheid wat ervaar is (“What have I done, what have they done to me”).

Verdere aspekte van versoening handel oor die ontwikkeling van ’n openheid om vergiffenis te vra en te gee en die ontwikkeling van ’n nuwe verhoudingsbasis. Dit gaan hier nie om vergewe en vergeet nie, maar oor onthou en verander. Dit is ’n reistog na jouself, jou vyand en na God. Hier gaan dit in wese oor: **“...a human being on a journey toward restoration and healing within a society seeking the same” (Lederach, 1998: 186-189).**

Hierdie mens-gesentreerde fokus is ’n aangeleentheid wat toenemend relevant word, aangesien demokrasie en politieke stelsels in die eerste plek nie geskep en ontwikkel word ter wille van die tegniese en openbare bestuursorders in sigself nie, maar in wese, vir mense en die bestuur van hulle gemeenskaplike belange en behoeftes met die verskillende interpretasies daaromheen. Vandaar die bestaan van die geestes- of mensewetenskappe. Dit is ook nie die tegniese struktuur opsigself wat konflik skep nie, maar die mens binne en rondom dit.

Politieke prosesse, konflikresolusie en vredebou, soos ook met volhoubare ontwikkeling, behoort gevolglik ’n mensgesentreerde inslag te hê. Mag en die stryd en beheer daarvoor, is grondliggend en in isolasie gesien, nie ’n doel op sigself nie. Mag en die soeke daarna is simptomatiese aanduiders van die mens en sy interpretasie van die beveiliging, ontwikkeling en/of bedreigings van ontologiese behoeftes en belange, dikwels in kollektiewe verband, maar selfs ook in individuele verband.

Hierdie analise is nie ’n poging om nuwe definisies vir demokrasie, politiek, mag en openbare bestuur te verskaf nie, maar eerder om die omgewingskonteks en bestaansdoel daarvan te interpreteer ten einde die bestuur, resolusie en transformasie van konflik binne politieke stelsels, beter te verstaan.

Dit bied ook 'n perspektief op die kernvrae wat volgens Lederach in fase 1 ondersoek moet word ten einde effektief vir die uitdagings daarvan te beplan. Dit impliseer dat konflikresolusie en transformasie mens gesentreerd moet wees en nie slegs 'n eksklusief – tegniese of meganiese proses kan wees nie. Daarom is die volgende vrae van Lederach belangrik ook in terme van die Zimbabwe proses:

1. Hoe moet daar op die onmiddellike behoeftes reageer word sodat die vredesproses aktief gehou kan word?
2. Hoe moet daar vanuit die krisis getransformeer word, sodat die krisis agtergelaat kan word, sonder dat daar 'n situasie van 'n permanente krisis ontstaan? Hoe moet die fase bestuur word sodat daar verder as die onmiddellike krisis gekyk en beplan kan word?
3. Was daar 'n te eng fokus op die onmiddellike vredevestigingstake sonder 'n langtermyn-geïntegreerde ontwerp van 'n volhoubare vredesbenadering?
4. Was die vredevestigingsproses sterk tegnies gedrewe, sonder 'n fokus op die noodsaaklike mens gesentreerde sosiale, ekonomiese, psigologiese en spirituele dimensies van transformasie? Teen hierdie agtergrond is die vraag oor die primêre doel van die Lancaster House-ooreenkoms belangrik. Wat moes met die uitslag bereik word?
5. Wat was die aard van die verhoudinge tussen al die verskillende rolspelers in die tyd?
6. Binne watter tydsraamwerk is daar beplan?" (*Lederach, 1998: 181*).
7. Op watter wyse, volgens *Lederach (1998:183)* is die menslike realiteit in die vredevestigingsperiode bestuur? Hier word verwys na die werklikheid van 'n totale verandering in die sosiale, ekonomiese en politieke sisteme, wat die Lancaster House-ooreenkoms meegebring het. Saam daarmee, die realiteit dat die ooreenkoms 'n gedeelde toekoms beplan het, midde in 'n konteks waar die bevolking steeds vasgevang was in jarelange gewelddadige, interkulturele wantroues en 'n geneigdheid om hul sekuriteit te vind in die meer-bekende gewapende stryd.
8. Is die mens met hierdie proses van transformasie gehelp, of was daar juis weens die vrese vir menslike reaksies, alleenlik op die tegniese aspekte van vrede-instandhouding of vredebewaring, gefokus? Lederach se opmerking, dat daar op die krisis gereageer moet word, maar dat die proses nie deur 'n krisismentaliteit bestuur moet word nie, is dus van groot belang.
9. Die sukses van volhoubare vrede, moet in die vredevestigingsfase aangehelp word deur die ontwikkeling van gevisualiseerde, gesamentlike, deelnemende, inklusiewe langtermyn visies, en veral van die ontwikkeling van 'n kapasiteit vir die ontwerp van sosiale verandering, as 'n spesiale dissipline wat die bestuur van die krisis met die langertermyn visie, verbind.

10. Het hierdie perspektief van Lederach in die vredevestigingsfase van Zimbabwe aandag gekry? *Lederach (1998:83,85)* wys as antitese op sekere probleme en uitdagings verbandhoudend met die toepassing van 'n hiërargiese en meganisties-gedomineerde benadering uit. Dit sluit onder meer die uitdaging in: om die tempo van vredesimplementering te versoen met verwagtinge en vrede; die inklusiewe beskerming van die identiteitsbehoefte van al die rolspelers midde-in die proses van verandering (hoe moet verander word sonder prysgawe van die eie-soortige identiteitsdefinisies van rolspelers);
11. Hoe moet die identiteitstransformasie van die rolspelers plaasvind sonder dat dit gegrond word op 'n definisie binne die konteks van die ou stryd teen die opponent;
12. Wat moet die sekuriteite wees in die veranderingsproses. Hier gaan dit ook oor die hantering van die eise van verwagtinge op tweede en derde vlakke van die gemeenskap. Dit gaan ook oor die gevoel in die gelede van die onderskeie steunbasisse dat hulle beheer verloor het en nie werklik toegang tot deelname, beheer en eienaarskap oor die proses het nie.

Hierdie gevoel van magteloosheid is dikwels die kweekbed vir geweld en die mislukking van die vredesproses. *Anstey (1993:3)* verwys hierna as “peace-keeping” waar gefokus word op die prioriteit om strydende partye uit mekaar te hou ten einde 'n voortsetting van oorlog, geweld ens. te verhinder en wat die ruimte moet skep vir 'n gelyke en regverdige onderhandelingsproses. In die geval van Zimbabwe was daar geen doelbewuste beplande vredesinstandhoudende fase om die Lancaster House-beraad moontlik te maak nie. Lancaster House-onderhandelings het immers begin terwyl die oorlog steeds gewoed het. Geen ooreenkoms vir 'n skietstaking was op daardie stadium onderteken nie. Die ruimte vir onderhandeling is in hierdie geval deur die Statebondsverklaring en riglyne geskep, en aan die ander kant, deur die invloed van die verskillende eksterne rolspelers op die partye tot wie hulle toegang gehad het.

Anstey se fase van vredesbewaring sou volg op die Lancaster House-ooreenkoms, en was dus, soos hoofstuk 4 sal aandui, 'n produk en uitvloeisel van die konferensie. Nietemin moet die impak dat die vredesbewaringsfase die onderhandelde skikking opgevolg het, en nie voorafgegaan het nie, in die hoofstuk ondersoek word.

Vredesbewaring in Zimbabwe, soos ook die geval in ander voorbeelde van gewelddadige konflik (guerrilla-oorlogvoering en militêre teenreaksie) word gewoonlik geteister deur die realiteit van 'n geïnstitusioneerde geweldskultuur wat op 'n voortdurende basis vredesprosesse bedreig.

Anstey (1993:41-42) verskaf 'n aantal rigtingwysers vir die uitbreek van geweld en dus die ontwrigting van vredesprosesse wat deur 'n “vredesbewaringstrategie” verreken moet word. Dit behels onder meer:

1. Hoë vlakke van ontevredenheid en frustrasie in die gelede van ondergeskikte groepe;

2. Een of meer van die partye word bedreig deur die eise van hul opponente asook deur die implikasies van verandering;
3. Die afwesigheid van betroubare forums, prosedures of derde partye vir onderhandelingsdoeleindes;
4. Die bestaan van persepsies dat beskikbare konflikregulerende sisteme onregverdig en gemanipuleerd is;
5. Die persepsiële afwesigheid van alternatiewe meganismes waardeur belange beskerm en bevorder kan word;
6. Die bestaande sisteme van sosiale beheer, bv. die polisie en weermag, wat nie vertrou word nie;
7. Die geloof onder konflikterende partye dat geweld ideologies aanvaarbaar en regverdigbaar is;
8. Sekere groepe betrokke in dié konflik wat die legitimeitsbasis van die geweldstrategie versterk;
9. Sosiale norme en waardes in die samelewing word toenemend afgebreek soos daar gesoek word na nuwe maniere om verskille en verandering te hanteer;
10. Die bestaan van 'n geskiedenis van gewelddadige verhoudinge;
11. Die verskynsel van verontmensliking en de-individualisering deur opponente in die konflik – hulle word nie meer gesien as mense met families, drome, visies, aspirasies of legitieme behoeftes nie;
12. Individue binne groepe voel hulleself nie verantwoordelik vir die voorkoming van geweld nie;
13. Die massa-sindroom wat gevoelens en emosies van naamloosheid, anonimiteit en verminderde individuele en kollektiewe verantwoordelikheid skep;
14. Die verskynsel van swak kommunikasie kanale tydens die destruktiewe konflikfase. Voortdurende bewerings oor potensiele aanvalle en geweld kom voor. Situasies word dus verkeerd geïnterpreteer en voorkomende aksies as gevolg hiervan laat eerder die konflik toeneem en is dikwels 'n oorreaksie op gebeure.

In hierdie omstandighede word die strategie van vredesbewaring van die uiterste belang. *Anstey (1993:44)* ondersteun Lederach as hy daarop wys dat die fokus van aksie in hierdie fase wel vredesbewaring moet wees, maar dat die doel, beginsels en werkswyse/proses sodanig gestruktureer moet word dat dit die proses evolusionêr na vredemaak en vredebou verskuif.

In sy fokus op die hantering van gewelddadige konflik in onderhandelings, identifiseer *Anstey (1993:45)* 'n aantal voorbeelde van vrede-bewaringsmeganismes:

1. Gedragskodes wat regte en verantwoordelikhede omskryf;
2. Moratoriums op verklarings en optredes wat geweld mag aanpor;
3. Vestiging van aanvaarbare vredesbewaringsmagte;
4. Duidelike gedragskodes vir vredebewaringsmagte;
5. Aanvaarbare wetstoepassings-kodes en prosedures;
6. "Checks and balances" op wetstoepassingsagentskappe;
7. Verwydering van omstandighede wat geweld mag bevorder, (drankmisbruik, dra van wapens tydens optogte en vergaderings; duidelike reëls en prosedures van toepassing op massa- en ander geleenthede;)
8. Meganismes wat vinnige kommunikasie tussen die onderskeie leierskappe moontlik maak.

In hoofstuk 3 word die mate waarin hierdie bewaringsmeganismes in Zimbabwe gebruik is, bespreek. Het die polisie byvoorbeeld hoë standaarde van onpartydigheid gehandhaaf (sien *Anstey, 1993:128*) en op watter wyse het hulle sensitiewe konfliktsituasies tussen strydende groepe hanteer? Watter beginsels is nie toegepas nie en wat was die gevolge daarvan? Was daar 'n duidelike prosesverloop vanaf "vredebewaring" na "vredebou?" 'n Kernuitdaging is dus die analisering van die "vredebewaringsfase" in Zimbabwe gesien teen die agtergrond van hierdie rigtingwysers.

In SA is die Vredesakkoord 'n voorbeeld van 'n meganisme wat hierdie oorgang vanaf vredebewaring via vredemaak na vredebou gefasiliteer het. In watter mate sou die gebruik van só 'n meganisme in Zimbabwe 'n beter grondslag vir vredebou en dus vir 'n ware vredeskultuur gevestig het?

4.2 Vredemaak

Die analisering van die konflikstruktuur en die daaropvolgende bereiking van 'n ooreenkoms oor die transformasie na vredebou, vorm die tweede fase van die geïntegreerde vredeboumodel.


In die inleiding is die doel van dié studie uitgespel as 'n ontleding van die konfliktransformasieproses in Zimbabwe sedert die Lancaster House-ooreenkoms en die daaropvolgende ZANU (PF)-verkiesingsoorwinning van 4 Maart 1980. Dit behels 'n ondersoek na die mate waarin daar gepoog is om die gewelddadige kultuur wat eie aan die guerrilla-oorlog tydperk was, te transformeer tot 'n volhoubare inklusiewe vredesomgewing en kultuur.

In hoofstuk 2 word 'n ondersoek gedoen na die faktore wat tot 'n uitgerekte gewelddadige guerrilla-oorlog aanleiding gegee het. Die strukturele aard van konflik word ondersoek ten einde die faktore wat tot die eskalering van gewelddadige konflik gelei het, te identifiseer.

Burton (1990(a):2) beklemtoon dat 'n suksesvolle vredemaakproses die diepgewortelde bronne van konflik as voorvereiste vir sukses moet diagnoseer. Om dit dus te ignoreer hou die risiko in van ernstige implikasies vir die fisiese en psigologiese sekuriteite van individue, groepe, samelewings en nasies. Sy idees oor die diepgewortelde impak van konflik en sy verwysing na die implikasies daarvan vir 'n vredemaakproses stem grootliks ooreen met dié van *Johan Galtung (1969:167-191)* en sy klem op die analise van die driehoekige raamwerk van konflik ("*multiple definition*", naamlik (1) *onversoerbare belange*, (2) *konflikgedrag* en (3) *konflikhoudinge en persepsies*.) as 'n noodsaaklike agendapunt vir 'n vredemaakproses.

Mitchell (1981:16) sou later ook hierdie driehoekige raamwerk in sy ondersoek na die strukturele aard van konflik gebruik.

Tabel 2: Galtung se Konfliktdriehoek



4.2.1 Onversoerbare belange

Volgens Mitchell (1981:17) is die konfliktsituasie ‘n verskynsel van botsende belange of doelstellings wat volgens die persepsies van die deelnemende partye nie gelyktydig bereikbaar is nie. ‘n Konfliktsituasie ontstaan wanneer partye daarvan oortuig is dat een of meer van die volgende aangeleenthede wat as **konflikbronne** (*sien Tabel 3 op p35*) beskryf kan word, teenwoordig is: belangebotsings, strukturele wanbalanse/ongelykhede, skaarsheid ten opsigte van materiële goedere soos geld, besittings en skaarsbronne asook posisionele goedere soos status en gesagsrolle. Voorbeelde van belangebotsings wat Mitchell noem, is onder meer die wanverhoudinge wat mag voorkom tussen sosiale waardes en sosiale strukture. Dit gaan hier, benewens ander konflikvorme ook, om omstandighede van skaarsheid en die waarde wat mense plaas op die besit van dieselfde tipe bronne en posisies en botsings rakende die aanwending, verspreiding en besit van skaarswaardes en goedere (*Mitchell, 1981:18*).

Anstey (2002:17-18) stem saam met Galtung dat strukturele ongelykheid voorkom in gevalle waar daar werklike of persepsiële ongelykheid in die beheer, eienaarskap of verspreiding van bronne is. Mag en gesag is belangrike middele omdat dominante groepe dit gebruik om hul beheer oor die bronne te verskans. Só ontwikkel diep gewortelde konflik soos klassestryde en gemeenskapskonflikte.

Ander konfliktronne wat gewoonlik prominent in konflikte voorkom is botsings oor **nie-onderhandelbares**, soos welvaarts- en ontologiese behoeftes (*Mitchell, 1981:18-19*). Volgens *Galtung(1990[b]:303) asook Rubenstein (1990[b]:336)*, behels dit onder meer sekuriteit, identiteit, welsyns- en vryheidsbehoefte. *Paul Sites (1973)* voeg die fundamentele behoefte van beheer by.

Edward Azar (1990(c):146) asook *Paul Sites (1990(b):10)* wys in hierdie verband daarop dat sulke konflik, psigose-skeppend is, veral as gevolg van die persepsiële bedreigings wat dit vir die mens se oorlewing en ontwikkeling inhou. *Azar (1990(c):146)* wys daarop dat konflikte wat as gevolg van sulke persepsies ontstaan diepgewortel en uitgerek van aard is.

Mitchell (1981:18-19) identifiseer die oënskynlike of persepsiële verhinderings van effektiewe deelname aan besluitnemingsprosesse oor aangeleenthede wat sekuriteit, identiteit en ontwikkeling, bepaal. *Paul Sites (1973:9)* verduidelik die invloed hiervan op die gedrag van die mens wanneer só 'n persoon bereid sou wees om die norme van sosiaal aanvaarbare gedrag (Common Good) te ignoreer, in die soeke na die bevrediging van hierdie basiese behoeftes.

Galtung (1990(b):303) en Rubenstein (1990(b):336) steun die belangrike rol wat 'n skynbare ignorering van ontologiese en fisiese mense-behoeftes speel en waarsku albei teen 'n hiërargiese ordening van sulke behoeftes. Hulle argumenteer eerder ten gunste van 'n interverweefdheid tussen die ontologiese en fisiese of materiële behoeftes. 'n Belangrike bron van konflik bestaan in die tendens om in beleidsprosesse en programme, behoeftes sodanig te vereenvoudig en binne 'n "general law of common good" te definieer. Só word die besondere individuele diversiteite tussen individue en groepe geignoreer en manifesteer dit in teenreaksies, soos geweld, terrorisme en ander protesvorme.

Paul Sites (1973:9) se beklemtoning van **beheer** as die een behoefte wat die grootste potensiaal vir konflik verskaf, is belangrik in dié verband. Bedreiging van hierdie behoefte weens die persepsie dat die ander persoon, instansie of stelsel 'n bestaansdoel het wat onversoenbaar is met die van jouself, jou groep, instansie of gemeenskap, kan aggressiewe gedrag en konflik dus geantisipeer word. Praktiese voorbeelde hiervan moet dus binne die politieke konteks gesoek word.

1. *Manifestering van persepsies van ontologiese mensebehoefte ontkenning binne die Afrika konteks*

Die soeke na 'n erkenning van ontologiese behoeftes soos beheer, identiteit, sekuriteit en mense-ontwikkeling aan die eenkant en fisiese behoeftes aan die ander kant, kom in 'n mate tot uiting in die **Lusaka Manifestes (Minogue and Molloy, 1974:267-273)**. Die nie-onderhandelbaarheid van identiteit en menswaardigheid as menslike behoeftes en die ignorering daarvan kan as een belangrike konfliktdryfveer getipeer word.

Die Lusaka Manifestes is belangrik vir ontleiding van konfliktronne, aangesien die dokument juis in April 1969 opgestel is deur 14 Oos- en Sentraal Afrika state om 'n gesamentlike standpunt rakende verhoudings met Suid-Afrika, Rhodesië en Portugal te formuleer. Die dokument sou in September 1969 deur die Organisasie

van Afrika Eenheid en later ook deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar word. In die Handves word die belangrike rol van gelyke menseregte, menswaardigheid en identiteit soos volg verwoord:

“...our acceptance of the belief that all men are equal and have equal rights to human dignity and respect, regardless of colour, race, religion or sex....we affirm that without an acceptance of these ideals, without commitment to these principles of human equality and self-determination, there can be no basis for peace and justice in the world.....the dignity of all men is destroyed when the manhood of any human being is denied....we advocate an end to the violence against human dignity..”

Dieselfde idee kom ook sterk na vore in Nelson Mandela se openingsverklaring aan die Media tydens die Grootte Schuur-beraad in 1990 (*Media Konferensie, Grootte Schuur, 2 Mei 1990*):

“This is the first time in 78 years that a truly serious meeting takes place between delegations of the African National Congress and the succession of White Governments that have ruled our country for generations. This is a fact that is sobering in its implications. It indicates the deadly weight of the terrible tradition of a “dialogue” between master and servant which we have to overcome, in order to establish a culture of peaceful, democratic and genuine debate..... It should start the practice of the resolution of conflict and differences, through discussion among equals and fellow citizens of a common patrimony. The idea that the colour of a person defines their place in society must to all of us, be as frightening as the “plague” ... we must comprehend the fact that the attempt to sustain the notion that some are by virtue of their skin colour, born superior to others is, in a real sense, a cardinal sin.”

Die vraag wat in hierdie verband ondersoek moet word, is die rol en impak van ontologiese en fisiese mensebehoefte in die konfliktsituasie van die voormalige Rhodesië.

Het die aard van inter-etniese kommunikasie, die wyse van besluitneming (mede-besturend of eensydig) en die idee van inter-aktiewe gelyke kommunikasie dalk sentraal tot die eskalاسie en/of de-eskalاسie van die konflikomgewing gestaan?

Gesien in die lig van die Lusaka Manifest van 1969, sowel as die latere Mandela persverklaring hierbo genoem kan die vraag gevra word in watter mate die persepsiële bedreiging van ontologiese behoeftes, soos menslike identiteit, gelykheid, agting en respek (*Burton, 1987:16*), ‘n gemene deler van die historiese Suid-Afrikaanse konflik was, en dalk steeds is?

Die voormalige sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, Chris Hanu, het óók in hierdie verband by die teorie van Sites, kort voor sy dood, aangesluit. *Anthea Jeffrey (1997:7)* haal hom in haar werk oor: *“The Natal Story: Sixteen Years of Conflict”* soos volg aan:

“The deterioration in the socio-economic situation leads to a growing army of the lumpen proletariat – the discarded, frustrated people whose values are

twisted and distorted. They do not care what they do. They feel themselves the scum of society. They are people who have no standards, no values, because of serious marginalisation. They feel that society is insensitive and uncaring, so why should they abide by the norms of society? This is the socio-economic side of the violence. These issues make for criminal violence – robbery, murders, muggings.”


Jeffrey (1997:4) wys teen hierdie agtergrond daarop dat die impak van hoë vlakke van verstedeliking, in samehang met erger vorme van armoede in ander Afrika lande, nie noodwendig dieselfde endemiese geweldsvorme as in die destydse Nataalkonflik aangeneem het nie. Armoede lei volgens haar dus nie noodwendig in alle gevalle na kriminele geweld nie. Sy verklaar dat die ontwikkeling van ‘n kultuur van armoede in sekere samelewings daartoe gelei het dat mense deprivasie as deel van hul lewe aanvaar het.

Daarteenoor het veral die gebeure sedert 2 Februarie 1990 in SA ‘n psigologie van drasties stygende verwagtinge met hoë vlakke van ongeduld oor die stadige ontkieming van die vrugte van bevryding, geskep.

Dit is egter van insiggewende belang dat Hani nie die sosio-ekonomiese kant van geweld direk na politieke geweld herlei nie, maar eerder na simptome en verskynsels van sosiale disintegrasie waaronder roof, moorde en gewelddadige aanranding. Hierteenoor oordeel Woods (*Jeffrey, 1997:8*) dat die geweld in Natal eerder binne die konteks van ‘n “kweekhuis” van interverwante faktore verklaar moet word, waarvan die sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede sleutel elemente is. Die vraag is, sou dieselfde afleiding op Zimbabwe van toepassing gemaak kan word?

Pounds, (1972:13-14) wys daarop dat sulke verskynsels sentrifugale kragte (verdelende kragte) in ‘n samelewing is, aangesien dit elemente is wat die kohesie van die staat verminder. Dit kan na gelang van die intensiteit daarvan tot ontwinging en konflik lei.

Pounds bou sy argumente op *Hartshorne (1959:108)*, en wys daarop dat sosiale kragte soos onderwys, lewenstandaarde, kompeterende ekonomiese kragte, klas en rasse onderskeidings, asook die bepaalde toepassing van politieke filosofie in samelewings, voorbeelde kan wees van kragte wat na gelang van die institusionalisering daarvan, verdelend op die sosiale kohesie van samelewings kan inwerk.



Mitchell (1981:18-20) glo dat konflik in beperkte-goedere-samelewings ontstaan as gevolg van die interaksie van:

1. bestaande waardes,
2. persepsies van skaarsheid en
3. fisiese beperkinge op die volume materiële goedere beskikbaar op enige tydstep.

Dit impliseer dat konflikte, ooreenkomstig **tabel 3 (p35)**, dikwels oor die volgende aspekte handel:

1. allokasie en verdeling;
2. die verkryging van, of besitname oor, skaars posisie/rolle/bronne {besluitnemingsrol};
3. die skepping van alternatiewe posisie/ rolle/bronne en
4. doelbewuste pogings om mense van skaars rolle/bronne uit te sluit (bv. itv politieke besluitneming, ekonomiese voordele, gelyke hoëvlak onderwys geleentheid, ens.).

Die tipe doelstellings wat partye in 'n samelewing najaag, gee 'n aanduiding van die onderliggende bronne van die konflik in daardie samelewing.

Indien 'n samelewing, volgens Mitchell, nie in staat is om voldoende materiële en posisionele goedere te produseer nie, terwyl die verkryging en beheer daarvoor juis 'n kernwaardesisteem is, sal sosiale stratifikasie ontstaan wat tot gereelde, herhalende en heel dikwels ook, intense konflikgedragpatrone lei (**Mitchell, 1981:20**). Die Rhodesiese konflik vorm 'n belangrike fokuspunt vir ondersoek in dié verband.

Gurr (1970:13) huldig ook hierdie mening wanneer hy relatiewe deprivasie definieer as die persepsiële wanbalans tussen die mens se waardegedrewe verwagtinge en hul waardegedrewe vermoëns.

Hy klassifiseer **waardegedrewe verwagtinge** as daardie goedere en lewensomstandighede wat mense normaalweg glo hulle op geregtig is. **Waardegedrewe vermoëns** aan die anderkant verwys na die goedere en omstandighede wat mense glo hulle in staat is om te bekom, of in stand kan hou, indien die sosiale middele daarvoor beskikbaar is.

Mitchell argumenteer dat konfliktsituasies óók in meer komplekse samelewings vanweë persepsiële skaarsheide ontstaan. Dit ontketen persepsies van botsende belange op grond van die spesifieke waarde wat samelewings heg aan materiële, posisionele en ontologiese goedere. Die rede hiervoor is, volgens Mitchell, klaarblyklik te vinde in die mate waartoe sulke goedere tot persepsies van sekuriteit, veiligheid, status en erkenning lei (**Mitchell, 1981:19**).

Skaarsheid is dikwels die gevolg van 'n bepaalde stryd tussen sosiale strukture en sosiale waardes. Hierdie argument verwys nie na skaarsheid vanweë natuurrampe of wêreldkonflikte wat skaarsheid veroorsaak nie. Hier handel dit om konflikte wat ontstaan as gevolg van 'n stryd om besit van, en kompetisie oor, skaarsbronne. Dit kan heel dikwels tot die ontwikkeling van 'n sosiale struktuur lei, gegrond op 'n sisteem van besitters en nie-besittersgroepe. Hiervolgens stratifiseer sulke verdelings volgens Mitchell, dikwels in permanente verskille en samelewingstrata gebou op kaste-, rasse-, taal- en klassekriteria.

Samelewingsordening in sulke lande neig na sosiale stratifikasie en gedragspatrone gebou op persepsieel botsende belange wat uiteindelik gekenmerk word deur 'n netwerk van konflikterende verhoudinge met baie min gedeelde waardes wat die konflik kan de-eskaleer (**Mitchell, 1981:20**). Dit is met ander woorde elemente wat **Pounds (1972) en Hartshorne (1959) sentrifugale kragte** noem.

Na aanleiding van Mitchell, Sites en Jeffrey se verduidelikings hierbo ontstaan die vraag in welke mate armoede, gegrond op onder meer geïnstitutionaliseerde ongelykheid, as 'n ernstige konflikbron in gemeenskappe beskou sou kon word? In watter mate was dit 'n belangrike dryfveer vir die eskalering van konflikte, ook die in Afrika en, meer besonder, Suider-Afrika, waarvan die voormalige Rhodesië en die huidige Zimbabwe deel is?

Die relevansie van hierdie vraag word beklemtoon deur **Dollard e.a (1939: 112-113)** wat reeds in 1939 in navorsing wys dat daar 'n direkte verband tussen armoede, verhoogde frustrasie- en aggressievlakke en selfs misdaadtoename is.

Davies (1963:358) argumenteer in teenstelling dat die geskiedenis aandui dat dit gewoonlik nie die armstes is wat die vonk vir revolusie aansteek nie, omdat hulle te gemoeid is met die stryd om ekonomiese oorlewing. Dit is veel eerder die middel en hoër klasse wat bekostigbare tyd daarvoor beskikbaar het. Wanneer revolusies egter uitbreek, word dit gewoonlik, volgens hom, sterk deur beide die gemarginaliseerde armes en die relatiewe armes ondersteun, omdat die

psigologiese konflik-dimensie by mense die vrees skep dat hulle in totale armoede kan verval.

Gurr (1970:12-13) sluit by Davies aan oor die psigologiese dryfvere vir konflik maar verskil met hom oor die rol van armes in die konflik. In dié verband is politieke geweld ‘n prosesmatige ontwikkelingsdinamika, beginnende by:

1. Die ontwikkeling van ontevredenheid,
2. Ontevredenheid bereik ‘n vlak van verpolitiserings en
3. Die verpolitiseerde ontevredenheid word omgeskakel in gewelddadige optrede teen politieke akteurs en objekte.

Volgens Gurr is die persepsie van relatiewe armoede/ontneming of berowing die vonk wat deelname aan kollektiewe geweld veroorsaak. Dit is hierdie verbinding tussen ontevredenheid en persepsies van ontneming (berowing) wat gewoonlik die psigologiese grondslag verskaf vir die oorsake van geweld omdat dit saamhang met gesindhede en emosies van frustrasie, vervreemding, persepsies van doelkonflikte, spanning en persepsies van ernstige nood.

Davies se argument word deur *Skocpol (1979:14-19)*, in haar strukturalistiese analise van die oorsake van revolusies, ondersteun. Sy argumenteer dat die sienings van Gurr nie noodwendig histories bevestig word nie. Sy wys in dié verband op die voorbeeld van SA wat desondanks die afwesigheid van massa steun vanuit die gemeenskap, steeds met onderdrukkende regering kon voortgaan. Skocpol het hierdie waarnemings in 1979 geboekstaaf. Dit moet egter ook nog ondersoek word in watter mate die motivering vir die SA oorgangsproses in die vroeë negentigerjare, deur die sosiale, ekonomiese en politieke konflik, met inbegrepe van die rol van die bevrydingsbewegings, en die internasionale gemeenskap, “gekompas” is.

Skocpol argumenteer vanuit ‘n sosio-historiese perspektief dat revolusionêre situasies ontwikkel vanweë politieke en militêre krisisse en dat revolusionêre leierskap eintlik slegs ‘n situasie wat reeds bestaan, uitbuit. Sy glo dat die verstaan van sosiale revolusies gesoek moet word in die verskyning van ‘n revolusionêre situasie binne ou regimes. Revolusies in dié konteks ontstaan en groei vanuit die geïntegreerde interaksie van diverse groepe wat lei tot die vorming van ‘n revolusionêre gees en proses en uiteindelik tot nuwe regime stigting.

In dié proses moet die interne institusionele omstandighede, asook die inter-groepsverhoudings, samelopend met die rol wat die internasionale gemeenskap in die proses speel, in ag geneem word. Sy wys ook daarop dat die internasionale gemeenskap histories nog altyd ‘n belangrike rol in die ontwikkeling, uitbouing en uitkoms van revolusies gespeel het.

Moshiri (1991:11) verskil van Davies en Skocpol en argumenteer dat dit juis die onmenslike wyse van kapitalistiese produksie-prosesse van die negentiende eeu was wat die oorsaak van die armoede in die Derde Wêreld is, en dit **as strukturele geweld getipeer** kan word. Moshiri wys daarop dat veral Marx hierdeur gemotiveer is in sy stryd teen kapitalisme.

Die rol van armoede en die psigiese vrese daarvoor, asook die frustrasie en aggressie vlakke wat dit as moontlike konflikstimulante wek, is aangeleenthede wat ook in die Zimbabwiese omstandighede ondersoek verdien.

Arendt (1965: 22-25) wys op die belangwekkende rol wat die Amerikaanse revolusie en veral Amerika as “nuwe kontinent” op aanvanklik Europa en later op ander wêrelddele uitgeoefen het. Die invloed was volgens haar gedryf deur dit wat Amerika versinnebeeld het as gevolg van die destydse verandering van die “social fabric” van die Amerikaanse samelewing. Arendt verduidelik dit soos volg:

“... lovely equality, in Jefferson’s words ... which the poor enjoy with the rich, revolutionized the spirit of men, first in Europe and then all over the world. to such an extent that from the latter stages of the French Revolution up to the revolutions of our own time it appeared to revolutionary men more important to change the fabric of society, as it had been changed in America prior to its Revolution, than to change the structure of the political realm. If it were true that nothing else was at stake in the revolutions of the modern age than the radical change of social conditions...” (Arendt (1965:24-25)

In dieselfde asem is die argumente van Davies en Skocpol egter ook uiters relevant en verdien dit ondersoek binne die Rhodesiese konteks. Kritiese aangeleenthede is byvoorbeeld die bestaansdoel, oogmerke en strategieë van die swart politieke bewegings, veral ten tye van die Matabele, Mashonaland, Suid-Rhodesiese periode, Federasie-era, die UDI- (Unilateral Declaration of Independence) en Zimbabwe-Rhodesiese typerke. Was dit toe revolusionêr gedrewe, of het ‘n sameloop van ander interaktiewe faktore daartoe aanleiding gegee?

Indien hierdie vraagstukke in verband met die argumente van Anstey gebring word, is die vraag wat in dié verband ondersoek moet word, gerig op ‘n ontleding van die konflik-eskalasieproses in Zimbabwe. Die aangeleentheid word in hoofstuk 3 onder die soeklig geplaas met die bestudering van die historiese ontwikkelingsgang van die konflik.

Hierdie ondersoeke moet egter ook die relevansie van die argumente van Mitchell, Galtung en andere verreken. Hulle glo dat konflikte gegrond op belangebotsings in samelewings, op ‘n verskeidenheid van terreine geïnstitusioneel word en dat dit heel dikwels tot omstandighede lei waar daar uit ‘n rolspelersoogpunt, persepsieel feitlik geen gedeelde doelwitte bestaan wat die konflik kan ontloot nie (**Mitchell, 1981:20**).

Die mate waarin hierdie tipe situasie histories in die voormalige Rhodesië ontwikkel het, sal in hierdie studie ondersoek word, veral in hoofstuk 3. Dit is dus belangrik om ondersoek te doen na die aard van die onderskeie doelwitte van die belanghebbende interne rolspelers, want soos **Mitchell (1981:21)** aandui en redeneer, verskaf die aard van hierdie doelwitte inligting oor die onderliggende bronne van konflik en ook van die wyse hoe die verskillende konflik-aangeleenthede deur die rolspelers genuanseer is.

4.2.2 Konflikgedrag

Die tweede been van *Galtung (1969:168)* se driehoekige raamwerk van konflik, **konflikgedrag**, dui op die aksie of fisiese handeling van een party teenoor 'n ander, met die oogmerk om hom/hulle te oortuig om sy/hulle doelwitte te laat vaar.

Volgens *Mitchell (1981:30)* impliseer bovermelde definisie dat die motiewe van die rolspelers, die derdeparty wat die beoordeling doen, sowel as die teken van die optrede, geïnterpreteer moet word. Dit is noodsaaklik ten einde die werklike grondliggende doelwitte van optredes te bepaal, aangesien persepsies van optredes met die eerste oogopslag heel dikwels nie die ware motiewe van partye blootlê nie. Onderliggende motiewe en doelstellings is hiervolgens noodsaaklike elemente in die definisie en analise van konflikgedrag.

Galtung verwerp die idee dat geweld deur slégs fisiese dryfvere ontketen word. Hy argumenteer dat daar benewens die fisiese ook psigologiese invloede bestaan wat saam met die fisiese komponente op die mens en die ontwikkeling van 'n konfliktsituasie inwerk. Volgens hom ontstaan 'n eskalاسie in die potensiaal vir geweld vanweë menslike persepsies dat sy fisiese en psigiese ideale vanweë die impak van eksterne kragte daarop, nie vervul word nie. Hier word byvoorbeeld verwys na kragte soos institusioneel afgedwonge, ongelyke voordele en uitsluiting (*Galtung, 1969:168*).

Galtung wys ook op die teenwoordigheid van verskillende vorme van geweld soos byvoorbeeld fisiese of direkte geweld; psigologiese geweld, strukturele geweld (*Galtung, 1969:169-170*) en kulturele geweld (*Galtung (1990:291-292)*).

Fisiese geweld is volgens hom 'n aanval op en 'n besering van die menslike liggaam. Hy noem dit ook biologiese geweld, wat selfs tronkstraf kon insluit, aangesien dit beperkinge plaas op menslike beweging. Dit, ten spyte van die feit dat tronkstraf onderskei kan word van geweldsvorme wat die liggaam direk beseer.

Psigologiese geweld, aan die ander kant, fokus op die menslike psige. Voorbeelde wat hy in dié verband noem, is aangeleenthede soos leuens, brein-spoeling, dreigemente (wat ook verskillende vorme kan aanneem), teistering en indoktrinاسie (*Galtung, 1969:169*).

Strukturele geweld, daarteenoor, kom volgens hom voor in gevalle waar geweld nie direk aan die optrede van 'n persoon of persone toegeskryf kan word nie. In hierdie geval word geweld in die struktuur van die regeerproses en samelewings-ordening ingebou. Dit kom veral navore in die vorm van erg ongelyke magsverdelings-, -lewensvoordele, -bronneverdelings en -besluitnemingsverdelingspatrone. Daarbenewens word die besluitnemingsproses oor die verdeling van voordele en bronne, hoogs ongelyk gestratifiseer (*Galtung, 1969:170-171*).

Kulturele geweld aan die ander kant sluit aspekte van kultuur (religie, ideologie, taal, kuns, empiriese wetenskap, formele wetenskap, ens) in en word aangewend

om direkte sowel as strukturele geweld (bv. fragmentasie, uitbuiting, marginalisasie) te regverdig en te legitimeer.

Galtung se argument is veral belangrik in dié sin dat al die genoemde vorme van geweld as 'n aanval op die basiese mensebehoefes beskou kan word deurdat dit die vlak van behoeftebevrediging en potensiaalontwikkeling verminder tot laer as wat dit potensieël moontlik is. In die proses identifiseer hy 4 behoefte kategorieë:

1. **Oorlewingsbehoefes** wat veral deur geweldsvorme soos dood, moord, ens. in die gesig gestaar word;
2. **Welvaartsbehoefes**, wat veral deur geweldsvorme soos ellende, armoede en morbiditeit in die gesig gestaar word;
3. **Identiteitsbehoefes**, wat deur geweldsvorme soos desosialisering, marginalisasie, vervreemding, uitsluiting, ens in die gesig gestaar word en
4. **Vryheidsbehoefes**, wat deur geweldsvorme soos onderdrukking in die gesig gestaar word.

Galtung glo dat kulturele geweld daartoe lei dat beide fisiese en strukturele geweld, psigies geïnternaliseer word sodat dit vir die kollektiewe groep reg voel en nie as verkeerd beoordeel word nie. In dié proses word die toepassing van beide direkte en strukturele geweldsvorme in die samelewing gelegitimeer en dus aanvaarbaar gemaak.

Tipiese voorbeelde wat hy in dié verband noem, is 'n voorval van moord wat gelegitimeer word, indien dit in belang van die totale samelewing of land gepleeg word, teenoor wanneer dit in belang van 'n individu gepleeg word. 'n Tweede voorbeeld is wanneer realistiese beoordeling gelyk word en gewelddadige handeling nie as sodanig beskou word nie. Nog 'n voorbeeld wat Galtung in dié verband noem, is die morele regverdiging wat aan internasionale optredes soos sanksies (as 'n voorbeeld van strukturele geweld) verleen word, ten spyte van die feit dat dit heel dikwels tot hongersnood en verswakte gesondheidstoestande, ens. ly en gewoonlik juis die swakste van die swakstes - kinders, bejaardes, armes en vroue, tref. Die vraag vir ondersoek is egter in hoe 'n mate kulturele- en ander geweldskategorieë met hul nuwe-effekte in Rhodesië 'n faktor was en wat die impak daarvan op die konflik-eskalasieproses was, indien enige.

Mitchell (1981:30) stem saam met Galtung dat konflikgedrag nie noodwendig gewelddadig hoef te wees om as konflikgedrag te kwalifiseer nie. As tipiese voorbeelde van konflikgedrag noem hy, benewens ander verskynsels, optredes soos dreigemente van negatiewe sanksies, voorstelle van alternatiewe voordele, besprekings, oorrading, aandrang of appélle op gemeenskaplike waardes, nie-gewelddadige en gewelddadige konflikgedrag, byvoorbeeld wetlike dwang, institusionalisering van ongelykheid en uitsluiting van voordele deur middel van wetlike prosesse, opstand/oproer, protes, betogings, boikotte, wegbly-aksies, hongerstaking, gewelddadigheid, revolusie, onderhandeling en regsgeginge. (Sien **tabel 4** in hierdie verband).

Tabel 4: Konflikgedrag

| | | | | | |
|---------------------|---|--|-----------------|--------------------|--------------------------------------|
| 1. Wetlike dwang | 2. Strukturele ongelykheid en uitsluiting | 3. Opstand en oproer | 4. Protes | 5. Betogings | 6. Boikotte |
| 7. Wetlike aksies | 8. Hongerstakingings | 9. Geweld | 10. Revolusie | 11. Onderhandeling | 12. Regsgedinge |
| 13. Lydelike verset | 14. Dreigemente van negatiewe sanksies | 15. Voorstelle van alternatiewe voordele | 16. Besprekings | 17. Oorreding | 18. Appéle op gemeenskaplike waardes |

Anstey (1991:14) sluit hierby aan en noem aspekte soos probleem-oplossende onderhandeling, derdeparty mediasie of fasilitering, regsgedinge en die opskorting van bestaande verhoudinge en kommunikasie. Konflikhandelinge het gewoonlik ‘n oorredende mikpunt waar gepoog word om partye in die woorde van *William Zartman en Maureen Berman (1982:52-54; 63; 82;87)* by hul *weegskaalpunt (“security point”)* te bring. Daar waar besef word dat die omvang van winste deur die voortsetting van die bestaande strategie te min is en dus nie meer tred hou met die omvang van verliese wat dit inhou nie. Zartman en Berman is dit eens dat dit die punt is waar partye besluit om te onderhandel, of in die geval van mislukte onderhandeling, tot gewelddadige vorms van konflikhandelings oor gaan.

Hier is dus sprake van “‘n rypword-proses” van ‘n konfliktsituasie waar partye strategiese skuiwe aanbring. Die kritiese punt is egter die bereiking van ‘n *gesindheidskeerpunt (“point of seriousness”)* waar die persepsie onder al die partye ontwikkel dat die opponente ook ernstig is om ‘n vreedsame skikking te vind.

Zartman (1989:10) identifiseer 3 oorvleuelende opsies as aanduiding van hoe so ‘n proses kan ontwikkel:

1. wanneer gemeenskaplike dooiepunte bereik word, dikwels samehangend met pas afgelope of verwagte katastrofiese gebeure;
2. wanneer beide partye se pogings tot eensydige oplossings geblokkeer word en bilaterale oplossings die gunstigste opsie skyn te wees;
3. ‘n moment in tyd waar die *“winste gering”* en die *“verliese, oorvloedig”* word (*“ins’ start to slip and the ‘outs’ start to surge”*). Die vraag oor die aard van só ‘n rypwordingsproses in Zimbabwe, en wat dit veroorsaak het, indien dit wel die geval blyk te wees, is in die lig van die soeke na ‘n volhoubare konflikresolusie en vredebenadering, belangrik. Analitiese nadenke oor hierdie vraagstuk geniet in die breë aandag in hoofstuk 3. Belangrik om te meld is dat sodanige weegskaal- en gesindheidskeerpunten veral deur die risiko-analitiese diagram (Tabel 26, p.302) bereken kan word.

4.2.3. Konflikgesindhede

Konflikgesindhede, as die derde been van Galtung se driehoekige konfliktraamwerk dui volgens Mitchell, op die psigologiese omstandighede wat groei vanuit die in ‘n konflik. *Gurr (1970:44)* onderstreep ook die belangrike rol wat hy tipeer as die nie-rasionele oorsprong en manifestasies van relatiewe deprivasie. Hy argumenteer dat dit net so ‘n belangrike rol in politieke geweld kan speel as die rasonale elemente. Gurr se sienings stem ooreen met die waarneming van

Paul Harrison (1981:407) wat die destruktiewe impak van daardie psigologiese dryfvere wat tot die verskynsel van relatiewe armoede ly, beklemtoon:

“..... Poor men compare themselves with the elites (in the Third World), and feel deprived. Poverty, in the egalitarian mood of the twentieth century, brings with it the worm of envy, as an inevitable reaction to unjust inequalities.”

Mitchell (1981:27-29) argumenteer verder dat die psigologiese faktore elemente is wat die intensiteit van die konflik verskerp en laat eskaleer. Hy wys byvoorbeeld in dié verband na die impak van ‘n hoë vlak van haat en woede in ‘n samelewing met ‘n geskiedenis van intense rasse konflik.

Die vraag is in welke mate daar in sulke gevalle emosies (soos hoë vlakke van haat en woede), onder die strydende groepe ontstaan, wat ‘n beslissende rol of impak het op aan die eenkant die eskalاسie van konflik tot hoër vlakke van geweld en aan die ander kant die ontneming van ‘n gunstige ruimte vir konstruktiewe konfliktransformasie? **Gurr (1970:59)** argumenteer in dié verband dat die intensiteit van woede, die gevolg is van bepaalde psigologiese veranderlikes soos groterwordende gapings tussen verwagtinge en vermoëns om verwagtinge te bevredig, die wanverhouding tussen belangrike waardes en die vermoë om dié waardes te bevredig, asook die tekorte aan alternatiewe opsies vir waarde en behoefte-bevrediging.

Konflikgesindhede is ook volgens **Mitchell (1981), Galtung (1969), Gurr (1970) en Burton (1987)** ‘n belangrike bydraende faktor tot toekomstige konflik. Emosies en persepsies beïnvloed partye se beskouings van hulself, hul eksterne omgewing en hul vyande/teenstanders. In ‘n konflikresolusieproses behoort belangebotsings, gesindsheidspatrone en gedragspatrone geanaliseer te word, want dit werk geïntegreerd in op die konflikproses (**Mitchell, 1981: 28**). Mitchell wys ook daarop dat individue in baie konfliksituasies sosiale druk beleef om te konformeer tot die geloofsoortuigings en gedragspatrone van die groter groep. In sulke omstandighede skep psigologiese en fisiese gemaksoorwegings en dryfvere ‘n omgewing waarin slegs die mees gedetermineerde persone instaat is om druk tot konformering te weerstaan.

Anstey (1991:241) beklemtoon die belangrike rol van gesindhede as konflikstimulant en aan die ander kant, die belangrike rol wat dit as dryfveer vir konstruktiewe konflikresolusie kan speel. In dié opsig beklemtoon hy drie elemente wat ‘n invloed uitoefen in die ontwikkeling van gesindhede: **“the affective component comprising the evaluation, liking or emotional response to some object or person; the cognitive component comprising beliefs or factual knowledge about the object or person and the behavioural component comprising overt behaviour directed toward the object or person.”**

Mitchell (1981:28-29) stem hiermee saam en beklemtoon dat konflikgesindhede die geneigdheid het om die ontwikkeling van ‘n selfvoortstuwende proses van konflik teweeg te bring, indien dit geïgnoreer sou word. Dit is veral só vanweë die strukturele komponente waaruit konflikgesindhede bestaan. Teen hierdie agtergrond definieer hy dit as: **“common patterns of expectation, emotional orientation, and perception which accompany involvement in a conflict**

situation.” Tipiese voorbeelde van emosies sou byvoorbeeld woede, wantroue, gekrenktheid/haatdraendheid, veragting/minagting, vrees, jaloesie/afguns, agterdog en frustrasie kon wees.

Persepsies dui weer op ‘n bepaalde geloofsoortuiging of interpretasie gebou op die inligting beskikbaar oor die omgewingswerklikheid of ervaring van verhoudinge. In die proses kan die persepsies soos byvoorbeeld stereotipering, ignorering of verwerping van inligting wat nie ooreenstem met bestaande geloofsoortuigings of interpretasies van situasies, persone, omgewings, ens., ‘n belangrike rol speel in die vorming van gesindhede en dus ook in die resoluksie of eskalasie van die konflik (*Mitchell, 1981: 78-79*).

Die waarneming van *Anstey (2002: 28-29)* hieromtrent is belangrik, wanneer hy aantoon dat persepsies van legitimiteit ‘n bepalende faktor in die beplanning en uitvoering van gedragpatrone is. Wanneer ‘n party dus oortuig is van sy morele gesag {die grondslag van legitimiteit, volgens *Albrow (1970:39)*} om mag en beheer oor bronne en geleenthede uit te oefen en indien hy daarvan oortuig is dat dit boonop uitvoerbaar is, sal hy met bepaalde strategieë en beleidsraamwerke voortgaan, al moet hy van aanvegbare en strydwekkende metodes gebruik maak.

Voorbeelde van konflikgesindhede wat negatiewe verbale en nie-verbale kommunikasie tegnieke insluit, word as voorbeelde in tabel 5 uitgewys.

Tabel 5: Konflikgesindhede (*Mitchell, 1981: 25-29;72*)

| | |
|--|---|
| <p>1. Vyandigheid</p> | <p>2. Emosies</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Woede ◆ Wantroue ◆ Angs ◆ Haatdraendheid ◆ Vrees ◆ Agterdog ◆ Frustrasie ◆ Verwagting ◆ Stereotipering ◆ Veragting |
| <p>3. Negatiewe evaluasies van die omgewings waarbinne ‘n konfliksituasie ontstaan</p> | <p>4. Druk tot groepskonformasie</p> <ul style="list-style-type: none"> ◆ Steun vir nie-legitieme regeringsbeleidsrigtings (bv apartheidbeleid) ◆ Steun en deelname aan bevrydingstryde ◆ Kollektiewe bedingingsoptrede op die arbeidsterrein |
| <p>5. Persepsies en projeksies. Dit handel hier oor ware en wanpersepsies van behoeftebevreëdiging en marginalisering (materieël en ontologies). Projeksies is ‘n tendens waar elke aksie van die antagonis as ‘n voorbereiding vir aanval beskou word. Dit omsluit ook die ingesteldheid om oorsake vir konflik buite eie geledere te soek, eie verantwoordelikheid te ontken en oorsake na antagonistiese rolspelers te projekteer.</p> | |

Teen die agtergrond van hierdie argumente is dit van groot belang om die impak van psigologiese houdinge of gesindhede in die historiese ontwikkelingskonteks te

ondersoek. In hierdie opsig sou dit belangrik wees om die ondersoek van toepassing te maak op beide die pre-koloniale, koloniale, UDI, bevrydingstryd en post-1980-periodes in Zimbabwe.

Anstey (1991: 43) argumenteer dat die teenwoordigheid van sekere invloede en veranderlikes in 'n konfliktsituasie tot 'n verharding of versagting van die optredes van partye in sulke omstandighede bydra.

In hierdie verband meld hy die impak van onder meer hoëvlak kompeterende aspirasies. Sodanige aspirasies is volgens hom waarskynlik gewortel in persepsies van legitimiteit en uitvoerbaarheid. Hier stem hy saam met argumente van Albrow oor die oortuiging van rolspelers tov hul morele reg op sekere bronne en geleenthede. As voorbeeld van strydmetodes wat gebruik is om hierdie bronne te bekom, meld hy die optrede van die 1984-strydgroepe in die Suid-Afrikaanse "townships." Ander voorbeelde wat hy meld is kwetsende vergelykings bv. skerp dualistiese inkomste-, loon- en byvoordeleverdelings op die arbeidsterrein. Geskiedenis van swak verhoudinge en zero-som persepsies is gewoonlik ook 'n bydraende faktor tot verhardende gesindhede en gedragspatrone in konflik-situasies.

Tabel 6 (p45) brei op die argumente van *Anstey (1991:51-64)* uit en meld 'n aantal aanwysers wat konflikteskalasie in situasies bevorder.

4.2.4 Konflikteskalasie

Dean Pruitt (1981:120) argumenteer dat kompeterende taktiek dikwels veel meer destruktief is as gekoördineerde/samewerkende of probleem-oplossende strategieë, aangesien dit vergelding aanmoedig en die risiko van 'n konfliktspiraal ontketen. Só 'n spiraal hou 'n gevaar in vir 'n bedreiging van die onderlinge verhoudinge van partye en rolspelers. *Oran Young (1967: 170-171;193-194)* het reeds in 1967 die gedagte ondersteun toe hy verduidelik het dat kompeterende taktiek in krisisse van groeiende intensiteit kan ontaard ("escalation ladder") en uiteindelik kan uitloop op gewelddadige konflik of oorloë. *Loet Dekker (1985:74-77)* verwys ook na die eskalering van konflik tot vlakke waar persepsies van geen omkeer voorkom – 'n spiraal wat ontwikkel vanaf vlakke van samewerking en gesprek tot waar partye slegs een visie het, naamlik die vernietiging van opponente.

Anstey (2002:35) verduidelik dat sulke situasies van destruktiewe konflik-eskalering gewoonlik voorkom vanweë die afwesigheid van doeltreffende konflikregulerende meganismes, of die afwesigheid van faktore wat tot die stabilisering van verhoudinge in die samelewing aanleiding gee. Dit kan ook wees dat bestaande meganismes of faktore onvoldoende ontwikkel is en dus nie die konflikteskalerende faktore kan teenwerk nie. Sodra dit voorkom, verander die onderlinge gesindhede en persepsies van partye en eskaleer taktiek vanaf samewerkende aksies, tot volskaalse geweld en oorlog.

Anstey (2002:35-63) ondersteun die gedagte van 'n konflikteskalasie spiraal, (Sien **tabel 7** (p46) as voorbeeld) maar wys daarop dat konflik kan de-eskaleer, gegewe die teenwoordigheid van die regte strukturele omgewingstrategie, gesindheids- en gedragskontekste, maw die teenwoordigheid van bepaalde sentripetale kragte. Dit

is egter volgens hierdie argument duidelik dat onderlinge historiese ervarings, gesindhede en gedragpatrone in die proses, integrerend inwerk op die ontwikkeling en uitkoms van die konflikteskalasie en/of de-eskalasie proses. Hierdie ontledings is in die besonder relevant en verdien verdere ondersoek ten einde vas te stel in watter mate die Zimbabwiese konflik vanaf die vroegste tye deur só 'n konflikteskalasie spiraal gegroei het en in welke mate die post-1980-periode met die gevolge daarvan te make het. Van groot belang is om 'n ondersoek te doen na die mate waarin daar konflikteskalasie aanwysers of in die taal van Pounds, sentrifugale kragte in die pre-Zimbabwe periodes teenwoordig was en in watter mate daar in die post-1980-era eskalasië en/of de-eskalasië aanwysers of dan sentrifugale kragte, ontwikkel het. Tipiese voorbeelde hiervan word deur Anstey in **tabel 6** ter illustrasie van die beginsel aangedui.

Tabel 6: Konflikteskalasie Aanwysers: Sentripetale Kragte

| | | |
|---|---|---|
| <p>1. Afwesigheid van konflik-regulerende meganismes of faktore wat bydra tot die stabilisering van verhoudinge</p> | <p>2. Positiewe erkenning vir die gebruik van dwang taktiek – bv die gevoel om 'n sinvolle bydrae te lewer in 'n legitieme strydpunt</p> | <p>3. 'n Proses van vasgevangendheid waar partye meer tyd, energie, geld en ander bronne aan 'n konflik bestee, omdat dit deur eksterne standaarde regverdigbaar is. Die skuif vanaf 'n strategie van konfrontasie na aggressie is 'n tiperende voorbeeld hiervan</p> |
| <p>4. Uitlokking – waar een party 'n ander uitlok tot afbrekende eskalasië optredes ten einde op een of ander wyse intern en ekstern daarby te baat.</p> | <p>5. Onvermoë van leierskap en beheerstrukture om volgende tydens strydende prosesse effektief te beheer.</p> | <p>6. Groepsveranderinge en –verdelings as gevolg van die konflikteskalasiëprosesse en gepaardgaande persepsies binne die verdelende groepe wat aan hulself die status van morele hoëgrond toeken, asook geprojekteerde persepsies van onderlinge dreigende gedragpatrone</p> |
| <p>7. Projeksie waar elke optrede van die antagonis gesien word as voorbereiding vir 'n aanval. Dit stimuleer antagonistiese optrede uit eie gelede.</p> | <p>8. Magsbalanspolitiek en strydende groepe mobiliseer en soek vennote ten einde hul magsbalans posisie te handhaaf. Swakker rolspelers soek beskerming by sterker rolspelers sodat die getal onverbonde rolspelers afneem, op hierdie wyse werk psigologiese en politieke faktore mee tot 'n uitbreiding, vergroting en integrering van konflikte.</p> | <p>9. Die neiging van die verplasing van konflik vanaf die individuele denke tot die groter bipolêre wêreld. In dié verband het Clausewitz (<i>Wright, 1990(c): 23</i>) beklemtoon dat daar 'n neiging is vir konflik om tot oorlog te eskaleer en vir oorlog: “to become total and absolute in proportion as the parties are equal in power and determination, and are unaffected by outside influences.”</p> |

Tabel 7: Konflikteskalasiespiraal (Anstey, 1991:52-70)

Conflict Escalation

| | |
|---|--|
| Issues: Limited Issues | Issue proliferation |
| Demands: Concede/specific demands | Generalities, grandiose, all-encompassing demands |
| Resources: Limited investment of resources | Increasing investment of resources |
| Participants: Few participants | Formation of collectivities, alliances |
| Goals: Doing well -----winning | Hurting the other |
| Perceptions: Non evaluative | Negative stereotyping "enemy" perceptions, distortions |
| Communications: Regular/open | Infrequent selective information induction |
| Relations: Positive/neutral | Hostile |
| Internal organization: doves lead or balance, loose controls | Hawks, autocratic leadership, conformity pressures, task mobilization, high degree of organization |
| Tactics: Problem solving, persuasion, inducements, threats, commitments disruption | Violence |

Anstey (1991: 53) sluit ook by die vorige werke van Coser (1956); Deutch (1973) en Pruitt & Rubin (1986) aan as hy wys op die teenwoordigheid van 'n proses van konflikteskalasie wat in talle konfliktsituasies na vore kom. S6 'n proses ontwikkel gewoonlik as die konflikteskalasie aanwysers nie deur die rolspelers en besluitnemers in die samelewing raakgesien word nie en ook nie deur korrekte/geskikte prosedures en meganismes aangespreek word nie.

Volgens hierdie analise is die kenmerke van 'n konflikteskalasieproses te vinde in 'n uitbreiding van konflikterende strydpunte, 'n transformasie vanaf algemene en vae eise na allesomvattende eise, 'n toenemende investering van bronne tot die stryd, die vorming van kollektiewe alliansies, 'n transformasie van 'n doel om goed te doen, na 'n doel om te wen en uiteindelik, 'n doel om die opponent te beseer, 'n beweging vanaf nie-evaluerende persepsies na negatiewe, vyandige stereotipering en verdraaiings, vanaf gereelde ope kommunikasie na ongereelde, selektiewe inligtingsverspreiding, vanaf positiewe of neutrale verhoudinge na duidelik vyandige verhoudinge, 'n transformasie vanaf 'n situasie waar die

“duiwe” of vredemakers binne organisasies die beheer het en leiding gee na een waar die “valke” of militariste/veglustiges/autokrate die beheer oorneem met ‘n benadering van toenemende druk, taakmobilisering en ‘n hoë graad van interne organisering as tiperende kenmerk. Die duidelikste sigbare kenmerk van só ‘n eskalasiëproses is die transformasie (in sigbare taktiek) wat verskuif vanaf proaktiewe probleemoplossing na oorreding, dreigemente, ontwrigting en uiteindelik openlike geweld. Die mate waarin hierdie proses op die een of ander wyse in die pre-Zimbabwe periode ontvou het, verdien ook ondersoek in hoofstuk 3.

4.2.5 Konflik De-eskalasie

Tekens van sosiale stabiliteit en konflikversagters is gewoonlik volgens *Anstey (1991:46)* te vinde in die ontwikkeling van begrip vir die oorsake van konflik en die aanvullende verswarende omstandighede (konflikversterkers). Konflikversagters is onder meer effektiewe konflikregulering asook faktore en meganismes wat die stabilisering van verhoudinge fasiliteer (*Anstey, 1991:46*). *Pounds (1972:15,16)* argumenteer dat ‘n bepaalde inklusiewe konsensus en verbintenis oor diversiteitsgrense heen, oor wat hy ‘n ooreengekome bestaansrede of *raison d’être* noem, ‘n belangrike instrument of meganisme is, wat as ‘n konflikversagter in samelewings kan dien. Die grondslag van só ‘n bestaansrede is die vind van ‘n algemene konsensus oor ‘n bepaalde waardesisteem wat die identiteit van die nasie en die staat op ‘n legitieme wyse verteenwoordig (*Grundling, 1988:13*).

Hierdie argument verwys na *Hartshorne (1959:39)* se klem op die beslissende rol en impak wat die interaksie van beide samebindende en verdelende kragte op die effektiewe funksionering van ‘n staat het. As voorbeelde hiervan, noem hy dat dit belangrik is dat kragte wat die verskillende streke en diversiteite van die staat saambind, oorheersend gevestig is midde in die altyd teenwoordigende sentrifugale kragte, wat hy as verdelend in ‘n staat se funksionering, definieer.

Pounds argumenteer ook dat ‘n staat deurlopend met samebindende en verdelende kragte te kampe het en dat die samebindende kragte een van die belangrike invloede is wat aangewend kan word as meganisme, of waardestelsel om enersyds konflikregulering te institusionaliseer en andersyds as belangrike konflikversagters te kan funksioneer. Oor wat die sentripetale kragte in die staat is, dui Pounds aan dat die belangrikste van hierdie kragte die staat se *raison d’être* is. Hiervolgens moet daar ‘n belangrike idee of oortuiging wees wat die bestaan van die staat regverdig.

In die geval van Afrika state was een van hierdie idees in die verlede byvoorbeeld die spirituele en psigiese lojaliteit en verbintenis aan ‘n kaptein, koning of belangrike gestorwe voorouers (*Pounds, 1972:14*). In die moderne konteks sou daar na die sogenaamde “American Dream” verwys kon word. In SA sou die gedagte en strewes soos verwoord in die ideologie van Christelike Nasionalisme en die ANC se Vryheidsmanifes, as ander voorbeelde hiervan genoem kon word. Hierdie idees stem ooreen met die van Max Weber wat ook verwys na tradisionele legitimititeit of die geloof in die legitimititeit van charismatiese, tradisionele en juridiese gesagsvorme (*Albrow, 1970:40*).

Die vraag is of daar só ‘n bestaansrede in die pre-1980-era in Rhodesië was? Indien nie, wat was die kragte wat dit verhinder het en was daar dalk sprake van botsende bestaansredes? Was die ideale en strewes van die 1979-1980-oorgangsproses inklusiewe dryfvere van al die binnelandse belangegroepe, of het dit slagoffer geword van ‘n konflik tussen verdelende en samebindende kragte wat interaktief stryd gevoer het en beïnvloed is deur die mate waarin daar in hierdie tydvak ware versoening plaasgevind het, al dan nie?

Dit is vraagstukke wat in die verdere navorsing belangrike aandag en ondersoek verdien, veral aangesien die *Lederach (1997: 19 – 127)* model van vredebou en versoening ‘n sentrale tema vir ondersoek in hierdie studie is. ‘n Verdere belangrike vraag vir ondersoek wat hierby aansluit, is in welke mate só ‘n *inklusief ooreengekome bestaansvisie/rede* wat alle rolspelers ondersteun dalk nooit ontwikkel of grondgevat het nie? Indien nie, in watter mate het die dominante rol van eksterne rolspelers (Brittanje, Frontlinie State en andere) in die skikkingsproses ‘n situasie geskep waaragter die binnelandse konflikpartye skuiling gevind het, sonder dat hulle werklik met mekaar op die basis van innerlike wil en oortuiging, vrede gemaak het?

Het die psigiese impak van die Lancaster House grondwetskrywende beraad, asook die daaropvolgende tussentydse oorgangsproses, die vestiging van só ‘n nuwe waardestelsel gefasiliteer, of nie? Indien dit nie die geval was nie, is die ooglopende vraag, hoe ‘n nuwe vrede geskep en gebou kan word gegewe die gevolge van die huidige konflik en met wie? Hierdie aangeleenthede is by uitstek primêre uitdagings vir ondersoek van ‘n nuwe vredebouprogram, want dit impliseer ‘n bepaalde wilsbesluit onder alle deelnemers, om vrywillig en met toewyding aan die ontwikkeling van só ‘n waardesisteem deel te neem, op die basis van vertroue (*Fukuyama, 1995*) en gelykheid. Praktiese voorbeelde wat *Anstey (1991:46-50)* aangevul deur *Pounds (1972:14)* in die verband meld, word in **tabel 8** aangetoon.

Tabel 8: Konflikversagters: Sentripetale kragte

| | | |
|---|---|---|
| 1. Gemeenskaplike erkenning van legitimiteitsbasisse. | 2. Interne rolspeler kohesie. | 3. Gemeenskaplik aanvaarbare forums, prosedures, standdaarde en derde party instellings/rolspelers. |
| 4. Gedeelde konflikbeperkende norme en waardes (bv “all parties share the need to contain the conflict and transform their structures to address the need for the management of diversity and differences to an inclusive level of satisfaction and legitimacy”). | 5. Geen ernstige griewe of bedreigings. | 6. Kruissnydende groepslidmaatskap wat “ons-hulle” persepsies verminder. |
| 7. Die teenwoordigheid van ‘n magsbalans wat intergroepsverhoudinge stabiliseer. (Omdat die rolspelers mekaar nodig het, het hul geen ander keuse as om hul verskille en probleme gesamentlik op te los nie.) | 8. Die teenwoordigheid van kruissnydende legitieme sentripetale kragte met ‘n inklusief ondersteunende bestaansrede/ <i>raison d’être</i> | |

In dié lig van 'n ondersoek na die struktuur van konflik in Zimbabwe is dit belangrik om ondersoek te doen na die aard en teenwoordigheid van bepaalde indikatore van sentrifugalisme (konflikversterking/eskalasie) en sentripetalisme (sosiale stabiliteit), asook na die moontlike teenwoordigheid van konflikregulerende meganismes en ander soortgelyke instrumente waaronder die moontlike bestaan van 'n legitieme en oorwegend konsensusgedrewe bestaansrede (soos deur Pounds verduidelik).

Dit gaan hier oor faktore en kragte wat die intensiteit en destruktiewe impak van die konflikstruktuur soos deur Mitchell verduidelik word, kan transformeer. Belangrik is egter om daarop te wys dat die studie sal poog om ondersoek te doen na die mate waarin die benadering van Anstey met sy klem op konflikeskalasie en de-eskalasie, asook dié van Pounds en Hartshorne met hulle beklemtoning van 'n ooreenstemmende bestaansrede te midde van potensieel verdelende diversiteite, integrerend inwerk met die werk van Galtung en Mitchell se teorie oor die struktuur van konflik.

Op dié wyse sal gepoog word om die grondoorsake van konflik te identifiseer. Dit sou as raamwerk dien vir 'n analise van die post-1980-periode en om veral die metingsinstrumente vir konfliktransformasie vas te stel ter bereiking van die vestiging van 'n kultuur van vrede ooreenkomstig die vredebou-beginsels.

4.3 Konflikdefinisie en die formulering van gesamentlike visie en versoeningsdoelstellings: 'n soeke na 'n inklusiewe *raison d'être* met akkommodering van diepliggende diversiteite

Burton (1987:59) stel voor dat die prosedure in 'n konflikresolusieproses 'n stap-vir-stap benadering moet volg vanaf die aanvanklike konflikpersepsies, deur 'n analise en evaluering van die werklike konfliksituasie, met die doel om 'n ooreenkoms tussen die strydende partye oor die ware konflikdefinisie te bereik.

Roger Fisher en William Ury (1981: 68-69) stem hiermee saam in hul voorstelling van die gebruik van die sirkelkaarttegniek vir die oplos van konflikte tussen partye. **Fisher en Ury (1981: 68-69)** beklemtoon ook die noodsaak om die analise van die probleem te skei van die soeke na oplossings. Weens hierdie argument, is dit volgens hulle, van die uiterste belang dat dit op 'n duidelike definisie van die konflik moet uitloop.

Anstey (1991:174-175) stem hiermee saam en stel 'n aantal kriteria vir die definiëring van 'n konflikdefinisie:

1. Die probleem moet sodanig gedefinieer word dat dit aanvaarbaar vir alle betrokke partye sal wees. Dit gaan hier om 'n inklusiewe definisie van die probleem wat moet lei tot 'n amptelike ondertekende ooreenkoms.
2. Die probleemstelling moet so duidelik en eenvoudig as moontlik geformuleer moet word. In die proses moet sekondêre van primêre konflikte onderskei word.
3. Die probleem moet as 'n transformasie doel of visie geformuleer word.
4. Die probleem moet in sy formuleringkonteks, gedepersonifiseer moet word. As motivering hiervoor wys Anstey daarop dat evaluerende of vyandige gesindheids-

gerigte formuleringe die openheid van die proses inhibeer en emosionele reaksies ontlok wat gewoonlik in die weg van 'n oplossing staan.

5. Die probleemdefinisie moet van die soeke na oplossings geskei moet word. Dit verseker dat voorlopige of te vroeë verbintenisse aan posisies of enkelvoudige oplossings wat kreatiewe denke inhibeer, verhinder word.
6. Die gedefinieerde probleem moet in die formaat van transformasie-doelstellings, as kriteria vir die analisering van dié latere gelyste moontlike alternatiewe oplossings gebruik kan word. Anstey beklemtoon die noodsaak hiervan as hy wys op die belangrikheid van só 'n neutrale proses as moontlik ten einde 'n idees-kompetisie of -oorlog en 'n daaropvolgende oplossingsevaluasie-oorlog te verhinder.

Burton and Dukes (1990(c): 143) som hierdie fase op deur daarop te wys dat die doel van die konflikdefinisie is om deur die analises gedoen, (die inligting bekom oor die konflikbronne, gesindhede, gedrag, eskalاسie en de-eskalاسie faktore), 'n definisie van die onderhandelbare konflikterende belange te maak.

'n Definisie van die nie-onderhandelbare materiële en ontologiese mense behoeftes moet geformuleer word om daaropvolgens 'n formele ooreengekome konflikdefinisie tussen alle deelnemers rolspelers te bereik. Die geskrewe en ondertekende ooreenkoms, rakende die konflikdefinisie, moet ook 'n analise van die risiko's en implikasies van 'n voortgang en voortsetting van die bestaande konfliktsituاسie, bevat.

Dit sluit aan by **Zartman (2003:19-20)** se idees oor die skepping van 'n gunstige klimaat vir 'n onderhandelde oplossing. **Burton (1987: 57-64)** argumenteer in dié verband dat die fase 'n gefasiliteerde proses moet wees, waar gebruik gemaak word van 'n paneel van neutrale en kundige fasiliteerders. Tabel 26 (p302) is 'n risiko-analise model soos afgelei en ontwikkel vanuit die werke van Galtung, Mitchell, Burton, Fisher, Anstey, Lederach en David Easton. Laasgenoemde (**Easton, 1965: 30**) het in die sestigerjare van die vorige eeu, belangwekkende navorsing gedoen oor die geïntegreerdheid van politieke stelsels met ander lewensektore en gevolglik 'n sistemiese benadering aanbeveel, aangesien dit holistiese en geïntegreerde besluitnemingsprosesse moontlik maak.

John Paul Lederach (1997:25-35) vul by hierdie gedagtes aan as hy wys op die noodsaak dat die definisie van konflik binne die konteks van 'n geïntegreerde versoenings- en vredebouproses of –kontrak, bestuur en aangebied moet word. Lederach beklemtoon die noodsaak van 'n versoeningsproses as 'n inherente deel van konflikresolusie en vredebou, vanuit sy analise van talle internasionale konflikte. Hy motiveer dit as volg:

“Contemporary conflicts necessitate peacebuilding approaches that respond to the real nature of those conflicts..... traditional mechanisms relying solely on statist diplomacy and realpolitik, have not demonstrated a capacity to control these conflicts,..... Contemporary conflict thus demands innovation, the development of ideas and practices that go beyond the negotiation of substantive interest and issues.... an important meeting point between realism and innovation is the idea of reconciliation” (Lederach, 1997:25).

Lederach borduur daarna voort deur 'n konseptuele uitklaring van versoening aan te bied. In die verband wys hy daarop dat dit in die eerste instansie fokus op die verhoudingsaspekte van 'n konflik. Lederach motiveer sy argument deur daarop te wys dat verhoudings dikwels die kernoorsaak is vir 'n groei in konflik en daarom ook krities vir die langertermyn oplossing daarvan is. Hy argumenteer dat: *“Reconciliation is not pursued by seeking innovative ways to disengage or minimize the conflicting groups affiliations, but instead is built on mechanisms that engaged the sides of a conflict with each other as “human-in-relationship” (Lederach, 1997:26).*

Lederach glo verder dat versoening 'n verbintenis is van die konflikterende partye in 'n ontmoeting van nie slegs die politieke rolspelers nie, maar ook van die verskillende interverwante strominge van aktiwiteite:

“Reconciliation-as-encounter suggests that space for the acknowledging of the past and envisioning of the future, is the necessary ingredient for reframing the present. For this to happen, people must find ways to encounter themselves and their enemies, their hopes and their fears” (Lederach, 1997:26-27).

Lederach (1997:29) identifiseer vier sentrale komponente in die proses van versoeningsimplementering. Sien in die verband Tabel 1 (p22) as 'n illustrasie van sodanige proses.

Die **eerste beginsel en fase** in 'n versoeningsproses is 'n fokus op die identifisering en definiëring van wat die *‘waarheid’* in die konfliktsituasie was. Dit fokus op 'n amptelike erkenning van die inklusiewe misdade gepleeg deur alle betrokkenes. Dit dui ook op 'n amptelike bekragtiging en geldigverklaring van die inklusiewe pynvolle verliese en ondervindings in die geleedere van alle betrokkenes in die konflik.

Die **tweede fase** in 'n versoeningsproses gaan oor die amptelike inklusiewe aanbod van *‘genade/vergiffenis’* {“*Mercy*”} aan alle deelnemende rolspelers. Hier is die fokus inklusiewe aanvaarding van mekaar deur die konflikterende partye, vergiffenis, laatvaarding van die historiese griewe en haatdraendheid, en die skep van 'n gesamentlike nuwe begin.

Die **derde fase** handel oor die vestiging en soeke na 'n nuwe en herstelde *‘geregtigheid’*. Hier is die fokus 'n soeke na individuele, groeps- en gemeenskapsregte, sosiale rekonstruksie en restitusie. Die fokus is nie vergelding nie, maar 'n nuwe, oor begin in diepe verbondenheid aan die vierde beginsel, die van **fase van vrede**. Hier is die fokus die behoefte aan inklusiewe interafhanklikheid, inklusiewe welsyn en inklusiewe sekuriteit.

Fisher en Ury (1981:70) verwys in hul sirkelkaart-proses daarop dat die konflikdefinisie geherformuleer moet word as 'n visie vir transformasie en probleem-oplossing. Dit sluit met ander woorde nou aan by Lederach se geregtigheidsfase. *Burton (1987:65-66)* se gedagtes sluit ook by Lederach se geregtigheidsfase aan as hy daarop wys dat die konflikdefinisie opgevolg moet word met die formulering van probleem-oplossende doelwitte en gepaardgaande waardesisteme. Dit is 'n aspek wat Lederach as die grondslag vir die vestiging

van 'n nuwe geregtigheid sou beskou. **Burton (1987:65-66)** argumenteer dat waardes die toets van wederkerigheid en regverdigheid moet deurstaan ten einde universele aanvaarbaarheid te verseker.

Regverdigheid sou gevolglik impliseer dat die waardes onafhanklik van die wil of manipulasie van al die deelnemende partye moet wees en dat dit legitiem en prakties moet wees. **Tony Manning (1991:203)** sluit hierby aan as hy daarop wys dat waardes 'n duidelik geformuleerde kode vir optrede verskaf. Volgens hom beantwoord waardes die belangrike vraag: “**what counts around here.**” Waardes verskaf 'n riglyn oor die dinge wat regtig belangrik is, primêre aandag moet verdien en 'n bepaalde kode vir gesindheid en optrede moet verskaf. Gemeenskaplik ooreengekome waardes sou as een van die sterkste samebindende kragte (sentripetale kragte) beskou kan word. Die afwesigheid daarvan, aan die ander kant, is een van die sterkste bronne van verdeling of sentrifigalisme. Dit sluit ten nouste aan by Lederach se fokus op die verhoudingselement in versoening, gegewe die rol van menslike groepsdinamika tydens konfliktsituasies en die daaropvolgende versoeningsprosesse.

Burton (1987:66) beveel die toepassing van ideë-berade as metodiek vir die ontwikkeling van visie en versoeningsdoelstellings aan. **Fisher en William Ury (1987:59-71)** ondersteun ook die gedagte van ideë-berade en beskou dit as 'n noodsaaklike tegniek, aangesien dit onder meer partye behulpsaam is om wyer as hul bestaande geykte beskouings te dink, sonder dat hul mandate van hul opdraggewers gekompromiteer word. Die idee is, volgens hulle, om sonder enige wedersydse kritiek, so wyd as moontlik te dink, sonder enige aanvanklike verbintenis, oor die mees aanvaarbare wyse om die probleem op te los. Die rol van 'n neutrale fasiliteerder word in dié verband as 'n noodsaaklikheid bepleit. **Burton (1987:37-38)** beklemtoon ook die betrokkenheid van rolspelers wat nie noodwendig deel van die sentrale besluitnemende prosesse is nie, maar wat invloedryk genoeg is om 'n klimaat vir probleem-oplossing te skep. **Lederach (1997:39)** ondersteun dit in sy uiteensetting van multi-dissiplinêre en multi-vlakkige rolspelers in 'n geïntegreerde vredebouprogram.

Na aanleiding van die ideë-berade, wat nie besluitnemend van aard is nie, beveel **Fisher en Ury (1981:58-83)** 'n fase van evaluasie en besluitneming aan. In die proses wys hulle daarop dat besluitneming direk geraak word deur die invloed en uitwerking van die bepaalde opsie onder oorweging op die unieke behoeftes, begeertes/belange, prioriteite, waardes, geloofsoortuigings, beperkinge, beskikbare objektiewe kriteria, onderlinge en eiesoortige visies, die oorweging van voordele teenoor nadele en die mate van sinergie en samewerking wat geskep is tussen die konflikterende partye. Een meganisme wat die fasiliteerder in só 'n proses kan gebruik is die Currently Perceived Choice tabel, soos uiteengesit in tabel 27 (sien p303).

Lederach (1997:29) som sy siening op deur daarop te wys dat dit oor die skepping van 'n sosiale ruimte gaan waar waarheid en vergiffenis geldig verklaar en saamgevoeg word, eerder as dat 'n ontmoeting tot stand kom waar een party 'n ander moet oortuig of oorwin of 'n situasie wat in fragmentasie en geskeidenheid onttaard. In sy motivering van die relevansie van só 'n versoeningsfase en proses vir internasionale konflikte verduidelik hy soos volg:

“These elements lie at the heart of the challenge facing us in contemporary conflict. Although enormous pain and deep-rooted animosity accompany any war, the nature of contemporary settings of armed conflict – where neighbour fears neighbour and sometimes family member, and where each sheds blood – makes the emotive, perceptual, social-psychological, and spiritual dimensions core, not peripheral, concerns. Immediacy of hatred and prejudice, of racism and xenophobia, as primary factors and motivators of the conflict means that its transformation must be rooted in social-psychological and spiritual dimensions that traditionally have been seen as either irrelevant or outside the competency of international diplomacy. Reconciliation, seen as a process of encounter and as a social space, points us in that direction.” (Lederach, 1997:29)

Lederach plaas waarskynlik ‘n meer prominente fokus op gesindhede en verhoudinge as wat in die model van Galtung en later ook Mitchell na vore kom. Vir Lederach staan verhoudinge, en daarom gesindhede, sentraal tot konflik-eskalasie en tot die mislukking van volhoubare vredesprosesse in baie internasionale konflikte. Dit gaan vir hom oor die gedagte en waarneming dat die aard en prosesse verbonde aan natuurlike groepsdinamika, nie in konflikteskalasie en ook nie in vredebouprosesse ignoreer kan word nie (***Lederach, 1997:30***). Vandaar sy klem op versoening met die fokus op verhoudinge.

Ramsbotham, Woodhouse en Hugh Miall (2005:231) stem in ‘n groot mate met die gedagtes van Lederach oor die noodsaaklike rol van versoening in ‘n konflik-resolusieproses saam. Hulle definieer versoening as die proses om gebroke verhoudinge te herstel en om op ‘n nie-gewelddadige wyse op te tree midde in omstandighede van radikale verskille. Volgens hierdie interpretasie is versoening die uiteindelijke doel van konflikresolusie, aangesien dit in die langtermyn volhoubare transformasie van verhoudinge moontlik maak. Versoening is dus die hart van diepliggende vredemaak en vredebou.

Ramsbotham, Woodhouse en Miall beklemtoon egter dat versoening ‘n langtermynproses impliseer en uiters gekompliseerd is, gegewe die geneigdheid van persone in konflik om daarvan weg te skram en dit eerder te vervang met ‘n “vergewe en vergeet” of ‘n vergeldingsbenadering. Hierdie reaksie is dikwels te wyte aan die trauma waardeur slagoffers van diepgewortelde gewelddadige konflik gaan. Weens die impak van trauma, beklemtoon hulle die noodsaak van ‘n proses van psigologiese transformasie samelopend met die verhoudingsgerigtheid van versoening:

“Before reaching the point where it is possible to climb down the escalation ladder, it is necessary for individuals and groups to recover from trauma, and for the time-bomb of remembered injustice to be defused. In other words, we have to deal with the past in order to clear the ground in the present for the building of a shared future..... the important point from the perspective of conflict resolution and reconciliation is,that psychological transformation has to accompany the relational tasks of reconciliation if the deeper processes of conflict resolution are to be achieved...these are evidently culturally sensitive and long-term undertakings,....” (Ramsbotham, Woodhouse and Hugh Miall, 2005:234).

4.4 Implementeringsbeplanning; transformasie en konflikvoorkoming

Ramsbotham, Woodhouse and Hugh Miall (2005:236) argumenteer dat die weg vanaf negatiewe vrede (die instandhouding van orde en die staking van direkte geweld) na positiewe vrede, gebou op versoening en psigo-sosiale heling, deur die vereistes van geregtigheid, loop. Hulle beskou geregtigheid as multi-dimensioneel, as 'n bouer van langtermyn-versoening deur middel van 'n kombinasie van prosesse waaronder waarheids- en versoeningskommissies, herstellende geregtigheid en rehabilitasie-maatreëls. In hierdie verband wys hulle daarop dat die aard van die regs kapasiteit, asook die aard van die sosiale verdelingspatrone in die land beslissend is. As vereiste vir ware versoening verklaar hulle dat die voormalige vyande 'n voldoende ooreenkoms rakende die legitimitetsbasis van die na-oorlogse regstaat moet bereik, asook oor die meganismes en prosesse van versoening, soos byvoorbeeld, waarheidskommissies en prosesse en prosedures van herstellende geregtigheid.

Lederach (1997:81) wys daarop dat die ontwerp van sosiale verandering, (die implementering van die versoeningstrategie en die aanspreek van die dieperliggende konflikstruktuur) 'n geïntegreerde en dus ook 'n inklusief deelnemende proses of fase van transformasie vereis, wat op multi-vlakkige basis beslag moet kry. Tabel 1 (p22) toon aan dat die transformasiefase voortbou op die fase waartydens die gesamentlike visie en versoeningsdoelstellings geformuleer is. In die proses word gefokus op die ontwikkeling van praktiese aksiestappe wat die oorgangsproses vanaf krisis tot inklusiewe visie-implementering fasiliteer. Lederach beklemtoon die multi-vlakkige aard van die proses as van deurslaggewende belang in die fase veral t.o.v. sekere belangrike vereistes vir sukses.

Dit gaan hier oor die ontwikkeling van 'n vermoë om in terme van die ontwerp van sosiale verandering, nie slegs in korttermyn verband te dink nie, maar ook in terme van dekade-lange tydseenhede. Dit verbind volgens hom die vereistes van krisisbestuur met langertermyn (medium en langtermyn) georiënteerde tydsraamwerke. Krisisbestuur moet hiervolgens nie slegs gesien word as die skepping van 'n veilige en betroubare raamwerk vir die tafelgesprek (onderhandelingskikking) en die daaropvolgende verkiesings nie, maar moet 'n geïntegreerde fase vorm van die langertermyn mikpunte van versoeningsimplementering en konfliktransformasie.

Op só 'n wyse word 'n diepliggende gees van konfliktransformasie en versoening op alle samelewingsvlakke geskep. 'n Benadering wat nie slegs enkeldimensioneel op die historiese en onmiddellike destruktiewe multi-vlakkige konflikgedragskontekste fokus nie, maar ook op die transformasie van die samelopende konflikgesindheidselemente wat in sulke prosesse heel dikwels die kritiese norm vir sukses of mislukking is (*Lederach, 1997:81*).

Op hierdie wyse word *Jarstad en Sisk (2008:31)* se waarskuwing van die heersende gees en uitdagings tydens die vroeë fases van konfliktransformasie aangespreek, waar hulle daarop wys dat die tydsgleuf waarbinne demokratisering in oorgangsamelewings plaasvind, dikwels bots met die vereistes van vredebou, omdat die heersende gees (gesindheidskonteks) pas na afloop van gewelddadige intra-staat konflik, nog vasgevang is in die erflatings van die gewelddadige

konflik. Wapens is op daardie stadium nog vry algemeen in omloop en ook in gebruik, selfs nadat vredesooreenkomste gesluit is.

Hulle wys daarop dat weens die psigologiese trauma van geweld en vrees vir hernude geweld, massa mobilisasie, binne die konteks van ekstremistiese raamwerke, geneig is om steeds voort te duur. Politieke ideologieë is ook in sulke tye gefokus op groeps-eksklusiewe belange eerder as op universeel samelewingsbelange. Dreigemente, geweld en intimidasie bemoeilik nie slegs in sulke omstandighede vrye en regverdigte verkiesingskompetisie nie, maar ook die implementering van diepliggende versoening, verbandhoudende konfliktransformasie en die ontwikkeling van 'n multi-vlakkige en geïntegreerde gees (gesindheid) van versoenende vredebou wat as slagaar vir 'n volhoubare vredeskultuur noodsaaklik is.

Lederach (1997:81) stem hiermee saam as hy daarop wys dat 'n tweede kernvereiste vir sukses in hierdie fase, die ontwikkeling van diepliggende begrip en insig oor die interverwantheid van die onmiddellike krisistvraagstukke met die sistemiese worteloorsake van die konflik, noodsaaklik is. Dit is veral belangrik, aangesien hierdie vraagstukke 'n verbandhoudende ankerende impak op multi-vlakkige verhoudinge en die bestaande funksionerende sub sisteme uitoefen. Weereens word die integrasie van gedragpatrone, gesindhede en persepsies van belangebotsings deur hierdie argument beklemtoon.

'n Verdere kernvereiste volgens **Lederach (1997:81)** is die integrerende potensiaal wat middelvlak-leierskap kan speel, aangesien hulle vanweë hul posisionering binne in geaffekteerde bevolkings, in staat kan wees om verhoudinge te bou en 'n belangrike rigtinggewende rol kan speel in die ontwerp van sosiale verandering op sub sistemiese vlak. Op hierdie wyse sou hierdie leierskap 'n belangrike horisontale en vertikale verbindingsrol tussen die eerste, tweede en derde vlakke kan vervul. Dit is juis 'n noodsaaklike vereiste vir 'n deurlopende integrasionistiese proses van konfliktransformasie, vredebou en versoening op alle vlakke van die samelewing.

Lederach (1997:82) beklemtoon dat dit veral belangrik is om te besef dat die konfliktransformasiefase oor veel meer as slegs die resolu sie van konfliktaangeleenthede *per sé*, handel. Volgens hom vereis suksesvolle transformasie 'n geïntegreerde fokus op veral vier dimensies, naamlik, persoonlik, verhoudingsgerig, struktureel en kultureel. Hy verduidelik dat die **persoonlike dimensie** (die persoon as burger en kieser) 'n baie sterk psigologiese en gesindhedsfokus het waartydens die veranderings in die konfliktransformasie-proses veral emosionele, persepsiële en ook spirituele transformasie op die individu in trauma moet uitoefen (**Lederach,1997:82**).

Die **verhoudingsdimensie** fokus volgens hom op die impak van die konflik op patrone en benaderings van kommunikasie en interaksie. Dit is hier minder gerig op die sigbare konfliktaangeleenthede as wat dit fokus op die onderliggende veranderings wat deur die konflik geproduseer is ten opsigte van hoe mense (burgers) hulle self en hul mede-burgers beskou – op inter-etniese vlak, asook hoe die konflik deur die landsburgers beskou en evalueer word. Dit fokus ook op die landsburgers en gemeenskappe se bepaalde beskouings van hul toekomstige

verhoudinge (*Lederach, 1997:82*). Die transformasie fokus moet ook in terme van die verhoudingsdimensie op die minimalisering van swak funksionerende kommunikasie en die maksimalisering van wedersydse begrip fokus (*Lederach, 1997:83*).

Sy gedagtes van Lederach stem in 'n groot mate ooreen met dié van *Roger Fisher and Scott Brown (1989:44-193)* waar laasgenoemde die belangrike rol van verhoudinge tussen konflikterende partye beklemtoon. *Roger Fisher and Scott Brown (1981:10)* beklemtoon dat daar in elke konfliktsituasie veral twee belangrike prioriteite is wat aangespreek behoort te word: die substansiële bronne van konflik ("conflict situation") asook die proses hoe die konfliktsituasie aangespreek word. In dié verband beklemtoon hulle dat 'n oordrewe fokus op die tegniese aanspreek van die situasie en 'n onderbeklemtoning van die verhoudingsaspek, heel dikwels tot konflik-eskalasie aanleiding gee. Hulle beveel aan dat daar veral aan die patroon van interaksie en hoe dit verbeter kan word, aandag gegee moet word. Vir hulle is die maatstaf vir vrede en versoening die vestiging van 'n werkspatroon ('n kultuur) gegrond op "*an ability to deal well with differences.*" In die proses beklemtoon Fisher veral sewe belangrike beginsels vir die vestiging van verhoudings om effektief en doeltreffend met verskille om te gaan:

1. Balansering van emosie met rede;
2. Begripsontwikkeling;
3. Inter-aktiewe kommunikasie;
4. Betroubaarheid;
5. Oorreding eerder as dwang;
6. Aanvaarding;
7. Gesonde werksverhoudinge en die praktiese implementeerbaarheid daarvan (*Fisher and Scott Brown, 1989:3, 10-12; 16*).

Tydens die transformasie fase fokus die *strukturele dimensie*, soos hierbo deur Lederach uitgewys, op die onderliggende oorsake van die konflik, asook op die patrone en veranderings wat dit in die sosiale struktuur, asook in die institusionele patrone van besluitneming, te weeg bring (*Lederach, 1997:83*). Fisher stem ook hiermee saam en verwys daarna as die substantiewe konflik-aangeleenthede. *John Burton (1987:3;5)* beklemtoon ook die transformasie van die onderliggende bronne van konflik as 'n kritiese vereiste van die transformasie, of in sy taal, die implementering van probleem-oplossende konflikresolusie:

"...deep-rooted conflict.... at all social levels, ...social relationships....problems of poverty and plenty....inequality of opportunity.... frustration and lack of participation and identity.... as a consequence, have high levels of alienation, leading to conflict situations of many kinds that affect the whole of a society..... violence in the street, drug addiction, terrorism and domestic abuse are symptoms of serious problems within institutions and political structures which need to be solved. Ignoring or suppressing these behaviours is an unsatisfactory alternative to dealing with them by resolving the underlying problems of which they are a symptom."

Die vraag is in welke mate hierdie onderliggende probleme deur middel van probleem-oplossende en geïntegreerde konfliktransformasie, versoening en vredebouprogramme in Zimbabwe, op 'n multi-vlakkige wyse aangespreek, of slegs onderdruk en geïgnoreer is? Is dit dalk een van die redes vir die groeiende konflik wat tydens die eerste dekade van die 21 ste eeu in Zimbabwe beleef is?

Lederach (1997:83) som die dimensie en fokus van die transformasie-proses op, deur daarop te wys dat implementering op aangeleenthede soos basiese menslike behoeftes, toegang tot bronne en institusionele patrone van besluitneming, moet fokus. Dit moet gerig wees op intervensie ten einde insig in die onderliggende bronne van konflik te bring asook in die sosiale omstandighede wat aanleiding gee tot die bevordering van gewelddadige konflikpatrone, die bevordering en ontwikkeling van nie-gewelddadige konflik-transformasie meganismes wat inter- en intra-groepsantagonisme en vyandigheid verminder, die minimalisering en uiteindelik die vernietiging van geweld en die vestiging van strukture wat die nood rondom basiese menslike behoeftes (substantiewe geregtigheid) bevredig asook die maksimalisering van bevolkingsdeelname aan besluitnemende prosesse wat hulle raak (prosedurele geregtigheid).

Die kulturele dimensie van konfliktransformasie verwys volgens Lederach, na die veranderinge wat die konflik meebring in die kulturele patrone van 'n groep, asook na die mate waarin kultuur die ontwikkeling en hantering van konflik beïnvloed.

“...transformation seeks to understand the cultural patterns that contribute to the rise of violent expressions of conflict, and to identify, promote, and build on the resources and mechanisms within a cultural setting for constructively responding to and handling conflict (Lederach, 1997:83).

Hoofstuk 2 van die studie sal veral kyk na die historiese lesse wat geleer kan word. Dit sal ondersoek instel na hoe konflikte in Zimbabwe, nie slegs op inter-etniese vlak hanteer is nie, maar ook op intra-etniese vlak en die impak daarvan op die eskalاسie en de-eskalاسie konflikpatrone (sentrifugale en sentripetale kragte). Lederach beklemtoon in die finale instansie dat die proses van konfliktransformasie direk verband hou met die versoeningstema en ingestel is om die aard van verhoudinge, op elke vlak van menslike interaksie en ondervinding, te transformeer binne 'n samelewing gekenmerk deur historiese en resente diepliggende konflik (**Lederach, 1997:84**).

Hy sluit af deur die noodsaaklike rol van effektiewe koördinerings van vredebou in die implementeringsfase te beklemtoon. In dié verband beveel hy die volgende meganismes aan:

1. **Die ontwikkeling van 'n vredesinventaris** wat 'n duidelike aanduiding gee van watter rolspelers betrokke is, op watter vlakke, in watter hoedanigheid en wat hul fokus-areas is. Só 'n inventaris kan 'n belangrike rol speel in die integrasie van die program op eerste, tweede en derde vlakke van die gemeenskap en regering.
2. **Duidelike kommunikasiekanale tussen die top, middel en plaaslike vlakke** - 'n aangeleentheid wat dikwels in oorgangprosesse ontbreek. Dit kan volgens hom

ook 'n multi-vlakkige proses van gekoördineerde kommunikasie verseker. Hoofstuk 3 en 4 sal in die verband ondersoek instel na die mate waar daar wel sodanige meganismes in Zimbabwe was, veral ten opsigte van vredebou en die bou van versoening, ook in die aanspreek van die onderliggende bronne van konflik. Lederach beveel in dié verband die skepping van 'n multi-vlakkige koördineringskomitee aan.

3. **Die inisiëring van vredes-donateurskonferensies.** Volgens hom is die gedagte voortspruitend vanuit die werksaamhede van die Verenigde Nasies en fokus dit veral op spesifieke krisissituasies. Tydens sulke geleenthede word onder meer, spesifiek geteikende VN-agentskappe, NGO-gemeenskap (Nie-regeringsorganisasies) en verteenwoordigers van die bepaalde gemeenskappe byeengebring om saam te besin oor praktiese implementeringsbenaderings, projekbehoefte, die institusionalisering van konflikvoorkomende opsies en meganismes, asook koördinasie-pogings.
4. **Die skepping van strategiese hulpbrongroepe** ter ondersteuning van implementeringsprogramme en aksies. Die doel is die daarstelling van kundigheid, bestuur, ondersteuning, en ander sosio-ekonomiese hulpbronne (finansies, infrastruktuur, opleiding, ens.) vir program-implementering. Sodanige hulpbron-basis is ook saamgestel vanuit 'n integrasie van plaaslike en internasionale bronnebasisse en funksioneer op 'n gekoördineerde wyse op multi-vlakkige basis.
5. **Die skepping van 'n verbindingskanaal tussen interne en eksterne vredemakers.** Die doel hiervan is: *".....to better coordinate the work of internal peacemakers, their resources and initiatives, with the efforts of external peacemakers"* (Lederach, 1997:99-102).

5. Beoordeling

In die aanvang van hierdie hoofstuk is die doel gedefinieer as die verskaffing van 'n teoretiese grondslag vir die res van die studie. In dié opsig moes die vraag rakende die vereistes vir volhoubare vrede, ooreenkomstig die konflikresolusie- en vredeouteorie, ondersoek word. Vanuit die ontledings gedoen na die aard van die konflikresolusie- en vredeouteorie kan die onderstaande vereistes vir volhoubare vrede soos dit deur die analise van die werke van Galtung, Mitchell, Burton, Lederach, Fisher & Ury en Anstey en andere, na vore gekom het, gelys word.

- 5.1. Die skepping van 'n samebindende, algemene konsensus oor die *raison d'être* van die staat, ten spyte en desondanks, die voorkoms van diepliggende verskille en diversiteite in die staat;
- 5.2. Konflikrisiko-analise ten einde die sentrifugale en sentripetale (eskalasie en de-eskalasie) aanwysers en implikasies te identifiseer en te verreken en om die onderskeie rolspelers se "security points" en gesindheidskeerpunte ("points of seriousness") te help fasiliteer;
- 5.3. Die transformasie van die onderliggende konflikstruktuur (sentrifugale kragte) in 'n gemeenskap. Hiermee saam die transformasie van:

- 5.3.1.** Die persepsies van belange en doelonversoenbaarheid met die gepaardgaande konflikbronne, ingeslote die transformasie van armoede vanuit die perspektief van persepsies van relatiewe ontneming en ernstige vlakke van sosio-ekonomiese dualisme/ongelykhede,
- 5.3.2.** Konflikterende gesindhede en
- 5.3.3.** Konflikterende gedragspatrone;
- 5.4.** Die verskansing en bevrediging van die nie-onderhandelbare ontologiese en fisiese menslike behoeftes (sentripetale kragte, indien korrek aangewend en bestuur) van alle deelnemers en hul verteenwoordigende steun en balange-basis as metingsinstrument/uitkoms van enige konflikresolusie en vredebou program;
- 5.5.** Die heropbou van verhoudinge wat weens menslike behoefte-ontkennings tot gewelddadige konflik gelei het. Weens hierdie rede is versoening 'n kern-fokuspunt van vredebou;
- 5.6.** Die skepping van die regte omstandighede en klimaat wat samewerkende verhoudinge op 'n langtermyn basis sal bevorder. Dit gaan hier om 'n intern-gedrewe, gemotiveerde en oortuigde veranderingsproses van gewelddadige strategieë na onderhandelde skikking. Binnelandse eienaarskap moet dus oor die proses geneem word - 'n ontwikkeling van 'n grondige, interne wilskrag vir vrede en probleem-oplossende skikkings. Hiervoor is 'n bepaalde gereedheidsmoment, soos deur Zartman uitgewys, nodig;
- 5.7.** Die ontwikkeling van 'n bepaalde vredeboustrategie van toepassing op alle vlakke van regering met gepaardgaande strukture, prosesse, verhoudinge, bronne en koördinasie as interverwante komponente. Konflikbestuur, -resolusie en al die fasette van vredebou, behoort gevolglik geïntegreer te word as deel van bestuursprosesse op regerings-, ekonomiese-, sosiale- en nie-regering sektorale vlakke;
- 5.8.** Die beëindiging van gewelddadige bedreigings deur die verlening van prioriteitsaandag aan hindernisse soos ontwrigters ("spoilers"), demobilisering van soldate en vegtendes, die reïntegrasie van soldate en vryheidsvegters in die burgerlike samelewing, die verskaffing van burgerlike sekuriteit en die bou van plaaslike vredesvermoëns;
- 5.9.** Die skepping van 'n verbindingskanaal tussen interne en eksterne vredemakers. Die betrek van die internasionale gemeenskap as noodsaaklike konflikresolusie en vredebouvennote en waarborgverskaffers ten einde die risiko's wat met sulke prosesse gepaard gaan, te verminder. Dit sluit ook die ontwikkeling van 'n vredesinventaris in wat 'n duidelike aanduiding gee van rolspelers betrokke, die vlakke van betrokkenheid, die hoedanigheid en die fokusareas;
- 5.10.** Herbepanning en ontwerp van burgerlike veiligheidsisteme;
- 5.11.** 'n Inklusiewe vennootskap tussen die openbare sektor, burgery en internasionale organisasies ten einde die beskikbaarheid van wapens te beperk;

- 5.12.** Die betrokke maak van georganiseerde, burgerlike samelewing by die implementering van vredevestiging en vredebouprosesse op grondvlak, asook by die legitimisering van plaaslike versoening, geregtigheid en menseregte-inisiatiewe;
- 5.13.** Die integrering van die onmiddellike oorgangsbehoefte met langertermyn beplanning en bestuursprosesse van vredebou. In hierdie konteks gesien is die effektiewe bestuur van die menslike oorgangsproses, vanuit 'n kultuur van geweld na 'n grondliggende kultuur en gees van demokrasie, waarskynlik die belangrikste uitdaging van die konflikresolusieproses. Daar het immers in samelewings soos Zimbabwe, 'n kultuur ontwikkel waar verskille deur geweld en intimidasie besleg is en waar diepe mede-menslike wantroues teenoor die wat politiek, ekonomies en kultureel verskil, die operasionele waardesisteem was.

Konflikresolusie, deur middel van versoening en vredebou, vereis as voorwaarde vir sukses, 'n transformasie na 'n nuwe gees van demokrasie, 'n erkenning van die reg om vreedsaam te verskil deur byvoorbeeld, die hou van vrye, regverdige verkiesings, sonder geweld en verskillende vorme van intimidasie. Dit vereis 'n aanvaarding van die uitslag van verkiesings wat ooreenkomstig alle internasionale norme vir verkiesings, die wil van die burgers weerspieël.

In hierdie verband moet die konflikresolusie-plan deeglik oor 'n grondige en korrekte tydsbeplanningsraamwerk vir byvoorbeeld die hou van verkiesings beskik. 'n Tydsbeplanningsraamwerk wat met die opstel daarvan ook op 'n deeglike risiko-analitiese raamwerk gebaseer is (neem in ag die uitdagings verbonde aan die gees van geweld wat moet transformeer na vreedsame beslegting van geskille).

Die sukses van volhoubare vrede, sal gevolglik bepaal word deur die mate waarin daar geslaag is om gesamentlike, deelnemende, inklusiewe langtermyn visies, werkswyses en kapasiteite te vestig vir die ontwerp van sosiale verandering, as 'n spesiale bestuurskode en dissipline vanaf die krisisstabiliseringsfase tot en aanlopend deur, die langertermyn vredebou-fase.

- 5.14.** Die proses moenie oordrewe tegnies van aard wees nie, maar veral in 'n beplannings- en uitvoerende konteks, die 4 noodsaaklike dimensies in die geïntegreerde benadering tot vredebou, insluit (sosio-politieke; sosio-ekonomiese; sosio-psigologiese en die geestelike).
- 5.15.** Die sosio-politieke beplanningsraamwerk moet veral in die aanvangsfase op aangeleenthede soos demobilisering, ontwapening en reïntegrasie fokus. Die sosio-ekonomiese plan behoort aangeleenthede soos finansiële hulp aan terugkerende guerrillas en vlugtelingen; opleiding vir nuwe werksgeleenthede; armoede-transformasie; beleid en strategie, rakende die ontwikkeling en verspreiding van bronne ten einde die vredebou program/inisiatief te ondersteun, in te sluit. Die sosio-psigologiese dimensie van die plan behoort veral te fokus op transformasie en versoening. Dit sluit veral ook emosionele transformasie; trauma-resolering; identiteitsontwikkeling; selfbeeldontwikke-

ling asook woede-, gekrenktheid- en verliesresolering, in. Die geestelike komponent van die plan behoort primêr te fokus op die mikpunt van versoening met as uitkomst: genesing, 'n soeke na die waarheid en 'n erkenning van die waarheid; die vra van vergiffenis, die gee van vergiffenis en die ontwikkeling van 'n nuwe geregtigheds- en verhoudingsbasis.

- 5.16.** Die institusionalisering van interaktiewe- en gekoördineerde-kommunikasie kanale en werksproesse as nie-onderhandelbare meganisme.
- 5.17.** 'n Geïntegreerde fase benadering tot konflikresolusie en vredebou implementering. Die fase-benadering behoort aan die volgende elemente aandag te skenk: voorbereiding, beplanning en loodsing van toetreding-prosesse (talks-about-talks), vrede-instandhouding en die stabilisering van die krisis ten einde 'n veilige ruimte vir probleem-oplossende onderhandeling te skep; interaktiewe konflik-analise (analiseer die konflikstruktuur); analisering van die eskalasië en de-eskalasië faktore; 'n analise van die konflikrisiko's indien die probleem vermy sou word; 'n konflikdefinisie ooreenkoms, en die loodsing van inklusiewe skulderkenning en vergiffenisproesse; definiëring van 'n versoeningsvisie en -doelstellings as raamwerk vir 'n nuwe maatstaf vir geregtigheid in die post-konflikstaat (*raison d'être* van die post-konflik staat); terugvoer aan steunbasisse en belangegroep; oplossingsontginning ter bereiking van ooreenkoms rakende die implementering van die nuwe geregtigheid; formele aksiebesluitneming; implementeringsbeplanning ingeslote die beplanning van noodsaaklike bronne en finansiële infrastruktuur; tydskaalbeplanning asook die ontwikkeling van konflikmonitering-, -voorkomende en -resolerende meganismes, as deel van die implementeringsprogram. Die skepping van strategiese hulpbrongroep kan 'n belangrike rol speel in die vestiging van 'n volhoubaarheidsbasis in terme van hulpbron-beplanning en uitvoering;
- 5.18.** Ten slotte, vereis dit 'n organiese, humanistiese en interaktiewe stelsel benadering met sterk vredebou-infrastruktuur op nasionale, streeks- en plaaslike vlakke, as voorvereistes vir sukses. 'n Proses waarvan die eienaarskap nie eksklusief in die hande van politici en amptenare en gesentraliseerde prosesse berus nie, maar versprei word oor die breë spektrum van die bevolking en hulle verteenwoordigende belangebasisse.

Aan die hand hiervan kan 'n kontrolelys van proses- en beplanningsriglyne opgestel word vir toepassing in konfliktransformasie-omstandighede. Hierdie benadering sal ook getoets word in die res van die studie en herevalueer word in die slothoofstuk. Teen hierdie agtergrond fokus hoofstuk 2 op die historiese konteks en sal analities ondersoek ingestel word na die mate waarin daar prosesmatig en konflikksensitief met die grondoorsake van die mensekonflik omgegaan is.

Tabel 9: Konflikresolusie en vredebou proses- en beplanningsriglyne

Kontrolelys van proses en beplanningsriglyne

Voorbereiding:

Vredestabilisering en instandhouding

1. Omlyn en diagnoseer die onmiddellike destruktiewe en ontwrigtende krisis-situasie.
2. Analisering van die stappe en/of oorgangsmatreëls wat benodig word om die krisis te stabiliseer en te bestuur. Die doel daarvan is om 'n 'n geïntegreerde, veelvlakkige en inklusiewe konflikresolusie en vredebouproses te beplan en uit te voer.
3. Beplan die toetredingstrategie vir die stabilisering van die krisis op 'n inklusief-deelnemende basis.
4. Beplan die volledige krisis stabiliseringsuitvoerplan, met inbegrepe van die bronnebegroting, menslike hulpbronnekapasiteite, ens. wat benodig word.
5. Formuleer 'n inklusiewe vredestabiliseringsakkoord vir die fase wat deur alle rolspelers onderteken word en wat as 'n bindende en wettige ooreenkoms op almal moet dien.

Voorbereiding:

Konflikresolusie en vredebouproses

1. Analiseer en beplan die volledige konflikresolusie en vredebou-proses.
2. Bepaal die inisieërder van die proses?
3. Kan die inisieërder volhoubaar by die proses betrokke bly?
4. Is al die administratiewe en logistieke prosesse beplan?
5. Is al die partye wat aan die proses moet deelneem, geïdentifiseer?
6. Is al die agendapunte nagevors, geïdentifiseer en is dit inklusief van alle rolspelers se belange en behoeftes?
7. Die konflikkanaliseringproses is gegrond op Galtung se konflikdriehoek en die ontwikkelings daarvan soos uitgebrei deur Mitchell en Burton.
8. Is daar 'n behoefte aan bi-laterale sessies?
9. Op watter wyse gaan kommunikasie en ander prosesvereistes bestuur en implementeer word?
10. Hoe gaan die proses geïnisieer word?
11. Wat is die doel van die eerste kontak?
12. Is 'n konflikrisiko-analise gedoen?
13. Watter tipe toetredingsproses moet in die lig van die analyses gedoen, gebruik word? Is dit gegewe al die rolspelers se behoeftes prakties en werkbaar?

Formele kreatiewe probleem-oplossende konflikresolusie, transformasie, versoening en vredebou

1. Klaar agendaprocedures, werkswyses en etiese/gedragskodes inklusief uit.

2. Omskryf en analiseer die sigbare simptome of kenmerke van die konfliktsituasie.
3. Ontleed die konfliktsituasie aan die hand van die Galtung-model. Dit behels 'n ontleding van die volledige konflikstruktuur en ter saaklike bronne van konflik. Formuleer 'n gemeenskaplik ooreengekome konflikdefinisie wat inklusief onderteken word.
4. Die fasilitering van 'n inklusief deelnemende konflikrisiko-analise proses ten einde die impak te bepaal indien daar besluit sou word om nie met die proses van konflikresolusie, transformasie, versoening en vredebou voort te gaan nie. Die doel is om daardeur die groter impak van 'n nalating om tot 'n versoenings- en vredeboukontrak oor te gaan, sterk te beklemtoon en inklusiewe eienaarskap vir 'n versoenings- en vredebouproses moontlik te maak.
5. Ontwikkel 'n inklusief ooreengekome versoenings- en vredeboukontrak. Dit sluit die volgende in:
 - 5.1 Die fasilitering van 'n inklusiewe skuldbelydenissessie wat onderteken word
 - 5.2 Die fasilitering van 'n inklusiewe skuldvergiftenissessie wat onderteken word
 - 5.3 Gemeenskaplik ooreengekome visie, missie en waardes vir die vestiging en uitbouing van 'n nuwe geregtigheid
6. Die fasilitering van 'n inklusief-deelnemende oplossingsontginnende proses. Die fokus is die gesamentlike identifisering van funksies, doelstellings en teikens deur middel van opsiesontginning. Implementeer die reëls vir ideë-berade.
7. Die fasilitering probleem-oplossende besluitnemingsproses deur gebruik te maak van Roger Fisher se "Currently Perceived Choice" en "Target Balance Sheet" meganismes en weer die risiko-analitiese diagram soos aangedui in tabel 26 (p302)
8. Die fasilitering van 'n inklusief-deelnemende implementerings-, monitorings en konflikvoorkomende plan.
9. Baseer die implementeringsplan op die volgende prosesbestuurstappe:
 - 9.1 visie van konfliktransformasie, versoening en vredebouprogram,
 - 9.2 missie van konfliktransformasie, versoening en vredebouprogram,
 - 9.3 geldende en bindende waardes en gedragskodes vir proses,
 - 9.4 funksies wat tydens die implementeringsproses vervul moet word as vereistes vir sukses,
 - 9.5 mikpunte wat bereik moet word as maatstaf vir sukses,
 - 9.6 lys van praktiese aksies,
 - 9.7 persone verantwoordelik vir elke aksie,
 - 9.8 tydskaal vir elke aksie,
 - 9.9 vereistes wat deur elke aksie bereik moet word,
 - 9.10 doelwitte wat deur elke aksie bereik moet word,
 - 9.11 voorrade, toerusting en bronne benodig vir elke aksie,
 - 9.12 voorrade, toerusting en bronne beskikbaar vir elke aksie,
 - 9.13 voorrade, toerusting en bronne tekorte vir elke aksie,
 - 9.14 voorrade, toerusting en bronne aanvullingstrategie vir implementering,
 - 9.15 finansies benodig,
 - 9.16 finansies beskikbaar,
 - 9.17 finansies tekortkoming,
 - 9.18 finansiële aanvullingstrategie,
 - 9.19 identifisering van monitorings en konflikvoorkomende meganismes/prosedures
 - 9.20 monitering van die implementeringsproses,
 - 9.21 analise van implementeringsproblematiek,

9.22 ontwikkeling van probleem-oplossings- en aanpassingsplan en strategie vir die implementeringsproblematiek.

6. Bronnelys

1. Albrow, M. 1970. *"Bureaucracy."* London: The Macmillan Press Ltd.
2. Annan, Kofi. April 1998. *"Africa: Secretary-General's Report to the UN Security Council: The Causes of Conflict and the Promotion of Durable Peace and Sustainable Development in Africa."* New York: United Nations.
3. Anstey, M. 1991. *"Negotiating Conflict. Insights and Skills for Negotiators and Peacemakers."* Kenwyn: Juta & Co, Ltd.
4. Anstey, M. 1993. *"Practical Peace-Making. A Mediators Handbook."* Henwyn: Juta & Co. Ltd.
5. Anstey, M. 2002. *"Managing Change. Negotiating Conflict."* Cape Town: Juta & Co, Ltd.
6. Arendt, H. 1965. *"On Revolution."* London: Penguin Books.
7. Azar, Edward. E. *Protracted International Conflicts: Ten Propositions* in Burton, John and Frank Dukes (ed), 1990(c): *"Conflict: Readings in Management & Resolution."* London: The MacMillan Press Ltd.
8. Burton, John W. 1987 *"Resolving Deep-Rooted Conflict. A Handbook."* London: University Press of America.
9. Burton, John. 1990 (a). *"Conflict: Resolution and Provention."* London: The MacMillan Press Ltd.
10. Burton, John and Frank Dukes. 1990 © *"Conflict: Readings in Management & Resolution."* London: The MacMillan Press Ltd.
11. Clements, Kevin. 1997. *"Peace Building and Conflict Transformation."* Peace and Conflict Studies. Virginia: George Mason University.
12. Coser, L. 1956. *"The Functions of Social Conflict."* New York: Free Press.
13. Davidow, Jeffrey. 1984. *"A Peace in Southern Africa. The Lancaster House Conference on Rhodesia, 1979."* London: Westview Press, Inc.
14. Davies, James C. 1963. *"Human Nature in Politics the dynamics of political behavior."* London: John Wiley and Sons, Inc.
15. Dekker, Loet. C.G. Doves. June 1985. *The Escalation of Industrial Conflict and the Nature of Intervention Strategies* in Geldenhuys, Odette and Wanita Kawa, June 1985. *"Third Party Intervention: Mediation, Facilitation and Negotiation."* Occasional Paper No 11. Cape Town: Centre for Intergroup Studies.
16. Deutch, M. 1973. *"The Resolution of Conflict: Constructive and Destructive Processes."* New Haven: Yale University Press.
17. Dollard, John, Neal E Miller, Leonard Doob, O.H.Mowerer and Robert R. Sears. 1939. *"Frustration and Aggression."* New Haven: Yale University Press.
18. Easton, D. 1965. *"A System Analysis of Political Life."* Chicago: The University of Chicago Press, Ltd.
19. Fisher, Roger and William Ury. 1981. *"Getting to Yes."* Harvard Negotiation Project. London: Business Books Limited.
20. Fisher, Roger & Scott Brown. 1989. *"Getting Together. Building Relationships that Get to Yes."* Harvard Negotiation Project. London: Business Books Limited
21. Fukuyama, F. 1995. *"Trust. The Social Virtues and the Creation of Prosperity."* London: Hamish Hamilton Ltd.
22. Gahli, Boutros, Boutros. 1992. *"An Agenda for Peace. Preventative Diplomacy, Peacemaking and Peace-keeping."* Report of the Secretary-General pursuant to the statement adopted by the Summit Meeting of the Security Council on 31 January 1992. A/47/277 – S-24111. New York: United Nations.

23. Galtung, J. Violence, *Peace and Peace Research* in “*Journal of Peace Research*”. 1969. www.jstor.org.
24. Galtung, J. *International Development in Human Perspective* in Burton, John (ed) 1990(b). “*Conflict: Human Needs Theory*.” London: The MacMillan Press Ltd.
25. Galtung, J. 1996. “*Peace by Peaceful Means: Peace and Conflict, Development and Civilisation*.” London: Sage.
26. Grundling, O.J. 1988. “*Ruimtelike en Magsverhoudinge in Zimbabwe na Onafhanklikheid (1980-1985)*.” MA Tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
27. Gurr, Ted Robert. 1970. “*Why Men Rebel*.” Princeton, New Jersey: Princeton University Press.
28. Harrison, P. 1981. “*Inside the Third World*.” Middlesex: Penguin.
29. Hartshorne, R. 1959. *The Functional Approach in Political Geography* in “*Annals of the Association of American Geographers*.” Vol 40. No 2. www.jstor.org.
30. Jarstad, Anna K. and Timothy D Sisk. (eds) 2008. “*From War to Democracy. Dilemmas of Peacebuilding*.” New York: Cambridge University Press.
31. Jeffery, Anthea, J. 1997. “*The Natal Story: Sixteen Years of Conflict*.” Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
32. Knox, C. and Padric Quirk 2000. “*Peace Building in Northern Ireland, Israel and South Africa. Transition, Transformation and Reconciliation*.” London: MacMillan Press Ltd
33. Laue, James. 1990. *The Emergence and Institutionalization of Third-Party Roles in Conflict* in Burton, John and Frank Dukes, 1990©. “*Conflict: Readings in Management & Resolution*.” London: The MacMillan Press Ltd.
34. Lederach, John Paul. 1996. “*Preparing for Peace: Conflict Transformation Across Cultures*.” Syracuse, New York: Syracuse University Press.
35. Lederach, John Paul. 1997. “*Building Peace. Sustainable Reconciliation in Divided Societies*.” Washington D.C. : United States Institute of Peace Press.
36. Lederach, J.P. Remember and Change in Herr, J.Z. and Robert Herr (ed). 1998. “*Transforming Violence. Linking Local and Global Peacemaking*.” Scottsdale: Herald Press.
37. Mandela, N. May 2, 1990. “*Statement of the Deputy President of the ANC, Nelson Mandela, at the Opening of the Obstacles Meeting: Cape Town: Grootte Schuur*.”
38. Manning, T. 1981. “*World Class. Strategies for Winning with your Customer*.” Kenwyn: Juta & Co, Ltd.
39. Minogue, M and J. Molloy (eds). 1979. “*African Aims and Attitudes. Selected Documents*.” London: Cambridge University Press
40. Mitchell, C.R. 1981. “*The Structure of International Conflict*.” New York: St. Martin’s Press, Inc.
41. Morris, Catherine, 2000. *What is Peacebuilding. One Definition* in www.peacemakers.ca/publications/peace-buildingdefinition.html.
42. Moshiri, Farrokh. 1991. *Revolutionary Conflict Theory in an Evolutionary Perspective* in Goldstone, Jack A. Ted Robert Gurr and Farrokh Moshiri (eds). 1991. “*Revolution of the Late Twentieth Century*.” Oxford: Westview Press, Inc.
43. Nkomo, J. 1984. “*Nkomo. The Story of My Life*.” London: Methuen.
44. Pounds, NJG. 1972. “*Political Geography*.” Second Edition. New York: McGraw Hill.
45. Pruitt, Dean. G. 1981. “*Negotiation Behaviour*.” New York: Academic Press, INC.

46. Pruitt, D and Rubin, J. 1986. ***“Social Conflict: Escalation, Stalemate and Settlement.”*** New York: Random House.
47. Ramsbotham, Oliver; Tom Woodhouse and Hugh Maill. 2006. ***“Contemporary Conflict Resolution. The prevention, management and transformation of deadly conflicts.”*** Second Edition. Cambridge: Polity Press.
48. Reychler, Luc. 1998. *Democratic Peace Building and Conflict Prevention* in Wellens, Karel, 1998. ***“International Law: Theory and Practice. Essays in Honor of Eric Suy.”*** The Hague: Martin Nijhoff Publishers.
49. Rubenstein, R.E. 1990. *Basic Human Needs Theory: Beyond Natural Law* in Burton, John (ed). 1990 (b). ***“Conflict: Human Needs Theory.”*** London: The MacMillanPress LTD.
50. Sites, Paul. 1973. ***“Control: The Basis of Social Order.”*** London: Dunellen Publishing Company CO
51. Sites, Paul. 1990. *Needs as Analogues of Emotions* in Burton, John (ed). 1990 (b). ***“Conflict: Human Needs Theory.”*** London: The MacMillanPress LTD.
52. Skocpol, Theda. 1979. ***“States & Social Revolutions. A Comparative Analysis of France, Russia & China.”*** New York: Cambridge University Press Ltd.
53. Stedman, Stephen John. 2003. ***“Peacemaking in Civil War. International Mediation in Zimbabwe, 1974-1980.”*** Colorado: Lynne Rienner Publishers, Inc.
54. Sully, Max. Using the Cases as a Means of Peace Building in the ***“Centre for Conflict Resolution’s African Case Studies Manual for Conflict Resolution Training.”*** 1996. Cape Town: University of Cape Town.
55. Young, O.R. 1967. ***“The Intermediaries: Third Parties in International Crises.”*** Princeton: Princeton University Press.
56. Zartman, I.W. and Maureen, R. Berman. 1982. ***“The Practical Negotiator.”*** London: Yale University Press.
57. Zartman, I.W. 1989. ***“Ripe for Resolution. Conflict and Intervention in Africa.”*** Updated Edition. Oxford: Oxford University Press.
58. Zartman, I.W. 2003. ***“Contemporary Peace-making: Conflict, Violence and Peace Processes.”*** New York: Palgrave Macmillan.

HOOFTUK 2

‘n Historiese ontleding van die konflikstruktuur in Zimbabwe

2.1 Doel

Die oogmerk van die hoofstuk is om die historiese konflikstruktuur wat tot ‘n gewelddadige konflik gelei het, te ondersoek. Die konflikstruktuur sal as metingsinstrument dien vir die mate waarin daar wel in die post-1980-era versoening- en vredebouprosesse onderneem is.

2.2 Pre-koloniale Periode

Smith (2001:55,68) argumenteer dat Matabeleland en Mashonaland met die koms van die blankes in die laat 19de eeu ‘n onontwikkelde gebied was, sonder enige werklik gekoördineerde, oorhoofse politieke en ekonomiese sisteem. *Misheck Sibanda (1989:25)*, historikus en latere Zimbabwiese ambassadeur in Moskou, verskil skerp hiervan en argumenteer dat Shona-sprekende mensegroepe die gebied tussen die Zambezi en Limpopo riviere tot by die Indiese Oseaan, gedomineer het in die tydperk voor die negentiende eeu. Volgens hom het die Shona daarin geslaag om ‘n sterk en komplekse politieke en ekonomiese sisteem op te bou, waarvan die Munhumutapa en Changamire “state” sigbare voorbeelde was. Teen die middel 19de eeu het hierdie staatstelsels, gedisintegreer as gevolg van onderlinge verwoesting of broederoorlog en, eksterne inmenging.

Sylvester (1991:1) wys egter daarop dat Zimbabwe se verlede en hede deurspek is met kontroversie en gebrekkige konsensus oor die oorsprong, bewegings en algemene aktiwiteite van veral die vroeë geskiedenis. In dié sin is die geskiedkundige interpretasie ‘n belangrike sentrifugale krag tussen die verskillende etniese en stamgroepe in Zimbabwe. Volgens haar ontbreek sekere basiese feite in die navorsing oor veral die pre-koloniale tydperk. Gevolglik waarsku sy teen ‘n simplistiese rekonstruksie van die geskiedenis. As voorbeeld hiervan meld sy dat dit algemene praktyk is om die Zimbabwiese voorgeskiedenis in die steentydperk, paleontiese (wat ‘n duisendjaar gelede geëindig het) asook die vroeë en latere ystertydperke te verdeel. Desnieteenstaande is die konsep “tydperke” binne die Zimbabwiese konteks ‘n twispunt wat sy as volg motiveer:

“There can [but need not] be a political motivation behind questions of origin – namely, to establish the contemporary credentials of various “tribes” and to assign responsibility for achievements and setbacks in Zimbabwe’s past.” (Sylvester, 1991:3-4).

Verder dui sy in haar navorsing aan dat die vraagstuk oor wie die ware “agents of change” in die pre-koloniale era was en vanwaar hulle gekom het, belangrike onopgeloste punte van dispuut is. Sy wys ook daarop dat, die mense van die gebied, wat tans as Zimbabwe bekend staan, tussen tweehonderd duisend en eenduisend jaar gelede van klipwerktuie en wapens afhanklik was. ‘n Khoisan taal is gepraat en sekere leefareas het ontwikkel in reaksie op, aan die eenkant, plaaslike ekologiese realiteite en aan die ander kant, die bewegings van

mensegroepe wat op hul weg gekom het. Daar is ook aanduidings dat hulle gedentraliseerde gemeenskappe was wat skynbaar in stabiele omstandighede geleef het tot ongeveer 200 n.C.

Daarna het een van twee moontlikhede plaasgevind. Die een opsie is dat hierdie inheemse steentydperk inwoners met die tegnologies meer gevorderde migrerende Bantu-sprekende mensegroepe, wat suidwaarts vanuit die Sudanbelt beweeg het, mede-bestaan het en later dalk deur hulle geassimileer, oorweldig of oorwin is. Indien dit gebeur het, glo *Sylvester (1991:4)* dat die “eerste inkommers” die voorouers van die hedendaagse Zimbabwiers is. In daardie geval was hulle verantwoordelik vir die uitbou en ontwikkeling van verskeie ystertydperk-platostate, gesentreer rondom landbou, goud en veeboerdery nedersettings.

Die tweede opsie is dat die onstabiliteit wat met die eksterne invloede geassosieer word, dalk te wyte kon wees aan die gesamentlike of evolusionêre aanpassingspatrone van plaaslike inwoners by die omstandighede van droogtes, sommige immigrante in die streek en voortstuwende tegnologiese kennis-ontwikkeling binne eie gemeenskappe. Indien hierdie scenario die werklikheid sou wees, argumenteer *Sylvester* dat die voorouers van die huidige Zimbabwiers nie na die gebied migreer het nie, maar inderdaad vanuit die inheemse Steentydperk-inwoners spruit (*Sylvester, 1991:4*). *Sylvester (1991:6-7)* wys egter daarop dat daar ook sterk aanduidings bestaan dat die klem in die nadenke oor die pre-koloniale periode nie moet val op die skepping van groot ryke nie, maar eerder op die konstante kopiëring van kleiner state waar bestaanslandbou en veeboerdery bedryf is op grond wat spiritueel aan die gestorwe voorouers verbind was. Veral belangrik in dié verband, is die spirituele beskermers/voogde van die kapteinsgebied.

Sylvester wys egter wel daarop dat staatsbou ‘n kenmerk was van die Sudanese tydperk van pre-koloniale Afrika en dat daardie tydperk min of meer ooreenstem met die Zimbabwiese ystertydperk. Dit impliseer dat sekere kapteinskappe waarskynlik lank genoeg daarin geslaag het om verdelende magte en kragte binne die regerende élite te voorkom sodat regerende linies ontstaan het.

Op hierdie wyse kon state tot stand kom wat primêr as instellings vir hulpbronmobilisering sou dien. Hierdie state het as administratiewe, beleids- en militêre organisasies onder die leiding van uitvoerende gesagte gefunksioneer. Die state het, volgens haar verskil van die tipiese administratiewe entiteite wat vandag bestaan, maar het ten spyte daarvan ‘n effektiewe vermoë gehad om dwang, instemming en soms uitbreiding af te dwing. Sy glo dat nie een van die state totale beheer oor die huidige grondgebied van Zimbabwe gehad het nie.

Hierdie is ‘n belangrike argument, gegewe die feit dat politieke sentralisasie in hoofsaak verhinder is deur die yl bevolkings in areas groter as die meeste hedendaagse Europese state. Daar was dus eerder sprake van state en kapteinskappe wat mede-bestaan het (*Sylvester, 1991:7*). *Mitchell (2002:300)* stem saam en sê dat dit ‘n tipe staatstruktuur was wat van die Westerse vorm van staatsevolusie verskil het. In hierdie andersheid lê daar egter ‘n belangrike bron van konflik (sentrifugale krag), aangesien dit destruktiewe persepsies, gesindhede en gedragspatrone verwek het met die eerste kontak (1880-1890) tussen die

British South African Company, voornemende blanke setlaars en die inheemse Matabele en Shona magsbasisse.

Sylvester (1991:7) stem hiermee saam en wys daarop dat Groot Zimbabwe wel die tuiste was van die magtigste regeerder in die suid-oostelike binneland van Afrika en dat hy omring was deur die huise van sy familie, sy tribunaal regeerders en amptenare van sy hofhouding. Afgesien van hierdie regeerders kon daar ongeveer twintig duisend arbeiders gewees het wat as ‘n aparte klas afsonderlik van die leiersklas gewoon het. Sylvester verduidelik dat die beheermetodiek oor die arbeidersmassa in die stad spekulieerbaar is, vanweë die feit dat Rhodes se volgelinge en andere voor hom, die Groot Zimbabwiese nedersetting sodanig geplunder het dat min van die oorspronklike artefakte oorgebly het. Daar word egter vermoed dat religieuse ideologie, handelsbeheer, die uitdeel van gunste- en gawes ten opsigte van die verspreiding van die koninklike vee (beeste) of ‘n kombinasie van die drie genoemde magsmiddele, as beheermaatreëls aangewend is (*Sylvester, 1991:7-8*). *Childs en Dewey (1996:150)* sluit by dié interpretasie aan en verduidelik dat Groot Zimbabwe ‘n hoogs gestratifiseerde en ongelyke samelewing was met ‘n élite wat hul magsbasis deur middel van religieuse rituele geleitimeer het:

“Great Zimbabwe housed a stratified society led by a sacral king and a minority elite....Furthermore, the elite legitimized their power base through extensive rituals and use of numerous symbols (including specially shaped axes and spears) directed to the ancestral spirits.” (Childs & Dewey, 1996:150).

Mitchell (2002:331) argumenteer dat magstryd en gewelddadige weerstand in ‘n gebied so groot as wat deur die Groot Zimbabwe dinastie beheer is, altyd ‘n realiteit was. So was daar voortdurende spanning tussen die heersende ryk en die provinsiale élitistiese groepe as gevolg van kompetisie om toegang en beheer oor waardevolle invoere en die goedere wat daarvoor verruil kon word, te verkry. Kwesbaarheid vir droogtes en siektes van hul akkerbou en veeverbouingskomponente, (wat beide op ‘n bestaansboerdery bedryf gebaseer was), was belangrike redes vir die kwyning van Groot Zimbabwe as ‘n ekonomiese sentrum. *Sylvester (1991:10)* gee ook Childs & Dewey gelyk dat die Groot Zimbabwiese sosiale sisteem teen die laat vyftiende eeu gedisintegreer het en dat van die redes ‘n oorbenutting van ekonomiese bronne kon wees. Ander gedagtes wat sy op die tafel plaas, is die moontlikheid dat goudneerslae dalk uitgeput was en dat die Islamitiese gemeenskappe aan die kus handelsbande as gevolg daarvan verskuif het na die nuut ontluikende state in die noorde en suid-weste.

Murphy (1972:201), die argeoloog, *Peter Mitchell (2002:300)* asook *Colin Stoneman* en *Lionel Cliffe (1989:11)* probeer meer helderheid verskaf oor wie die inwoners van Groot Zimbabwe was en argumenteer, na aanleiding van argeologiese interpretasies, dat daar ‘n teenwoordigheid van opeenvolgende dominante kulture was wat sover terug gevoer kan word as ‘n duisend jaar na Christus en voortgeduur het tot en met die koms van Rhodes se blanke setlaars na Rhodesië in die laat negentiende eeu. *Murphy (1970:208-212)* wys op die navorsing van die argeoloog, dr Getrude Caton-Thompson, wat aandui dat die Groot Zimbabwe nedersetting deur inheemse Bantu vakmanne gebou is. Sy glo ook dat die konstruksie daarvan oor verskillende eeue plaasgevind het en dat die

argitektuur en tegnologiese ontwikkelingslyn daarvan kenmerkend ooreenstem met opeenvolgende ryke.

Teen hierdie agtergrond en gebou op die Caton-Thompson navorsing, wys Murphy daarop dat die eerste inwoners van die Groot Zimbabwe nedersetting, die *Gokomere* mensegroep was wat die gebied teen ongeveer 400 n.C. verlaat het. Daarna is daar volgens hierdie teorie 'n gaping van 'n hele paar eeue waarvan die grondlae geen artefakte-bewyse weergee nie. Die tweede bewysbare bewoners van Groot Zimbabwe is volgens hierdie teorie, die *Leopards Kopje* mensegroepe wat so vroeg soos 600 n.C. hulle verskyning begin maak het (*Murphy, 1970: 201*).

Die derde fase in die ontwikkelingsgang van Groot Zimbabwe begin teen ongeveer 1075 en het tot ongeveer 1440 voortgeduur. Dit was die periode van die *Karanga mensegroepe* wat later as deel van die Shona mensegroepe bekend sou staan. *Robin Hallet (1970:214)* stem met hierdie interpretasies saam as hy daarop wys dat argeologiese navorsing aantoon dat die Shona van Zimbabwe waarskynlik hul oorsprong ontleen aan die Luba wat 'n ryk aan die oewers van die Kisalemeer in die noorde van Katanga, beheer het. Polities is hul sisteem gekenmerk deur die beweging van klein emigrante groepe wat kapteinskappe in die omgewing aangrensend tot die Luba hartland gevorm het. Een só 'n groep het emigreer na Zimbabwe en die bekende "**Groot Zimbabwe**" tot stand gebring, wat later as die ryk van **Mwene Mutapa of in Shona – Wilayatu 'L Muanamutapah**, wat "Lord of the plundered lands" beteken, bekend sou staan (*Davidson, 1974:154*).

Teen ongeveer 1425 het 'n vierde periode ingetree wat tot ongeveer 1833 voortgeduur het. Die fase het begin toe Mutota, koning van die Karanga, sy ryk gevestig het (*Murphy, 1970:208-209*). Die opbloei-fase van die Mwene Mutaparyk met die Karanga as dominante mensegroep, is voortgesit deur erfopvolging toe Mutota se seun, Mutope, hom in 1450 opgevolg het. In hierdie tyd het die Rozwi-invloed geleidelik begin figureer. Volgens *Murphy (1970:210)* het Mutope die neiging van sy vader voortgesit en ander Shona-mensegroepe ingelyf in areas wat strek vanaf die hooglande en berggebiede van oostelike "Rhodesia" tot in die sentrale en suidelike dele van Mosambiek. 'n Kenmerk van sy regeringsperiode was dat hy Rozwi-dienaars/leenhere aangestel het. *Davidson (1974:154)* stem saam dat die Shona/Karanga uiteindelik een van die magtigste ryke in Suider-Afrika sou vestig, wat die totale gebied tussen die Zambezi en die Limpopo, asook ooswaarts deur Mosambiek tot aan die Indiese Oseaan sou beslaan. *Davidson* meld dat hierdie ryke uitgebreide ekonomiese en politieke stelsels gehad het en dat maritieme handel tussen Afrika, Asië en Europa, lank voordat Da Gama en Columbus Afrika bereik het, die grondslag van hul ekonomiese aktiwiteite was.

Volgens Murphy het die Rozwi-kultuur tydens hierdie periode in regerings-instellings neerslag begin vind. Prominent in die verband was Mutope se aanstelling van die Rozwi kaptein, Changa, as heerser oor die gebied wat hy Butua genoem het (*Murphy, 1970:210*). Hoewel hy Mutope getrou gedien het, was hy in beheer van 'n baie sterk religieuse, politieke en ekonomiese magsentrum wat enige dag met die van die hoofsentrum van Mwene Mutapa vergelyk sou kon word. In sy eie sentrum het Arabiese en Swahili handelaars uit respek na hom

begin verwys as “Changa Amir” (of prins). Baie beïndruk met hierdie erkenning het Changa sy naam na Changamire verander – verwysende na Changa Amir van Arabië (*Murphy, 1970:210*). *Davidson (1974:154)* wys daarop dat Changamire die titel vir die opvolgers van Changa geword het.

Met die afsterwe van Mutope het sy seun, Nyahuma, hom opgevolg. Changa Changamire het toe skynbaar geweier om die bewind van Nyahuma as heerser van Mwena Mutapa te aanvaar. Onderlinge stryd en gevegte het uitgebreek, wat tot die oorwinning van Changa Changamire in 1490 (*Murphy, 1970:210*) gelei het. Ten spyte van hierdie oorwinning is die vorige ryk van Mwena Mutapa permanent verdeel. Na die dood van Changa Changamire in 1494 het sy seun, Changamire II, enige poging tot ‘n vereniging met die ou Mwene Mutapa teengestaan en die ou ryk se magte tot in Mosambiek verdryf, wat die aanvang van die Rozwi-ryk van Changamire was, wat tot in die 19de eeu voortgeduur het (*Murphy, 1970:211*).

Sylvester (1991:13) toon aan dat die Rozwi ryk, vanweë veral aanvalle vanuit die suide, in die 1820’s verswak het en dat dit teen 1860 reeds in só ‘n mate gedisintegreer het, dat die politieke mag op die noordelike plato weer in die hande van plaaslike kapteins was. *Sibanda (1989:26)* voer aan dat die politieke en ekonomiese entiteite van die Shona-mensegroepe in dié tyd gekenmerk is deur “provinsiale eenhede” en opperhoofde wat in weinige gevalle gebiede van meer as sewentig kilometer beslaan het. Die sosiale struktuur van die Shona-sisteem is ook gekenmerk deur merkbare differensiasie, ekonomiese spesialisasie en uitgebreide religieuse simboliek. Daarby het die opperhoofde en stamkapteins ‘n monopolie oor die insameling/versameling en verspreiding van rykdom gehad terwyl hulle ‘n produksiesisteem, gebaseer op skatpligtiging toegepas het. Hiervolgens het hulle geskenke en heffings van volgelinge en buitelandse handelaars wat in hul gebied bedrywig was, ontvang. Daar was dus duidelik ‘n stryd tussen sentralisasie en desentralisasie met direkte konflik-eskalerende magsbeheer implikasies.

Kenmerkend van hul politieke, sosiale en ekonomiese sisteem was die bestaan van ‘n regerende élite met ‘n groep onderhorige mense, die sogenaamde werkersklas (“bekend as varanda”), wat gewoonlik oorlogsgevangenes of aangehoudendes was en wat in ruil vir verbouingsgrond en ‘n vrou, die ondergeskikte sosiale posisie aanvaar het (*Sibanda, 1989:26*). Volgens Sibanda was daar benewens die regerende élite en die werkersklas ook ‘n kleinboer klas. Belangrik in die verband is die feit dat die opperhoof of kaptein vruggebruik van die grond gehad het. Elke kleinboer het die reg om op die grond wat aan hom toegeken is te verbou tot die dag van sy dood of tot hy self die grond verlaat.

Die feit is dus dat privaatbesit nie ‘n eie sosio-ekonomiese kulturele waardesisteem was nie, ‘n aangeleentheid met direkte implikasies vir die latere sosio-ekonomiese en politieke ontwikkelinge.

Sylvester (1991:11,16) sluit by Sibanda se argumente oor die klasse-verskille aan deur daarop te wys dat die latere probleem van strukturele ongelykheid en geïnstitutionaliseerde armoede in Zimbabwe waarskynlik nie ‘n nuwe verskynsel was nie, aangesien dit waarskynlik alreeds tydens die Mutapa-dinastie voorgekom het toe handel, met veral Portugal gedryf is en ongelykheid tussen die ryk plaaslike élite en die arm massa op groot skaal voorgekom het:

“Mutapa’s commodity exchanges with the Portuguese favored the Europeans and created enormous gaps between local elites and masses..... Meanwhile, some poor people took advantage of the state’s preoccupations to engage in illegal ivory trade, and young men often joined the military as young fighters or slaves.” (Sylvester, 1991:11).

Die probleem sou, volgens Sylvester, net vererger met die toetrede van die blankes tot die gebied. Belangrik is egter die klem wat sy plaas op die groter internasionale konteks en die rol wat dit in die vestiging van ongelykheid gespeel het. Die blanke koloniale staat het minimaal by plaaslike gewoontes aangepas. Die blankes het ook nie die plaaslike bevolking in hul koloniale stelsel inkorporeer nie, behalwe natuurlik as arbeiders. Daarbenewens is die swartbevolking getref deur nuwe tegnologiese ontwikkelings asook, vir Afrika, ‘n ‘volksvreemde,’ kapitalistiese wêreldorde, komende vanuit Europa (*Sylvester, 1991:11,16*).

Van groot belang is die verskynsel dat ‘n regstelsel, gegrond op religieuse simboliek en ideologie, ‘n sterk sentripetale krag in Shona-gemeenskappe was. Deel hiervan was die universele geloof in ‘n opperwese bekend as Mwari. Samelopend hiermee was daar die rol van die mediums (Masvikiro), die Mhondoro kultus en die “boodskappers van reën” (Manyusa) as belangrike spirituele funksionariese. Die spirituele kultus van die Shona in die negentiende eeu het ook toenemend ‘n oorgrens geografiese groei begin aanneem. Só byvoorbeeld het die spirituele mediums van Chaminuka, Nehanda en Kaguvi die grense van plaaslike linies begin oorskry en op dié wyse ‘n sentripetale/ samebindende grondslag vir die verskillende Shona-groepe begin aanneem. Religie het ‘n *“sense of togetherness”* verskaf. Daarbenewens het die migrasie van die Nguni-groepe vanuit die suide, ‘n nuwe dimensie aan die pre-koloniale sosiale struktuur gebring (*Sibanda (1989:27)*).

Teen die negentiende eeu het Shona-magsgroepe noordwaarts begin skuif in reaksie op die Mfecane in Suid-Afrika. Met die dood van die laaste Changamire is die weg gebaan vir die Matabele verowering van die suid-weste van Zimbabwe (*Mitchell, 2002:338*).

Prominent in hierdie verband was in opeenvolgende volgorde Zwangendaba, Mzilikazi en Lobengula (*Omer-Cooper, 1966:65; 129-155*). Omer-Cooper verduidelik die verdere impak van die Mfecane op die gebied tussen die Limpopo en Zambezi volledig. Die Matabele-toetrede tot Zimbabwe, was die gevolg van ‘n interaksie van ‘n verskeidenheid van gebeure in Suid-Afrika. Van die belangrike redes was, blanke vestiging in die Suid-Afrikaanse binneland, wat die suidelike beweging van die Nguni-groepe gestuit het. Die gevolg was dat die Nguni-sprekendes van Noord-Natal die bestaande gebiede begin oorbevolk het, sodat die vraag na grond en algemene landbutoestande teen die negentiende eeu as gevolg van oorbeweiding, erosie en, gronduitputting, kritieke afmetings aangeneem het. Dit het gelei tot ‘n halfee van konflik tussen veral die Nguni- en Sotho-sprekende groepe, bekend as die Mfecane. In die proses het clan teen clan en stam teen stam geveg in ‘n stryd om beheer van die beste grond vir beweiding en die verbouing van koring en mielies (*Murphy, 1972:213*).

Zulu-sprekendes het deur middel van die uitdelginsoorloë van veral Shaka, vanaf 'n stam tot 'n nasie en magtige ryk getransformeer. Die gevolge van die "Shaka-imperialisme" is volgens Omer-Cooper ver buite Zululand gevoel. So het sommige van die begaafde Zulu-leiers wat nie Shaka se bewind wou erken nie, hul eie regimente gevorm, en ander gebiede binnegeval.

Hierdie militêre migrasies het die politieke en kulturele konteks van Suider-Afrika drasties beïnvloed. *Zwangendaba* het sy regimente en volgelingen tussen 1822-1828 via die Suide van Mosambiek oor die Limpopo, tot op die Rhodesiese plato, gelei. In sy migrasietog het hy die grondgebied beroof asook mens, dier en koring op die tog saamgeneem. Manlike gevangenes moes die regimente versterk, en vroulike gevangenes moes die stamgetalle vergroot. Daar het hy met die vreedsame Karanga en Rozwi van die Changamire ryk gebots.

Sylvester (1991:13) argumenteer dat daar skerp interpretasie verskille oor die tydperk van geskiedenis bestaan. Een interpretasie kom daarop neer dat die Changamire/Rozwi gedomineerde ryk (komende uit die ou Mwena Mutapa) teen daardie stadium weinig weerstand teen Zwangendaba-gebied het, aangesien hulle alreeds gedentraliseerde landbou-gebaseerde kapteinskappe was. *Omer-Cooper (1966:65)* huldig aan die anderkant, die mening dat die Changamire-ryk toe nog redelik sterk gefunksioneer het, maar nie kon staande bly teen die militêre organisasie-vermoë van Zwangendaba en die Ngunistyl nie. Die magte van Zwangendaba het gevolglik 'n reeks oorwinnings behaal wat 'n direkte aandeel in die uiteindelijke disintegrasie van die ryk gehad het.

Kort na Zwangendaba het 'n tweede Nguni-groep met *Nxaba* as leier, ook die weg tot in Suidelike Rhodesië gevolg en die finale nekslag aan die ryk van die ou Mwena Mutapa toegedien (*Omer-Cooper, 1966:65*). *Murphy(1971:216)* gee weer eerder Sylvester gelyk en glo dat die ryk van Changamire met die koms van Zwangendaba (1827-1828) reeds hul militêre energie verloor het en nie opgewasse was teen hul groter militêre vermoë nie. Hy argumenteer dat Zwangendaba hierdie grondgebied vir 'n hele paar jaar geteister het, mense gevange geneem het asook kos en diere gesteel het. Teen 1835 het hy egter oor die Zambezi getrek na die huidige Malawi.

Binne vyf jaar na die vertrek van Zwangendaba het 'n derde Zulu leier, *Mzilikazi*, sy regiment en volgelingen in die westelike deel van die Rhodesiese plato, gevestig. Hierdie groep het die naam Matabele – "those who disappear behind their immense Zulu war shields of stout cow hide," - verwerf (*Murphy, 1971:216*). Teen 1840 het die Matabele permanent in die Matopo Heuwels gevestig en in die proses die meeste van die Rozwi-adellikes vermoor en die oorblywende Shona in die Matabele koninkryk ingelyf. Die westelike gedeelte het as Matabeleland bekend gestaan en die ooste as Mashonaland. *Bhebe (1977: 9)* glo dat die verhoudinge tussen die Matabele en Shona soms gewelddadig en andersins vreedsaam was. Hy glo ook dat die Rozwi-ryk op daardie stadium sy krag en invloed begin verloor het. Een van die redes wat hy aanvoer, is dat die kapteinskappe waaruit die ryk saamgestel was, toenemend begin afskei het van die Rozwi-regeerders. Dit was hierdie dissidente wat, volgens hom, die grootste weerstand teen die Matabele-gebied het. In die tweede plek voer hy drie redes aan waarom die Matabele nie voortdurend brutale mag kon toepas nie.

In die eerste plek het van die Sotho-Tswana ingelyfdes tydens die migrasieproses van die Matabele afgeskei en so die magte van Mzilikazi met te min krygers gelaat om voortdurend teen die Shona te veg en hulle finaal te oorwin. In die tweede plek het die teenwoordigheid van die Voortrekkerkommando's die Matabele gedwing om vyandige verhoudinge met plaaslike inwoners af te skaal. In die derde plek het interne politieke verdelings die Matabele-mag baie verswak.

Pogings is byvoorbeeld aangewend om sy (Mzilikazi) seun en moontlike opvolger as koning in sy plek te plaas. Daar was volgens *Bhebe (1977:10)* 'n probleem met verswakte lojaliteite onder sy volgelinge wat 'n impak gehad het op die besluit om nie openlike oorlog met die Shona te voer nie. Ander faktore ter sake is, die impak wat die fisiografiese omstandighede op die Matabele-besluitnemingsprosesse gehad het. So het die behoefte aan voedsel, veeverliese weens die impak van die tsetse-vlieg en strooptogte van ander stamme meegebring dat hulle self ook strooptogte op omliggende stamme uitgevoer het, ten einde hul eie veekuddes aan te vul. Om hierdie redes het die Matabele nie die vermoë gehad om voortdurend oorlog te voer nie.

Aan die ander kant beklemtoon hy ook die feit dat Mzilikazi se strategie teenoor die Shona hoogs suksesvol was, maar dat die Shona dit ook vir hom maklik gemaak het om magsbeheer te bekom, sonder oorlogvoering. Prominent in dié verband was veral die voorkoms van verdeeldheid en onderlinge afguns tussen die Shona-stamme. Dit het eendragtige optrede teen sogenaamde "inkommers" verhinder (*Bhebe, 1977:10-11*). Die Matabele kon as gevolg hiervan die Shona-stamme een-een konfronteer en op dié wyse is baie Shona-stamme tot sy magstaat toegevoeg. Teen die 1860's het Mzilikazi gevolglik daarop aanspraak gemaak dat sy magsgebied oor die hele Matabeleland gestrek het.

Mzilikazi se opvolger, *Lobengula* het in 'n sterk militêre koninkryk ontwikkel, maar kon ten spyte daarvan nie daarin slaag om die hele Mashonaland te verower nie, aangesien sommige Shona-kapteins effektief weerstand teen Matabele-invalle gebied het. Dit wil blyk dat Lobengula nie 'n maklike bewindsoorname beleef het nie. In die eerste plek was daar die probleme rondom erfopvolging wat hy moes hanteer. 'n Beduidende groep het hom nie as Mzilikazi se opvolger aanvaar nie en dit het 'n geruime tyd geneem voor hy sy koninklike mag kon konsolideer. In die tweede plek het hy 'n gekompliseerde en gemengde gemeenskap van sy vader geërf. Dit was 'n ryk wat sy vermoë tot oorlewing midde in krisis bewys het, maar wat ook die neiging tot skerp verdeeldheid geopenbaar het - 'n neiging wat veral in prominensies toegeneem het met die bewindsoorname van Lobengula.

Bhebe (1977:26) glo dat Lobengula as koning vanweë sy persoonskwaliteite gekenmerk deur geduldigheid, vreedsame diplomatie en die aanwending van oorlog slegs as laaste uitweg, oorleef het. Dit het sy kredietwaardigheid as leier van die Matabele onder die blanke boere ten suide van die Limpopo en ook onder die Britse bewindhebbers vergroot het. Hy sou egter ten spyte hiervan, ook voortdurend vanuit eie geleedere deur wegbreek dissidente groepe, uitgedaag word.

Nietemin is die kreatiewe gees van die Rozwi-regeerders van Changamire deur die Matabele-invalle vernietig. Murphy identifiseer gevolglik 'n aantal redes vir die val van die Changamire-koninkryk, oorsake wat veel dieper gewortel is as die Matabele oorlog. Prominent in die verband was die inkrimping van die handel-

stelsel waarop die Rozwi-welvaart gebou was. Die Portugese wat die handel in die ooskus van Afrika beheer het, het gedurende die negentiende eeu self die meeste van hul eertydse mag verloor. Met die beëindiging van slawehandel het die Arabiese handelaars hul fokus na ander goedere verskuif. Daarmee saam het die Portugese teenwoordigheid in Mosambiek, Arabiese handelsaktiwiteit sover suid, verhinder. Changamire het dus 'n erger ekonomiese depressie in die negentiende eeu beleef.

Dit bly 'n vraag of die Rozwi daarin sou kon slaag om na die ongelukkige gebeure van die negentiende eeu 'n nuwe sentrale politieke sisteem sou kon ontwikkel. Rondom die laat negentiende eeu (1880's - 1890's), het Europese dominansie oor Suider-Afrika in volle swang begin. Europese boere en minerale prospektoers het onder die vaandel van die British South African Company, op die plato gebied begin vestig. Beide Shona- en Matabele-mag was oneffektief teen die geweer- vuur van die Europeërs. In Mosambiek, was dieselfde tendens aan die ontwikkel, toe die Portugese na eeue se onaktiwiteit met 'n kolonisasie-proses begin het (*Murphy, 1972: 210-218*).

2.3 Koloniale Periode

2.3.1 British South African Company (BSAC)

Davidson (1984:154) asook *Murphy (1972:198-221)* en *Stoneman and Cliffe (1989:11)* beklemtoon die feit dat die voor-1890 politieke magsbasis en ordening in Zimbabwe gekenmerk is deur die gewelddadige oornome van grondgebied, die uitskuif van voormalige bewoners soos byvoorbeeld die San, die Gokomere- en Leopards Kopje-kulture en die verskillende Shona-ryke. Met die toetreding van die blankes na die gebied sou daar spoedig 'n reeks gewelddadige konflikte uitbreek, waaronder die oorlog van 1893 wat tot die vernietiging van die Matabelemonargie gelei het. Dit is kort daarna opgevolg deur die 1896-1897-oorlog wat algemeen deur die swart bevolking as die eerste Chimurenga-oorlog beskou word. In al hierdie konflikte was politieke magsbeheer oor skaarsbronne soos besluitnemingsgesag, politieke rolle, grondbesit en beheer, ekonomiese voordele en verspreiding, sentrale motiveerders vir gewelddadige konflik (*Chitiyo, May 2000:4*).

Hallet (1974:493) bied 'n historiese perspektief oor die tydperk en van Britse betrokkenheid in Sentraal Afrika, waarby hy Matabeleland en Mashonaland insluit, wat só ver terugstrek as die 1850's en dat dit aangevuur is deur die ontdekkingsreise van, onder andere, David Livingstone. Volgens Hallet het Livingstone 'n "morele aanslag" tot Sentraal Afrika gevolg. Sy motivering was dat Afrika onder die gevolge van slawehandel en stamoorloë gelyk het. Daarbenewens was die gebied, volgens hom, boonop "verdonker deur die euwels van die heidendom." Livingstone het gevolglik baie gedoen om sendingaktiwiteite te aktiveer in gebiede soos Barotseland, Matabeleland en die gebiede rondom die Malawimeer. Sendingaktiwiteite het veral vanaf die 1860's en '70's toegeneem.

Volgens Hallet (1974:493) het die vroeë sendelinge aanvanklik in terme van religieuse doelwitte nie veel bereik nie. Sendingstasies is in sommige gevalle wel as basisse vir vlugteling beskou. In ander gevalle is hulle gesien as "tegniese assistente of diplomatieke raadgevers van stamkapteins." *Bhebe (1977:28)* sluit aan by dié siening, as hy uitbrei op die beskouing wat Lobengula oor westerse

sendelinge en blanke sakelui gehad het. Volgens hom is Lobengula se siening deur twee faktore beïnvloed.

In die eerste plek was hy as koning die spirituele hoof, of geestelike leier van die Matabele. Dit sou hom gevolglik direk in botsing met die sendelinge bring, wat ver wag het dat hulle ‘n ander God moes aanbid. Dit is dus strydig met die posisie van Lobengula. Aan die ander kant, was Lobengula en sy ryk, volgens Bhebe, op daardie stadium baie arm en sy benadering teenoor sendelinge en sake-lui was dat hy ekonomies uit hulle moes voordeel trek, ongeag of hy van hulle hou of nie.

In direkte kontras hiermee was Livingstone en die ander sendelinge se doel om die inheemse “tradisionele inwoners” van Afrika “verbeterde lede van die menslike spesie te maak” deur ‘n geïntegreerde benadering van “Christenskap, handel en beskawing” (*Hallet, 1974:493*).

Thomas Pakenham (1991:xvi) gaan hiermee akkoord dat Livingstone oortuig was dat slawehandel die hart van Afrika vernietig, dat die antwoord nie gewapende teenreaksie is nie, maar eerder ‘n drie-ledige alliansie tussen “Mammon, God en sosiale progressie” (*Commerce, Christianity, Civilization*).” Afrika was volgens *Dickson Mungazi (1992:6)* vir die destydse Europeër persepsieel ‘n donker kontinent wat beskaaf moes word en wat van hul barbaarse agtergrond bevry moes word.

Vir die Europa van daardie tyd was die “African” niks meer as ‘n kommoditeit nie - “*raw material to be employed in the service of the white man.*” Hierdie persepsie wat *Mungazi (1992:xiv)*, ‘n “Westerse beskouing” noem en wat daarop neerkom dat hulle die inheemse Afrika-mense van ‘n minderwaardige kulturele oorsprong gesien het, sou volgens hom die saad vir latere kulturele konflik saai. Hoewel die standpunt van Mungazi, vanuit ‘n wetenskaplike navorsings-perspektief gesien, baie duidelik ‘n growwe veralgemening is, is dit vanuit die konteks van die konflikresolusie-perspektief gesien, vermeldingswaardig. Dit dien as bevestiging van die waarneming dat die diepliggende kulturele konflik nie slegs ‘n Europese/blanke-fokus nie, maar ook ‘n baie duidelike Afrika/swart-gerigte fokus het.

Die konflik het dus ‘n multi-kantige karakter, wat nie slegs op blank-swart antagonisme dui nie, maar ook op swart-blank antagonisme. Méér nog, dat dit ‘n aangeleentheid is waarvan die eskalerende dimensies daarvan, op beide party-politieke speelveld en akademiese navorsingsterrein, beleef word. Hierdie multi-kantige karakter bevorder pogings om konflik-eskalerende etiketering te ontwikkel en te institusionaliseer, as sogenaamde algemeen-aanvaarbare lewensbeskouings en realiteite.

In wese dien die waarneming as motivering vir die behoefte aan diepliggende versoening waarin beide kante van die konflik-spektrum, ‘n verantwoordelikheid tot deelname het aan ‘n versoeningsproses waarin, inklusiewe belydenis, -vergifenis en -herstellende geregtigheid, die sleutelkriteria vir sukses is.

Vanaf die 1860’s tot die laat 1890’s het ander blanke groeperinge soos jagters, handelaars, prospekterders en avonturiers vanuit ZAR, Matabeleland en Masho-

naland begin besoek. Van hierdie groepe sou met verslae vorendag kom dat die gebied ryk aan vrugbare grond en goud sou wees. Toe Duitsland egter in 1885 Suidwes-Afrika annekseer, het dit by Brittanje die persepsie van 'n potensiële kompeteerder in Suidelike-Afrika gevestig. Brittanje het toe Betsjoeanaland in 1886 as 'n protektoraat in die gebied van die Tswana gevestig en só Britse politieke teenwoordigheid tot aan die grense van Matabeleland gebring (*Hallet, 1974:494*).

Van Aswegen (1980:293) glo dat die anneksasie van Betsjoeanaland eintlik teen die gees van die destydse Britse beleid was wat, in daardie stadium, gegrond was op die behoud van invloedssfeer sonder territoriale verpligtinge. Die gebeure moes egter direk in verband gebring word met wyere ontwikkelinge waaronder gebeure in Suidelike-Afrika en meer spesifiek die ideale van Cecil John Rhodes, wat as lid van die Kaapse parlement, die anneksasie van Betsjoeanaland gepropageer het. Hy het immers die ideaal van 'n groot Britse Afrika-ryk gehad. Vir hom was die Betsjoeanaland-gebied die sleutel tot die handels- en minerale-rykdomme van die binneland. Die gebied noord van die Limpopo het hy as 'n tweede Witwatersrand beskou, wat ten alle koste bekom moes word. Betsjoeanaland was die strategiese omseilingsroete tot uitskakeling van die republieke van die Oranje-Vrystaat en Transvaal.

Portugal het egter ook hierdie gebied as hinterland beskou. Dit sou meebring dat daar 'n reguit verbindingslyn tussen Angola en Mosambiek ontwikkel kon word, wat haar invloedssfeer sou vorm. Met dit in gedagte het Portugal, volgens Van Aswegen, ook die steun van Frankryk en Duitsland geniet. Daarbenewens het Pres. Paul Kruger van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR), na die ontdekking van goud op die Witwatersrand, die gebied ten noorde van die Limpopo as natuurlike hinterland van sy republiek beskou. Teen dié agtergrond het hy in 1886 PJ Grobler na Lobengula gestuur wat op 6 Junie 1886 op 'n vriendskapsverdrag uitgeloopt het (*Van Aswegen, 1980:294*). Kort voor lank sou Matabele- en Mashonaland midde-in die kern van 'n Europese stryd om dominante invloedssfeer beland, aangesien nie slegs Brittanje nie, maar ook die ZAR en Portugal 'n belangstelling begin toon het in die grondgebied tussen die Limpopo en Zambezi (*Hallet, 1974:494*).

Bond en Manyana (2003:3) argumenteer dat Europese en blanke toetrede in hierdie periode, teen die agtergrond van die globale konteks en die geo-politieke onstabieleit wat daar in Europa geheers het, beoordeel moet word. Dit sou egter, volgens hulle, wel teen die middel en laat 1890's die grondslag lê vir diepliggende konflik op rasse, politieke en ekonomiese grondslae. Die gronde hiervoor was, volgens *Bond en Manyana (2003:3)*, die implementering van 'n kapitalisties-gefundeerde dualistiese ontwikkelingsstrategie gedurende die laaste derde van die negentiende eeu:

“Increasing geopolitical turbulence included the 1885 carve-up of the continent during the Scramble for Africa at a Berlin negotiating table, which can be traced tocapitalism’s uneven development during the last third of the nineteenth century, particularly the City of London’s crucial role in mediating the development of a world economic system. Excess financial capital that

could not find profitable outlets in London and Paris found its way to southern Africa.”

Van Aswegen (1980:294) verklaar dat hierdie gebeure, maar veral die optrede van die ZAR, Rhodes tot aksie aangepor het. Hy het gevolglik vir die sendeling, JS Moffat, vroeg in 1888 na Lobengula gestuur, wat tot die bekende Moffat Treaty op 11 Februarie 1888, gelei het. Ingevolge dié ooreenkoms sou Lobengula aan niemand grond afstaan sonder die “voorkennis van die Britse Hoë Kommissaris” nie. Op dié wyse is die planne van die ZAR en die Portugese geneutraliseer. Volgens *Hallet (1974:45,47)* was hierdie belangstelling om invloedsfere te bekom, eerstens deur die grondliggende veranderinge in Europa wat deur sosio-ekonomiese vernuwing en transformasie-dryfvere gemotiveer is. Daarbenewens het die visies van individuele leiers ook ‘n kernrol in die “Scramble for Africa” gespeel. In hierdie opsig, was Rhodes ‘n prominente figuur, aangesien hy die droom van ‘n tweede Witwatersrandgebied gehad het (*Pakenham, 1991:375-377*). Uiteindelik het Rhodes se agente, in samewerking met Moffat, in Oktober van dieselfde jaar (1888) die Rudd-koncessies verkry wat aan Rhodes se BSAC volle minerale regte verleen het.

Volgens *Bhebe (1977:39)* was die Rudd-koncessies die gevaarlikste dokument wat Lobengula in sy termyn as koning geteken het, aangesien dit die eerste stappe tot die “opsaal van die perd van kolonialisme” in Matabele- en Mashonaland was. Die okkupasie van Mashonaland deur die vestiging van Fort Salisbury in September 1890 en die daaropvolgende Order-in-Council van 1891, (*Van Aswegen, 1980:294*) asook die latere oorloë in 1893 en 1896 was, volgens Bhebe, ‘n logiese nagevolg van die ondertekening van die koncessie en die uiteindelijke vernietiging van die Lobengula koninkskap.

Volgens *Bhebe (1977:33)* was die motivering vir Lobengula se besluitneming die beveiliging van sy koninkryk teen blanke invalle. Rhodes en sy amptenare het egter daarin geslaag om hul politieke magsideale agter kommersiële belange verskuil te hou. Dit het hulle laat slaag om Lobengula te mislei. Na die ondertekening van die Rudd-koncessies sou Lobengula beheer oor die proses van blanke-infiltrasie verloor. Saamgesien met sy gekompliseerde verhoudinge met die Shona sou hierdie gesamentlike faktore uiteindelik tot sy val in 1893 lei (*Bhebe, 1977:33*).

Volgens *Bhebe (1977:42)* het Lobengula se besluit om die koncessie-dokument te onderteken tot ernstige konflik in sy eie geledere gelei, veral toe bevind is dat hy inderwaarheid sy politieke koninkryk weggeteken het. Die gevoel onder sy volgelingen was dat Lobengula in botsing met die voorouers opgetree het wat die gebied vir hul nageslag bekom het. Vir die Matabele- en die Mashona- komponente van die Lobengula-ryk het hy dus ‘n flater begaan met verreikende religieuse gevolge, aangesien dit hom, vanuit die animistiese perspektief gesien, in konflik met sy gestorwe voorouers gebring het – die werklike eienaars van die koninkryk en grond.

Die praktiese implikasies was egter dat die blanke nedersetters, onder die vaandel van die British South African Company (BSAC), hul weinig aan Lobengula gesteur het. Na die verkryging van die “Charter” was daar geen verdere keer nie. Die

oktrooi het immers aan die maatskappy wye finansiële en administratiewe magte oor 'n vaag-afgebakende gebied verleen (*Van Aswegen, 1980:294*).

Rhodes het kort hierna, die besetting van Mashonaland beplan. Hulle sou vir hierdie doel teen September 1890, Fort Salisbury vestig, in die naam van Koningin Victoria (*Sylvester, 1991:17*). Die BSAC het hierna die nodige stappe geneem om kapitaal in die hande van blankes en multi-nasionale maatskappye, te plaas *Sibanda (1989:31)*. 'n Goeie voorbeeld hiervan, was die toekenning van grond aan individuele blanke spekulante en mynmaatskappye:

“The Africans were expelled from their choice land and through a system of land segregation were confined to areas of poor soil and unreliable rainfall. For example, the first reserves allocated to the Ndebele people in the early 1890’s, Gwaai and Shangaan were so barren, remote and uninhabitable, better described as cemeteries not homes” (Sibanda, 1989:31).

Hierna sou die grondwerk begin om, in die woorde van Rhodes, 'n westerse-staatsvorm, in die gebied, te vestig (*Sylvester, 1991:17*). *Van Aswegen (1980:294-295)* wys daarop dat dit geen maklike taak was nie, gegewe die feit dat Portugal nog steeds op daardie stadium Mashonaland en Manicaland as hul invloedssfeer beskou het. Die onderhandelinge tussen Britanje en Portugal, rakende 'n ooreenkoms oor die grense van hul onderskeie invloedssfeer wat vanaf 1888 geloods is, was, met die vestiging van Fort Salisbury in Mashonaland, nog nie afgehandel nie. 'n Voorlopige ooreenkoms sou in November 1890 bereik word en later op 11 Junie 1891 gefinaliseer word (*Van Aswegen, 1980:295-296*). Kort hierna, in 1891, is 'n “British Order in Council” uitgereik waarvolgens Mashonaland tot 'n Britse Protektoraat verklaar is.

Die implikasie hiervan was dat die grondslag gelê is vir BSAC beheer en 'n semi-verteenwoordigende regeringstelsel, bestaande uit 'n eksklusief blanke saamgestelde Wetgewende Raad. Die meerderheid hiervan was aangestelde lede, sommige verkose en 'n regering bestaande uit 'n administrateur met ministers en verskillende departemente, onder andere, 'n departement wat oor “naturelle” aangeleenthede verantwoordelikheid gehad het (*Sylvester, 1991:17*). Volgens Sylvester het die geneigdheid bestaan om die werksaamhede van die departement te ignoreer, aangesien die persepsie bestaan het dat beide die Shona en Matabele, hoogs tevrede was met die koms van die blankes. Die BSAC sou beheer uitoefen oor die finansiële en spekulasiëkapitaal asook oor die terrein vir toetreding tot die gebied.

Teen 1891 het Lobengula en sy Matabele volgelinge, volgens Bhebe, alle vertroue in die blankes verloor en hulle in die lig van die gebeure as ongeloofwaardig gedefinieer. Intussen het 'n rebellie ook in sy eie geleedere gebroei, veral onder kapteins wat ontevrede was met die magsposisie van die blankes. Daarbenewens het die Shona die teenwoordigheid van die blankes gebruik om die Matabele-mag te misken. deur byvoorbeeld te weier om hul jaarlikse heffings aan Lobengula te betaal. Lobengula was as gevolg hiervan in 'n politieke oorlewingsstryd gewikkel (*Bhebe, 1977:44-45*). Die uiteinde hiervan was dat die probleme tussen die Matabele en die Shona sou uitloop op die Anglo-Matabele-oorlog van 1893.

Sylvester dui aan dat die aanval wat Lobengula in 1893 op Fort Victoria geloods het as ‘n strafmaatreeël teen die plaaslike Shona, deur Rhodes verdraai is, as sou dit ‘n poging wees om Mashonaland aan te val. Onder die voorwendsel dat die Shona beskerm moes word, is ‘n kommando op die been gebring wat Lobengula se magte by Bulawayo verslaan het. Lobengula het gevlug en die BSAC het die mag oor Matabeleland en al die gebiede waarvoor Lobengula beheer gehad het, oorgeneem (*Sylvester, 1991:19*). Belangrik hier is egter dat die 1893-weerstand die saad gesaai het vir ‘n evolusionêre ontwikkeling van wat hy ‘n anti-koloniale stryd noem - motivering wat sou bydra tot die opwekking van ‘n nasionale bewussyn en wat uiteindelik ‘n era van “mass nationalism” in die laat 1950’s ingelei het (*Sibanda, 1991:33*).

Vir deelname aan die aanvalle op Matabeleland, is die huursoldate elkeen vergoed met 6000 akker grond en 20 goudkleims. In die proses is 90 000 beeste van die Matabele gekonfiskeer, die mees vrugbare landbougrond onteien, hut-belasting ingestel en reservate gevestig vir die gedwonge hervestiging van verowerde Matabele in die noorde en noord-weste. Hierdie en latere soortgelyke stappe, sou as primêre motiveerders dien vir die ontwikkeling van ‘n radikale en aggresiewe “peasant” nasionalistiese bewussyn, soos in die 1970’s gesien sou word. Dit is en bly van die belangrike konflikwortels in Zimbabwe se geskiedenis, met beduidende impak op die post-2000-beleidsgrondslae (*Martin & Johnson, 1981:46-47*).

Hiermee saam het ‘n ernstige droogte, sprinkaanplae en ‘n runderpes, Matabeleland geteister. Die BSAC-regering het, in reaksie daarop, duisende beeste in Matabeleland van kant gemaak, ten einde die verspreiding van runderpes te stop. Waar daar in 1893, 200 000 beeste in Matabeleland was, was daar as gevolg van hierdie optrede teen 1897 slegs 14 000 beeste in besit van Matabele en Shonas in die hele Rhodesië. Hierdie optrede is uiters negatief deur die inheemse bevolking ervaar, en religieuse/sprituele verklarings is daarvoor gebied. Die bevolking het geglo dat die droogte, sprinkaanplae en runderpes die gevolg was van die setlaars wat nie vrede met die grond kon maak nie. Die religieuse sanksionering vir ‘n lang uitgerekte chimurenga, is dus reeds aan die einde van die negentiende eeu in Matabeleland gelê. Die fatale flater van die Europese toetreding tot die gebied moet, meer as enigiets anders, gesoek word in die wyse hoe daar met grond omgegaan is en hoe daar in dié proses op belangrike geestelike waardes getrap is. Méér só, gesien die ignorering daarvan in die latere staatkundige ontwikkelingsprosesse in Rhodesië. *Martin en Johnson (1981:44)* som dit as volg op:

“This was due to the Mashona concept of land as something very sacred – cinonyera – belonging to the whole tribe but held in trust by the chief and elders whose duty it was to allot it to those who needed it. Land that was given to an individual did not become his property.....land was sacred because it contained the graves of ancestors.,.....the land in which the ancestors were buried was not only sacred but it was also the link between the past and the present and future members of the tribe. Once the Mashona realized what was happening an uprising was inevitable, and in this the spirit mediums, the link between the dead and the living, were to play a vital role.”

In 1896 sou 'n tweede opstand volg wat saamgeval het met die beplande Jameson-inval van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Volgens *Sylvester (1991:21)* is die eerste aanvalle uitgevoer deur oorblyfsels van die Matabele staat. Die gevegte sou hierna noordwaarts uitbrei en Shona-kapteinskappe insluit. Rhodes het 'n tweeledige strategie gevolg deur te poog om grondregte ten gunste van die Matabele te onderhandel, terwyl hy die aanvalle in die noorde probeer onderdruk het, onder andere, deur te poog om twee geestesmediums, Nehanda en Kagubi op te spoor en gevange te neem. Die gevegte het tot 1897 voortgeduur toe die Britse imperiale magte die beheer begin oorneem het. Later sou 'n akademiese debat ontstaan of die spirituele mediums wel sentraal in die konflik geïmposeer was, al dan nie. Ranger argumenteer dat dit wel die geval was, terwyl Cobbing en Werbner in 'n meerdere en mindere mate met Ranger daaroor verskil (*Sylvester, 1991:21*).

Martin en Johnson (1981:49) sluit aan by die idees van Ranger oor die religieuse legitimiteit van die 1896-1897 oorlog en die invloedryke rol wat die spirituele mediums daaraan verleen het. In dié opsig was die rol van plaaslike mediums, volgens hulle, die eintlike kernmotiveerders vir opstand. Veral twee mediums het belangrike impak gehad – Kagubi (die medium was Gompores-humba) wat veral in die Hartley-gebied aktief was. Die tweede was 'n vrou, Nehanda. Sy was veral in die Mazoe-gebied aktief. In hierdie oorlog is 'n totaal van 450 blankes dood. Beide mediums is gevang en in Maart 1898, tereggestel (*Martin and Johnson, 1981:49*).

Volgens Lan het Charwe, die medium van Nehanda, later jare 'n belangrike mobilisasiebron vir die tweede chimurenga geword. Daar word vertel dat met Charwe se teregstelling in 1898, sy skynbaar voorspel het dat *“my bones will rise”* om vryheid vanaf die blankes terug te wen (*David Lan, 1985:4*). *Daneel (1970:30-31)* stem saam met Ranger oor die rol van veral die Mwari-kultus in die 1896-1897 oorlog. Hy argumenteer dat hulle nie die oorlog veroorsaak en opgewek het nie. Hulle het eerder die seël van religieuse goedkeuring geplaas op 'n besluit wat die gemeenskap as geheel alreeds geneem het. Daneel laat hom soos volg hieroor uit:

“The importance of the Mwari cult in providing the rebels with sufficient religious sanction for action, in co-ordinating Ndebele and Shona movements during the initial stages of revolt and in continually relaying Mwari’s advice to outlying districts, is clearly illustrated in the roles played by some of the main cult officials.....(Daneel, 1970:31-33).

Belangrik is egter ook Daneel se opmerking dat die Mwari-boodskappers, na die onderdrukking van die rebellie, nie dadelik 'n afname in aktiwiteite beleef het nie. Volgens hom was Mwari-boodskappers vanaf 1900 – 1923 steeds sterk aktief en het selfs Naturelle kommissarisse in hul verslae aangedui dat die moontlikheid van Mwari-geïnspireerde plaaslike opstande nie onmoontlik was nie (*Daneel, 1970:34*). Die periode na 1897 is hoofsaaklik gekenmerk deur 'n tydvak van nie-gewelddadigheid. In dié tyd wou die BSAC, Britse koloniale regering en die blanke setlaars aan die eenkant hul ekonomiese en politieke mag konsolideer. Aan die ander kant het, die landelike Matabele- en Shona-groepeerings in reaksie op die verlies van ekonomiese en politieke mag, met 'n proses wat *Ranger (1985:31-47)*

“self-peasantization” noem, begin. In reaksie op die konsolidering van blanke mag sou ‘n werkersklasbewussyn in samehang met ‘n groeiende “peasant”-bewussyn ontwikkel, wat later in ‘n klaende Afrika nasionalistiese bewussyn sou ontaard.

‘n Belangrike opmerking kom van *Daneel (1970:35)*, dat die latere verandering na verantwoordelike selfregering in 1923, tot ‘n gesindheid van wanhoop in die binnekringe van die Mwari-priesters gelei het. Die feit dat hulle nie die verwagte bevryding en veranderinge kon teweeg bring nie, het by hulle die persepsie geskep dat die Shona hul geloof in die vermoë van Mwari, om hulle van die blanke te bevry, verloor het. Dit het waarskynlik tot ‘n styging in lidmaatskap onder die Afrika onafhanklike kerke bygedra, ‘n verskynsel wat, persepsieel bevestig word deur emosies van ontreding in die geleedere van sommige tradisionaliste en wat op daardie tydstip in talle van hulle religieuse liedere neerslag gevind het, waarvan die volgende aanhaling ‘n voorbeeld is:

‘Ay, the unburnt pot [white man] has spoilt the world...Yelele, the unburnt pot handles the world, twisting it, Yelele, we are troubled....Yelele, the God who is in heaven has given us his back; The God who is at the roof has thrown us away like dogs, Yelele, the Mwali in heaven has given us his back.’” (Daneel, 1970:35).

Die Mwari-kultus en -priesters het egter nie hul invloed ten volle verloor nie. Veral onder die Karanga- (Suid-Mashonaland) en ander Shona-groepe was en is hulle steeds invloedryk. Hulle het veral ook hul politieke invloed behou met die opbloei van swart nasionalisme in die vroeë 1950’s (*Daneel, 1970:35*).

Belangrik is ook die interpretasie van akademië en nasionalistiese leiers van Zimbabwe self. So argumenteer *Sibanda (1989:34-37)* dat die 1896-1897 weerstand van ‘n landelike karakter was en dat beide die tradisionele politieke en religieuse leierskap daarby betrokke was. Hierdie weerstand sou later as die eerste oorlog om bevryding, of die eerste chimurenga, bekendstaan en beide Matabele en Shona insluit. Dit was ‘n bykans landswye weerstand, wat alle klasse van die samelewing, d.w.s. regeerders, ondergeskiktes, tradisionele religieuse leiers, ou mans, vroue en kinders, ingesluit het. Prominente Shona politieke en tradisionele geestelike leiers was volgens hom Kaguvi, Mbuya Nehanda en Kaptein Makoni. Prominente Matabele-leiers was byvoorbeeld Mkwat, Siginyamatshe, Umlugulu, Mwabani en Mpotshwana.

As redes vir die opstande voer *Sibanda (1989:35-36)* aan dat:

1. grondonteiening,
2. besitname van Matabele-beeskuddes na die 1893-oorlog,
3. gedwonge arbeid en onaanvaarbare werksomstandighede op blanke plase,
4. lae arbeiderslone,
5. die uitbreek van natuurrampe soos runderpes, droogte en sprinkaanplae het ‘n psigologiese atmosfeer vir weerstand geskep, soos ang en oorlewingsnood weens die impak daarvan, toegeneem het,

6. uitgebreide en stygende blanke vestiging,
7. die proletarisering van die kleinboere,
8. besitname van Shona-beeskuddes deur die BSAC as vorm van belastingplig,
9. **Sibanda (1989:38-39)** verduidelik dat die organisering van weerstand sterk beïnvloed is, deur die pre-koloniale politieke en sosiale stelsel en die bestaande politieke en ekonomiese kompetisie wat destyds geheers het. In dié verband is die weerstand baie sterk beïnvloed en gemotiveer deur die rol van religieuse figure, die sogenaamde spirituele mediums. Hulle is in dié tyd as die “Redders” van die onderdrukte gesien en was, vanuit daardie perspektief, die religieuse konsensusdraers vir die stryd teen blanke regeerders,
10. die rol van die Matabele-stamstelsel in die organisering van die opstand. Sibanda wys daarop dat alle sosiale groepe in daardie statesisteem, naamlik die Zansi, Nhla en Hole, die opstand ondersteun het.
11. die doel van die opstand was fundamenteel gerig op die herstel van die historiese konteks en status quo:

“...to get rid of the trader-farmers, the miners and the tax collectors, a rejection of the colonial mode of production, an expression of African independence.”

Volgens Sibanda het die opstande nie gepoog om ‘n *‘trans-stamstelsel’* te skep nie en dat dit waarskynlik die rede is waarom talle dink dat die opstande ‘n reeks afsonderlike vorme van weerstand was eerder as ‘n eenheids-“chimurenga”. Dit was, volgens Sibanda, ‘n chimurenga gemotiveer deur gelokaliseerde motiewe in die sin dat dit vir die Matabele gegaan het om die herstel van hul eertydse bestel, nou onder ‘n nuwe koning.

Vir die Shona het dit gegaan om die herstel van hul eertydse politieke onafhanklikheid en dominansie oor die langafstandhandelsnetwerke. Teen hierdie agtergrond het beide Matabele en Shona verenig teen ‘n gemeenskaplike vyand - die beëindiging van koloniale dominansie. In dié sin sou dit later die inspirasie word vir die skepping van ‘n moderne – nasionale identiteit en *raison d’être*, oor stamgrense heen, met as doel die bevryding van politieke, sosiale en ekonomiese marginalisasie. Na die 1896-1897-opstande het weinig politieke aktiwiteite egter vanuit die Matabele- en Shona-geledere na vore gekom, met die uitsondering van geïsoleerde, onsuksesvolle weerstandsgevalle (**Sibanda, 1989:38-39**).

Bond en Manyana (2003:3) argumenteer dat een van die redes waarom die BSAC en blankes in Matabele en Mashonaland die opstande van 1893 en later ook 1896-1897 kon onderdruk, te danke was aan die invloed van oorsese kapitaal na Suider-Afrika, gedurende die middel 1890’s:

“Through brutal means – land and cattle expropriation, various taxes, cattle-dipping and grazing fees, debt peonage etc – the colonists then began forcing African peasants off their land and into the mines, commercial farms and nascent factories. In large part the systematic reproduction of the migrant workforce,..... was carried out by unpaid rural women, who were often displaced from good farming areas to the arid, overcrowded Tribal Trust

Lands.....the Racial basis for capitalist superexploitation was cemented when the new colony's financial bubble burst in 1898...the Rhodesian route to riches was in reality a financial disaster.” (Bond and Manyana, 2003:3).

Bond en Manyana (2003:3-4) glo die feit dat goudreserwes nooit, in die mate wat Rhodes verwag het, ontdek is nie, uiteindelik daartoe gelei het dat ‘n skuif na ‘n meer permanente inwaarts-georiënteerde ekonomiese benadering gevolg is. Minder vertrou was op goudonttrekking, maar meer klem is wat hulle ekstreme klasse en rasse-apartheid, genoem het, geplaas. Ooreenkomstig hierdie strategie is duisende blankes vanaf Brittanje en Suid-Afrika, gewerf, om ‘n landelike petit-bourgeoisie te vorm wat op Matabeleland en Mashonaland se beste landbougrond gevestig is, ten koste van die inheemse massa. Mettertyd sou ‘n ekonomiese invoervervangingstrategie deur plaaslike vervaardigde en gesubsidieërde produkte geïmplementeer word.

Hulle argumenteer voorts dat in die tydperk tussen *1896 en 1923* ‘n ongelyke sosio-ekonomiese ontwikkelingsgrondslag struktureel en sistemies gevestig is. Dit sou deur die jare ‘n kenmerk van die Rhodesiese sosiale konstruksie word en is deur opeenvolgende regerings verder uitgebou as heersende samelewings-waardestelsel. ‘n Waardestelsel, wat indien nodig, deur magsmiddele afgedwing en in stand gehou is. Voorbeelde hiervan word deur *Bond en Manyana (2003:3-4)* asook *Pareesh Pandya (1988:32-33)* identifiseer:

1. grootskaalse grond en beeste/vee onteienings,
2. verskillende vorme van belastingopleggings,
3. beesdip- en veevoerkosteheffings asook,
4. daglonerskap,
5. die institusionalisering van ongelykheid deur die wetgewing van: ‘The 1898 Town Location Regulations’; ‘Native Registration Ordinance van 1898’; ‘Matabeleland Cattle Proprietary Regulations’; ‘Settlement of Colonial Natives in Kaffir Kraals Prohibition Regulations’; ‘Village Regulations’; ‘Master and Servants Act’ asook die ‘Immorality and Indecency Ordinance’ (datum onbekend).

Hierdie wetgewing het ten doel gehad om politieke, ekonomiese en sosiale mag in blanke hande te konsolideer en om kompetisie, ooreenkomstig ‘n rassebasis, asook sosiale inter-aksie oor kultuurgrense heen, te beheer. Dit het ook die beweging van die swart afrikane in die landelike en stedelike gebiede beperk. Laag-besoldigde en laaggeskoolde hande-arbeid is hierdeur ook vir swart afrikane gereserveer terwyl die reservaatstelsel ook in dié tyd gevestig is.

Op die politiek-staatkundige terrein is die BSAC se magte na die Matabele-oorlog van 1893 verder uitgebrei. Die meganisme hiervoor was die ‘Matabeleland Order in Council’ van 1894 waarvolgens beheer oor Matabeleland by dié van Mashonaland gevoeg is (*Wood, 1983:35*). *Sylvester (1991:22)* wys egter ook op die impak wat die 1896-1897 opstande op die rol en gesag van die BSAC as maatskappy gehad het.

In die eerste plek het die opstande ‘n groot finansiële las meegebring. Die inval in Transvaal, het vir beide Jameson en Rhodes politieke skade berokken. Blankes het gevoel dat hulle nie genoegsaam deur die BSAC tydens die opstande beskerm is nie en het aangedring op ‘n sterker verteenwoordiging in die koloniale besluitnemingsprosesse. Brittanje het in reaksie op die gebeure, sy beheer oor sake verstewig. Die 1898-“Order in Council” (*Windrich, 1975:3*) was een van die belangrikste meganismes in dié verband. Hiervolgens het die imperiale regering stappe geneem om groter beheer oor die administrasie van Matabeleland en Mashonaland te verkry.

Verdere uitvloeisels van die 1898-‘Order in Council’ was, onder meer, dat ‘n plaaslike kommissaris die Hoë Kommissaris sou verteenwoordig. ‘n Imperiale kommandant-generaal het die hoof van die polisie en gewapende magte geword. Daarbenewens is ‘n Wetgewende Raad gevestig waarin die blankes geregtig was om ‘n minderheid lede te verkies (*Windrich, 1975:3*). Die nagevolge van die 1896-1897-opstande was gevolglik aan die eenkant ‘n proses van staatkundige bemagtiging vir die blankes en aan die ander kant, die politieke, ekonomiese en sosiale ontmagtiging van die Matabele- en Shonagemeenskappe (*Martin & Johnson, 1981:46-49*).

Vir die Matabele en Mashona was dit die plant wat die saad van nasionalistiese bewussyn, wat later tot radikale nasionalisme sou eskaleer, gesaai het (*Sibanda, 1989:39*). Ander gevolge van die 1898-“Order in Council” was dat die plaaslike kommissaris ‘n belangrike simbool van konflik sou word. Die beperkte stemreg wat ingestel is, het eienaarskap en/of bewoners van onroerende eiendom as voorvereiste gestel. Salisbury en Buluwayo is beide tot munisipaliteite met nege raadslede elk verklaar. Die inheemse swart bevolking het nie verteenwoordiging op plaaslike owerheidsvlak ontvang nie (*Windrich, 1975:3*). *Joshua Nkomo (1984:7)* argumenteer dat die besetname van Matabeleland en Mashonaland in 1897 daartoe gelei het dat vrees vir blanke mag ontwikkel het:

“At the end of that war the commander of the invading soldiers sent out his men to shoot and kill at least two thousand natives, at random, to instil fear of the white man in the native. The settlers then established a loot committee to share out the cattle and other livestock, and to parcel out our land into estates.”

Lawrence Vambe (1976:1) wys daarop dat een van die direkte gevolge van die 1896-1897-opstande en die daaropvolgende ‘Order in Council,’ was dat die Christelike geloof en kerk ‘n groterwordende invloed en magsrol begin vervul het. In dié verband, sluit Vambe aan by die vroeëre aanhaling van Daneel oor die insinking wat die Mwari-kultus beleef het teenoor die opbloei van die opkomende onafhanklike kerke. Vambe dui aan dat die veranderinge ook ‘n impak op die gesagsbasis van die tradisionele leierskap gehad het. In só ‘n mate dat die tradisionele stamleierskap hul outonome besluitnemingsbevoegdheid, selfs oor die alledaagse aangeleenthede van stamlede, verloor het. Volgens hom het die kerk by monde van die sendelinge en in alliansie met die politieke magshebbers, ‘n proses van kulturele transformasie begin. ‘n Proses wat daarop ingestel was om die stamlede tot ‘n westerse kulturele stelsel op te voed.” Vambe stel dit soos volg:

“He (Paramount Chief Mashonganyika) realized that he could not try to find a new settlement for his people outside Chishawasha without the Native Commissioner and the Church raising all sorts of objections..... no longer able to defend the old ways of tribal life under an alien religious authority, no longer a people with a single identity..... there was nowhere in the whole country where Africans could live without interference from the hydra of white political, economic and administrative control” (Vambe, 1976:1-2).

Die BSAC se naam het egter, volgens Sylvester, ook as gevolg van die opstande skade gely. Ten einde die BSAC se naam in ere te probeer herstel, het Rhodes in 1897 probeer om nuwe beleggers te trek en ook om verhoudinge met die plaaslike blanke bevolking te herstel. Vir hierdie doel het hy ‘n oorspronklike beskrywing in die aanvanklike “charter” geïmplementeer, naamlik, die bou van ‘n spoorlyn. Die implikasie hiervan was dat teen 1903 die vraag na arbeid die aanbod daarvan met 25% oorskry het (*Sylvester, 1991:22*). Blankes het egter toenemend agterdogtig teenoor die Matabele- en Shona-inwoners geraak en die gedagte van permanente skeiding, behalwe waar dit gaan om die noodsaak van tydelike arbeid vir die plase, myne en huiswerk, ondersteun. Hulle het geglo dat dit die enigste beskermingsmeganisme vir blankes in die 20ste eeu sou wees (*Sylvester, 1991:22*).

Martin en Johnson (1981:59) glo dat die sentimente vroeg in beleidsraamwerke omskep is en dat dit veral tot diskriminasie op die terreine van grondverspreiding, onderwys- en werksgeleenthede neerslag gevind het. As voorbeelde hiervan word die ***“Master and Servants Act” van 1901*** genoem wat alle swartes wat as huisbediendes, in die landbou of mynbou werksaam was, van die reg tot vakbonddeelname en -aktiwiteite uitgesluit het. Dit het hulle van die reg tot loononderhandelinge en kollektiewe bedinging uitgesluit. Dit het ook tot gevolg gehad dat geen minimum lone deur die regering vasgestel is nie, maar volledig aan die normale markkragte oorgelaat is. ‘n Tweede voorbeeld wat *Martin en Johnson (1981:59)* noem, is die ***“African Labour Regulations Act” van 1911***. Hierdie wetgewing het gefokus op swart arbeiders (huisbediendes en geskoolde werkers uitgesluit) wat met hande-arbeid in die mynbou, akkerbou, veeboerdery, handel en vervaardigingssektore bedrywig was. Hiervolgens het dit onwettig geword om aan swartes, wat alreeds in diens by ‘n bepaalde werkgewer was, ‘n beter arbeidskontrak aan te bied ten einde hom aan te moedig om sy dienskontrak te beëindig.

Die Wetgewende Raad het ‘n Naturelle Arbeidsburo gestig om werkers vir die myne te werf. Die impak daarvan was ‘n groei in die getal swart werkers van 7000 tot meer as 37 000 tussen 1904 en 1911. In dieselfde periode het die getal blanke werkers volgens Sylvester van 949 tot 2255 gestyg (*Sylvester, 1991:22*). In die periode 1907 – 1911 het die getal blanke boere met 82% gegroei. Baie van hierdie boere was volgens Sylvester arm Afrikaners wat na die Anglo-Boere oorlog na die gebied getrek het. Vir hulle was dit belangrik om eiendomsreg, lae spoortariewe en BSAC-geborgde landbou-navorsingsdienste te ontvang. Teen 1914 het 2040 blanke boere volgens Sylvester reeds 74 251 hektaar mielies en tabak verbou. Die tekens vir ‘n skuif vanaf ‘n mynbou-georiënteerde na ‘n landbou-gedomineerde ekonomie het volgens *Sylvester (1991:23)* reeds in daardie tyd begin deurskemer. Belangrik is egter, veral Sylvester se argument, dat die

grondslag van 'n rasgebaseerde, klasse-samelewingsordening in hierdie tyd begin posvat het. *Sylvester (1991:23)* verduidelik dit as volg:

“...People from classes which never had much leisure to dispose of tried to emulate the British upper classes and succeeded instead in creating a nouveau riche culture.....Along with patriarchy there was racism .”

Volgens Sylvester het die Matabele en Mashona as verdedigingsmeganisme, hulle beywer om die kommoditeitsproduksie-sektor as kleinboere te betree ten einde die opsie om vir blankes te werk, te ontduik. Dit het volgens haar sosiale differensiasie in die landelike gebiede geskep. 'n Speelveld wat beide die staat en die kapitaalmagte toenemend sou benut (*Sylvester, 1991:23*). Oor die motief, impak en gevolge van die blanke toetrede tot Matabele- en Mashonaland en die uiteindelijke beheeroorname daarvan, verskaf *Dickson Mungazi (1992:13-15)* 'n aantal perspektiewe vanuit die gesigspunt van die teorieë van Paulo Freire, wat vanuit 'n konfliktoledende perspektief gesien, oorweging verdien.

Volgens Mungazi is die kolonialisering van, Zimbabwe, in die *eerste plek* 'n geweldsdaad deur die Britte teenoor die inheemse swart bevolking. In die *tweede plek* was die beleid wat tot die daad aanleiding gegee het, 'n produk van samewerking tussen sosiale wetenskaplikes, politici en Christen sendelinge. In die verband beklemtoon hy dat die Berlynse konferensie van 1884 sendelinge in 'n etiese dilemma geplaas het. Hulle moes besluit tussen, aan die eenkant die najaging van die Christelike beginsels van universele broederskap en gelykheid, teenoor die bevordering van die Britse kultuur en kommersiële belange onder die oortuiging dat dit die hoogste vorm van Christelike ideale verteenwoordig. Die besluit wat hulle, volgens Mungazi, geneem het, was om nie die beginsels van gelykheid tussen rasse te verkondig nie, maar eerder dat Britse gesag aanvaar moet word as 'n sanksionering van God self, ter verlossing van die swart bevolking (*Mungazi, 1992:13*).

Sy *derde* argument is dat die implementering van koloniale beleidsrigtings gegrond op hierdie denkrigtings, oorwegend die werk van individue was wat Britse imperialisme in Afrika wou bevorder. Rhodes was 'n prominente figuur in dié verband. Hy wys daarop dat Rhodes persoonlik 'n uitgesproke propogandis van die minderwaardigheid van die “Afrika kultuur” was en dat hy dit onder meer as sy motivering ter verkryging van die “Royal Charter” beklemtoon het:

“British culture would be advanced more effectively by subsequent colonization of Zimbabwe as the first stage of establishing a British colonial empire in Africa.” (Mungazi, 1992:14).

Hy wys voorts daarop dat Rhodes in 1889 oor die minderwaardige Afrika- kultuur uitgebrei het in die volgende woorde: ***“The Natives are children, and we ought to do something for their mind.”*** Deel van hierdie roeping, was om die blankes en hul christelike waardesisteem, teen 'n moontlike diktatuur van swart-Afrika-onbeskaafdheid te beskerm. Hierdie paradigma is deur die jare as motivering gebruik vir die implementering van 'n aantal maatreëls wat die politieke en ekonomiese mag in die hande van (volgens die tradisionele swart afrika kulturele perspektief gesien), 'n kultureelvreemde minderheid (blanke minderheid) sou

plaas. Ter illustrasie word enkele voorbeelde hiervan vermeld ten einde die impak op die eskalاسie van die konflik aan te toon:

Eerstens, die protektoraatsverklaring van Mashonaland ooreenkomstig die 9 Mei 1891 ‘Order-in-Council’; *Tweedens* die deurvoering van fundamentele grondwetlike veranderings gegrond op die 1898-‘Order-in-Council’ en die dogmatiese en radikale wyse hoe die belange en lewe van die swart afrikaan daardeur geadministreer is.

Volgens hierdie wetgewing het die koloniale regering die tradisionele rol en besluitnemingsmag van kapteins en hoofmanne drasties verander deur van hulle betaalde koloniale amptenare te maak. Die kapteins moes sekere administratiewe funksies vervul soos die bekendmaking van regeringsbevele, aanmeld van misdaad, dood, verdwyning en siektes, asook die bekendmaking van enige vreemdelinge en nuwelinge in hul distrikte of stamgebiede. Daarbenewens moes hulle mannekrag vir militêre diens voorsien. Hulle kon ook slegs met die Administrateur kommunikeer of skakel via die Distriks-Bantu-kommissaris. Hoofmanne is deur die sekretaris van Bantu-sake op aanbeveling van die kapteins aangestel en was regstreeks aan die kapteins vir die uitvoer van hul funksies verantwoordelik. Hulle het die rang van konstabels gehad met die mag om Swart Afrikane te arresteer. Voorts moes hulle die boodskappers assisteer en die vestiging van nuwe krale voorkom, of die verskuiwing van bestaandes verhoed. Dit was in skerp botsing met hul tradisionele rol en leefwyse.

‘n Naturelle departement is gestig, wat later ‘n afsonderlike administrasie vir die inheemse swart Afrikane sou word. Die magte en pligte van die Bantu kommissaris, kapteins, hoofmanne en boodskappers is volgens ‘n Westerse interpretasie gedefinieer. Politieke mag oor die swart Afrikane is in die hande van ‘n Administrateur-in-rade geplaas wat verantwoordelik was vir die aanstel van kapteins, asook vir die amalgamasie en onderverdeling van stamme. Hy was by magte om kapteinskappe te onthef en sy gesin na ander grondgebiede te verskuif. Hierdie stappe, asook die mag om oor die oorerfbaarheid van kapteins, hoofmanne ens. te besluit, was politieke en kulturele keuses wat die tradisionele inheemse regeringstelsel van die tradisionele Afrikaan asook die tradisionele sensitiwiteite daaroor, geïgnoreer het. Die afwesigheid van interaktiewe dialoog was waarskynlik hiervoor verantwoordelik. Die impak daarvan sou egter vir jare gevoel word, soos ‘n groeiende, klaende en later aggressiewe nasionalisme, in die landelike gebiede ontwikkel het (*Grundling, 1988:80-81*).

In die *vierde plek* wys hy daarop dat hierdie houding van Rhodes daartoe gelei het dat die Matabele en Mashona effektief van enige vorm van dialoog uitgesluit is. Daardeur het Rhodes volgens Mungazi die omstandighede geskep vir die ontwikkeling van ‘n gunstige omgewing vir die vestiging van identiteit, kultuur en ras as ‘n endemiese en ernstige bron van konflik tussen blank en swart. Volgens Mungazi het Rhodes die persepsie geskep dat hy weinig vir die gevoelens van die swart bevolking omgee (*Mungazi, 1992:15*). Teen hierdie agtergrond beklemtoon Mungazi dat dit juis hierdie onvermoë van die Europeërs is om die swart afrikaanse legitieme bevraagtekening van die koloniale stelsel raak te sien, wat tot hul groot ontnugtering sou aanleiding gee en uiteindelik tot die ontwikkeling van ‘n ernstige rasse- en kulturele konfrontasie in die latere Zimbabwe sou lei.

Mungazi (1992:18) stel 'n belangwekkende vraag oor wat die siening van die Afrikane was, weens die feit dat hul lewe deur 'n koloniale regering beheer sou word. Volgens hom moes hulle besluit of hulle sou weerstand bied teen die ingrype in hul samelewing en kultuur deur 'n verwerping van Westerse tipe onderwys en lewenswyses, of aan die ander kant om daarby aan te pas, as die nuwe spelreëls vir oorlewing. Om weerstand te bied kon lei tot 'n nuwe militêre konfrontasie, waarvoor hulle op daardie stadium nie gereed was nie. Hy wys daarop dat 'n sewetal gebeure vanaf 1890 tot 1923 hulle oortuig het om, ter wille van eie oorlewing, hulself te onderwerp. Hierdie gebeure sluit onder andere, die volgende in: die vernietiging van Lobengula se dinastie in 1893, die instelling van die "Hut Tax Ordinance" in 1894, die "Native Registration Regulations" van 1897, die "Education Ordinance" van 1899 en 1901, die "Land Ordinance" van 1900 asook die 1923-referendum en voortspruitende besluit tot verantwoordelike selfregering.

Sibanda (1989:40) wys daarop dat die koloniale sisteem 'n nuwe klas swart semi-stedelike proletariaat geskep het (40 000 mynwerkers en 15 000 werkers in die hoof stedelike sentra). Daarbenewens was daar danksy die migrasie van werkers na die Suid-Afrikaanse myne 'n berekende getal migrasie-proletariaat aan die ontwikkel. Die onderwysstelsel, sowel as die kerk was ook verantwoordelik vir die skepping van 'n klein groepie Afrika petit bourgeoisie in die vorm van onderwysers, boodskappers, tolke, klerke en religieuse ampsdraers.

Volgens Sibanda het hierdie groepe binne die politieke en ekonomiese raamwerk van kolonialisme hul anti-koloniale stryd gevoer. Hulle het nie gepoog om die koloniale mag en strukture omver te werp nie. Hulle het eerder 'n reformistiese anti-koloniale stryd probeer voer, waarvolgens hulle hul beywer het vir die aanspreek en verandering van ekonomiese griewe, die beywering vir politieke kompromie, akkommodasie en oorlewing. Hulle het hul veral vir swart deelname, respek en verteenwoordiging beywer, binne die konteks van die koloniale politieke en ekonomiese prosesse (**Sibanda, 1989:40**). Prominente rolspelers in dié verband was die Rhodesian *Bantu Voters Association*, *Rhodesian Native Association*, *Southern Rhodesian Branch of the Industrial and Commercial Workers Union* en uit kerklike geleedere, onafhanklike bewegings waaronder die *Shiri Chena Kerk*, *Zioniste en die Afrika Apostoliese Kerk* (**Sibanda, 1989:41-43**).

2.3.2 Vestiging van verantwoordelike selfregering

2.3.2.1 Inleiding

Soos die getal blankes in die gebied toegeneem het en uiteindelik 'n meerderheid in getalle bo die van die BSAC-verteenwoordigers in die Wetgewende Raad bereik het, het druk op die Britse regering toegeneem om aan hulle verantwoordelike selfregering toe te staan. Dit sou uiteindelik in 1923 tot die beëindiging van die BSAC-regering lei.

Aangesien die vraag van ekonomiese lewensvatbaarheid op die tafel was, moes daar ook besluit word tussen verantwoordelike selfregering aan die eenkant en

inlywing as ‘n vyfde provinsie by SA, aan die anderkant. Dit is belangrik om in dié verband in gedagte te hou dat Brittanje nie gretig was om ekstra finansiële laste te dra nie. Die rede hiervoor was dat hul reeds omvangryke uitdagings ten opsigte van, veral ekonomiese rekonstruksie in die naloop van die WO I, moes dra. Teen hierdie agtergrond het die destydse koloniale sekretaris, Winston Churchill, ‘n kommissie onder voorsitterskap van Lord Buxton (die destydse Goewerneur-generaal van die Unie van SA) aangestel oor wanneer en met watter beperkings, verantwoordelike regering aan Suid-Rhodesië toegestaan moet word. In sy terugvoer aan Churchill het die Buxton-kommissie die volgende aanbevelings gemaak:

“(2) That before Responsible Government is actually granted, the electors of Southern Rhodesia should be given a definite opportunity of expressing their opinion for or against its adoption..... A scheme of Responsible Government should therefore, be drawn up in detail and placed before the electors for their acceptance or rejection.....(4) by means of a referendum..... the Natives should be secured in their existing position, and ensured against discriminating disabilities or restrictions..... with regard to the natives, the existing authority and control of the High Commissioner under the Southern Rhodesian Order in Council of 1898 should be substantially maintained..... a Land Board should be created, and the control of the unalienated land should be exercised through the High Commissioner on the advice of the Land Board”(Windrich, 1975:1-8).

2.3.2.2 Totstandkoming van Suid-Rhodesië en die aanvaarding van diskriminerende wette

In reaksie op die Buxton-verslag is daar ‘n referendum op 22 Oktober 1922 gehou. In ‘n 79% deelname (blanke stemgeregtigdes) het 8774 ten gunste van verantwoordelike selfregering gestem en 5989 ten gunste van inlywing by die Unie van Suid-Afrika. Nadat ‘n finansiële ooreenkoms met die BSAC bereik is, het die gebied wat voorheen as Matabeleland en Mashonaland bekend gestaan het, op 30 Julie 1923 die Kolonie van Suid-Rhodesië geword, met Sir Charles Coghlan as eerste minister. Op 1 Oktober 1923 het die Kolonie van Suid-Rhodesië se eie grondwet in werking getree (*Windrich, 1975:9*).

Die grondwet het voorsiening gemaak vir ‘n parlementêre regeringsstelsel, ooreenkomstig die Westminster-model. Tussentredende magte is ooreenkomstig die 1923-grondwet wel aan die Britse regering toegeken - veral ten opsigte van wetgewing, natuurlike administrasie-aangeleenthede, asook aangeleenthede wat verband hou met die sogenaamde “Crown Land Agent” en die salaris van die goewerneur. Ooreenkomstig die 1923-grondwet is daar, onder andere, voorsiening gemaak vir die instelling van ‘n Naturelle Departement met Hoof Naturelle kommissaris, Superintendent van Naturelle Sake, Naturelle kommissaris en Assistent-Naturelle kommissaris. Artikel 41 van die grondwet het bepaal dat geen beperkende maatreëls, wat nie ook op blankes van toepassing is nie, op “naturelle” van toepassing sal wees nie. Artikel 42 het egter bepaal dat die grondgebied, bekend as Naturelle Reservate, wat ooreenkomstig die “Southern Rhodesia Order in Council” van 1920 tot stand gekom het, eksklusief vir naturelle bewoning sal voortbestaan. Artikel 47 van die grondwet het voorsiening gemaak vir die vestiging van naturelle rade in die onderskeie reservate. Hierdie rade sou bestaan uit die verteenwoordigers van die plaaslike kapteins en ander naturelle inwoners.

Die doel daarvan was gesprekvoering en konsultasie oor aangeleenthede wat die betrokke inwoners van die reservate direk raak. Die rade kon ook magte vanaf die Goewerneur-in-rade verkry vir die bestuur van plaaslike aangeleenthede (*Windrich, 1975:10-14*).

Die regering van Suid-Rhodesië het in die periode vanaf 1923 tot 1945 (met die einde van WO II) as beginsel, 'n beleid van "racial non-competition" gevolg. Hierdie beleid was 'n verskuilde vorm van ongelyke ontwikkelingsbeleid, gegrond op rasse kriteria (*Sylvester, 1991:29-36*). Dit beteken dat selfregering in blanke hande was. Onbetwisde oppergesag deur die blanke ras was die primêre dryfkrag in hul gedagtes en psige. Prominent in dié verband, was Sir Charles Coghlan as die eerste premier van die selfregerende periode. Die verslag van die Morris Carter-kommissie (1925) is in dié uitgereik. Die implementering van sekere van die aanbevelings sou egter eers vyf jaar later, tydens die era van die tweede premier, Howard Moffat, die grondslag vir 'n geografiese verdeling van Suid-Rhodesië ooreenkomstig rasse-kriteria lê. In ooreenstemming met blanke sentimente het die kommissie aanbeveel dat rasseseiding 'n noodsaaklikheid vir die toekomstige ontwikkelingspad van Suid-Rhodesië was (*Vambe, 1976:50-51*).

Die beleid is later deur 'n sterk eksponent, Godfrey Higgings (wat in die dertigerjare premier sou word), as 'n twee-piramide ontwikkelingsbeleid gedefinieer. Volgens hierdie beleid moes swartmans - prokureurs, mediese dokters, bouers, joernaliste, priesters, landbouers ens., in hul eie gebiede kon word met beskerming teen blanke kompetisie. In dieselfde konteks, moes daar 'n blanke piramide wees, waar die veronderstelling was dat swartmans hul arbeid beskikbaar kon stel, maar dat dit slegs tot assistering van die blanke kan wees, maar nooit in kompetisie nie. Die belange van elke ras sou dus in sy eie gebied of sfeer domineer (*Sylvester, 1991:35-36*).

'n Kernwetgewing wat aan die beleid van geen rassekompetisie moes rigting gee, was die *Grondverdelingswet van 1930* ("**Land Apportionment Act**"). Dit was 'n kernwet wat weerstand by die swartes ontlok het. Hiervolgens het blankes 20 miljoen hektaar grond ontvang, teenoor die 9 miljoen hektaar aan swart persone. Die implikasie hiervan was, grootskaalse verskuiwing van swartes vanaf grondgebiede waarmee hulle historiese, geestelike en ekonomiese bande gehad het. Die wetgewing het ook aangedui dat swart persone slegs grond in spesifiekvastgestelde gebiede mag aankoop, die sogenaamde "*native purchase areas*."

Die regering het 2,8 miljoen hektaar aan swartes toegewys in gebiede wat bekend was daarvoor dat dit van swak grondgehalte was en dat markte daarvandaan ook baie ontoeganklik was (*Sylvester, 1991:35*).

Die regering van Howard Moffat het die eerste tree op die weg van geografiese segregasie tussen rasse gegee, deur die implementering van die 1930-grondverdelingswet. Die werklike impak en gevolge van die wetgewing is eers in die regeringstyd van die Rhodesian Front gevoel. Die aanvanklike, oënsynlike steun vir só 'n wetgewing onder die swart bevolking, was gegrond op gebrekkige inligting oor die ware doel en motiewe van die Morris Carter-kommissie (*Vambe, 1976:50,54,56*).

Muzorewa, latere eerste minister, was een van dié wat die praktiese impak van die verskuiwings gevoel het. Die Makoni-stam (die stam van sy ouma aan vaderskant) was van die eerstes wat verskuif is en wel vanaf die vrugbare landbougebiede van die Headlandsstreek, halfpad tussen die destydse Salisbury en Umtali. Die gebied van die Makoni-stam het oor 'n afstand van honderd myl tussen bogenoemde twee stede gestrek. Volgens hom het verskuiwings gewoonlik gepaard gegaan met 'n maksimum van 6 maande kennisgewing sonder enige kompensasie. Sy verwante het op daardie stadium besluit om hulle op 'n plek genaamd, "Murango," te vestig (ongeveer 5 myl vanaf Inyazura). Hulle is egter vir 'n tweede keer verskuif ten einde plek te maak vir die vestiging van 'n blanke boer. Dit was volgens hom die ervaring van duisende ander mense vanweë, wat hy emosioneel, "land-grabbing of the Europeans", noem (*Muzorewa, 1978:2-3*).

Shamuyarira verwys ook na die gedwonge verskuiwing van 113 000 swartes tussen 1936 en 1959 vanaf blanke plaasgebiede. Hy wys ook daarop dat die gebiede wat aan die swart bevolking toegeken is, 'n bewonerslas gedra het wat 14 keer meer was as dié van die blanke gebiede. Daarteenoor het die blankes slegs een sewentiende van die bevolking uitgemaak, maar ten spyte daarvan, meer as 'n derde van die grond bekom in gebiede bekend vir grondvrugbaarheid, nabyheid aan markte en gunstige toevoerroetes. Desondanks hierdie voordele, het die blankes slegs 3,5% van hul bewerkbare grond onder verbouing gehad, teenoor die 10,4% van die swartes in die reservate en aankoopgebiede. Daarbenewens was talle groot plase deur afwesige blanke eienaars besit, wat dit slegs in vakansietye besoek het vir ontspanning en perdry-ekskursies (*Shamuyarira, 1965:80-81*).

In sy toespraak op 26 Augustus 1980 voor die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies, wys Mugabe daarop dat die gedwonge verskuiwings inderwaarheid reeds lank voor die Grondverskuiwingswet toegepas is. Volgens hom was die Matabele en Mashona reeds vanaf 1894 deur die destydse grondkommissie van hul grond vervreem, in omstandighede van armoede, oorbewoning en oorbeweidings geplaas, wat hul gedwing het om as laagbesoldigdes op blanke plase te werk. 'n Reeks wetgewings het hierdie posisie van swartes geïnstitusionaliseer (*Mugabe, Department of Information, August 1980:3*).

Blanke sentimente ten gunste van volkome segregasie van die swart bevolking het in die vroeë dertigerjare drasties versterk. Die tradisionele steunbasis van die regerende Rhodesian Party, kon nie meer stand hou teen die segregasie-gesinde momentum wat die nuut gestigte Reform Party, onder leierskap van Godfrey Martin Huggins, as amptelike opposisie, opgebou het nie (*Vambe, 1976:60-61*).

Selfs nie die besluit van die Rhodesian Party om Moffat in 1933 met George Mitchell as party- en regeringsleier te vervang, kon die doodsklokke wat vir die regerende party gelui het, stop nie. In die daaropvolgende 1933 nasionale verkiesing het Huggins se Reform Party 16 setels verower, die Rhodesian party, 9 en die Arbeiders Party, 5. Huggins is gevolglik op 6 September 1933 as nuwe eerste minister van Suid-Rhodesië ingesweer. Die sterk steun wat Huggins geniet het en sy uiteindelige magsoorname, was te danke aan sy segregasiebeleid wat op absolute skeiding neergekom het, teen die agtergrond van veral sy beleid teenoor die swart bevolking: "(to).....complete apartheid, so that black and white had no reason to rub shoulders in their respective spheres" (*Vambe, 1976:60*).

Wat die blankes van die Huggins-regering verwag het, was in die eerste plek volkome beskerming teen swart kompetisie en tweedens, dat institusionele en wetlike hulpmiddele aangewend moes word vir dié doel.

Hierdie missie van die blankes was in die vroeë dertigerjare en die gepaardgaande verkiesing van die Reform Party onder Huggins se leierskap, die kritiese draaipunt op weg na 'n negatiewe en destruktiewe ontwikkelingsgang in Suid-Rhodesië vir die swartman. Vambe argumenteer dat die deurvoering van die **Industrial Conciliation Act** in 1934 teen die agtergrond van die beskerming van die blanke werker teen swart kompetisie gesien moet word. Saam met die "**Land Apportionment Act**" vorm dit die fondament van blanke opperheerskappy in Suid-Rhodesië (Vambe, 1976:62-63).

Dié beleid van "racial non-competition" is in dié tyd gewetstaaf nl. dat die "**Industrial Conciliation Act**" (waarvolgens werks/beroepskompetisie tussen blank en swart beëindig is), 'n belangrike eksponent hiervan was (Sylvester, 1991:34). Ooreenkomstig dié wet is swart persone uitgesluit van die term "werknemer" vir die doeleindes van amptelike bedinging tussen werkgever en werknemer (Martin and Johnson, 1981:60). Ten einde hierdie beskerming te ontvang, het blanke werknemers hul reg om te staak, prysgegee (Sylvester, 1991:34). Wood (1983:59-60) wys daarop dat die "**Industrial Conciliation Act**" teen die agtergrond van die Groot Depressie gesien moet word, aangesien die "informele kleurslagboom" in dié tyd geïgnoreer is, ten einde goedkoper swart arbeid in diens te neem.

Martin and Johnson (1981:60) verduidelik dat die "**Industrial Conciliation Act**" alle werkers, met uitsluiting van diegene in die landbou, staatsdiens en huisbediendes, ingesluit het. Dit het voorsiening gemaak vir werkgever-werknemer onderhandelings vir geskoolde werkers, (oorwegend blankes) terwyl die aangeleentheid van alle ander werkers (veral swart werkers) deur nywerheidsbeheerrade gereguleer is. Hierdie nywerheidsbeheerrade was aangestel deur die Minister van Arbeid. Hul samestelling was nie 'n produk van onderhandeling nie. Nywerheidsrade kon slegs met die steun van werkgewers (bestuur) gevorm word en enige ooreenkomste wat hulle vir die swartwerkers beding, moes vir goedkeuring aan die minister van arbeid voorgelê word. Hy het die mag gehad om dit te wysig indien hy sou oordeel dat dit in botsing met die belange van verbruikers en die publiek as geheel was. Mugabe (1980:4) verwys na hierdie proses as wetlike, politieke en ekonomiese manipulasie deur die regerende blanke élite oor die swart Rhodesiese bevolking en werkers.

Vambe (1976:62-63) argumenteer dat die wet die beginsel gevestig het dat die land van blanke geskoolde arbeid eerder as swartarbeid afhanklik sou wees. Daarbenewens is 'n stelsel van slegs blanke vakmanskapopleiding ingevoer met die goedkeuring van die regering. Die implikasie hiervan was dat swartes oopgelaat is vir totale uitbuiting deur enige werkgever. Hulle kon immers nou nie meer wettig aan vakbonde behoort nie. Hulle kon ook nie nywerheidsopleiding ondergaan nie en ook nie wettig staak om te beding vir 'n verbetering van werks- en lewensomstandighede nie. Dit het in praktiese terme daartoe gelei dat geskoolde swart werkers deur blanke geskooldes vervang is. Volgens Vambe is die boodskap informeel deur middel van advertensies en ander bronne

gekommunikeer dat dit die “patriotiese plig” van die handel en nywerheid is om meer blanke werkers in diens te neem (*Vambe, 1976:62-63*).

Die vraag wat in hierdie verband gevra kan word, is wat die rol van Brittanje in dié verband was, gegewe die grondwetlike reg wat hulle ooreenkomstig die 1923-grondwet gehad het om beheer uit te oefen oor alle kwessies verbandhoudend tot swart aangeleenthede? Vambe oordeel dat Brittanje om een of ander rede nie hierdie reg gebruik het nie en in die proses toegelaat het dat die blankes die een oorwinning na die ander behaal het op weg na hul strewe om te regeer, sonder Britse inmenging (*Vambe, 1976:63*).

Oor die vraag rakende die gesindhede van die swartman in daardie tyd en hoe hy oorleef het, laat Vambe hom soos volg uit: *“It was within this social, economic and political framework that I was to grow up to manhood. Economically circumscribed, politically proscribed and socially not tolerated by the ruling minority, it was a fearful prospect, in which any progress could only be achieved as a result of toughness and stubbornness, plus a certain measure of luck. My contemporaries who did not have these assets were crushed by the system and forced to join the millions of other anonymous black people, to whom an existence without discrimination and a life of freedom and dignity with reasonable guarantees of full education and other forms of self-expression were, as they still are, only abstract ideas (Vambe, 1976:64).”* Van hierdie realiteite van ontmagtiging, glo Vambe, het die meeste blankes nie kennis geneem nie. Sy persepsie van die blanke was dat hy elke mislukte poging van die swartman om te kwalifiseer vir beter lone, vir stemreg en hoër onderwys, nie as ontmagtiging verstaan het nie, maar eerder as ‘n teken van tipiese gebrekkige intelligensie (*Vambe, 1976:65*).

Sylvester (1991:35) wys daarop dat die beleid van nie-rasgebaseerde kompetisie verder aangevul en versterk is deur die 1936 *“Native Registration Act”* waarvolgens swart mense verplig is om toestemming te verkry om stedelike gebiede te besoek of daar werk te soek. *Nyangoni (1978:22)* voeg die *“Colour Bar Act”* van 1934 by as voorbeeld van die ontvouing van die segregasionistiese beleidsrigting wat die Huggins-regering ingeslaan het. Hiervolgens was rassevermenging en interaksie op sosiale vlak verbode en was swartes verbied om dieselfde hotelle, toilette, treinkompartemente, busse, poskantore, teaters en bioskope as blankes te gebruik. Sien ook tabel 3.2 wat ‘n kontrolelys van ‘n aantal wetgewing vervat, in geen opsig volledig nie, maar wat as voorbeelde dien vir statutêre maatreëls wat tot ‘n proses van konflik-eskalasie aanleiding gegee het.

Shamuyarira (1965:28-30) argumenteer dat die swart bevolking hierdie veranderinge nie maar net goedsmoeds aanvaar het nie. Hy wys daarop dat die eerste bewys van ontevredenheid reeds met die 1893-rebellie navore getree het. Hy wys daarop dat dit drie jaar later, in 1896, in ‘n volskaalse oorlog ontaard het, waaraan beide die Shona en Matabele deelgeneem het. Die Matabele sou hierna verskillende pogings aanwend om hul eertydse koningskap as afsonderlike staat herstel te kry, waaronder ‘n onsuksesvolle deputasie na koning George. In 1920 sou die *Rhodesian Bantu Voters Association* in Bulawayo gestig word, asook die *Rhodesian Native Association*, in Mashonaland. Die Rhodesian Bantu Voters Association het hul beywer vir:

“1. To safeguard the interest of the Bantu people domiciled in Southern Rhodesia. 2. To be the medium of expression of representative opinion, and to formulate a standard policy on Native Affairs for the guidance of Parliament. 3. To endeavour to secure co-operation with the powers that be.....We believe that justice must be done to our people and their legitimate rights be respected; we believe that only by means of industrial education, a test of Christianity, our people will rise gradually in the scale of civilization and that religion must be fostered to grow as the true foundation of a man’s character. Work shall be effected by constitutional resolutions and peaceful propaganda, and by consulting the Native Affairs Department, MP’s and Missionaries” (Shamuyarira, 1991:30).

Die *Rhodesian Native Association* het aan die ander kant gefokus op die landelike gebiede van Mashonaland. Hulle wou veral die behoeftes van hierdie mense aan die regering stel en veranderinge vir hulle beding. Hulle wou eger ook die tradisionele kapteinskappe moderniseer deur effektiewe opleiding om aan te pas by die nuwe realiteite onder ‘n blank-beheerde politieke bewind (*Shamuyarira, 1965:31*).

In 1934 het Aaron Jacha die eerste *Southern Rhodesian African National Congress (SRANC)* gevorm wat veral hul steunbasis vanuit die swart inwoners in die stedelike gebiede getrek het. Volgens Shamuyarira was die beweging egter nooit só effektief in stedelike gebiede, in terme van steunwerwing, soos die vakunies nie. Die SRANC het nie lank as ‘n beweging standgehou nie, hoewel dit in die veertigerjare weer ‘n opbloei sou beleef onder leiding van die kerkleier, Thompson Samkange (1945) (*Shamuyarira, 1965:36*) en later ook toe Joshua Nkomo in 1948 as president daarvan verkies is (*Nkomo, 1984:45*). *Mugabe (1980:4)* stem hiermee saam en wys daarop dat die SRANC se weerstand teen die diskriminerende wetgewing en beleidsrigtings in só ‘n mate onderdruk is, dat die SRANC feitlik geheel en al verlam is.

Shamuyarira (1965:31) wys op die insiggewende feit dat beide die Rhodesian Bantu Voters Association, Rhodesian Native Association en die SRANC sterk beïnvloed is deur organisasies in Suid-Afrika, waarvan veral die SAANC (tans die regerende ANC) in dié verband belangrik is.

Redes wat hy hiervoor aanvoer is, onder meer, vanweë die feit dat die meeste geskoolde swartes in Suid-Rhodesië na Suid-Afrika vir sekondêre en tersiêre opleiding gegaan het. Andere het na Suid-Afrika as werkers in die stedelike gebiede en myne gegaan en is ook daar beïnvloed deur die politieke organiseringsprosesse. Hy wys ook daarop dat die drie organisasies almal, in terme van konflikgedrag, samewerking met die regering in hul onderskeie organisatoriese grondwette beklemtoon het. Die grootste swart steun in hierdie eerste twee dekades van self-regering is egter, volgens hom, aan die leiers van die vakunies gegee en hulle het ook meer effektief weerstand teen regeringsbeleidsrigtings as bogenoemde 3 organisasies gebied (*Shamuyarira, 1965:32*). Hy verwys voorts dat die vakunies gegroei het onder die inspirasie vanuit Suid-Afrika en dat veral Clemens Kadali (wat oorspronklik ‘n Tonga uit Nkata Baai in Malawi is) in dié verband prominent was.

Vambe (1976:95) wys daarop dat Kadali vanaf 1916 tot 1917 in Bulawayo werksaam was. Hy sou later in 1919 in SA die Industrial and Commercial Workers Union (ICU) vestig. Talle Rhodesiërs het onder sy invloed gekom tydens hulle migrasie-werksaamhede in SA. Later in 1927, sou hulle sy toestemming verkry om 'n Rhodesiese tak van die ICU te stig. Uiteindelik het dit in 1929 gerealiseer met Masotsha Ndlovu as sekretaris-generaal en Charles Mzingeli as organiserende sekretaris. Die Rhodesiese ICU sou in dié tyd ook noue bande met die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party handhaaf.

Kadali het veral aanvalle op die sendelinge en die distrikkommissarisse van Suid-Rhodesië geloods. Volgens *Shamuyarira (1965:32)* het Kadali die sendelinge daarvan beskuldig dat hulle die swart bevolking se ingesteldheid tot die blanke regering sodanig versag dat dit lei tot 'n gesindheid van berusting en instemming van hul gesagsoutoriteit.

Die konflik-gesindhede wat in die tyd teenoor die blanke regeerders en die sendelinge bestaan het, was duidelik deur Ndlovu uitgebeeld in sy aanval op die kerk: *“Masotsha attacked the Church for asking people to close their eyes and pray to God, while the Europeans were opening their eyes to take African land” (Shamayurira, 1965:32)*. *Shamuyarira (1965:34)* glo dat die grootste rol wat die Rhodesian ICU vervul het, waarskynlik gesetel was in hul pogings om stamvoorkeur in die vroeë nasionalistiese beweging, maar ook in ander aspekte van die lewe, te probeer verwyder. Een metode was hul vermoë om sterk op 'n geïntegreerde inter-etniese basis te organiseer in beide Mashona- en Matabeleland. Op die wyse is Shona-organiseerders in Matabeleland en Matabele organiseerders in Mashonaland aangewend.

2.3. Die Federale opsie: Nyassaland, Noord- en Suid-Rhodesië

Dit was ook gedurende die post-1923 periode waartydens die debat oor amalgamasie en federalisme tussen die Britse Kolonies van Sentraal-Afrika (Nyassaland, Noord-Rhodesië en Suid-Rhodesië) opnuut momentum gekry het (*Verrier, 1986:35*).

Wood (1983:16) wys, byvoorbeeld, daarop dat die gedagte van vereniging tussen veral Noord- en Suid-Rhodesië reeds van vroeg in die twintigste eeu geopper is. Hy meld dat die BSAC belange in beide gebiede gehad het en daarom ten gunste van amalgamasie was. Die Suid-Rhodesiese Wetgewende Raad het inderwaarheid 'n besluit in dié verband in 1917 geneem. Die verkose lede was met 'n stemming van agt teen vier daarteen gekant. Die meerderheid is egter verkry vanwee die steun daarvoor, vanuit die genomineerde lede. As gevolg van hierdie rede, het die BSAC besluit om nie met die gedagte voort te gaan nie.

Die blankes van Suid-Rhodesië het op daardie stadium (1917) selfregering ondersteun. Volgens *Wood (1983:16)* was hulle bevrees dat die moontlikheid om die ideaal te bereik, skade sou ly indien die blanke-swart bevolkingskoers van 1 tot 27 (soos dit volgens hom in Suid-Rhodesië was) tot 1 tot 60 vergroot, sou Noord- en Suid-Rhodesië amalgameer. Die aangeleentheid sou egter vir die volgende elf jaar onaangespreek gelaat word.

Die Hilton Young-kommissie is hierna aangestel ten einde die toekoms van Britse gebiede in Oos- en Sentraal-Afrika te ondersoek. Die verslag wat in 1929

beskikbaar gestel is, was erg verdeeld. Die meerderheid van die komiteelede was byvoorbeeld ten gunste van 'n federale bedeling tussen Kenia, Uganda en Tanganyika, met uitsluiting van Nyassaland en Noord-Rhodesië. Ander komiteelede het gevoel dat die status quo ten opsigte van Nyassaland en Noord-Rhodesië gehandhaaf word. Uiteindelik was dit ook die benadering wat die Britse Regering op daardie stadium gevolg het. Hoewel inklusiewe gesprek oor die amalgamasieproses tot op daardie stadium, die swart bevolking uitgesluit het, sou hulle wel hul protes laat hoor deur insette te gee vir die *Bledisloe Kommissie* se verslag, wat die Britse Regering in 1938 aangestel het om die situasie in Sentraal-Afrika te ondersoek (*Wood, 1983:17*).

Verteenwoordigers van swart gesigspunte in al drie gebiede (Noord- en Suid-Rhodesië, sowel as Nyassaland) het in 'n ruim mate getuienis van hul teenstand van die kommissie gelewer. Hul grootste weerstand het, volgens Wood (*Wood, 1983:18*), berus op die persepsie dat die magposisie van die Suid-Rhodesiese blankes verder sou uitbrei na Noord-Rhodesië en Nyassaland. Wood dui aan dat die kommissie se aanbevelings uiteindelik teen amalgamasie was - grootliks as gevolg van die diskrepansie tussen die:

“...native policies of the three territories which were less discriminatory in the north but also less successful in terms of material welfare. The Southern Rhodesian African was better off than his northern brother but he was more of a stranger in his own land. The Commission was not prepared to go beyond recommending an inter-territorial council to co-ordinate fiscal policy, transport, development and administration. Nothing further occurred” (Wood, 1983:18).

Die gesprek oor federasie is hiermee vir 'n wyle gestaak weens die uitbreek van die WO II. Daar is wel 'n Sentraal-Afrikaanse Raad in 1944 geskep, soos deur die kommissie aanbeveel is, maar dit het oor geen magte beskik nie en was slegs adviserend van aard (*Wood, 1983:19*).

Intussen het die protes teen die beleidsrigtings van Suid-Rhodesië as selfregerende gebied, voortgeduur. Teen die einde van WO II was daar 'n eskalاسie in die gees van militantheid in Suid-Rhodesië. Swart soldate wat aan die WO II deelgeneem het, was veral gefrustreerd oor die kleinskaalse vergoeding wat hulle ontvang het, in vergelyking met die terugkerende blanke soldate. Hierdie gees van militantheid het, volgens hom, na werkers in die meeste hoofsentra van Suid-Rhodesië versprei. Dit sou lei tot die eerste suksesvolle staking teen die Rhodesiesespoorweg in 1945, met eise van hoër lone en beter werk- en leefomstandighede vir spoorwegwerkers. Die staking sou uitbrei vanaf Bulawayo, na Gwelo, Salisbury en Umtali. Dit sou, volgens *Shamuyarira (1965:36)*, nie slegs lei tot hoër lone nie, maar ook tot die erkenning van die “African Railway Workers Union” deur die regering met die deurvoering van die “Railway Act.”

Die staking is in 1948 opgevolg is deur 'n munisipale werkerstaking oor lae lone, oorbewoning, gebrek aan sanitasiegeriewe in die stedelike woongebiede en werkloosheid (*Mugabe, 1980:4*). Die kernfokusareas van die staking was Bulawayo en Salisbury. Die staking is gelei deur Benjamin Burombo van die British African Voice Association. Die *“Concise Guide to The First Parliament of Zimbabwe” (1984/85:1)* verwys na Burombo as die vader van die moderne nasionalisme in Zimbabwe. Die uitkoms van die staking was die aanstelling van

die Tredgold-komitee wat die vestiging van “Native Labour Boards” aanbeveel het. Op dié wyse het werkers buite die spoorweë hul eerste verteenwoordiging ontvang (*Shamuyarira, 1965:37*).

Burombo en die British African Voice Association het ook in die landelike gebiede teen die 1951-Native Land Husbandry Act en die vermindering van veegetalle gemobiliseer. Die era van militantheid het dus stadig begin ontwaak (*Shamuyarira, 1965:36-37*). Die *Concise Guide to the First Parliament of Zimbabwe (1984.85:1)* stem met Shamuyarira se ontleding van verhoogde militantheid saam en verduidelik dat Burombo die belangrikste eksponent van die swart kleinboer-weerstand teen hul gedwonge verskuiwings, veevermindering en die 1951-Land Husbandry Act geword het. Hy het teenkanting teen kleinboer-verskuiwings in die howe suksesvol verdedig.

Volgens die dokument *Concise* was Burombo se belangrikste bydrae daarin geleë dat hy en die African Voice Association organisatoriese struktuur aan die swart weerstand teen die destydse Suid-Rhodesiese regering, verleen het. Vandaar hul verwysing na hom as die vader van die moderne nasionalisme in Zimbabwe. Aan die einde van 1951 sou swart weerstand in Suid-Rhodesië begin fokus op die voorgestelde federasie tussen Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië en Nyassaland (*Concise Guide to the First Parliament of Zimbabwe (1984.85:1)*).

Mugabe (1980:4-5) kritiseer die weerstandstrategie wat op daardie stadium (die eerste 5 dekades van die twintigste eeu) gevolg is, as oneffektief, deurdat dit die wetlike raamwerk van die politieke sisteem aanvaar het en gepoog het om vryheid binne die raamwerk van die bestaande wet van daardie tyd, te bekom. Hulle strategie, gebaseer op pasifisme, is deur die blanke bewindhebbers bykans geïgnoreer en het ook nie daarin geslaag om georganiseerde opposisie effektief te weeg te bring nie. Dit het tot slegs meer diskriminerende wetgewing aanleiding gegee soos byvoorbeeld die “*Subversive Activities Act of 1950*” en die “*Native Land Husbandry Act of 1951*,” gemik op die vermindering van veegetalle van swart boere.

Na WO II het die blankes in Noord- en Suid-Rhodesië die federale opsie weer eens op die tafel geplaas, ondanks die teenkanting daarvan deur die Arbeidersregering in Brittanje. Dit sou egter nie sonder protes vanuit swart geleedere, vanuit al drie gebiede, gebeur nie. Die SRANC sowel as die swart politieke leierskap van Noord-Rhodesië het in weerstand teen die amalgamasie-gesprekke ‘n konferensie by Fort Jameson beplan. Die gedagte was om ‘n All-African Convention vir dié doel tot stand te bring. Swartes van Suid-Rhodesië was egter verdeeld oor deelname aan die federasie-gedagte.

Uiteindelik het Nkomo en Jasper Savanhu (op daardie stadium die redakteur van African Newspapers), Huggins se uitnodiging om aan die Londen konferensie oor die moontlikheid van ‘n federasie deel te neem, aanvaar. Dit het die verdeeldheid in swartgeleedere, veral diegene binne die All African Convention, verder laat verdiep. Nkomo het die Londen-voorstelle met sy terugkeer verwerp. Savanhu het dit egter aanvaar. Nkomo is, op grond van sy verwerping van die voorstelle, in 1952 tot president van die konvensie verkies. Die konvensie-gedagte het teen September 1952 doodgeloop nadat dit duidelik geword het dat hul opposisie teen federasievorming misluk het. Uiteindelik sou Nkomo en Savanhu aan die

verkiesing om die 2 federale setels vir Suid-Rhodesiese swartes deelneem. Die setels is uiteindelik deur Savanhu en die joernalis, Hove, verower (*Shamuyarira, 1965:38-39*).

Joshua Nkomo (1984:49) bied 'n ander perspektief op sy besluit tot deelname aan die Londen-konferensie. Hy toon aan dat die besluit om deel te neem met die volle wete, instemming en magtiging van die SRANC se uitvoerende komitee geskied het. Hy bevestig dat dit 'n "warm" debat was, veral vanweë die feit dat die SRANC bewus was van die teenkating van hul kollegas in Noord-Rhodesië en Nyassaland. Uiteindelik was die besluit dat hy wel aan die konferensie moet deelneem, ten einde die federasiegedagte te opponeer. Hy en Savanhu is hiervoor in Londen deur die Arbeiders Party-gesinde media as "stooges" van die Huggins-regering afgemaak. Alhoewel nóg die Noord-Rhodesiese nóg die Nyassaland Swartleierskap die konferensie bygewoon het, oordeel Nkomo dat deelname die regte benadering was om totale ignorering van die swartgevoel te verhinder. Volgens Nkomo het hy, met die aanvang van die Londen-konferensie die volgende verklaring uitgereik:

"I announced that I and my colleague were withdrawing. We were doing so in support of the stand of our friends from Northern Rhodesia and Nyassaland....As its president I had consulted the executive of the Southern Rhodesia African National Congress, and I stated categorically that the ANC rejected the idea of federation. Then I walked out, and Savanhu followed." (*Nkomo, 1984:54*).

Uiteindelik sou Brittanje tot 'n federasie instem en sou die grondslag daarvan tydens twee Victoria Falls-konferensies (1949 en 1951) beplan word (*Windrich, 1975:20-22*) en formele beslag kry tydens die grondwetlike konferensie op 23 April 1952 te Lancaster House. Tydens die Lancaster House-konferensie is 'n konsepgrondwet ter tafel gelê en moes uitklaring verkry word oor wat as deelstaatsake en wat as "federale staatsake" geïdentifiseer moes word. 'n Finale grondwetlike konferensie, die Carlton House Terrace-konferensie het in Januarie 1953 plaasgevind. Ooreenkoms is bereik oor die aanhef van die grondwet, die federale gesag en die aard van die magte daarvan, asook die "African Affairs Board" wat sou deel uitmaak van die federale wetgewende gesag. Ooreenkoms is ook bereik dat die "African Affairs Board" uit drie blanke en drie swart lede sou bestaan en dat dit voorstelle sou maak aan die Eerste Minister en die uitvoerende raad oor aangeleenthede wat swart belange sou bevorder. Die konferensie het op 29 Januarie 1953 geëindig met die ondertekening van die konsepgrondwet (*Wood, 1983:314-320; 331-333; 349*).

Die federale grondwet het voorsiening gemaak vir 'n goewerneur-generaal wat die monargie sou verteenwoordig. Dit het ook voorsiening gemaak vir 'n kabinetstelsel met 'n Eerste Minister, aangestel deur die goewerneur-generaal, 'n federale staatsdiens, 'n federale wetgewende gesag, bestaande uit 'n laerhuis (enkelkamer) met 35 lede waarvan 26 verkose lede van enige ras kon wees. Hiervan sou veertien lede vanuit Suid-Rhodesië, agt uit Noord-Rhodesië en vier uit Nyassaland kom. Die oorblywende ses lede was spesiaal-gekose swart verteenwoordiges; twee uit elke deelstaat, asook drie blankes belas met swart belange (*Grundling, 1986:87*).

Een van die kernmikpunte van die federasie was die aanvaarding van die konsep, ‘rasseverenootskap’ as grondslag van die staatkundige raamwerk vir intergroeps-verhoudinge (*Wood, 1983:247*). Die federasie sou op 4 September 1953 totstand kom nadat ‘n referendum daarvoor 62% steun onder blankes in Suid-Rhodesië verkry het en die “Federation of Rhodesia and Nyassaland (Constitution) Order in Council, 1953” deur die Britse Parlement aanvaar is. Huggins (wat Lord Malvern geword het) sou die eerste Eerste Minister van die federasie wees (*Grundling, 1988:87*). Hy sou later op 1 November 1956 deur sir Roy Welensky opgevolg word (*Wood, 1983:272-273*). Die eksperiment sou egter na 10 jaar op 31 Desember 1963 tot ‘n einde kom, nadat Nyassaland en Noord-Rhodesië toegelaat is om hul onafhanklikheid te verkry.

Die voorloop tot hierdie besluit, was die belangrike Monckton-verslag van 1960 wat ‘n moontlike oplossing ondersoek het en waarin geargumenteer is dat dié drie lidlande eintlik totaal ongeskik vir federalisme was. Ter motivering is aangevoer dat een van die gebiede reeds feitlik volledig selfregerend is, terwyl die ander gebiede ondergeskik aan Brittanje is. Suid-Rhodesië was volledig onder beheer van plaaslike blankes terwyl die twee noordelike gebiede in die rigting van swart selfregering, ooreenkomstig koloniale beleid, sou ontwikkel. Oor die impak van die anti-federale sentiment van die swart nasionaliste in die drie gebiede, laat die verslag hom soos volg uit:

“African rejection of closer association had been noticed by the Bledisloe Commission but, nevertheless, the Federation was founded on the hope that African opinion would change. Quite the reverse, African opposition had reached such an intensity that only drastic and fundamental structural changes to the Federation and Southern Rhodesia would dispel it..... ultimately the Federation would have to rest on general acceptance or maintained by force.....No form of federation would survive without popular support, and thus the Commission recommended that under certain conditions, the territories should be given the opportunity to secede” (Wood, 1983:817-818).”

Die federale inisiëringsproses het swart verset, nasionalisme en strewes na bevryding en onafhanklikheid vergroot. Dit sou ook ‘n belangrike stimulus vir die ontbinding van die federasie wees, soos in bovermelde aanhaling gesien kan word. Hierdie strewes het die federasie deurentyd in onstabieliteit gedompel sodat noodtoestande in al drie deelstate afgekondig moes word (*Wood, 1983:676-679*). Labuschagne, argumenteer dat hierdie onstabieliteit verstaanbaar is, aangesien die wêreld elders op koers na onafhanklikheid was, terwyl die federale opsie in teenstelling daarmee, groter beheer aan blanke, Suid-Rhodesië impliseer het.

Mugabe (1980:5) verduidelik die anti-federasie sentiment onder die swart inwoners van Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië en Nyassaland deur daarop te wys dat Brittanje en die blankegemeenskap ‘n sterk argument gehad het oor die moontlikhede dat federasievorming tot sterk ekonomiese groei, ‘n groter mark vir goedere en dienste en buitelandse beleggings sou lei. Dit is egter ook, volgens hom baie duidelik dat die enigste doel met federasievorming die beskerming van blanke belange deur die moontlike vordering op weg van swartregering in die noordelike gebiede, (Noord-Rhodesië en Nyassaland) te vertraag of te verhinder. Hy glo ook dat die federasie misluk het vanweë groeiende internasionale teenkanting, maar veral ook vanweë gekombineerde swart nasionalistiese teen-

stand vanuit al drie deelgebiede daarteen. In dié verband loof hy die aanneming van resoluksie 151 van 1960 deur die VVO waarvolgens onafhanklikwording van kolonies gesteun word. Dit het Brittanje en Frankryk gedwing om die toekenning van onafhanklikheid aan hul eie kolonies te begin oorweeg.

Lawrence Vambe (1976:250-252) vul aan deur die volgende sentimente van swart protes te noem:

1. swart nasionaliste vanuit al drie deelgebiede het nie die motiewe van die vennootskapsgedagte met blankes vertrou nie, gegewe die geskiedenis van verbreekte beloftes en die heersende politieke kultuur en dogma wat oor jare gehandhaaf is.
2. Veral in Noord-Rhodesië en Nyassaland, het swart nasionaliste gevrees dat die Suid-Rhodesiese rassebeleid na die federasie kon oorspoel.
3. Die gees van uhuru het reeds in die res van Afrika posgevat. Vir swartes, ook in Suider-Afrika, was uhuru 'n diepe visionêre strewe, ongeag al die probleme en risiko's wat dit moontlik kon inhou. Ook word geoordeel dat Huggins en die res van die blanke gemeenskap die problematiek en uhuru-ideale nooit verstaan, of na waarde geskat het nie. Die vennootskap-gedagte kon dus nooit opweeg teen die strewe na uhuru (bevryding) nie (*Vambe,1976:250*).

In hul verslag oor die Huggins-regeringstyd in Suid-Rhodesië tydens die federasietydperk, wys die publikasie *Africa South of the Sahara (1984-1985:987)* wel op sekere hervormings wat in Suid-Rhodesië aangebring is. *Sylvester (1991:38)* verklaar dat met die verskuiwing van Huggins na Federale Premier, Garfield Todd van die "United Party" in 1953 as premier van Suid-Rhodesië verkies is. Swart nasionalistiese beweging in Suid-Rhodesië was in die tyd na die afkondiging van die federasie in 1953, sukkelend en bykans vir 2 jaar dormant. Weerstand teen die regering van Suid-Rhodesië was organisatories gefragmenteerd (*Concise Guide to the First Parliament of Zimbabwe (1984/85:1)*). In terme van rasse-aangeleenthede in Suid-Rhodesië was Todd bowendien as 'n liberaal beskou. *Nkomo (1984:66-67)* erken hierdie beskouing van Todd binne die blanke politieke perspektief, maar toon ook aan hoe hy mettertyd deur die swart Suid-Rhodesiërs ervaar is:

"The prime minister was Garfield Todd, a New Zealander with a missionary background, and at one point I had hope that he would allow some measure of African progress. But he was a member of a parliament dominated by that everlasting white electorate, whose main concern was to preserve its short-term privileges. Whenever things got hard, Todd would tell his friends of his would-be liberal principles, then go on to act tough in order to prove to the electorate that they should go on trusting him....it was the Todd government that sent in the police with dogs to put the strikers in their place. When the country's rising prosperity after federation raised African incomes so that it looked as though several hundred more of them would qualify for inclusion on the voters roll, it was Todd's government that raised the property qualifications, pushing even the comparatively prosperous Africans back to the bottom of the pile."

Aan die ander kant wys *Bond en Manyanya (2003:6)* daarop dat ekonomiese kragte, tendense en neigings in die periode na WO II en regdeur die vyftiger jare,

sy invloed op die federasie en die gepaardgaande ekonomiese en politieke gebeure laat voel het. Die ekonomie van Suid-Rhodesië het na die wêreld-oorlog skerp gegroei in terme van direkte buitelandse beleggings en finansiële kapitaalinvloei na Suid-Rhodesië. Multi-nasionale korporasies het hul betrokkenheid in Suid-Rhodesië byna vervierdubbel, deels as gevolg van vrees vir die bewindsoorname van die Nasionale Party in Suid-Afrika (SA) en deels vanweë die moontlike vooruitsigte van die totstandkoming van die Sentraal Afrikaanse Federasie.

Finansiële en ander bronne-bottelnekke is oorkom deur groot lenings van die Wêreld Bank en ander groot kommersiële banke in Londen, New York en Johannesburg. Die terugbetaling van die lenings sou egter verswak as gevolg van die feit dat finansiële uitvloei in 1956 veertien persent van die Sentraal Afrikaanse Federasie se inkomste begin wegkalwe het.

Die streekseksonomie in die laat vyftigerjare het oorverhit vanweë buitensporige kapitaalintensiewe beleggings en spekulasie in die boubedryf. Daarna het die ekonomie te vinnig afgekoel as gevolg van die plaaslike finansiële ineenstortings, asook vanweë die ineenstorting van die kopermark wat veral vir Noord-Rhodesië ernstige implikasies ingehou het.

Dit het volgens *Bond en Manyana (2003:6)*, tot drastiese staatsinmenging in die Suid-Rhodesiese finansiële stelsel, veral in die laat vyftigs en vroeë sestigs, gelei. Hierdie ekonomiese problematiek, in samewerking met aan die eenkant, die vrees vir 'n toekomstige Britse dekolonisasieproses in Afrika en 'n groeiende swart nasionalistiese mobilisasieproses in Suid-Rhodesië, het daartoe gelei dat die blanke kieserskorps 'n verhardende en sterk konserwatiewe rigting begin inslaan het (*Bond en Manyana, 2003:6*). Todd as eerste minister, sou gevolglik met hierdie omgewingsrealiteite in sy termyn gekonfronteer word.

Sylvester (1991:38-41) wys daarop dat Todd binne hierdie sistemiese konteks die nie-kompeterende rassevennootskap as regeringsbeleid in Suid-Rhodesië probeer implementeer het en dat die landbousektor, die nywerheid, stemregvereistes en die onderwys belangrike fokuspeunte in die verband was.

In terme van die landbousektor analiseer *Sylvester (1991:39)* dat die rassevennootskap nie op 'n uitskakeling van grondongelykheid gedui het nie, maar op die herstel van die dalende kleinboer-produktiwiteit ten einde voedselvoorrade in stede te vergroot en lewensomstandighede in die reservate te verbeter. Die herstelproses was in terme van die uitvoering daarvan, 'n proses wat op só 'n wyse uitgevoer moes word, dat dit nie daartoe sou lei dat te veel swart stedelike werkers aangemoedig word om na die landelike gebiede terug te keer en op dié wyse die bloeiende nywerheidssektor skade berokken nie.

Kleinboer-produktiwiteit moes ook beheer word, ten einde te verhoed dat dit nie blanke kommersiële boere frustreer, weens moontlike kompetisie nie. Daar is ook deur die regering geargumenteer dat die tradisionele kommunale grondbesisteseem, 'n bedreiging vir doeltreffende ekologiese bestuur is. As argument is aangevoer dat tradisionele swartes bygelowig is oor die oorsake van wisselende goeie en swak oeste. Aan die ander kant kon stamkapteins grond hertoeken, ten

einde nuwe families in sy gebied te akkommodeer. Volgens die regering sou dit verbouerbelaë, veral ten opsigte van die verbetering van grondkwaliteit en grondbewaring, ondermyn.

Sylvester (1991:39) argumenteer dat, ten spyte van hierdie persepsieel geldende wetenskaplike argumente, die regering die tradisionele grondbesitpraktyke verander het, meer swart families in bestaande, reeds besette grondgebiede, ingeforseer het, sodat daar meer grond vir blankes beskikbaar kon wees. Daarby is meganiese grondbewaringskemas ingevoer ("*contour ridging, drain strips, and protected gullies*").

Hierdie beleid het tot ernstige onrus in die Tribal Trust Lands-gebiede gelei en het veral weerstand teen bewaringsaksies veroorsaak, aanvanklik deur Benjamin Burombo se African Voice Association en later deur die City Youth League en ander nasionalistiese partye. Volgens **Sylvester (1991:39-40)** was die Native Land Husbandry Act (NLHA) van 1951, met sy fokus op individuele grondbesit in die reservate, die formele voertuig van die rassevennootskap in die landelike gebiede.

Ranger (1985:151) haal die distrikskommissaris van die Makoni-distrik in 1976 oor die praktiese gevolge en impak van die wetgewing aan, deur daarop te wys dat die beleid in wese, stamgrond drasties verminder het, ekonomiese druk en die weg na armoede voorberei het.

Sylvester (1991:40) stem hiermee saam en wys daarop dat die Tribal Trust Lands so oorbevolk was, dat die nuwe eenhede heelwat kleiner was as wat die regering aanvanklik beloof het. Daarbenewens kon min mense dit bekostig om die reg om op die grond te verbou, te koop, met die gevolg dat groot getalle swartes van die grond gedwing is om in blanke ondernemings en nywerhede in die stede te gaan werk.

‘n Verdere komponent van dié wet was die vermindering van veegetalle ten einde die vee-dra vermoë van die reservate in ag te neem. Die gebiede wat die ergste deur die beleid getref was, is volgens hom Matabeleland-Suid waar die swart boere gedwing was om van ‘n totale veekudde van 21 538 ontslae te raak; Mashonaland-Suid (naby die hedendaagse Masvingo) van 13 645 en Manicaland van 15 259. Die "Land Husbandry Act" het dus daartoe gelei dat die ekonomiese sekuriteit van die swart boere en sy afhanklikes in die landelike gebiede ondermyn is, sonder die skepping van ‘n alternatiewe opsie vir ekonomiese oorlewing.

In die stedelike en dorpsgebiede is die swartman as tydelike werker beskou. Dit het tot lae lone gelei met algemene lewensomstandighede wat tot sodanige armoede gely het dat volwaardige ontwikkeling en opgroei van kinders en families nie moontlik was nie. **Bhebe (1989:57)** argumenteer gevolglik dat hierdie toestande van algemene marginalisering en armoede, genoegsame gronde was vir ‘n eskalاسie in militante nasionalistiese optrede.

Sylvester (1991:40) redeneer dat wat die rassevennootskapstrategie in die nywerheid betref, Todd in 1957 die eerste departement van Arbeid geskep het waarvan

hyself die minister was. ‘n Nuwe Industrial Conciliation Act is deur hom deurgevoer, waarvolgens die term “werker” uitgebrei is na mynbou en nywerheidswerkers. Die groot meerderheid werkers in die kommersiële landbou en huisbediendes het steeds buite die kategorie geval. Daarbenewens kon geen werker staak tensy alle griewe prosedures en meganismes nie uitgeput is nie.

Bhebe (1989:60) verduidelik dat daar teen 1957 vier nywerheidswetgewings was, nl. 1. die Industrial Conciliation Act (1945); 2. die Native Labour Boards Act (1947); 3. Second Schedule to the Rhodesia Railway Act (1949) en 4. die Master and Servants Act.

Die Industrial Conciliation Act het voorsiening gemaak vir die registrasie en regulasie van vakunies en werkgewerorganisasies, vir die voorkoming en oplos van dispute tussen werkgewers en werknemers en vir die regulering van werksomstandighede. Die wetgewing was volledig op blanke werkers van toepassing, aangesien swart persone van die definisie vir werkers uitgesluit is. Die enigste wat gedeeltelik in die wet geakkommodeer was, was werkers in die spoorweë, ooreenkomstig die Second Schedule to the Rhodesia Railways Act (1949).

Die meerderheid swart werkers is deur die Native Labour Boards gereguleer, waarvan een streekraad in Matabeleland en die ander een in Mashonaland was. Vanuit die twee streke is ‘n nasionale raad saamgestel. Die funksies van die raad was, eerstens, die beslegting van dispute, die vasstelling van minimum lone en die regulering van werksomstandighede.

Bhebe (1989:62) dui ook aan dat geen swart persoon sitting op die streekraade kon hê nie. Die voorsitter is gekies deur die minister. Die ander lede was ‘n werkgewer wat ook deur die minister gekies is, ‘n persoon wat ‘n kenner van Afrika-aangeleenthede was (ook deur die minister gekies) en ‘n persoon, gekies deur die minister wat die European Trades en Labour Council of Southern Rhodesia verteenwoordig.

In 1959 is die Native Labour Boards deur die Industrial Boards vervang. Swart vakbonde was dus volgens ***Bhebe (1989:63)*** steeds nie wettig erken nie. Die implikasie hiervan was volgens hom nie ‘n vernietiging van die vakbonde nie, maar die onwettige voortsetting daarvan in baie nou alliansie met die nasionalistiese bewegings. In daardie era kon die politieke en vakbondaktiwiteite moeilik geskei word en was die ware aktiwiteitsintensiteit van die nasionalistiese komponent inderdaad bevraagtekenbaar. Dit sou nietemin egter ook bydra tot ‘n opbloei in die steun van die SRANC.

Wat stemreg vir swartes betref, dui ***Sylvester (1991:41)*** aan dat die Todd-regering universele volwasse stemreg verwerp het en daarteenoor, gekwalifiseerde stemreg verkies het, aangesien eersgenoemde opsie die blanke minderheid volledig in die hande van die swart meerderheid sou plaas: ***“a majority for the most part uneducated and backward.”*** Die parlement het gevolglik as vereiste vir swart toegang tot die gemeenskaplike kieserslys, ‘n jaarlikse inkomste van £240 (U.S \$672) gestel, asook bevredigende prestasie in ‘n geletterdheidstoets en voldoende laerskool opleiding. Die resultaat hiervan was dat 12 000 swartes stemreg in die

laat vyftigerjare verkry het, in vergelyking met die 50 000 blanke kiesers op die lys (*Sylvester, 1991:41*). Die impak hiervan was 'n parlementêre samestelling waarvan 50 uit 'n totaal van 65, blanke setels was en vyftien setels vanuit die swart gemeenskap.

Bhebe (1989:59) wys daarop dat swart kiesers wat wel gekwalifiseer het, slegs onder die spesiale kiesers-kategorie gekwalifiseer het en dat daardie kategorie volgens wet nie meer as 20% van die totale getal gewone kiesers kon wees nie. As voorbeeld van die implikasies van die kiesstelsel verduidelik **Bhebe (1989:59)** die volgende praktiese scenario: *“But if in the same constituency on election day 1800 were ordinary voters (blankes) and 1200 were special voters (swartes) there was a problem because special voters exceeded half of the ordinary voters (900). So the 1200 votes had their value reduced to 900 which was equal to three-quarters.”*

Daar was dus geen wyse dat sou die kiesstelsel voortgaan, swartes enige geleentheid kon hê om gelyk en sinvol deel te neem aan die politieke prosesse en besluitneming in die land nie. Hierdie realiteit het talle swartes oortuig om by die SRANC aan te sluit, aangesien hulle oor geen hoop beskik het dat grondwetlike optredes hulle enigsins kon help om hul politieke doelwitte te bereik nie. Die sekretaris-generaal van die SRANC, George Nyandoro het dan ook volgens **Bhebe (1989:60)** verklaar dat: *“any policy of striving for power through Parliament is ridiculous and that Africans should no longer look to European political parties as the latter have rejected partnership...they should join congress.”*

Op onderwysterrein is 'n afsonderlike Ministerie vir “Native Education” gevestig met Todd self, as die verantwoordelike minister (*Sylvester, 1991:41*). Daar is wel voor die federasietyd in 1946 reeds die eerste regeringsgestigte sekondêre skool opgerig. Pogings is byvoorbeeld aangewend om 'n meer gevestigde en geskoolde swartwerkersklas, eerder as die stelsel van migrasie-arbeid, tot stand te bring. **Bhebe (1989:57-58)** argumenteer egter dat die onderwysstelsel vir swart persone teen die einde van die vyftigerjare 'n ernstige konflikbron was en dat die SRANC dit as 'n groot steunwerwingsbron beskou het, ook omdat die regering hul pogings tot gesprek nie ernstig opgeneem het nie.

As voorbeeld van die krisis meld hy dat primêre onderwys in die meeste landelike gebiede deur vrywillige organisasies aangebied is. Hierdie organisasies was hoofsaaklik Christen sendingorganisasies. Hy wys daarop dat daar teen 1962, in totaal, 2615 plaasskole regdeur die land was. Daar was 'n tweevlakkige primêre onderwysstelsel – 'n laer primêre stelsel met vyf fases en 'n hoër primêre stelsel met drie fases. Van die tweehonderd-drie-en-tagtig skole het sub A tot standerd twee aangebied en die res tot standerd drie. Die implikasie hiervan was dat 'n baie groot getal kinders in die landelike gebiede skool verlaat het, voordat hulle standerd drie bereik het.

Hierdie hoë uitvalsyfer is, volgens Bhebe, nie vanweë intellektuele of finansiële onvermoë nie, maar weens 'n gebrek aan skole. Bhebe argumenteer verder dat die situasie in die hoër onderwysvlakke van 'n ernstiger omvang was. In 1962 was daar byvoorbeeld 76 000 standerd 3-leerlinge, hiervan kon slegs 36 000 in

standerd vier geakkommodeer word, weens 'n gebrek aan fasiliteite (skole). Dit impliseer 'n uitval-syfer van 40 000. Afgesien van hierdie probleme, was talle onderwysers in plaasskole nie voldoende gekwalifiseer nie en was die klaskamers ook nie toegerus met al die noodsaaklike hulpmiddele nie (*Bhebe, 1989:57-58*).

Beide *Mitchell (1981)* en *Anstey (1983)* wys daarop dat die geskiedenis van negatiewe verhoudinge 'n belangrike rol speel in die vestiging van konflikterende en afbrekende gesindhede. Heel dikwels vestig dit ook die tendens van konflik-projeksies en stereotiperings. Dit is veral die kulturele instusionalisering van sodanige projeksies, aan beide kante van die rasse-spektrum, wat dit vir die verskillende politieke leierskappe bykans onmoontlik maak om op eie inisiatief en verantwoordelikheid, sonder druk van buitelandse moonthede, probleem-oplossende onderhandelings deur te voer.

Teen hierdie agtergrond wys die *Concise Guide to the First Parliament of Zimbabwe (1984,85:1)* daarop dat swart weerstand en nasionalisme in Suid-Rhodesië teen 1955, weer momentum opgebou het met die vorming van die City Youth League op 12 September 1955 onder leiding van James Chikerema, George Nyandoro en Edson Sithole. Mobilisasie instrumente was, volgens die bovermelde dokument, wel die Land Husbandry Act en die moeilike ekonomiese omstandighede waarin swartes van Suid-Rhodesië moes leef. So word daar in die dokument verwys na die suksesvolle staking teen die verhoogde bustariewe in Salisbury in 1956.

Nkomo (1984:59;65) wys egter op die dieperliggende rol van menseverhoudinge en inter-rassegesindhede wat 'n prominente rol in die opbou van swart nasionalisme gespeel het. Hy verskaf 'n enkele voorbeeld en 'n waarnemende opmerking in die verband:

“It was Sir Godfrey Huggins himself who explained what federation was really about. He stated that this aim was to create in Central Africa a new partnership between Europeans and Africans, a partnership like that of the rider and the horse. That was very honest. The white man was to ride, the black man was to carry him. That was what we were up against.....My conviction grew that the whites would never give us our rights until they were forced to do so.”

Desnieteenstaande hierdie klem op swart gegriefdheid, moet besef word dat swart weerstand op daardie stadium van 'n baie lae intensiteitsvlak was, in só 'n mate dat blankes dit nie baie ernstig opgeneem het nie. Swart nasionalistiese mobilisasie vir bewuswording en aktivering was dus op daardie stadium steeds in sy kinderskoene.

Muzorewa (1978:45) vul egter die standpunte van Nkomo aan en verwys na vergaderings wat die City Youth League in Salisbury en Bulawayo gehad het ten einde swart opposisie teen die regering te organiseer. *Meredith (1979:26-42)* beklemtoon ook die feit dat die vyftig en vroeë sestigerjare gekenmerk is deur 'n opbloeï in swart nasionalistiese sentiment en samelopend daarmee en in reaksie daarop, 'n radikalisering van blanke sentimente. *Sylvester (1991:42)* wys daarop dat die draaipunt na 'n groter militante optrede en strategie teen 1957 na vore

getree het. Dit was 'n transformasie vanaf die inkrementele en dikwels individueel gerigte strategieë, wat organisasies met 'n fokus op diskriminasie en ander aangeleenthede, gevolg het. Die draaipunt is, volgens haar, waarskynlik veroorsaak deur die samesmelting tussen die City Youth League van Salisbury en die Bulawayo-tak van die ou Suid-Rhodesiese African National Congress op 12 September 1957. Laasgenoemde organisasie was nog bykans slegs in Bulawayo aktief nadat dit momentum in die res van die land verloor het. Uit hierdie samesmelting is 'n nuwe Suid-Rhodesiese African National Congress gevorm, met Joshua Nkomo as president (*Concise Guide to the First Parliament of Zimbabwe, 1984:85:1*).

In sy perspektief op sy verkiesing en die strategiese ontwikkeling wat gelei het tot die eenwording tussen die City Youth League en die Bulawayo tak van die SRANC, redeneer *Nkomo (1984:70-71)* dat die bustarief-boikot van 1956 inderwaarheid 'n onwettige staking was. Die staking sou ontwikkel in massa demonstrasies. Polisie se pogings om die byeenkomste te beëindig het tot weerstand gelei en uiteindelik tot onluste in die strate van Salisbury. In die proses is busse en motors verbrand asook paaie geblokkeer. Dit was 'n nuwe, meer militante ontwikkeling, anders as wat vroeër in die twintigste eeu gevolg is. Hy wys daarop dat pogings van die polisie om die ontwikkeling te staak, tot 'n eskalاسie van oproerige aktiwiteite gelei het wat ook na Bulawayo uitgebrei het.

Die regering het hierop reageer deur die afkondiging van die “*Unlawful Assemblies Act*” en volgens *Ken Flower (1987:xiii)*, die aanhouding van ongeveer 200 nasionaliste. *Nkomo (1984:70-71)* erken dat die ou African National Congress op daardie stadium (tydens die boikot) nie geskik as voertuig vir massa-weerstand was nie. In sy kommentaar en reaksie op dié interpretasie van die gebeure, wys Labuschagne daarop dat die intensiteit van die weerstand bevraagtekenbaar is, veral in die lig van die feit dat Rhodesië op daardie stadium primêr 'n landelike gemeenskap was, terwyl die oproer tot die stedelike gebiede beperk was (*Labuschagne, 1990*).

Vambe (1976:277-278) verduidelik in sy analise dat die City Youth League veral blanke magsentra as teiken gestel het, deur die welbekende 1956-vervoerstaking te organiseer by die Salisbury Omnibus Company. Hierdie stakings het die bestuur van die maatskappy gedwing om hul beplande verhoging van tariewe op swart vervoerretes, te laat vaar. In daardie tyd het die Youth Club besluit om die ou Bantu Congress te laat herleef onder die leierskap van Joshua Nkomo. Dit het die steun van die progressiewe groepe in Matabeleland verseker (**Vambe, 1977:277-278**).

Die Bantu Congress is dus opnuut op 12 September 1957 geloods onder die naam Southern Rhodesian African National Congress (*Nkomo, 1984:71*). Met die Youth League as slagaar van die Suid-Rhodesiese ANC het die politieke bewussyn, aktivisme en militantheid nuwe dimensies bereik, veral in die stedelike township gebiede van Salisbury. **Vambe (1976:279)** verduidelik die impak van hul strategie van burgerlike ongehoorsaamheid en geweldpleging, die eerste gewelddadige aksies sedert die 1893/96 oorloë, as dat dit, hoewel steeds “spelde prikkels,” tog op die langtermyn die groeistof vir veral 'n psigologiese renaissance in swart gemoedere te weeg gebring het:

“...These bold techniques had a crucial psychological effect: that of removing from the minds of the common folk the paralysing fear of white authority..... It was almost like removing the fear of death in a people. Thus the bus boycott strike in 1956 was accompanied by a wave of destruction to property, particularly the buses themselves. This violence forced...Mr Todd to come to the township to see for himself....”

Met eenwording was Nkomo as president bygestaan, deur James Chikerema as vise-president, George Nyandoro as sekretaris-generaal en Joseph Msika as tesourier. Nkomo wys daarop dat die politieke doelstellings van die SRANC verskuif het na meerderheidsregering. Volgens *Sylvester (1991:42)* het die fokus verskuif, vanaf individuele probleme van diskriminasie, na eise vir onmiddellike algemene stemreg, volle vryheid tov grondgebruik, ongeag ras, volle deelname van swart persone in die landsregering en ‘n toenemend rasgeïntegreerde sosiale, kulturele, ekonomiese en politieke gemeenskap. Die organisasie was egter steeds geskoei op die beginsels van nie-gewelddadigheid as transformasie-strategie (*Concise Guide to the First Parliament of Zimbabwe, 1984/85:1*).

Sylvester (1991:43) glo dat die herlewing van die SRANC in 1957 met, aan die eenkant hul stygende militantheid en aan die ander kant die persepsiële liberale neigings van Todd, tot ‘n rebellie in die geledere van sy eie party teen hom gelei het. Na ‘n spesiale kongres van ‘n gekombineerde United Party en United Federal Party in 1958, is hy deur Edgar Whitehead opgevolg. Dit sou egter nie die era van vennootskap beëindig nie. Whitehead sou voortgaan om aan swartes toelating tot die staatsdiens te gee en die paswette af te skaf. Swartes kon nou vakmansopleiding deurloop. Diskriminasie in die gebruik van openbare fasiliteite is ook afgeskaal, soos die vestiging van geïntegreerde bioskope en hotelle, die afskaffing van afsonderlike swart en blanke rye by poskantore en banke. Hy sou ook ‘n mate van geïntegreerde sport invoer en sekere swartes het toelating tot blanke privaatskole verkry. Blankes het die “liberale beleidsrigtings” sterk afgekeur, hoewel die swart bevolking dit as kosmeties beleef het omdat hul basiese menseregte nog nie daardeur herstel is nie (*Africa South of the Sahara, 1984-1985:987*).

Shamuyarira (1965:48) meld dat die SRANC in die tyd van regeringsoornamde deur Whitehead, vinnig vordering regdeur Suid-Rhodesië gemaak het. Na die voorbeeld van Burombo het die SRANC sterk gefokus op die werf en mobilisering van stemme en steun in die landelike gebiede waar ontevredenheid oor die NLHA geheers het. Die SRANC sou in dié tyd sterk fokus op griewe rakende grond, lone en rasse-diskriminasie (*A concise guide to the first parliament of Zimbabwe, 1984/85:1*). Volgens *Bhebe (1989:54)* was die vinnige groei in die SRANC te wyte aan die feit dat hulle die konflikterende bronne, wat aan die hart van die landelike en stedelike konflik lê, aangespreek het. Hierdie kerngriewe was die *Land Apportionment Act*, die *Land Husbandry Act*, die onderdrukkende “*Native Affairs Department*”, die beperkte onderwysgeleenthede van die swart bevolking, die rassistiese kiesstelsel en die diskriminerende nywerheidsverhoudinge.

Volgens *Shamuyarira (1965:49)* was een van die belangrikste bydraes wat die SRANC in die tyd gelewer het, sy suksesvolle penetrasie en steunwerwing in landelike gebiede. Die gevolg daarvan was dat die magte van die Native Affairs Department wat “‘n staat binne ‘n staat was” geherstruktureer is. Die departement se funksies sou verdeel word tussen die departemente van Binnelandse Sake, Landbou en Onderwys. Die SRANC het in terme van die evolusie van die nasionalistiese beweging in Suid-Rhodesië, belangrike bydraes gelewer tot die vestiging van:

1. gestruktureerde organisatoriese professionaliteit met ‘n kantoor en ‘n organisasie plan, iets wat nie voorheen bestaan het nie;
2. nie-rassigheid, aangesien dit die eerste swart party was wat sy lidmaatskap vir blankes oopgemaak het. ‘n Ander voorbeeld van die bydrae was die aandrag op direkte, onmiddellike en gelyke deelname aan die wetgewende regeringsprosesse in Suid-Rhodesië;
3. humanisme, met die fokus op gelyke deelname en erkenning van alle swartes ongeag posisie, status of klas aan die “familie en gemeenskap van mensheid” *Shamuyarira (1965:50)*. Die fokus van ontevredenheid is volgens Shamuyarira, die neiging onder blankes om geselekteerde gelyke regte vir alle ‘beskaafde mense’ toe te ken. Hiervolgens is ‘n selektiewe swartgroep deur blankes as gelykwaardig aan hulle aanvaar, maar nie persone uit die werkersklas en onopgeleides, armes, ens. nie;
4. Pan-Afrikanisme. *Shamuyarira (1965:52)* verwys na die groot impak wat die onafhanklikheid van Ghana teen einde 1958 met ‘n eie swart regering, op die res van Afrika en op die swart nasionaliste van Suid-Rhodesië, gehad het.

Daar is tot die besef gekom dat internasionale sake-maatskappye in lande soos Ghana en Nigerië, swart direkteure aangestel het. Die besef dat soortgelyke handeling vanweë regeringsbeleid in Suid-Rhodesië nie moontlik was nie, sou ‘n konflikteskalasie-motiveerder word.

Afgevaardigdes van die SRANC het in 1958 ook die All African Peoples Conference in Akkra bygewoon. Dit sou lei tot ‘n wyer perspektief en ‘n verskuiwing van doelstellings na deelname en lidmaatskap aan die Pan-Afrikaanse broederskap. Volgens Shamuyarira het fondse vanuit Afrika-state na die Akkra-konferensie na die nasionalistiese partye van Suid-Rhodesië begin vloei. Dit was ook fondse wat nasionaliste gehelp het om nie afhanklik te wees van blankedomineerde werksgeleenthede vir ‘n leefinkomste nie.

Uiteindelik sou Whitehead in 1959 die *Unlawful Organizations Act* deur die parlement loods en dit gebruik om op 26 Februarie 1959 die SRANC verbode te verklaar, na die afkondiging van ‘n noodtoestand (*Bhebe, 1989:69*). Volgens *Flower (1987:xiv)* is 500 van hul lede aangehou, waaronder van die senior lede van die organisasie. *Verrier (1986:106)* dui aan dat die noodtoestand sou voortduur tot Zimbabwe se onafhanklikwording in 1980. Op daardie stadium was Nkomo nog in die buiteland en sou hy vir ‘n tydperk van 20 maande as uitgewekene in Londen bly (*Shamuyarira, 1965:54*).

Whitehead het in 1960 die “*Preventative Detention Act*” deurgevoer, ten einde persone vir ‘n geruime tyd, sonder verhoor te kon aanhou (*Bhebe, 1989:69*).

Whitehead het in 1960 twee verdere veiligheidswetgewings, die *“Law and Order (Maintenance) Act”* en die *“Emergency Powers Act”* (laasgenoemde is steeds in *Zimbabwe van krag*), afgekondig (Martin en Johnson, 1981:61). Die *“Vagrancy Act”* is saam met dié wetgewing deurgevoer ten einde te verhinder dat swart werksoekers die stedelike gebiede betree. Die wetgewing is deurgeloods na aanleiding van onrus in die swart woonbuurtes, veral na die verbode verklaring van die SRANC (Windrich, 1975:86).

Whitehead het as motivering aangedui dat die doel van laasgenoemde wetgewing, was om op ‘n wettige manier op te tree teen *“hooligans, loafers and spivs.”* In sy verduideliking van die voorgestelde wetgewing (*“Law and Order Maintenance Act”*) het die destydse minister van Justisie en Binnelandse Sake, mnr Reginald Knight aangedui dat die *“1936 Sedition Act, die 1950 Subversive Activities Act asook die 1955 Public Order Act,”* onvoldoende was om die groeiende nasionalistiese militantheid in Suid-Rhodesië te hanteer. Die wet het die polisie, bemagtig om byeenkomste wat, volgens sy oordeel, tot ‘n openbare wanorde en ‘n bedreiging van vrede kan lei, te mag beëindig.

Die wetgewing het ook aan die polisie die mag gegee om enige persoon te verbied om byeenkomste te betree, toe te spreek, of by te woon, sou hy oordeel dat dit die vrede sou bedreig of dat subversiewe uitsprake moontlik daar kan plaasvind. Die minister het ook die mag verkry om publikasies te verbied indien hy oordeel dat dit in botsing met openbare belang en vrede sou wees. Vertoning van baniere, plakkate en kennisgewings wat openbare wanorde aanmoedig, of impliseer, is ook verbode verklaar. Die straf vir persone wat andere met geweld dreig, of optree op ‘n wyse wat gewelddadige optredes aanmoedig, is verhoog tot ‘n periode wat nie 10 jaar sou oorskry nie – voorheen was die straf, 7 jaar (Windrich, 1975:86-88).

Die onwettig-verklaring van die SRANC sou volgens *Sylvester (1991:43)* nie die nasionalistiese gees en sentiment stop nie. Dit het bloot tot die stigting van die National Democratic Party (NDP), met Nkomo as president, gelei. ‘n Tien maande periode sou verloop vanaf die verbanning van die SRANC en die loodsing van die NDP, op 1 Januarie 1960. Een van die redes hiervoor was te wyte aan die sterk veiligheids optredes van die Whitehead regering.

Na die NDP-loodsing het die beweging daarin geslaag om vir die eerste keer in die swart nasionalistiese geskiedenis, sterk geskoolde persone te mobiliseer. Hierdie persone het leidinggewende rigting en stimulus aan die groei van die weerstandstryd, gebied (*Shamuyarira, 1965:57-58*).

Voorbeelde wat in die verband vermeldingswaardig is, is *Joshua Nkomo* wat reeds ‘n geruime tyd aktief was, *Enoch Dumbutshena, Stanlake Samkange*, die eerste swart advokaat in Suid-Rhodesië, Hebert Chitepo, die eerste swart regsgeleerde in die land – Tichafa Parienyatwa, die eerste swart persoon om as mediese dokter te kwalifiseer, E.M. Pswarayi, mediese dokter, dr Bernard Chidzero bekende politieke wetenskaplike, George Silundika – onderwyser en navorser, die party- teoretikus, Robert Mugabe wat sy onderwyspos in Ghana by die St Mary’s Teachers Training College in Takoradi prysgegee het (*Blair, 2002:19*) en Leopold Takawira, wat voorheen by die Capricorn Society as uitvoerende sekretaris betrokke was. Die psigologiese belangrikheid van hierdie

ontwikkeling op die groei van die beweging in die hart en denke van die swart bevolking, word soos volg deur *Shamuyarira (1965:59)* genuanseer:

“Educated Africans carry a heavy responsibility in the community. Even their parents look up to them for guidance and advice – because they know the European, they have read his books. The open commitment of so many educated Africans to nationalism had a tremendous impact on party followers. With more than 75% of Salisbury’s 111 000 African adults having had less than five years schooling many people clearly needed to be told what is happening in the world around them.”

Die NDP sou ‘n baie sterker klem, as die SRANC, op grondwetlike en politieke ontwikkeling plaas. Die tradisionele aanvalle op die Land Apportionment Act, Land Husbandry Act en die ander diskriminerende wetgewing sou binne die groter strategie, veel minder aandag geniet. Die klem sou verskuif vanaf ‘n fokus op regverdige behandeling en menslikheid, na meer direkte eise vir ‘n een-mens-een-stem meerderheidsbedeling (*Shamuyarira, 1965:59-60*). Die NDP se verklaring van beginsels onderstreep byvoorbeeld die volgende aangeleenthede:

“...to serve as a vigorous political vanguard for removing all forms of oppression, and for the establishment of a democratic government in Southern Rhodesia, to work for speedy constitutional reconstruction in Southern Rhodesia, with the object of having a government elected on the principle of One Man, One Vote; to work for the educational, political, social and economic emancipation of the people, especially the underprivileged; to work with other democratic movements in Africa and the rest of the world, with a view to abolishing colonialism, racialism, tribalism and all forms of national or racial oppression and economic inequalities among nations, races and peoples...” (*Shamuyarira, 1965:61*).

Met die stigting van die NDP het die meerderheid van die landelike bevolking en kleinboere daarby aangesluit en sodoende die plaaslike leierskapsrol oorgeneem. Lydelike verset was steeds die amptelike strategie en het praktiese neerslag gevind op boerderyvlak waar kleinboere wetlike voorskrifte geïgnoreer het. Voorbeelde hiervan was die weiering om beeste te dip en dipfooie te betaal. In reaksie hierop, het die staat met sterk veiligheidsoptredes gereageer. Die arrestasie van klein nedersettingshoofde asook 300-huishoudingshoofde, slegs in die Tanda-gebied, is bewysplaas van ‘n groeiende konflikteskalasiepatroon op weg na groter radikalisme (*Ranger, 1985:157*).

In reaksie op Ranger, argumenteer Chitiyo, dat hoewel die grondkwessie ‘n sleutel bron van konflik was, dit redelike tyd geneem het voordat die bevrydingsbeweging die tradisionele kleinboere polities kon mobiliseer. Hy grond sy argument op beskikbare navorsing wat dui op die voorkoms van geweld en stryd tussen die kleinboere en guerrillas, asook tussen die kleinboere, onderling. Chitiyo gebruik die konfliktendense ter motivering van die historiese bestaan van ‘n nie-enkelvoudige bevrydingstryd. Hoewel daar dus volgens hierdie nuanse ‘n “geregverdigde” stryd teen blanke heerskappy was, was daar óók ‘n gelyklopende stryd en konflik op beide makro- en mikrovlakke wat dikwels van ‘n geweldadige aard was. Hierdie nuanse verwys na die voorkoms van konflik en stryd op beide

inter-etniese en intra-organisatoriese vlakke. Uiteindelik sou die grondkwessie een van die politieke en bevrydings-mobiliseringsinstrumente vir kleinboerbewusyn word. Die metodiek van mobilisering sou egter nie slégs vreedsame oorreding wees nie, maar ook gewelddadige oorreding (*Chitiyo, May 2000:6*).

Die NDP het as deel van sy strategie ook in April 1960-pogings aangewend om Brittanje tot grondwetlike veranderinge, te beweeg. 'n Afvaardiging van 5-NDP leiers het met die Commonwealth Relations Secretary, Lord Home, gesprek gevoer. Hulle het 'n memorandum oorhandig waarin Whitehead se versoek tot 'n verwydering van die gereserveerde klousules in die grondwet, (wat bepaalde magte aan Brittanje ten opsigte van "Naturelle" aangeleenthede, bied), teengestaan is. Die NDP het ook 'n grondwetlike konferensie versoek, die ontbinding van die "Native Affairs Department", die opheffing van rassediskriminasie deur die aanneem van 'n handves van regte in die grondwet en die uitbreiding van stemreg aan alle volwasse persone in Suid-Rhodesië.

Die NDP-versoeke was in 'n groot mate suksesvol, aangesien die besluit oor die verwydering van die gereserveerde klousules in opdrag van die Britse Regering uitgestel is, tot na die afhandeling van die Monckton-kommissie se verslag aangaande die toekoms van die Federasie. Daar is ook ooreengekom oor die hou van 'n grondwetlike konferensie, geskeduleer vir Februarie 1961 (*Shamuyarira, 1965:61*).

Die NDP het ook gepoog om 'n spirituele en kulturele grondslag vir die nasionalistiese beweging te skep. In dié verband het die party sy ondersteuners aangemoedig om die tipiese waardes van die swartman aan te kleef en te bevorder. Gewoontes, name, musiek, kleredrag, religie en voedsel is byvoorbeeld, benewens ander kulturele kenmerke, beklemtoon. Só is Engelse name na swartname verander (bv Willie na Wire). Op die religieuse terrein is die gesigspunt van sendelinge, dat voorvader-verering en die breër animistiese geloofsbelewenis boos is, verwerp. Hy wys daarop dat daar toenemend begin glo is dat:

"God (Mwari in Shona and Umlimu in Ndebele) is for us all, but this Jesus is for the Europeans and the Jews....In actual fact Jesus is like a big Colonial Secretary for the Missionaries. They use his preachings to blind us, while Europeans take our land and heritage" (Shamuyarira, 1965:62).

Ander voorbeelde is die hernude waardering wat stamdanse verkry het, teenoor die eens-gewilde "ballroom dancing", asook die feit dat die tradisionele gereg, "sadza" 'n simbool van nasionalisme geword het. Die NDP het in 'n eskalerende mate, fisiese weerstand teen die blank-beheerde regering begin bied. Dit het die vorm van openbare vergaderings begin aanneem. Die welbekende opmars in Salisbury in Julie 1960, waartydens 11 persone dood, talle gearresteer en baie skade aan eiendom aangerig is, is 'n verdere voorbeeld hiervan (*Shamuyarira, 1965:63*) wys.

In reaksie hierop het die polisie op 7 Julie 1960 met sterk veiligheidsopptrede teen veral die NDP begin, met 'n klopjag op hulle kantore in Highfields. Dit is op 19 Julie 1960, opgevolg met 'n klopjag op alle uitvoerende lede van NDP-takke,

asook deur die arrestasie van Michael Mawema, Sketchley Samkange en Leopold Takawira, almal prominente nasionale uitvoerende lede van die NDP.

Die party-leierskap van die NDP het, in reaksie hierop, die gemeenskap aangemoedig om weerstand te bied teen polisie-optredes. 'n Massa uit die gemeenskap het gevolglik op 20 Julie na Highfields en Harare (een van die destydse swart woonbuurtes in Salisbury) opgeruk vir demonstrasies. Toe die polisie die opmars probeer verhinder, het geweld losgebars (*Bhebe, 1989:74*).

Gewelddadige onrus het ook in Augustus 1960 by die Maranganya Biersaal in Harare uitgebreek. Die gewelddadige onluste het ook na nywerheidsaksie uitgekling toe geweld in September 1960 oor dispute rakende loonverhogings, uitgebreek het. Dit sou lei tot klipgooiery deur die stakers en die gebruik van traangas deur die polisie om die massa te verwilder. Die onluste en arbeidsonrus sou na Bulawayo uitbrei en ook na studente-onluste in verskeie skole, waaronder St Joseph Mission in Umvuma, Morgenster Sendingstasie by Fort Victoria en die Salvation Army Skool in Mazoe (*Bhebe, 1989:76-77*).

Die regering het in reaksie op hul onvermoë om stabiliteit in die swart woonbuurtes te herstel, gefokus op die werklose, stedelike swartes. In Oktober 1960 is die Vagrancy Act deur die parlement gevoer. Dit het die polisie bemagtig om enige persoon, sonder 'n lasbrief te arresteer, indien die persoon nie bevestiging van 'n voltydse beroep of 'n geskikte, volhoubare metode van lewensonderhoud kon aandui nie. Dit het veroorsaak dat baie mense wat jare in die stede gewoon het, ontwortel is (*Bhebe, 1989:80*). Dit sou ook lei tot die disintegrasie van baie families en gesinne in stedelike gebiede.

Op die politieke terrein het Whitehead, besef, dat veiligheidswetgewing, gerugsteun deur polisie-optredes in die woonbuurtes, alleen, nie 'n genoegsame strategie is nie (*Bhebe, 1989:78*). Politieke konsessies sou ook nodig wees. Teen dié agtergrond het Whitehead sy bereidwilligheid tot 'n vooraf-grondwetlike gesprek in Salisbury uitgespreek, selfs voor die bekendmaking van die Monckton-verslag. Die gesprek het toe wel in Januarie 1961 in Salisbury plaasgevind met die deelname van die Britse Koloniale Sekretaris, Duncan Sandys (*Martin and Johnson, 1981:65*). Die NDP het in terme van setels in die wetgewende vergadering ten minste pariteit tussen blank en swart geëis. Die amptelike voorstelle wat die Whitehead-regering bereid was om aan te bied, was egter 15 setels vir swartes in 'n komplekse A- en B-rol kiesstelsel, teenoor die 50 setels vir blankes (*Martin and Johnson, 1981:67*). Nadat Nkomo aanvanklik die voorstelle gesteun het, het interne party-konflik uiteindelik tot die verwerping daarvan gelei (*Martin and Johnson, 1981:68*).

Die NDP het besluit om die 1961-referendum oor dié grondwetlike voorstelle te boikott. Uiteindelik het Whitehead 'n tweederde-meerderheid steun van die blanke kiesers in die referendum bekom (*Martin and Johnson, 1981:68*). Verdere betogings het na die grondwetlike referendum uitgebreek (*Sylvester, 1991:44*). Uiteindelik sou Whitehead die NDP op 9 Desember 1961 verbode verklaar.

Zimbabwe African Peoples Organization (ZAPU) sou egter ‘n paar dae later op 17 Desember 1961, gestig word (*Martin and Johnson, 1981*). Nkomo is as president aangewys en dieselfde uitvoerende komitee as tydens die NDP era, is behou. ZAPU, wat in hoofsaak dieselfde beleidsrigtings as die NDP aanvaar het, sou egter die eerste party word wat sabotasie en geweld as strategie om meerderheidsregering te vestig, aanvaar (**A concise guide to: The First Parliament of Zimbabwe, 1984/85:2**).

Die kenmerke van die 1961-grondwet was volgens die *British Information Service (1970:9)* :

1. dit was nie ‘n onafhanklikheidsgrondwet nie;
2. daar is wel meer politieke regte aan die swartman gegee;
3. dit het ‘n handves van menseregte vervat;
4. dit het ‘n grondwetlike raad bevat, bestaande uit swart, Asiër, kleurling en blanke lede. Die funksie van die raad was om onder meer ondersoek te doen na alle nuwe wetgewing, ten einde vas te stel of dit in ooreenstemming met die Handves van Regte, is;
5. die Wetgewende Gesag sou bestaan uit 65 lede waarvan 50 verkies sou word deur die “A-rol” kiesafdelings (meestal blankes) en 15 deur die “B-rol” kiesafdelings (meestal swart kiesers).

Whitehead se 1961 grondwetlike voorstelle sou egter ook teenkanting van Ian Smith ontvang. *Berlyn (1978:118-119)* wys daarop dat dit daartoe gelei het dat Smith die United Federal Party verlaat het. Volgens haar, was Smith die enigste persoon wat tydens die partykongres teen die voorstelle gestem het. Hy sou, in samewerking met die destydse leier van die opposisie, Winston Field, saamwerk om die Rhodesian Front vroeg in 1962 te vorm. Intussen het Whitehead sy “building of a truly non-racial state,” veldtog begin. Deel hiervan was sy voorneme om die Land Apportionment Act te herroep ten einde 50 000 swart kiesers op die “B-roll” te verkry. Sy beplanning was ook om na die 1962-verkiesing met ‘n proses van rasse-integrasie van skole te begin. Dié voornemens was egter nie voldoende om swart steun vir deelname aan die verkiesings deur registrasie op die “B-roll” te werf nie, want volgens Shamuyarira (*Shamuyarira, 1965:72*) kon Whitehead na 5 maande slegs 8000 swartes oortuig om te registreer.

Uiteindelik het die Whitehead-regering op 20 September 1962 ZAPU verbode verklaar. Die vrees het skynbaar bestaan dat ZAPU die Desember 1962-verkiesings sou ontwig. Die meerderheid van sy leierskap is in die proses gearresteer of ingeperk (**A concise guide to: The First Parliament of Zimbabwe, 1984/85:2**). Op daardie stadium was Nkomo in die buiteland (*Nkomo, 1984: 103*). Nkomo se hantering van die 1961-grondwetonderhandelings, sowel as sy hantering van die ZAPU-verbode-verklaring (1962) het die saad gesaai vir ‘n uiteindelijke verdeling van die party, ‘n jaar later (*Shamuyarira, 1965:74-75*).

Martin en Johnson (1981:69) dui aan dat die ZAPU-leierskap voor sy verbodeverklaring besluit het om wapens die land in te bring en van sy lede vir sabotasie-opleiding na die buiteland te stuur. Die besluit het uit ‘n konflikteskalse perspektief gesien, tot gewelddadige optrede gelei, veral deur dié stigting van die Zimbabwe Liberation Army in September 1962 (*Shamuyarira, 1965:74*). ‘n

Honderd mans is hiervoor gewerf met as eerste opdrag om die BSAC-woude in die Oostelike distrikte af te brand, asook die afbrand van: *“dipping tanks, cattle sheds, schools and houses, disconnected rails on the railway lines and began using gelignite.”* In reaksie hierop sou blanke boere ter selfverdediging by die polisie-reservistediens aansluit.

Die steun vir sterker gewelddadige optrede het egter oor-tyd-heen, vanaf die grondvlakondersteuningsbasis, toegeneem. Met Nkomo se terugkeer na Salisbury is hy byvoorbeeld deur ‘n skare van 4000 verwelkom. Tydens dié geleentheid het ‘n 90 jaaroue ondersteuner, ‘n simboliese gevegspies aan hom oorhandig wat ‘n tradisionele boodskap van veg-tot-die bittereinde, versinnebeeld, het. Nkomo het ook in oorlogstaal op dié simboliek reageer en Britte gewaarsku dat die beslegting van dié konflik slegs op een van drie-wyse, bestuur sou kon word:

“...negotiations, economic breakdown or bloody revolution. I warn Britain that if he does not act I will quit the present nature of politics that we have been following” (Shamuyarira, 1965:74).

Ontevredenheid met Nkomo se leierskap sou egter in die ope kom na die verbod op ZAPU. Nkomo was op daardie stadium in Lusaka. *Shamuyarira (1965:74-75)* verduidelik die ontvouing van dié gebeure as volg:

“..... he {Nkomo} drove off in secret to Tanganyika. It required telegrams from Enoch Dumbutshena in London and a rushed flight back from an Athens conference by the Reverend Ndabbaningi Sithole, the Zapu national treasurer and pressures from Presidents Nyerere and Kaunda, to persuade Nkomo to fly back to Salisbury and three months restriction. His lack of leadership at that point knocked the props from under the militant young men, and led finally to the splitting of the party a year later....Nkomo’s plan had been that the leaders should go to Tanganyika and form a government-in-exile.”

Die intra-ZAPU-konflik het verder geëskaleer vanweë Nkomo se pogings om ‘n regering-in-ballingskap in Tanganyika te vorm. Dít, ten spyte van sterk teenkanting daarteen deur Sithole, Mugabe en Nyerere (*Martin en Johnson, 1981:70*). *Nkomo(1984:109-117)* het wel Nyerere se teenkanting teen ‘n regering-in-exile erken, maar dit afgemaak, aan die hand van laasgenoemde se persoonlike afkeur aan Nkomo. Daarbenewens het hy in sy argument gewys op Nyerere se persoonlike steun aan sy ZANU-vriende, waaronder Ndabaningi Sithole, Robert Mugabe, Takawira, Enos Nkala, Moton Malianga en andere. As bevestiging hiervoor, voer hy aan dat Nyerere na die stigting van die Zimbabwe African National Union (ZANU) in 1963, sy steun aan ZANU gegee het, met die internasionale ondersteuning wat daarmee gepaard gegaan het. Op daardie stadium is Sithole as president, Takawira as vise-president, Mugabe as Sekretaris-Generaal en Moton Malianga as Sekretaris vir Jeugsake, verkies.

Na die verbod op ZAPU, het die laasgenoemde se leierskap, Nkomo tot lewenslange president verkies. Daar is óók besluit om in die lig van die verbod ‘n informele liggaam, bekend as die *People’s Care Taker Council* te vorm. Dit sou nie as ‘n politieke party dien nie, maar as ‘n sosiale groep waaraan die steunbasis wettig kon behoort. Desnieteenstaande die gemeenskaplike vyand van beide

nasionalistiese bewegings, sou die inter-ZANU-ZAPU-konflik in hierdie tyd sodanig eskaleer, dat onderlinge geweld tussen die twee partye ontwikkel het:

“leading in particular to a campaign of petrol-bombing in the townships that caused real distress.” (Nkomo, 1984:117).

Die Rhodesian Front (RF) sou intussen onder leiding van Winston Field die Desember 1962-verkiesing wen en ‘n nuwe era in die geskiedenis van Suid-Rhodesië inlei (*Sylvester, 1991:44*). Die RF het 35 van die 50 A-rol setels, teenoor die 15-setels van Whitehead se United Federal Party, gewen. Daarbenewens het Whitehead ook 14 setels van die B-rol se setels gewen. Die oorblywende 1 setel van die B-rol is ook deur ‘n blanke, Ahn Palley, gewen (*Nkomo 1984:105*).

Konflikeskalierende emosies van vrees en paniek het in die tyd ook in die geledere van blanke Rhodesiërs, begin ontwikkel. Faktore wat hiertoe bygedrae het, was onder andere:

1. die opkoms in swart nasionalisme vanaf die middel vyftigerjare;
2. die sigbare voorbeelde van die winde van verandering wat deur Afrika gewaai het;
3. die uhuru en dekolonisasie prosesse,
4. die mislukking van die federasie wat tot ‘n opdroog van buitelandse vertroue, beleggings en ekonomiese groei, gelei het. Die onmiddellike impak hiervan, was stygende blanke werkloosheid geskep en ‘n toename in blanke emigrasie.

Saamgesien hiermee het swart sentimente en gesindhede toenemend ‘n radikaler strekking begin aanneem. Blankes was in reaksie hierop, ontugter oor die verwerping van dié vennootskappedagte. Dreigemente van geweld indien een-mens-een-stem nie realiseer nie, het gevoelens van wanhoop verder verhoog. Blankes was boonop daarvan oortuig dat swartes nie gesofistikeerd en ervare genoeg was om westerse standaarde, idees en demokrasie te hanteer nie.

Die ervaring van blankes in die Belgiese Kongo het die persepsies van wanorde en chaos onder ‘n swart regering verder vergroot. Blankes was gevolglik daarvan oortuig dat die militêre vernietiging van die nasionalistiese beweging, die enigste opsie vir hul eie oorlewing, was. Waar Whitehead en sy ondersteuners daarvan oortuig was dat die skep van ‘n swart middelklas ‘n voldoende bolwerk teen swart nasionalistiese verset sou wees, het die RF, met bewindsaanvaarding, geglo dat die enigste beskerming in absolute mag te vinde was.

Die blanke minderheid was vir die grootste deel van die 20ste eeu vasgevang in ‘n diepliggende vrees psigose, veral oor wat op sy weg sou lê, indien rasse-gelykheid, die politieke norm sou word. Hierdie waarneming word bevestig deur die feit dat die RF die 1962-verkiesing, onder dié vaandel van swart gevaar, met ‘n groot meerderheid gewen het (35 uit ‘n totaal van 50 blanke setels) (*Meredith, 1979:35*). Van belang vir hierdie studie is egter dat bogenoemde ontleding met die evaluasies van *Mitchell (1981:29)* rym, waarvolgens konflikgesindhede soos byvoorbeeld projeksies, stereotipering en emosionele oriëntasies (soos vrees) - konfliktsituasies en –gedragpatrone vergesel en gewoonlik ‘n eskalerende invloed daarop uitoefen.

Teen die agtergrond van hierdie eskalerende projeksies, stereotipering en emosionele oriëntasies, het die regerende RF in praktiese beleidsterme gereageer. Só is daar byvoorbeeld geglo dat die enigste heil vir die swartman in Rhodesië daarin geleë was, om die lang pad onder gesag van blanke mentorskap en onderrig te bewandel ten einde oor tyd die gesofistikeerde kultuur, lewenswyse en demokrasie van die westerlinge, aan te leer. Op hierdie wyse het die RF morele regverdiging gebied vir afsonderlike ontwikkeling, hoewel nie só eksplisiet soos die RSA voorbeeld nie.

Op grondvlak het blankes gevrees vir verlies van hul grond en eiendom, die oortuiging dat geïntegreerde politieke ontwikkeling van die swartes gedwonge integrasie van skole, hospitale en woongebiede sou meebring en dat blanke vakmanne as gevolg van swart kompetisie hul werk mag verloor (*Meredith, 1979:35*). Die feit dat minderheidsregte in die ander kolonies wat onafhanklik geword het, geminag is, het blanke projeksies van soortgelyke scenario's versterk en dus binne hierdie groepering legitimiteit verleen aan RF-beleidsrigtings. Dit alles het die RF gemotiveer tot sterker wet en orde optredes (*Flower, 1987:26-28*).

In 'n bespreking oor waarom die Federasie misluk het, word geargumenteer dat daar 'n paar belangrike kontekste was wat die Britse besluit uiteindelik beïnvloed het. Eerstens was daar die sterk vyandigheid van die swart nasionalistiese sentimente van veral uit Noord-Rhodesië en Nyassaland, asook 'n mindere mate vanuit Suid-Rhodesië. Tweedens was die gees van Afrika Nasionalisme alreeds aan die opbloeï in die groter Afrika konteks en het dit ook geïmpakteer op die swart nasionalistiese sentimente van die Sentraal Afrikaanse Federasie. Derdens het die Europese koloniale moondhede in Afrika reeds begin met 'n proses van dekolonialisering.

Hoewel op daardie stadium op 'n kleiner skaal en nie so direk in Oos-Afrika as in Wes-Afrika nie (*Wood, 1983:29-32*). Die Afrika nasionaliste het gevolglik die Federasie slegs as 'n hindernis vir hul eie strewes beskou:

“...their own ambitions for self-determination, and it is difficult to see how any amount of tinkering with the federal constitution could have changed their attitude (Wood, 1983:31).”

Hoewel Britanje verseker die situasie militêr kon beheer, het dit nie hier om die instandhouding van mag gegaan nie:

“It was not a matter of power. It was a matter of the inclination to exercise that power against the overwhelming majority of the inhabitants of the northern territories. No British Government wanted to cope with a series of African Irelands....Britain was neither prepared to abandon her trusteeship of the Africans in the North nor to sustain Federal rule by force of arms. In the circumstances only one outcome was possible.....The Federation was bound to be dissolved....it had not succeeded in reconciling African opinion to its continuance ”(Wood, 1983:32).

Dit moet in ag geneem word dat die gees van uhuru alreeds deeglik aan die uitbrei was. Internasionaal was 'n nuwe orde aan die ontwikkel - weg van die ou koloniale denkstrome af. Die kumulatiewe resultaat was dat die beginselbesluit teen die einde van 1962 geneem is om Nyassaland onafhanklikheid te bied. Daaropvolgens is die besluit op 28 Maart 1963 deur die Britse Kabinet geneem om aan Noord-Rhodesië, ook onafhanklikheid te verleen (*Wood, 1983:32*).

Met die beëindiging van die Sentraal Afrikaanse Federasie in 1963, is die periode tussen 1963 tot November 1965, gekenmerk deur onderhandelinge tussen Brittanje en die Suid-Rhodesiese regering, in sake moontlike onafhanklikheid. Die Britse Regering het geëis dat meer verteenwoordigende instellings geskep word wat die politieke status van die swartmense sou verbeter en uiteindelik tot meerderheidsregering kon lei. Die Britse Regering het hiervolgens vyf beginsels vir onafhanklikheid neergelê, 'n sesde sou later na die eensydige onafhanklikheidsverklaring bygevoeg word. Hierdie beginsels was:

1. dat die beginsel en oogmerke van 'n beweging na meerderheidsregering gehandhaaf en gewaarborg moet word (soos vervat in die 1961-grondwet),
2. dat daar waarborge moet wees teen maklike wysiging van die grondwet,
3. die progressiewe beëindiging van rassediskriminasie,
4. die verhoging van die politieke status van swartmense,
5. die oortuiging in die geledere van die Britse Regering dat die basis gelê is vir onafhanklikheid en dat dit aanvaarbaar vir alle Rhodesiese inwoners moet wees,
6. dat daar geen onderdrukking ongeag ras, van 'n meerderheid oor 'n minderheid of 'n minderheid oor 'n meerderheid mag wees nie.

Hierdie eise sou deel van die Britse basis vir onderhandeling bly totdat Rhodesië in 1980, Zimbabwe geword het (*British Information Service, 1970:5*).

Dit wil verder voorkom, indien die perspektiewe van *Muzorewa (1978:53-54)* ontleed word, dat die debat oor onafhanklikheid vir Rhodesië, bepaalde psigologiese impak gehad het. Geïntegreerd hiermee, het die konflik tussen ZAPU en ZANU sy destruktiewe psigologiese impak op die plaaslike Matabele, Mashona asook die kerk, gehad. Op hierdie stadium (in 1963) was hy nog 'n jong Metodiste predikant:

“What would independence offer to the black majority?As we drove to our village I looked and listened for the changes which ten years of so-called racial partnership had brought. The farms of the Europeans looked as prosperous as ever. The improved main roads helped them to transport their goods to market. The whitewashed villas of the farmers were barely visible through the trees. Beyond, almost out of sight, I glimpsed the mud and pole shelters of their African labourers. The contrast spoke eloquently of who owned Rhodesia.....”

Die kerk het in daardie tydperk die geneigdheid gehad om hom te onttrek uit die sekulêre werklikheid en het nie die totale mens en sy behoeftes en uitdagings aangespreek nie. Dit het daartoe gelei dat nasionaliste dikwels 'n anti-kerk sentiment aangemoedig het, wat tot geestelike, psigologiese en fisiese konflikteskalasie en verwarring aanleiding gegee het. Die resultaat daarvan was dikwels gewelddadige uitbarstings binne gemeenskapskonteks (*Muzorewa, 1978:55-66*).

Hierdie interne konflik het spoedig 'n klasse en élitistiese karakter aangeneem, nadat ZAPU vir ZANU as die party van die opgeleide élite gebrandmerk het. Hy kritiseer ook die kerk vir gebrekkige leiding in dié tyd en dat dit die kerk se legitimitie en geloofwaardigheid toenemend bedreig het. Dit het selfs tot aanvalle op die kerk gelei. Hierdie gebeure het op ekumeniese vlak tot besinning gelei. Groter aandrang vir die vorming van 'n interkerklike liggaam, geaffilieer by die Wêreld Raad van Kerke is bepleit. Die liggaam moes veral leiding oor sosiale aangeleenthede kon bied. Dit sou lei tot die stigting van die Christian Council of Rhodesia in April 1964, dieselfde jaar as Ian Smith se oornome as premier (*Muzorewa, 1978:58-59*).

Die persepsie het onder die nasionalistiese beweging, onder leiding van Nkomo, bestaan dat Field 'n verdedigende alliansie met Suid-Afrika en Portugal wou bou. In dié proses is die "fasade van rasseverdraagsaamheid", vernietig. As motiveering hiervoor, noem Nkomo byvoorbeeld dat Brittanje in die onderhandelings oor die verdeling van die ontbindende Sentraal Afrikaanse Federasie se bates, die volle gevegsmag van die Royal Rhodesian Airforce, waarby ingeslote die gevegsvliegtuie, aan Suid-Rhodesië oorgedra het. Dit sou volgens Nkomo 'n beduidende impak op die latere verloop van die magstryd uitoefen. Field het in hierdie proses ook sterker veiligheidsoptrede en onderdrukkende wetgewing geïmplementeer (*Nkomo, 1984:105-109*).

Field het in sy gesprekke met Brittanje oor onafhanklikheid en die grondslag waarvolgens dit sou geskied, nie vordering gemaak nie. Berlyn bespiegel oor die moontlikheid dat Field waarskynlik in die gesprekke die moontlikheid van 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring geopper het, aangesien Duncan Sandys op 22 Februarie 1964 in 'n nota aan Field daarteen gewaarsku het. Hy het egter ook binne sy eie party probleme gehad. Die rede daarvoor handel waarskynlik oor die toepassing van die beginsel rondom 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring. Dit sou waarskynlik daartoe lei dat die parlementêre kookus van die RF hom versoek het om te bedank. Hy is op 13 April 1964 deur Ian Douglas Smith vervang (*Berlyn, 1978:127-131*).

In sy analise hieroor, argumenteer Ken Flower dat die bedanking van Field, nie 'n vrywillige aangeleentheid was nie, maar inderwaarheid niks anders as 'n intra-party *coup d'état* was nie en dat die Rhodesian Front van die geleentheid gebruik gemaak het, tydens Field se besoek aan Brittanje (*Flower, 1987:22-23*). Die dieperliggende rede was die oortuiging in die geledere van die Rhodesian Front dat Field in Julie 1963 asook in Januarie 1964 misluk het om die saak van onafhanklikheid tydens sy besoeke aan Brittanje te bevorder en dat hy daarbenewens ook teen die gedagte van eensydige onafhanklikheid gekant was (*Flower, 1987:24-25*). Die uiteinde was dat hy vir Ian Smith moes plek maak.

2.4. Die UDI-tydperk: 1965-1979

2.4.1. UDI-verklaring en die reaksie daarop

Smith het kort na sy oornam as premier 'n boodskap aan Sir Alec Douglas-Home gestuur waarop hy aandring op die onafhanklikheid van Suid-Rhodesië en dat hy wel bereid is om met Brittanje daaroor te onderhandel. In sy reaksie het Douglas-Home aangedui dat Brittanje bereid is tot die toekenning van onafhanklikheid mits daar voldoende steun daarvoor van alle inwoners binne Suid-Rhodesië verkry kan word. Die belangrikste terrein van verskil het gehandel oor die prosedure waarvolgens die toets vir aanvaarbaarheid moes plaasvind. Smith het voorgestel dat 'n Indaba: *“a meeting together of the traditional leaders of the blacks, the Chiefs”* een manier kon wees om die swart mening te toets. Dit was egter nie vir die Britse regering aanvaarbaar nie (*Berlyn, 1978:142-144*).

Intussen is die Douglas-Home-regering op 15 Oktober 1964 na 'n verkiesing in Brittanje met 'n Arbeiders Party-regering onder leiding van Harold Wilson vervang. Smith het, ondanks die afkeur van Brittanje, besluit om 'n Indaba met die tradisionele leiers te hou as toets van steun vir onafhanklikheid en dit te rugsteun met 'n referendum oor onafhanklikheid, ooreenkomstig die 1961-grondwet. Wilson sou die Douglas-Home-benadering oor onafhanklikheid en die prosedures vir toets van steun herbevestig. Smith het met die referendum vir blanke kiesers voortgegaan. In November 1964 het hy steun vir onafhanklikheid ooreenkomstig die 1961-grondwet verkry in 'n uitslag waarvoor 58091 kiesers daarvoor gestem het en 6096 daarteen (*Martin and Johnson, 1981:71*).

Smith het in 1964 voortgegaan met die Indaba vir tradisionele leiers. Dit sou bekend word as die Domboshawa Indaba en bygewoon word deur 622 kapteins en “sabuku” (hoofmanne). *Berlyn (1978:145-146)* bevestig dat die tradisionele leiers eenparig onafhanklikheid ooreenkomstig die 1961-grondwet ondersteun het. Die algemene konsensus is wel aangehelp deur die verbode verklaring van die nasionalistiese partye, aangesien dit hulle onder geen faksiedruk, intimidasie en binnegevegte geplaas het nie. Die kapteins was wel in 'n moeilike posisie vanweë die geneigdheid om hulle rol vir politieke doeleindes aan te wend. Só was daar diegene wat, vir politieke doeleindes hul rol volledig ontken het en andere wat hulle weer as die enigste verteenwoordigers van die swartgemeenskappe beskou het (*Berlyn (1978:145)*).

Wilson het, beide die Indaba en referendum as voldoende prosedures om die volle gemeenskap van Suid-Rhodesië oor onafhanklikheid ooreenkomstig die 1961-grondwet te toets, verwerp. Smith het in reaksie hierop besluit om in Mei 1965 'n verkiesing te hou as bewysplaas van kiesersentimente tot steun van die Rhodesian Front (*Berlyn, 1978: 146,148*). Die uitslag van die verkiesing het bevestig dat die grondslag vir 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring deeglik voorberei was, gesien die feit, dat die RF 50 A-rol setels gewen het (*Martin en Johnson (1981:71)*).

Na afloop van die verkiesing is kommunikasie wel tussen Smith en Wilson voortgesit is. Wilson het in die kommunikasie aan Smith die boodskap van die Statebondsleiers wat die leiers van Afrika, Asië ingesluit het, oorgedra.

Hiervolgens is die gedagte van 'n grondwetlike konferensie ter oplossing van die Suid-Rhodesiese vraagstuk, ondersteun. Smith het egter dié konsep en voorstel verwerp.

Op 11 September 1965, het Smith gedreig om onafhanklikheid buite die Statebond te aanvaar (*Berlyn, 1978:149-151*). Op 21 September 1965 het Arthur Bottomley ("Secretary of State for Commonwealth Relations") in reaksie namens die Britse Regering reageer en die vyf beginsels as voorvereistes vir onafhanklikheid in 'n skrywe aan Smith herhaal (*Windrich, 1975: 205-207*).

Hy het Smith ook gekritiseer vir die feit dat die RF-regering, die vyf vereistes in die 11 September-kommunikasie verwerp het en dat die RF-regering steeds niks gedoen het om rassediskriminasie te beëindig nie (*Windrich, 1975:207*). In reaksie hierop het Smith volgehou met sy eis vir onafhanklikheid ooreenkomstig die 1961-grondwet sonder enige ander voorvereistes. Harold Wilson was egter nie daarmee gediend nie, aangesien die grondwet op sy eie nie voldoende waarborge gebied het vir volle verteenwoordigende instellings nie. Hy het Smith ook aangeval vir die aanhouding en beperkinge wat op die nasionalistiese leiers geplaas is; die inperking van Garfield Todd (vorige eerste minister) en die verbanning van die African Daily News (*Windrich, 1975:208*). In 'n opvolgverklaring op 27 Oktober 1965, waarsku Wilson dat 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring deur die Statebond en die internasionale gemeenskap verwerp sou word en tot ekonomiese optredes sou lei (*Windrich, 1975:209*).

In reaksie hierop het Ian Smith op 11 November 1965, Suid-Rhodesië eensydig onafhanklik verklaar (*Windrich, 1975:210*). Die verklaring is egter voorafgegaan deur die afkondiging van 'n noodtoestand op 5 November 1965. Smith het op 10 November 1965 maatreëls afgekondig wat voorsiening gemaak het vir in- en uitvoer beheer, die verstewiging van valuta- en prysbeheer. Die RF sou 'n sterk invoervervangingsbeleid toepas (*Sylvester, 1991:47*). Sensorreg op publikasies met 'n politieke strekking is ook ingestel (*Palley, 1966: 750*).

Die Britse regering het die "Southern Rhodesian Act" in reaksie hierop uitgereik. Hiervolgens is sanksies teen Rhodesië ingestel. Rhodesië is uitgesluit van die sterlinggebied, Statebondsvoorkeure op Rhodesiese uitvoere is afgeskaf en Rhodesië is uit die "London Capital Market" geskop. Daar is ook 'n totale verbod op die in- en uitvoerhandel tussen Brittanje en Rhodesië, geplaas.

Op 20 November 1965 sou die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke Organisasie (VVO), Resolusie 217 aanvaar, waardeur die internasionale gemeenskap versoek is om alle ekonomiese verhoudinge met Rhodesië te verbreek, insluitende 'n olie- en petroleumprodukte embargo (*British Information Service, 1970:6*).

In reaksie hierop is die bates van die Rhodesiese Reserwe Bank in Londen gevries, die Rhodesiese-tabakuitvoere is geboikot en die land is ook uit die Statebond geskop. In reaksie hierop het die Smith-regering alle terugbetalings van Britse- en Wêreldbank-lenings gestaak. Hierdie maatreël het tot aansienlike besparings vir die Rhodesiese regering gelei en die begroting gebalanseer. Die UDI-isolasie en sanksie periode sou paradoksaal tot selfonderhoudende groei en

voorspoed lei (*Sylvester, 1991:46*). Die land het teen 1968 ‘n groeikoers van 7,6% gehandhaaf. Die vervaardigingsektor se bydrae tot die Bruto Nasionale Produk het gegroei vanaf 19% in 1965 tot 24% in 1975. Mynbou het ook skerp gegroei toe chroom in 1972 die VSA mark openlik betree het (*Sylvester, 1991:46*). Die staat het geld bespaar deur besnoeiing van swartloonverhogings en uitgawes op swart onderwys. Ten einde die werker-afleggings van sanksiegeaffekteerde nywerhede te ondervang is grondbeskikbaarheid in die reservate uitgebrei en die gesag van kapteins herstel. As motivering is aangevoer dat Rhodesië ‘n gemeenskapsontwikkelingsprogram benodig wat die plaaslike besluitneming van die legitieme leierskap kan herstel (*Sylvester, 1991:47*). Dit het egter daartoe gelei dat die vraag na grond, die beskikbaarheid daarvan oorskry het. Die implikasie hiervan is volgens *Sylvester(1991:47)*: “*despondency, uncooperation, illegal land allocations, ignoring the chiefs and increasingly organized dissidence headed first by chiefly families, headmen and male elders and then by younger men, spirit mediums and guerrillas.*”

Na die RF-verkiesingsoorwinning in 1962 en die latere UDI-verklaring het daar ‘n vinnige eskalering van nasionalistiese vernet plaasgevind. Pas na die verkiesingsoorwinning van die Rhodesian Front in 1962, is die eerste groep ZANLA-rekruite in 1963, na China vir militêre opleiding gestuur (*Flower, 1987:xiv*). Gedurende dié periode, het ZANU amptelik besluit om met ‘n gewapende stryd teen die RF-regering te begin. Die “Peoples Caretaker Council” (PCC), die ZAPU front van Nkomo, het ook hierdie voorbeeld gevolg en in 1965 het die eerste Zimbabwe African Peoples Revolutionary Army (ZIPRA) die land binne gesypel (*Flower, 1987:104-107 en Martin and Johnson, 1981:xv*). In 1964 word beide ZANU en die PCC verbode verklaar en hul leiers gearresteer. Mugabe is in Desember 1963 gearresteer en in gevangenisskap geplaas (*Blair, 2002:21*). Nkomo is op 16 April 1964 gearresteer en het in gevangenisskap verkeer vir ‘n periode van 10 jaar (*Nkomo, 1984:119*).

Gewapende aksie het nie-amptelik begin toe Petrus Oberholtzer in Julie 1964 as die eerste blanke gesterf het, nadat hy deur die “Crocodile Group” van ZANLA vermoor is (*Scully, 1984:33*). Die groep het ook aangedui dat dit die begin van die tweede Chimurenga was. *Martin en Johnson* dui egter aan dat die “Battle of Sinoia” wat op 28 April 1966 plaasgevind het, as die aanvang van die tweede Chimurenga beskou word (*Martin & Johnson, 1981:10*). Hierdie gebeure het in 1967 uitgebrei met ‘n aanval in Wankie waartydens die militêre vleuels van ZAPU en ZIPRA, in samewerking met die African National Congress se militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe (MK) met die Rhodesiese magte gebots het.

In 1968 is drie guerrillas gevange geneem en tereggestel, ondanks die feit dat die Britse Koningin hulle begenadig het. In 1969 is Sithole tot ‘n sesjaar-gevangenisstraf gevonnisd nadat hy skuldig bevind is aan ‘n sameswering om Smith te vermoor. In die tronk het hy die gewapende stryd afgesweer. Dit het gelei tot sy vervanging deur ‘n komitee waarvan Mugabe lid was (almal aangehoudendes). In 1969 het ZANU ook Frelimo (Mosambiek) genader vir deurgang na Rhodesië via die Tete provinsie. Die sestigerjare was dus ‘n periode van strategiese aanpassing en eskalerende guerrilla-geweld, ‘n proses wat eers met die Lancaster House-ooreenkoms in 1979 beëindig is. In hierdie proses het veral die “peasants” ‘n beduidende rol gespeel.

Die UDI-verklaring het egter gemengde reaksie in kerkgeledere uitgelok, soos blyk uit die amptelike kommentaar van die Christian Council van 26 November 1965. Dit het die respek van baie swart Christene (Matabele en Shona) geniet:

“We judge the proclamation of a new Constitution of Rhodesia by a group of ministers, without the assent of the Parliament of the Crown, to be an unlawful act....we....pledge ourselves to work for the rapid restoration of constitutional government in our land” (Muzorewa, 1978:61).

Smith kon egter nie daarin slaag om die steun van enige moondeheid vir sy UDI-inisiatief te werf nie. Opeenvolgende Britse regerings het egter weer nuwe inisiatiewe geloods om ‘n grondwetlike skikking te beding (*Sylvester, 1991:47*). Die gevolg was ‘n reeks onderhandelingsprosesse wat uiteindelik vanaf 1966 tot 1979 voortgeduur het. Die onderstaande tabel 10 (*Flower, 1987:xv-xviii; British Information Service, 1970:15-16; Nkomo, 1984:253*) verskaf ‘n opsomming van hierdie gesprekke.

Tabel 10: Britse onderhandelingspogings in Rhodesië

| ONDERHANDELING | DATUM | ROLSPELERS |
|---|-----------|--|
| HMS Tiger | 1966 | Ian Smith en Harold Wilson |
| Heronderhandelings van die Tiger-voorstelle | 1967 | Smith en Gibbs |
| HMS Fearless Post-Fearless-onderhandelinge in Salisbury | 1968 | Smith en Wilson Smith en George Thompson (Sekretaris van Statebond) |
| Vorster besoek Salisbury vir onderhandelinge in Mei 1970 ‘n Reeks “citizen diplomacy” inisiatiewe. Dit lei tot die aanstelling van die Pearce Kommissie om die menings van die bevolking te toets rakende die inwerkingstelling van onafhanklikheid ooreenkomstig die 1969 grondwet Douglas Home en Smith bereik ooreenkoms oor ‘n grondwetlike skikking in November 1971 | 1970-1971 | Vorster en Smith Lord Goodman en Aitken Douglas Home en Smith |
| Pearce-kommissie kom in Rhodesië aan en maak bekend dat die grondwetlike voorstelle soos in 1971 ontwikkel nie aanvaarbaar is vir die meerderheid van die | 1972 | Lord Pearce en die span van die Pearce Kommissie |

| | | |
|--|---------------------------------|---|
| bevolking nie | | |
| Binnelandse Skikkings-inisiatief | 1973-1974 | Smith en Muzorewa as leier van die African National Council |
| Deténte proses. Vorster het in 1974 Smith ooreed om die nasionalistiese leiers vry te laat. Voster het ook later (1976) sterk druk op Smit toegepas en in die proses die SAP uit Rhodesië onttrek. | Vanaf 1974 tot om en by 1976 | Voster, Kaunda en later ook Kissinger in onderhandelings met die Frontlinie State, RF, ZANU EN ZAPU. |
| Eenheidsdeklarasié, Zambia | Desember 1974 | Frontlinie State: Daarop gemik om 'n eenheidsfront onder die nasionalistiese groepe te vestig |
| Victoria Falls- konferensie | 25 Augustus 1975 | Voster; Kaunda; RF, Muzorewa; Nkomo; Sithole |
| Mislukte binnelandse skikkingsinisiatief. Hulle onderteken 'n "Deklarasié van Voorneme" | 1975-1976 | Smith en Nkomo |
| Kissinger se Afrika Inisiatié | 1976 | Voster; Kissinger; Frontlinie en Nasionalistiese groepe |
| Geneve-konferensie | 1976 | Ivor Richards (Britse Ambassadeur by die VVO), ZANU, ZAPU, ANC, RF |
| Nkomo/Mugabe onderhandeling | 1976 | Frontlinie State; ZANU, ZAPU. Dit het tot die vorming van die Patriotic Front (PF) gelei. |
| Anglo-Amerikaanse inisiatié | 1977 | Dawid Owen (Britse minister van Buitelandse Sake en Andrew Young (VSA ambassadeur by die VVO) met die RF, ANC en PF. |
| Binnelandse skikkingsproses | 1977 | Smith, Muzorewa, Sithole en Chirau |
| Malta I-konferensie | Januarie 1978 | Owen, Young, Nkomo, Mugabe, Chand (VVO verteenwoordiger) en Richard Moose (USA Assistant Secretary of State for African Affairs); PF en die Frontlinie State. |
| Binnelandse skikkingsooreenkoms | 3 Maart 1978 | Smith, Muzorewa, Sithole en Chirau |
| Malta II Dar-es-Salaam (Tanzanië) | April 1978 | Owen, Young, Nkomo, Mugabe, Chand (VVO verteenwoordiger) en Richard Moose (USA Assistant Secretary of State for African Affairs); PF en Frontlinie State. |
| Statebondskonferensie Lusaka | 1979 | Thatcher en die res van die lidlande |
| Lancaster House Konferensie te London | 10 September - 21 Desember 1979 | Lord Carrington; Muzorewa as leier van die Zimbabwe-Rhodesiese Regering (waarby Smith ingesluit was en PF met Nkomo en Mugabe as leiers. |

2.4.2. HMS Tiger en HMS Fearless onderhandelinge

Die HMS Tiger-konferensie het op 2 en 3 Desember 1966 plaasgevind tussen Wilson en Smith. Die gesprek het handel oor die terugkeer na regmatigheid en moontlike Rhodesiese onafhanklikheid ooreenkomstig die 1961-grondwet en die reeds gestelde ses voorvereistes vir onafhanklikheid (*Windrich, 1975:211-219*). Hierdie voorstelle het voorsiening gemaak vir groeiende swart verteenwoordiging in die Wetgewende Gesag namate groter getalle swartes stemreg gekry het deur middel van verbeterde onderwys en inkomste basisse (*Flower, 1987:84*).

Eenstemmigheid kon nie in die opvolgende kabinetsbespreking in Salisbury, bereik word nie. Die voorstelle is gevolglik amptelik verwerp. Die mislukking van die gesprek het gelei tot die aanvaarding van 'n sanksieresolusie deur die Veiligheidsraad van die VN teen Rhodesië in 1966. Dit het 'n verbod op die aankoop van Rhodesiese asbes, chroom, ferro-chroom, yster, koper, suiker, tabak, vleisprodukte, wapens, vliegtuie, motorvoertuie, voorrade en materiaal vir die vervaardigingssektor ingesluit (*British Information Service, 1970:6*).

Die grootste gedeelte van 1967 is bestee om "talks about talks" nuwe momentum te gee. In die proses het veral Vorster as die destydse Suid-Afrikaanse eerste minister 'n prominente rol gespeel om Brittanje te oortuig tot verdere gesprekke. Ooreenkoms sou bereik word vir 'n tweede rondte gesprek in Oktober 1968 op die Britse skip, die HMS Fearless in Gibraltar. Die voorstelle van Wilson het wel sekere veranderinge aan die 1961-grondwet ingesluit. Die ses beginsels was steeds die basis van Brittanje se vereiste vir onafhanklikheid. Volgens die voorstelle is die Wetgewende Gesag onveranderd gelaat. 'n Kommissie oor rassediskriminasie sou egter ook aangestel moes word wat voorsiening sou moes maak vir addisionele fasiliteite vir onderwys en die opleiding van swartes in Rhodesië (*Flower, 1987:86*). Die Britse Regering sou ook 'n "Royal Commission" aanstel wat die aanvaarbaarheid van 'n onafhanklikheidsgrondwet vir die breë bevolking sou toets. In die oorgangstydperk sou Smith 'n interim-administrasie moes saamstel waarin swartes sou dien (*British Information Service, 1970:9,12*).

Die voorstelle is egter ook deur die Smith-regering verwerp op grond van die meerderheidsregeringsbeginsels wat daarin vervat is (*Flower, 1987:91*). Die rede vir die mislukking van die gesprekke was aan die eenkant Brittanje se aandrang op 'n swart blokkeringsmeganisme vir grondwetwysigings en aan die ander kant, die reg tot appél tot die "Privy Council." Smith het dit as 'n aantasting van die soewereiniteit van die parlement beskou (*Meredith, 1979:62*).

2.4.3. Die 1969-grondwet en Republiekwording

Die Rhodesiese regering het na die mislukte Fearless-gesprekke besluit om hul eie republikeinse grondwet te ontwikkel en ter ondersteuning daarvoor 'n referendum oor die grondwet en republiekwording van blanke kiesers verkry (*Windrich 1975:226*). Die 1969-grondwet het die beginsel van meerderheidsregering, waarop beide swart nasionaliste en die Britse Regering aangedring het, vervang met die konsep van pariteit, waarvolgens die swart bevolking in teorie, gelyke verteenwoordiging met blankes in die toekomstige parlement kon bekom. Vir

eers sou daar 16 setels aan swartes en 50 aan blankes toegeken word. Die metode waarvolgens die evolusionêre toename in swartverteenvoording bepaal is was regstreeks gekoppel aan die vlak van persoonlike inkomstebelasting van swartes. Hulle het dus 16 setels in die parlement behou totdat hulle 24% van die nasionale inkomste, deur direkte inkomstebelasting betaal (*Meredith, 1979:62*).

Die swart bevolking het teen 1969 slegs 0,05% van die belasting betaal. Die mikpunt van 24% gevolglik aansienlik ver in die toekoms gelê (*Meridith, 1979:63*). Die 16 swart setels in die Wetgewende Gesag het bestaan uit 8 lede, waarvan 4 uit Mashonaland en 4 uit Matabeleland, gekom het. Die ander 8 lede is op die basis van 4 elk deur 'n kieskollege saamgestel uit kapteins, hoofmanne en verkose raadslede van die swart rade in die stamtrust-gebiede. Die grondwet het ook voorsiening gemaak vir 'n Senaat van 23 lede bestaande uit 10 blankes, 10 kapteins (vyf uit Mashonaland en vyf uit Matabeleland) verkies deur 'n kieskollege van kapteins wat lede was van die Raad van Kapteins. Die drie ander verteenwoordigers kon verkies word uit enige ras (*Davies, 1975:2-4*).

Samelopend met die 1969-grondwet is die Land Apportionment Act met die Land Tenure Act vervang (*Meredith, 1978:63*). Rhodesië is hiervolgens in 2 dele verdeel (*Mungazi, 1992:86-87*). Die een deel is aan die 5,1 miljoen swart inwoners toegeken en die ander gedeelte aan die 0,25 miljoen blankes. Die wet het ook die enigste universiteit van Rhodesië in die blanke gebied geplaas, wat gevolglik geïmpliseer het dat enige swart student wat aan die universiteit wou studeer, 'n spesiale regeringspermit moes verkry. Meer as 2000 swart studente het protes teen hierdie wetgewing en die implikasies daarvan, skole verlaat, wat 'n hernude opleidingskrisis in die land geskep het (*Mungazi, 1992:87*).

Smith het die steun vir die grondwet en republiekwording in Junie 1969 in 'n referendum onder blanke kiesers getoets. Volgens die uitslag het ongeveer 75% die nuwe grondwet gesteun. Daarbenewens het 81% hul steun vir republiekwording toegesê (*Meridith, 1978:64*). Die kapteins het ook die voorstelle gesteun (*Meredith, 1978:64*). Na aanleiding hiervan het Rhodesië op 1 Maart 1970 'n republiek geword met Clifford Dupont as die eerste president (*Meredith, 1978:64*). Op 10 April 1970 is die Rhodesiërs terug na die stembus vir die eerste verkiesing volgens die nuwe grondwet. Die RF het in die verkiesing al 50 blanke setels verower (*Meridith (1978:65)*).

Oos- en Sentraal Afrika State het op hierdie stadium toenemend betrokke geraak by die Suider-Afrikaanse konfliktsituasie. Op grond daarvan is 'n manifest oor verhoudinge met Suid-Afrika, Rhodesië en Portugal (Mosambiek, Angola) op 16 April 1969 onderteken (*Minogue and Molloy, 1974:267;271*). Die manifest is later in September 1969 deur die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) en die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar. Oor die Rhodesiese situasie was die manifest baie duidelik:

“Rhodesia, like the rest of Africa, must be free, and its independence must be on the basis of majority rule. If the colonial power is unwilling or unable to effect such a transfer of power to the people, then the people themselves will have no alternative but to capture it as and when they can. And Africa has no alternative but to support them.....by whatever means are open..”

Die feit dat die manifes deur beide die OAE en die VVO amptelik aanvaar is, het beteken dat die stryd om bevryding van Rhodesië internasionale legitimititeit verkry het. Meer nog, die gebeure manifes het buitengewone internasionale druk op Brittanje geplaas om as koloniale moondheid die staatkundige orde in Rhodesië te herstel. Die voorwaarde was besliste Britse optrede, duidelike onderhandeling en meerderheidsregering. Indien Brittanje nie daarin kon slaag om dit te bereik nie, sou die “capture of power” as ‘n legitieme proses ondersteun word. In die proses het die stryd in Rhodesië ‘n konflikteskalasie-spiraal, ontketen, waarby al hoe meer belangegroepes betrek is. Die situasie het ‘n uitdaging vir die nuutgevormde Republiek van Rhodesië gebly. Die uitdaging van onderhandeling en internasionale erkenning, sou egter die instrument vir moontlike konflik de-eskalasie bly, wat die Smith-regering tot verdere deelname gedwing het.

2.4.4. Pearce-Kommissie (1971-1972)

Die Konserwatiewe Party in Brittanje, het die verkiesing in Junie 1970 gewen. Dit het die politieke gesprek met Smith hervat (*Sylvester, 1991:47*). In November 1971 is ‘n ooreenkoms tussen Smith en Douglas-Home bereik om die 1969-grondwet as ‘n basis vir onafhanklikheid te aanvaar indien wysigings aangebring kon word: *“...to allow for the possibility of African representation increasing to parity and from there to majority rule. But half the Africans would continue to be elected by, and representative of, the tribal chiefs, themselves in the service of the Government”* (*Windrich, 1975:226*).

Alvorens dié ooreenkoms geïmplementeer kon word, moes dit vir steun onder alle bevolkingsgroepe, ooreenkomstig die vyfde beginsel, getoets word. Vir hierdie doel is ‘n kommissie onder voorsitterskap van Lord Pearce aangestel en saamgestel uit voormalige lede van die Britse Koloniale diens (*Windrich, 1975:227*). Smith het die voorstelle aanvaar (*Sylvester, 1991:47*).

In sy beskrywing van die gebeure wat na die November 1971-aankondiging van die Smith-Home voorstelle gevolg het, verduidelik *Muzorewa (1978:92-94)* dat Douglas-Home voor die tyd wyd met verskillende groepe in Rhodesië gekonsulteer het en dat dit parlamentslede, die kapteins, vakunies, kerkleiers, blanke professionaliste, opposisie leiers en selfs voormalige aangehoudenenes ingesluit het. In die proses het ‘n gees van optimisme onder swart persone gegroei in die hoop dat Brittanje sy verantwoordelikheid in Rhodesië sou nakom. Die uitslag van die ooreenkoms het egter hulle voorstelle en insette geïgnoreer. Die onderstaande aanhaling beklemtoon baie duidelik die impak van konflikgesindhede op gedragpatrone en word as gevolg daarvan direk aangehaal. Vir jare daarna sou sekere politieke belangegroepes in Zimbabwe immers steeds worstel met die vraagstuk rakende die inheemsheid van die blanke burger:

“We felt used and abused. The nasty smell of a sell-out deal became evident. The opinion spread among Africans that the Proposals were merely Britain’s way out of their quandary without abandoning their kith and kin.....Soon a strategy for rejection began to emerge....One opportunity remained, however, since there was to be the Commission on Rhodesian Opinion to test public

opinion. Ian Smith agreed to this because he believed that the Commission could go to rural areas and gain the support of the chiefs and headmen who, as persons on government salaries, would vote for acceptance.....our hope as Zimbabwean leaders lay in organizing a massive 'No' response" (Muzorewa, 1978:93-94).

Alhoewel die swart bevolking hul teenstand wou aantoon, was daar, op daardie stadium, geen georganiseerde politieke organisasie of party waardeur dit kon plaasvind, nie. Beide ZAPU en ZANU was verbode verklaar, terwyl die leierskap in gevangenis of in die buiteland was. Vier voormalige lede van ZANU en ZAPU, onder andere Josiah Chinamano het besluit om 'n nuwe eenheidsbeweging, die African National Council (ANC) te stig, om die grondwetlike voorstelle te opponeer.

Hulle het onder meer 'n neutrale leier met nasionale statuur probeer vind wat nog ZANU, nog ZAPU was. Hierdie persone het Muzorewa genader om die ANC-leierskap oor te neem. Die doel van die ANC was volgens Muzorewa: *"...to unite all our people, establish a new orientation to the struggle, and to bring about majority rule. The immediate objective, however, would be to fight and defeat the Smith-Home Proposals" (Muzorewa, 1978:94).* Muzorewa het die leierskapsaanbod na drie weke van gebed en meditasie aanvaar (*Muzorewa, 1978:94-95*).

Nkomo (1984:141) het egter sy eie perspektief op die loodsing van die ANC soos volg gegee: *"In preparation for the Pearce Commission, I communicated with Garfield Todd, to ensure that his opposition would be expressed in terms similar to ours. I also got in touch with Josiah Chinamano, who had by now been released, in order to set up a front organisation to coordinate African opposition. On his suggestion we approached a well-known churchman, the Methodist Bishop Abel Muzorewa.....It was soon suggested that, since the bishop was a political novice, while Josiah {Chinamano} was closely identified with me, the council's appeal could be broadened if the bishop became chairman while Josiah acted as treasurer. I readily agreed, and this was the start of poor Abel Muzorewa's illusion that he had become a political leader."*

Josiah Chinamano het inderdaad die "treasurer" van die ANC geword. Muzorewa is verder deur Nkomo gekritiseer omdat hy homself as 'n politieke figuur begin sien het, terwyl die swart gemeenskap hom steeds as 'n kerklike leier beskou het (*Nkomo, 1984:141*). Ander latere prominente persone, was Rev. Canaan Banana (die latere president van Zimbabwe in die na-1980-era) wat tot vise-president verkies is en Edson Sithole wat as regsverteenwoordiger gedien het (*Muzorewa, 1978:97,102*). Dit blyk dat die ANC met sy stigting as 'n tydelike liggaam beskou is. Uiteindelik het die ANC met sy fokus op die organisering van swart opposisie teen die Smith-Home-voorstelle, takke in beide die landelike en stedelike areas van Rhodesië gevestig (*Muzorewa, 1978:95-116*).

In 'n poging om teen die voorstelle te mobiliseer, het die ANC te kampe gehad met die Smith-regering se pogings om normale politieke aktiwiteit te verhinder. Só wys Muzorewa as voorbeeld op die arrestasie op 18 Januarie 1972 van die vorige eerste minister, Garfield Todd en sy dogter, Judith, deur die

veiligheidsmagte. Volgens Muzorewa was hulle sterk teenstanders van die grondwetlike voorstelle en het aktief daarteen georganiseer. Hierdie optrede is opgevolg met die arrestasie van Josiah Chinamano en sy vrou. Gewelddadige botsings tussen die polisie en lede van die swart gemeenskap het ook in Gwelo, Shabani en Salisbury uitgebreek, terwyl hulle gewag het om getuienis voor die Peace Commission te lewer (*Muzorewa, 1978:102-103*).

Die uitslag en bevindinge van die Peace-Kommissie is deur die ANC as 'n boodskap van krag en noodsaak van eenheid in swartgeledere gesien (*Muzorewa, 1978:118*). Die Pearce-Kommissie se bevindinge het volgende behels:

“ Apart from a small minority, the European population was in favour. So were the majority of Coloureds and Asians. But the majority of Africans, who comprised 95 per cent of Rhodesia’s population, both in public and in private, rejected the Proposals” (Muzorewa, 1978:117).

'n Belangrike gevolgtrekking wat *Muzorewa (1978:117)* uit die Pearce-verslag vanuit 'n konflikgesindheidsperspektief gesien, beklemtoon, is: ***“...mistrust of the intentions and motives of the Government transcended all other considerations....the guarantees against constitutional change were inadequate....would not lead to majority rule quickly enough.”*** Diepliggende wantroue was 'n ernstige struikelblok en 'n inherente komponent van die konflikstruktuur wat in die post-1980-periode getransformeer sou moes word.

Daar was talle voorvalle van intimidasie. Berlyn argumenteer in dié verband dat die vorming van die ANC, met Muzorewa as leier, 'n voorbeeld hiervan was, aangesien: ***“The ANC had been formed at the behest of Mr Nkomo and Mr Sithole....both of them contenders for power and both of them detained. The Bishop was no more than a figurehead, a messenger for the nationalists. The message had gone out, and the no vote was an echo of that message....”***(*Berlyn, 1978:206*).

Volgens Muzorewa was die oorwinning van die swart meerderheid oor die “white masters” 'n mosie van selfvertroue en hoop in hulself en 'n finale oorwinning vir vryheid (*Muzorewa, 1978:117*). *Sylvester (1991:48)* stem hiermee saam as sy aandui dat die Pearce-Kommissie een van die gebeure was wat die nasionalistiese beweging beïnvloed het op weg na groter militantheid en geweld. Nietemin wys sy daarop dat, alhoewel die nasionaliste, beide ZAPU en ZANU, tot gewelddadige guerrilla-oorlog besluit het, hulle steeds afhanklik was van 'n geskikte strategie hoe om 'n opponerende weermag met groter krag, te konfronteer, en te oorwin.

In Desember 1971 het die eerste twee ZANLA-terroriste, Chauke en Amon Zindoga, Rhodesië deur die Tete provinsie van Mosambiek, binnegekom. In 1972 het die eerste wapens saam met 60 ZANLA-guerrillas, deur die Tete provinsie, Rhodesië binnegekom. Dit was ter voorbereiding vir 'n uitgebreide guerrilla-stryd wat op 21 Desember met die aanval op Altena Farm begin het (*Martin and Johnson, 1981:xvi*).

2.4.5. Binnelandse skikkingsinisiatief: 1972-1974

Na afloop van die Pearce-Kommissie, het die ANC in 'n bestekopname geoordeel dat die organisasie onafhanklik van die bevrydingsbewegings moes bly voortbestaan, nasionale eenheid moes bevorder en 'n strategie van nie-gewelddadigheid, moes ontwikkel (*Muzorewa, 1978:119*).

Die uitdaging was om die suksesvolle massa-protas teen die Smith-Home voorstelle te mobiliseer tot 'n massa-lojaliteit verbonde aan 'n gedissiplineerde politieke party. Die doelstelling was die hou van 'n grondwetlike konvensie. Smith het die voorstel in 1972 in die Parlement verwerp. Die Smith-regering het ook ANC fondsinsamelaars gearrester en die Mrewa-distrikskantoor van die ANC gesluit (*Muzorewa, 1978:120-121*). Dit het duidelik geword dat die oplos van die binnelandse Rhodesiese vraagstuk 'n tweeledige strategie sou benodig gegrond op die uitbreiding van gewelddadige konflik vanuit die buurstate en die vestiging van 'n verenigde binnelandse front teen die blanke bewind, maar gekoppel aan 'n strategie van onderhandeling en oordrag van mag (*Muzorewa, 1978:128*).

Smith het wel in 1972 en 1973 te kampe gehad met die nuwe guerrilla-aanslag deur ZANLA vanuit Mosambiek. Hoewel die regering geglo het dat hulle die guerrilla-oorlog onder beheer het, was blanke plase toenemend die teiken vir aanvalle. Destruktiewe geweld het ge-eskaleer. Die reaksie vanuit owerheidsgeledere het onder meer tot die oproep van burgermaglede asook, sterker optrede teen die swart gemeenskappe wat die vryheidsvegters ondersteun, gelei. Die verhoging van die maksimum tronkstraftermyn na twintig jaar, asook die vestiging van sogenaamde "Protected Villages," ten einde die swart bevolking teen die bevrydingsbewegings en hul invloede te beskerm, was van die optredes vanaf regeringskant (*Muzorewa, 1978:128-129*).

In Februarie 1973 het Muzorewa 'n hernude beroep op die Smith-regering gedoen om die beslegting van die grondwetlike vraagstuk ooreenkomstig grondwetlike prosesse, te verhaas. Agter-die-skerm gesprekke, of te wel "pendel diplomatie" het vanaf 1973 onder aanvoering van Denis Greenhill van die UK "Foreign Office" plaasgevind. Deelnemers hieraan was Lance Smith, die RF-minister van Binnelandse Sake asook die kabinetsekretaris, Jack Gaylord en die ouditeur-generaal E.A.T. Smith. In dié gesprekke het die ANC onmiddellike pariteit van swart verteenwoordigers in die parlement geëis, asook die skraping van die Land Tenure Act. Smith het die voorstelle in die openbaar verwerp, maar formele gesprekke tussen Smith en Muzorewa het ten spyte hiervan, sporadies vanaf 17 Julie 1973 tot 1974 plaasgevind.

In dié gesprekke het Smith die aanvaarding van die Smith-Home-voorstelle van 1971 as grondslag vir gesprek voorgestel, terwyl die ANC hul voorstelle rakende 'n grondwetlike konvensie, ter tafel gelê het. Konsensus kon volgens *Muzorewa (1978:132-133)* egter nie bereik word nie, desondanks die feit dat Smith in die openbaar voorgehou het dat die ANC die Smith-Home-voorstelle aanvaar het. Volgens *Chambati (1989:153-154)* het Muzorewa in die proses baie kredietwaardigheid ingeboet en baie van sy ondersteuners het hulle alliansie en steun aan die verbode ZANU en ZAPU, toegesê. Die RF-regering het egter ook opgetree teen

ANC-leierskap deur aanhoudings en die intrekking van Muzorewa se paspoort (*Muzorewa, 1978:133*). Teen 1974 het die gesprekke op 'n dooiepunt uitgeloop.

2.4.6. Die Guerrilla-oorlog in die sewentigerjare

Gedurende die sewentigerjare het die guerrilla-oorlog drasties begin eskaleer. ZANU het in 1970 'n alliansie met die "Front for the Liberation of Mozambique" (Frelimo) aangegaan. Hiervolgens is die Tete-provinsie as toegang vir 'n Maoïsties-gebaseerde guerrilla-oorlog teen die RF-regering aangewend. Die guerrillas is in Tanzanië, die People's Republic of China en Mosambiek opgelei. Vanuit die Tete provinsie het hulle Rhodesië geïnfiltreer en nagtelike ontmoetings ("*pungwes*") met die landelike bevolking gehou om swart bewussyn teen politieke uitsluiting, sosio-ekonomiese en politieke onderdrukking asook teen grondonteiening deur opeenvolgende blanke regerings aan te wakker. Ten spyte van die feit dat die landelike bevolking deur beide die guerrillas en die regeringsmagte onder druk geplaas is, het hulle tog beskerming en skuiling aan ZANLA-guerrillas gebied en hulle ook van voedsel en ander voorrade voorsien (*Sylvester, 1991:49*).

Swart sakemanne en -grondbesitters kan maklik 'n "petty bourgeois"-klas vorm. Hulle het egter nie saam met die regering 'n bolwerk teen die guerrillas gevorm nie. Hulle het merendeels die nasionaliste ondersteun en help organiseer. Hulle is as 'n belangrike leiersgroep met sterk strategiese waarde gesien, vanweë die feit dat hulle die kommunikasie-netwerke beheer het, omdat hulle besighede op die belangrikste landelike paaie, bushaltes, kruispaaie, geleë was en dus as belangrike versamelpunte kon dien. Die swart geskooldes en onderwysers is ook as 'n belangrike lid van die "petty bourgeois"-klas, gesien. Hulle het veral in die landelike gebied 'n invloedryke groep geword wat die openbare mening beïnvloed en begelei het. Hulle het ook 'n leidinggewende rol gespeel in die nasionalistiese beweging. Gesien teen die agtergrond van die noue bande tussen die "peasants" en die guerrillas, kan dus verstaan word waarom Smith se beleid om 'Protected Villages' te skep, ten einde die "peasants" van die guerrillas te vervreem, 'n mislukking was. (*Ranger, 1985:240-249; 268*).

Klasse-differensiasie in die landelike gebiede het wel volgens *Ranger (1985:269-275)* die oorlog en die latere binnelandse skikkingsperiode in aanloop tot die Lancaster House-ooreenkoms, beïnvloed. Die klassestryd tussen die guerrillas en sommige van die swart bourgeoisie het sterk na vore getree nadat Muzorewa 'n binnelandse skikkingsooreenkoms met die RF-regering aangegaan het. Baie van die swart middelklas was as gevolg daarvan verdeel tussen die UANC en ZANU/ZAPU. Die swart kommersiële boere en handelaars het in dié tyd dikwels onder beide regerings- en guerrilla-wantroue deurgeloop, aangesien daar onsekerheid bestaan het oor hul werklike politieke sentimente en voorkeure. Feit is egter dat intimidasie inderdaad hoogty gevier het. Die gevolg was dat die middelklas-swartes merendeels die slagoffers in die stryd tussen die guerrillas en die regering was. Hulle kon gevolglik nooit werklik na behore ontwikkel nie (*Ranger, 1985:269-275*).

Die omvattende stel wetgewing en maatreëls wat die regering ingestel het om die entrepreneurskapsgees onder die "peasants" teen te werk deur die vestiging van

blanke kommersiële monopolieë, die afdwing van graanpryse en deur nie in kontant te betaal vir “peasant” produkte nie, het persepsies onder “peasants” laat ontwikkel, dat blankes nie eerlik en betroubaar is nie. Dit is weer eens ‘n eskalاسie van konflikgesindheidspatrone met ‘n beduidende impak op die haalbaarheid van ‘n inklusiewe grondwetlike ooreenkoms. Daarbenewens het die beleidsgrondslae, soos die sentralisasie van die reservate, die beleid van “de-stocking” en die “Maize Control Act” emosies van frustrasie en argwaan geskep (*Ranger, 1985:38*).

Ranger verskaf byvoorbeeld in hierdie verband bewysplase dat “peasant”-geloofsoortuigings ‘n kritiese rol in die oorlog gespeel het. Hy toon aan dat dit veral die mediums, as skakel met die voorouers was, wat die intensiewe landboutegnieke van die regering geopponeer het. Binne hierdie konteks het die mediums ‘n groot rol gespeel in die aksie om die ‘lost lands’ terug te kry. Deur die fasiliteringsrol van die mediums was dit dus moontlik om *spirituele woede* oor die verlies van grond, met gewapende mag aan te vul.

Dat die mediums ‘n kritiese rol gespeel het, is selfs deur die RF-regering erken in hul pogings om die mediums te koöpteer en daardeur ‘n hervormde stamgesagstelsel te probeer vestig wat die nasionalistiese beweging kon neutraliseer. Dit het egter nie gewerk nie. Die resultaat was eerder ‘n groeiende persepsie dat die blankes en hul regering niks anders as ‘witches’ is nie. Die mediums het die “peasants” en die guerrillas in ‘n verenigde front van weerstand saamgevoeg. In die proses het hulle gehelp om die bevrydingsideologie van die guerrillas met “peasant”-aspirasies te versoen en op dié wyse is ‘n gemeenskaplike *raison d’être* gebore ten spyte van die feit dat dit telkens deur intra-nasionalistiese sentrifugale kragte aan bande gelê is (*Ranger, 1985:197; 199-201,206,211*).

Die guerrilla-oorlog is in die proses deur die mediums as heilig verklaar, sodat geen “peasant-elder” dit sou waag om die guerrillas te repudieer nie. Volgens Ranger was die fatale oordeelsfout wat Smith en sy adviseurs begaan het, te vinde in hul poging om die nasionaliste en die “peasants” van mekaar te vervreem. In der waarheid het die rol van die mediums en voorouergeeste verder gestrek as die oorlog. Dit is ook in die verkiesingsveldtog van 1980 gebruik toe daar verklaar is dat: *“This country belongs to spirits...If you should be bribed to vote for Muzorewa, the spirits will seek revenge on you. Our ancestors are too good to betray.”* (*Ranger, 1985:213*). Verkiesingsplakkate en selfs Mugabe se inhuldigingsplakkaat as premier het onder die foto van Nehanda verskyn. Dit was dié simbool van haar visie dat haar nageslag die land sal terugwen. (*Sien Lan, 1985, Plate 15*).

In sy navorsing oor die rol van tradisionele religie in die politieke lewe en veral die bevrydingstryd, gee *Daneel (1970:71-72)*, Ranger gelyk dat dit wel ‘n aktiewe rol gespeel het, maar dat dit wel ook deur die nasionalistiese leiers vir politieke doeleindes uitgebuit is. Hy wys daarop dat animisme, met die nasionalistiese opbloeie, ‘n herlewing beleef het. Hul invloed het veral na die politieke terrein, in terme van strategiese belangrikheid, uitgebrei soos hulle deur die nasionalistiese leiers vir mobilisasie doeleindes en legitimisering van die stryd, aangewend is (*Daneel, 1970:71-72*). Binne dié konteks is Mwari as bevryder en bemagtiger van die onderdrukte persoon, geteister deur armoede en uitsluiting, voorgehou. Die

oproep van hierdie persone in die gemeenskap tot die stryd is volgens hierdie strategie dus eintlik nie 'n oproep tot aktivisme deur slegs die nasionalistiese leierskap nie, maar veel eerder deur Mwari. Verwerping van die oproep tot aktivisme kom neer op 'n verwerping of ignorering van Mwari (*Daneel, 1999:134-135*).

Daneel (1999:27-28) wys daarop dat soos die rol van geestelike bevryder in die politieke stryd aan Mwari en die mediums toegedig is, het “African Initiated Churches” (AIC) tydens die chimurenga-tyd dieselfde benadering van 'n vergeesteliking van die stryd gevolg. Die profetiese geneeshere van hierdie kerkdenominasie is opgeroep deur die nasionalistiese leierskap om mee te help tot die heling van die grond herverspreidingskonflik, deur hul ondersteuning aan die bevrydingstryd te verleen. In dié proses is die vyande as die “blanke onderdrukkers” en hul “swart meelopers,” gedefinieer. Die Heilige Gees is aangewend om legitieme regverdiging vir die stryd te bied: *“As a kind of land guardian the warring Holy Spirit was considered to be inspiring and directing guerrilla activity, at the same time curbing internal destructive powers to preserve life in a torn society”*(*Daneel, 1991:28*).

David Lan (1985:123) bevestig die belangrike en unieke rol wat religie in die opbou tot en implementering van die guerrilla-oorlog gespeel het. Hierdeur bevestig hy ook die waarneming van *Anstey (2002:16)* dat religie 'n uiters belangrike invloed in kulturele/identiteitskonflik is. Só wys hy op die belangrike rol van die tradisionele religieuse mediums in die legitimisering van die guerrilla-oorlog. Deur hulle fasilitering sou die guerrillas toegang tot die landelike bevolking verkry vir noodsaaklike mobilisering vir deelname en instandhouding van die oorlog. *Lan (1985:145-149)* haal as bewys hiervan vir Josiah Tunamirai (hoof ZANLA “Political Commissar”) aan ter verduideliking van die redes waarom die guerrillas die steun van die mediums gesoek het:

“The mediums could deliver the people – when we started the war the spirit mediums helped with the recruitment. In the villages they were so powerful.... When we wanted to go and open a new operational zone we would have to approach the mediums first. Mbuya Nehanda was the most important and influential recruit in those early days. Once the children, the boys and the girls in the area, knew that Nehanda had joined the war, they came in large numbers.”

Ranger (1985:25) ondersteun Lan se analyses maar waarsku egter dat dit verkeerd sou wees om te argumenteer dat die radikalisering van die landelike swart Afrikane en van die “peasants” in die besonder, alléén te danke is aan guerrillamobilisering. Hierdeur verwerp hy *Ian Smith (2001)* se argument dat die guerrilla-oorlog nie 'n produk van binnelandse verset is nie, maar van eksterne kommunistiese manipulasie. Ranger argumenteer verder dat radikalisering lank voor die koms van die guerrilla-oorlogvoering, plaasgevind het en dat dit eerder die resultaat van omvangryke koloniale intervensie oor baie jare was. In daardie sin was “peasant”-radikalisering die produk van die proses van kulturele kolonisasie en die gevolglike riële impak daarvan. Die guerrilla-oorlog was eerder 'n neweproduk van “peasant”-bewussyn en argwaan.

Hierdie punt is belangrik, want dit toon volgens Ranger aan dat die swart Afrikaan in wese nie teen die kapitalistiese entrepreneurskapskonsep assulks was nie. Inteendeel, hulle het eerder ervaar dat hulle doelbewus daarvan weggehou is. In dié proses het kapitalisme vir die meeste arm swart Afrikane sinoniem met blanke onderdrukking en rassisme geword. Sosialisme sou sinoniem met bevryding vanuit blanke onderdrukking word. Opeenvolgende blanke regerings het deur hul etniese/kulturele eksklusiwistiese aanslag tot kapitalistiese magsbevoordeling, die paradoks geproduseer.

Die gevolg was steun vir sosialisme, nie vanweë enige noodwendige ideologiese voorkeure nie, maar eerder as die projeksie van bevryding en verlossing uit die onderdrukkende, uitsluitende armoedskeppende ervaring van rassisties-gedomineerde kapitalistiese magsmonopolieë.

Blanke-regerings het gevolglik in hierdie opsig volgens Ranger ‘n groter rol in die radikalisering van die bevolking gespeel as wat Mugabe/ZANU/ZAPU/-Nkomo/-Marxisme/ Maoïsme gedoen het. Dit neem natuurlik nie die beginsel weg dat talle van die nasionalistiese leierskapskader, as gevolg van hul ervaring van kapitalistiese implementering, die ideologiese vertrekpunte en beginsels van Marxisme-Leninisme en ook Maoïsme, heelhartig begin ondersteun het nie. Robert Mugabe is ‘n voorbeeld in dié verband (*Chan, 2003*).

Die spirituele mediums sou ook ‘n belangrike rol speel in die marginalisering van die politieke en religieuse legitimeitsbasis van die kapteins en hoofmanne. Hulle sou self die tradisionele gesagsrol van die kapteins en hoofmanne oorneem en aan die guerrillas delegeer. In sy navorsing bevind Lan juis dat een van die fatale erfenisse van opeenvolgende blanke/koloniale regerings in voormalige Suid-Rhodesië, die vernietiging van die tradisionele gesag van die kapteins was, deurdat hulle ooreenkomstig die 1898-Order-in-Council, tot koloniale amptenare gereduseer is. ‘n Belangrike impak van die verskuiwing van die religieuse gesagsbasis van die tradisionele kapteins na administratief uitvoerende funksionariese, het nie slegs ‘n religieuse legitimeitskrisis vir hulle geskep nie, maar het ook ‘n direkte impak op die disintegrasie van die tradisionele stambewoningsgrondslag gehad. In dié verband wys Lan daarop dat die aanstelling van kapteins as belastinggaarders, die jong werkende mans uit hul tradisionele huise, gesinne, uitgebreide families en stamgebiede gedwing het na die onderbetaalde blankbeheerde ekonomiese en nywerheidssektor (*Lan, 1985:136-153*).

Die institusionalisering van die kapteins en hoofmanne as belastinggaarders (“sabhuka – owners of the taxbook”) het egter ook ‘n verdere disintegrasie-impak van die stamgemeenskap tot gevolg gehad. Dit het aan die belastinggaarder toegang tot twee baie belangrike religieuse rituele verleen, naamlik die inhuldiging asook die begrafnis van kapteins. Die handeling het die verbintenis tussen die mhondoro, die kapteins en die lewende stamlede finaal verbreek. Op dié wyse het hulle junior amptenare geword, ondergeskik aan die gesag van die naturelle kommissaris en nie meer ondergeskik aan die mhondoro nie. Op die wyse is die morele grondslag en identiteit van die kapteins vernietig (*Lan, 1985:136-153*).

Dié optrede het die ontologiese behoefte aan identiteit van die tradisionele stam mens ernstig bedreig en so meegehelp tot ‘n ernstige disintegrasie-proses van die swartman in ‘n kulturele konteks. Sekerlik was dit een van die fatale flaters van

opeenvolgende pre-1980-regerings in Suid-Rhodesië en later Rhodesië. In reaksie hierop is vermag dat pogings aangewend sou word om die disintegrasie-proses om te keer. Hierdie stap het die bevrydingsrol van beide die mhondoro (gestorwe kapteins) en spirituele mediums (as openbare segsmanne van die mhondoro) vergroot. Op dié wyse is aan die stryd 'n spirituele legitimeitsbasis verleen. So is 'n bykans onbreekbare eenheid en samewerkende alliansie tussen die "peasants" en die guerrillas gevestig. *"What followed from this is that the people...shifted their political allegiance from the chiefs of the present to the chiefs of the past, the mhondoro, who could, of course, only be made available to them by their mediums."* (Lan, 1985:136-153).

Die ingrype van die koloniale regerings in die rol van die kapteins het dus die kulturele wese van die swart tradisionele Afrikaan aangetas en verbreek. Dit het 'n proses van gedwonge en noodwendige selfontwikkelde of outomatiese "peasant"-bewuswording van stapel gestuur wat met die verloop van tyd in 'n alliansie met guerrilla-oorlogvoerders sou uitloop. In die post-1980-periode het die mediums weer hul religieuse invloed laat geld, deur die politieke gesag en verantwoordelikhedsrol in die tradisionele landelike gebiede aan die ZANU (PF)-gedomineerde "village" en "district committees", oor te dra. Lan (1985:168;170) verskaf 'n perspektief op hoe die "peasant" Afrikane, op grondvlak, die aannames van Smith, dat die kapteins hul ware leiers is, beskou het:

"The mhondoro typify the ideology of descent. Witches are typically members of one's own rudzi who wish you harm, rudzi being interpreted as 'type' or 'kind of person', as lineage or clan depending on context. As guerrillas were the representatives of the mhondoro, those who opposed them and allied themselves to the white government were thought of as traitors to their own people, their own rudzi. In effect, they had taken sides against the mhondoro and the only person who could do such a thing is a witch...."

Die jaar 1974, word deur talle ontleders as 'n belangrike draaipunt in die verloop van die Rhodesiese konflik beskou as gevolg van die *coup d'état* in Portugal en die oornome van Frelimo in Mosambiek. Tot in daardie stadium het die guerrillas die militêre stryd verloor – hulle was nie 'n militêre faktor nie. Twee aspekte het egter 'n impak op die verloop van die stryd uitgeoefen. In die eerste plek het die 1975-beraad in Switserland tot 'n tydelike skietstaking gelei. Dit het aan ZAPU en ZANU die geleentheid gebied om te herorganiseer en in die grensgebiede in te beweeg. In die tweede plek, was dit die Portugese *coup d'état* wat die oostelike front vir ZANU geopen het en die Rhodesiese veiligheidsmagte gedwing het om aan twee fronte te veg.

Dit was ook die jaar waarin beide Nkomo en Mugabe vrygelaat is. Mugabe het hierna spoedig die leier van ZANU geword nadat Sithole geweld afgesweer het (Sylvester, 1991:52-53).

Vanuit die RF-perspektief het Mosambiek nou 'n vyandige gebied geword vanwaar ZANLA met redelike gemak kon opereer (Cole, 1984:436). Bevelvoerders van ZIPRA en ZANLA het vir 'n kort periode in 1975 saamgewerk om die Zimbabwe People's Army (ZIPA) te vorm in 'n poging om bo die probleme van party-kompetisie uit te styg. Die inisiatief is egter deur beide Nkomo en

Mugabe verwerp. *Emmorson Mnangagwa (1989:143)* verduidelik die ontstaan van ZIPA soos volg: *“The formation of the Zimbabwe People’s Army came during the time when most of the Zanu leadership was in prison in Zambia. The Zanu military wing in full consultation with the detained leadership, entered into a unity pact with the Zapu military wing for the sole purpose of continuing the armed struggle.”*

Die OAE en die Frontlinie-state het groter eenheid en samewerking tussen die bevrydingsbewegings probeer fasiliteer wat op die Lusaka-deklarasië van Eenheid op 7 Desember 1974, uitgeloop het (*Mnangagwa, 1989:143*). Die resultaat hiervan was die vorming van die nuwe ANC. Kenneth Kaunda, wat aan die proses deelgeneem het, was as fasiliteerder in die proses prominent (*Muzorewa, 1978:142*). Die détente-pogings wat in 1974 begin het, het die guerrilla-oorlog feitlik tot ‘n stilstand gebring, omdat die politieke leierskappe almal daarby betrokke was (*Martin and Johnson (1981:215)*). Die ANC kon egter nooit daarin slaag om effektief as ‘n eenheid te funksioneer nie. Dit het gevolglik ‘n vinnige dood gesterf (*Mnangagwa, 1989:143*).

In 1976 het ZANU en ZAPU amptelik saamgesmelt om die Patriotic Front (PF) te vorm. Die onmiddellike doel was om te verhinder dat Smith en Muzorewa ‘n binnelandse skikking bereik, met die uitsluiting van ZANU en ZAPU. Die Frontlinie-state het ook ‘n baie sterk rol in die proses van eenwording gespeel, onder leiding van veral Kenneth Kaunda en Samora Machel. Die Patriotic Front (PF) het in die toekoms gesamentlik deelgeneem aan onderhandelingspogings vir ‘n grondwetlike skikking veral tydens die 1976-Geneve-gesprekke, die 1978 se Malta-gesprekke en in 1979 se Lancaster House-beraad (*Chambati, 1989:157*). Belangrik in dié verband is die argument dat die koste van die oorlog veral vir die Frontlinie-state te hoog geword het en dat ‘n onderhandelde oplossing dringend noodsaaklik geword het (*Sylvester, 1991:52 en Martin and Johnson, 1981:257*). Nietemin het die guerrilla-oorlog ondanks die onderhandelingspogings tot en met 1979 voortgeduur, met ‘n sterk eskalasië in 1977. Regdeur die proses het die Patriotic Front (PF) onmiddellike meerderheidsregering as voorvereiste vir ‘n grondwetlike skikking en die beëindiging van die guerrilla-oorlog gestel. (*Sylvester, 1991:53*).

2.4.7. Die détente-pogings en die binnelandse skikking

Na die 1974-staatsgreep in Portugal en die magsoorname van Frelimo in Mosambiek het John Vorster met ‘n onderhandelingsproses (détente) begin waarby veral Kaunda en later ook Henry Kissinger as minister van Buitelandse Sake van die VSA, betrokke geraak het (*British Information Service, 1970:15-16*). Sy motiewe is gemotiveer deur die Portugese onttrekking uit Angola en Mosambiek en wat deur Marxisties-Leninistiese regerings vervang is. Uit ‘n strategiese oogpunt gesien, het Suid-Afrika ‘n gematigde uitkoms in Rhodesië benodig om ‘n bedreiging vir die Suid-Afrikaanse regering te verminder (*Sylvester, 1991:51*).

Vorster se eerste onderhandelingspogings in Augustus 1975 by die Victoria Watervalle het misluk. Die deelnemers aan die konferensie was Vorster, Kaunda, die RF, Nkomo, Sithole, Chikerema en Muzorewa. Laasgenoemde vier afgevaardigdes het as die nasionalistiese groep deelgeneem. Die enigste sukses

van die konferensie was dat dit Vorster se internasionale beeld verbeter het en dat hy wel daarin geslaag het om met Kaunda gesprek te voer (*Martin and Johnson, 1981:195*). Smith het egter geweier om die nasionalistiese groep te ontmoet, aangesien hy nie met “terroriste” wou onderhandel nie. In Desember 1975 het Smith en Nkomo wel ‘n gesprek in Salisbury gevoer (*Nkomo, 1984:156-157*). In sy analise van die ontmoeting was *Nkomo (1984:157-158)* daarvan oortuig dat die gesprekke misluk het omdat Smith meerderheidsregering as beginsel verwerp het, ‘n blanke meerderheid in die parlement as voorvereiste gestel het en ook omdat Nkomo geglo het dat Smith in sy wese ‘n rassis was.

Ondertussen was die nasionalistiese bewegings ook diep verdeeld. Dit het volgens Nkomo gelei tot die dood van Hebert Chitepo, prominente leier van ZANU, in ‘n motorbom in 1975. *Nkomo (1984:158)* glo verder dat die oorsaak daarvan te wyte was aan die magstryd tussen die twee Shonastamme – die Nyika en Karanga. *Flower (1987:147-148)* wys egter daarop dat die dood van Chitepo ‘n beplande aksie van die C.I.O. was. Die jaar 1976 was egter ‘n baie deurslaggewende jaar. Dit is die jaar waarin Suid-Afrika by monde van dr Hilgard Muller, die minister van buitelandse sake, hul steun aan meerderheidsregering in Rhodesië toegesê het. Dit was ook die jaar van die vorming van die Patriotic Front (PF) tussen ZANU en ZAPU met Nkomo en Mugabe wat die leierskap gedeel het (*Nkomo, 1984:160*). In 1976 het die Britse regering ook die Geneve-konferensie belê onder voorsitterskap van die Britse Arbeider Party se verteenwoordiger by die VVO, Ivor Richards. Die Patriotic Front (PF) het toe vir die eerste keer as ‘n organisasie aan die onderhandelings teenoor RF en die Muzorewa-groep deelgeneem. Die gesprekke was egter ‘n totale mislukking as gevolg van die swak voorsitterskap van Richards en Smith se onwilligheid om te onderhandel (*Nkomo, 1984:172*).

In Augustus 1977 het die Britse Minister van Buitelandse Sake, dr. David Owen en mnr. Andrew Young, die VSA ambassadeur by die VN, Salisbury besoek as deel van ‘n groter Afrika-toer (*Martin and Johnson, 1981:264*). In gesamentlike voorstelle het Owen ‘n enkelkamer parlement, verkies ooreenkomstig die beginsel van algemene volwasse stemreg en ‘n handves van regte, voorgestel. Die voorstelle het ook voorsiening gemaak vir ‘n ses maande oorgangsregering onder beheer van ‘n Britse Kommissaris en VVO toesighouding oor die verkiesings. Die bestaande polisiemag sou die wet en orde tydens die oorgangstyd handhaaf onder gesag van ‘n nuwe kommissaris en ‘n VVO-Zimbabwiese Mag. Dit het dus ‘n skietstakingsperiode ingesluit (*Martin and Johnson, 1981:272*). Die PF het hul eie voorstelle onder die titel: “*The Zimbabwe Patriotic Front on British Proposals for a Settlement in Rhodesia*” voorgelê, waarin voorgestel is dat die polisie moet ontbind, die staatsdiens en die regsprekende gesag gemonitor word, en dat die PF deel moes word van die oorgangsregering (*Martin and Johnson, 1981:273*).

Smith het die voorstelle verwerp en het met sy eie binnelandse skikkingsproses begin. Sy aanvanklike poging was daarop gerig om Nkomo te betrek. Uiteindelik het die gesprek, volgens Nkomo, in die geheim in Lusaka plaasgevind, met Kaunda as gasheer (*Nkomo, 1984:189*). Tydens die gesprek het beide Nkomo en Kaunda aangedring op die deelname van Mugabe aan die proses. ‘n Gesprek met die deelname van Mugabe is aanvanklik, na genoegsame hulp vanaf generaal Obasanjo en brigadier Joe Garba van Nigerië, wat volgens Nkomo ‘n groot rol

gespeel het om Mugabe tot deelname te oorreed, begin. Dit het egter volgens Nkomo nie plaasgevind nie, as gevolg van interne verdeeldheid (binne die bevrydingsegment) en vanweë die negatiewe rol van Nyerere wat baie agterdogtig jeens Nkomo was (*Nkomo, 1984:189*). Smith het gevolglik vir Muzorewa, Sithole as leier van die nuutgestigte ZANU en Kaptein Chirau in November 1977 genader vir gesprekke oor 'n binnelandse skikking (*Muzorewa, 1978:226*). In sy oorweging ten opsigte van deelname aan die gesprekke het *Muzorewa (1978:226-227)* die volgende elemente in ag geneem:

“For any nationalist to flirt with Mr Smith meant political suicide. On the other hand, there did not appear to be alternatives. The war was raging, taking scores of lives every week..... There was massive unemployment,..... people were living in camps, refugees in their own country. The economy.... on the brink of collapse.the whole black population looked to me to do something about the situation.....There appeared to be no viable alternative. The most recent Anglo-American Proposals were all but dead,It would be criminal for me to sit around and wait for somebody to come up with a new set of proposals.”

Smith het hom in sy gesprek met *Muzorewa (1978:228)* ten gunste van meerderheidsregering uitgespreek. Sy enigste vereiste was 'n verantwoordelike leierskap en waarborge vir die beskerming van blanke belange in 'n meerderheidsbedeling. Dit was 'n revolusionêre verandering. Op 26 November 1977 het Muzorewa amptelik aangekondig dat hy in onderhandeling met Smith tree ooreenkomstig die beginsel van een-mens-een stem (*Muzorewa, 1978:231*). Die gesprekke is wel later bedreig deur die aanvalle van die Rhodesiese magte op Chimoio en Tembe in Mosambiek. Die besware was egter in die praktyk meer simbolies van aard gewees as wat dit ware inhoudende krag gehad het. Die amptelike gesprekke het wel in Desember 1977 in aanvang geneem (*Muzorewa, 1978:231*).

Terwyl Smith met sy binnelandse skikking voortgegaan het, het die Malta samesprekings vroeg in 1978 plaasgevind. 'n Tweede Malta konferensie het in April 1978 in Dar es Salaam in Tanzanië plaasgevind (*Nkomo, 1984:187*). Dit is bygewoon deur Mugabe, Nkomo, Owen, Young en Chand (die VVO militêre verteenwoordiger) asook die VSA adjunk-minister belas met Afrika, Richard Moose. Voorstelle wat hier gemaak is, het voorsiening gemaak vir VN-toesig oor verkiesings, meerderheidsregering, 'n regeringsraad wat die oorgangsproses moes bestuur en wat uit twee lede elk van die afgevaardigdes wat die Genève-samesprekings bygewoon het, sou bestaan. Amnestie sou aan Rhodesiese politici verleen word, terwyl die hoofregter, die polisiehoof en die Eerste Minister hul poste moes ontruim. Al die rolspelers het volgens Nkomo, die gesprekke as positief beskou, maar het besef dat dit geen impak sal hê nie, omdat Smith dit nie bygewoon het nie (*Nkomo, 1984:188*). Smith het die voorstelle in elk geval later verwerp.

Op 3 Maart 1978 het Smith, Muzorewa, Sithole en Chirau die binnelandse skikking wat sou lei tot die staat Zimbabwe-Rhodesië, onderteken (*Martin and Johnson, 1981:293*). Die ooreenkoms het voorsiening gemaak vir:

1. 'n grondwet gebaseer op universele volwasse stemreg ooreenkomstig die beginsel van meerderheidsregering;
2. 'n wetgewende raad bestaande uit 100 lede;
3. 'n gemeenskaplike kieserslys met stemreg vir alle burgers van 18 jaar en ouer;
4. 72 setels in die wetgewende vergadering gereserveer vir swartes;
5. 28 setels gereserveer vir blankes;
6. dat die 28 setels vir 'n periode van 10 jaar gewaarborg word;
7. 'n Handves van regte;
8. onafhanklikheid van die regbank en staatsdiens;
9. 'n Uitvoerende Raad bestaande uit 'n eerste minister en drie swart ministers wat die hoofde van die afgevaardigdes wat aan die onderhandelings deelgeneem het, sou wees. Die lede van die uitvoerende raad sou as voorsitters roteer en
10. 'n Ministersraad ewewigtig saamgestel uit blank en swart ministers, met Smith wat tog die sleutelposisie behou het (*Muzorewa, 1978:278-282*).

Die skikking is internasionaal verwerp en Muzorewa het in al sy onderhandelinge met Smith weinig fundamentele winste getoon (*Labushagne, 1989:27*). Dit het sy politieke loopbaan op die pad na politieke irrelevansie geplaas. Nietemin het Muzorewa in Mei 1979 na 'n verkiesingsoorwinning, die Eerste Minister van Zimbabwe-Rhodesië geword (*Martin and Johnson, 1981:300*).

Die guerrilla-oorlog is ook nie deur die skikking beëindig nie. Teen die middel van 1979, "The Year of the People's Storm," het die ZANLA guerrilla-getalle binne Zimbabwe-Rhodesië reeds na tienduiseende aangegroei. Teen die einde van 1979 was krygswet in meer as 95% van die land afgekondig. Tussen die tydperk 1 Januarie en 28 Desember 1979, (die dag toe die Lancaster House-skietsaking sou begin) het die oorlogslagoffers reeds 7 729 bereik - 'n derde van die totale 19 898 sterftes in die sewe jaar sedert 1972. Die getal sterftes onder die veiligheidsmagte was 408 - 50% hoër as die vorige jaar (*Martin and Johnson, 1981:309*). *Labuschagne (1989:27)* is dus korrek in sy aanname dat die binnelandse skikking deur 'n probleem van legitimitieit en politieke irrelevansie geteister is.

2.4.8. Statebondspitsberaad – Lusaka 1979.

Die Statebondspitsberaad het op 1 Augustus 1979 in aanvang geneem. Tydens hierdie beraad het die leiers 'n verklaring uitgereik waarin hulle die vereistes vir 'n internasionaal-erkende, onafhanklike Zimbabwe gestel het. In die eerste plek is aangekondig dat die Statebond verbind is tot swart meerderheidsregering in Rhodesië. In die tweede plek het die Statebond die mening gehuldig dat die interne skikkingsooreenkoms in vele opsigte tekort skiet. In die derde plek was dit die ooreengekome standpunt dat dit die Britse regering se verantwoordelikheid was om onafhanklikheid aan Zimbabwe op die basis van meerderheidsregering toe te ken. In die vierde plek is as vereiste gestel dat alle partye betrokke by die konflik, aan die soeke na 'n oplossing moes deelneem. Vyfdens het die Statebond verklaar dat hulle diep bewus was van die behoefte aan 'n spoedige oplossing en skikkingsooreenkoms. In die sesde plek is die beskerming van minderhede as deel van 'n demokratiese orde, as 'n grondwetlike verskanste beginsel gestel. In die sewende plek moes die nuwe regering verkies word deur middel van 'n vrye en regverdige verkiesing onder toesig van die Britse regering en met die nodige Statebondswaarnemers teenwoordig. In die agste plek is die Britse inisiatief vir

die hou van 'n grondwetlike konferensie waarna alle partye genooi moet word, ten einde bogenoemde doelstellings te bereik, verwelkom. In die negende plek moes 'n skikkingspakket aan die volgende eise voldoen: (a) 'n onmiddellike staking van alle vyandelikhede en (b) die beëindiging van sanksies (*Wiseman and Taylor, 1981:3-4*).

Brittanje het na hierdie beraad sy voorstel soos vervat in punt 8 hierbo gestand gedoen en die Muzorewa-regering asook die PF uitgenooi vir 'n grondwetlike konferensie te Lancaster House in London. Die konferensie het op 10 September 1979 onder voorsitterskap van Lord Carrington begin en is deur alle partye bygewoon. Muzorewa wou deur die konferensie sy legitimiteit bewys. Die PF aan die ander kant, is deur die Frontlinie State gedwing om die konferensie by te woon. Waarskynlik ook weens die ekonomiese en ander gevolge wat hulle deur die jarelange stryd moes dra en ook om 'n moontlike verhoogde legitimiteitsbasis van die Muzorewa-regering te verhinder (*Sylvester, 1991:54-55*). Dit blyk egter duidelik dat een van die sleutelfaktore vir die ongedaan maak van die 1978-skikking, te vinde is in Thatcher (Britse Eerste Minister) se besluit om toe te gee aan die Statebondsdruk en haar voortydige erkenning van die binnelandse skikkingsinisiatief terug te trek.

2.5. Beoordeling: Konflikdefinisie

Die doel van die hoofstuk is om die historiese konflikstruktuur wat tot 'n gewelddadige konflik gelei het, te ondersoek. Die konflikstruktuur sal as metingsinstrument dien vir die mate waarin daar wel in die post-1980-era versoening- en vredebouprosesse onderneem is.

Die ondersoek na die strukturele aard van die konflik is onderneem aan die hand van die teoretiese vertrekpunte van veral *Johan Galtung (1969)* se driehoekige raamwerk van konflik met sy klem op onversoenbare belange, konflikhoudinge en konflikgedrag. Galtung se benadering word in die hoofstuk aangevul met die werke van *Mitchell (1981)* en sy klem op die bronne van konflik in 'n konfliktsituasie, *John Burton (1987)* en *Paul Sites (1973)* met hul klem op ontologiese mensebehoefte, *Mark Anstey (1991)* en sy raamwerk van konflikteskalasie en die eskalasiestrasiaal, asook die werke van *Pounds (1972)* en *Hartshorne (1959)* wat fokus op sentrifugale (verdelende) en sentripetale (samebindende) kragte waarvan die *raison d'être* (bestaansrede) die belangrikste krag is.

2.5.1. Onversoenbare belange: bronne van konflik in die pre-1980-era

In die studie oor die historiese konteks van die konflik het dit duidelik geword dat die geskiedenis van Zimbabwe 'n belangrike en toenemende bron van konflik is. Die studie wys duidelik dat hierdie konflik 'n bepalende impak op die eskalasie van die konflik het en dat dit waargeneem kon word tydens al die tydvakke wat bestudeer is. Die geskiedenis het as gevolg hiervan 'n duidelike invloed op die ontwikkeling van veral negatiewe en destruktiewe konflikgedrag en gesindheidspatrone in die land wat vandag as Zimbabwe bekend staan.

Sylvester (1991:1) het vanuit die staanspoor van haar navorsing bevind dat Zimbabwe se verlede deurspek is met kontroversie en gebrekkige konsensus oor die oorsprong, beweging en algemene aktiwiteite van veral die vroeë geskiedenis. Die gebrek aan basiese navorsingsfeite oor die pre-koloniale geskiedenis lei, volgens haar, dikwels tot simplistiese rekonstruksies van die geskiedenis. Sy waarsku in dié verband dat die motivering (benewens ander moontlike redes) vir sodanige rekonstruksies dikwels binne die kader van eksklusiwistiese politieke motiewe gevind kan word. Tipiese voorbeelde wat *Sylvester (1991:3-4)* uitwys, is die debat oor die agente van verandering wat deur die eeue verantwoordelik was vir die evolusie van die tegnologiese, ekonomiese, materiële en politieke sisteme.

Daar is in die hoofstuk aangetoon dat, ondanks die kontroversies van die geskiedenis, daar wel konsensus bestaan dat beide in die pre-koloniale en koloniale era's, waaronder die pre-koloniale ryke van Mwena Mutapa (Wilayatu 'L Muanamutapah) en Changamire, gekenmerk is deur *magstryde en magsoornames*. Só byvoorbeeld was die Khoisansprekendes, as oorspronklike inwoners van die gebied, die eerste mensegroep wat hul politieke en ekonomiese mag, asook hulle grondgebied, in die gebied tussen die Limpopo- en Zambeziriviere, afgestaan het aan eksterne magsgroepe of "inkommers van buite die gebied".

In dié verband was die dominante mags- en mensegroepe in evolusionêre volgorde die Gokomere-, die Leopards Kopje-, die Karanga-, die Shona-sprekende mensegroep wat hul oorsprong ontleen aan die Luba wat 'n ryk aan die oewers van die Kisalemeer in die noorde van Katanga beheer het, en wat die ryk van Mwena Mutapa gevestig het. Hierna het die Rozwi, ook 'n Shona-sprekende groep wat die ryk van Changamire gedomineer het, die prominente magsposisie begin beklee. Die ryk van Changamire het hul magsposisie aan die Matabele wat vanuit die suide kom, afgestaan nadat verskeie Matabele-groepe noordwaarts beweeg het vanweë wegbreekaksies vanuit die magsryk van Shaka Zulu met sy Mfecane strategie.

Die koningskap en magsbeheer van die Matabele (veral aanvanklik Mzilikazi en later Lobengula) is op sy beurt deur die Britsgesinde en blank gedomineerde British South African Company in die laat 19de eeu beëindig. Hierna het die politieke kultuur van die gebied drasties verander vanaf 'n inheemse Afrika-gesentreerde tradisionele politieke kultuur (met verskeie variasies) na 'n drastiese en totaal verskillende Westers/Europese politieke karakter. Gesien vanuit 'n politiek-kulturele konteks het hierdie magsoorname-proses waarskynlik die grootste transformasie-impak op gesindhede en gedragpatrone uitgelok, gegewe die kulturele andersheid daarvan en die geneigdheid van die regeerders om in terme van magsallokasie en magsdeelname, kultureel uitsluitende benaderings ten opsigte van die Afrika-identiteit en/-konteks te volg- maw 'n konflik gebou op kulturele marginalisasie.

Aanvanklik sou dit 'n politieke, ekonomiese en sosiale sisteem gedomineer deur die BSAC wees. Dit is egter opgevolg deur 'n hoogs outonome vorm van selfregering, 'n Sentraal-Afrikaanse Federasie, eensydige onafhanklikheidsverklaring deur 'n blanke minderheidsgroepregering in Suid-Rhodesië, 'n periode van *detenté* en guerrilla-oorlogvoering, buitelandse isolasie, 'n binnelandse skikkingsproses en uiteindelik die Lancaster House-beraad en die daaropvolgende verkiesings wat

gelei het tot 'n swart meerderheidsregering. Die voortbestaan en val van die ryke is veral ook beïnvloed deur opvolgstryde, asook ekonomiese en omgewingsveranderlikes soos die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne, droogtes en ander natuurrampe.

Die studie toon aan dat ekonomiese, sosiale en politieke ongelykheid en klasvorming vanaf die vroegste jare, veral sedert die ryk van Mwena Mutapa kenmerkend aan die gebied was. Dit is ook duidelik dat religieuse simboliek, waaronder die animistiese voorouer-vereringspraktyke en die Mwari-kultus, 'n samebindende krag was in die legitimering van politieke, ekonomiese en sosiale magsbasse.

Aan die anderkant is religieuse simboliek ook aangewend ter regverdiging en konsolidering van politieke magsbasse en ter regverdiging van politieke doelwitte en gewapende stryd. In dié sin vorm dit deel van die ontvouing van die historiese politieke, ekonomiese en sosiale konflikstruktuur. Religieuse simboliek soos aangetoon deur Daneel en andere, sou 'n besliste rolspeler wees in die regverdiging van politieke konflik en in dié proses, in die ontwikkeling van 'n destruktiewe konflikgedragsspiraal met samelopende destruktiewe konflikgesindhede. In hierdie verband is beide die animisme sowel as die "African Initiated Churches" (AIC) as religieuse regverdiging vir politieke legitimeitsbasse gebruik. Religie het, soos dit deur mense vir hul eie agendas aangewend is, 'n mede-rolspeler in die konflik-eskalasieproses geword, eerder as 'n fasiliteerder na versoening en regverdigheid.

Die geskiedenis is gekenmerk deur die voorkoms van ongelykheid en armoede vanweë onder meer, monopolistiese beheer oor handel met eksterne handelaars tydens die ryke van Mwena Mutapa en Chagamire. Armoede en ongelykheid is ook later op 'n etniese grondslag geïnstusionaliseer, veral as gevolg van wetgewing oor die beheer en verdeling van skaarshulpbronne soos politieke mag, ekonomiese mag, vaardigheidsontwikkeling, inkomsteverdelings, grondverspreiding en benuttingsvermoëns. Uiteindelik sou geïnstusionaliseerde dualistiese ontwikkelingsbeleid-grondslae ooreenkomstig 'n rassegrondslag 'n klimaks bereik tydens die periodes van die BSAC, die Selfregerende tydvak, die Federasie-era en die UDI-tydvak.

In hierdie verband het armoede as 'n deurlopende historiese verskynsel, 'n baie ernstige bron van konflik geword wat uiteindelik konflik-eskalerend meegewerk het tot die ontwikkeling van 'n guerrilla-oorlog. Laasgenoemde is 'n belangrike gevolgtrekking, aangesien die studie rakende die historiese konflikstruktuur aantoon dat armoede meer as slegs 'n ekonomiese ontnemingsverskynsel is. Dit is binne die konteks van die studie 'n duidelike bron van konflik met konflikgesindheds- (psigiese) en destruktiewe konflik-gedragssimplikasies, wat nie slegs 'n ekonomiese oplossing verg nie. Dit vereis veral 'n geïntegreerde konflik-resolusie en vredebouproses ooreenkomstig mense-ontwikkelingsbeginsels. Dit impliseer dat die resolusie van mens-gebaseerde armoedekonflikte, 'n totale transformasieproses vereis op ekonomiese, sosiale, psigologiese en spirituele vlakke. Dit is belangrik gegewe die multi-dimensionele impak van armoede op die geteisterde mens ter sprake.

Die grondvraagstuk, aangevul deur die Industrial Conciliation Act en die Land Husbandry Act is waarskynlik een van die ernstigste bronne van konflik. Dit moet geïntegreerd met die strukturele en kulturele dimensies van konflik soos dit in rassisme, politieke, sosiale en ekonomiese wanverdelings in die pre-1980-era neerslag gevind het, gesien word. (Sien tabel 11 op pp154-155, as 'n lys van wetgewing wat konflik op 'n statutêre wyse geëskaleer het). Waarskynlik is die rede hiervoor te vinde in die impak wat dit op hul fisiese voortbestaan, op die ontwikkeling van strukturele wanbalanse op 'n etniese grondslag en uiteindelik op 'n persepsieële bedreiging van hul ontologiese mensebehoefte gehad het.

Die grondvervreemding het vir die swart bevolking die diepste getref en dit kan gesien word in al hul retoriek. In vergelyking met die grondvervreemdingsvraagstuk, was die industriële aspekte van die stryd, 'n aangeleentheid wat tweede viool gespeel het.

Saam hiermee was die ongelykheid in die verskaffing van onderwys en die toegang tot onderwysgeleenthede 'n ewe belangrike bron van konflik. *Bhebe (1989:57-58)* bevestig dit in sy verskaffing van statistiek en inligting oor die dualistiese kenmerke van onderwysstandaarde en hulpbronne. In die lig hiervan moet op die implikasies van gebrekkige onderwysfasiliteite gewys word binne die konteks van politieke mag, aangesien die stemstelsel in die koloniale periode sowel as in die UDI-era, gekoppel was aan onder meer opleidingskriteria.

Die gevolge van hierdie bronne van konflik, soos dit visualiseer in armoede en marginalisering, sou tot 'n guerrilla-oorlog lei. Die konflik-eskalasiespiraal het legitimering ontvang deur beide die animistiese (Mwari-kultus) en Christelike "African Initiated Churches".

Dit is egter belangrik om aan te dui dat die Mwari-kultus, volgens Daneel, meer as slegs 'n religieuse praktyk was. Die inheemse Afrika-regsistiem van beide die Matabele en Mashona was sterk gegrond op religieuse simboliek. As deel hiervan was daar belangrike spirituele funksionariese, waaronder die spirituele mediums wat die grense van stamme, linies en etniese groepe sou oorskry. In dié sin het veral verering van Mwari aanvanklik slegs deur die Rozwi, maar later ook na die Karanga- en ander Shona-mensegroepe en die Matabele, uitgebrei. In dié sin het die Mwari-kultus en die samelopende spirituele mediums 'n belangrike sentripetale krag onder veral die Matabele- en Mashona-groeperinge, geword. Dit het egter veral aan die Shona, volgens Daneel, 'n "sense of togetherness" verskaf.

Met die totstandkoming van koloniale beheer het daar wel 'n insinking in die invloed van die Mwari-kultus ontwikkel, wat gelei het tot 'n ontwaking van die African Initiated Churches. Die aanwending as religieuse regverdiging van beide die religieuse bewegings en hul invloed op die stryd om bevryding van die swartman (Matabele- en Mashona-mensegroepe) van die juk van kolonialisme en blanke mag, soos in die hoofstuk gesien kan word, is 'n bevestiging van die ernstige aard van die historiese konflik en van die inklusiewe en legitieme grondslag wat die uiteindelijke gewelddadige weerstand teen die blanke minderheidsregering geniet het.

Die bedreiging en minagting van die verskynsel van kulturele diversiteit deur opeenvolgende blanke regerings in die koloniale periode en die gedagte dat daar kulturele hierargieë bestaan, met die Westerse, en veral die Britse taal en kultuur as oppergesag, word in die geskiedenis van Zimbabwe uitgewys as ‘n deurlopende bron van konflik. Aangesien dit op ‘n ignorering van die swartman se ontologiese mensebehoefte dui. Dit het egter ook gelei tot die vestiging van “inter-rasgebaseerde” kommunikasie en koördinasie as ‘n belangrike voortspruitende bron van konflik. Dit het veral in die praktyk tot gestalte gekom in die wyse hoe staatkundige transformasie, asook beleid en wetgewing, in veral die koloniale periode ontwikkel en bestuur is. In praktyk het die ignorering van respek vir kulturele diversiteit en kulturele “hoogmoed” gekristaliseer in diepliggende rassisme en voortspruitende diskriminasie op ‘n veeldimensionaliteit van lewens-terreine.

Voorbeelde wat in die studie hieroor na vore kom is onder meer *Hallet (1974:493)* se argument dat dit Livingstone se doel was om die inheemse tradisionele inwoners van Afrika “verbeterde lede van die menslike spesie te maak”. *Thomas Pakenham (1991:xvi)* het hierby aangevul deur daarop te wys dat Livingstone geglo het dat die swartman deur die drieledige strategie van “Mammon, Christianity and Civilization” verbeter sou kon word. *Mungazi (1992:6)* vul ook hierby aan deur daarop te wys dat die Europeër Afrika as ‘n donker kontinent beskou het, wat van sy barbaarse agtergrond bevry moes word. *Lawrence Vambe (1976:1-2)* se argument dat die sendelinge, in alliansie met die politieke magshebbers, ‘n proses van kulturele transformasie begin het wat daarop ingestel was om die stamlede tot die westerse kulturele-stelsel op te voed, is ‘n verdere voorbeeld in dié verband. Die swart persoon het volgens hom in die proses gevoel dat hy sy behoefte aan beheer oor homself as persoon verloor het – “*...there was nowhere in the whole country where Africans could live without interference from the hydra of white political, economic and administrative control.*”

Hierdie sentiment bevestig die krities-noodsaaklike rol wat die behoefte aan identiteit in menslike gedrag speel. ‘n Miskenning daarvan, in die vorm van ‘n hoogmoedige beskouing van Westerse kulturele waardes en norme teenoor Afrika waardes en kultuurpraktyke, het uiteindelik geëskaleer deur die voertuig van gesindheidsoriëntasies na gewelddadige konflikgedrag, kulturele antagonismes, konflik en ras-gefundeerde projeksies, die voorkoms van wydverspreide rassisme en burgerlike, sowel as staatsgeweld.

Mungazi (1992:13-14) se argument is ‘n verdere voorbeeld in hierdie verband wanneer hy daarop wys dat die sendelinge nie die Christelike beginsels van universele broederskap en gelykheid bevorder het nie, maar dit prysgegee het met die persepsie dat die bevordering van die Britse kultuur en kommersiële belange die hoogste vorm van Christelike ideale verteenwoordig en dat dit gesien moet word as ‘n sanksionering van God self, ter verlossing van die swart bevolking. Sy aanhaling van Rhodes: “*The natives as children and we ought to do something for their mind,*” is volgens Mungazi as motivering deur Rhodes en sy latere opvolgers gebruik om die blanke en sy Christelike waardesistiem teen ‘n moontlike diktatuur van swart Afrika onbeskaafdheid te beskerm.

Dit is duidelik dat kulturele meerderwaardigheid en wydverspreide rassehaat met al die samelopende konflikteskalasie inderwaarheid, haat vir andersheid en verskille, in die samelewing geïnstitusioneel het - 'n diepliggende psigologiese siekte wat slegs deur langtermyn-prosesse van volhoubare versoening getransformeer sal kan word. 'n Kernvraag is egter hoe só 'n versoeningsproses geïnstitusioneel kan word as nuwe interkulturele gedragpatroon, gegewe die mens se psigiese geneigdheid tot onttrekking in dié verband?

Mungazi beklemtoon benewens die probleem van kulturele meerderwaardigheid en rassisme, die verskynsel van botsende waardes as 'n ernstige deurlopende onderliggende bron van konflik. Die verwysing in die studie na die vestiging van die Naturelle departement en die transformasie van die rol en pligte van die kapteins en hoofmanne is ook uitgewys as 'n aanval en ignorering van die tradisionele kulturele rol van hierdie funksionaries. In die proses is kapteins en hoofmanne betaalde amptenare gemaak wat take moes verrig wat direk gebots het met hulle tradisioneel en religieus-geïntegreerde gesagsfunksies. Hul funksies soos vervat in onder meer die Land Apportionment Act, is voorbeelde hiervan. *Shamuyarira (1965:32)* wys hoe die teenwoordigheid van rassisme en 'n ignorering van kulturele diversiteit omgesit het in 'n konflik oor waardes en geloofsoortuigings as hy aantoon dat die kerk met die loodsing van die Rhodesian Industrial and Commercial Workers Union aangeval is as 'n lakei van blanke mag: ***“Masotsha attacked the Church for asking people to close their eyes and pray to God, while the Europeans were opening their eyes to take African land.”***

Joshua Nkomo(1984:65) onderstreep ook hierdie bron van konflik in sy verwysing na Huggins wat die beleid van rassevennootskap tydens die federasietydperk as 'n vennootskap tussen 'n ruiter en 'n perd, uitgewys het. Volgens Nkomo was dit duidelik dat die swartman in die vennootskap die rol van die perd sou moes vervul wat die blanke moes dra waarheen hy ookal die “perd” stuur. *Muzorewa (1978:45)* se verwysing na die woorde van Winston Field in 1957 dat: ***“I do not believe that an African will go to heaven....an African is a sub-human being, and that God would not accept the African as his child”*** is 'n verdere bevestiging van die gebrek aan respek vir kulturele diversiteit, kulturele meerderwaardigheid en uiteindelik diepliggende rassisme as 'n endemiese bron van konflik.

Soos reeds aangetoon, was die implikasie van kulturele meerderwaardigheidsgevoelens en rassisme, 'n ignorering van gelykwaardige kommunikasie deur opeenvolgende blanke regerings met die swartman en sy verteenwoordigende organisasies 'n verdere bron van konflik. Dit het gelei tot diepliggende waardeverskille as 'n bron van konflik soos die Christelike geloof, kapitalisme, sosialisme en demokrasie strydpunte in die konflik geword het. Dit moet egter wel aangedui word dat die Christelike geloof nie slegs in die proses deur die blankes vir hul eie doeleindes as 'n waardesisteem gebruik is nie. Dit sou ook deur die swart nasionalistiese groepering aangewend word, soos gesien kan word in die groeiende sanksionering van die bevrydingstryd en guerrilla-oorlog deur die African Initiated Churches.

Samevattend definieer Bhebe die volgende aangeleenthede as die kernbronne van konflik:

1. die “Land Apportionment Act”;
2. “Land Husbandry Act”;
3. die onderdrukkende “Native Affairs Department”;
4. beperkte onderwysgeleentehede;
5. die rassistiese kiesstelsel en
6. diskriminerende nywerheidsverhoudinge (“Industrial Conciliation Act”).

Vanuit die historiese perspektief gesien, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die bronne van konflik, soos dit in praktiese terme deur Bhebe en andere verwoord is, inderdaad ooreenstem met Galtung se beskouinge van onversoenbare belange en veral Mitchell se bronne van konflik. Die studie meld duidelik in dié verband dat die historiese inligting die teenwoordigheid van 1. ‘n historiese konfliklyn bevestig, asook 2. doel- en belangebotsings; 3. konflikte oor skaarsbronne; 4. konflikte te wyte aan strukturele wanbalanse; 5. waarde-verskille; 6. koördinasie, kommunikasie en verhoudingskonflikte asook 7. persepsies van fisiese en ontologiese mensebehoefte bedreigings.

2.5.2. Konflikhouinge

Konflikhouinge word in die beoordeling voor die gedragspatrone hanteer, aangesien dit ‘n beduidende impak op die gedragspraktyke uitoefen.

In tabel 5 (p43) dui Mitchell aan dat tipiese voorbeelde van konflikthouinge/gesindhede verskynsels soos vyandigheid, emosies, negatiewe evaluasies van die omgewings waarbinne die konfliktsituasie ontstaan het, druk tot groepskonformasie, asook persepsies en projeksies insluit.

In die studie kom dit duidelik na vore dat Burton se verwysing na die tradisionele paradigma van besluitneming in die geval van Zimbabwe gepas is, want die analise van die historiese konteks van groeiende konflik toon dat die paradigma oor politiek as die “authoritative allocation of values” (*Burton, 1990(a):176*) vanaf die vroegste tye daar toegepas en aangehang is. Dit het veral neerslag gevind in die wyse waarop skaarswaardes en bronne (soos dit ook in *Easton (1965:21)* se definisie van politiek na vore kom) slagoffer gemaak is van intense magstryde om die outoritêre en eksklusiwistiese asook uitsluitende beheer daarvan.

Daar is ook bewys dat, in die kompetisie om magsbeheer oor hierdie bronne, aggressiewe en gewelddadige strydmetodes eerder as gelyke integreerende en kreatief-probleemoplossende dialoogvoering, die algemene norm vir gedrag was. Onderliggend was daar altyd negatiewe magsgeoriënteerde beskouings en gesindhede oor die diverse samelewingskonstruksie van Zimbabwe teenwoordig. Dit sou die vorm van ‘n intense rasse-/identiteits- en kulturele konflik aanneem en deur prosesse van politieke en sosiale ingenieurswese bestuur word.

Die onderbou hiervan was die oortuiging dat samewerking en die formulering van gedeelde doelwitte, waardes en *raison d'être's* nie tussen die diverse kultuurgroepe moontlik is nie. Aan die een kant was dit aan die blanke kant gemotiveer deur die gedagte van kulturele hierargieë waar die Brits-Westerse kulturele waardesiteem as oppermagtig beskou is en wat oënskynlik missionêr

geroepe is as mentor vir die transformasie van die “onbeskaafde” Afrika-kulturele persoonlikheid. Aan die ander kant, was daar die swart Afrikanistiese “peasant”- en werkersklas gedrewe konsep van die blanke as ‘n buite-kontinentale vreemdeling wat deur sy totalitêre, liefdelose, onmenslike optredes en beleidsgrondslae ‘n vyand is, wat in disharmonie leef met die totale Afrika-kulturele en religieuse realiteit.

Op hierdie wyse het psigosies en projeksies van menslike bedreiging neerslag gevind in beleidsgrondslae soos in die ongelyke verdeel- en beheerproses van die ruimtelike bronne, asook in die sosiale konstruksie van die land. In só ‘n mate dat die oortuiging voortdurend gehuldig is dat politieke mag noodwendig die sosio-politieke uitsluiting van kulturele en ideologiese opponente sou impliseer. Dit sou ook weer in die post-1980-tydvak nuwe dimensies verkry.

Teen hierdie agtergrond sou persepsies van legitimiteit en gebrekkige morele gesagsbasisse ook binne die kulturele paradigma gedefinieer word. Die pre-1980-era sou gekenmerk word as ‘n tydperk waarin daar nooit werklik geslaag kon word om ‘n allesomvattende en insluitende *raison d’être* te ontwikkel nie. Beslis nie in só ‘n mate dat dit rasse-kriteria en diversiteite kon akkommodeer op ‘n wyse dat ‘n diepliggende inklusiewe vredeskultuur ontwikkel het, waarbinne alle belangegroepes hul verskille en verdeeldheid vreedsaam en op hul eie kon besleg nie.

Ter opsomming kan aangedui word dat konflikgesindhede of houdinge fundamenteel geïnspireer is deur die omvattende stel konflikbronne waarna reeds verwys is. Dit het in sigbare vorm gestalte gevind in ‘n intense rasse- en kulturele magstryd wat grootliks as basis gebruik is waarop persepsies en oortuigings van morele gesag (legitimiteit) gebou is. Dit is ‘n konflik wat versterk is deur gesindheidspatrone gebaseer op:

1. grondliggende onderlinge wantroue of gebrekkige vertrouensbasisse;
2. etniese en identiteitsvooroordele;
3. wedersydse negatiewe projeksies;
4. botsende en uitsluitende geloofsoortuigings;
5. wanpersepsies;
6. antagonistiese en
7. vyandige emosionele sentimente.

Dit is veral hierdie gesindhede wat die etniese magstryd versterk en ryp gedruk het sodat dit tot groeiende destruktiewe konflikteskalasie gedragspatrone gelei het.

Bhebe (1977:44) gaan in sy verduideliking van konflikthouinge verder terug in die geskiedenis deur daarop te wys dat Lobengula en sy volgelinge alle vertroue in die blankes verloor het na die optredes van die BSAC. Uiteindelik sou twee gewelddadige rebellies, 1893 en 1896, uitbreek. **Daneel (1970:35)** wys in sy evaluasie daarop dat latere konsolidering van blanke mag na die toekenning van verantwoordelike selfregering in 1923 tot ‘n gesindheid van wanhoop in die binnekringe van die Mwari-priesters gelei het. Die feit dat hulle nie die verwagte bevryding en veranderinge kon te weeg bring nie, het by hulle die persepsie geskep dat die Shona:

“...had lost faith in the power of their traditional God to rid the country of the white settlers. Many people were turning to the emerging Independent Churches, whose religious leadership was soon to become a direct challenge to the traditionalists.....Their mood of despondency is best illustrated in some phrases of one of the cult songs: ‘...the unburnt pot (white man) has spoilt the world....the God who is in heaven has given us his back.....has thrown us away like dogs...”

Vambe (1976:1) sluit hierby aan deur daarop te wys dat vertrouwe nie slegs in die Mwari-kultus verloor is nie, maar dat die tradisionele leierskap ook onder die gebrekkige vertrouensbasis deurgeloopt het. *Shamuyarira (1991)* wys daarop dat die swart weerstand op hierdie stadium deur hierdie gesindheidspatrone beïnvloed is en dat daar ‘n wantroue bestaan het in hulle vermoë om die blanke regering gewelddadig te opponeer. ‘n Strategie van gesprek en oorreding is gevolglik gevolg. Militantheid was volgens hom grootliks afwesig. Mugabe stem ook hiermee saam in sy toespraak voor die Algemene Vergadering van die VVO in 1980 toe hy daarop wys dat: *“The African leaders of the time accepted the legal framework of the political system and sought to achieve the freedom of our people within the confines of that legal framework. They adopted pacifist methods which fought shy of violence...”*

Vambe (1976:279) wys egter op die rol wat die City Youth League gespeel het om gesindheidsveranderinge in die geledere van die swartman teweeg te bring op weg na groter militantheid. Hy erken in hierdie verband die aanwesigheid van konflikthoudinge en emosies vanweë die historiese optredes van blanke regerings: *“These bold techniques had a crucial psychological effect: that of removing from the minds of the common folk the paralysing fear of white authority.....it was almost like removing the fear of death in a people...”*

Die inisiatiewe van die City Youth League sou later oorvloei na sy opvolgers wat die selfvertroue sou ontwikkel om die weg na groter militantheid in te slaan. *Nkomo (1984)* en *Muzorewa (1978)* wys altwee daarop dat uitsprake van Huggins oor die rassevennootskap en Field se opmerking oor die swartes wat “sub-human” is tot ‘n innerlike oortuiging en gesindheid onder swart nasionaliste gelei het dat hulle uit eie vermoë vir bevryding sal moet veg en nie op veranderde gesindhede van blankes sal kan wag nie. Die feit dat opeenvolgende blanke regerings nie daarin kon slaag om die wesentlike ontologiese behoeftes van die swartman raak te sien en dit te respekteer deur dit in wetgewing te akkommodeer nie, sou tot ‘n radikaliserings van destruktiewe gesindhede in swart geledere aanleiding gee.

Daarteenoor wys *Meredith (1979:35)* daarop dat die blanke minderheid vir die grootste gedeelte van die 20ste eeu in ‘n diepliggende vrees-psigose vasgevang was en dat die rede daarvoor waarskynlik te vinde was in die persepsies oor wat sou gebeur indien rassegelykheid die norm word. In dié opsig het die gebeure gepaardgaande met die dekolonisasie-proses in die Belgiese Kongo, ‘n sterk invloed op hul denke uitgeoefen. Op grondvlak het blankes gevrees vir verlies van hul grond en eiendom, dat geïntegreerde politieke ontwikkeling van die swartman, gedwonge integrasie van skole, hospitale en woongebiede sou meebring en dat blanke vakmanne as gevolg van swart kompetisie hul werk sou verloor.

Flower (1987:26-28) vul hierby aan as hy daarop wys dat minderheidsregte in ander kolonies wat onafhanklik geword het geminag is, blanke projeksies van soortgelyke scenario's versterk het tot 'n gesindheid van sterker konserwatisme in terme van die formulering en uitvoering van rassebeleid aanleiding gegee het en neerslag gevind het, in die verkiesingsoorwinning van die Rhodesian Front en die party se oriëntasie tot sterker wet-en-orde beleidsgrondslae.

Weer eens bevestig hierdie analise die korrektheid van die teorie dat ontologiese mensebehoefte sentraal tot die denke en funksionering van die mens staan. Persepsies rakende die bedreiging daarvan (konflikgesindhede) sal gewoonlik lei tot gedragsreaksies wat anti-sosiaal kan raak indien daar persepsieel geen ander keuse blyk te wees nie.

Belangrik is egter dat alhoewel dit 'n konflik tussen die blanke minderheid en die meerderheid van swart Afrikane was, daar tog ook 'n baie intense intra-swart konflik (Matabele en Shona en selfs ook binne Shona-geledere) aan die ontwikkel was. 'n Konflik wat deurlopend die gang van kreatiewe probleem-oplossende skikkings verhinder het. *Ranger (1985) en Lan (1985)* se analyses toon duidelik aan hoe die konflik ook binne stam, "peasant" en "petty-bourgeoisie"-vlak gestalte gevind het. *Muzorewa (1978:58)* stem hiermee saam as hy aantoon dat die verdeling tussen ZAPU en ZANU op die psigiese vlak verwarring by die swartman geskep het en dat dit dikwels tot gewelddadige uitbarstings gelei het: *"Many people were confused by these develop-ments.....violence began.....people startedto attack homes and stores of those of the opposing party.....our struggle for liberation.....turned inward and led to fighting amongst ourselves for power."*

Hierin kom 'n belangrike waarneming na vore. *Burton (1987)* en *Paul Sites (1973)* is reg in hul beoordelings dat opponerende rolspelers in situasies van ernstige konflik, persepsies van ontologiese behoefte-bedreigings ervaar.

In die pre-1980-Zimbabwe het beide blank en swart, vanuit die behandelde historiese perspektief gesien, persepsies van behoefte-bedreigings ervaar. Dit sou in beide gevalle tot bepaalde konflikterende gesindheidspatrone aanleiding gee in terme van duidelik-waarneembare emosies soos wantroue, angs, vrees, woede, frustrasies, projeksies, stereotipering, vyandigheid, druk tot groepskonformasie (swart nasionalistiese groeperings in konflik met blanke minderhede); inklusiewe swart konformasie tot die guerrilla-stryd teenoor inklusiewe blanke konformasie tot deelname aan en ondersteuning van die veiligheidsmagte) asook tot persepsies van belange-bedreigings en projeksies van negatiewe motiewe op 'n rassebasis.

Hierdie konflikhoude sou 'n energiebron vir 'n groeiende destruktiewe konflik-eskalasiespiraal word, wat eers met die Lancaster House-ooreenkoms vir 'n wyle beëindig is. Die grondslag van die konflikhoude rus in die persepsiële bedreigings van fisiese sowel as ontologiese nie-onderhandelbare behoeftes in beide swart en blanke geledere en dit het tot 'n eskalerende spiraal van groter wordende militante gewelddadigheid aan beide kante aanleiding gegee.

2.5.3. Konflikgedrag: ‘n Spiraal van konflikteskalasie

Vanuit die historiese perspektief gesien, is dit duidelik dat die verloop en ontwikkeling van die konflik in Matabeleland, Mashonaland, later in Suid-Rhodesië, tydens die Sentraal Afrikaanse Federasietydperk, in die UDI-periode en die Zimbabwe/Rhodesië-era ooreenstem met die uiteensetting van konflikgedragspatrone soos aangedui deur *Mitchell (1981)*. Onderhandelings, ooreenkomsluitings, kolonialisering, strukturele ongelykheid en uitsluiting, wetlike aksies en wetlike dwang, opstand en oproer, geweld, protes, betogings, boikotte, lydelike verset, revolusie in die vorm van guerrilla-oorlogvoering, sanksies en internasionale isolasie, veiligheidswetgewing en noodtoestande, sterk optredes van veiligheidsmagte, is alles patrone van konflikgedrag wat ook hier neerslag gevind het.

Uit die historiese analise is dit duidelik dat die konflikbronne wat deur die geskiedenis heen in Zimbabwe neerslag gevind het, veral rassisme en armoede, veroorsaak deur uitsluitende beleids- en ontwikkelingsgrondslae, saamgesien met die afwesigheid van genoegsame sentripetale kragte, soos gemeenskaplike waardesisteme, eenvormige samebindende *raison d'être's*, legitieme konflikbeslegtingsprosedures en meganismes, die ruimte geskep het vir die ontwikkeling van destruktiewe konflikgedragspatrone wat voortdurend deur negatiewe en onverdraagsame gesindhede gerugsteun is.

Teen hierdie agtergrond sou die konflik vanaf die gewelddadige karakter wat dit in 1893 en 1896 aangeneem het, verander na, aan die een kant, sterk grondwetlike optredes in die vorm van kolonialisering, toekenning van verantwoordelike selfregerende status, federasievorming en ontbinding, eensydige onafhanklikheidsverklaring, detanté-prosesse, sterk veiligheidsoptredes en uiteindelik ‘n binnelandse skikkingsproses, gerugsteun deur die verskansing van blanke regte en belange deur omvattende ras-gebaseerde uitsluitende wetgewing.

Aan die ander kant sou die Matabeles en Mashona ‘n veranderende weerstandstrategie volg vanaf die aanvanklike weerstand na oorredende gesprekstategieë in die vroeë twintigste eeu en na die 1923-grondwetlike veranderings. Dit sou opgevolg word met lydelike verset-strategieë, groter militantheid en burgerlike verset en ongehoorsaamheid, na die uiteindelige besluit tot gewelddadige optrede en guerrilla-oorlogvoering. In die proses bevestig die studie van historiese gebeure in die pre-1980-era ook die korrektheid van *Anstey (1991)* as hy argumenteer dat die konflik-eskalasiespiraal gekenmerk word deur: *“issue proliferation, the transformation of specific demands towards all encompassing demands, a limited investment of resources towards an increasing investment of resources, the formation of collectivities and alliances, the development of goals directed at hurting the respective opponents, negative stereotyping, escalation of negative perceptions, increasing of hostile relationships, transformation of internal organisational structures where the doves lose control and the hawks, autocratic leaders, take control and the transformation of problem-solving strategies towards outright violence and war.”*

Die omvang van gewelddadige konflikgedragspatrone aan beide kante van die spektrum sou slegs getransformeer word, so bewys die geskiedenis, in die eerste

plek, nie deur interne oortuigings of verandering in gesindhede of houdinge nie, maar veel eerder deur die druk van internasionale rolspelers wat daartoe gelei het dat albei groeperings by hul strategiese punte van erns gekom het, waarin hulle besef dat strategiese veranderings vir hul politieke voortbestaan nodig is. Dit sou lei tot die onderhandelings in beide die binnelandse skikkingsproses en die latere 1979 Lancaster House-beraad. Die mate waarin hierdie wilsbesluit nie deur eie oortuigings geneem is nie, maar vanweë eksterne invloede op interne omstandighede, asook die strategiese impak wat dit op die post-1980-era se dryfkrag of gebrek aan dryfkrag vir die ontwikkeling van 'n inklusiewe vredeskultuur gehad het, sal in die res van die studie beantwoord word.

Nietemin bevestig die eskalاسie in destruktiewe konflikgedrag die teoretiese gronde van die ontologiese mensebehoefte-teorie dat, indien persone of kollektiwiteite van mense die persepsie het dat hul wesentlike behoeftes bedreig word, hulle anti-sosiaal aanvaarbare gedrag sal legitimiseer, as hulle daarvan oortuig is dat dit die enigste werkbare alternatief is vir die beskerming van daardie behoeftes. Dit wil voorkom dat hierdie teorie ook in hierdie geval as korrek bewys is. In die pre-1980-era het daar inderdaad 'n evolusionêre proses plaasgevind waartydens 'n radikalisering van verhoudinge asook 'n radikalisering van konflikbestuur- en resoluσιestrategieë ontwikkel het vanweë persepsies van fisiese en ontologiese behoeftebedreigings. In die proses het die vrug van gewelddadige konflik ryp geword, ook vanweë doelbewuste strukturele en kulturele geweldstrategieë.

Die toepasbaarheid van Ted Gurr se teorie (soos in hoofstuk 1 verduidelik) oor die rol en impak van relatiewe deprivasie, die inherente konflik-karakter van armoede binne die konteks van sigbare behoeftebedreigings en waarneembare opsies om die hopelose omstandighede te transformeer, al is dit met gewelddadige metodes, ook in die pre-Zimbabwe-situasie waargeneem word. Armoede was bepaald soos reeds aangedui, 'n belangrike konflikbron en dryfveer in die pre-1980-era. Armoede is vir die Matabele, Mashona, vir die landelike en stedelike swart werker, nie 'n kultuur waarmee vrede gemaak kan word nie. Dit was, benewens ander faktore (fisiografiese omstandighede), die produk van strukturele geweld – doelbewuste uitsluitende beleidstrategieë ter bevoordeling van 'n bepaalde etniese groep op politieke, ekonomiese en sosiale gebiede.

Vir hierdie mense het armoede ontwikkel vanweë uitsluiting op politieke, ekonomiese en sosiale gebiede. Die resultaat was die disintegrasie van tradisionele kultuur, gesins- en verwantskapsnetwerke, byvoorbeeld vanweë migrasie-arbeid vir oorlewing. Vir hulle was dit die gevolg van byvoorbeeld 'n minderwaardige onderwysbeleid, wat die swartman tot 'n lewe van hande-arbeid gereduseer het met beperkte geleentheid vir opleiding en die bereiking van maksimale mensepotensiaalontwikkeling. In wese het dit in die woorde van *Galtung (1969:170-171)* gelei tot die persepsiebedreigings van die Matabele en Mashona se oorlewings-, welvaarts-, identiteits- en vryheidsbehoefte. Dit kon vanweë hiervan (uit hulle gesigspunte beskou) nie anders as om tot gewelddadige teenreaksie te lei nie.

In dieselfde mate is die teorie van Skocpol, Davies en andere oor die evolusionêre ontwikkeling van 'n revolusionêre situasie en gees aangevuur deur 1. interne

institusionele omstandighede, 2. interne groepsverhoudinge en aangehulp deur 3. internasionale interaksie regdeur die geskiedenis van Zimbabwe waarneembaar. Reeds vanaf die tyd van 1. Lobengula, 2. die aanvanklike 1893- en 1896-opstande, 3. die latere pogings om vir verbeterde lewensomstandighede te stry binne die grondwetlike raamwerk van die BSAC regering, 4. later in die selfregerende periode, 5. die aanvanklike gebruikmaak van lydelike versetaksies, asook in die tydperk van die 6. Sentraal Afrikaanse Federasie, word gesien hoe 'n sameloop van interaktiewe faktore daartoe aanleiding gegee het dat 'n rypwordende situasie vir revolusionêre optrede geskep is en was die rasse- en klassestryd deel van die groeiende konflikspiraal, soos Anstey se teorie dit noem.

Die Uhuru-proses in Afrika samelopend met 1. die dekolonisasie prosesse, 2. die stygende aanvaarbaarheid van menseregte kulture wat internasionaal ontwikkel het en 3. die internasionale afkeur in die praktyk van minderheidsregerings en rasgebaseerde diskriminerende beleidsrigtings, het duidelike impak op die binnelandse ontwikkelingsprosesse van Suid-Rhodesië, Rhodesië en later ook Zimbabwe-Rhodesië gehad as 'n geïnternasionaliseerde vraagstuk. Hiervan was die Lusaka-Manifes van 1969, die OAE- en VVO-resolusies, die omvattende reeks internasionaal beheerde onderhandelingsprosesse, detenté-pogings, Statebondskonferensie en uiteindelik die Lancaster House-konferensie, sprekende getuie. In 'n groot mate het die rol wat die internasionale rolspelers gespeel het, die binnelandse akteurs by hul "security points" gebring, waar besef is dat die voortgang van bestaande strategieë te lae winste inhou en dat daar nie ander keuses was as om te onderhandel nie. In hierdie opsig is Zartman se teorie reg bewys.

Die impak van voortdurende intra- en inter-party-konflikte binne die geleedere van die nasionalistiese groepe het ook meegewerk tot die ontwikkeling van 'n strategie wat noodgedwonge moes verander. Die belegging van 'n stygende las van bronne in die konflik en die beperkte hulpbronne skatkis beskikbaar, te same met die feit dat Zimbabwe 'n beperkte hulpbronland is, het in samewerking met die internasionale rol, die "turning points of seriousness" in die laat sewentigerjare op alle rolspelers se agenda geplaas. Hoewel die omvattende lys van onderhandelings, en buitelandse sowel as binnelandse onderhandelingsinisiatiewe, belangrike konflik de-eskalasie prosesse was, was die persepsies van onversoenbare belange in die denke van alle binnelandse deelnemende akteurs só sterk ontwikkel, dat dit nie ruimte verskaf het vir die grondlegging van 'n fundamentele vertroue in vreedsame probleem-oplossing en gelyke akkommodering van behoeftes nie.

Dit het ook die moontlikheid van 'n interne gedrewe versoeningsproses uit die oogpunt van die binnelandse akteurs gemarginaliseer. Die wil tot ware versoening het onder alle rolspelers ontbreek. Uiteindelik sou die realiteit van beperkte bronne en die druk van die internasionale akteurs die uiteindelijke deurslag gee.

Die konflik van pre-1980-Zimbabwe was inderdaad 'n mense-konflik gefundeer op oortuigings van mensebehoefte-bedreigings. Dit is aangevuur deur oortuigings dat die etniese en kulturele diversiteit sodanige sentrifugale krag was dat dit vanuit die staanspoor tot kulturele geweldspatrone aanleiding gegee het. Dit was in só 'n mate die geval dat daar bykans geen samebindende krag was, wat sterk genoeg was om alle verdelings te bowe te kan kom nie. In dié proses is religie as legitimeerder van beide diskriminerende beleidsrigtings en gewelddadige

weerstand gebruik. As gevolg hiervan het 'n rassekonflik in só 'n mate ontwikkel dat selfs ooreenstemmende religieuse oortuigings nie sterk genoeg uitgeleef is, om dit te kon oorwin nie.

Vanuit die studie wil dit voorkom asof die werke van Galtung, Mitchell, Anstey, Burton, Sites, Pounds en Hartshorne versoenbaar met mekaar is en as goeie basis dien vir die ontleding van die struktuur van konflik as grondslag vir Lederach se vredebou raamwerk.

Tabel 11. Historiese onderdrukkende wetgewing wat eskalerend op destruktiewe konflikgesindhede en –gedragspatrone ingewerk het

| Pre-1923 | 1923-1965 | Post-1965 |
|---|---|---|
| Town Location Regulations | Land Apportionment Act (1930) | Eensydige Onafhanklikheidsverklaring, 11 November 1965 |
| Native Registration Ordinance | Master and Servants Act (1931) | The Tribal Trust Land Authorities Act (1967) |
| Matabeleland Cattle Proprietary Regulations | Industrial Conciliation Act (1934 and (1945) | The Tribal Courts Act (1969) |
| Settlement of Colonial Natives in Kaffir Kraals Prohinitions Regulations | Colour Bar Act (1934) | Law and Order (Maintenance) Act, (1968) |
| Village Regulations | Native Registration Act (1936) and | Land Tenure Act, (1969) |
| Immorality and Indecency Ordinance | The Native Passes Act (1939) | Protected Villages Act |
| | The Native Labour Boards Act (1947) | |
| | Second Schedule to the Rhodesia Railway Act (1949) | |
| The African Affairs Act (1927) | The Native Land Husbandry Act (1951) | Afkondiging van Krygswet (1979) |
| The Labour Regulations Act (1929) | The African (urban areas) Accommodation Act (1951) | |
| | The Municipal Act (1952) | |

| | | |
|--|---|--|
| | African Beer Act (1953) | |
| | Federation of Rhodesia and Nyassaland (Constitution) Order in Council (1953) | |
| | The African Registration and Identification Act (1957) | |
| | The African Education Act (1959) | |
| | The Unlawful Organisations Act (1959) | |
| | The Law and Order (Maintenance) Act (1960) | |
| | The Emergency Powers Act and complementary Regulations (1960) | |
| | The Vagrancy Act (1960) | |
| | “Preventative Detention Act” (1960) | |

2.6. Bronnelys

1. *"A Concise Guide to: The First Parliament of Zimbabwe."* 1984/85 edition. Causeway: Ministry of Information, Post and Telecommunication.
2. Albrow, M. 1970. *"Bureaucracy."* London: The MacMillan Press Ltd.
3. Anstey, M. 1991. *"Negotiating Conflict. Insights and Skills for Negotiators and Peacemakers."* Cape Town: Juta & Co, Ltd.
4. Anstey, M. 2002. *"Managing Change. Negotiating Conflict."* Cape Town: Juta & Co, Ltd.
5. Arendt, H. 1965. *"On Revolution."* London: Penguin Books.
6. Azar, Edward. 1990. E. *Protracted International Conflicts: Ten Propositions* in Burton, John and Frank Dukes (ed), 1990(c): *"Conflict: Readings in Management & Resolution."* London: The MacMillan Press Ltd.
7. Berlyn, Phillipa. 1978. *"The Quiet Man. A Biography of the Hon. Ian Douglas Smith, I.D. Prime Minister of Rhodesia."* Salisbury: M.O. Collins (Pvt) Ltd.
8. Bhebe, Ngwabi. 1977. *"Lobengula of Zimbabwe."* London: Heinemann Educational Books Ltd
9. Bhebe, Ngwabi. 1989. *The Nationalist Struggle, 1957-1962* in Banana, Canaan. S. (ed). 1989. *"Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990."* Harare: The College Press (Pty) Ltd.
10. Blair, David. 2002. *"Degrees in Violence. Robert Mugabe and the Struggle for Power in Zimbabwe."* London: Continuum.
11. Bond, Patrick and Masimba Manyana, 2003. *"Zimbabwe's Plunge. Exhausted Nationalism, Neoliberalism and the search for social justice."* New Edition. Scottsville: University of Natal Press.
12. British Information Service. 1970. *"Rhodesia."* London: British Information Service.
13. Burton, John. 1984. *"Global Conflict. The Domestic Sources of International Crisis."* Sussex: Wheatsheaf Books Ltd.
14. Burton, John. 1987. *"Resolving Deep-rooted Conflict. A Handbook."* Lanham, MD: University Press of America, Inc.
15. Burton, John. 1990 (a). *"Conflict: Resolution and Provention."* London: The MacMillan Press Ltd.
16. Chambati, Ariston M. *National Unity* in Banana, Canaan. S. (ed). 1989. *"Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990."* Harare: The College Press (Pty) Ltd.
17. Chan, Stephen, 2003. *"Robert Mugabe. A Life of Power and Violence."* London: I.B. Tauris & Co. Ltd.
18. Childs S. Terry & William J. Dewey. *Forging Symbolic Meaning in Zaire and Zimbabwe* in Schmidt, Peter R. 1996. *"The Culture and Technology of African Iron Production."* Gainesville: University Press of Florida.
19. Chitiyo, T.K. May 2000. *"Land Violence and Compensation. Reconceptualising Zimbabwe's Land & War Veterans Debate"* in *"Track Two. Constructive Approaches to Community and Political Conflict."* May 2000. Occasional Paper. Vol 9. No 1. Cape Town: Centre for Conflict Resolution.
20. Cole, B. 1984. *"The Elite, the story of the Rhodesian Special Air Service."* Transkei: Three Knights Publishing.
21. Daneel, M.L. 1970. *"God of the Matopo Hills. An Essay on the Mwari Cult in Rhodesia."* The Hague: Mouton & Co.
22. Daneel, M.L. 1998. *"African Earthkeepers. Vol 1. Interfaith Mission in Earth-care."* Pretoria: Unisa Press.

23. Daneel, M.L. 1999. *"African Earthkeepers. Vol 2. Environmental mission and liberation in Christian Perspective."* Pretoria: University of South Africa.
24. Davies, James C. 1963. *"Human Nature in Politics the dynamics of political behavior."* London: John Wiley and Sons, Inc.
25. Davies, D.K. 1975. *"Race Relations in Rhodesia. A survey for 1972-1973."* London: Rex Collings.
26. Davidson, Basil. 1984. *"African in History. Themes and Outlines."* London: Granada Publishing Ltd.
27. Dekker, Loet C.G. Douwes. June 1985. *The Escalation of Industrial Conflict and the Nature of Intervention Strategies* in Geldenhuys, Odette and Wanita Kawa, June 1985. *"Third Party Intervention: Mediation, Facilitation and Negotiation."* Occasional Paper No. 11. Cape Town: Centre for Intergroup Studies.
28. Department of Information, August 26, 1980. *"Prime Minister Addresses United Nations."* Causeway: Government Printer.
29. Dollard, John, Neal E Miller, Leonard Doob, O.H. Mowrer and Robert R. Sears. 1963. *"Frustration and Aggression."* New Haven: Yale University Press.
30. Flower, Ken. 1987. *"Serving Secretly. Rhodesia's CIO Chief On Record."* Alberton: Galago Publishing (Pty.) Ltd.
31. Fukuyama, F 1995. *"Trust. The Social Virtues and the Creation of Prosperity."* London: Hamish Hamilton Ltd.
32. Galtung, J. 1969. *Violence, Peace and Peace Research* in *"Journal of Peace Research"*, 1969. www.jstor.org.
33. Galtung, J. 1990. *International Development in Human Perspective* in Burton, John (ed) 1990(b). *"Conflict: Human Needs Theory."* London: The MacMillan Press Ltd.
34. Grundling, O.J. 1988. *"Ruimtelike en Magsverhoudinge in Zimbabwe na Onafhanklikheid (1980-1985)."* MA-Tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
35. Gurr, Ted Robert. 1970. *"Why Men Rebel."* Princeton, New Jersey: Princeton University Press.
36. Hallet, Robin. 1970. *"Africa to 1875."* London: Heinemann Educational Books Ltd.
37. Hallet, Robin. 1974. *"Africa since 1875."* London: Heinemann Educational Books Ltd.
38. Hartshone, R. 1959. *The Functional Approach in Political Geography* in *"Annals of the Association of American Geographers."* Vol 40. No 2. www.jstor.org.
39. Hill, Geoff. 2003. *"The Battle for Zimbabwe. The Final Countdown."* Cape Town: Zebra Press.
40. Jeffery, Anthea, J. 1997. *"The Natal Story: Sixteen Years of Conflict."* Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
41. Labuschagne, P. 8 September, 1989. *"Die Problematiese Posisie van die Swart Onderhandelaar in die Onderhandelingsproses, met Spesiale verwysing na die posisie van Biskop Abel Muzorewa en Eerwaarde Ndabaningi Sithole."* Unisa: Afrika Studie Forum Seminaar.
42. Lan, D. 1987. *"Guns & Rain. Guerrillas & Spirit Mediums in Zimbabwe."* London: James Currey Ltd.
43. Lederach, John Paul. 1997. *"Building Peace. Sustainable Reconciliation in Divided Societies."* Washington D.C.: United States Institute of Peace Press.

44. Loden, M. 1996. ***Implementing Diversity.*** London: Irwin Professional Publishing.
45. Mandela, N. May 2, 1990. ***Statement of the Deputy President of the ANC, Nelson Mandela, at the Opening of the Obstacles Meeting: Cape Town: Grootte Schuur.***
46. Martin, David & Phyllis Johnson, 1981. ***The Struggle for Zimbabwe. The Chimurenga War.*** Johannesburg: Ravin Press.
47. Meredith, M, 1979. ***The Past is Another Country. Rhodesia 1890-1979.*** London: André Deutch Ltd.
48. Minogue, M and J. Molloy (eds). 1979. ***African Aims and Attitudes. Selected Documents.*** London: Cambridge University Press.
49. Mitchell, C.R. 1981. ***The Structure of International Conflict.*** New York: St. Martin's Press, Inc.
50. Mitchell, Peter. 2002. ***The Archaeology of Southern Africa.*** New York: Cambridge University Press.
51. Mnangagwa, Emmerson. 1989. ***The Formation of the Zimbabwe People's Army: Zipa*** in Banana, Canaan. S. (ed). 1989. ***Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990.*** Harare: The College Press (Pty) Ltd.
52. Moshiri, Farrokh. 1991. ***Revolutionary Conflict Theory in an Evolutionary Perspective*** in Goldstone, Jack A. Ted Robert Gurr and Farrokh Moshiri (eds). 1991. ***Revolution of the Late Twentieth Century.*** Oxford: Westview Press, Inc.
53. Mugabe, R. 1980.: ***Prime Minister Addresses United Nations General Assembly in New York on August 26, 1980.*** Causeway: Department of Information.
54. Mungazi, D.A. 1992. ***Colonial Policy and Conflict in Zimbabwe. A Study of Cultures in Collision, 1890-1979.*** London: Taylor & Francis Ltd.
55. Murphy, E. Jefferson. 1972. ***History of African Civilization.*** New York: Dell Publishing Co. Inc.
56. Muzorewa, Bishop Abel. Tenderai. 1978. ***Rise up and Walk.*** An Autobiography. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
57. Nathan, Laurie. 1-2 December 1998. ***Strategies for Peace and Prosperity in Southern Africa.*** Prepared for the Southern Africa Trade and Investment Summit, International Herald Tribune, Cape Town: Centre for Conflict Resolution. University of Cape Town, South Africa.
58. Nyangoni, W.W. 1978. ***African Nationalism in Zimbabwe.*** Washington DC: University Press of America.
59. Nkomo, Joshua, 1984. ***Nkomo. The Story of my Life.*** London: Methuen.
60. Omer-Cooper, J.D. 1966. ***The Zulu Aftermath. A Nineteenth-Century Revolution in Bantu Africa.*** Essex: Longman Group Limited.
61. Palley, C. 1966. ***The Constitutional history and law of Southern Rhodesia (1888-1965) with special reference to imperial control.*** Oxford: Clarendon Press.
62. Pakenham, Thomas. 1991. ***The Scramble for Africa. 1876-1912.*** Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
63. Pandya, Paresh, 1988. ***Mao Tse-tung and Chimurenga. An investigation into Zanu's strategies.*** Braamfontein: Skotaville Publishers.
64. Pounds, N.J.G. 1972. ***Political Geography.*** Second Edition. New York: McGraw Hill.
65. Pruitt, Dean G. 1981. ***Negotiation Behavior.*** London: Academic Press Inc.

66. Ranger, Terrence. 1985. *“Peasant Consciousness and Guerrilla War in Zimbabwe. A Comparative Study.”* London: James Currey Ltd.
67. Reyckler, Luc. 1998. *“Democratic Peacebuilding and Conflict Prevention”* in Wellens, Karel, 1998. *“International Law: Theory and Practice. Essays in Honor of Eric Suy.”* The Hague: Martin Nijhoff Publishers.
68. Rubenstein, R.E. 1990. *Basic Human Needs Theory: Beyond Natural Law* in Burton, John (ed). 1990 (b). *“Conflict: Human Needs Theory.”* London: The MacMillan Press Ltd.
69. Scully, P. 1984. *“Exit Rhodesia.”* Ladysmith: Cottsworld Press.
70. Shamuyarira, Nathan M. 1965. *“Crisis in Rhodesia.”* London: Andre Deutch Ltd.
71. Sibanda, Misheck J. 1989. *Early foundations of African nationalism* in Banana, Canaan (ed). 1989. *“Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990.”* Harare: The College Press (Pty) Ltd.
72. Sites, Paul. 1973. *“Control: The Basis of Social Order.”* London: Dunellen Publishing Company. Co.
73. Sites, Paul. 1990. *Needs as Analogues of Emotions* in Burton, John (ed). 1990 (b). *“Conflict: Human Needs Theory.”* London: The MacMillan Press Ltd.
74. Skocpol, Theda. 1979. *“States & Social Revolutions. A Comparative Analysis of France, Russia & China.”* New York: Cambridge University Press.
75. Smith, Ian Douglas, 2001. *“Bitter Harvest: The Last Betrayal.”* London: Blake
76. Stiff, Peter. 2000. *“Cry Zimbabwe. Independence – Twenty Years On.”* Alberton: Galago Publishing (Pty.) Ltd.
77. Stoneman, Colin and Lionell Cliffe. 1989. *“Zimbabwe. Politics, Economics and Society.”* London: Pinter Publishers Ltd.
78. Sylvester, C. 1991. *“Zimbabwe. The Terrain of Contradictory Development.”* Oxford: Westview Press, Inc.
79. Vambe, Lawrence, 1976. *“From Rhodesia to Zimbabwe.”* London: William Heinemann Ltd.
80. Van Aswegen, H.J. 1980. *“Gesiedenis van Afrika. Van die Vroegste Oorsprong tot Onafhanklikheid.”* Pretoria: Academica.
81. Verrier, A. 1986. *“The Road to Zimbabwe. 1890 – 1980.”* London: Jonathan Cape Ltd.
82. Windrich, Elaine. 1975. *“The Rhodesian Problem. A Documentary Record 1923-1973.”* London: Routledge & Kegan Paul Ltd.
83. Wiseman, H. And A.M. Taylor. 1981. *“From Rhodesia to Zimbabwe. The politics of transition.”* International Peace Academy. New York: Pergamon Press.
84. Wood, J.R.T. 1983. *“The Welensky Papers. A History of the Federation of Rhodesia and Nyassaland.”* Durban: The Graham Publishing Company (Pty.) Ltd.
85. Wright, Quincy. 1990. *The Nature of Conflict* in Burton, John and Frank Dukes, 1990 (c). *“Conflict: Readings in Management and Resolution.”* London: The MacMillan Press Ltd.
86. Young, Oran R. 1967. *“The Intermediaries. Third Parties in International Crisis.”* Princeton, New Jersey: Princeton University Press.
87. Zartman, I.W. and Maureen, R. Berman. 1982. *“The Practical Negotiator.”* London: Yale University Press.

Hoofstuk 3

Vredevestiging in die Post-Lancaster House Era

3.1. Doel

Die doel van die hoofstuk is om ondersoek te doen na die redes waarom die Lancaster House Konferensie van 1979, anders as al die vorige pogings, suksesvol was en tot 'n amptelike ooreenkoms gelei het? In die tweede plek word die mate waarin die internasionale bestuurders van die vredevestigingsproses daarin geslaag het om dit met die langtermyn multi-vlakkige vredeboelwitte te integreer, ondersoek. Hierdie vraag is relevant aangesien die prosesmatige werkswyse wat in die vredevestigingsfase toegepas word, 'n beduidende impak gehad het op die lê van die fundamente van 'n kultuur van vrede, al dan nie.

3.2. Aanloop tot die Lancaster House konferensie

'n Kernvraag, gegewe die geskiedenis van pogings tot onderhandelde oplossings in Rhodesië, is inderdaad: Hoekom het die Lancaster House Konferensie wat tot die onafhanklikheid van Zimbabwe gelei het, enigsins plaasgevind? Wat was die faktore wat dit moontlik gemaak het? Wat was die faktore wat die energie vir 'n inklusiewe ooreenkoms losgelaat het? Hierdie vrae is relevant, aangesien die ooreenkoms in hierdie geval, anders as in die verlede, wel geïmplementeer sou word. Ongeag die feit of dit 'n goeie of swak ooreenkoms was; dit is wel geïmplementeer, die eerste keer dat 'n inklusief-deelnemende ooreenkoms in die geskiedenis van Zimbabwe, of die voormalige Suid-Rhodesië en Rhodesië, geïmplementeer is. Watter energie en kragte het dit moontlik gemaak?"

Belangrike kontekstuele faktore wat tot die Lancaster House Konferensie gelei het, word deur *Stephen Chan (2003:6-8)* genoem. Chan was vanaf 1977 tot 1983 'n lid van die Statebond Sekretariaat en was ook gesekondeer as lid van die Statebondswaarnemersgroep wat die 1980-verkiesings in Zimbabwe moes monitor.

Hy argumenteer, in die eerste plek, dat die Zimbabwe guerrilla-magte, selfs teen 1979, nie in 'n posisie was om die stryd in Zimbabwe te wen nie. Hoewel hulle daarin geslaag het om 'n uitgerekte stryd met dreinerende impak op die Rhodesiese ekonomie te veroorsaak, is die Rhodesiese weermag nooit militêr verslaan nie. Daarteenoor was die guerrilla-magte verdeel tussen Nkomo se ZIPRA-magte (minder aktief) en Mugabe se meer aktiewe ZANLA-magte. Chan wys ook daarop dat elemente van hierdie twee groepe, afgesien van hul onderlinge verdeeldheid, boonop soms in onderlinge gevegte en aanvalle betrokke was (*Chan, 2003:6-7*).

'n Tweede belangrike waarneming van Chan was dat, alhoewel die Smith-magte nie oorwin is nie, hulle ook nie in 'n posisie was om die oorlog te wen nie. Intendeel, die uitgerekte guerrilla-oorlog het volgens Chan, die bronne van Smith sodanig dreineer dat hy nie anders kon as om pogings aan te wend om die lengte van die oorlog te verkort nie.

‘n Uiteers belangrike bydraende faktor wat Smith van strategie laat verander het, was Suid-Afrika se onttrekking van ondersteunende wapentuig. Die binnelandse skikking met Muzorewa en Sithole, was volgens Chan, benewens ander invloede, een van die bewysplase hiervan. Dié strategie opsigself sou volgens hom nie die regte klimaat vir ‘n beëindiging van die guerrilla-oorlog skep nie. Die toetrede van Margaret Thatcher tot die politieke arena in Brittanje sou egter bydra tot ‘n kontekstuele verandering op weg na ‘n skikking (*Chan, 2003,7-8*). ‘n Belangrike verdere waarneming van Chan is gevolglik die bepaalde motiewe en oogmerke wat Margaret Thatcher na die onderhandelingsstafel gebring het. *Chan (2003:8)* argumenteer dat Thatcher vasbeslote was om Brittanje na ‘n nuwe binnelandse politieke era te lei. Daarvoor moes sy Brittanje van die muilbande van die verlede bevry. Rhodesië, was volgens hom, één só ‘n muilband. ‘n Terugkeer na legaliteit met soewereine onafhanklikheid, sou Brittanje van enige verdere verantwoordbaarheid bevry – al het dit beteken dat sy die Smith-Muzorewa binnelandse skikkingsproses sou moes erken.

Chan (2003:8-9) gaan voort om daarop te wys dat Thatcher haar plan van ‘n moontlike erkenning van die Smith/Muzorewa regering, op ‘n besoek aan Australië bekend gemaak het. Afgesien van die uitdagings wat dit aan Carrington gestel het wat, volgens Chan, deeglik bewus was van die noodsaak vir ‘n onderhandelingsproses wat die guerrilla-magte sou moes betrek, het die uitlatings van Thatcher nie slegs die Afrika Statebondslande en die Frontlinie-state se negatiewe aandag getrek nie, maar ook dié van Malcolm Fraser, premier van Australië.

Chan verduidelik dat die strategiese spel in die aanloop tot die Statebonds-konferensie en die uitloop daarvan in die daaropvolgende Lancaster House Konferensie as ‘n baie belangrike klimaatskeppende invloed op die gereedheid vir onderhandelinge van die verskillende deelnemers beskou moet word. Hy wys daarop dat die internasionale politieke-ekonomiese omgewingskonteks dit vir beide Brittanje en ander Statebondslande onmoontlik gemaak het om die oorlog in Zimbabwe-Rhodesië te duld. Die kulminasiepunt hiervan was die Statebond se Lusakaberaad van Augustus 1979.

Vir Brittanje was die risiko dat ‘n mislukte Statebondsberaad, vanweë onversoende standpunte oor die Zimbabwe-Rhodesiese vraagstuk, haar van strategiese toegang na en invloed op die Derde Wêreld oor internasionale aangeleenthede kon ontnem. Aan die anderkant, sou ‘n mislukte Statebondsberaad baie lidlande wat vir jare reeds die Patriotiese Front ondersteun het, ontmagtig en internasionale morele regverdiging verleen aan die Thatcher-gedagte van amptelike erkenning van die afgelope binnelandse skikking tussen Smith en Muzorewa. Sommige van die Frontlinie State en onmiddellike bure van Zimbabwe-Rhodesië, soos bv. veral Zambië en Mozambiek (laasgenoemde was nie ‘n Statebondslid nie), kon ook nie langer die ekonomiese en militêre kostes van die uitgerekte oorlog bekostig nie.

Teen hierdie agtergrond wys Chan daarop dat die internasionale gemeenskap, by wyse van veral die Statebondslande, beheer oor die Rhodesiese vraagstuk geneem het en die deelnemende partye na die onderhandelingsstafel gedwing het. Chan maak in dié verband die volgende uiteers belangrike waarneming:

“Britain, the Frontline and the rest of the Commonwealth all prepared. It is fair to say that those conspicuously not preparing were the guerilla parties. They were to play no part in Lusaka and, after Lusaka, were essentially given a demarche to appear at the negotiations others had prepared” (Chan, 2003: 10).

Kernrolspelers wat in hierdie proses leiding geneem het was van Brittanje - Margaret Thatcher en Lord Carrington (wat Thatcher van sy benadering om die Patriotiese Front te betrek, moes oortuig). Carrington moes ook ‘n proses van wydlopende diplomاسie inisier. Hiervoor is veral Lord Harlech gebruik, (wat die VSA se steun vir Carrington se benadering gewerf het) asook Sir Antony Duff wat Afrika moes besoek ten einde die minimum vereistes vir ‘n konsensusplan te identifiseer. Van Australië was dit Malcolm Fraser wat saam met Carrington en Thatcher die belangrikheid om die Patriotic Front om die tafel te hê, moes oortuig. Van Jamaica het Michael Manley van Guyana (aan die Karibiese eilande), sy invloed op Thatcher laat geld ten gunste van die Carrington model. Verdere rolspelers was die destydse Sekretaris-Generaal van die Statebond - Shridath Ramphal; van Zambië – Kenneth Kaunda (wat ‘n sterk invloed op Nkomo uitgeoefen het) en van Tanzanië – Julius Nyerere (wat sterk druk op Mugabe uitgeoefen het). Van buite die Statebond, het veral die VSA en Suid-Afrika ‘n belangrike rol gespeel om Muzorewa en Smith by die tafel te kry, terwyl Samora Machel van Mosambiek sy dwingende invloed op Mugabe toegepas het (***Chan, 2003: 9-11***).

In sy boek stem ***Nkomo(1984:192-193)*** grootliks saam met die waarnemings van Chan as hy wys op die belangrike rol wat die Frontlinie State, asook leiers soos Kaunda, Nyerere, Malcolm Fraser, Michael Manley (Jamaica eerste minister) en Ramphal gespeel het in die aanloop tot die Statebondskonferensie, maar ook in die vooraf-fase en op die agtergrond tydens die Lancaster House Konferensie.

Die belangrikste punt van Nkomo is egter, in ooreenstemming met Zartman se gesigspunte, die besef dat bestaande strategieë nie meer werk nie en dat onderhandeling nodig is. In sy argument dui hy aan dat die druk van eksterne rolspelers vir ‘n onderhandelde skikking van groot omvang was en dat die Patriotic Front dit nie kon vermy nie:

“I travelled to Havana for the non-aligned summit conference, where I was able to make much closer contact with Third World leaders....and to address the full conference. But even there the pressure on us to reach a settlement was intense. The Frontline States were being ruined by the war, to South Africa’s advantage. Everyone was sick of the killing” (Nkomo, 1984:193).

Die druk vir ‘n oplossing het, volgens Nkomo, dus nie vanuit eie geledere en uit eie oortuiging gekom nie, maar vanuit die internasionale speelveld. Die rypworingsmoment het vir die internasionale rolspelers aangebreek. Vir die konflikterende partye in die Zimbabwe-Rhodesiese konflik het niemand dit nog op daardie stadium só na vore gebring nie. In hulle gesindhede was die gewapende konflik nog nie afgehandel nie. Muzorewa se belofte om die oorlog met sy bewindsaanvaarding te beëindig, het immers misluk. Uiteindelik was die sleutelrolspeler om dit te vermag, slegs Mugabe.

Die waarneming rakende die afwesigheid van ‘n interne wil tot versoening, is ‘n belangrike punt om in ag te neem in die latere post-1980 ontwikkelingsprosesse. Hierdie waarneming strook waarskynlik met die argument van *Shamuyarira, Kumar en Kangai* in hul boek, “*Mugabe’s Reflections. Zimbabwe and the Contemporary World*” (1995:2) waar geargumenteer word dat Zimbabwe se onafhanklikheid nie by Lancaster House bereik en verkry is nie, maar deur jarelange gewapende stryd. Die persepsie wat deur hierdie nuanse geskep word, strook met die analise van Nkomo en daarom kan afgelei word dat Lancaster House deur ‘n kern-leierskapsgroep nie as ‘n simbool van ware vrede, vryheid en versoening beskou is nie.

Die uiteindelijke druk op Smith en Muzorewa vir deelname aan die Lancaster House Konferensie word teen die agtergrond van ‘n middel-sewentigerjare perspektief deur *Sylvester* (1991:51) verduidelik. Sy fokus in die bespreking nie soseer op die onmiddellike gebeure wat Lancaster House voorafgegaan het nie, maar op die gebeure wat gedurende die middel-sewentigerjare daartoe gelei het dat SA strategiese aanpassings in hul beleidsrigtings begin maak het. Só bespreek sy byvoorbeeld van die redes waarom Suid-Afrika onder leierskap van John Vorster *détente*-inisiatiewe geloods en druk op Smith geplaas het vir ‘n binnelandse onderhandelde skikking. Uit hoofde van dié perspektief wat sy verskaf, kan dit ook as van die redes aanvaar word waarom die PW Botha-regering (hoewel sy nie direk na Botha verwys nie) druk op Muzorewa en Smith geplaas het vir deelname aan die Lancaster House Konferensie.

Die vonk in die kruitvat was, volgens haar, in die eerste plek toe Portugal uit Mosambiek en Angola onttrek het. Dit het die twee gebiede eventueel onder Marxisties-Leninistiese beheer geplaas. Vorster het ‘n meer gematigde uitkoms in Rhodesië gesoek wat kon meehelp om blanke minderheidsbeheer in SA te help beskerm. Vorster het ook gevrees dat Smith se voortgesette oorlog in Rhodesië die meerderheid swartes daar in die hande van die kommuniste sou dryf. Die primêre vrees was dat dit as gevolg daarvan ook in SA sou gebeur.

Sylvester stem saam met *Zartman* (1989:10) se verwysing na “*moments of ripeness*”, en argumenteer dat juis dit die konflikterende partye gedurende die middel- en laat-sewentigerjare na die onderhandelingstafel en uiteindelik ook na die Lancaster House Konferensie, gedwing het. Sy haal die volgende as voorbeelde aan: die stygende impak van die sanksieveldtog; die stygende oliepryse; die groot getalle blankes wat die land verlaat het en in die proses ‘n weermag van ouer mans agtergelaat het; drastiese eskalاسie van guerrilla-optredes vanaf 1977; Muzorewa, wat sy aanvanklike steunbasis begin inboet het vanweë sy assosiasie met Ian Smith. Daarbenewens het Muzorewa ‘n voertuig vir erkenning gesoek wat die internasionale gemeenskap kon oortuig om sanksies te laat vaar. Brittanje het ‘n skikking gesoek ten einde sy bande met die Derde Wêreld te verbeter. Mugabe en Nkomo wou verhinder dat die binnelandse skikkingsproses enige verdere internasionale legitimitêit verkry (*Sylvester, 1989: 53-55*).

Die mislukking van die binnelandse skikkingsproses, vanuit ‘n internasionaal erkende legaliteitsoogpunt beskou, was ‘n verdere ryppwordingsmoment wat die weg sou voorberei vir die Lancaster House Konferensie. Ken Flower, die hoof van die “Central Intelligence Organisation” in die regering van Ian Smith, verskaf

volgens sy perspektief, verskillende redes vir die mislukking van dié binnelandse skikkingsproses en die legitimisering van 'n daaropvolgende inklusiewe grondwetlike konferensie te Lancaster House.

Weens 'n verskeidenheid van internasionale faktore het dit teen Junie 1979 duidelik geword dat Brittanje nie 'n leidende rol sou speel om formele erkenning aan die Muzorewa-regering te gee nie (*Flower, 1987:226-232*). Redes hiervoor was onder meer:

1. die feit dat die VSA nie die binnelandse skikkingsproses aanvaar het nie, omdat hulle van mening was (Carter administrasie) dat dit nie die steun van die meerderheid swart afrikane geniet het nie. Die VSA het om daardie rede besluit om nie sanksies op te hef nie.
2. Frontlinie state het nie die skikking erken nie en besluit om die PF se oorlog teen die Muzorewa regering te ondersteun.
3. Muzorewa kon nie daarin slaag om die guerrilla-oorlog te stop nie. Die getal slagoffers van die oorlog was op daardie stadium hoër as ooit.
4. Die OAE, Nigerië en ander Afrika-state het nie die skikking ondersteun nie.
5. Die PF het steeds omvangryke materiële en finansiele steun van die Sowjet-Unie en ander moondhede (bv. China) ontvang wat aan hulle die vermoë gebied het om met die oorlog voort te gaan.
6. Die amnestieprogram wat die Muzorewa-regering geloods het, was onsuksesvol en bykans geeneen van die terroriste het daarop gereageer nie.
7. Muzorewa het nie naastenby die tipe steun geniet wat die PF uit die buiteland verkry het nie. Muzorewa se oorblywende opsies was:
 - 7.1. de-eskaleer die oorlog;
 - 7.2. veg vir die opheffing van sanksies en
 - 7.3. werk vir internasionale erkenning.

In kort, die wêreldmening was gekant teen enige erkenning van die Muzorewa-regering. Die oortuiging dat die deelname van die PF nodig was vir 'n legitieme skikking, was reeds die algemene aanname. Brittanje was dus nie sterk genoeg om staande te bly teen hierdie wydverspreide sentimente nie. Daarbenewens, glo Flower, het Brittanje haar beloftes aan Muzorewa oor erkenning en die opheffing van sanksies verbreek ten gunste van haar wyere Afrika- en Statebondsbelange. In hierdie verband het veral Kaunda van Zambië en Nyerere van Tanzanië, 'n kernrol gespeel. Gesien teen al hierdie uitdagings, glo *Flower (1987:230)*, het Muzorewa geen ander opsie gehad as deelname aan die Lancaster House konferensie nie. Muzorewa sou hierdie advies aanvaar en deelneem aan die onderhandelinge.

Anyaku (1980:1) was tydens die Lancaster House konferensie die Adjunk-Sekretaris Generaal van die Statebond. In sy lesing, kort na afloop van die beraad in Januarie 1980, wys hy daarop dat die eskalerende impak van die bevrydingstryd op die aangrensende Statebondslande waaronder Botswana, Zambië, Mosambiek en selfs Angola, 'n herbesinning van strategie deur die Frontlinie State vereis het. Verdere faktore was, volgens hom, die binnelandse skikking wat tot die bewindsoorname van Abel Muzorewa gelei het en die moontlike aanvaarding en erkenning daarvan deur die nuwe Thatcher-regering in Brittanje. Die groeiende betrokkenheid van Suid-Afrika in die Rhodesiese konflik het hierdie belange-

groepe ook tot strategiese herbesinning beweeg. Teen hierdie agtergrond het die Statebond 'n ooreenkoms bereik wat tot die Lancaster House konferensie sou lei.

Anyaoku (1980:2) noem die volgende beginsels as Statebondsgrondslag vir 'n ooreenkoms wat moes lei tot 'n internasionaal aanvaarbare oorgangsproses in Zimbabwe: 1. swart meerderheidsregering; 2. die betrokkenheid van alle konflikterende partye by die soeke na 'n volhoubare oplossing en skikking; 3. erkenning van die dringendheid vir 'n skikking; 4. die aanvaarding van 'n demokratiese grondwet wat voldoende beskerming vir minderhede bevat as voorvereiste vir onafhanklikheid; 5. vrye en regverdige verkiesings; 6. toesighouding oor die verkiesings deur die Britse Owerheid, ondersteun deur Statebondswaarnemers.

Davidow (1984) ondersoek die vraag waarom die Lancaster House konferensie nie net plaasgevind het nie, maar ook geslaag het en kom dan tot die volgende gevolgtrekking: ***“The answer is twofold: Rhodesia was ready for a settlement; and effective British diplomacy converted the favorable situation into the reality of an agreement acceptable to all of the parties” (Davidow, 1984:14).***

Davidow (1984:44) wys daarop dat die Nkomo- en Mugabe-afvaardiging die persepsie geskep het dat Brittanje die Muzorewa-afvaardiging ondersteun het en dat 'n omvattende skikking nie moontlik was nie. Teen hierdie agtergrond probeer hy redes verskaf waarom hulle nietemin die uitnodiging vir deelname aan die Lancaster House konferensie aanvaar het.

Hierdie vraag is van groot belang, aangesien die antwoorde daarop 'n bepaalde impak op die erns en verbintenis van die Patriotic Front tot die bou van vrede in die post-Lancaster House-ooreenkoms-era, het. Teen hierdie agtergrond verduidelik hy sy eie insigte t.o.v. die Patriotic Front se posisie:

1. daar was geen ander alternatiewe proses beskikbaar nie;
2. beide Nkomo en Mugabe het geglo dat 'n militêre oorwinning moontlik was, maar dat dit nie in die afsienbare toekoms sou gebeur nie. Bevestigend hiervoor was die feit dat hulle nie in staat was om die April 1979-verkiesings te ontwrig nie;
3. die rol van sleutel internasionale sakebelange om 'n vreedsame skikking te bevorder, was omvangryk. In hierdie verband het veral die Lonhro maatskappy en sy hoof, Tony Rowlands, 'n prominente rol op dié weg gespeel;
4. die reeds-genoemde ekonomiese gevolge van die oorlog op veral Zambië en Mosambiek. Zambië se steun vir sanksies het die land teen 1977 reeds 750 miljoen VSA dollar gekos. Daarmee saam het die impak wat dit op die Zambiese burgers gehad het, ook ernstige ontevredenheid jeens die Kaunda-regering geskep. Om hierdie redes het Kaunda sy eie verteenwoordiger na Lancaster House gestuur, Mark Chona, ten einde 'n gladde verloop van die konferensie, agter die onderhandelingsgordyn, te help bevorder. Kaunda sou self ook London tydens die konferensie besoek, ten einde op die agtergrond behulpsaam te wees met die bedinging van 'n skikking;

5. die oorlog het Mosambiek jaarliks reeds 'n 100 miljoen VSA dollar gekos. Om hierdie redes het Machel sy persoonlike verteenwoordigers, Fernando Honwana en Jose Luis Cabaco, na London gestuur om druk op die Patriotic Front te plaas, vir die aangaan van 'n ooreenkoms. Daarbenewens was die intelligensie amptenare van die Mosambiekse regering daarvan oortuig dat Mugabe 'n verkiesing in Zimbabwe gemaklik sou wen.

Die Patriotic Front was egter ook deur interne verdeeldheid en spanning geteister. Voorbeelde wat *Davidow (1984:46-49)* in dié verband noem, is onder andere, die bykans twee dekades van vyandigheid tussen Mugabe en Nkomo. Die Patriotiese Front was 'n gedwonge eenheid wat deur die Frontlinie State afgedwing is. Dit was 'n futlose eenheid sonder effektiewe koördinasie, ook nie tussen die twee groepe se gewapende magte nie. Mugabe se agterdog jeens Nkomo was aangevuur deur sy persepsie van laasgenoemde se voortdurende flirtasie met Ian Smith, die Britse Regering, Sowjet-Unie, VSA, Suid-Afrika en sekere multi-nasionale maatskappye. Die persepsies is aangevuur deur die Britse pers wat die hoop uitgespreek het dat Nkomo hom self van Mugabe moet losmaak en 'n alliansie met 'n meer gematigde toon moet vorm. Daarbenewens het Nkomo en Mugabe opponerende persoonlikhede - Nkomo as die gewilde persoon wat beter kommunikeer en 'n meer aanvaarbare persoonlikheid as Mugabe het. Mugabe, die oud-onderwyser, was jare in die tronk, het verskeie grade verwerf en was in sy aard meer intro-spektief en intellektueel as Nkomo. Waar Nkomo as die 'warm' persoon ervaar is, is Mugabe as die koue, kliniese persoon beleef.

Daarbenewens het Mugabe en Nkomo, in hul benadering tot en visie van die oorlog, uiteenlopend verskil. Sterk onder die invloed van Marxisties-Leninistiese denke, en veral Maoïsme, het Mugabe geweld as 'n integrale komponent van die revolusionêre stryd beskou. Volgens die Mugabe-oortuiging was geweld nie slegs nodig om die vyand te oorwin nie, maar veral ook om die massa te verpolitiseer en voor te berei vir die tipe sosiale rekonstruksie wat, volgens hom, in 'n nuwe Zimbabwe nodig sou wees. Nkomo het, op sy beurt, geweld slegs as 'n vorm van taktiek beskou - selfs sy verbintenis aan staatsosialisme is, volgens Davidow, deur die meeste waarnemers in Zimbabwe, nie baie ernstig opgeneem nie, gegewe sy eie kapitalisties-georiënteerde praktyke.

Davidow wys ook daarop dat Nkomo en Mugabe totaal verskillende benaderings as leiers van hul politieke en militêre organisasies, gevolg het. Nkomo was volgens hom, 'ZAPU'. Hy was die eerste en enigste leier en het as sulks 'n sterk sentralistiese benadering, sonder die aanvaarding van vele teenkantië, gevolg. Daarteenoor het Mugabe sy posisie in ZANU aan ZANLA te danke. ZANU was bekend vir sterk interne struwelinge en konflik. Mugabe was gevolglik daaraan gewoond om 'n leierskapsbenadering van konsensus te volg. Hy moes voortdurend 'n balans tussen vuurvreter-radikale soos die sekretaris-generaal – Edgar Tekere en meer pragmatiese leiers soos Simbi Mubako, Josiah Tongogara en Emmerson Munangagwa, handhaaf.

Daarbenewens het die Shona-stamverdelings as demografiese faktor binne ZANU, ook 'n impak op sy leierskapstyl gehad. Mugabe moes, as 'n Zezuru, in sy leierskap fyntrap rondom die sensitiwiteite van die demografies-dominante

Karanga, wat die meerderheid van die gevegsmag en leierskap in ZANLA uitgemaak het (*Davidow, 1984:46-49*).

In 'n insiggewende artikel in die *Royal Institute of International Affairs (Volume 56, No. 3, 1980)*, verskaf Lord Soames, die destydse goewerneur in die oorgangstydperk in Suid-Rhodesië, redes waarom Brittanje onder leiding van Thatcher en Carrington, nie die binnelandse skikkingsinisiatief kon aanvaar nie en uiteindelik die weg, soos tydens die Lusaka konferensie beplan, gevolg het. In die artikel beklemtoon Soames die onderstaande omgewingsuitdagings en realiteite waarmee die Britse Regering in die aanloop tot die Lancaster House konferensie te kampe gehad het, as redes vir die bepaalde verloop van die proses.

1. Die Thatcher-regering het onderneem om die binnelandse skikking in Zimbabwe-Rhodesië te beoordeel, ooreenkomstig die 6 beginsels wat alle vorige Britse Regerings reeds vir 15 jaar as grondslag vir onafhanklikheid aanvaar het;
2. Die Veiligheidsraad van die V.N. het die binnelandse skikkingsproses en daarmee saam, die hou van verkiesings vir die implementering van die nuwe Zimbabwe-Rhodesiese grondwet, veroordeel. Die Veiligheidsraad het ook sy lede aangehoed om geen waarnemers na die verkiesings in 1979 te stuur nie;
3. Die OAE (Organisasie van Afrika Eenheid) het die uitslag van die binnelandse skikkingsverkiesings twee keer verwerp – en dit ook aan die vooraand van die Britse algemene verkiesing gedoen;
4. Na afloop van die verkiesings het die Veiligheidsraad weer eens die verkiesings verwerp en sy lede versoek om geen amptelike erkenning aan die nuwe staatkundige konteks en die Muzorewa regering, te verleen nie;
5. Volgens die verkiesingsmanifes van die Konserwatiewe Party van Margaret Thatcher was die kernvraagstuk, hoe Rhodesië na verkryging van wettige onafhanklikheid van Brittanje, internasionale erkenning en daarmee saam, universele opheffing van internasionale sanksies en die beëindiging van die guerrilla-oorlog, sou verkry;
6. Dit was vervolgens, volgens Soames, duidelik dat Rhodesië nie internasionale erkenning, die opheffing van sanksies en die beëindiging van die guerrilla-oorlog sou bekom, indien die Britse Regering slegs op eie inisiatief optree nie. Daarvoor was die samewerking van veral haar Europese bondgenote binne Navo (Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie) en die Statebond nodig. Slegs sodanige proses sou 'n moontlikheid van rasseversoening en stabiliteit in 'n onafhanklike Rhodesië, volgens Soames, kon skep (*Soames, 1980:406*).

Hierdie omgewingsagtergrond het die tafel gedek vir die Lancaster House konferensie in London vanaf 10 September – 21 Desember 1979 met Lord Carrington as voorsitter. Vir beide die direkte rolspelers, die Patriotic Front en die Muzorewa-regeringsafvaardiging, sowel as vir die Frontlinie State, die Statebond en die Britse Regering het die kritiese moment van waarheid aangebreek. Die omgewingsrealiteite het Lancaster House as die regte en noodsaaklike oomblik vir 'n onderhandelde oplossing, op die tafel geplaas.

3.3. Die Lancaster House konferensie: 10 September 1979 – 21 Desember 1979

Tabel 19 (p196) verskaf 'n volledige kronologiese verloop, met samevattende inligting, van die Lancaster House konferensie. Tabel 20 (p207) verskaf 'n uiteensetting van die onderskeie onderhandelingspanne se samestelling. Die verdere verloop van die afdeling is 'n analitiese perspektief van die verloop van die konferensie.

Die Lancaster House Beraad het amptelik op 10 September 1979 afgeskop onder voorsitterskap van Lord Carrington (Britse minister van Buitelandse Sake). Die deelnemende partye was die Zimbabwe-Rhodesiese afvaardiging onder leiding van biskop Abel Muzorewa en die Patriotic Front onder leiding van Robert Mugabe en Joshua Nkomo. Sien Tabel 20 vir meer besonderhede oor die samestelling van die onderskeie spanne se afgevaardigdes. Die konferensie het geen tydfabel gehad nie en sou uiteindelik 14 weke duur (*Anyaoku, 1980:2*).

Nzombe (1989:182) wys daarop dat Carrington met die aanvang van die Lancaster House Konferensie bepaalde algemene riglyne vir die verloop van die konferensie neergelê het. Dit het veral oor die ordening van die agenda gehandel. In dié verband sou 'n ooreenkoms oor 'n onafhanklikheidsgrondwet, gegrond op die beginsels wat tydens die Statebondskonferensie ooreengekom is, as eerste agendapunt dien. Die tweede agendapunt sou handel oor die praktiese reëlins waarvolgens die onafhanklikheidsgrondwet geïmplementeer sou word. Hierteen het die Patriotic Front beswaar gemaak en geargumenteer dat onderhandeling oor 'n onafhanklikheidsgrondwet slegs kon plaasvind nadat ooreenkoms oor die oorgangperiode bereik is (*Ministry of Foreign Affairs, 1980: Background Briefing 1/80*).

Soames verskaf 'n perspektief oor hoekom Carrington so sterk gestaan het op die beginsel dat die eerste punt op die agenda 'n onafhanklikheidsgrondwet moes wees en die afhandeling daarvan 'n voorvereiste vir gesprek oor ander oorgangsmaatreëls moes wees, soos volg:

“.....the role adopted by the British government was always to guide the negotiations from the general to the particular. At every stage we sought to introduce.....statement of broad principle..... We then proceeded step by step to deduce the logical consequencesthe introduction of too much detail too soon,....in practice led debate into side issues and enabled those who were so inclined to evade the major questions which had to be settled before a solution could be in sight” (Soames, 1980:409-410).

Uiteindelik sou al die deelnemers op 12 September 1979 ooreenkoms bereik oor die agenda en die volgorde daarvan, soos deur Carrington, voorgestel (*Ministry of Foreign Affairs, 1980: Background Briefing 1/80*).

In sy openingstoespraak het Carrington sy visie vir die konferensie geïdentifiseer as die grondlegging van die fondament vir 'n vrye, onafhanklike en demokratiese samelewing, waarbinne alle inwoners van Rhodesië, ongeag ras of politieke oortuigings, in veiligheid en in vrede met hul mede-landsbewoners en hul buurstate kan voortbestaan. In die tweede plek het hy die gesagsbasis vir sy voorsitterskap,

en waarskynlik sy onderhandelingsstrategie, uitgespel deur aan te toon dat dit uiteindelik Brittanje se grondwetlike verantwoordelikheid is om 'n grondwetlike skikking in Rhodesië te bewerkstellig en die land tot soewereine onafhanklikheid te bring. In die derde plek het hy die kriteria vir sukses uitgespel deur daarop te wys dat dit bepaal sal word in die mate waarin die afgevaardigdes daarin slaag om op die toekoms eerder as die verlede, te fokus.

Dit wil voorkom asof Carrington hier 'n bepaalde gesindheid bepleit. 'n Gesindheid wat kan meehelp om die eskalerende impak van die historiese Rhodesiese konflikstruktuur (soos in hoofstuk 2 behandel), in die psige van die strydende partye, te help oorkom (*Southern Rhodesia, 1979:2*).

'n Belangrike strategie was om die voorstelle wat Brittanje op die tafel geplaas het, oor die boeg van universeel, internasionaal histories-aanvaarbare en gebruikte maatstawwe en kriteria, te gooi. Só 'n benadering skakel, volgens **Roger Fisher (1981)**, die neiging om onderhandelings te laat vasval in stryde om posisionering en wilsrag uit. Fisher verduidelik die benadering soos volg:

“In positional bargaining, negotiators spend much of the time defending their position and attacking the other side’s. ...using objective criteria tend to use time more efficiently talking about possible standards and solutions” (Fisher, 1982:85-87).

Carrington het die benadering van objektiewe kriteria in sy openingstoespraak beklemtoon, deur daarop te wys dat die werkswyse wat met die dekolonisasie prosesse in die ander Britse kolonies gebruik is, as norm sou dien (*Southern Rhodesia, 1979:2*). 'n Tweede voorbeeld hiervan, is Carrington se beklemtoning van die riglyne in die Lusaka-ooreenkoms, as norm vir die Lancaster House beraad.

“.....We should do well, I think, to bear in mind throughout our discussions the framework ...set out in the Lusaka communique” (Southern Rhodesia, 1979:3,5).

Die derde voorbeeld van Carrington se gebruikmaking van die Fisher-model oor objektiewe kriteria en norme, is sy verwysing na die beginsels wat opeenvolgende Britse Regerings reeds sedert die sestigerjare as maatstaf vir onafhanklikheid gestel het:

- 1 die beginsel van meerderheidsregering;
- 2 waarborge teen willekeurige wysigings van die grondwet;
- 3 onmiddellike verbetering van die politieke status van die swart bevolking;
- 4 algemene aanvaarding dat rassediskriminasie onaanvaarbaar is;
- 5 die beginsel van geen onderdrukking van die minderheid deur die meerderheid of die meerderheid deur die minderheid nie;
- 6 die beginsel dat enige ooreenkoms wat aangegaan word, aanvaarbaar vir die mense van “Rhodesië moes wees”. (*Southern Rhodesia, 1979:3,5*).

Carrington het in sy openingstoespraak die morele plig van die konflikterende partye teenoor die bevolking van die land beklemtoon (*Southern Rhodesia,*

1979:3-4). Hy het sy toespraak afgesluit deur die administratiewe en kommunikasie-prosedures van die konferensie te verduidelik, asook die werkswyses waarvan sy strategie van bilaterale gesprek met elkeen van die deelnemende partye, ‘n prominente kenmerk was (*Southern Rhodesia, 1979:6-7*).

In sy toespraak het Nkomo geargumenteer dat daar nie oor ‘n grondwet gepraat kon word, alvorens die basis vir vrede, veiligheid en sekureite gelê is nie. In die tweede plek het hy na die belangrike rol van die Patriotic Front verwys wat daarin geslaag het om 90% van die land in ‘n staat van oorlog te plaas. Hy het daarop gewys dat daar reeds bevryde en semi-bevryde gebiede bestaan en dat die PF as gevolg daarvan die verantwoordelikheid het, nie slegs om te veg nie, maar ook om vrede, orde en goeie regering te verseker. Nkomo dui dus in sy toespraak aan dat die PF nie die Lancaster House Konferensie as die groot bevrydingsinstrument van Zimbabwe sien nie, maar dat die strydende bevolking reeds vir jare met daardie proses besig is en dit dus self vermag het (*Zimbabwe Rhodesia, 1980, Annex B:14*).

Hierdie siening stem ooreen met die argument van Shamuyarira wat vroeër aangehaal is. ‘n Noodwendige vraag wat daaruit voortspruit is in welke mate dit ‘n aanduiding was van tipe konsensus gesindheid wat in die geleedere van die Patriotic Front geheers het, veral ten opsigte van ‘n innerlike oortuiging oor die maak van vrede met jou teenstander, op ‘n vreedsame, nie-gewelddadige wyse.

Die vraag kan gevra word in welke mate die leierskap van die PF die les in die sinsnede van Jannie du Toit se liedjie oor vrede, wat hy tydens die onafhanklikheidswording van Namibië geskryf het, inherent ondersteun, of verwerp: **“Vrede is ‘n duur artikel, niemand sal dit kry as hyself dit nie wil maak nie”** (*du Toit, 1990. CD: Pallet, Vrede Vanaand*). Was Lancaster House vir die PF ‘n ware meganisme wat die fundamente van vrede en versoening gelê het, of was dit slegs ‘n middel tot ‘n doel, magsoorname, wat met geweld bereik kon word, indien nodig? ‘n Byeenkoms wat hulle strategies nie kon bekostig om nie by te woon nie. Was versoening en medemenslike vrede met voormalige opponente ‘n diepliggende begeerte? Wat was die impak daarvan op die post-1980 era?

In sy toespraak het Muzorewa geargumenteer dat die binnelandse skikkingsproses reeds ‘n regering van nasionale eenheid tot stand gebring het. In die tweede plek was daar, volgens hom, reeds aan al die vereistes wat opeenvolgende Britse regerings vir onafhanklikheid gestel het, voldoen. Hy het gevolglik slegs versoek dat Brittanje en die internasionale gemeenskap hierdie realiteit erken. Muzorewa gaan daarna in sy toespraak voort om bewysplaas te verskaf van hoe daar aan al die vereistes voldoen is. Teen hierdie agtergrond het hy die opheffing van sanksies, internasionale erkenning asook amptelike erkenning van die Zimbabwe-Rhodesiese grondwet, versoek (*Zimbabwe Rhodesia, 1979: 18-22*).

Volgens *Flower (1987:232-233)* het Carrington die onderhandelingsproses, as bemiddelaar, meesterlik gemanipuleer. Afgesien van sy benadering van bilaterale gesprekvoering, en die plaas van afluisterparate in die afgevaardigdes se hotelkamers, het hy tydens die formele onderhandelingsprosesse ‘n stap-vir-stap en “punt-vir-punt”- benadering gevolg en nie na die volgende agendapunt of vraagstuk oor gegaan, alvorens ooreenkoms bereik is oor die heersende fokuspunt

nie. Indien 'n party nie voldoende samewerking gebied het nie, het hy van distributiewe bedingingstrategieë gebruik gemaak. Voorbeelde hiervan was onder meer dreigemente van afsnyppunte en waarskuwings dat hy met die steun van Thatcher-partye kon marginaliseer indien hulle nie saamwerk nie. Carrington het, volgens Flower, geglo dat Statebonds- en Frontlinie State-steun genoegsame druk op die PF sou plaas, ten einde deelname te verseker. Daarbenewens kon Muzorewa nie bekostig om uit die proses te klim nie. In die lig van hierdie redes het Carrington die morele hoëgrond bekleed en het sy dreigemente beslis 'n angel gehad.

Nzombe (1989:184) argumenteer, aan die ander kant, dat Carrington se strategie van bilaterale gesprekvoering in die geledere van die PF, persepsies van eensydige skikkings (tussen Brittanje en Muzorewa) en onderlinge wantroue versterk het. Hy verduidelik voorts dat Carrington in sy voorstelle, rakende 'n onafhanklikheidsgrondwet, die gesprekke wat Lord Harlech in sy besoek aan die Suider-Afrika streek met verskeie partye gevoer het, in ag geneem het.

Dié voorstelle is deur Nkomo (*Nzombe, 1989:183*) as te vaag beskou. Dit was ook as 'n agteruitgang, in vergelyking met die vroeëre Anglo-Amerikaanse voorstelle, beskou. Daarbenewens wou Nkomo duidelikheid verkry oor die mate waartoe Zimbabwe soewereine gesag sou hê; die aard en wese van die weermag, polisie, staatsadministrasie en regstelsel asook in welke mate magsallokasie binne etniese, religieuse, stam en ander groepskontekste, verhinder sou word. Hy wou ook duidelikheid kry oor die verskaffing van waarborge vir die hou van vrye en regverdige verkiesings. Verdere aangeleenthede sou handel oor die administrasie van die verkiesings en die grondvraagstuk (*Report of the Constitutional Conference Lancaster House London, September-December 1979. Annex B, 1979:17*).

Uiteindelik sou Carrington na sewe weke van onderhandelings, meer omvattende grondwetlike voorstelle op die tafel plaas. Die voorstelle sou die resultate van sy reeks bilaterale gesprekke weergee. *Nzombe (1989:184)* beklemtoon dat die PF met verskeie elemente van die voorstelle probleme ondervind het.

In die **eerste plek**, die beginsel van dubbele burgerskap. In dié verband is geargumenteer dat 'n persoon nie gelyktydig lojaliteit kon betoon teenoor Zimbabwe en 'n vyandige moondheid soos SA nie.

In die **tweede plek** het hulle 'n probleem met die verskansde wysigingsklousule van die Handves van Regte gehad wat, volgens die PF, 'n beperking sou plaas op die soewereiniteit van die parlement. Dit sou die regering verhinder om sinvol op die eise van die bevolking te reageer. 'n Baie belangrike klousule in die Handves van Regte het oor die beskerming van die eiendomsreg van burgers gehandel. Hierteen het die PF sterk weerstand gebied. Die Britse voorstelle hieroor het die volgende behels:

“Freedom from Deprivation of Property. (1) Every person will be protected from having his property compulsorily acquired except when the acquisition is in the interest of defence, public safety, public order, public morality, public health, town and country planning, the development or utilization of that or

other property in such a manner as to promote the public benefit or, in the case of under-utilized land, settlement of land for agricultural purposes. When property is wanted for one of these purposes, its acquisition will be lawful only on condition that the law provides for the prompt payment of adequate compensation.....A person whose property is so acquired will be guaranteed the right of access to the High Court to determine the amount of the compensation.” (Zimbabwe-Rhodesia, Annexure I, 1979:4).

Oor hierdie verskansingsklousule het die PF geargumenteer dat dit onaanvaarbaar is, aangesien dit die basiese bestaansrede van die bevrydingstryd, naamlik die terugname van grond, negeer. *Nzombe (1989:184)* nuanseer dit soos volg:

“The provision on deprivation of property virtually made it impossible for a future Government to acquire land in the public interest. This negated the basic objective of the liberation struggle, namely to repossess land.”

In die **derde plek** het hulle die verdeling tussen die hoof van die staat en die hoof van die regering verwerp. Volgens *Nzombe (1989:185)* het die PF die wysheid van ‘n stelsel betwyfel waar die moontlikheid kan bestaan dat die staatshoof politieke mag kan uitoefen, sonder aanspreeklikheid aan die burgers of die parlement. In die **vierde plek** het die PF die handhawing van die status quo binne die staatsdiens verwerp aangesien hulle die lojaliteit van die staatsamptenare wat ook die UDI-regering ondersteun het, bevraagteken het. In die **vyfde plek** het die PF die afsonderlike kieserslys vir blanke burgers verwerp op grond van die moontlikheid dat blankes ‘n koalisie kon vorm met ‘n party wat nie noodwendig die verkiesing gewen het nie en dus op dié wyse ‘n minderheidsregering kon herwin.

Nzombe (1989:185) verduidelik dat Carrington slegs bereid was om ‘n klousule toe te voeg waarvolgens die party wat die meerderheid blankes verteenwoordig, verhinder sou word om met enige party anders as die meerderheidsparty op die algemene kieserslys, ‘n koalisie te vorm. In reaksie op die PF se nalating om na ses dae op die grondwetlike voorstelle te reageer, het Carrington in ‘n perskonferensie aangedui dat daar met die volgende agendapunt van die konferensie (die implementering van die oorgangsreëlings), voortgegaan sal word, sonder hulle deelname. Die PF sou by die gesprek kon aansluit op voorwaarde dat hulle die grondwetlike voorstelle, aanvaar (*Nzombe, 1989:185*).

Ramphal sou egter druk op Carrington toepas deur aan te voer dat bilaterale gesprekke tussen die Britse afvaardiging en Muzorewa, sonder die PF, in botsing met die Statebondsooreenkoms sou wees (*Nzombe, 1989:186*). Die PF se hertoetrede tot die Lancaster House Konferensie onderhandelings, met in begrepe van hul goedkeuring van die voorgestelde onafhanklikheidsgrondwet, op 19 Oktober 1979 (Sien Tabel 19, p196) is volgens *Nzombe (1989:186)* gefasiliteer deur aan die eenkant ‘n aanduiding van die Britse en VSA regerings dat hulle sou bydra tot ‘n multi-nasionale fonds vir grondherverspreiding (kompensasie ingesluit), landbou en ekonomiese ontwikkeling. Aan die anderkant was daar druk vanaf die Frontlinie state op die PF vir ‘n terugkeer na die onderhandelingsstafel. Nzombe suggereer ook dat die Frontlinie state ‘n rol gespeel het in die fasilitering van ‘n onderneming dat daar só ‘n multinasionale fonds gestig sou word.

In ‘n latere onderhoud op *BBC News Breakfast with Frost (25 June 2000)* erken Lord Carrington dat daar ‘n besluit geneem is om Zimbabwe finansieel by te staan met ‘n grond-herverspreidingsprogram wat ‘n spesifieke voorwaarde in die ooredingsproses tot instemming en deelname was. In dieselfde onderhoud verduidelik Carrington ook dat die VSA en Brittanje na 3 jaar die befondsing van die grond-herverspreidingsprogram gestaak het aangesien die Mugabe regering die fondse, volgens hulle oordeel, wanaangewend het. Carrington se reaksie kan ook gesien word as ‘n kommentaar op Mugabe se beskuldigings dat Brittanje nie sy ondernemings ten opsigte van die multinasionale fonds nagekom het nie. ‘n Direkte aanhaling vanuit die radioprogram rakende Frost se vraag oor die grondkwessie word hier uiteengesit:

“David Frost:

The land issue still being around, when you negotiated all this 20 years ago, did you expect there to have been by now much more redistribution of vital land?

Lord Carrington:

Yes, I think we did, you see, but there was no way that you would have got an agreement at Lancaster House in which they gave up all their land, there was no way in which they could possibly do that so the best thing that we could do and the best that everybody would agree to was that we, the British, and the Americans certainly agreed to it as well, would help in the redistribution of land by giving money to those farmers who gave up their property. And this is what we did for the first two or three years after the independence of Zimbabwe. But then of course it [became] very difficult because what happened was President Mugabe took the land, gave it to his cronies, or didn't do anything with it at all. And after that it became extremely difficult for us to go on paying money to them when they were doing all the wrong things with the land. (News Breakfast with Frost, 25 June 2000).”

Samevattend gesien het die Britse voorstelle vir ‘n onafhanklikheidsgrondwet soos volg daarna uitgesien:

- 1 ‘n soewereine staat met die grondwet as die hoogste gesag (regstaat), hoewel die onafhanklikheid van die regbank nie effektief gewaarborg is nie;
- 2 burgerskap op grond van geboorte, afkoms, registrasie en voorsiening vir dubbele burgerskap;
- 3 ‘n handves van regte wat die reg op lewe; persoonlike vryheid; vryheid van slawerny en gedwonge arbeid; vryheid van marteling en onmenslike behandeling; vryheid van die ontneming van eiendom; beskerming van persone se private huishoudings en ander eiendom, reg op beskerming onder die wet, vryheid van gewete (“conscience”); vryheid van meningsuitdrukking; vergaderings- en assosiasievryheid; vryheid van beweging en beskerming teen diskriminasie; insluit;

- 4 die regte vervat in die handves sou verminder kon word tydens noodtoestande (*Proposals for Independence, Annexure I:1-9*);
- 5 'n uitvoerende gesag bestaan uit 'n nie-uitvoerende president (maksimum 2 termyne van ses jaar elk) as staatshoof en opperbevelhebber van die Veiligheidsmagte;
- 6 'n uitvoerende raad bestaande uit 'n eerste minister en 'n aantal ministers (wat lede van die senaat of nasionale vergadering kan wees) aangestel deur die staatspresident op aanbeveling van die eerste minister;
- 7 die president stel 'n eerste minister aan wat, volgens sy oordeel, die meerderheidsteun in die Nasionale Vergadering geniet;
- 8 die eerste minister ken volgens eie oordeel, die verantwoordelikheid van die administrasie van bepaalde staatsdepartemente aan ministers toe (*Proposals for Independence, Annexure I:10-11*);
- 9 die wetgewende gesag berus in die parlement wat uit 'n nasionale vergadering en senaat bestaan;
- 10 die senaat sou uit 40 lede bestaan. Tien van die lede sou verkies word deur 'n kieskollege bestaande uit lede van die Nasionale Vergadering wat ooreenkomstig die blanke kieserslys verkies is. Veertien van die senaatslede is verkies deur 'n kieskollege bestaande uit lede van die Nasionale Vergadering wat ooreenkomstig die algemene kieserslys verkies is. Tien van die senaatslede is verkies deur die Raad van Kapteins. Ses van die senaatslede is deur die President, na advisering deur die eerste minister, genomineer. Om tot die senaat verkies te word, moes 'n persoon ten minste 40 jaar oud wees en vir ten minste 10 jaar (uit 'n totaal van 20 jaar) 'n gewone, inwonende burger;
- 11 die Nasionale Vergadering sou uit 100 lede bestaan waarvan 80 verkies is ooreenkomstig die algemene kieserslys en 20 deur die blanke kieserslys. Om tot die Nasionale Vergadering verkies te word moes 'n persoon ten minste 21 jaar oud wees en vir ten minste 5 jaar 'n burger van die land wees (*Proposals for Independence, Annexure I:14-15*);
- 12 wysigings aan die grondwet sou 'n meerderheid van 70% van lede van die nasionale vergadering vereis en twee derdes van lede van die senaat;
- 13 wysiging van die grondwetlike vereiste rakende afsonderlike blanke verteenwoordiging, sou vir die eerste sewe jaar verskans wees en slegs gewysig kon word deur 'n meerderheid van 100% van die lede van die Nasionale Vergadering en twee derdes van die senaat. Aan die einde van die sewe jaar sou die klousule deur 'n meerderheid van 70% in die nasionale vergadering en twee derdes in die senaat, gewysig kon word;
- 14 die regsprekende gesag sou onder meer uit 'n Hooggeregshof bestaande uit 'n appél afdeling asook 'n algemene afdeling bestaan. Die hoofregter sou deur die

president op aanbeveling van die eerste minister aangewys word (*Proposals for Independence, Annexure I:17*);

- 15 die onafhanklikheidsgrondwet sou ook voorsiening maak vir ‘n ombudsman. Sy taak sou wees: “...*to investigate complaints against action taken by any employee of the Government, other than a member of the Defence Forces or Police Force, or by any employee of a local authority...*” (*Proposals for Independence, Annexure I:21*);
- 16 nadat al die partye, met inbegrip van die PF teen 19 Oktober die voorgestelde onafhanklikheidsgrondwet aanvaar het, het Carrington sy voorstelle rakende die implementering van die oorgangsproses op die tafel geplaas. Die voorstelle het vir die onderstaande proses en prosedures voorsiening gemaak:
 - 16.1. Rhodesië sou tot en met onafhanklikheid ‘n Britse dominium bly en die verantwoordelijkheid om onafhanklikheid aan haar te verleen, sou by die Britse Parlement berus;
 - 16.2. aangesien ‘n ooreenkoms oor ‘n onafhanklikheidsgrondwet, wat voorsiening vir meederheidsregering gemaak het, bereik is, sou die Britse regering die mag aan die leiers, wat deur middel van vrye en regverdige verkiesings verkies is, oordra;
 - 16.3. die doel van die voor-onafhanklikheidsmaatreëls was om aan alle partye die geleentheid te bied om in ‘n klimaat van regverdigheid en vreedzaamheid hul beleidsgrondslae aan die kiesers voor te lê. Die voor-onafhanklikheidsperiode sou nie poog om nuwe regeringsinstellings te skep nie. Dit sou die funksie van die nuut verkose regering wees;
 - 16.4. tydens hierdie periode sou die administrasie van Rhodesië aan die Britse regeringsgesag toevertrou word;
 - 16.5. die interim-periode sou weens die risiko’s verbonde aan die instandhouding en bestuur van ‘n vreedsame oorgang en in die lig van die moeilikheidsgraad, rakende die implementering van die skietstakingsooreenkoms, nie ‘n uitgerekte tydvak wees nie (*Proposals for Independence, Annexure II, 1979:22-23*);
 - 16.6. wat regeringsadministrasie en -masjinerie tydens die oorgangsproses betref, het Carrington (*Proposals for Independence, Annexure II, 1979:23-25*) die volgende voorstelle op die tafel geplaas:
 - 16.7. die aanstelling van ‘n Britse goewerneur ooreenkomstig wetgewing uitgevaardig deur die Britse Parlement;
 - 16.8. die goewerneur is beklee met wetgewende en uitvoerende magte ten einde wette vir die handhawing van vrede, orde en goeie regering uit te vaardig. Die bestaande staatsamptenare, ingeslote die polisie en weermag was ondergeskik aan die gesag van die goewerneur. Die gewapende magte van die PF was ook ondergeskik aan die Goewerneur;

- 16.9.** die goewerneur sou bygestaan word deur 'n adjunk-goewerneur en militêre-, polisie-, regs- en politieke adviseurs;
- 16.10.** die goewerneur sou van die bestaande staatsdiens vir die van-dag-tot-dag administrasie gebruikmaak;
- 16.11.** die wetgewing wat voorsiening gemaak het vir die vestiging van 'n goewerneur, sou as interim-grondwet dien. Voorsiening sou ook gemaak word vir die toepassing en gebruik van bestaande wetgewing op 'n nie-arbitrêre werkswyse en op só 'n wyse dat dit nie die vrye en regverdigte verkiesings nadelig sou beïnvloed nie;
- 16.12.** persone wat op 'n politieke grondslag arbitrêr aangehou word, sou vrygelaat word. Die goewerneur sou opdrag gee vir die hersiening van sodanige wetgewing binne sy jurisdiksie. Die Britse regering sou voorsorg tref dat dieselfde proses gevolg word in gevalle waar persone buite Rhodesië aangehou is;
- 16.13.** sodra die goewerneur in Rhodesië gearriveer het en sy gesag amptelik aanvaar is, sou die legaliteit van Rhodesië, as deel van die koningin se dominiums, herstel wees;
- 16.14.** met die aanvaarding van die regeringsverantwoordelikheid deur die goewerneur, sou die ministeriële funksies van biskop Muzorewa en sy kollegas tot 'n einde kom. Departementshoofde sou aan die goewerneur verslag doen.

Die oorgangsmatreëls het ook voorsiening gemaak vir die reëling en prosedures vir die terugkeer van vlugtelingen vanuit die buiteland. Daarvolgens sou dit langer duur as die periode van oorgang. Die nuutverkose regering sou gevolglik die aangeleentheid formeel moes hanteer in samewerking met die Britse Regering en regerings van relevante buurlande (*Proposals for Independence, Annexure II, 1979:25*).

Wat die reël van verkiesings betref, het die Britse voorstelle vir die volgende prosedures en prosesse voorsiening gemaak:

- 1** die daarstelling van 'n verkiesingsraad met konsulerende funksies, onder voorsitterskap van 'n verkiesingskommissaris. Al die deelnemende partye sou op die verkiesingsraad verteenwoordig word;
- 2** die aanstelling van 'n statebonds-waarnemersgroep vir monitering van die verkiesingsproses;
- 3** die registrasie van alle politieke partye vir die verkiesings. Vir dié doel sou enige verbod op politieke partye opgehef word. Die goewerneur sou die datums van die verkiesings bepaal. Die verkiesings sou oor 'n periode van 3 opeenvolgende datums plaasvind;
- 4** die klousules van toepassing op verkiesings, soos in die onafhanklikheidsgrondwet vervat, sou deur die Britse regering bekragtig word. Voorts sou bestaande verkiesingswetgewing van Zimbabwe-Rhodesië toegepas word;
- 5** die goewerneur is verantwoordelik gehou vir alle aspekte van die verkiesings. Toesighouding oor die verkiesings sou egter die verantwoordelikheid van die

verkiesingskommissaris wees, met ondersteunende personeel aangestel deur die Britse Regering;

- 6 verkiesings vir die algemene kieserslys sou op 'n partylys-basis plaasvind. Suid-Rhodesië sou in kiesdistrikte verdeel word met 'n aantal toegedeelde setels per distrik, in verhouding tot die bevolkingsgrootte. Verkiesings volgens die blanke kieserslys sou ooreenkomstig die bestaande Zimbabwe-Rhodesiese kieserlys plaasvind;
- 7 kiesers moes bewyse van hul identiteit en regmatigheid om te stem, aantoon. (*Southern Rhodesia, 1979. Annexure D:37-38*).

Tabel 12 verskaf 'n uiteensetting van die lys van kiesafdelings en verbandhoudende setels waarvolgens die verkiesings sou plaasvind.

Tabel 12. Lys van Kiesafdelings en Setelverdelings

| Kiesafdelings | Setelverdeling |
|-------------------------------|----------------|
| a) Manicaland | 11 |
| b) Mashonaland Central | 6 |
| c) Mashonaland East | 16 |
| d) Mashonaland West | 8 |
| e) Matabeleland North | 10 |
| f) Matabeleland South | 6 |
| g) Midlands | 12 |
| h) Victoria | 11 |

(*Southern Rhodesia Elections, February, 1980. Annexure 31. Sections 175 and 176 of the Electoral Act 1979:244*)

Nzombe verskaf 'n belangrike perspektief aangaande die oorgangsmatreëls-ooreenkoms. As gevolg van botsende gesigspunte oor die bestuur van die oorgangsproes, het 'n dooiepunt ontstaan en kon dit volgens *Nzombe (1989:188)* slegs met die tussengangersrol van die Frontlinie state uit die weg geruim word. Hiervolgens het Carrington na druk deur die Frontlinie state, sy aanvanklike voorstelle aangepas deur voorsiening te maak vir 'n Statebondsmoniteringsmag wat die skietstaking sou monitor en ook verantwoordelikheid sou neem vir ander militêre vraagstukke. Daar is in die aangepaste voorstelle ook ingestem tot die beskikbaarstelling van die Patriotic Front-magte aan die goewerneur. Op grond van hierdie aanpassings het die Patriotiese Front ingestem tot 'n ooreenkoms oor die oorgangsproes en verbandhoudende prosedures.

'n Belangrike opmerking van *Flower (1987:240-241)* oor hierdie fase van onderhandeling was dat Muzorewa die meeste opgeoffer het en het geen ander keuse gehad as om as eerste minister uit te tree nie, wetende dat dit vir hom persoonlike politieke selfmoord sou beteken. Vanuit die perspektief van sy steunbasis sou dit gesien word as 'n teken van swakheid en 'n oormatige erkenning aan die PF. Flower glo dat sy steunbasis beslis as gevolg hiervan verkrummel het. Die keuse vir Muzorewa was volgens Flower: *"If he said yes, he would be finished; if he said 'no' the conference would be finished and the bitter war would continue."*

Daarbenewens het al die senior lede van sy party hom aangeraai om nie toe te stem tot die oorgangsmatreëls nie, aangesien hulle geglo het dat dit die PF uitermate bevoordeel en Muzorewa se politieke einde sou beteken. Hierdie

aangeleentheid het verhoudinge binne die Muzorewa-span baie gespanne gemaak. Dit moet ook vermeld word dat Ian Smith in hierdie proses uitgerangeer was en nie meer effektiewe invloed gehad het nie.

Uiteindelik sou Muzorewa op 27 Oktober 1979 die breë riglyne van die oorgangsmaatreëls aanvaar en op 5 November sou hy die detail-voorstelle aanvaar (*Background Briefing, 1/80:4*). Die PF sou die voorstelle na 'n reeks van bilaterale onderhandelings met Carrington en onderhewig aan die bereiking van 'n ooreenkoms oor die skietstakingsproses, eers op 15 November 1979 aanvaar (*Background Briefing, 1/80:6*).

Nietemin, met die bereiking van hierdie ooreenkoms is daar begin met onderhandelings oor 'n skietstakingsooreenkoms. Vir die detail-voorstelle daarvan, sien tabel 19 (p196). 'n Reeks bilaterale ontmoetings tussen die PF en die Carrington-afvaardiging het 'n aantal fundamentele verskille tussen die twee afvaardigings oor die skietstakingsproses aan die lig gebring. Volgens *Nzombe (1989:189)* het die verskille hoofsaaklik gehandel oor die meganika van die skietstakings-ooreenkoms, status en posisie van die Suid-Rhodesiese magte, die samestelling, grootte en aard van die Statebondsmoniteringsmag; die integrasie van die onderskeie magte, die posisionering van die PF-magte; die gevare verbonde aan militêre inmenging en die moontlikhede van 'n verbreking van die skietstakings-ooreenkoms.

Na aanleiding van die argumente van Nzombe, kan afgelei word dat al die rolspelers om die onderhandelings tafel by Lancaster House in 'n politieke skaakmatsituasie verkeer het. Hoewel die Carrington-voorsittersgroep deurentyd gedreig het om sonder die PF voort te gaan, was dit nie regtig 'n bekostigbare opsie vir Brittanje nie. 'n Marginalisering van die PF sou 'n voortsetting van die oorlog beteken en ook in botsing met die Statebondsooreenkoms te Lusaka wees. Brittanje sou die politieke implikasies daarvan nie kon bekostig nie, nog minder sou Thatcher dit kon bekostig om die Muzorewa-regering amptelik te erken.

Die Muzorewa-afvaardiging, aan die ander kant, kon ook nie bekostig om uit die onderhandelings te stap nie, want dit sou hul strewe na internasionale erkenning begrawe. Die voortsetting van die oorlog sou ook 'n einde aan die hoop en beloftes wat deur die binnelandse skikkingsproses op die tafel geplaas is, bring. Nietemin het die Rhodesiese Veiligheidsmagte in hierdie tyd oorgrens aanvalle voortgesit as drukstrategie op die onderhandelingsproses. Dit het, volgens *Flower (1987:245)*, verseker dat die moondhede aan beide kante genoegsame druk toepas vir 'n skikking.

Dit was egter nie 'n veiligheidsmag gedomineerde-stryd nie, want volgens hom het beide ZIPRA en ZANLA, sterker teenstand begin bied. Die resultaat was dat veral Machel van Mosambiek, sterk druk op Mugabe toegepas het om die skietstakingsooreenkoms te aanvaar, nadat laasgenoemde van voorneme was om uit die Lancaster House samesprekinge te tree, die skietstakingsproses te verwerp, en na New York te reis ten einde die VVO toe te spreek en steun te werf vir 'n voortsetting van die oorlog.

Hoewel die Patriotiese Front, veral die ZANU-groepering in die alliansie, met die oorlog wou voortgaan om die vreugde van 'n militêre oorwinning te smaak, was hulle óók nog nie naby die punt van oorwinning nie, en kon hul ondersteunersbasis in die vorm van die Frontlinie state dit nie langer bekostig nie. In die verband het hulle reeds die nie-amptelike ultimatum van die Frontlinie en Statebondslande deeglik verstaan.

Teen hierdie agtergrond verduidelik *Nzombe (1989:189-190)* die gebeure toe 'n dooiepunt oor die skietstakingsproses ontwikkel het:

“The British went back to the drawing board and came back with amended proposals which were rejected by the Patriotic Front, who challenged the British to go ahead without them. In the meantime the British had appointed a Governor, Lord Soames, and went to promulgate the Southern Rhodesian Constitution. The American revoked sanctions against Rhodesia and the Salisbury delegation had accepted the ceasefire arrangements. Two days after the rejection of the British ceasefire arrangements by the Patriotic Front, the Frontline presidents met to analyse the situation. On the same day, that is, December 17th, 1979 the Patriotic Front issued a statement accepting the ceasefire proposals ...”

Die skietstakingsooreenkoms is formeel op 21 Desember 1979 deur al die partye onderteken. Dit het daarvoor voorsiening gemaak dat al die partye moes onderneem om die gesag van die goewerneur te aanvaar; gehoorsaam aan die onafhanklikheidsgrondwet te bly; die voor-onafhanklikheidsreëlings en prosedures asook die skietstakingsooreenkoms, volledig na te kom; hulle daartoe verbind om vreedzaam en sonder intimidasie tydens die verkiesingsveldtog op te tree; die afswering van die gebruikmaking van kragdadige optredes vir politieke doeleindes en hulle, saam met hulle gewapende magte, daartoe te verbind om die uitslag van die verkiesings volledig te aanvaar. Dit het dus spreekwoordelik gegaan om twee honde wat tande vir mekaar wys, maar beide se tande was in die situasie waarin hulle verkeer het, niks anders as strategiese kunsgebit nie. Die skietstakingsooreenkoms en die ooreenkoms insake die oorgangsmatreëls sou amptelik op 21 Desember 1979 onderteken word (*Background Briefing, 1/80:9-10 en Flower, 1987:249*).

Flower (1987:250) wys daarop dat daar weinig entoesiasme in Rhodesië vir die Lancaster House ooreenkoms bestaan het. Die rede daarvoor is te vinde in die groot vlakke van wantroue wat onderling geheers het. Geeneen van die rolspelers was regtig tevrede of in hart en siel tot die ooreenkoms verbind nie. Brittanje daarenteen, het egter feesgevier, want 'n konflik van bykans 'n eeu was nou van hul skouers en gewete verwyder.

3.4. Implementering van die Lancaster House-ooreenkoms

Nzombe (1989:191) toon aan dat die UDI-periode, met sy internasionaal nie-wettige status, 'n beduidende impak op die aard en wese van die transformasieproses en dus op die implementering van die Lancaster House-ooreenkoms, uitgeoefen het. In die eerste plek moes legitimiteit herstel word ten einde aan Brittanje die wetlike verantwoordelikheid te bied om onafhanklikheid toe te ken. As voorbereiding vir 'n terugkeer na wettigheid, moes die Zimbabwe Rhodesiese parlement die "*Constitution of Zimbabwe Rhodesia Amendment Act (No 4) of 1979*" deur die parlement voer, om die basis vir parlementêre ontbinding te lê.

Dit sou ook verseker dat met die koms van Lord Soames (Churchill se skoonseun) as goewerneur, Zimbabwe-Rhodesië nie meer onafhanklik sou wees nie en weer staatsregterlik as Suid-Rhodesië dominium status binne die Britse Statebond sou verkry. Die Britse parlement moes op sy beurt die 'Southern Rhodesian Act, 1979', uitvaardig waarvolgens voorsiening gemaak is vir 'n grondwet van Zimbabwe. Hiervolgens is die 1961-grondwet opgeskort en is daar ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n goewerneur met wetgewende en uitvoerende funksies.

Op sy beurt moes Lord Soames 'n aantal ordinansies uitvaardig ten einde die basis vir 'n tydelike regeringsadministrasie te vestig en andersyds die hou van vrye en regverdige verkiesings moontlik te maak. Daarbenewens moes Brittanje 'n aantal wette (**sien tabel 13**) uitvaardig ten einde die instrumente van onafhanklikheid aan Zimbabwe oor te dra en ook om die nodige veranderinge aan die Britse wetgewing aan te bring waarvolgens Zimbabwe, na onafhanklikheid, deel van die Statebond kon word (*Nzombe, 1989:191-192*). **Tabel 13** verskaf 'n samevattende lys van die Britse wetgewing en oorgangsordinansies wat Soames in sy tydperk as Goewerneur, uitgevaardig het.

Tabel 13: Ordinansies uitgevaardig deur Lord Soames ten einde die administrering van Suid-Rhodesië en die implementering van die Lancaster House-ooreenkoms moontlik te maak (*Nzombe, 1989:191-193*).

| | |
|---|---|
| The Southern Rhodesia Act, 1979 (Britse Parlementêre Wetgewing) | The Zimbabwe Act, 1979 [Britse Parlementêre Wetgewing] |
| The Zimbabwe Independence Order, 1980 [Britse Parlementêre Wetgewing] | The Zimbabwe Constitution (Transitional, Supplementary and Consequential Provisions) Order 1980 (Britse Parlementêre Wetgewing) |
| The Constitution (Interim Provisions) Ordinance, 1979 | The Election Commissioner and Election Council Ordinance, 1979 |
| The Amnesty Ordinance, 1979 | The Law and Order (Maintenance) Act (Chapter 65 Amendment) Ordinance, 1979 |
| The Commonwealth Forces Ordinance, 1980 | The Elections (Procedure) Ordinance, 1979 and 1980 |
| The Elections (Party Names) Ordinance, 1980 | The Elections (Prevention of Disruptive Activities) Ordinance (No 1) and (No 2), |

| | |
|---|--|
| | 1980 |
| Unlawful Organisations (Chapter 9 Amendment) Ordinance, 1980 | The Amnesty (General Pardon) Ordinance, 1980 |
| The Termination of Martial Law (Consequential Provisions) Ordinance, 1980 | The Interim Provisions (Amendment and Repeals) Ordinance, 1980 |
| <p>Ten einde verkiesings moontlik te maak is sekere dele van die “Zimbabwe Constitution Order, 1979” (Onafhanklikheidsgrondwet) van krag gemaak in terme van die “Southern Rhodesia (Constitution of Zimbabwe)(Elections and Appointments) Order, 1979.” Dit het aan Soames die geleentheid gebied om voorbereiding te doen vir die hou van verkiesings. Daarvolgens kon Soames ook na afloop van die verkiesings as president waarneem ten einde ‘n eerste minister en kabinet aan te stel. Die verkiesing sou egter ooreenkomstig die Kieswet van 1979, saamgelees met ander verkiesingsordinansies, plaasvind.</p> | |

Nzombe argumenteer dat die sukses van die Lancaster House-ooreenkoms afhanklik was van die bereiking van ‘n suksesvolle skietstakingsooreenkoms. Dit het onder meer behels ‘n staking van wedersydse oorgrens-militêre aktiwiteite; ‘n staking van binnelandse vyandelikhede; die inwerkingstelling van ‘n geografiese skeiding tussen die onderskeie gewapende magte; die aanvaarding van die gesag van die goewerneur deur alle partye; die vestiging van ‘n skietstakingskommissie waarin die bevelvoerders van die onderskeie gewapende magte, verteenwoordig sou wees; Britse verantwoordelikheid vir toesighouding oor die kommissie, asook die deelname van Australië; Nieu Zeeland, Kenia en Fiji daarin. Die nasionale weermag sou deur moniteringspanne binne alle bevelstrukture gemonitor word. Die PF-magte is op hul beurt in vasgestelde versamelpunte geplaas en óók gemonitor.

Dit sou die taak van die moniteringsmag wees om interaktief met al die belangegroep in die gewapende magte te kommunikeer ter uitkakeling van misverstande. Die bestaande polisiestrukture is onder bevel van die goewerneur geplaas en was steeds verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde. Die aanspreek van enige verbrekings van die skietstakingsooreenkoms was die verantwoordelikheid van die onderskeie bevelvoerders van die magte in skakeling met die skietstakingskommissie en skakelspanne. Die transformasie en integrering van die weermag sou egter aan die nuutverkose regering oorgelaat word (*Nzombe, 1989:193*).

In sy artikel bespreek Soames sy rol en uitdaging tydens dié implementeringsproses van die Lancaster House-ooreenkoms. Hy argumenteer dat die struktuur van die ooreenkoms in der waarheid gebou was op ‘n:

“...balance of trust – or, if you prefer, of mistrust....My responsibility was all-embracing – my real power was negligible. The only means available to me for influencing the development of the situation were political and psychological – matching the progress I made with the progress which others were prepared to make towards fulfilling their obligations” (Soames, 1980:412-413).

Hierdie aanhaling is belangrik aangesien dit 'n motivering verskaf vir sy besluiteloosheid, veral in ag geneem dat hy wel oor die bevoegdheid beskik het om die verkiesing ongeldig te verklaar, weens intimidasie.

Wat die militêr-administratiewe implementering van die skietstakingsproses, en veral die verbandhoudende uitdagings wat daarmee gepaard gegaan het, betref, meld hy dat meer as 1300 manskappe binne 'n week na ondertekening van die ooreenkoms, ontplooi moes word. Dit sou met behulp van die VSA lugmag geskied. Daarbenewens het hierdie manskappe slegs 'n week tyd gehad om voor te berei vir die aankoms van meer as 21 000 Patriotic Front manskappe.

Samehangend hiermee moes toesig oor die implementering van 'n uiters delikate skietstakingsproses gehou word wat besondere eise aan die diplomatieke vaardighede en organisasievermoë van die Britse, Australiese, Fijiaanse, Kenyaanse en New Zealandse monitormagte gestel het. Soames argumenteer dat die sukses van die moniteringsproses grootliks bepaal is deur die feit dat neutrale troepe geplaas is midde in dié versamelpunte van die opponerende magte.

'n Tweede rede vir sukses wat Soames aandui, was die feit dat dit binne 'n voorafvasgestelde tydsraamwerk moes plaasvind. Daar was slegs 10 weke beskikbaar vanaf die afsluiting van die ooreenkoms te Lancaster House en die afhandeling van die verkiesingsproses.

Van die ander noodsaaklike oorgangsfunksies wat hy beklemtoon, en wat hy in die tyd moes implementeer in samewerking met die staatsdiens, was onder meer die heropening van die grens/doeane poste; die begin van 'n proses om duisende terugkerende vlugtelinge te hervestig; die vrylating van politieke gevangenes en aangehoudenenes, die hervatting van mielie-uitvoere na Zambië en die instelling van 'n veelparty-verkiesingsveldtog waarvan talle van die leiers vir jare in die buiteland verkeer het. Volgens Soames was daar reg deur die verkiesingsveldtog 'n gees van wantroue en agterdog oor die mate waartoe opponente die ooreenkoms sou eerbiedig (*Soames, 1980:413-414*).

Soames gaan voort deur aan te toon dat hy tydens die bestuur van die oorgangproses veral oor drie aangeleenthede baie sterk gekritiseer is. Die eerste punt van kritiek was oor die ontplooiing van die Rhodesiese veiligheidsmagte na die implementering van die skietstakingsproses (*Soames, 1980:414*). Hy verduidelik dat sy besluit gemotiveer was deur die feit dat die polisie nie oor voldoende kapasiteit beskik het om wet en orde te handhaaf nie. Hy wys ook daarop dat hy wel van die PF-magte as skakeloffisiere gebruik gemaak het en dat die kritiek dat hy hulle sou uitsluit, onjuis is. Volgens sy oordeel het die aanwending van die PF-skakeloffisiere meegehelp om 'n gunstige klimaat te skep. Gegewe die spanning van oorgang kon hy nie hulle taak verder uitbrei nie (*Soames, 1980:414*).

Die tweede punt van kritiek handel oor sy besluit om die ontplooiing van 'n klein Suid-Afrikaanse mag aan die noordgrens van die Beitbrug te magtig. In dié verband verduidelik Soames sy besluit dat dit gemotiveer was deur die noodsaak om aan blankes en veral aan die veiligheidsmagte, 'n sigbare boodskap te stuur dat hulle sekuriteit nie in die aanloop tot die verkiesing bedreig sou word nie. Die Suid-Afrikaanse magte sou wel later uit eie vrye wil vanaf Beitbrug onttrek,

sonder enige voortspruitende risiko vir die Suid-Rhodesiese veiligheidsmagte (*Soames, 1980:414-415*).

Die derde punt van kritiek was gerig teen Soames se optrede, in reaksie op die intimidasie en aanhitsende toesprake wat die verkiesing in sekere gebiede gekenmerk het. In hierdie verband verduidelik hy dat hy wel wetgewende stappe geneem het deur in twee gevalle kandidate van deelname aan die verkiesingsveldtog te skors, hoewel een van die kandidate steeds aan die verkiesingsproses kon deelneem (*Soames, 1980:415*).

In sy beoordeling van ZANU (PF) se oorweldigende verkiesingsoorwinning en van Mugabe as persoon en nuwe regeringsleier, laat Soames hom soos volg uit:

“Zimbabwe now faces the future under the leadership of a man whom, by independence, I had come to know as a friend and respect as a statesman. He, his colleagues in government and his fellow countrymen, face many difficulties as they seek to overcome the divisions of the past and work for the creation of a more just and humane society” (Soames, 1980:415).

Die vraag is,; het Mugabe, sy regering en die mense van Zimbabwe, hierin geslaag?

3.5 Rol van die internasionale gemeenskap in die oorgangsproses: Die Statebondswaarnemersgroep se verslag oor die verkiesingsproses

In die lig van die beherende rol wat die internasionale gemeenskap in die transformasieproses van Zimbabwe gespeel het, word in hierdie gedeelte ‘n gefasiliteerde weergawe van die kerninterpretasies van die Statebondswaarnemersgroep se verslag van die verkiesingsproses gegee. Daar word geoordeel dat die analise van die waarnemers wat uit 11 lande van die Statebond saamgestel is, ‘n belangrike nuanse van die aard en wese van die oorgangsproses sou bied en ook in daardie lig, indirek kernuitdagings van die post-onafhanklikheidsperiode sou verwoord.

Op 13 Desember 1979 het die Statebondsekretariaat, tydens ‘n vergadering van die “Commonwealth Committee on Southern Africa” insake die beplande Zimbabwe verkiesings in 1980, die operasionele vereistes van die Statebondswaarnemersgroep beplan.

Dit moet in ag geneem word, dat desondanks die feit dat die Lancaster House konferensie op daardie stadium nóg nie afgehandel was nie, die rol van die Statebond om die onafhanklikheidsverkiesings van Zimbabwe as waarnemers te monitor, reeds in die Lusaka-ooreenkoms vervat was. Die “Commonwealth Committee on Southern Africa”, het gevolglik tydens die London beplanningsvergadering oor die samestelling, funksies, prosedures en ander operasionele projekbeplanningsaangeleenthede van die waarnemerspan besin en besluit.

Dit dien as bevestiging dat die internasionale gemeenskap, in die vorm van die Statebond, nie slegs passiewe waarnemers was nie, maar deel uitgemaak het van die praktiese implementeringsbeplanning van Zimbabwe se onafhanklikheidsproses. Teen hierdie agtergrond is die groep deur Ramphal, as Sekretaris-Generaal,

raal, toegesprek. In sy rede het hy die belangrike rol van die groep vanuit 'n konflikresolusie-perspektief beklemtoon. Veral vanuit die oogpunt van verkiesings wat nie in vreedsame omstandighede plaasvind nie, maar midde in 'n konflik-klimaat, waar die "geweerlope nog warm is."

Binne hierdie konteks moes die waarnemersgroep, volgens Ramphal, 'n nuwe bydrae tot konflikresolusie in geweldadige omstandighede lewer - 'n bydrae wat sou meehelp tot die vestiging van volhoubare vrede. Vanuit hierdie perspektief gesien, word enkele aanhalings vanuit die toespraak van Ramphal aangehaal:

"...You are to observe and to report – to see, to hear, to get the feel of what is going on; and, having done so, to say whether, taken all in all, the results can be said to be free and fair But, this, after all, is an election – a robust, angry, even violent election, held even before the weapons of war are cooled.....Why you do go..... On your work could turn our hope for conflict resolution worldwide" (Commonwealth Secretariat, 1980:126-128).

Tydens die beplanningsvergadering rakende die werksaamhede van die waarnemerspan, is tot die onderstaande besluite ooreengekom.

1 Lede van die Groep

- 1.1 Die lede van die waarnemersgroep sou saamgestel word uit 11 Statebondslande;
- 1.2 die lede sou in hul individuele kapasiteit diens doen en nie as verteenwoordigers van hul onderskeie regerings nie. Die voorsitter was Rajeshwar Deyal van Indië (die destydse ambassadeur). Malhoutra, ook van Indië was aangestel as die direkteur van die sekretariaat. Die groep is amptelik deur die sekretaris-generaal van die Statebond, Ramphal, aangestel op aanbeveling van die onderskeie Statebondsregerings.

2 Taakoms krywing

- 2.1 Die waarneem en verslag doen oor alle aangeleenthede rakende die organisering en uitvoering van die verkiesings in Suid-Rhodesië ooreenkomstig die Lancaster House-ooreenkoms.

Die taak van die groep sou wees om, deur middel van onpartydige waarneming 'n oordeel te fel of die verkiesings vry en regverdig was binne die raamwerk van die Lusaka-akkoord en die Lancaster House-ooreenkoms. Teen die agtergrond van hierdie opdrag, moes die waarnemersgroep enige aangeleentheid wat hulle as belangrik vir vrye en regverdige verkiesings beskou, onder die aandag van die administratiewe gesag bring;

- 2.2 Die waarnemersgroep sou geen uitvoerende rol of gesag hê nie, behalwe om 'n oordeel binne die raamwerk van hul taakoms krywing te fel (*Commonwealth Secretariat, 1980. Annex 1:85*).

3 Funksies: voor stemdae

- 3.1 Die waarneming van elke aspek van die verkiesingsveldtog, die assessering van die proses binne die raamwerk van die Lancaster House-ooreenkoms, veral ten opsigte van die wyse waarop die kieswette en regulasies geïmplementeer is;
- 3.2 Assesseer die toepassing en handhawing van belangrike demokratiese beginsels soos vryheid van spraak, vergaderingsvryheid, vryheid van assosiasie en bewegingsvryheid, met inagneming van die omstandighede van politieke gevangenes en vlugteling;e;
- 3.3 Assesseer die algemene regeringsadministrasie in so ver dit impakkeer op die verkiesingsproses. Veral belangrik in hierdie verband was die assessering van spesifieke regeringsfunksies soos die polisie, die departement van binnelandse sake, die inligtingsdienste van die regering, met inbegrip van die uitsaaidiens, televisie en regeringspublikasies. Spesiale evaluering moes ook gedoen word van die optredes van persone in mags- en ander invloedryke posisies wat in die vermoë was om kiesers op 'n onregverdige wyse te beïnvloed (*Commonwealth Secretariat, 1980 Annex 1:86*).

4 Funksies: tydens en na afloop van stemming

Die groep moes alle aspekte van die verkiesingsuitvoeringsproses evalueer en het die reg tot toegang tot alle stemlokale en stembeamptes gehad. Aangesien daar geen kiesersregistrasieproses was nie, moes die bestuur van vraagstukke soos kieserskwalifikasies in terme van ouderdom, burgerskap en verblyf, geassesseer word. Daarbenewens moes aangeleenthede soos die hantering van stembusse en die tel van stemme na die verkiesings, geëvalueer word (*Commonwealth Secretariat, 1980 Annex 1:86-87*).

5 Kernuitdagings wat die verkiesingsproses gekonfronteer het

- 5.1 Die verkiesings het plaasgevind in die onmiddellike afloop van 'n ernstige burgeroorlog wat die land diep wonde toegedien het. Dit moes binne agt weke van 'n skietstaking tussen gewapende magte, wat mekaar vir sewe jaar beveg het, plaasvind. Daarbenewens het die onderskeie gewapende magte nog steeds voortbestaan en het hulle mekaar met diepe agterdog en wantroue bejeen. Krygswet het steeds bestaan en normaliteit in die gemeenskap was nog eensins herstel nie. In sekere dele van die land, (sogenaamde bevryde gebiede) is regeringsdienste nie meer gelewer nie;
- 5.2 Die jare van oorlog het sigbare fisiese en psigologiese wonde gelaat. Meer as 'n halfmiljoen mense was ontwortel en gevestig in sekuriteitsomheinde komplekse ("Protected Villages"). 'n Beraamde 750 000 persone het hul landelike stamgebiede verlaat ten einde in plakkersdorpe aan die buitewyke van stede, beskerming te vind. Nagenoeg 228 000 (op daardie stadium ongeveer dieselfde getal as die totale blanke bevolking) het die land as vlugteling verlaat, ten einde in buurlande skuiling te vind. Die meeste blanke volwassenes was bewapen (vroue ingesluit) as deel van hul daaglikse lewenswyse. Hotelle

het ook berging verskaf vir die wapens van kliënte wat van hul dienste gebruik maak;

- 5.3** Twee van die prominente politieke partye wat aan die verkiesing sou deelneem, is slegs na die ondertekening van die Lancaster House-ooreenkoms, gewettig na jare van verbanning. Die meeste van hul leierskap het na die Lancaster House-ooreenkoms vir die eerste keer uit jarelange gedwonge ballingskap, teruggekeer. Die media is slegs op daardie stadium toegelaat om na hulle te verwys sonder toelating van enige aanhalings van hul leierskap. Sterk sensorskap is steeds toegepas op berigte en inligting wat as 'n sekuriteitsrisiko beskou is. Die ministers van die Muzorewa-regering het ingestem om hul ministeriële funksies te laat vaar, hoewel hulle steeds hul titels, salarisse, ampswonings en kantore behou het;
- 5.4** Die Statebondswaarnemersgroep verklaar ook dat, in die lig van die genoemde omgewingstoestande, dit uiters moeilik is om 'n objektiewe maatstaf te formuleer vir die assessering van die 1980-verkiesings as 'n ware en regverdige maatstaf van kieserskeuse. Die groep motiveer sy argument deur te verwys na die jarelange oorlog en abnormaliteite wat in die samelewing gedomineer het en dat dit teen daardie agtergrond, onregverdig sou wees om presies dieselfde maatstawwe te gebruik vir die evaluering van die verkiesings as wat sou geld in omstandighede van vryheid, stabiliteit en ordelike politieke gedrag (*Commonwealth Secretariat, 1980:2-3*).

6 Werksmetodiek van die Statebond-waarnemersgroep

- 6.1** Die waarnemersgroep het op 24 Januarie 1980 in Salisbury aangekom en hul funksies begin deur gesprekke met Soames en senior Britse en Suid-Rhodesiese amptenare te voer. Briewe is aan die leiers van al die politieke partye gestuur en ontmoetings is met Mnr Joshua Nkomo (Patriotic Front); Mnr Robert Mugabe (Zanu PF); Mnr James Chikerema (Zimbabwe Democratic Front); Rev. Ndabaningi Sithole (Zanu); Mnr. George Kluckow (Rhodesian Front); Mnr. Henry Chihota (National Democratic Union); Chief Ndiweni (UNFP) en Dr. Bertrant (UPAM), gevoer. Die verslag dui ook aan dat hulle nie Biskop Muzorewa (UANC) kon ontmoet nie, aangesien hy weens verpligtinge nie beskikbaar was nie.
- 6.2** Die groep het ook verteenwoordigers van nie-regeringsorganisasies, kerkorganisasies, maatskaplike werkers en invloedryke openbare persoonlikhede ontmoet vir gesprekke. In hierdie sin het die burgerlike samelewing 'n bydrae gelewer deur behulpsaam te wees met die ontwikkeling van 'n multi-vlakkige beoordelingsbasis van die klimaat en uitdagings verbandhoudend met die verkiesingsproses.
- 6.3** Voortdurende kontak is met Lord Soames as goewerneur, asook met die Britse verkiesingskommissaris (Sir John Boyton) en sy personeel gehandhaaf. Die waarnemersgroep sou ook kommunikasie en kontak handhaaf met Suid-Rhodesiese amptenare waaronder Luitenant-generaal Peter Walls (Die bevelvoerder van gesamentlike operasies) en Peter Allum, die polisie kommissaris. Kontak is ook met die nasionale verkiesingsdirektoraat, die kantoor van die Verenigde

Nasies se Hoë Kommissariaat vir Vlughtelinge en die Rooikruis, gehandhaaf. Laasgenoemde twee internasionale organisasies was ook betrokke by die program van vlughteling-hervestiging;

- 6.4** ‘n Groot deel van die waarnemersgroep se tyd is aan besoeke aan beide stedelike en landelike gebiede bestee, ten einde ‘n breë spektrum van beskouings oor ontwikkelings te bekom. Vir hierdie doel is kantore in vier provinsiale sentrums – Bulawayo, Fort Victoria, Gwelo en Umtali, opgerig. (Die verslag gebruik die dorpsname en stede soos dit was voor aanpassing in die tagtigerjare). Die hoofkwartier van die span was in Salisbury.
- 6.5** Vanaf die tweede week na hul aankoms het die groep verdeel ten einde in kleingroepverband, vanaf elke provinsiale streekkantoor van die waarnemersgroep, deur verskillende gebiede te reis. In die proses is die Tribal Trust Lands besoek aangesien, volgens hulle, ‘n kwart van die swart bevolking in dié gebiede woon. Verdere besoeke is in die proses ook gebring aan stedelike gebiede, swart woongebiede, “Protected Villages”, regeringskantore, skietstaking-versamelpunte, die basisse van die weermag en hulp troepe, polisiestasies en kampe, vlughtelingsentrums, nasionale-doeane poste, skole, hospitale, sendingstasies, gevangnisse en aanhoudingsentrums, groot nywerheidsgebiede en fabriek waar konsentrasie van werkers betrokke was, myne en plase. Gesprekke is met die gewone bevolking in stedelike en landelike gebiede gevoer in winkels, kroeë, markpleine en met voetgangers op die stedelike en landelike paaie. In hierdie sin, het die waarnemersgroep ‘n strategie van multivlakkige kommunikasie en perspektiefinsameling gevolg. Die verslag toon ook aan dat die land se 55 administratiewe distrikte verskeie kere tydens hulle funksionering, besoek is.
- 6.6** Ten einde die groep se onafhanklikheid en dus neutraliteit as waarnemers te handhaaf en hul inklusiewe geloofwaardigheid uit te bou, het hulle hoofsaaklik sonder die hulp van staatsamptenare gereis - natuurlik met inagneming van die veiligheidsituasie in die verskillende gebiede wat besoek is. Volgens dié verslag het die werkswyse daarin geslaag om ‘n gesindheid van openhartigheid en vertrouwe te ontwikkel in die geleedere van diegene met wie gesprek gevoer is.
- 6.7** Op nasionale vlak was daar altyd in Salisbury waarnemerlede op ‘n rotasiebasis beskikbaar ten einde op hoogte te bly met die ontwikkelings, verbandhoudend met die nasionale oorgangsproses. Besondere hoë premie is geplaas op die bywoning van die vergaderings van die verkiesingsraad, waarop elke party verteenwoordig was. Daarbenewens is waarnemers afgevaardig om die verkiesingsproses in elk van die agt provinsies te evalueer. Die waarnemersgroep het binne hul eie konteks dus nie slegs ‘n nasionale strategie gevolg nie, maar ook ‘n provinsiale (of tweede vlak) en ‘n plaaslike, of derde vlakbenadering.
- 6.8** In die proses van verkiesingsevaluering het die groep kumulatief 2 646 werksdae in Rhodesië bestee. ‘n Totaal van 72 000 kilometer is per pad en 97 600 kilometer per lug reg deur die land gedek. In totaal is 267 stasiese en 170 mobiele kieslokale uit ‘n totaal van 335 stasiese en 322 mobiele kieslokale besoek. Die waarnemersgroep het ook na afloop van die verkiesings, maar

voor die telproses begin het, 'n interim-verslag oor hul bevindinge uitgereik (*Commonwealth Secretariat, 1980:5-7*).

7 Bevindinge van die statebondswaarnemers

- 7.1 Die aanvang van die proses is gekenmerk deur 'n gees van spanning en agterdog wat versterk is deur die jarelange gewapende konflik (*Commonwealth Secretariat, 1980:11-12*).
- 7.2 Hoewel geweld dramaties afgeneem het met die byeenkom van die PF-magte in hul versamelpunte, het 'n vlak van geweld en vrees regdeur die proses voortgeduur. Hoewel blaam daarvoor tussen die deelnemende partye rondgeslinger is, kon verantwoordelikheid daarvoor nie aan slegs 'n enkele deelnemende party toegeskryf word nie (*Commonwealth Secretariat, 1980:73*).
- 7.3 Die proporsionele kiesstelsel het die impak van intimidasie op die verkiesingsproses grootliks verminder, aangesien dit 'n groot skuif in kiesersvoorkeur sou verg om 'n beduidende verskil in die setelgetalle van enige party in die stemming te maak (*Commonwealth Secretariat, 1980:74*).
- 7.4 Die verslag reageer positief oor die wetgewende maatreëls wat Soames in werking moes stel ter implementering van die kiesproses. Die verslag is wel krities t.o.v. die feit dat krygswet steeds gedurende die kiesproses gegeld het en nie afgeskaf is nie (*Commonwealth Secretariat, 1980:13-14*).

Die verslag was ook krities oor die toepassing van veral veiligheidswetgewing op die kiesproses. In dié konteks word Soames gekritiseer, aangesien dit 'n impak op die vryheid van kiesers en partystrukture geplaas het, wat in 'n groter mate die ZANU(PF) en die PF benadeel het, hoewel dit nie die partye se vermoë tot deelname beperk het nie (*Commonwealth Secretariat, 1980:16-18*).

Die verslag is dus, ten spyte van die kritiek op beperkinge daarvan, oortuig dat dit nie 'n wesentlike impak op die uitslag van die verkiesings gehad het nie en gee erkenning vir die noodsaak van die handhawing van veiligheid, gegewe die onmiddellike geskiedenis van onderlinge oorlog tussen die kompetende partye, asook die beperkte bronne tot die beskikking van die goewerneur en sy regeringsadministrasie (*Commonwealth Secretariat, 1980:74*).

- 7.5 Die mannekrag-kapasiteit van die skietstaking-moniteringsmag was, volgens die verslag, onvoldoende (1500 man) gegewe die aard van moniteringsvereistes. Volgens die verslag sou dit voldoende gewees het indien die weermag tot hul basisse beperk was, maar dit het nie gebeur nie. Die waarnemers het bevind dat in baie gevalle, waar die weermag reg deur die land bedrywig was, hulle nie deur die moniteringsmag vergesel was nie. Ten spyte daarvan huldig die waarnemers die mening dat die moniteringsmag in die uitvoering van hul pligte, vertrou en respek aan alle kante van die deelnemende spektrum, gekweek het. Die waarnemers wys ook daarop dat die skietstaking-kommissie wat beweerde verbrekings van die skietstaking-ooreenkoms moes ondersoek teen 26 Februarie 1980, 207 beweerde verbrekings van die skietstakingsooreenkoms ondersoek het. Tabel 14 (p189)

verskaf 'n uiteensetting van die toedeling van verantwoordelikheid deur aangeklaagdes aan bepaalde partyverbande.

Tabel 14. Ondersoeke na klagtes oor beweerde skietstakingverbrekings

| Rolspelers | Beweerde Verbrekings ondersoek |
|--|---------------------------------------|
| Suid- Rhodesiese Veiligheidsmagte | 2 |
| ZIPRA | 24 |
| ZIPRA "Ou operasionele gebied" | 12 |
| ZANLA | 99 |
| ZANLA "Ou operasionele gebied" | 35 |
| Voormalige PF-bandiete | 17 |
| Gevalle wat nie aan 'n spesifieke rolspeler toegedig is nie | 18 |
| Totaal | 207 |

(Commonwealth Secretariat, 1980:25-27)

Die verslag wys voorts daarop dat die skietstaking-kommissie uiteindelik 'n besluit geneem het dat die fokus nie gerig moet wees op die uitwys van verantwoordelikheid vir die verbrekings nie, maar eerder op die bevordering van toekomstige eenheid van die onderskeie gewapende magte (*Commonwealth Secretariat, 1980:27-28*);

- 7.8** In die finale instansie oordeel die waarnemers dat die implementering van die kiesproses van hoë integriteit was, ingeslote daarby, die handhawing van veiligheid van die stembusse en die akkuraatheid van die telproses. In die lig hiervan en teen die agtergrond van die feit dat die verkiesings gehou is terwyl die "loep van die gewapendstryd nog warm was", oordeel die waarnemers dat die verkiesings nie beoordeel moes word op dieselfde basis as ander internasionale situasies waar vrede en vryheid reeds bestaan het nie. Die verkiesings is gevolglik deur die Statebondswaarnemers as vry en regverdig verklaar:

"Peace has been restored to Southern Rhodesia by means of a democratic exercise without historical precedent. Never before have elections been held at a time of tenuous cease-fire, without agreed battle lines, and with rival armies uneasily apart. That this proved possible redounds to the credit of all those involved....We concluded our work having seen the foundations for that independence firmly laid in fulfilment of the wishes of its people and the hopes of the entire Commonwealth" (*Commonwealth Secretariat, 1980:73,75*).

3.6 1980-Onafhanklikheidsverkiesings

Nege partye het aan die verkiesings vir die algemene kieserlys op 27-29 Februarie 1980 deelgeneem. Volgens die Statebondswaarnemersverslag, het 'n tiende party wel geregistreer, maar later aan die proses onttrek (*Commonwealth Secretariat, 1980:9*). Die nege partye wat aan die verkiesing deelgeneem het word in tabel 15 aangedui:

Tabel 15: Lys van Politieke Partye wat aan die 1980 verkiesing deelgeneem het (Blanke partye uitgesluit)

| <u>NAME VAN PARTYE</u> | <u>LEIERS</u> |
|---|--------------------------------|
| <u>National Democratic Union (NDU)</u> | <u>Henry Chihota</u> |
| <u>The National Front of Zimbabwe(NFZ)</u> | <u>Peter Mandaza</u> |
| <u>Patriotic Front(PF)</u> | <u>Joshua Nkomo</u> |
| <u>United African National Council (UANC)</u> | <u>Biskop Abel Muzorewa</u> |
| <u>United National Federation Party (UNFP)</u> | <u>Kaptein Kayisa Ndiweni</u> |
| <u>The United Peoples Association of Matabeleland (UPAM)</u> | <u>Dr Frank Bertrand</u> |
| <u>Zimbabwe African National Union (ZANU)</u> | <u>Rev. Ndabaningi Sithole</u> |
| <u>The Zimbabwe African National Union (Patriotic Front) [ZANU(PF)]</u> | <u>Robert Mugabe</u> |
| <u>Zimbabwe Democratic Party (ZDP)</u> | <u>James Chikerema</u> |

Die UNFP sou nie aan die verkiesings in Manicaland, Mashonaland-West en Victoria deelneem nie. Die UPAM sou slegs aan die verkiesings in Matabeleland-Noord en Matabeleland-Suid deelneem. Volgens die Statebondswaarnemersverslag het die UANC die beste verkiesingsveldtog-masjinerie tot beskikking gehad, gegewe die feit dat die party die verkiesings van April 1979 geveg het. Die PF en ZANU(PF), aan die ander kant, sou die eerste keer sedert hul bestaan aan verkiesings deelneem. Ten spyte van hul uitgebreide ondersteuningsnetwerk, sou beide partye hul verkiesingsveldtog-masjinerie van vooraf moes bou (*Commonwealth Secretariat, 1980:10*).

Die verkiesingsuitslae is op 4 Maart 1980 bekend gemaak met 'n oorweldigende oorwinning vir ZANU(PF) van Robert Mugabe (*Africa Research Bulletin. March 1-31, 1980:5618*). Tabel 16 en 17 verskaf 'n uiteensetting van hoe die onderskeie partye gevaar het, die persentasie stemme wat hulle gekry het, asook die setel-toekennings.

Tabel 16: Volledige uitslae van die gemeenskaplike kieserslys (*Commonwealth Secretariat, 1980:326*). (Blanke verkiesings uitgesluit)

| <u>Party</u> | <u>Total Valid Votes Cast</u> | <u>% of Valid Votes</u> | <u>Seats</u> |
|--------------------------|-------------------------------|-------------------------|--------------|
| <u>NDU</u> | <u>15 056</u> | <u>0,568</u> | |
| <u>NFZ</u> | <u>18 794</u> | <u>0,709</u> | |
| <u>PF</u> | <u>638 879</u> | <u>24,113</u> | <u>20</u> |
| <u>UANC</u> | <u>219 307</u> | <u>8,277</u> | <u>3</u> |
| <u>UNFP</u> | <u>5 796</u> | <u>0,219</u> | |
| <u>UPAM</u> | <u>1 181</u> | <u>0,045</u> | |
| <u>ZANU</u> | <u>53 343</u> | <u>2,013</u> | |
| <u>ZANU(PF)</u> | <u>1 668 992</u> | <u>62,992</u> | <u>57</u> |
| <u>ZDP</u> | <u>28 181</u> | <u>1,064</u> | |
| <u>Total Valid Votes</u> | <u>2 649 529</u> | <u>100</u> | |
| <u>Spoilt Papers</u> | <u>52 746</u> | | |
| <u>Total Poll</u> | <u>2 702 275</u> | | |
| <u>Total Seats</u> | | | <u>80</u> |

Tabel 17: Uitslag van die 1980 algemene kieserslys per kiesdistrik

| Electoral Districts | Total Votes | ZANU-PF | | PFP | | UNAC | |
|---------------------|-------------|-----------|-------|-----------|-------|-----------|-------|
| | | % of Vote | Seats | % of Vote | Seats | % of Vote | Seats |
| Manicaland | 321,120 | 84.1 | 11 | 1.6 | 0 | 6.2 | 0 |
| Victoria | 336,561 | 87.3 | 11 | 1.9 | 0 | 8.6 | 0 |
| Mashonaland Central | 179,712 | 83.8 | 6 | 2.3 | 0 | 8.6 | 0 |
| Mashonaland East | 641,181 | 80.5 | 14 | 4.6 | 0 | 11.9 | 2 |
| Mashonaland West | 290,144 | 71.9 | 6 | 13.4 | 1 | 10.2 | 1 |
| Midlands | 355,995 | 59.7 | 8 | 27.1 | 4 | 4.5 | 0 |
| Matabeleland North | 402,339 | 10.0 | 1 | 79.0 | 9 | 7.6 | 0 |
| Matabeleland South | 175,223 | 6.8 | 0 | 86.4 | 6 | 3.3 | 0 |
| Totals | 2,702,275 | 63.0 | 57 | 24.1 | 20 | 8.3 | 3 |

TABEL 18: Verkiesingsuitslae van die Blanke Kieserslys

| Party | Stemme | % Stemme | Setels |
|--|---------------------|----------|-----------------|
| Rhodesian Front | 13 621 | 83 | 20 |
| Onafhanklikes | 2 781 | 17 | 0 |
| Totaal | 16 402 | 100 | 20 |
| Bron: "Zimbabwe:1980 House of Assembly Results." July 2000. www.eisa.org.za/WEP/zimresults1980.htm | | | |
| Kiesafdeling | Kandidate | Stemme | Stempersentasie |
| Western | Moseley (RF) | 1 575 | 49,8 |
| | Bronson (Ind) | 124 | |
| Bulawayo South | Stuttaford (RF) | 3 715 | 55,57 |
| | Bertans(Ind) | 289 | |
| | Betch (Ind) | 36 | |
| Mount Pleasant | Anderson (RF) | 2 683 | 57,83 |
| | McNally (Ind) | 698 | |
| Kopje | Divaris (RF) | 1 909 | 54 |
| | Stamps (Ind) | 1 053 | |
| Makoni | Tapson (RF) | 1 396 | 56,8 |
| | Van der Merwe (Ind) | 431 | |
| Southern | Smith (RF) | 2 253 | 60,32 |
| | Hulley (Ind) | 113 | |
| | Speedie (Ind) | 37 | |

Bron: Cleary, S. 1980. "Zimbabwe is Born." Johannesburg: South Africa Institute of Race Relations. P40.

Mnangagwa poog om 'n antwoord te verskaf oor waarom ZANU en ZAPU die 1980-verkiesings vanaf afsonderlike platvorms geveg het? Hy argumenteer dat die kwessie van leierskap en die steunbasis van die bevrydingsbewegings 'n histories-onopgeloste vraagstuk was. Volgens hom moes die verkiesings die vraagstuk van leierskap oplos. Die prioriteit van nasionale eenheid en versoening was, volgens hom, 'n post-verkiesing uitdaging nadat die vraagstuk van leierskap beantwoord is (*Mnangagwa, 1989:227;228*). Joshua Nkomo, as leier van ZAPU, verskil egter van Mnangagwa in hierdie verband en argumenteer dat Mugabe deur sy optrede en besluit om die verkiesings afsonderlik te veg, die prioriteit van nasionale eenheid na die argiefkamers van die geskiedenis verskuif het. Eenheid

was, volgens die persepsie van Nkomo nie Mugabe of ZANU(PF) se prioriteit nie (*Nkomo, 1984:201, 203*).

Die bovermelde uitsprake toon aan dat die 1980-verkiesingsproses die tafel vir 'n konflik tussen Nkomo, Mugabe en gevolglik ook ZANU(PF) en PF-ZAPU gedek het. Die aard en juistheid daarvan word in hoofstuk 4 verder analiseer.

3.7 Beoordeling

Die doel van die hoofstuk was om ondersoek te doen na die redes waarom die Lancaster House konferensie van 1979, anders as al die vorige pogings, tot 'n amptelike ooreenkoms gelei het? In die tweede plek is ondersoek gedoen na die mate waarin die internasionale bestuurders van die vredevestigingsproses daarin geslaag het om dit met die langertermyn-vredeboudoelwitte te integreer.

Uit die analyses van die aanloop tot en verloop van die Lancaster House-ooreenkoms, is dit duidelik dat *Zartman (2003:19 en 1989:10)* binne die konteks van Zimbabwe korrek was in sy verwysing na die strategiese gereedheid vir onderhandelde skikkings ("moments of ripeness"). Nkomo erken hierdie realiteit in sy verwysing na die druk wat die PF tydens die Onverbonde lande se konferensie in 1979 hieroor ervaar het. Die druk wat hulle vanaf die Frontlinie en die Statebondslande gekry het, is 'n verdere bevestiging hiervan. Die sienings van *Chan (2003); Flower (1987) en Sylvester (1989)* strook almal met hierdie waarneming.

Belangrik is egter ook die slotsom dat daar 'n internasionale klimaatsgereedheid vir 'n onderhandelde oplossing was, gegewe die kostes wat die sewe jaarlange oorlog meegebring het. Die analise toon ook aan dat in die geval van die onderskeie rolspelers, binnelands sowel as internasionaal, daar wel 'n besef van 'n "mutual hurting stalemate" was. Die hoofstuk verskaf 'n uiteensetting van hierdie implikasies op die Muzorewa-regering, die Patriotic Front, Zambië, Mosambiek, Brittanje en die Statebondslande in die algemeen. Die koste-implikasies van die oorlog was sodanig, dat nóg die finansiering daarvan, nóg die morele regverdigingsbasis en nóg enige moontlike politieke gewin daaruit, langer enige water kon hou nie. Anders as in die verlede, het die internasionale rolspelers, in terme van die noodsaak vir 'n terugkeer na wettigheid en 'n internasionaal-erkende skikking, hul punt van "no return" of soos Zartman daarna verwys, "point of seriousness" bereik. Vir hulle was die koste van 'n voortsetting van die oorlog veel groter as die winste daaraan verbonde.

In welke mate het die konflikterende partye in Zimbabwe-Rhodesië en die alliansie-vennote van die Patriotic Front, self tot 'n innerlike oortuiging van die noodsaak van 'n onderhandelde skikking gekom? In hierdie verband kan, na aanleiding van die analyses gedoen, geoordeel word dat die Muzorewa regering, ten spyte van hul analise rakende die kostes en risiko's wat 'n skikking sou meebring, asook ten spyte van die druk deur die VSA en SA, tog tot 'n oortuigde besluit gekom het dat Lancaster House noodsaaklik was vir 'n terugkeer na legaliteit en ekonomiese herstel.

Die beginsel om 'n Patriotiese Front-regering as deel van 'n demokratiese verkiesingsproses te aanvaar, was waarskynlik nie deel van hul verdraagsaamheidsvlak nie. Hier was dit eerder 'n geval van geen ander keuse, as innerlike morele oortuiging. In die derde plek, kan geoordeel word, dat in terme van die Patriotic Front se motiverings, Jannie du Toit se strofe in die liedjie, *Vrede Vanaand*, sterk van toepassing is: "*Vrede is 'n duur artikel, niemand sal dit kry, as hyself dit nie wil maak nie*". Die aanhaling vanuit die werk van Shamuyarira, Kumar en Kangai is voldoende bewysplaas van hierdie waarneming:

"...Zimbabwe's independence was a product of profound service, suffering and supreme sacrifice by her sons and daughters. Independence was not given to us at the Lancaster House Constitutional Conference in December 1979; it was won on the battlefield in 16 long and arduous years of a bitter and hard armed struggle" (Shamuyarira, Kumar and Kangai, 1995:2).

Chan (2003:10) stem ook hiermee saam as hy aandui dat Brittanje, die Frontlinie State en die res van die Statebondslande almal vir die skikking wat uiteindelik by Lancaster House bereik is, voorberei het aangesien daar by hulle 'n dringende soeke na vrede was:

"...It is fair to say that those conspicuously not preparing were the guerilla parties. They were to play no part in Lusaka and, after Lusaka, were essentially given a demarche to appear at the negotiations others had prepared."

Vanuit hierdie vertrekpunte kan tot die gevolgtrekking gekom word, dat nóg die Muzorewa-afvaardiging, nóg die Patriotiese Front, vanuit innerlike oortuiging en soeke na ware volhoubare vrede onderhandel het. Veel eerder was die motief die bekom en konsolidering van politieke en ekonomiese staatsmag en die instandhouding daarvan deur die beskikbare staatsbronne. Onderhandeling was vir hierdie rolspelers nie 'n middel tot vrede nie, maar 'n strategiese aanpassing om dieselfde doel te bereik.

Teen hierdie agtergrond, het die Lancaster House-ooreenkoms wel daarin geslaag om 'n einde aan die gewelddadige stryd mee te bring, maar dit het nie daarin geslaag om interne vrede te bring nie. Die psigologiese motivering vir vrede het nog nie bestaan nie aangesien die proses wat tot die Lancaster House konferensie gelei het, asook die konferensie self, nie die grondslag vir 'n psigologiese skuif na 'n soeke na ware vrede, gevestig het nie. In wese kom dit daarop neer dat die vlakke van onderlinge wantroue (konflik-gesindhede) van só 'n diepliggende aard was, dat die onderskeie rolspelers en belangegroeppe tydens Lancaster House asook in die tydperk daarna, mekaar nie met die proses van ware en blywende vrede vertrou het nie. Die proses was veel meer tegnies van aard as wat dit psigologiese grondslae gehad het. In dié konteks verskil dit van die Suid-Afrikaanse oorgangsproses.

Vrede, wat volgens *Fisher (1981)*: "*An ability to deal well with differences,*" beteken, is nie deur die Lancaster House konferensie bereik nie. Teen hierdie agtergrond, word tot die gevolgtrekking gekom dat 'n onderhandelde skikking wat deur eksterne moondhede beheer en afgedwing word, sonder dat daar instrumente

en prosesse vir inter-party konflikresolusie, versoening en vredebou geskep word, op die lange duur, moeilik volhoubare vrede skep.

Lancaster House het hieraan ernstig in gebreke gebly en die vrugte daarvan, sou in die post-1980 periode, gepluk word. Beide die Lancaster House-ooreenkoms, asook die implementeringsfases daarvan, het nie vir interparty versoening voorsiening gemaak nie. Dit was uit vrees vir 'n mislukking van die proses, 'n kort tegniese onderhandelings- en implementeringsproses, gefokus op die herstel van gelyke inklusiewe politieke deelname, eerder as 'n proses waarin die vredevestigingsfase geïntegreerd met die langertermyn-vredebouproses aangebied is.

Die implikasies hiervan was dat, terwyl die geweerlope nog skaars afgekoel het, die skutters mekaar binne parlementêre konteks gekonfronteer het. Lancaster House en die opeenvolgende oorgangproses het dus in gebreke gebly om sterker bindingskragte vir volhoubare vrede te skep. Brittanje wou ook immers so spoedig moontlik ontslae raak van die Zimbabwe-probleem.

'n Kritiese prosesgebrek was dat die vereistes vir geïntegreerde vredevestigings- en vredebou nagelaat is. Doelgerigte inklusiewe implementering van kriteria vir volhoubare vrede binne 'n diepverdeelde staat, op politieke, ekonomiese, psigologiese en geestelike dimensies van lewe, is in die beplanning en bestuur van die oorgangproses nagelaat, terwille van korttermyn mikpunte en oorwegings.

Selfs die hervestigingsprogramme van politieke vlugteling is as die verantwoordelikheid van die nuwe regering beskou. Verbintnisse wat moes verseker dat sulke prosesse aandag kry, is nie aangegaan nie. Die analises gedoen, dui aan dat slegs die Statebonds-waarnemersgroep moeite gedoen het om met die breë burgerlike samelewing kontak te maak. Die United Nations het wel pogings aangewend om die terugkerende vlugteling behulpsaam te wees, maar op daardie stadium het geen geïntegreerde proses bestaan nie.

Teen hierdie agtergrond word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die oorgangproses nie die basis vir 'n integrasieproses tussen die korttermyn krisisstabiliserende aksies en die langertermyn vredesdoelstellings, gelê het nie. Hiermee saam het die onderhandelingsstyl wat Carrington en sy afvaardiging tydens die Lancaster House konferensie gevolg het, nie werklik in diepte 'n kultuur van gesamentlike probleemoplossing probeer skep nie.

Carrington se styl van magsbedinging, deur veral van die drukkrigte werksaam in die internasionale omgewing, gebruik te maak, het wel effektief 'n ooreenkoms beding, maar dit kon nie daarin slaag om 'n gees van onderlinge begrip en dus gesindheidsverandering (die tweede been van Galtung se konflikstruktuur-driehoek) te skep nie. Emosies, persepsies van wantroue, antagonismes en haat het steeds hoogty gevier - in só 'n mate dat Soames in sy artikel die probleem van diepe wantroue tydens sy regeertydperk beklemtoon het. Wantroue, nie slegs tussen die Patriotic Front, Muzorewa, Smith en Brittanje nie, maar ook binne die gelede van die Patriotic Front self. Die besluit van Mugabe om die verkiesing losstaande van Nkomo te veg, is waarskynlik ook hiervan bewysplaas.

Die Statebondsverslag toon ook aan dat, hoewel daar duidelike voorbeelde van intimidasie in verskeie vorme was, dit nie aan enkele rolspelers eksklusief toegeskryf sou kon word nie. Veeleerder was dit waarskynlik 'n produk van die steeds warm geweerlope in die psiges van die betrokke partye. Konflikterende konflikgesindhede sou, in die verloop van só 'n kort tegnies-gedomineerde-oorgangsproses, moeilik gestuit kon word.

Teen hierdie agtergrond was die besluit van die skietstaking-monitorgroep om nie partye vir die verbreking van die skietstaking-ooreenkoms, te vervolg nie, maar eerder die basis te skep vir vreedsame integrasie van al die gewapende magte, waarskynlik korrek. Dit is egter wel van groot belang om kritiek teen die Statebondsverslag uit te spreek, aangesien die groot hoeveelheid guerrillas wat buite die versamelpunte was, veral vanuit die gelede van ZANU, asook die grootskaalse vlakke van intimidasie wat dit meegebring het, nie effektief deur hulle aangespreek en hanteer is nie.

In die geheel gesien, het die Lancaster House-beraad wel die basis vir korttermyn-vredevestiging gelê. Dit het ook die jarelange bosoerlog beëindig en internasionale erkenning en wettigheid herstel. Kritiese elemente van die historiese konflikstruktuur is aangespreek, onder meer die herstel van gelyke politieke regte, die beginsel van meerderheidsregering, die verskaffing van grondwetlike waarborge teen 'n willekeurige wysiging van die grondwet, die onmiddellike verbetering van die politieke status van die swart bevolking, die beëindiging van rasse-diskriminasie en die aanvaarding van die beginsel van geen onderdrukking van die minderheid deur die meerderheid en die meerderheid deur die minderheid nie. Die vredevestiging-fase het ook deur die verkiesingsproses van 1980 'n duidelike bewys van die sentimente van die kiesers van Suid-Rhodesië verskaf.

Dit is uiters onwaarskynlik dat 'n ander tipe uitslag verwag sou kon word. Die verkiesings en die bevindinge van die Statebondswaarnemers daarvoor, in terme van vryheid en regverdigheid, moet as waarskynlik korrek, ondersteun word. Daar is ook aan die internasionale kriteria vir legaliteit voldoen. Daar is wel 'n tegnies-grondwetlike grondslag vir die bou van 'n vredeskultuur gelê. Die onderliggende ontologies-mensebehoefte-konflik was egter nog nie in 'n proses van transformasie nie. Die oorgangsproses het geen raamwerk vir die resolering van Galtung se konflikgesindheidshoek, op die drie verskillende vlakke van Zimbabwe se samelewing (nasionaal, provinsiaal en plaaslik), verskaf nie.

Hoofstuk 4 moet bepaal in watter mate die nalating hiervan, een belangrike rede vir die latere probleme van Zimbabwe (2000 en later) sou wees. Hoofstuk 4 sal wel ondersoek instel in watter mate programme vir die aanspreek van die struktuur van konflik, veral ten opsigte van multi-vlakkige versoening, in die post-1980 era in werking gestel is, asook wat die resultate daarvan sou wees.

Tabel 19: Volledige kronologiese verloop van die Lancaster House konferensie: September – Desember 1979. (Ministry of Foreign Affairs, 1980, Background Briefing 1/80; 2-11)

| |
|--|
| 10 September 1979 |
| <p>Opening van konferensie vind plaas onder voorsitterskap van Lord Carrington, Britse minister van buitelandse sake. Hy is bygestaan deur 'n ondersteunende Britse regeringspan. Die ander deelnemende partye het bestaan uit die afvaardigings van Biskop Muzorewa en die Patriotic Front, onder leiding van Joshua Nkomo en Robert Mugabe.</p> |
| 12 September 1979 |
| <p>Ooreenkoms oor die samestelling van die konferensie agenda word bereik. Dit het 3 punte bevat:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. 'n Grondwet vir onafhanklikheid 2. Voor-onafhanklikheidsoorgangsreëlins 3. Skietstakingsooreenkoms <p>Die Carrington grondwetlike voorstelle is reeds voor die aanvang van die konferensie versprei en het voorsiening gemaak vir:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Algemene burgerskap 2. 'n Handves van regte 3. 'n Uitvoerende gesag onder leiding van 'n nominale president 4. 'n Nuwe polisie, weermag, finansiële sisteem en staatsdiens 5. 'n Parlement wat voorsiening maak vir spesiale minderheidsverteenvoording. Die parlement bestaan uit 'n Volksraad en 'n Senaat 6. 'n Verskansing van die spesiale grondwetlike maatreëls. Enige wysigings daarvan vereis 'n 70% meerderheid in die Volksraad en 'n twee derde meerderheid van die senaat |
| 14 September 1979 |
| <p>Biskop Muzorewa lê die 1978 Zimbabwe-Rhodesiese grondwet ter tafel as formele grondwetlike voorstel.</p> <p>Die Patriotiese Front lê hulle grondwetlike voorstelle ter tafel wat die volgende insluit:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. 'n President met uitvoerende funksies aan die hoof van 'n kabinet 2. 'n Verkose Nasionale Vergadering wat op die basis van algemene volwasse stemreg verkies is sonder enige gereserveerde setels 3. 'n Senaat met beperkte verdragingsmagte t.o.v. alle grondwetlike wysigings 4. Grondwetlike wysigings vereis 'n tweederde meerderheid van beide huise van die parlement tydens afsonderlike sittings 5. 'n Handves van regte 6. Beperkte voorsiening vir outomatiese burgerskap |
| 17 September 1979 |
| <p>Carrington verwerp die volgende aspekte van Muzorewa se grondwetlike voorstelle:</p> |

| |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Wye wetgewende blokkeringsmagte waaroor die etniese minderheid beskik 2. Samestelling en aard van die staatsdiens en ander kommissies |
| 18 September 1979 |
| <p>Die Patriotic Front argumenteer dat onderhandeling oor 'n onafhanklikheidsgrondwet slegs kon plaasvind nadat ooreenkoms oor die oorgangsperiode bereik is. Die Patriotic Front se voorstelle vir die oorgangstydperk was onder meer:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. 'n oorgangsraad bestaande uit 8 lede onder Britse voorsitterskap 2. 6 Maande oorgangstydperk gemoniteer deur die oorgangsraad 3. Oorgangstydperk moes gerugsteun word deur verdedigings- en polisiekomitees. Die oorgangsperiode moes ondersteun word deur 'n "United Nations Peace-keeping Force." |
| 19 September – 1 Oktober 1979 |
| <p>Gedurende hierdie periode is geen gesamentlike sittings gehou nie. Carrington het deurentyd bilaterale grondwetlike gesprekke met die Muzorewa en Patriotic Front-afgevaardigdes gevoer.</p> |
| 21 September 1979 |
| <p>Muzorewa aanvaar die beginselriglyne van Carrington se grondwetlike voorstelle.</p> |
| 24 September 1979 |
| <p>Die Patriotic Front aanvaar die Britse voorstelle van 20% gereserveerde blanke setels in die parlement.</p> |
| 25 September 1979 |
| <p>Patriotic Front hou vol met hul eis dat 'n nuwe onafhanklikheidsregering oor diskresionêre magte moet beskik, ten einde die burgerskap van post-UDI immigrante te bevestig of te onttrek.</p> |
| 2 Oktober 1979 |
| <p>Gesamentlike sessies word hervat. Onopgeklarede punte in die onderhandelings met die Patriotic Front is steeds die volgende aangeleenthede:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Burgerskap 2. 'n Handves van regte 3. Die keuse tussen 'n eerste ministersisteam en 'n uitvoerende presidensiële sisteem 4. Die rol van die Prokureur-Generaal 5. Die aanstelling en magte van kommissies, waaronder die Verdedigingskommissie 6. Sekere oorblywende aangeleenthede rakende blanke verteenwoordiging 7. Kwalifikasies van regters 8. Pensioene 9. Wetlike aspekte verbandhoudend met die oorgangsreëlings. |
| 3 Oktober 1979 |
| <p>Carrington lê die volledige Britse voorstel vir 'n oorgangsgrondwet ter tafel.</p> |
| 5 Oktober 1979 |
| <p>Die Muzorewa-afvaardiging aanvaar die Britse grondwetlike voorstelle, onder-</p> |

hewig aan 'n ooreenkoms oor die implementeringsproses.

8 - 9 Oktober 1979

Die Patriotic Front lê gewysigde grondwetlike voorstelle ter tafel en daarmee saam ook 'n volledige reaksie op die Britse voorstelle. Hulle fokus van kritiek was:

1. Burgerskap
2. Die aard van die uitvoerende gesag
3. Die grondwetlike verskansing van sekere grondregte
4. Die operasionele bevel van die verdedigingsmagte

Hoewel Carrington die Patriotic Front se bereidheid om sekere grondwetlike voorstelle te aanvaar, verwelkom het, word die substansiële verskille oor verskeie aspekte van die grondwet erken en daarom versoek hy die Patriotic Front om hul voorstelle te heroorweeg.

11 Oktober 1979

Die konferensie verdaag terwyl die Patriotic Front aandui dat hulle nie in 'n posisie is om die Britse grondwetlike voorstelle ongekwalifiseerd te aanvaar nie. Die alliansie wys op hul verskille ten opsigte van veral, die weermag, polisie, staatsdiens, die regterlike gesag en grondontwikkeling en hervestiging. Die spanning in die konferensie tussen veral die Carringtongroep en die Patriotic Front het op hierdie stadium 'n hoogtepunt bereik.

15 Oktober 1979

Carrington kondig aan dat onderhandelings oor die oorgangsreëlins sonder die Patriotic Front sal voortgaan, indien hulle nie die ontwerpgrondwet aanvaar nie. (Carrington het hierdie onderhandelingskaart gebruik ten einde aan te toon dat 'n skikking met die Muzorewa-afvaardiging 'n beduidende moontlikheid is, sou die Patriotic Front die Britse voorstelle verwerp. Hierdie argument bevestig dat die onderhandelingsbenadering nie op inklusiewe probleemoplossing paradigmas gebaseer was nie, maar op verdelende magsbedingingsgronde).

16 Oktober 1979

Onderhandelings tussen die Carrington en Muzorewa-afvaardiging oor die oorgangsreëlins begin sonder die deelname van die Patriotic Front.

18 Oktober 1979

Die Patriotic Front kondig aan dat hulle na die onderhandelingskonferensie terugkeer nadat versekerings vanaf die Britse Regering ontvang is rakende, die stigting van 'n multi-nasionale fonds vir grondontwikkeling. **Na aanleiding hiervan kondig die Patriotic Front aan dat die versekering van 'n fonds vir grondher-vorming, hul probleme met die ontwerp-onafhanklikheidsgrondwet opklaar.**

19 Oktober 1979

Die Patriotic Front aanvaar die voorstelle rakende die ontwerp-onafhanklikheidsgrondwet. Die eerste ooreenkoms van die Lancaster House konferensie, agenda-punt 1: 'n Onafhanklikheidsgrondwet word dus amptelik bereik, onderhewig aan 'n ooreenkoms oor die implementeringsproses van die grondwet.

22 Oktober 1979

Carrington lê sy voorstelle oor die implementering van die onafhanklikheidsgrondwet ter tafel (Die oorgangsmatreëls). Dit het onder meer die volgende behels:

1. Die aanstelling van 'n Britse goewerneur met uitvoerende- en wetgewende mag. Die Britse goewerneur moet ook toesien dat 'n klimaat vir die hou van vrye en regverdige verkiesings geskep en instand gehou word.
2. Verkiesings onder toesig van 'n Britse verkiesingskommissaris en ondersteunende personeel.
3. 'n Statebondswaarnemersgroep wat die verkiesings moes monitor.
4. 'n Verkiesingsraad waarop verteenwoordigers van alle deelnemende partye sou dien.
5. Die goewerneur het gesag oor die polisie en bevelhebbers van die veiligheidsmagte.

Die voorstelle vir die oorgangsproses het ook voorsiening gemaak vir 'n ooreenkoms oor 'n amptelike skietstaking.

25 Oktober 1979

Muzorewa versoek duidelikheid oor sekere aspekte rakende die oorgangsproses. Hy wou ook weet wanneer sanksies opgehef gaan word. Carrington dui aan dat dit met 'n terugkeer na legaliteit(wettigheid) sal gebeur.

26 Oktober 1979

Die Patriotiese Front lê twee dokumente voor. Een dokument wat die Britse oorgangsmatreëls ontleed en 'n tweede dokument wat alternatiewe oorgangsmatreëls ter tafel plaas. Die voorstelle behels onder meer:

1. Die integrasie van die Patriotiese Front en die Zimbabwe-Rhodiese gewapende magte.
2. Die polisiemag moet in samewerking met 'n VVO "peace-keeping force" en 'n VVO- polisiemag, funksioneer.
3. 'n Verkiesingskommissie waarop alle partye verteenwoordig is.
4. VVO-toesighouding oor die verkiesings en die skietstaking.
5. 'n Interim-regerende oorgangsraad wat op die basis van magsdeling saamgestel is met gelyke verteenwoordiging van die twee partye.
6. 'n Gelyke toekenning van ministeries tussen die twee partye.
7. 'n Minimum oorgangsperiode van ses maande.

Carrington verwerp die voorstelle aan die hand van die Lusaka-ooreenkoms. Daarvolgens is dit Brittanje se verantwoordelikheid om Rhodesië tot wettige onafhanklikheid te bring. Verkiesings moet as gevolg daarvan ook onder Britse gesag plaasvind.

27 Oktober 1979

Muzorewa aanvaar die Britse regering se oorgangsvoorstelle.

29 Oktober 1979

Onderhandeling oor die voor-onafhanklikheidsverkiesings begin. Die Carrington-voorstelle behels onder meer verkiesings op 'n partylys-basis onder Britse toesig, met behulp van Statebondswaarnemers.

30 Oktober 1979

Die Patriotic Front plaas die probleem van Wet en Orde tydens die verkiesings op die tafel en veral hul persepsie dat die Britse voorstelle die magte van die Patriotic Front uitsluit. Carrington verduidelik dat die polisie onder gesag van die goewerneur en die Britse polisie adviseurs optree.

31 Oktober 1979

Die Patriotic Front plaas verdere probleem-areas rakende die rol van die veiligheidsmagte, verkiesingsreëlins, kiesersregistrasie, waarnemers en ander oorgangsreëlins op die tafel.

1 November 1979

Carrington se reaksie hierop was dat die goewerneur onmiddellik na afloop van die konferensie na Zimbabwe sal vertrek. Die skietstaking sal so vinnig moontlik 'n aanvang neem en dat 'n twee-maande verkiesingsproses vanaf die inwerking-treding van die skietstaking sal plaasvind.

2 November 1979

Britse regering plaas aangepaste voorstelle, wat die volgende aangeleentede raak, op die tafel:

1. Oorgangstydperk.
2. Aanstelling van 'n Britse Goewerneur verantwoordelik vir die dag-tot-dag administrasie en bevel oor die bestaande veiligheidsmagte. Hy sou vir dié doel van ondersteunende personeel voorsien word, maar sal veral sy werksaamhede deur middel van die bestaande staatsdiens uitvoer. 'n Militêre Raad waarop die militêre leiers van alle konflikterende partye sal dien, sou gestig word. Die raad sou moes toesien dat die verskillende magte gehoorsaam bly aan die skietstakingsooreenkoms.

5 – 6 November 1979

Muzorewa aanvaar die oorgangsreëlins, onderhewig aan 'n ooreenkoms oor 'n skietstaking. Patriotic Front plaas probleme met die funksionering van die staatsdiens op die tafel. Carrington wys daarop dat die nuutverkose regering veranderings binne die staatsdiens kan aanbring.

7 November 1979

Die "Southern Rhodesian Bill" word in die Britse Parlement ingedien ten einde voorsiening te maak vir 'n onafhanklikheidsgrondwet en die nodige implementeringsreëlins daarvan. Die Patriotic Front weier om enige ooreenkoms rakende oorgangsreëlins aan te gaan, alvorens hulle insae in die wetsontwerp wat daarvoor in die Britse Parlement ingedien is, verkry.

8-11 November 1979

President Kaunda kom in London aan vir gesprekke ter ondersteuning van die onderhandelingsproses.

9 -12 November 1979

Patriotic Front lig sy teenstand, rakende die Britse benadering, oor die volgende aangeleenthede:

1. Indiening van die Southern Rhodesian Bill.
2. Britse standpunt oor sanksies.
3. Twee maande-verkiesingsperiode. Veral as gevolg van die tyd wat die kieser-registrasieproses sal neem.
4. Die feit dat die Goewerneur alleen in beheer is. Hulle stel 'n regerende raad, bestaande uit verteenwoordigers van beide partye voor wat as konsultasie voertuig vir die goewerneur dien.
5. Die beheer en samestelling van die polisiemag tydens oorgang. Hulle beveel 'n polisiekomitee aan bestaande uit verteenwoordigers van alle rolspelers.

Carrington se kommentaar: Sanksies bly van krag tot met die terugkeer na legaliteit/wettige regering. Slegs Seksie 2 van die 1965-wet, rakende sanksies, sou op daardie stadium (voor onafhanklikheid) opgehef word. Hy wys daarop dat daar tans geen alternatief vir die goewerneur bestaan as die bestaande staatsdiens nie. Hy het geen keuse as om van hul diens gebruik te maak nie. Hy is ook nie bereid om van die 2 maande verkiesingstydperk af te sien nie. Die goewerneur sal beskikbaar wees vir konflikbeslegting ingeval 'n politieke leier hom daarvoor wil nader. Alle partye sou gelyke status op die verkiesingsraad hê. Die goewerneur sal die hervestiging van vlugteling as 'n hoë prioriteit neem.

Die Patriotic Front voorstelle om gesprekke te reël met klein groepies amptenare, ingeslote regslui, vanaf 13 November word aanvaar.

Die Britse "House of Commons" aanvaar die "Southern Rhodesia Bill" met 296 229 stemme.

14 November 1979

Carrington voorstelle: Aanstelling van 'n skietstakingskommissie waarop die militêre verteenwoordigers van al die konflikterende partye sitting het. Op aandrang van Kaunda aanvaar die Patriotiese Front die Britse Goewerneur en sy beheer tydens die oorgangsproses; die gebruikmaking van Britse ondersteunende personeel in die administrasie van die oorgangsproses; 'n verkiesingsraad met 'n Britse verkiesingskommisaris en die hou van verkiesings ooreenkomstig die partylys-stelsel.

Die Southern Rhodesian Act word ook deur die koningin onderteken.

15 November 1979

Volledige ooreenkoms word bereik oor die oorgangsreëlings, onderhewig aan die onderhandelings vir 'n skietstakingsooreenkoms. Carrington stem in dat die magte

van die Patriotiese Front ook aan die beheer van die goewerneur onderwerp is.

16 November 1979

Carrington se skietstakingsvoorstelle word voorgelê en behels die volgende aangeleenthede:

1. Dit moet só vinnig as moontlik geïmplementeer word.
2. Beskikbaarstelling van fasiliteite aan al die rolspelers ten einde die boodskap van 'n skietstaking aan al die gewapende magte bekend te maak.
3. Alle bewegings van gewapende magte word gestaak.
4. Militêre operasies word beperk tot selfverdediging.
5. Bevelhebbers van al die gewapende magte is aan die goewerneur onderhorig en verantwoordig verskuldig.
6. Goewerneur word bygestaan deur 'n Britse militêre adviseur en 'n span Britse militêre skakeloffisiere.
7. Die daarstelling van 'n gesamentlike skietstakingskommissie.
8. Geen oorgrens-aktiwiteite sal toegelaat word nie en is van toepassing op al die gewapende magte.
9. Die daarstelling van 'n skietstaking-moniteringsgroep. Die Statebondslande sal personeel hiervoor beskikbaar stel.

19 November 1979

Die Patriotiese Front lê hul eie alternatiewe skietstaking-voorstelle ter tafel. Dit sluit onder meer die volgende in:

1. 'n Omvangryke Statebond – vredesinstandhoudingsmag.
2. "The ceasefire to be seen as the completion of a process and not fixed arbitrarily in advance."
3. Gebiede wat tydens die konferensie reeds onder Patriotiese Front se beheer was, sal nie van afstand gedoen word nie. Die gebiede moet volgens die Patriotiese Front onder hulle beheer bly.
4. Die spesialiseenhede van die veiligheidsmagte moet ontbind word (Bv. die Selous Scouts).
5. Die ontwapening van alle burgerlikes.
6. Die vestiging van 'n burgerlike polisiemag.
7. Die onttrekking van Suid-Afrikaanse en ander buitelandse militêre personeel uit Zimbabwe.

20 November 1979

Carrington reaksie op die Patriotiese Front skietstakingsvoorstelle:

1. Geen sprake van 'n afbakening van skietstakinggebiede of 'n vrede-instandhoudingsmag nie.
2. Hy verwerp die vestiging van 'n nuwe polisiemag of die ontbinding van enige militêre eenheid.

Die Patriotiese Front het versoek dat die volledige skietstaking-voorstelle soos deur hulle voorgelê is, bespreek word. Hulle versoek ook 'n verduideliking wat met die verskillende gewapende magte na die verkiesings sou gebeur. Muzorewa versoek dat slegs die Britse skietstaking-voorstelle bespreek word.

22 November 1979

Carrington lê aangepaste skietstakingsreëlings voor en versoek 'n antwoord en reaksie van beide partye teen 26 November. Die voorstelle maak voorsiening vir:

1. 'n Skietstaking-kommissie bestaande uit 'n gelyke getal militêre verteenwoordigers van beide kante, onder voorsitterskap van die militêre adviseur van die goewerneur.
2. Die skietstakingskommissie sou ook onafhanklik van bestaande bevelstrukture wees.
3. Die meerderheid van die skietstaking-monitormag sou van Brittanje, Australië, Nieu Seeland, Kenia en Fiji wees.
4. Die veiligheidsmagte sou in hul bestaande basisse bly en vandaar gemonitor word.
5. Die Patriotiese Front sou in 15 vooraf vasgestelde versamelpunte gevestig word.
6. Die versameling van die Patriotiese Frontmagte moet binne 7 dae vanaf die skietstakingsdag afgehandel word.
7. Die verantwoordelikheid vir die handhawing van wet en orde tydens die skietstakingsproses sou by die polisie onder toesig en gesag van die Goewerneur berus.
8. Weens die toename in spanning aan die Rhodesië-Zambië grens versoek Carrington 'n ooreenkoms en verbintenis vanaf Muzorewa dat sy magte geen verdere oorgrens-aksies na Zambië sal uitvoer nie.

Die Patriotiese Front moes ook onderneem dat daar geen verdere beweging van gewapende magte vanuit Zambië na Rhodesië sal plaasvind nie. Zambië word ook versoek om in die proses sy samewerking en hulp te gee. In reaksie hierop versoek die Patriotiese Front dat sy voorstelle direk met die afvaardiging van Muzorewa bespreek word.

23 November 1979

Muzorewa aanvaar die Britse aandrang op 'n beperkte skietstaking-ooreenkoms met Zambië, op voorwaarde dat Nkomo en Mugabe onderneem om nie hul magte oor die Zambiese grens te laat beweeg nie. In dieselfde proses moet Zambië hul tot samewerking verbind. Muzorewa onderneem van sy kant dat geen verdere aanvalle in Zambië onderneem sal word nie.

24-25 November 1979

Nkomo en Mugabe woon 'n vergadering van die Frontlinie state in Dar es Salaam by.

26 November 1979

Muzorewa aanvaar die Britse skietstakingsvoorstelle tydens 'n sessie wat nie deur die Patriotiese Front bygewoon is nie.

27-29 November 1979

Bilaterale gesprekke vind tussen Brittanje en die Patriotiese Front plaas ten einde die detail-aspekte van die skietstaking-voorstelle te bespreek.

Die Patriotiese Front lê nuwe voorstelle ter tafel wat veral fokus op die versekering van gelyke behandeling van die onderskeie opponerende magte tydens die skietstakingsproses. Hulle voorstelle behels onder meer:

1. "Grounding of the air force in addition to freezing of forces of both sides."
2. 'n Statebond vredesinstandhoudingsmag, saamgestel vanuit state wat vir al die konflikterende partye aanvaarbaar is en wat ook in staat is om buitelandse inmenging (militêr) die hoof te kan bied.
3. Die daarstelling van 'n skietstaking-kommissie vanuit die Statebond, addisioneel tot 'n gesamentlike skietstaking toesighoudende kommissie.
4. 'n Twee maande periode om die skietstaking proses in werking te laat tree.
5. Ontbinding van onaanvaarbare elemente (komponente) van die veiligheidsmagte.
6. Ontwapening van burgerlikes.
7. Afbakening van gebiede wat deur die verskillende deelnemende partye beheer word.
8. Die vestiging van 'n burgerlike polisiemag en gesamentlike polisiepatrollies met Statebondselemente, in gebiede onder beheer van die onderskeie partye.
9. Die onttrekking van SA en ander buitelandse militêre personeel.

Die reaksie van Carrington het die volgende ingesluit:

1. Daar kan geen sprake wees van die toekenning van gebiedsone aan die onderskeie gewapende magte nie.
2. Die lugmag sal onder toesig van die goewerneur wees. Die mag sal ook voortdurend gemonitor word, maar dit sal nie aan "grounding" onderwerp word nie.
3. 'n Twee maande periode om die skietstaking-proses in werking te stel is te hoë risiko.
4. Die ontbinding van sekere elemente in die gewapende magte van al die partye kan nie voorsien word nie.
5. 'n Addisionele Statebond-toesighoudende skietstakingskommissie kan nie voorsien word nie, aangesien geen buitelandse mag 'n skietstaking kan afdwing nie.
6. 'n Polisiemag met Statebondselemente is onprakties.
7. Carrington verwerp die idee dat die skietstaking-monitor mag partydig sal wees. Die samestelling daarvan mag egter uitgebrei word.
8. Die skietstaking-monitor kommissie sal egter bly funksioneer deur die oorgee-van-magsproses aan die nuutverkose regering. Die monitormag sal dus in plek bly totdat die nuwe regering se gesag aanvaar is en onafhanklikheid formeel deur Brittanje toegeken is.
9. Monitering sal uitgebrei word ten einde die totale bevelstruktuur van die veiligheidsmagte tot op die kompanjie vlak in te sluit.
10. Met reëlins, rakende die byeenbring van die verskillende magte in hul basisse en versamelpunte, is daar geen sprake van oorgawe van een militêre mag aan dié van 'n ander nie, of van 'n ontwapening van slegs een van die magte nie.
11. Die integrasie van die magte is ook nie prakties voor die verkiesings nie.
12. Daar word ook geensins voorsien dat enige buitelandse mag militêr sal inmeng wanneer daar na wettigheid onder gesag van die goewerneur teruggekeer word nie.

Tydens 'n privaat gesprek tussen Carrington en die Nkomo/Mugabe-afvaardiging op 29 November het eersgenoemde by die Patriotiese Front aangedring om teen die aand van 30 November positief te reageer op die Britse skietstakingsvoorstelle.

30 November 1979

Die Patriotic Front maak die volgende voorstelle:

1. Veiligheidsmagte moet na hul basisse onttrek, waarna die Patriotiese Front magte na die versamelpunte sal beweeg.
2. Die “grounding” van die Rhodesiese Lugmag.
3. Die uitbreiding van die Statebondsmonitormag om eenhede van Nigerië, Indië, Ghana, Sierra Leone, Guyana en Jamaica in te sluit.
4. Die monitormag moet aan beide die goewerneur en die Sekretaris-Generaal verslag doen.
5. Die een week periode waarbinne die opdragte aan hul magte in die bos gegee moet word, oor die skietstaking en die byeenkom by versamelpunte, is volgens die Patriotiese Front onprakties.

Carrington verduidelik die Britse voorstelle en versoek die Patriotiese Front om hul standpunte te heroorweeg.

4 Desember 1979

Die Zimbabwe-Rhodesiese Parlement aanvaar die voorgestelde onafhanklikheidsgrondwet wat tydens die Lancaster House konferensie onderhandel is.

5 Desember 1979

Die Patriotiese Front aanvaar die Britse skietstaking-voorstelle in beginsel. Carrington lê amptelike skietstakingsooreenkoms ter tafel.

6 Desember 1979

Onderhandeling oor die praktiese implementeringsdetail van die skietstakingsooreenkoms neem ‘n aanvang. Die kernvrae vir opklaring was onder meer:

1. Aanvangsdatum van die skietstaking.
2. Praktiese reëlings rakende die byeenbring van die Patriotiese Front magte.
3. Ontploffing van die moniteringsmag.
4. Carrington versoek die twee opponerende groepe om aan hom in privaatheid besonderhede te verskaf van die vlak en omvang van teenwoordigheid van hul magte binne Rhodesië.

Die Zimbabwe Wetsontwerp word in die Britse Parlement ter tafel gelê ten einde voorsiening te maak om Rhodesië op ‘n ooreengekome datum (wat nog vasgestel moes word) tot onafhanklikheid te bring.

7 Desember 1979

1. Lord Soames word as goewerneur van Rhodesië vir die oorgangstyd aangestel.
2. Gesprekke oor die onttrekking van gewapende magte vanuit die operasionele front duur voort.
3. Muzorewa verskaf aan Carrington inligting oor die omvangsvlakke van die veiligheidsmagte.

11 Desember 1979

1. Lord Soames vertrek na Salisbury.
2. Carrington verskaf volledige inligting oor die implementeringsaksies van die

| |
|---|
| <p>skietstakingsooreenkoms.</p> <ol style="list-style-type: none"> 3. Versekerings oor die veiligheid van die Patriotiese Frontmagte word verskaf. 4. Versekerings oor die voldoenbaarheid van die moniteringsmag word ook verskaf. |
| 12 Desember 1979 |
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Die Zimbabwe-Rhodesiese Grondwetlike Wysigingswet word in die Zimbabwe-Rhodesiese parlement bekragtig. 2. Lord Soames kom in Salisbury aan. 3. Zimbabwe-Rhodesië se grondwetlike wettigheid word herstel. 4. Sanksies word opgehef. |
| 13 Desember 1979 |
| <p>Die Muzorewa-afvaardiging aanvaar amptelik die Britse implementeringsvoorstelle van die skietstaking-ooreenkoms.</p> |
| 15 Desember 1979 |
| <p>Die verslag van die Lancaster House konferensie word deur Carrington en dr Mundawarara ter tafel gelê.</p> |
| 17 Desember 1979 |
| <ol style="list-style-type: none"> 1. 'n Sestiende versamelpunt word aan die Patriotiese Front toegeken. 2. Die Patriotiese Front aanvaar die Britse implementeringsvoorstelle vir 'n skietstaking. 3. Mugabe en Nkomo onderteken die konferensieverslag en die skietstaking-ooreenkoms. |
| 18 Desember 1979 |
| <p>Die Zimbabwe Wetsontwerp word deur die koningin onderteken.</p> |
| 19 Desember 1979 |
| <p>Muzorewa ontvang opklarings rakende die finale fases van die skietstakingproses vanaf Lord Soames.</p> |
| 21 Desember 1979 |
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Muzorewa en dr Mundawara asook die ander lede van die afvaardiging keer terug na London. 2. Die konferensieverslag word formeel deur Carrington, Muzorewa, dr Mundawara, Mugabe en Nkomo onderteken tydens 'n seremonie wat ook deur Thatcher bygewoon is. |
| 22 Desember 1979 |
| <p>Mugabe en Nkomo verlaat London.</p> |

Tabel 20: Samestelling van die deelnemende onderhandelingspanne (*Report of the Constitutional Conference Lancaster House London, September-December 1979:4-5*)

| Britse Afvaardiging | Zimbabwe-Rhodesiese Afvaardiging | Patriotiese Front | |
|--|--|--|---------------------|
| Lord Carrington (Chairman) | Biskop A.T.Muzorewa | Mr. R.G. Mugabe | Mr. J.M. Nkomo |
| Sir I. Gilmour Bt | Dr.S.C. Mundawarara | Mr. S.V. Muzenda | Mr. J.M. Chinamano |
| Sir M. Havers* | Mr. E.L. Bulle | Mr. E.Z. Tekere | Mr. J.W. Msika |
| Lord Harlech* | Mr. F. Zindoga | Gen. J.M. Tongogara | Mr. T.G. Silundika* |
| Mr R. Luce | Mr. D.C. Mukome* | Mr. E.R. Kadungure | Mr. A.M. Chambati |
| Sir M. Pulliser | Mr. G.B. Nyandoro* | Dr. H. Ushewokunze | Mr. John Nkomo* |
| Sir A. Duff* | Rev. N. Sithole | Mr. D. Mutumbuka | Mr. L. Baron* |
| Sir D.M. Day | Mr. L. Nyemba* | Mr. J. Tungamirai | Mr. S.K. Sibanda* |
| Mr. R.A.C. Byatt* | Chief K. Ndiweni | Mr. E. Zvobgo | Mr. E. Mlambo |
| Mr. R.W. Renwick | Mr. Z.M. Bafana* | Mr. S. Mubako* | Mr. C. Ndlovu* |
| Mr. P.R.N. Fifoot | Mr. I.D.Smith | Mr. W. Kamba | Miss E. Siziba |
| Mr. N.M. Fenn | Mr. D.C. Smith | | |
| Mr. G.G.H. Walden | Mr. R. Cronie | | |
| Mr. C. D. Powell | Mr. C. Anderson | | |
| Mr. P.J.Barlow | Dr. J. Kamusikiri | | |
| Mr. R.D. Wilkinson | Mr. G. Pincus* | | |
| Mr. A.M. Layden | Mr L.G. Smith | | |
| Mr. R.M.J. Lyne | Air Vice Marshall H. Hawkins | | |
| Mr. M.J. Richardson* | Mr. D. Zamchiva | | |
| Mr. C.R.L. de Chassiron* | Mr. S. V. Mutambanengwe | | |
| Mr. A.J. Phillips* | Mr. M.A. Adam | | |
| Mr. M.C. Wood | Mr. P. Claypole | | |
| Die onderstaande persone het van tyd tot tyd as plaasvervangende afgevaardigdes gedien. Hulle het ingestaan vir die persone wat in die bovermelde lys sodanig aangedui is. | Die onderstaande persone het van tyd tot tyd as plaasvervangende afgevaardigdes gedien. Hulle het ingestaan vir die persone wat in die bovermelde lys sodanig aangedui is. | | |
| Sir J Graham | Mr. A.R.McMillan | Mr. W. Musarurwa; Mr. D. Dabengwa; Mr. A. Ndlovu; Mr. R. Austin; Mr. R. Mpoko; Mr. R. Manyika and Mr. L. Mafela for some sessions of the Conference. | |
| Mr. S.J. Gomersall | Mr. D.V.M. Bradley | | |
| Gen. M. Farndale | Gen. P. Walls | | |
| Mr. R. Jackling | Mr. K. Flower | | |
| Col. A. Gurdon | Mr. P.K.Allum | | |
| Col. C. Dunphie | | | |
| Mr. B. Watkins | | | |

3.8 Bronnelys

- 1 **"African Political Parties in Rhodesia and the 1980 Election."** February 1980. Causeway: Ministry of Foreign Affairs.
- 2 **"Africa Research Bulletin."** March 1-31, 1980. Exeter: Africa Research Ltd.
- 3 Anstey, M. 1993. **"Practical Peace-making. A Mediator's Handbook."** Kenwyn: Juta & Co, Ltd.
- 4 Anyaoku, E. January 31, 1980. **"Zimbabwe: Reflections on the Lancaster House Conference."** A Lecture Delivered at the Nigerian Institute of International Affairs. January 31, 1980. Lecture Series No 28. Lagos: The Nigerian Institute of International Affairs.
- 5 **BBC News. Transcript.** Lord Carrington, Former Foreign Secretary, June 25th, 2000 in **"Breakfast with Frost."** www.news.bbc.co.uk.
- 6 Chan, Stephen. 2003. **"Robert Mugabe. A Life of Power and Violence."** London: I.B. Tauris & Co. Ltd.
- 7 Cleary, S. 1980. **"Zimbabwe is Born."** Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- 8 Cliffe, Lionel, Joshua Mporo and Barry Munslow, 1980. **Nationalist Politics in Zimbabwe: The 1980 Elections and Beyond** in **"Review of African Political Economy."** Vol 7. No. 18. London: Routledge.
- 9 Commonwealth Secretariat, 1980. **"Southern Rhodesia Elections. February, 1980. The Report of the Commonwealth Observer Group on elections leading to independent Zimbabwe."** London: The Commonwealth Secretariat.
- 10 Davidow, Jeffrey. 1984. **"A Peace in Southern Africa. The Lancaster House Conference on Rhodesia, 1979."** London: Westview Press, Inc.
- 11 Du Toit, Jannie. 1990. *Vrede Vanaand in "Pallet."* Musiek CD. Brooklyn, Pretoria: JNS Musiek.
- 12 **"Excerpts on the British Proposals on Independence Constitution for Rhodesia."** September 12, 1979 in <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/-Lancaster/>.
- 13 Fisher, Roger & William Ury. 1982. **"Getting to Yes. How to negotiate to agreement without giving in."** London: Arrow Books Ltd.
- 14 Flower, K. 1987. **"Serving Secretly. Rhodesia's CIO Chief On Record."** Alberton, RSA: Galago Publishing (Pty.) Ltd.
- 15 **"Interview with R.G. Mugabe."** September 25, 1979. in <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>
- 16 **"Interview with J. Nkomo."** September 2, 1979 in <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>
- 17 Labuschagne, P. 1990. *'n Toepassing van Carnevale se Opvatting van die rol van die Bemiddelaar in die Onderhandelingsproses met Spesiale Verwysing na die rol van Lord Carrington as Bemiddelaar tydens die 1979-Lancaster House beraad in "Politeia."* 1990. Vol 9. No 2. Pretoria, Unisa: Departement Publieke Administrasie.
- 18 Lederach, J.P. 1998. *Remember and Change* in Herr, J.Z. and Robert Herr (ed). 1998. **"Transforming Violence. Linking Local and Global Peacemaking."** Scottsdale: Herald Press.
- 19 **"Lord Carrington Opening Speech."** September 10, 1979. <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>.
- 20 Ministry of Foreign Affairs. 1980. **"British Initiatives for a Rhodesian Settlement. Constitutional Conference, Lancaster House Chronology, September –**

- December 1979.**” Background Briefing 1/80. Causeway: Ministry of Foreign Affairs.
- 21 Ministry of Information. 1980. ***“The 1980 Election Simplified.”*** Causeway: Government Printer.
 - 22 Mnangagwa, Emmerson. 1989. *Post-Independence Zimbabwe: 1980-1987* in Banana, Canaan (ed). 1989. ***“Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990.”*** Harare: The College Press (Pvt)Ltd.
 - 23 ***“Muzorewa opening Speech.”*** September 11, 1979. <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>
 - 24 Nkomo, Joshua. 1984. ***“Nkomo. The Story of My Life.”*** London: Methuen London Ltd.
 - 25 Nzombe, S. 1989. *“Negotiations with the British”* in Banana, Canaan S.(ed). 1989. ***“Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990.”*** Harare: The College Press (Pty) Ltd.
 - 26 ***“Opening Speech by J. Nkomo on behalf of the Patriotic Front.”*** September 11, 1979. <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>.
 - 27 ***“Patriotic Front’s response to British Constitutional Proposals.”*** October 8, 1979. <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>.
 - 28 ***“PF Proposals.”*** In <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>.
 - 29 ***Report of the Constitutional Conference Lancaster House London, September-December 1979:4-5.*** London: Lancaster House.
 - 30 Shamuyarira, Nathan M. Dr & Narendra Kumar & Tirivafi John Kangai. 1995. ***“Mugabe’s Reflections. Zimbabwe and the Contemporary World.”*** New Delhi: Har-Anand Publications.
 - 31 Soames, Rt Hon Lord. Summer 1980. From Rhodesia to Zimbabwe in ***“International Affairs (Royal Institute of International Affairs, 1944)”*** Vol 56. No 3. www.jstor.org.
 - 32 ***“Southern Rhodesia. Report of the Constitutional Conference Lancaster House London. September – November 1979.*** Presented to Parliament by the Secretary of State for Foreign and Commonwealth Affairs by Command of Her Majesty, January 1980. London: Her Majesty’s Stationary Office.
 - 33 Southern Rhodesia, February 1980. ***“Electoral Act, 1979.”*** Salisbury: Government Printer.
 - 34 Stedman, Stephen John. 2003. ***“Peacemaking in Civil War. International Mediation in Zimbabwe, 1974-1980.”*** Colorado: Lynne Rienner Publishers, Inc.
 - 35 Sylvester, C. 1991. ***“Zimbabwe. The Terrain of Contradictory Development.”*** Oxford: Westview Press, Inc.
 - 36 ***“The Lancaster House Conference: Lord Carrington’s statements in Reply to the Patriotic Front’s Papers.”*** October 9, 1979 in <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>.
 - 37 ***“The Patriotic Front Memorandum ‘TheLegislature’”*** September 24, 1979 in <http://www.gta.gov.zw/Constitutional/Lancaster/>.
 - 38 ***“The Post-Election Scene: Constitutional Developments and Related Matters.”*** 18 February, 1980. Causeway: Ministry of Foreign Affairs.
 - 39 ***“The Transition Period.”*** <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster/>.
 - 40 ***“The 1980 Election Simplified.”*** 1980. Zimbabwe: Ministry of Information.
 - 41 Zartman, I.W. 1989. ***“Ripe for Resolution. Conflict and Intervention in Africa.”*** Updated Edition. Oxford: Oxford University Press.

- 42 Zartman, I.W. 2003. *“Contemporary Peace-making: conflict, violence and peace processes.”* New York: Palgrave Macmillan.
- 43 Zimbabwe-Rhodesia. 1979. *“Report of the Constitutional Conference. Lancaster House London. September-December, 1979.”* Zimbabwe: Government Printer.
- 44 Zimbabwe-Rhodesia. 1979. *“Proposals for Independence.”* Zimbabwe: Government Printer.
- 45 *“Zimbabwe:1980 House of Assembly Results.”* July 2000. www.eisa.org.za/WEP/zimresults1980.htm.

HOOFTUK 4

Versoening en vredebou in die Post-Lancaster House-era

| | |
|--|--|
| <p>Too weak to tolerate rejection, too angry to resist revenge, he succumbed to his power lust as well as to retribution, rather than serving Zimbabwe.</p> <p><i>-Heidi Holland oor Robert Mugabe</i></p> | <p>Mercy and truth are met together; righteousness and peace have kissed each other.</p> <p><i>- Sons of Korah</i></p> |
|--|--|

4.1. Doel van hoofstuk

Die doel van die hoofstuk is om ondersoek in te stel na die mate waarin vredebou en versoening in die 1980-2002-era plaasgevind het. Vir hierdie oogmerk moet in die eerste plek ondersoek ingestel word na die mate waarin daar 'n formele vredebou- en versoeningsprogram ingestel is. Die tweede oogmerk is om te bepaal of daar 'n transformasie van die historiese konflikstruktuur plaasgevind het. 'n Derde toetsvraag is of daar 'n volhoubare vredeskultuur ontwikkel het. Indien daar nie 'n vredeskultuur ontwikkel het nie, moet, in die vierde plek, die redes daarvoor, vasgestel word.

Die metingsinstrument vir analise is Galtung se konfliktdriehoek. Vir hierdie doel word die struktuur van die konflik, soos in hoofstuk 1 geanaliseer, in tabel 21 (p212) opgesom.

4.2. Versoening en vredebou in die na-onafhanklikheidsperiode: persepsies van doel en belangebotsings

4.2.1. 'n Evaluering van die strategiese belang van versoening en aanvanklike pogings daartoe


Smith, Simpson en Ian Davies (1981:211) wys daarop dat Mugabe besef het dat die vestiging van kalmte, stabiliteit en die behoud van blanke mannekrag, gegewe die uitdagings van ontwikkeling en rekonstruksie, noodsaaklik was. Die nuwe regering moes ook rekening hou met die moontlikheid van potensiele rebellies uit die geleedere van ontevrede blankes en Ndebeles/PF-ZAPU. Versoening sou om hierdie twee redes wel 'n belangrike prioriteit wees ter stabilisering van 'n potensiele vlambare situasie. Versoening was egter ook nodig ten einde 'n regverdige raamwerk vir sosio-ekonomiese ontwikkeling neer te lê. Daarvoor was die benutting van die bestaande ekonomiese struktuur noodsaaklik. Hierdie realiteit sou die benadering tot versoening direk beïnvloed. In die lig hiervan rig Mugabe, tydens sy eerste toespraak aan die volk op 4 Maart 1980, 'n versoek aan Nkomo (PF-ZAPU) en die blanke leierskap (RF) om 'n koalisie regering van nasionale eenheid met hom aan te gaan (*Ministry of Information, 4th March 1980*).

Tabel 18 (p191) toon aan dat die politieke leierskap van die blankes op daardie stadium steeds deur Ian Smith se RF gedomineer was, ten spyte daarvan dat daar 'n

aansienlike getal onafhanklikes na vore getree het, wat nie meer die pad saam met Ian Smith geloop het nie.

Mugabe se eerste toespraak op Zimbabwe televisie het wel geslaag om 'n redelike mate van kalmte en stabiliteit te herstel. Die terugtrek van talle blankes se bedankings en besluite om in Zimbabwe aan te bly, was bewysplaas hiervan. **Luc Huyse (2003:34)** wys daarop dat die wêreld en veral die blankes van Zimbabwe verstom, bykans meegevoer, was deur Mugabe se versoeningsaanslag en beeld. Hy is selfs vergelyk met versoeningsgerigte staatsmanne van Afrika soos Leopold Senghor (Senegal), Julius Nyerere (Tanzanië), Kenneth Kaunda (Zambië) en Jomo Kenyatta (Kenya). Versoening binne die intra-swartgemeenskap (Matabele en Shona) sou egter volgens Huyse, 'n veel koeler ontvangs van die Mugabe-regering ontvang. Dit was, volgens hom, 'n konflik van etniese (Shona en Matabele); regionale (Noord- en Suid-Matabeleland teenoor die ander Shona-gedomineerde gebiede) en politieke aard (weens die verdelings oor die heropbou van die land na onafhanklikheid) (**Huyse, 2003:34**).

Tabel 21: Kontrolelys van die historiese konflikstruktuur in Zimbabwe



Judith Todd stem hiermee saam en wys daarop dat dit die persepsie was dat versoening 'n groot sukses was.¹ Die probleme met versoening sou later op die voorgrond tree met eskalerende konfliktevolge in terme van doel-onversoensbaarheid, gesindhede en gedragsreaksies. Mugabe se verbale kommunikasie in 1980 het egter wel sterk versoenende nuanses bevat, soos sy verbintenis tot die voorskrifte van die Lancaster House-ooreenkoms (*Ministry of Information, March, 4, 1980*). Die aanhaling vanuit die International Crisis Group se analise hieroor bevestig ook die sentrale versoeningsboodskap van daardie tydvak:

“If yesterday I fought you as an enemy, today, you have become a friend with the same national interest, rights and duties as myself. If yesterday you hated me, today you cannot avoid the love that binds you to me and me to you.” (International Crisis Group, 2004:31).

Dit was die amptelike boodskap van Mugabe aan die Zimbabwe nasie op onafhanklikheidsdag in 1980. Simboliese waarde is daaraan gegee toe hy met die parlamentsopening in Mei 1980 die raadsaal saam met Ian Smith betree het. Verdere daad is by die woord gevoeg met die samestelling van 'n 23-ledetal-versoeningskabinet. In die kabinet sou daar 15 ZANU(PF) ministers; 4 PF-ZAPU (asook 3 adjunk ministers) en 3 vanuit die Rhodesian Front (RF) wees. Belangwekkend was die aanstelling van Dennis Norman, die president van die Commercial Farmers Union, as minister van Landbou en Dennis Smith as minister van handel en nywerheid (*Cleary, 1980:45-46*). 'n Moontlike bewysplaas dat versoening veral op die instandhouding van die ekonomiese struktuur en belange-basis gerig sou word.

'n Verdere stap tot versoening sou wees om die voormalige hoof van die Rhodesiese weermag, generaal Walls, te versoek om beheer oor die weermag te neem, met die spesifieke opdrag om 'n geïntegreerde weermag te vestig. In hierdie opsig sou hy moes saamwerk met die bevelvoerders van die ZANLA en ZIPRA magte. *Flower (1987:276)* wys egter daarop dat Walls en 'n aantal ander weermag-bevelvoerders nooit in hart en siel oortuig was om binne die Mugabe-administrasie vir versoening te werk nie. As voorbeeld noem hy Walls se BBC onderhoud op 20 Augustus 1980 waartydens hy gewaarsku het dat burgeroorlog 'n moontlikheid is. Tydens dieselfde onderhoud het hy ook vir Margaret Thatcher gekritiseer oor sy nie die verkiesingsuitslag ongeldig verklaar het nie. Uiteindelik sou Walls, volgens Flower, van sy Zimbabwiese burgerskap ontnem word en sy pos as hoof van die weermag verloor (*Flower, 1987:277*).

Emmerson Mnangagwa (1989:229-234) verduidelik dat die regering met groot uitdagings te kampe gehad het in die sin dat veral die blankes, baie agterdoctig was na afloop van die verkiesings, omdat hulle vergelding gevrees het. In dié opsig was die regering bewus van die gevare wat 'n ignorering van blanke belange sou inhou, gegewe die feit dat die veiligheidsmagte met die oornam van die Mugabe-regering, steeds blank-gedomineerd was. Daarbenewens het die weermag die vermoë gehad om 'n nuwe burgeroorlog te loods. Teen dié agtergrond het die nuwe regering geoordeel dat 'n beleid van versoening en nasionale eenheid

¹ -E-pos onderhoud met Judith Todd op 5 Oktober 2008 (*Todd, 5 October 2008:jtodds@mweb.co.za*). Sy bevestig hierdie standpunt ook in haar boek (Through the Darkness, 2007: 14): “...whites had been bowled over by Robert Mugabe’s address to the nation on the eve of independence.”

van kritiese belang was. In die proses sou die integrering van die weermag 'n sentrale strategiese komponent van versoening uitmaak. Integrering van die ZIPRA, ZANLA en veral die bestaande weermag, sou groot eise stel. In die proses was die gerustelling van die blanke weermaglede, wat nie reeds die land verlaat het nie, van groot belang. Versoening binne die proses van weermag-integrasie was dus noodsaaklik ten einde 'n nuwe burgeroorlog te voorkom. Die eerste jaar sou daar gevolglik 'n uiters gespanne weermagsatmosfeer heers (*Mnangagwa, 1989:234*).

Mugabe sou ook Ken Flower, die Direkteur-Generaal van die "Central Intelligence Organisation" (CIO), versoek om aan te bly (*Flower, 1987:2*). Hierdie stappe was inderdaad belangrik vanuit 'n versoeningsoogpunt gesien, gegewe die feit dat dié twee veiligheidsgeoriënteerde instellings voorlopers was van die voormalige blanke regering se gewapende stryd teen die nasionalistiese groeperinge.

Aan die internasionale gemeenskap het hy die versekering gegee dat 'n stelsel van kapitalisme behou sou word en dat maatskappye en privaateiendom nie genasionaliseer sou word nie. Die internasionale gemeenskap het uiters gunstig op die versoeningsboodskap van Mugabe gereageer. In só 'n mate dat daar tydens 'n internasionale donateurskonferensie in Maart 1981, meer as \$1,8 biljoen in hulpverlening oor 'n periode van 3 jaar beloof is - nagenoeg 'n kwart daarvan, vanaf die Wêreldbank self (*International Crisis Group, 2004:31-32*).

Teen bovermelde agtergrond is dit belangrik om die benadering van die Mugaberegering vanaf 1980 te ontleed. In sy toespraak aan die nasie op 4 Maart 1980 (*Ministry of Information, Immigration and Tourism, 1980. "Address to the Nation by the Prime Minister Elect. 4 th March, 1980."*) beklemtoon Mugabe sy eie nuanse en benadering tot vrede en versoening. Dit sluit onder meer prioriteite soos die volgende in:

1. die skepping van meganismes wat vrede en stabiliteit kan verseker;
2. die ontwikkeling van 'n inklusiewe (op beide individuele en gemeenskapsvlak) gees of kultuur van vrede, veiligheid en demokrasie;
3. ekonomiese en sosiale ontwikkeling;
4. 'n gekoöpteerde koalisie regering wat lede van ZAPU/Matabele en blanke verteenwoordigers insluit (Joshua Nkomo en andere);
5. respek vir die oppergesag van die reg en fundamentele menseregte;
6. respek vir die pensioen- en byvoordele van bestaande staatsamptenare;
7. respek vir die burgerskapregte van bestaande burgers;
8. respek vir die bestaande eiendomsregte van die burgers;
9. inklusiewe versoening ooreenkomstig die beginsel van vergewe, vergeet, handevat en 'n nuwe vriendskaplikheid;
10. inklusiewe verwerping van rassisme, stamgebonde konflik en haat asook regionale konflik en haat en
11. die integrering van die gewapende magte tot een nasionale weermag.

Visieloosheid was hier dus nie die rede vir die mislukking van versoening nie - daar sou eerder ander struikelblokke op die weg daarvan wees.

In sy nuwejaarstoespraak beklemtoon Mugabe op 31 Desember 1980 sekere prioriteite en resultate wat tot op daardie stadium bereik is. Sekere van hierdie elemente is van groot belang, aangesien dit fokus op van die primêre redes vir die destydse guerrilla-oorlog. Die grondkwessie wat in die jaar 2000 en later Zimbabwe op die internasionale swartlys sou plaas, is in daardie toespraak deur Mugabe as uiters problematies en onopgelos bestempel:

“The task of allocating land to the land-hungry peasants has only partially been fulfilled. While land is abundantly available, no funds are readily available for purchasing it. We have brought this predicament to the notice of Britain, as a warning that we cannot as a people’s sovereign government, accept our lack of funds as a permanent impediment to our right to acquire land for the masses of our people who desperately need it for their settlement and livelihood.” (Ministry of Information and Tourism, January 1981. Prime Minister’s New Year Speech to the Nation. 31 December 1980).

Daarbenewens het hy ook implementeringsprobleme met belangrike aangeleenthede soos die hervestiging van terugkerende soldate, die etniese integrering van die weermag, misdadige elemente in die nasionale weermag, die misbruik van hul mag en posisies asook die hervestiging van oorlogsontworteldes en slagoffers, uitgewys (*Ministry of Information and Tourism, January 1981. Prime Minister’s New Year Speech to the Nation. 31 December 1980*).

Luc Huyse wys egter daarop dat die amptelike versoeningsbeleid tussen blank- en swart spoedig ‘n dalende siklus sou betree. Dié afwaartse siklus sou voortduur tot op ‘n punt waartydens Mugabe dit amptelik “dood” verklaar het. Intra-swart versoening sou volgens hom nooit verder vorder as politiek-gemotiveerde naasbestaan nie. Dit sou ook deur voortdurende siklusse van gewelddadige konfrontasie onderbreek word (*Luc Huyse, 2003:34*). *Morris-Jones (1980:60-67)* sou in terme van Mugabe se versoeningsuitdagings argumenteer dat die rol van middelvlak politieke werkers en adviseurs ‘n bepalende rol in die mislukking daarvan sou speel. Die rede daarvoor is waarskynlik gegrond op hul eie politieke-, mag- en ekonomiese aspirasies wat met die verklaarde versoeningsdoelwitte in botsing was.

Daarbenewens wys *Morris-Jones* op die kritiese uitdagings verbandhoudend met die ontwapening en die inburgering in die siviele lewe van vryheidsvegters, die transformasie van die historiese kultuur van gewelddadigheid, asook die impak van stamlojaliteite en persoonlike magstryde tussen leiers. Die tendens van interne magstryde sou tot gevolg hê dat die regering voortdurend gepoog het om mag binne homself te konsolideer. Twee strategieë wat daarvoor aangewend was, is aan die een kant die uitskakeling en aan die ander kant, die inkorporasie van opposisie-groepe by ZANU(PF) (*Morris-Jones, 1980:60-67*). *Hodder-Williams (1980:107-108)* stem hiermee saam en wys op die tendens van ‘*beskermheer-begunstigdeverhoudings*,’ waarvolgens gemeenskappe hul steun en alliansie aan bepaalde nasionalistiese leiers binne die party toesê ter verkryging van bepaalde gunste en gawes.

Sachikonye argumenteer vanuit sy gesigspunt dat versoening nooit in ‘n koherente beleid gekristaliseer het nie. Só het die aanvanklike pogings om goeie werks-

verhoudinge met Smith te handhaaf, misluk. Op dieselfde wyse het die nasionale eenheidsregering tussen ZANU(PF) en PF-ZAPU in 1982 verkrummel. 'n Uitgebrekte konflik tussen die regering/ZANU-PF en ZAPU/Matabeleland sou daarna formeel tot 1987 voortduur. Hy wys ook daarop dat geen ernstige poging aangewend is om deur versoening 'n proses van heling, geregtigheid en kompensasie tot stand te bring nie (*Sachikonye, 2004:5-6*).

Todd (2007:15) vul hierby aan deur daarop te wys dat daar, ten spyte van die gees van versoening, reeds vroeg na onafhanklikheid tekens van 'n voorkeur vir 'n eenparty-staat was. Só wys sy op die styl van die Zimbabwe Broadcasting Corporation om na Mugabe as Comrade te verwys. Sy wys ook op die neigings tydens openbare verklarings deur die ministerie van inligting, om na die regering en die party, in een asem te verwys - alles tipiese taalgebruik binne die konteks van 'n Marxistiese staatstradisie. In 'n ander konteks, waarskynlik meer gevaarlik, dui dit op die neiging om staatsowereiniteit aan die heersende politieke partye te koppel.

Sachikonye bespreek ook sy persepsie van beperkinge in die weg van politieke versoening. In hierdie verband noem hy die outokratiese regeringstyl van Mugabe, met sy oogmerke om uiteindelik 'n eenparty-staat te ontwikkel. Daar was, volgens hom, ook nie ekonomiese versoening nie. Die rede hiervoor was te vinde in die feit dat die regering nie in hul sosiale en ekonomiese beleidsrigtings vir die sistematiese bemagtiging van die voorheen benadeeldes voorsiening gemaak het nie. In hierdie verband verduidelik *Sachikonye (2004:6)*: ***“The new political class was not keen to provide conditions for the growth of a substantive black bourgeoisie or to encourage the development of an informal sector.”***

Uit die analyses gedoen, is daar wel genoegsame getuienis vir die betrokkenheid van die internasionale gemeenskap om die bronne van konflik te help transformeer en op só 'n wyse 'n bydrae tot versoening te lewer. Brittanje was byvoorbeeld instrumenteel in die reëling van die Zimbabwe Conference on Reconstruction and Development (Zimcord) in 1981, ten einde die ontwikkelingsvraagstukke van die nuwe staat aan te spreek. Tydens hierdie konferensie het Brittanje £630 miljoen in hulp beloof (*Bambooweb: Land Reform in Zimbabwe. www.bambooweb.-com/-articles/land_reform_in_Zimbabwe*). Volgens die United States Agency for International Development (USAID) was die Zimbabwe regering se doelstellings, die bevordering van vinnige ekonomiese groei, werkskepping, bronne-allokasie en 'n gelyke verspreiding van voordele. Die hervestiging van geregtigheid en gelykheid ten opsigte van grondeienaarskap is as een van die sentrale mikpunte gestel. In terme van die ekonomiese herstrukturering van die ekonomie is veral 3 fokus-areas geïdentifiseer, te wete grondherverspreiding, landelike ontwikkeling en die generering van werksgeleenthede (*USAID, 1981:21*).

4.2.2. Die grondvraagstuk

Michael Roth en Franci Gonese (2003:86) wys daarop dat die grondvraagstuk sentraal staan in enige versoeningsproses en dat dit 'n belangrike voorvereiste vir sosiale, spirituele, politieke stabiliteit en ekonomiese ontwikkeling is. Hulle verskaf gevolglik 'n oorsig van die hervestigingsprogramme wat in die post-1980 periode deur die regering toegepas is.

In die periode 1980-1984 was veral 3 hervestigingsmodelle ter sprake. **Model A** was 'n "village"-tipe hervestigingsprogram. Hiervolgens is 6 hektaar-eenhede toegeken aan "villages" bestaande uit 20-25 huishoudings. Dit het gemeenskaplike weidingsgebied, bosse vir houtbewerking, waterpunte en ander dienste ingesluit. Bewoning en gebruiksreg was deur middel van permitte gereguleer. Die program sou nie effektief funksioneer nie, aangesien dit aan bande gelê is deur lomp burokratiese beplanning, plakkervestiging en grondonderverdeling soos die bevolking toegeneem het.

Model B was 'n intensiewe vestigingsmodel, gekenmerk deur kommunale bewoning en koöperatiewe boerdery. Eiendom, grond en voorrade was koöperatief besit. Behuising kon privaat, óf koöperatief besit word. Lewende hawe was in privaatbesit. Die meeste van hierdie plase was toegerus met gesofistikeerde plaas- en besproeiingstegnologie. Hierdie model was volgens Roth en Gonese 'n mislukking, aangesien die kleinboere nie oor die nodige vaardighede beskik het om die gesofistikeerde bedryf te bestuur nie. Die eenhede is gevolglik, deur die meerderheid van die bevoordeeldes, braak en verlate gelaat.

Model C was gesentreerd om 'n gekommersialiseerde sentrale kern-landgoed, bestuur deur koöperatiewe gemeenskappe of deur die Landbou en Landelike Ontwikkelingsowerheid. Die begunstigdes het hul arbeid aan die sentrale landgoed verskaf. Aan die ander kant het die landgoed noodsaaklike dienste soos meganiese toerusting, vervoer van produkte, grootmaat-insette, saailinge vir gespesialiseerde gewasse, gespesialiseerde gewas-prosiesering en bemarkingsdienste verskaf. Die kleinboere het ook vir die dienste betaal. Volgens Roth en Gonese het die model beter as A en B presteer, hoewel daar slegs enkele as loodsingskemas geïnisieer was (*Roth and Gonese, 2003:324*).

Die hersiene 1985 "Intensive Resettlement Policies and Procedures"-dokument van die regering het 'n **Model D**-opsie by die bestaande modelle gevoeg. Hiervolgens moes begunstigdes oor 'n "*Master Farmer Certificate*" en plaasimplimente beskik. Die persoon moes ook nie elders in diens wees nie. Dié model was ontwerp vir beweiding in die kommunale gebiede, in veral die droë, natuurlike areas (4 en 5) in Matabeleland. Bevoordeelde gemeenskappe het elke 4-5 jaar toegang tot die landgoed gehad ten einde die beweidingsgebiede herstel- en herwinningsgeleentheid te bied. Hierdie model het egter ook misluk (*Roth and Gonese, 2003:325*).

In die periode tussen 1990-1994 het die "*Three Tier Model*" die model D-opsie vervang. Hiervolgens was vlak 1 residensiële gebied met bewerkbare grond en sosiale dienste. In vlak 2 kon die bevoordeelde huishoudings 5 lewendehawe eenhede aanhou vir hul dag-tot-dag gebruik. Die vlak 3-areas was hoofsaaklik weidingsgebied en moes vir kommersiële doeleindes aangewend word. Hierdie model is hoofsaaklik in Matabeleland-Suid toegepas met 'n redelike mate van sukses (*Roth and Gonese, 2003:325*). Roth en Gonese verduidelik ook die ontstaan van die "*Farmer Development Trust*" wat in 1994 ontstaan het op inisiatief van die privaatsektor. Die doel was om die regeringsinisiatiewe met ondersteuningsdienste aan te vul, veral ten opsigte van die model A-skemas.

Ooreenkomstig dié model is bevoorreedes opgelei in diploma-kursusse by staats-opleidingsentrums. Die program was ook gedeeltelik deur die regering befonds. Die begunstigdes was die model A-fokusgroep asook sommige gegraduateerdes. Volgens Roth en Gonese was die model ‘n groot sukses en het die begunstigdes goeie vlakke van welvaart bereik (*Roth and Gonese, 2003:325*). In die periode tussen 1995 en 1997 het die Grondbesitkommisjie aanbeveel dat die model A-*“village based”* eenhede na *“self-contained plots”* verander word. Die eenhede sou ook as kleinskaalse kommersiële skemas geklassifiseer word. Daar is ook in die periode ‘n *“Commercial Farm Settlement Scheme”* geloods. Hiervolgens is grootskaalse kommersiële plase onderverdeel in medium-grootte eenhede wat aan begunstigdes uitverhuur is. Die regeringsondersteuning was egter minimaal en nie-presteerders is van die plase verwyder. Volgens Roth en Gonese was die prestasies op die eenhede redelik aanvaarbaar (*Roth and Gonese, 2003:325*).

Teen 1998 het die regering die *“Revised Policies and Procedures Document,”* goedgekeur waarvolgens komplimentêre hervestigingsmodelle aanvaar is. Die program het wysigings aan die oorspronklike hervestigingsmodelle aangebring. Model A is herdoop na Model A1 en het grondloses vanuit oorbevolkte *“villages”* bevoorreed. Model A2 was die kleinskaalse kommersiële eenhede. In die aanpassing van die model was die begunstigdes toegerus met klein, medium, grootskaalse en voorstedelike plase. Volgens *Roth en Gonese (2003:326)* het die regering moeite gedoen om hierdie fokusgroep met insette te ondersteun.

Die International Crisis Group (ICG) verskaf ‘n belangrike perspektief op die Mugabe-regering se vroeë prioriteite en hul hantering van die grondherverspreidingsprogram as een voorbeeld van die konflik rondom doel- en belangebotsings. Hulle wys daarop dat die oorwegende fokus van die internasionale hulp, soos belofte tydens die Maart 1981-donateurskonferensie, op ontwikkelingsprogramme gerig was met grondkompensasie, -hervorming en –herverspreiding as ‘n baie geringe sekondêre prioriteit. Daarbenewens het Mugabe in só ‘n mate moeite gedoen om die internasionale gemeenskap, asook die binnelandse blanke minderheid, van sy veilige en betroubare rentmeesterskap te verseker, dat hy volgens die *ICG se analise (2004:32)*, grondherverspreiding tot in die agterste kamers van die nuwe regering se prioriseringsplan verskuif het. Die grondherverspreidingsprosedure was boonop ingewikkeld, gekompliseerd en administratief lomp ontwerp.

Die ICG argumenteer dat die aankoop van grond en die hervestigingsproses die makliker uitdaging was om te hanteer. Die proses om dié nuwe boere tot suksesvolle sakemanne/vroue te transformeer, was ‘n veel groter uitdaging. In dié proses het gepaste tegniese kennis, dienste en betroubare infrastruktuur agterweë gebly. Die gevolg was dat heelwat grond wat vir grondherverspreiding bekom is, ten spyte van die hervestigingsproses, onbewerk en onproduktief gelaat is. Die tempo van grondherverspreiding kon ook nie tred hou met die bevolkings-groeikoers in die landelike gebiede nie. Die prioriteite van die nuwe Mugabe-regering in die periode was nie gefokus op die grondherverspreidingsprogram nie. Die persepsieë bedreigings verbandhoudend met Joshua Nkomo/ZAPU en die Suid-Afrikaanse regering was vir Mugabe, korttermyn gesien, groter prioriteite (*International Crisis Group, 2004:35-36*).

Volgens *Sylvester (1991:70-71)* het transformasie die heroriëntasie van politieke-ekonomiese strukture, prioriteite en beleidsgrondslae beteken. ‘n Voorvereiste hiervoor was veranderde denkpatrone van die mense-kapitaal in die land. *Sylvester (1991:70-71)* wys byvoorbeeld daarop dat die Nasionale Oorgangsontwikkelingsplan van 1982 gewaarsku het teen ‘n oorhaastige implementering van sosialisme, gegewe die heersende sosio-ekonomiese klimaat van destyds. As motivering hiervoor haal sy die volgende uittreksel vanuit die verslag aan:

“While the inherited economy, with its institutions and infrastructure, has in the past served a minority, it would be simplistic and, indeed, naïve to suggest that it should, therefore be destroyed in order to make a fresh start. The challenge lies in building upon and developing on what was inherited, modifying, expanding and, where necessary, radically changing structures and institutions in order to maximize benefits from economic growth and development to Zimbabwe as a whole” (Sylvester, 1991:70-71).

‘n Bydraende probleem op weg van versoening en ontwikkeling is egter ook in die Zimcord-dokumente, soos voorgelê tydens die Zimbabwe Conference om Reconstruction and Development in 1981 belig. In die dokumente is aangedui dat die regering nie oor voldoende plaaslike bronne beskik ter vervulling van hierdie doelstellings nie. As finansiering van die herstrukturierungsprogram is byvoorbeeld, vir ‘n bedrag van \$6 237 miljoen vir ‘n driejaar-beleggingsperiode begroot. Hiervan moes 44% vanuit plaaslike bronne verkry word. Die Zimbabwe-regering het donateurs versoek om jaarlikse bydraes ten bedrae van US\$600 miljoen te voorsien (*USAID, 1981:21*). Ten einde inkomste-vlakke te verhoog en gronddruk in die tradisionele ekonomiese streke te verlig, het die oorgangsontwikkelingsplan ‘n tweeledige strategie ten doel gehad.

Hierdie strategie sou, ten eerste, gerig wees op die herverspreiding van kommersiële grond aan nedersetters vanuit die stamgebiede. Vir hierdie doel is beoog om 2 miljoen hektaar grond aan te koop ooreenkomstig die “gewillige koper, gewillige verkoper”-beginsel. Volgens aanduidings in die USAID analise, was die meerderheid van daardie beoogde grond in ieder geval onderbenut.

Die tweede mikpunt was daarop gerig om die produktiwiteit van die tradisionele landbou-sektor te verhoog, deur middel van omvangryke beleggings. Beleggings sou vir die doel fokus op die verbetering van pad- en vervoerinfrastruktuur, bemarking, kredietverskaffing, besproeiing, uitbreiding van watervoorrade, skole en gesondheidsfasiliteite. Aangesien bevolkingsdruk ‘n ernstige probleem was, sou dit nie moontlik wees om landbou-eenhede sodanig te vergroot dat alle inwoners van die destydse Tribal Trust Lands ‘n redelike lewenstandaard kon handhaaf nie. Gegewe die doelstellings van verhoogde produktiwiteit, sou uitgebreide families met stedelike bande gevolglik aangemoedig word om die landelike gebiede te verlaat ten einde volledig vir hulself ‘n stedelike inkomstebasis te vestig (*USAID, 1981:22*).

In terme van ekonomiese herstrukturing is die Communal Land Act van 1981 deurgevoer, waarvolgens die Tribal Trust Lands in kommunale gebiede verander is. Die beheer oor die gebiede is ook binne die gesagstruktuur van plaaslike owerhede gestel (www.bambooweb.com). In 1985 is die “Land Acquisition Act”

deurgevoer. Steeds is daar gehou by die verskansde grondwetlike beginsel van gewillige koper, gewillige verkoper. Die wetgewing het egter aan die regering die eerste opsie gebied om onbenutte grond te koop vir verspreiding aan grond-loses. Afgesien van die regering se probleme met die betaling van kompensasie, het blanke boere sterk weerstand teen die wetgewing gebied. Dit het 'n sterk impak op die implementering van grondaankope gehad vanweë die gewillige koper, gewillige verkoper-grondslag (www.bambooweb.com).

Sachikonye stem hiermee saam en wys daarop dat die uiteindelijke doel van die grondhervormingsprogram was om 162 000 huishoudings op 9 miljoen hektaar grond te hervestig – 'n hervestiging van 23% huishoudings vanaf kommunale gebiede na die nuwe grondgebied. Die impak van die grondwetlike en ekonomiese beperkinge was egter dat slegs 48 000 huishoudings teen 1989 hervestig is. **Sachikonye (2004:7-8)** wys egter ook daarop dat daar gedurende die 1990's nie met dringendheid aan die grondkwessie aandag gegee is nie. Dit, ten spyte van die feit dat die beperkende klousules van die Lancaster House Grondwet rakende die grondhervormingsbeleid, in 1990 verval het.

Hierdie waarneming is relevant gesien in dié lig daarvan dat minder as 25 000 huishoudings grond tussen 1990 en 1997 ontvang het. Teen 1997 is, in totaal, 71 000 huishoudings op 3,6 miljoen ha grond hervestig. Daarteenoor was die teiken om 162 000 huishoudings te hervestig (**Sachikonye, 2004:8**). Hy wys ook daarop dat 500 swart boere teen die middel 90-ger dekade tot kommersiële boere opgegradeer het. Hiervan het 80% plase uit hul eie bronne gekoop. Die ander 20% het plase op 'n huurpag-basis van die staat gehuur. Amptelik het die “gewillige koper, gewillige verkoper”-stelsel die skuld vir die stadige vordering met grondbesithervorming, gekry.

Die ICG verskaf egter ook 'n belangrike perspektief op die beskikbaarheid van grond, deur daarop te wys dat grondbeskikbaarheid nooit die werklike probleem was nie, maar dat die probleem veel eerder op die vlak van beleidsbeplanning, implementering en die aard van finansiering geleë was. Daarbenewens was die implementeringsproses gekoppel aan 'n gekompliseerde burokratiese proses, waarby nagenoeg 25 ministeries betrokke was. Die implikasie hiervan was dat boere en donateurs die kompleksiteit van die proses as verskoning aangewend het om hul verantwoordelikhede te ontduik. Die kommersiële boere was ook meer gretig om onbenutte grond, met marginale kommersiële waarde, te koop aan te bied. Dit het die persepsie geskep dat hulle nie verbind was tot die grondhervormingsproses nie (**International Crisis Group, 2004:33-34**).

In 'n verdere belangrike nuanse verduidelik die **ICG (2004: 41)** dat die laat-tagtiger dekade gekenmerk is deur bevoordeling van die nuwe swart élite by die grondhervormingsproses. Sosialistiese regeringsretoriek en strewe na gelyke grondverdelings het as gevolg hiervan begin swig onder die elitistiese strewe van die politieke leierskap om groot grondeienaars te word. Hulle het die ongedefinieëde riglyne van grondhervorming en aanwending van onderbenutte grond tot hul eie voordeel begin aanwend. Dit het meegewerk tot die besluit van Brittanje om sy steun aan die eerste fase van grondhervorming te onttrek.

Daarbenewens het die regering gesukkel om die nuwe boere op 'n veel-dimensionaliteit van terreine te ondersteun. *Sachikonye (2004:8)* wys egter daarop dat, hoewel hierdie periode deur 'n stadige pas gekenmerk is, dit, anders as in die post-2000 fase, ten minste vreedsaam en ordelik verloop het. Hervestiging het op daardie stadium, alhoewel sukkelend, nog wel gepaard gegaan met die lewering van noodsaaklike dienste soos, byvoorbeeld, die verskaffing van noodsaaklike infrastruktuur waaronder paaie, klinieke, skole, bemestingstowwe, ens. (*Sachikonye, 2004:8*).

Grondherverspreiding het egter, vanweë die onttrekking van Britse ondersteuning (na aanleiding van persepsies van korrupsie in terme van grondtoekenningsprosesse) in die laattagtiger-dekade, sterk afgeneem tot minder as 5000 bevoorreepte families per jaar. Ander faktore wat hierdie tendens bevorder het, was die regering se bepaalde blank-swart versoeningsnuanse, die gerustelling van die internasionale ekonomiese belangegroepes in Zimbabwe, asook die heersende ekonomiese onvermoëns en swak openbare bestuursbeplanning. Tesame met die psigologiese impak van die Gukurahundi nog vars in die geheue, sou hierdie gebeure in die negentiger-dekade tot toenemende spanning en onrus lei. Uit hierdie analise kom die vraag na vore of daar werklik 'n diepliggende en oortuigende begeerte en wilskrag tot multi-etniese versoening (intra-swart ingesluit) was?

Soos die neëntigs tot 'n einde gekom het, het verskeie faktore egter tot die eskalerende impak van die grondkrisis (konflikbron) bygedra. *Sachikonye (2004,8)* glo dat demografiese faktore 'n sterk impak op die eskalering van die grondkrisis gehad het. Die vinnige bevolkingsgroei het, byvoorbeeld, 'n skerp styging in die vraag na grond meegebring. Die ekonomiese herstrukturering-program wat tussen 1990 en 1995 geïmplementeer is, kon ook nie daarin slaag om ekonomiese groei te laat herleef nie. Dit het gelei tot werksverliese in sommige belangrike nywerhede. Groeiende armoede was die gevolg in beide stedelike en landelike gebiede. Die dooiepunt tussen die Zimbabwe regering en die Britse Arbeidersregering oor grondhervormingshulpverlening het die krisis verder vererger. Brittanje het nuwe vereistes vir grondhervormingshulpverlening gestel wat hoofsaaklik op goeie regering en armoedevermindering neergekom het.

Die veranderende politieke omgewing met die ontwikkeling van 'n groeiende opposisie beweging, wat die risiko van 'n regeringsontseteling verhoog het, het ook 'n impak op die eskalerende grondkrisis gehad. Bydraend hiertoe was die 2000-referendum oor dié ontwerpgrondwet wat Mugabe verloor het. Grondhervorming het dus die strategie vir politieke oorlewing in die verkiesingsproses geword.

Op hierdie wyse is die derde chimurenga of ook bekend as die "*jambanja*", gebore (*Sachikonye, 2004:9*). In Februarie 2000 het, dit volgens *Sachikonye (2004:9)* in aanvang geneem en het ook 'n nuwe toon en inhoud aan Mugabe se nuansering van wit-swart verhoudinge ingelui. Daar is nou direkte regverdigende argumente vir grondokkupasie verskaf. *Sachikonye (2004:9-12)* beklemtoon veral drie perspektiewe, onderliggend tot die uitgebreide grondbesettingsproses, soos georganiseer deur die oorlogsveterane, staatsagentskappe (wat die weermag ingesluit het) en veral die ZANU-PF-jeug (*Sachikonye, 2004:9-12*).

Die eerste perspektief berus op historiese gronde en plaas 'n groot mate van blaam op Britse regerings. *Sachikonye (2004:10)* haal 'n belangrike aanhaling uit die 2003-Utete-verslag hieroor aan: “...*the British Conservative Government under John Major had agreed to assist with further funding for land reform in 1996....with the coming to power of the Labour Government in 1997, The Labour Government refused to advance the process of land reform....revoking Britain's obligations as per the Lancaster House understanding..... This.....marked the beginning of worsening relations between the two Governments.*”

Hierdie interpretasie wil dit hê dat grondbesettings 'n reaksie is op die vertraagde grondhervormingsproses en Britse abdikasie van sy verantwoordelikheid om grondhervorming te finansier. Hierdie nuanse is ook deur 'n wysiging in die 2000-grondwet ingeskryf (*Section 16 A*) op die volgende wyse: “...*the former colonial power has an obligation to pay compensation for agricultural land compulsorily acquired for resettlement, through adequate fund established for the purpose; and if the former colonial power fails to pay compensation through such a fund, the Government of Zimbabwe has no obligation to pay compensation for agricultural land compulsorily acquired for resettlement...*” (*Sachikonye, 2004:10*).

'n Tweede perspektief het die historiese konteks onderspeel en eerder die wettigheid van eiendomsreg asook die oppergesag van die reg beklemtoon. Hiervolgens is geargumenteer dat dit onregverdig en 'n verkragting van die reg is, om grond te beset van diegene wat dit wettig gekoop het. Kommersiële boere het gevolglik geargumenteer dat die grondbesettingsproses vanaf 2000 onwettig en onordelik was (*Sachikonye, 2004:11*).

Die derde perspektief openbaar 'n sensitiewe balans tussen die oppergesag van die reg en sosiale geregtigheid. Volgens hierdie argument is die Zimbabwe regering verkeerd indien hy aanvoer dat internasionale menseregte grondhervorming aan bande lê. Hierdie argument beklemtoon dat internasionale menseregte-instrumente 'n genoegsame basis bied vir die beskerming van eiendoms-, individuele- en sosiale regte (*Sachikonye, 2004:12*).

4.2.3. Die konflik binne die regerende Patriotic Front

Die ICG reageer op die vraagstuk rakende die wilskrag tot multi-etniese versoening (intra-swart ingesluit), deur daarop te wys dat die retoriek van versoening vanaf die regeringskant teenoor die blankes ook in die vroeë 1980's gestaak is. Fokus het geskuif na die politiek-etnies gefundeerde stryd teen die Matabele-gedomineerde ZAPU en sy leierskap onder Joshua Nkomo. (*International Crisis Group, 2004:37-38*). In sy ontleding van die Mugabe-regering se beleidsgrondslag rondom versoening, fokus *Ndlovu (1994:1-2)* op die etniese konflik tussen die Shona en Matabele wat in die vorige eeu, by herhaling, op die voorgrond getree het. Die konflik tussen die Matabele en Shonas is dus volgens hom 'n diep historiese konflik en die verstaan daarvan is van kritiese belang vir blywende versoening en vrede. Hy pleit in sy argument sterk vir 'n indaba waarvan die senior stamleiers van die twee etniese groeperings leidinggewende deelgenote moet wees (*Ndlovu, 1994:1-2*).

Ndlovu wys op outokratiese neigings in beide die Shona en Matabele se politieke oriëntasies. Die bewysplaas daarvoor is te vinde in die politieke en psigologiese boodskappe van die 1980- en 1985-verkiesings: *“...whether Nkomo likes it or not, Mugabe is Zimbabwe and Zimbabwe is first, foremost and forever, Mugabe. However, with regards to Matabeleland..... whether Mugabe likes it or not, Matabeleland is first, foremost and forever, Nkomo and the Ndebele people”* (Ndlovu, 1994:4)

Politieke optredes wat van hierdie beskouing verskil en afwyk, word dikwels met onverdraagsaamheid begroet. Hierdie gevolgtrekking van Ndlovu plaas die probleem van ‘n gebrekkige demokratiese kultuur op die tafel. ‘n Kultuur wat die reg om te verskil, nie slegs grondwetlik verskans nie, maar wat dit in die psige van die burgersy inplant as noodsaaklike politieke waardesisteem. Uit hierdie argument sou ook afgelei kan word dat die voortbestaan van demokrasie, in die eerste plek, nie slégs deur institusionele waarborge verseker word nie (hoe belangrik en noodsaaklik dit ook al is), maar veral deur ingewortelde respek en erkenning binne die psige van die mens vir die reg om vreedsaam van mening te verskil. Méér nóg, dat meningsverskil nie noodwendig politieke bedreiging impliseer nie. Dit is immers ‘n inherente komponent van die filosofie van liberalisme.

Indien liberalisme as grondslag van Westerse demokratiese tradisie gesien word, wil dit voorkom asof die individualistiese oriëntasie daarvan, kultureel bots met die Afrika-benadering van “ubuntu” waarvan dié waardesisteem “ek is omdat ons is”, ‘n belangrike grondslag vir besluitneming en politieke gedrag uitmaak. In hierdie konteks gesien, sou die liberalistiese siening van demokrasie binne die ubuntu-tradisie waarskynlik as ‘n sentrifugale krag beskou word, wat verdeling en nie eenheid nie, in die hand werk. ‘n Formele multi-vlakkige versoeningsproses wat die betrokkenheid van kulturele diversiteit as voorvereiste stel, sou waarskynlik ‘n groot bydrae lewer tot diepere insigte oor die rol van verskillende nuanses en beskouings van demokrasie binne kulturele kontekste.

Dit sou ook kon meehelp om duidelikheid te bied in sake die voorkoms van talle vorme van konflikterende gesindhede, gewelddadige gedragpatrone en persepsies van doel-onversoenbaarhede, - veral waar daar waarskynlik onnadenkend verskillende maatstawwe vir beoordeling van gedrag toegepas is. Indien die beskouing van “ek is omdat ons is” die norm vir besluitneming sou wees, kan dit immers verwag word dat optrede, met ‘n oriëntasie gegrond op “die reg om te verskil,” belangebotsend en dus bedreigend ervaar sou word. Indien die probleem van stamgebondenheid en stamgesentreerde magsoriëntasies in ag geneem word, wil dit tog blyk dat hier ‘n demokratiese kulturele probleem aan die orde is en dat die hart daarvan waarskynlik te vinde is in die verskillende kulturele-brille waarmee daar na demokrasie gekyk word.

Dit wil immers voorkom asof die historiese konflik van die Shona en Matabele, hierdie aanname bevestig. Dit wil ook lyk asof die gesindhede- en gedragpatrone na die splitsing in die nasionalistiese bewegings met die vorming van ZANU, hierdie aanname versterk. In die post-1980-era sou sekere aanwysers ook uitgewys kan word wat hierdie waarneming onderstreep.

Só kan daar verwys word na verdere bevestigende tekens hiervan indien die fokusgroep op wie die Gukurahundi gerig was, in ag geneem word. Die eskalering in die swart-wit grondkonflik, Mugabe se ontsteltenis oor die stemgedrag van blanke kiesers, die groeiende konflik na die vorming van die MDC, die kulturele en politieke oriëntasie van die noodhulp-bevoordeeldes, die aard van die nuwe politieke élite en die stamoriëntasie van die kernleierskap rondom die troon van die president is teken hiervan.

Met verwysing na ZANU (PF) en Mugabe se besluit om die 1980-verkiesing afsonderlik van PF-ZAPU te veg, argumenteer *Ndlovu (1994:5)* dat die rede te vinde is in 'n selfsugtige magshonger wat belangriker as landseenheid geword het. Die insluiting van Nkomo en ander ZAPU-lede in sy eerste regering van nasionale eenheid was gevolglik, volgens Ndlovu, eerder 'n gerieflikheidshuwelik as wat dit op nasionale eenheid gerig was. Dit het ook, volgens hom, min impak op die inherente samelewingsproblematiek gehad.

Die latere verbrokkeling van die eenheid, waarvan die vind van wapenopslagplekke (Februarie 1982 in Matabeleland) op, onder andere, die eiendomme van Joshua Nkomo die aanvanklike vonkie was, is bewysplaas hiervan. Dit sou nietemin lei tot die afdanking van Joshua Nkomo, Joshia Chinamano, Joseph Msika en Njina Ntuta (ZAPU-lede) uit die eerste kabinet van nasionale eenheid (*Ndlovu, 1994:5*).

Sylvester verduidelik ook dat dissedente aktiwiteite teen dié ZANU (PF)-regering in 1982 begin het. Dit sou daartoe lei dat Mugabe, Nkomo as minister van binnelandse sake ontslaan en beslag lê op die meeste van sy eiendom, sonder om kompensasie daarvoor te betaal. Die vonk in die kruitvat was die vind van wapenopslagplekke op twee plase wat aan Nkomo verbind is (*Sylvester, 1991:76*).

In sy boek verwerp Nkomo die aantygings dat die wapens enigsins geberg is met die doel om, in samewerking met SA, die regering te ontsetel. Nkomo erken dat daar wel wapens op die plase, Ascot Farm (naby Bulawayo) en Hampton Ranch (naby Gweru) in die Midlands gevind is. Beide plase het aan hom behoort.

Hy argumenteer egter dat die omvang van die wapens nie van die aard was, soos voorgehou nie. Hy wys ook daarop dat die proses om die wapens van die voormalige vegters, beide ZIPRA en ZANLA, in te samel, nie afgehandel was nie en dat Mugabe deeglik daarvan bewus was. Daarbenewens was Ascot Farm baie naby aan die Entumbane versamelpunt, waar gevegte tydens die oorgangsproses tussen die voormalige ZIPRA- en ZANLA-soldate plaasgevind het. Dit sou dus te wagte kon wees dat wapens deur die vegtendes geberg sou word. Hy wys ook daarop dat wapens slegs 'n jaar tevore vanuit die barakke van die weermag gesteel is na die uitbreek van gevegte en dat Munangagwa erken het dat 600 van die gewere wat gevind is, hul oorsprong uit daardie gevegte het.

Nkomo erken dat die berging van wapens onwettig was, maar dat dit deur beide ZIPRA en ZANLA as versekeringspolis gebruik is. Nkomo argumenteer gevolglik dat die vind van wapenopslagplekke 'n geleentheid was wat die regering uitgebuit het om van beide PF-ZAPU en homself, ontslae te raak (*Nkomo, 1984:225-226*).

Hierdie gebeure bevestig die waarneming dat intra-swart versoening as prioriteit, ernstig in gebreke gebly het. Dit is belangrik in die verband om te meld dat die ZAPU-ZANU-konflik, wat so ver terug as 1963 onopgelos gebly het, ten spyte van die Patriotiese Front-vorming, nooit deur 'n in diepte versoeningsproses opgeklar is nie. Daar was ook geen effektiewe gefokusde pogings om die onderliggende redes van hierdie konflik op te klaar en te transformeer nie. Dit sou dus korrek wees om die uitbreek van die post-1980-konflik, ten minste gedeeltelik, daaraan toe te skryf. Dit het ten minste die gesindheidsgrondslag vir 'n heropvlamming van die konflik geskep. Die besluit van Mugabe om die verkiesings afsonderlik te veg, was nog vars in die geheue en Nkomo het dit as verraad beskou.

Volgens *Sylvester (1991:76)* was die wapens in getalle voldoende om een bataljon met AK-47's en grond-tot-lugmissiele toe te rus. In die proses is die voormalige ZIPRA bevelvoerders, Dumiso Dabengwa en Lookout Masuku gearrester op aanklagte dat hulle saamgesweer het om die regering omver te werp. Hierdie optredes teen Nkomo en die ZIPRA bevelvoerders het gedurende 1982 en 1983 tot 'n eskalاسie in ZIPRA-drosterie uit die nuwe weermag gelei. Dit het waarskynlik ook tot 'n skerp toename in rowery in Matabeleland aanleiding gegee. Ander misdadervorme wat hieruit voortgespruit het, is byvoorbeeld plaasmoorde en moorde op buitelandse toeriste (*Sylvester, 1991:76*).

In 1983 is 'n teeninsurgensie eenheid, opgelei deur Noord-Korea, bekend as die Vyfde Brigade, in Matabeleland ontplooi. Die eenheid het hoofsaaklik uit voormalige ZANLA guerrillas bestaan en het ooreenkomstig die "**Emergency Powers Act**" geopereer. Die wetgewing is reeds in die UDI-periode aangeneem en deur die Mugabe regering in plek gehou (*Sylvester, 1991:76*).

Die wetgewing wat tot die middel 1990's behou is, is volgens Sylvester, vir talle wandade misbruik. Voorbeelde in dié verband is die afbrand van eiendom, die uitwissing van kinders, die "bosteregstellings" van verwagte vroue, ooreenkomstig die aanklag dat hulle deur dissidente swanger gemaak is.

Ander maatreëls wat volgens die wetgewing implementeer is, was aandklokkeëls en die oprigting van 'n installasie in Bulawayo waar persone wat van dissidente aktiwiteite verdink is, gemartel is. Hierdie is voorbeelde van geïnstitusionele staatsgeweld. Dit pas baie duidelik in as voorbeelde van destruktiewe konflikgedragpatrone, ooreenkomstig Galtung se konflikdriehoek. Dit dui ook daarop dat die konflikstruktuur soos in hoofstuk 2 bespreek, nie in die post-1980 periode getransformeer is nie, maar eerder geëskaleer het tot nuwe dimensies wat uiteindelik op beide die swart en blanke gemeenskappe, wat nie deel van die regerende élite was nie, impakteer het.

Die omvattende verslag oor die "**Gukurahundi**," deur die "**Catholic Commission for Justice and Peace**" (2007) oor die omvang van georganiseerde staatsgeweld is van groot belang. Die verslag bevestig in sy beklemtoning van die staatsgeweld (konflikgedragpatrone), soos gepleeg deur die 5de Brigade, dat dit fisiese en psigologiese gevolge gehad het wat vir jare 'n inherente impak op die psige van die leidendes en hul gemeenskappe gehad het.

Hierdie gevolgtrekking bevestig die relevansie van Galtung se konfliktdriehoek, ook in die Zimbabwiese konflikscenario. Dit is bewysplaas van die interaksie tussen persepsies van doel-onversoenbaarhede, gedragspatrone en gesindheidsvorminge. Dit is ook bewys van die noodsaak dat hierdie strukturelemente van konflik, as deel van 'n konflikresolusie-bestuursproses binne regeringsverband, op multi-vlakkige konteks, getransformeer moet word as voorvereiste vir die ware transformasie van die Zimbabwiese konflik. Dit bevestig voorts die noodsaak dat konflikresolusie en vredebou 'n geïntegreerde bestuursbenadering van regerings in oorgangsamelewings behoort te wees, gegewe die tydsduur van ware versoening.

Nagevolge van die Gukurahundi-geweld was volgens dié verslag breinbeserings, verlamming, beskadigde organe, patologiese beserings, doofheid, gedeeltelike blindheid, ens. (*Catholic Commission for Justice and Peace, 2007:328*). Meer hieroor sal egter in die afdeling oor konflikgedragspatrone bespreek word.

Die aanvalle op ZAPU het egter daartoe gelei dat Nkomo vir vyf maande na London gevlug het. Dit het gelei tot 'n reeks onderhandelings tussen ZANU en ZAPU oor moontlike eenwording. Eenheid sou uiteindelik wel in 1987 beslag kry (*Sylvester, 1991:76-77*).

Uiteindelik sou daar wel, soos ook deur Ndlovu aangedui is, in Desember 1987 'n "Unity Accord" na 'n periode van onderhandeling tussen Nkomo en Mugabe, onderteken word. Dit sou lei tot eenwording van ZANU-PF en PF-ZAPU, onder die naam ZANU(PF) - 'n stap wat Zimbabwe nie-amptelik met 'n eenparty-staat gelaat het. *Willard Chiwewe (1989:243-286)* toon aan dat die onderhandelings tussen Mugabe en Nkomo 9 presidensiële sessies geverg het. Uiteindelik is 'n ooreenkoms van 11 punte onderteken. Daarvolgens is ooreengekom dat beide partye hulle verbind tot eenheid onder die naam van 'n enkele politieke party. Daar is ooreengekom dat die naam van die party ZANU(PF) sou wees en dat Mugabe die eerste sekretaris en president van ZANU(PF) sou wees. ZANU(PF) sou twee "Second Secretaries" asook twee adjunk-presidente hê, wat deur Mugabe aangestel sou word. Daar sou gestreef word na die vestiging van 'n sosialistiese staat ooreenkomstig Marxisties-Leninistiese beginsels. Die party sou ook poog om 'n eenparty-staat te vestig. Die party sou aksie neem om die geweld in Matebeleland tot 'n einde te bring (*Chiwewe, 1989:285-286*).

Ndlovu ondersoek teen hierdie agtergrond die mate waartoe dié eenwording die historiese konflik tussen die Matabele en Shona opgelos het (*Ndlovu, 1994:6*). In 'n soeke na antwoorde kom Ndlovu tot die gevolgtrekking dat nie ware eenheid, stabiliteit, of die oplossing van spanning tussen die twee etniese groepe bereik is nie. Hy noem 'n aantal redes en voorbeelde ter verduideliking van sy standpunt. Volgens hom het Nkomo en die Matabele die ooreenkoms gedwonge onderteken en het hulle dit vanuit 'n posisie van totale swakheid, gedoen (*Ndlovu, 1994:6*). Vanuit 'n Matabele-perspektief glo Ndlovu dat die menslike psige verneder was en dat Nkomo geen ander keuse gesien het as om te kapitaliseer toe ZANU(PF) hulle eise gestel het nie: *"...thoroughly humiliated people. Nkomo took the Ndebele people to the bargaining table because he reckoned that anything less than that would spell the annihilation of the whole people..... (Ndlovu, 1994:8-10)*.

Ndlovu argumenteer dat hier sprake van ‘n **“Shonarization”** van Matabeleland was, terwyl die Matabele as tweedeklas-burgers behandel is (*Ndlovu, 1994:12*). As voorbeeld hiervan noem hy die National University of Science and Technology in Bulawayo waar daar slegs 3 Ndebele studente uit ‘n totaal van 60 studente was. Twee ander voorbeelde was die plaaslike radio stasie in Bulawayo wat ook onder Shona-bestuur geplaas is, asook die feit dat ‘n Shona werksmag, vanuit Masvingo gebring is om die arbeid te verskaf vir die bou van ‘n dam naby Bulawayo. Geen plaaslike Matabele arbeid is verskaf nie (*Ndlovu, 1994, 13*).

Ndlovu wys voorts daarop dat versoening tussen die etniese groepe deur gebrekkige sosio-ekonomiese ontwikkeling in, veral Matabeleland, verhinder is. As voorbeelde noem hy stygende werkloosheid, ‘n 17% devaluasie van die geld-eenheid en die eskalerende verskynsel van “tribalism”. Die gevolge hiervan is volgens hom die ontwikkeling van ‘n groep, bekend as **“Super ZAPU”** wat protesteer teen wat hulle diskriminerende gedrag van die Shona-gedomineerde regering noem (*Ndlovu, 1994:13*).

In sy ontleding van konflikresolusie benaderings tot Afrika en Zimbabwiese konflikte, wys hy op Zartman se belangrike argument dat konflikte uitgereg word, aangesien antagonistiese groepe die gevolge van skikkings vrees. Partye beskou skikkings wat gemeenskaplike sekuriteit bó die van individuele sekuriteit stel, dikwels as ‘n hoë risiko. Die implikasie is dat hul die gevolge van voortgesette geweld as ‘n laer risiko stel as die prysgawe van individuele sekuriteit (*Ndlovu, 1994:14*). Na-onafhanklike gedrag deur etniese groepe in Afrika neig toenemend, in terme van gedrags- en gesindheidspatrone, na psigososiale van sub-etniese opperbeveling ooreenkomstig linie, “clan”, ouderdom en gebiedsdifferensiasies. *Stephen Stedman* stem volgens *Ndlovu (1994:15)* met hierdie waarneming saam as hy argumenteer dat etniese groepe dikwels poog om staatsmasjinerie te beheer ten einde die identiteit van die staat te gebruik as regverdiging vir hul dominansie en uitbuiting van die bevolking. Volgens hom het dit in Zimbabwe gebeur waar die Shona die staatsmasjinerie geannekseer het (*Ndlovu, 1994:15*).

4.2.4. Sosio-ekonomiese dimensie tot versoening

Raftopolous (July 1992:66) wys daarop dat, hoewel daar op die politieke-psigologiese vlak weinig van formele versoeningsprogramme sprake was, versoening tog ‘n ekonomiese kleur verkry het. Mugabe het versoening met die kapitaalkragte van Zimbabwe as hoë prioriteit gestel. Daar is egter nie in dié proses gepoog om die dieperliggende ekonomiese en ontwikkelingsproblematiek met die kapitaalkrag van die bevoorregte minderheidsgroepe te versoen nie. Mugabe was met bewindsaanvaarding in 1980 met die uitdaging gekonfronteer om aan die een kant die ondersteuningsbasis van die populêre massa te konsolideer terwyl hy, aan die ander kant, die vrese van die nasionale en internasionale kapitaalkragte, asook die blanke minderheid, in Zimbabwe, moes besweer. In dié konteks het versoening impliseer dat die bestaande produksieverhoudinge in stand gehou sou word. ‘n Sterk motiveringsfaktor in die verband, was die heersende sosiale mag-balans binne Zimbabwe, maar óók binne die groter Suider-Afrikaanse konteks. Versoening het hier die beveiliging van die bestaande produksiestrukture én die verbetering van die lewensomstandighede van die werkersklas impliseer.

Mugabe het gepoog om die druk van sy ondersteuningsbasis oor groter toegang tot produksiebates en sosiale dienste te akkommodeer. Hy het ook probeer om die eise van die blankes vir sosio-ekonomiese waarborge en beveiliging te akkommodeer. Hierdie, oënskynlik uiteenlopende, verwagtinge wou hy fasiliteer deur die nastreef van 'n groter ekonomiese groei koers wat sosiale besteding kon verhoog, sonder nadelige gevolge vir die lewenstandaard van die blanke minderheid.

Dit is belangrik om te onthou dat Mugabe nie werklik beheer oor die produksiekragte in die land gehad het nie. Die regering was gevolglik grootliks van die beleggingsbesluitneming van privaat kapitaal afhanklik ten einde voldoende ekonomiese groei te verseker. Om hierdie werksverhouding met blanke kapitaal moontlik te maak en hul steun te verkry, is beleidsraamwerke geïmplementeer wat oënskynlik nie tot voordeel van die populêre massa was nie. Die uitdaging vir die Mugabe-regering was hoe om groei met meer gelyke verdelings te versoen en verandering te inisieër, sonder ernstige destabilisasie (*Raftopolous, July, 1992:65*).

Die *Nasionale Oorgangsentwikkelyngsplan (1982-1985)* het 'n ekonomiese groei koers van 8,2% beoog. Dit was egter, volgens Raftopolous, oor optimisties, gesien die afname in die bruto vaste kapitaalvorming vanaf 28% in 1975 tot 13% in die periode 1983-1985. Die impak was 'n BNP (Bruto Nasionale Produk) groei van 3.2% tussen die 1980-1987 periode, in vergelyking met die beoogde 8.2%. Met die regering se volgehoue welsynsbestedingsprogram en die koste verbonde aan droogte hulp was daar 'n skerp toename in die begrotingstekort.

A.g.v. hierdie omstandighede is die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) in 1982 vir hulp genader. Op grond van die IMF se voorvereistes is die Zimbabwe dollar gedevalueer, regeringsubsidies en die algehele begrotingstekort ingekort. Die kapitaalrekening is geliberaliseer ten einde beleggings aan te moedig. In die lig van die regering se verbintenis tot sosiale welvaartsprogramme en die behoefte aan droogte hulp, kon die regering nie voldoen aan IMF-eise nie. Daarom het die IMF-program in Februarie 1984 tot 'n einde gekom. Volgens Raftopolous het die regering se nuwe ekonomiese beleid neergekom op 'n mengsel van ortodokse ekonomiese programme en 'n politieke verbintenis tot besteding op sosiale dienste. Hierdie aanpassingsprogram het, volgens Raftopolous, gelei tot 'n gemiddelde groei koers van 4.2% tussen 1985-1990.

In 1991 is 'n nuwe *Ekonomiese Strukturele Aanpassingsprogram* aangekondig. Dit was gemik op die deregulering van prys- en lonebeheer; die eliminerings van subsidies en 'n vermindering van begrotingstekorte deur besnoeiings in sosiale dienslewering, die verkleining van die staatsdepartemente en as gevolg hiervan, die afdanking van sommige van Mugabe se ondersteuningsbasis. Die beleid het egter 'n direkte impak op die populêre steunbasis van die regering gehad, aangesien die subsidie-inkorting en vermindering in begrotingstekorte die implementering van die regering se welsynprogram ingekort het. In die woorde van *Raftopolous (July, 1992:65)*:

“If this strategy is combined with a land reform programme which does not deliver the goods, the long-term support base of the government could be seriously eroded.”

In Raftopolous se analise van dié versoeningsbeleid, gesien vanuit ekonomiese ontwikkeling, kom *Raftopolous (July, 1992:66)* tot die gevolgtrekking dat dit gelei het tot stygende rykdom vir sekere seksies van die élite. Ingesluit in hierdie klein groepie bevoorregtes was ook die swart élite wat toegang tot buitelandse kapitaal verkry het en ook as plaaslike agente vir buitelandse belange gedien het. Volgens hom het dit implikasies dat daar hoofsaaklik ‘n versoening met die kapitaalkragte was en ‘n aanvanklike aanvaarding van blanke beheer oor die kommersiële sektor.

Omdat die swart “petty-bourgeoisie” min beheer oor die bronne vir rykdom-akkumulاسie gehad het, het dit tot ‘n eskalاسie in voorvalle van korrupsie gelei. Voorbeelde hiervan was die 1989 verhore van die Sandura-kommissie oor die Willowale Motornywerheidsverkope. Raftopolous wys verder daarop dat dit eintlik slegs die openbare sektor was wat ‘n proses van verafrikonisering deurloop het. In hierdie sektor het swartes die hoë poste, salarisse en ‘n nuwe etos van voorstedelike lewenstyle met samehangende status en rykdomakkumulاسie, verkry.

Die tendens het egter nie gelykmatig na die winsgewende privaatsektor uitgebrei nie (*Raftopolous, July 1992:68*). Bestaande produksie-verhoudinge is in stand gehou en veranderinge is ook nie aan bestaande eiendomsverhoudinge aangebring nie. Die impak hiervan was dat die ontwikkeling van swart entrepreneurs agterweë gebly het. Tydens die eerste dekade het min nuwe kleinsake-entrepreneurs vanuit staatsondersteuningskant ontwikkel:

“...This has serious implications for Zimbabwe’s structural adjustment programme which places high hopes on the ability of new small-scale industries to create employment for the majority of the population.” (Raftopolous, July 1992:68).

Dit is dus opmerklik dat Mugabe se versoening met die blankes afgekoel het nadat sy pogings met kapitaal nie tot versoening by die stembus tydens die 1985- en 1987-verkiesings gelei het nie. Raftopolous som sy analise van versoening op deur daarop te wys dat daar nie in wese ‘n versoeningsgedrewe proses vanuit innerlike oortuiging was nie. Dit was volgens hom eerder gemotiveer deur magsbalans-realiteite binne Zimbabwe en die groter Suider-Afrikaanse konteks.

Hierdie magsbalans het tot bepaalde drukkrigte en beperkinge op beleidsopsies ten gunste van bestaande kapitalistiese produksieverhoudinge gelei. Slegs ‘n klein persentasie swartes wat toegang tot kapitaal akkumulering kon bekom, veral deur die staat as voertuig, het daaruit voordeel getrek (*Raftopolous, July 1992:70*). Dit wil dus teen die agtergrond van Raftopolous se argument blyk dat magskonsolidering tot op vlakke van outoritêre gesagstoepassing deel van die ZANU(PF) politieke kultuur sou word. Judith Todd stem in haar e-pos onderhoud hiermee saam as sy in dié verband argumenteer:

“This retention of power depended increasingly on the use of terror, the use of which can be seen in every election ever held since and during 1980. It is also dependent on the use of patronage so the elite became rich, self-obsessed, seemingly oblivious of the suffering of the others but also frightened by their complicity in the looting of state resources and the land. Underlying all this, I

think, was the uncaring treatment of war veterans and also school leavers. As time passed there were fewer suitable jobs available for an increasing number of would-be employed people and so despair set in and it became easier for Zanu(PF) to use hungry and unemployed as their foot soldiers.” (jtodds@mweb.co.za).

Sylvester (1991:71-72) kom ook tot die gevolgtrekking dat Mugabe vanuit die staanspoor van sy regeringstermyn, ‘n baie sterk Marxisties-Leninistiese etiket op weg na ‘n wetenskaplik-sosialistiese toekoms geplaas het. ‘n Sisteem wat ten doel gehad het om werkers- en kleinboer-belange, die opbou van grondvlak organisering en ‘n eenparty staat, totstand te bring. In die praktyk egter was die realiteit, volgens haar, heelwat anders. Die beleid was eerder ‘n sosialistiese potpourri, gekenmerk deur kleinskaalse nasionalisering van sekere nywerhede, soos byvoorbeeld die Rhodesiese bankstelsel en die Suid-Afrikaans-beheerde media. Aan die ander kant was daar invloed van nuwe buitelandse kapitaal en die beveiliging van die kommersiële landbou sektor. Die beleid is ook gekenmerk deur ‘n toename in openbare besteding gefokus op onderwys, gesondheid en behuising. Ander kenmerke van die beleid was die vestiging van plaaslike owerheidskomitees, jeug- en vrouegroepes en kleinskaalse grondhervestiging. Volgens Sylvester het die regering se beleid, in die geheel gesien, nie gestrook met die etiket wat in die openbaar daaraan gehang is nie” (*Sylvester, 1991:72*).

As illustrasie van haar argument oor die potpourri-beleid van ZANU(PF) verskaf *Sylvester (1991:72-73)* die volgende voorbeelde:

“After independence 35 763 out of 60 000 ZANLA and ZIPRA ex-combatants were givenZ\$2420 demobilization pay. Some of the guerrillas failed to claim that allowance because they had been charged with dissident activities.....some missed the June 30, 1983 deadline for registration and were simply left out. Many who did receive the money pooled it to form cooperatives – which subsequently were left to struggle almost totally on their own. Others looked for jobs or the vocational and academic education they had sacrificed to fight the war. By 1990 as many as twenty-five thousand ex-combatants were still unemployed, and some who acquired “O”-Level [secondary education] were denied vocational training on the grounds that the O level was the upper limit of rehabilitation. In post-independence Zimbabwe the market was flooded with job candidates presenting similar qualifications, and to compensate ZANU(PF) did little to bring young ex-combatants into government and bureaucracy....”

Judith Todd wat ‘n leidinggewende rol in die Zimbabwe Project, ‘n NGO wat ‘n baie prominente rol gespeel het in die hervestiging/demobilisering van oorlogsveterane, verskil hiervan en wys op die betwyfelenswaardige, korruptiewe motiewe en agendas van mense wat wou voordeel trek uit hierdie hervestigings-/demobiliseringsproses. In dié verband verskaf sy ‘n perspektief op die bekende Hitler Hunzvi, asook op die demobiliseringsproses in eie reg:

“....the self-styled leader of the ex-combatants, a former Zapu junior representative to Poland...a dangerous extortionist..... was making outrageous demands on behalf of an ever-increasing band of ex-combatants with which Zimbabwe’s economy couldn’t possibly cope.....The total number demobilised

according to the records of the Demobilisation Directorate was 41 000. These were entitled to a grant of \$185 per month for two years to help them build new lives. This was distributed through the Post Office Savings Bank.. Further figures from the Demobilisation Directorate showed that 3000 declared themselves too late to be included in the demobilisation exercise and 25 000 found employment before the demobilisation programme started and were not, therefore included. The only ex-combatants not provided for were therefor those who had been kept out of the AP's clandestinely for electioneering purposes, their places being taken by many....who where patently not ex-combatants but to whose presence the authorities turned a blind eye. Of the 41 000 demobilised, 5000 went to school, 1000 took vocational training, 5000 formed cooperatives of one kind or another and a further 4000 found employment. The Zimbabwe Project soon had another 1200 enrolled in correspondence courses and raised money from the European Economic Community to hire seven experts.....It can therefore be safely said that no other group in this country has since independence, received greater assistance than the ex-combatants.(Todd, 2007:400-401).

Todd gaan wel voort om daarop te wys dat talle van die oorlogsveterane sedertdien in armoede verval het, soos die geval ook is met die meerderheid van die Zimbabwe-bevolking. Volgens haar is die verskil daarin geleë dat hulle nie dieselfde mobiele leierskap soos “dr Hitler Hunzvi,” het nie – leiers wat die situasie uitbuit, die regering terroriseer en gevolglik die ekonomiese welvaart van die land ernstige skade berokke. Mugabe sou, volgens Todd, uiteindelik aan die eise van Hitler Hunzvi toegee en ‘n “geskenk” van Z\$50 000 (November 1997) elk, asook maandelikse toelae van Z\$2 000 per maand (vanaf Desember 1997), aan die sogenaamde oorlogsveterane uitbetaal, die meeste wat, volgens haar, in ieder geval nie regte oorlogsveterane is nie. Die gebeurtenis wat as “Black Friday” bekend staan, het direk daartoe gelei dat die Zimbabwiese geldeenheid begin ineenstort het (Todd,2007: 402).

Meer oor die impak van die kwessie op die eskalاسie van konflik in die afdeling oor versoening en vredebou: konflikterende gedragspatrone, aangesien dit ‘n baie duidelike impak op die eskalاسie van konflik en die verswakkende ekonomiese toestand ingehou het.

Sylvester (1991:74) som die situasie op deur daarop te wys dat die regerende party se politieke inisiatiewe ‘n “getinte spieëlbeeld” van die Zimbabwe toekoms geskets het, met beduidende gapings tussen verklarings en amptelike beleid. Talle regeringsverteenvoerders, parlamentslede en amptenare het die gemeenskap aangemoedig om vir sosialisme te werk, terwyl hulself die “petit bourgeois”-weg na persoonlike ontwikkeling en materiële rykdom ingeslaan het: “...*moved into the suburban houses, whites were vacating and drove expensive cars purchased in South Africa*” (Sylvester, 1991:74). Sylvester wys egter ook daarop dat die implementering van beide sosialisme en kapitalisme in Zimbabwe aan bande gelê is deur magtige interne en eksterne rolspelers oor wie individuele politici weinig beheer gehad het (Sylvester, 1991: 75). Dit neem egter nie die sisteemfoute in die bestuursproses van die regering weg nie.

4.3. Versoening en vredebou: konflikterende gedragspatrone

Raftopolous (1992:59) wys daarop dat die Mugabe regering, kort na sy bewindsaanvaarding in 1980, na jare van gewapende stryd, toenemend onderdrukkend teenoor die opposisie groeperings opgetree het. Hy glo dat die motief waarskynlik was om hulle in alliansie met ZANU(PF) te dwing, of tot permanente stilswye te forseer. Dit sou tot stygende ontevredenheid in die geleedere van die georganiseerde burgerlike samelewing, studente, werkersgroeperings, kleinboere en die “petit-bourgeoisie” lei. Outoritêre regeerstyle sou, volgens hom, in die laat 1980's tot ‘n *de facto*-eenparty staat lei.

Judith Todd stem hiermee saam en argumenteer dat, hoewel Mugabe in 1980 veras het met die skepping en samestelling van ‘n regering van nasionale eenheid binne die konteks van oënskynlike versoeningspogings, die uiteindelijke doel die skepping van ‘n eenparty staat was (*Todd, 2007:15*). In dié verband maak sy ‘n waarneming wat deur *Brian Raftopolous (2008: Boekeskou, Kaapstad)* ondersteun word. Hy brei daarop uit deur te argumenteer dat ‘n belangrike dieperliggende rede vir gewelddadige konflikgedrag in die post-1980 era, die oriëntasie van Mugabe en sy partyleierskap was, om staatsoewereiniteit aan homself as president en ZANU(PF) as politieke party, te koppel.

In dié verband is ‘n vergelyking hiervan met Max Weber se tipologie van 3 tipes politieke gesag insiggewend (*Albrow, 1970:40*). *Robert Putman (1976:136)* wys ook daarop dat alle politieke élite dit ten doel het om hul mag na gesag te transformeer deur die konsolidering van hul legitimiteitsgrondslag in die oë van die nie-élite. Dit bied aan hulle ‘n morele basis om te regeer en gehoorsaamheid af te dwing. *Martin Albrow (1970:40)* verduidelik in die verband die 3 tipes legitimiteitsbassis, soos deur Weber uiteengesit. In die eerste plek het Weber op die verskynsel van tradisionele gesag gewys wat berus op die gevestigde gewoontes, tradisie en patrone waarvolgens orde gehoorsaam word. Dit is die tendens waar mense oor tyd heen, geskool is om sekere gesagsbassis te aanvaar en te gehoorsaam.

In die tweede plek is daar charismatiese gesag – die aanvaarding dat die persoon ter sprake gehoorsaam moet word, vanweë die alomteenwoordige “persepsie” en beeld van morele gesag en bykans, “heiligheid”. Nelson Mandela en Ghandi is hiervan voorbeelde, hoewel beide ook oor regsgesag bekik het.

In die derde plek is daar wetlike/reg-rasionele gesag – die geloof in die legaliteit en legitimiteit van die reëls en regulasies ter sprake en dat die regeerders aangestel is om juis dít te implementeer en toe te pas. Hierdie reëls verteenwoordig die *raison d'être* van die staat – die gees van die nasie.

Hierdie onderskeiding, in terme van die Zimbabwe scenario, is van kritiese belang. Indien die standpunt soos in hoofstuk 3 in ag geneem word, waar daarop gewys is dat die Patriotic Front nie die Lancaster House-ooreenkoms as hul basis van bevryding beskou het nie, kan aanvaar word dat hulle nie werklik wetlik-morele gesag aan die grondwet en die regstaat, verleen het nie. Die grondwet sou nooit daarin kon slaag om die *raison d'être* – die bestaansgees van die burgers te verwoord nie. Daardie reëls het waarskynlik ‘n versinnebeelding van afgedwonge

mag gebly. Afgeforseer deur, aan die een kant, die Frontlinie en Statebondslande en aan die ander kant, die Weste en Brittanje. Die konflikterende partye het nie uit innerlike oortuiging aan die opstel daarvan deelgeneem nie. Hulle het ook nie uit innerlike oortuiging aan die ondertekening daarvan deelgeneem nie. Dit het hoofstuk 3 duidelik uitgewys.

Vrede is inderdaad ‘n duur artikel, niemand sal dit kry, as hyself dit nie wil maak nie. Daar sou ook afgelei kan word dat die bevrydingsbewegings, in die vorm van ZANU(PF) met Mugabe as leier van die destydse meerderheidsparty, weens die jare lange stryd om bevryding ‘n *tradisionele sowel as ‘n morele gesagsbasis* in die oë van die élite en waarskynlik ook hul ondersteuningsbasis, verkry het. In die konteks sou dit ook deurgetrek kon word na ‘n etniese en stamkonteks en die konflikterende gesindheids- en gedragspatrone wat daaruit voortspruit. Dieselfde sou van die élite en ondersteuningsbasis van PF(ZAPU) en Nkomo gesê kon word.

Dit is waarskynlik een verklaring vir die onvermoë om diepliggende intra-swart en ware swart-blank versoeningsprosesse te institusionaliseer. Waarskynlik het die ZANU (PF) en MDC-konflik ook hiermee te make. Die onderspeling en ontkenning van die wetlike/regsgesagsbasis van die grondwet en gepaardgaande strukture, is ‘n kritiese probleem in Zimbabwe. Vandaar die maklike ignorering/onderspeling daarvan, soos talle voorbeelde genoem, duidelik laat blyk.

Die transformering hiervan deur konflikresolusieprosesse wat as legitiem deur alle ter sprake rolspelers ervaar word (élite en nie-élite), is waarskynlik ‘n voorvereiste vir versoening en vredebou in Zimbabwe. Die Suid-Afrikaanse oorgangspes is in dié verband waarskynlik ‘n goeie voorbeeld van ‘n proses wat regs- en wetlike gesag aan die grondwet en sy implementeringstrukture verleen het.

Dit impliseer dat daar baie deeglik na die konflikresolusieproses as transformasiebestuursmeganisme in die Zimbabwiese oorgangspes gekyk moet word. Daar kan ook afgelei word dat versoening waarskynlik ook nie sal slaag indien daar nie ‘n innerlike intra-party oortuiging daarvoor ontwikkel nie. ‘n Konflikresolusieproses sal die ontwikkeling van ‘n morele gesagsbasis vir sodanige oortuiging, kreatief en strategies moet bedink.

Todd (jtodds@mweb.co.za) wys verder daarop dat Mugabe sy geloof in die kommunistiese ideologie, hoër as menselebens geag het. Om hierdie rede openbaar hy ‘n gedragstyl wat nie huiwer om enigiets verbandhoudend met die westerse strukturele-beskawingskonteks te vernietig nie. Voorbeelde wat sy in hierdie verband noem, is onder meer die historiese; gesondheids; onderwys; nywerheid; landbou; religie en familie-kontekste. Indien Todd korrek is, stem dit baie oor-een met die Desember 1980-nuwejaarstoespraak van Mugabe toe hy die fases van die nasionale stryd om bevryding soos volg opgesom het: “1. Nasionale gewapende stryd; 2. Nasionale onafhanklikheid; 3. Nasionale Ekonomiese onafhanklikheid; 4. Nasionale Sosialisme” (*Department of Information, December 31, 1980*).

Raftopolous (2008:Boekeskou, Kaapstad) en Todd het daarop gewys dat Nkomo, na aanleiding van die 1985-verkiesings, geargumenteer het dat ZANU(PF) sedert 1980, Zimbabwe in sterk stam- en rasgesentreerde konflikterende groepe verdeel het ter bevordering van magskonsolidasie (*Todd, 2007:95*). Hiervolgens is een

van die belangrikste konflikstrukturelemente, (sien Tabel 21 op p212) naamlik, die historiese siklusse van magstryd, magsoornames, rassisme en stamvooroordele, nie tydens die post-1980-periode getransformeer nie.

‘n Vredeskultuur, gekenmerk deur respek vir diversiteit en verskille van mening, het nie gerealiseer nie. Bewys hiervan is te vind in die aard van die konflikgedragsspatrone soos dit in die post-1980-era ontvou het. ‘n Tweede bewys is te vinde in die motiveringsbasis vir die ontstaan van die konflikgedragsspatrone. Die omvang van kiesersintimidasië, die Gukurahundi, die aanvalle op PF-ZAPU, Matabeleland, die MDC, studente, die vakunies en plaasaanvalle en –besettings, dui op ‘n konflikteskalasiëproses ooreenkomstig die gedagtes soos deur *Paulo Freire (1996:26-27)* genuanseer:

“Because it is a distortion of being more fully human, sooner or later being less human leads the oppressed to struggle against those who made them so. In order for this struggle to have meaning, the oppressed must not, in seeking to regain their humanity become in turn oppressors of the oppressors, but rather restorers of the humanity of both..... but almost always.... their thought has been conditioned by the contradictions of the concrete, existential situation by which they were shaped their ideal is to be men; but for them to be men is to be oppressors. This is their model of humanity.”

Het die konsep van “manwees” oor die jare in Zimbabwe ook ontaard in dié beeld van gewelddadige onderdrukking? Indien korrek, sou dit impliseer dat daar ‘n ernstige behoefte aan ‘n psigiese transformasië, ‘n intra-persoonsversoeningssproses bestaan, waar die traumaevolge van gewelddadige beslegting van konflik binne die mens versoen moet word. In dié konteks het die geloofsgemeenskap, die onderwys en psigologiese kundiges waarskynlik ‘n noodsaaklike rol te speel. ‘n Vrededou-program sal op die basis van multivlakkigheid die transformasië van hierdie geweldspisgose op intrapersoonsvlak, in ‘n programbasis, moet verreken.

Hoewel Todd nie direk na Freire se teorie verwys nie, het die voorbeelde wat sy vermeld, ‘n impak op die bevestiging van die juistheid van Freire se teorie. Todd verwys in dié verband na die verhaal van Kembo Mohadi wat hulp by haar en die ZPT (Zimbabwe Project Trust) gesoek het vir die korporatiewe onderneming waarby hy betrokke was, nadat hyself deur die polisie gearresteer en mishandel is. In later jare sou hy LP vir Beitbrug word en tot minister van binnelandse sake bevorder word. As minister van binnelandse sake sou hy mede-verantwoordelik wees vir Operasië Murambatswana (clear out the the human excrement) (*Todd, 2007:128, 136-137*).

‘n Verdere voorbeeld van die regering se ignorering van die wil van die kiesers en van die wetlike gesagsbasis, soos deur Weber gekategoriseer is, volgens Todd, te vinde in Mugabe se hantering van Enos Nkala na die 1985-verkiesings. Tydens hierdie verkiesings het Nkala in die Insiza kiesafdeling teen die PF-ZAPU kandidaat, Nelson Ndlovu, te staan gekom. Die uitslag van die verkiesing het getoon dat Nkala slegs 3392 stemme teenoor die 27 602 stemme van Ndlovu kon bekom. Mugabe het hierdie uitslag ignoreer en Nkala in die senaat aangestel. Daarna sou hy hom tot minister van binnelandse sake, wat ook die portefeulje van die Polisie hanteer, bevorder (*Todd, 2007:107*).

In ‘n verslag van 1-16 Februarie 2002, wys die Zimbabwe Lawyers for Human Rights dat die ministerie van binnelandse sake en die Registrateur-Generaal saamgewerk het om, op ‘n ongrondwetlike wyse, die stemreg van permanente inwoners van Zimbabwe te ontnem in aanloop tot die presidensiële verkiesings. Hiervolgens sou hulle aangekondig het dat slegs persone wat permanente verblyf na 31 Desember 1985 verkry het, sou kon stem. Dit was in direkte botsing met skedule 3, seksie 3(3) van die grondwet wat aangetoon het dat enige persoon wat ‘n burger van Zimbabwe is, 18 jaar of ouer, is sedert 31 Desember 1985, ooreenkomstig die wet, permanente verblyfreg in Zimbabwe het, kan stem (*Zimbabwe Lawyers for Human Rights, 2002. www.zlhr.org.zw*).

In dieselfde verslag wys hulle op aksies deur die militia wat deur middel van padblokkades of deur strooptogte, op die huise van landelike inwoners beslag lê op hul identiteitsdokumente. Dit ontnem die persone van hul reg om te stem, veral aangesien hulle dikwels geen alternatiewe bewyse van stemreg en burgerskap het nie. Hierdie voorbeelde illustreer en bevestig die waarneming van ‘n miskennis van die wetlike/regsgesagsbasis en outoriteit van die bestaande wetgewing en prosedures deur die politieke élite en die administratief-uitvoerende instellings.

Die Deense organisasie, *Physicians for Human Rights (November, 2002:6)* stem in hul derde verslag oor marteling deur regeringsondersteuners in Zimbabwe, ooreen met die reeds vermelde standpunte van Huyse asook Todd, Raftopolous, Ndlovu en Stedman. Hulle wys ook daarop dat die skuldenaars ooreenkomstig die beginsel van totale kwytskelding opgetree het:

“...torture and ill treatment beyond any doubt is still being practised by government supporters against their political opponents in Zimbabwe..... no prosecutions against perpetrators have been made in any of our documented cases of torture and ill treatment.....fewer formal reports about abuses did not indicate that fewer abuses were taking place. Rather it indicated that repressive legislation and a growing government campaign against independent voices had succeeded in decreasing the information flow.” (Physicians for Human Rights, November, 2002:6).


Physicians for Human Rights wys ook op die inperkings van die onafhanklikheid van die Zimbabwiese regstelsel, media en georganiseerde burgerlike samelewing. Volgens hulle vind dit plaas, deur onder meer, onderdrukkende wetgewing (as tekens van ondemokratiese konflikgedrag), stygende outoritarisme en die neiging om staatsoewereiniteit aan ZANU (PF) te koppel. Die organisasie wys in hul verslag op voorbeelde van hoe regeringsamptenare hofuitsprake met veroordelende gevolge op die regering, ignoreer het en aanvalle op hofamptenare goedgekeur en ondersteun het. Eskalerende polisie martelings het ook volgens hulle voorgekom (*Physicians for Human Rights, November, 2002:6*). Voorts wys die organisasie op die eskalerende neiging om voedseltekorte en die beskikbaarstelling van noodvoedsel vir politieke doeleindes te manipuleer. Manipulasie vind plaas deur stapelvoedsel van politieke opponente te weerhou. In hierdie verband het voedselmanipulasie, veral in ZANU(PF) se strategie tot steunwerwing en steunbehoud, ‘n prominente rol gespeel:

“... a phenomenon last seen in Zimbabwe in 1984 – the political manipulation of hunger in some areas to exclude from all routes of gaining staple food, those labelled as opposition supporters. In rural areas, access to the staple food of maize is controlled by government mechanisms such as ‘food for work’, and through regulation of all maize sales through the parastatal Grain Marketing Board..... the threat of being deliberately starved by the Government if the opposition won votes, was used to profoundly influence vulnerable rural voters in recent elections in Zimbabwe” (Physicians for Human Rights, November, 2002:6).

In die verslag verskaf die Physicians for Human Rights prakties bewysbare voorbeelde van destruktiewe konflikgedragsspatrone verbandhoudend met:

1. die ondermyning van die howe en regstelsel;
2. ondermyning van die Parlement;
3. amptelike kwytskelding van regeringsondersteuners en amptenare wat hul skuldig gemaak het aan politiek-gemotiveerde geweld;
4. ondermyning van die vryheid van die pers en meningsuitdrukking;
5. ondermyning van die werksaamhede van NGO's en
6. aanvalle op onderwysers (*Physicians for Human Rights, November, 2002:9-11*). Sien Tabel 22. Voorbeelde van Eskalerende Institusionele Destruktiewe Konflikgedragsspatrone in die verband, soos verskaf deur die verslag wat die periode Julie tot Oktober 2002 dek.

Tabel 22: Voorbeelde van Institusionele Destruktiewe Konfliktgedragspatrone in die Post-1980 Periode (Julie – Oktober 2002).
(Physicians for Human Rights, November 2002: 9-11)



Die bestuur van die grondvraagstuk in die post-1980-era is volgens alle aanduidings een van die ernstigste destruktiewe konflikgedragsbronne wat belemmerend inwerk op die ontwikkeling van versoening, 'n volhoubare vredeskultuur en sosio-ekonomiese ontwikkeling (ingeslote armoede-transformasie) in Zimbabwe. Labuschagne (*“The Realignment of Classes and Political Elites in Zimbabwe: The Politics of Change and Transformation (2002):79*) analiseer die grondhervormingsprogram teen die agtergrond van die post-1980 klasse en élite herposisioneringsproses.

Labuschagne wys daarop dat die nuwe regerende élite in die eerste dekade na onafhanklikheid rondom ZANU(PF), die kleinboere en die werkersklas, gestruktureer was. Hierdie alliansie sou ook die grondslag vorm waarom die oorspronklike ontwikkelingstrategie van die 1980's sou sentreer - 'n strategie gefokus op gelykheid, welsyn en pogings om die dualistiese grondslag van inkomste en geleentheidsverspreiding te transformeer. Hoewel blankes op daardie stadium van politieke mag gestroop was, was hulle steeds met omvangryke ekonomiese mag beklee. Hulle was in hierdie hoedanigheid steeds die entrepreneuriese en landbou élite (*Labuschagne, 2002: 78*).

Tydens die ekonomiese probleme van die middel-tagtigerjare (gekenmerk deur, onder andere, 'n styging in werkloosheid) het die regerende élite tot die gevolgtrekking gekom dat mark-gebaseerde hervormings nodig was ten einde die ekonomiese afwaartse neiging te stop. Dit het gevolglik volgens hom tot 'n ineenvloeiing van belange en uiteindelik, alliansievorming tussen die entrepreneuriese élite en die regerende élite gelei. Die landelike kleinboere was hiervan uitgesluit. Die eenheidsproses van PF-ZAPU en ZANU(PF) het ook die hand van die regering in dié proses versterk. Die onmiddellike gevolg hiervan was 'n neiging onder die regerende élite om hulself vanwee die voordele van die alliansie, te verryk. In die proses het daar 'n groter afstand tussen die regerende élite en die kleinboere en werkersklas ontwikkel, ook vanweë hul eie belange in die kommersiële ekonomiese sektor. Die lang aaneenlopende bewindstermyn van ZANU(PF) het 'n gunstige klimaat vir die verdere ontwikkeling van hierdie heralliansieproses, geskep (*Labuschagne, 2002:78-79*).

Gedurende die middel-negentigerjare tot en met die wending van die eeu in 2000, het die verhouding tussen die regerende élite en ekonomiese élite begin erodeer as gevolg van groeiende ontnugtering oor die ekonomiese bestuur van die land. In dié opsig sou die grondherverspreidingsbeleid en plaasbesettings 'n prominente eskalasiefaktor wees.

Daarbenewens dui Labuschagne aan dat die vervreemding van die kleinboer, werkers- en petty-bourgeoisie-klasse 'n ernstige bedreiging vir die regeerende élite geword het. Die verskyning van Morgan Tsvangirai as leier van die Zimbabwe Commercial Trade Union sou aan die kleinboere, werkers en petty-bourgeoisie 'n spreekbuis bied om hul ontevredenheid met die verswakkende ekonomiese toestand te kenne te gee. Dit het hul groterwordende afstand vanaf die regerende élite bevestig.

Die uiteindelige registrasie van die MDC en die goeie verkiesingsuitslae wat daarop gevolg het, sou 'n duidelike teken vir die regering wees van die groeiende

weerstand teen die heersende beleidsrigtings (*Labuschagne, 2002, "The Realignment of Classes and Political Elites in Zimbabwe: The Politics of Change and Transformation":78-79*). Teen hierdie agtergrond wys hy daarop dat Mugabe die okkupering van kommersiële plase in die latere dekades gesanksioneer het, in 'n poging om die ontevredenheid in die gelede van die grondlose kleinboere te transformeer. Voorts wys hy daarop dat Mugabe ook die blanke kommersiële boere wou straf vir hul verwerping van ZANU(PF) en hul ondersteuning van die MDC en Morgan Tsvangirai.

In 'n onderhoud met *Prof. Stephan Chan (30 Maart 2006)* word die standpunt van Labuschagne onderstreep, wanneer hy daarop wys dat Mugabe nie die aanvanklike inisieërder van die plaasbesettingsprogram was nie. Hy het slegs gereageer op stygende ontevrede sentimente. Die oorlogsveterane was die inisiatiefnemers van die plaasbesettings en Mugabe het ter wille van politieke oorlewing 'n nuwe "fast track"-grondbeleid begin inisieër. In die woorde van Prof. Chan: *"Mugabe is riding a tiger, but he is not at all in control, he is just trying to stay on top...."*

Robin Palmer argumenteer dat Brittanje aandadig was aan die sluimerende, maar groeiende eskalاسie van die grondkonflik. Volgens hom het Brittanje in die middel-sewentigerjare, reeds voor die Lancaster House konferensie, hom verbind tot 'n Anglo-Amerikaanse Ontwikkelingsfonds vir Zimbabwe, waartoe hy £75 miljoen sou bydra. Die fonds sou aangewend word om blanke boere se grond uit te koop. Die Patriotiese Front was, volgens Palmer, ook sterk ten gunste van die ooreenkoms. Dit sou 'n einde aan die oorlog kon meebring (*Palmer, April 1990:166*).

Met die aanbreek van die Lancaster House Konferensie was 'n nuwe regering in Brittanje aan bewind met Margaret Thatcher as premier. As deel van 'n finale skikkingsooreenkoms het Brittanje aanpassings aan die oorspronklike ontwikkelingsfondsgedagte aangebring. Daarvolgens sou Brittanje in ruil vir die beskerming van bestaande eiendomsregte, die koste verbonde aan die hervestigingsprogram help finansier. Grond sou ook slegs ooreenkomstig die "gewillige koper, gewillige verkoper," herversprei kon word. Een van die kernvereistes vir die funksionering van die ontwikkelingsfonds, was dat Zimbabwe die Britse bydrae pond-vir-pond eweredig sou moes ontmoet. Die Thatcher-regering het volgens Palmer, £20 miljoen vir die implementering van die ontwikkelingsfonds, beloof (*Palmer, April 1990:168*).

Onder druk van die Frontlinie-state wat nie meer die oorlog kon bekostig nie, het die Patriotiese Front tot dié voorstel toegestem. Sou die Zimbabwe regering nalaat om aan die eweredige bydrae getrou te bly, sou Brittanje nie intree om die tekort te oorbrug nie. Die situasie het ook spoedig wel ontstaan, gegewe Zimbabwe se gebrekkige finansiële basis vanweë die jarelange ekonomiese isolasie, sanksies en oorlogskostes. Lord Carrington het later, tydens 'n televisie onderhoud met *David Frost (News Breakfast, 25 June 2000)*, die vestiging van só 'n fonds vir die uitbetaling van geld aan boere wat hul gronde prysgee vir hervestigingsdoeleindes, bevestig.

In dieselfde onderhoud het Carrington verduidelik dat die VSA ook 'n soortgelyke onderneming verskaf het. Die fonds is, volgens Carrington, wel gestig en het vir twee tot drie jaar gefunksioneer. Die voortgesette finansiële funksionering van die fonds is egter gestaak nadat Mugabe volgens Carrington, die grond aan meelopers ("cronies") toegewys het. In ander gevalle is die grond wat bekom is, nie ekonomies benut nie en het onbewerk gebly (*David Frost, "News Breakfast", 25 June 2000*).

Aan die einde van die 80'tiger dekade, het die vorderingsverslag met die grondhervormingsprogram aangetoon dat 52 000 families hervestig is op 2 713 725 ha aangekoopte grond. Volgens Palmer het dit slegs 16% van die totale hektaar grond wat blanke boere in 1980 besit het, uitgemaak. Hy wys ook daarop dat baie van die aanvanklike grondaankope van boere was wat kort na die bosoorlog uit vrees vir 'n swart meerderheidsregering, die land verlaat het. Baie van die grond wat beskikbaar was, was ook nie volgens hom werklik geskik vir hervestiging nie (*Palmer, April 1990:169*).

Palmer beklemtoon ook die impak wat die oorlog op die grondsituasie en gepaardgaande landelike ontwikkelingsproblematiek gehad het. Hy wys daarop dat 'n vyfde van die totale landelike bevolking tydens die oorlog moes vlug. Nagenoeg 'n halfmiljoen het weens die oorlog na die stede gevlug. 'n Kwartmiljoen het die land verlaat en 'n driekwart miljoen is na die "protected villages" verskuif. Die siekte-beheermaatreëls onder beeste in, veral die kleinboer-sektor, het in daardie tyd totaal verval. Dit het gely tot veeverliese van meer as 'n derde van die sektor se totale beesgetalle. Kleinboer-produksie en inkomste het dus 'n ernstige knou gekry. Die UDI-verklaring en die sanksies wat daarop gevolg het, het ook die kommersiële landbou vanaf 'n fokus op uitvoer na 'n binnelandse markfokus verskuif. Die gevolge hiervan was baie skadelik vir die swart kleinboer-sektor. Die voelbare resultaat vir die sektor was dat die kommersiële sektor, tot nadeel van die kleinsektor, 90% van die binnelandse verbruikersmark beheer het. Die kommersiële landbousektor, deur blankes gemonopoliseer, was teen 1980 'n lewensnoodsaaklike sektor vir politieke oorlewing. Geen wonder dat versoening vir Mugabe 'n fokus op die beskerming van blanke boere beteken het (*Palmer, April 1990:167*). Die post-1980 rekonstruksie uitdagings op die gebied van landelike ontwikkeling sou besondere beplannings- en bestuursuitdagings aan die nuwe regering - ook uit 'n vredebou konteks, stel.

Sam Moyo (March 2000:6) argumenteer in sy analise van die grondvraagstuk dat groeiende armoede, werkloosheid en inkomste ongelykhede te midde van die onderbenutting van grond en natuurlike hulpbronne, een van die grootste konflikte-skaleerders van die grondvraagstuk is. *Moyo (March 2000:7)* wys ook daarop dat min van die aanvanklike (1980's) gestelde doelwitte van grondhervorming bereik is. In dié verband noem hy doelwitte soos die bevordering van arbeidsintensiewe kleinboerproduksie; wins op kapitale beleggings; voedselversorgendheid en die transformasie van dualistiese inkomsteverspreidingspatrone.

Moyo (March 2000:11) wys ook daarop dat daar, veral tussen 1997 en 1998, 'n skerp styging in grondbesittings deur plakkerbewoners van veral hoë produktiewe landbougrond was. Voorbeelde is die besetting van groot kommersiële plase in

Mashonaland-Oos deur die Svosve gemeenskap. Hulle het ook geweier om die grond te verlaat tensy alternatiewe grond aan hulle beskikbaar gestel is. Die grondbesetters het ook grond geokkupeer wat deur die staat aan prominente politici verhuur is. Vrae wat op daardie stadium gestel is, was in watter mate besittings uit eie inisiatief deur die gemeenskappe geïnisieer was en of dit 'n koverte aksie van regeringskant was. Een scenario wat voortdurend op die tafel geplaas is, is dat die staat oorlogsveterane aangewend het om populistiese grondbesittings te organiseer ten einde die Commercial Farmers Union en donateurs te dwing om grondhervorming te ondersteun en te help finansier. Dit wou, volgens Moyo, ook voorkom asof die grondbesetters gemotiveer was deur die begeerte om die regering tot aktiewe en daadkragtige grond-herverspreidingsoptrede te dwing.

'n Verdere baie belangrike aspek wat Moyo beklemtoon en wat die hantering van die grondhervormingsvraagstuk as 'n konflik-eskalasie gedragsmotiveerder uitwys, is die feit dat, teen die negentiger dekade grootskaalse kommersiële landbougrond steeds 80% in blanke besit was. Daarmee saam gesien, die feit dat hierdie grondeienaars nie sosiaal geïntegreerd met die hoofstroom partypolitiek was nie en ook grootliks geïsoleerd daarvan geleef en opereer het. Die feit dat baie van die grondeienaars nie Zimbabwese burgers was nie en ook nie sigbaar in Zimbabwe teenwoordig was nie was 'n verdere probleem. Dit het daartoe gelei dat die belange betrokke in die Zimbabwiese grondvraagstuk grootliks geglobaliseer geraak het. Dit het volgens hom enige onderhandelings oor grondherverspreiding in die post-1980-era bemoeilik. Die regering se beleid van verpligte grondverkryging en herverspreiding was deels volgens Moyo simptome van die mislukking van alle belangegroepes om die grondvraagstuk vanuit die staanspoor inklusief aan te spreek en betrokke te raak by die vind van geskikte en relevante oplossings (*Moyo, March 2000:12*).

Daar was wel in die laat 1990's onderhandeling met belangegroepes in sake grondhervorming en verspreiding. 'n Voorbeeld hiervan was '*The Inception Phase Framework Plan*' (*IPFP*) van 1999. Die doel van die IPFP was om die regering se hervestigingsmodelle te implementeer, aanvullende benaderings tot grondherverspreiding te toets en te leer-deur-te-doen. Die gedagte was om daardeur 'n nuwe grondbeleid te ontwikkel. Ten spyte hiervan, kon daar teen 1999 steeds nie geslaag word om 'n omvattende sosio-ekonomiese ontwikkelingsstrategie te ontwerp, waarin grondhervorming 'n sentrale fokus sou wees nie (*Moyo, March 2000:28*). Die gevolg was dat die aanbreek van die 21ste eeu 'n radikale strategiese aanpassing te weeg sou bring.

In sy verduideliking van die 1992-'*Land Acquisition Act*' wys *Simon Coldham (1993:83)* daarop dat daar gedurende die 1980's voortdurend meer grond beskikbaar was, as wat die regering vir doeleindes van grondhervorming kon bekostig. Aangesien die regering besluit het om baie van die grond nie te koop nie, is dit in die ope mark aan die nuwe regerende swart elite verkoop. Baie van die grond was grond wat onbewoon en ongebruik was. Ander gedeeltes was van swak gehalte en nie werklik vir verbouing geskik nie.

'n Verdere probleem was egter ook dat die grond dikwels nie 'n vaste eenheid was nie, maar in klein stukkie geografies versprei was. Die *Land Acquisition Act* moes dus 'n wetlike raamwerk verskaf waarvolgens die regering groter

grondeenhede, geskik vir ekonomies lewensvatbare hervestiging, kon bekom. In dié proses het die regering nie 'n omvangryke verlies in landbouproduksie voorsien nie, aangesien die beoogde grond nie intensief geboer is nie, baie van die grond deur afwesige boere besit was en in sommige gevalle ook vir spekulasie-doeleindes aangewend is.

Volgens die wetgewing kon die minister enige landelike grondgebied uitwys vir hervestiging, met dien verstande, dat die doel waarvoor die grond aangewend sou word, die bepaalde owerheidsinstansie wat dit benodig en die beplande periode wanneer dit benodig word, aangedui moet word en nie 10 jaar mag oorskry nie. Die minister het ook absolute diskresie verkry om die uitwysingsnota te bevestig, te herroep of te wysig *Coldham (1993:83-84)*. Volgens die wet kon die besitter van die grond dit steeds bewoon en bewerk, maar nie verkoop of verhuur sonder toestemming van die minister nie. Die wetgewing het ook bepaalde maatreëls rakende kompensاسie in werking gestel. 'n Kompensاسie komitee is gestig ten einde die kompensاسiebedrag te bepaal. Die grondeienaar kon ook die besluit oor die kompensاسiebedrag na die "Administrative Court" vir evaluering verwys *Coldham (1993:84)*.

Coldham wys daarop dat die wet in 2001, na die vorige jaar se verkiesings, gewysig is in reaksie op eskalering van die politieke konflik oor die grondhervormingsprogram. Die doel van die wysiging was om die verantwoordelikheid op Brittanje te plaas vir die stigting van 'n kompensاسiefonds vir grondhervorming. Die wetswysiging het ook die regering van Zimbabwe van alle verpligtinge vir die betaal van kompensاسie onthef *Coldham (2001:227)*. Volgens Coldham het die regering (na wysiging van die Grondwet) die nodige wysigings aan die Land Acquisition Act van 1992 aangebring met die minimum van parlementêre of ander vorme van gesprek en beraadslaging *(Coldham, 2001:228)*. Die wetgewing het ook ten doel gehad om bottelnekke in grondhervorming te verwyder en 'n "fast track approach" te institusionaliseer *(Coldham, 2001:228)*.

Sachikonye (2003:227;235;239) wys daarop dat, ooreenkomstig die "fast track grondhervormingsprogram", daar oor 'n periode van 2 jaar, teen Oktober 2002, na raming 11 miljoen hektaar grond vanaf 4 000 kommersiële boere na 300 000 kleinboere oorgedra is. Daarbenewens was 54 000 medium en grootskaalse swartboere geoormerk om grond te ontvang. Uit laasgenoemde kategorie het slegs 60% van die boere die aanbod aanvaar.

Die implikasie van hierdie oordragsproses was dat die totale omvang van grondherverspreiding, sedert onafhanklikheid, op 14,5 miljoen hektaar uit 'n totaal van 15,5 miljoen hektaar wat in blanke besit was, neergekom het. ZANU(PF) het hierdie proses van grondherverspreiding as 'n landbou-revolusie beskou, in Shona bekend as die derde chimurenga. In eie reg impliseer hierdie term in die volksmond ook 'n bepaalde gesindheidsoriëntasie en konflikgedragpatroon. Die konsep en die teikengroep teen wie dit gerig was, impliseer in sigself, 'n rasgerigte konfliknuanse, nou swart georiënteerd teen 'n wit minderheid, ooreenkomstig die teoretiese analise van Paulo Freire. Die implikasie hiervan was dat daar slegs 600 blanke boere teen 2003 in die kommersiële landbou-voedselvoorsieningssektor oor was in vergelyking met die 4 000 aan die begin van die derde chimurenga.

‘n Onmiddellike direkte implikasie van die derde chimurenga was die ontwikkeling van ‘n ernstige voedselkrisis. ‘n Eskalerende krisis wat teen 2002-2003 reeds die helfte van die land se bevolking kwesbaar vir hongersnood gemaak het (*Sachikonye, 2003:227;235;239*). Dit het, volgens Sachikonye, van voedsel ‘n politieke wapen teen opposisiedenke gemaak – weer eens ‘n bewysplaas van die aanwesigheid van ‘n ernstige gebrek aan ‘n demokratiese politieke kultuur.

Die derde chimurenga as ‘n destruktiewe konflikgedragpatroon was ook gekenmerk deur intensiewe gewelddadige optredes teen swart plaaswerkers en blanke boere deur hoofsaaklik oorlogsveterane, kleinboere, jeugdige verbonde aan ZANU(PF), polisie offisiere, politici en ander swart élite, wat die plase beset het. Daarbenewens is die riglyne vir grondhervorming soos gestel in die *Land Acquisition Act*, geïgnoreer en vervang met ‘n “free for all syndrome”. Die derde chimurenga was wetlik geregverdig en gemotiveer op grond van die “*Zimbabwe Land Reform Programme*” soos in Junie 2001 gepubliseer, hoewel die revolusionêre aksie teen Maart 2002 (met die presidensiële verkiesing) reeds die oorspronklike hervormingsteikens oorskry het. Labuschagne toon tereg aan dat die versnelling van die grondhervormingsprogram in die jaar 2000 en verder, vanuit ‘n politieke magshoek oriëntasie gedoen is met geen ekonomiese rasionaliteit – “real politics” het inderdaad hier ook nie plek vir moraliteit nie.

Uit hierdie inligting deur *Sachikonye (2003:227;235;239)* blyk dit duidelik dat daar ‘n gebrek aan respek vir die reg en grondwetlike prosesse teenwoordig is. In die tweede plek bevestig dit die afwesigheid van diepliggende versoening. Die gevolge van ‘n afwesige versoeningsproses is veral te vinde in die eskalering van intra-gemeenskapskonflik ooreenkomstig ‘n gewelddadige gedragskode - konflik wat ‘n rasse- en stamkarakter aangeneem het. In die derde plek bevestig dit die waarneming dat gebrekkige versoening rolspelers verhinder om die diepliggende historiese konflikstruktuur op die basis van inklusiewe multi-rassigheid en multi-stamgrondslag eerlik en openlik te transformeer.

Die onvermoë in hierdie konteks verhoog gedragspatrone gegrond op negatiewe intra-etniese en -stamprojeksies. Die implikasie hiervan was, afgesien van die massale patrone van landuit emigrasie, toenemend ‘n psigiese “emigrasie na binne” waar die rolspelers vasgevang geraak het in die psige van hul destruktiewe konflik. ‘n Totale onvermoë om objektiewe oordele te formuleer oor hul strategiese uitsette, in vergelyking met die oorspronklike bestaansrede van die eerste en tweede chimurengas, was die tragiese gevolg.

Emosioneel-gerigte besluitneming het die botoon gevoer oor objektiewe oordeel en besluitneming. Inteendeel, die bestaansrede van die eerste en tweede chimurengas was gerig op die herstel van menslike respek, identiteit, potensiaal ontwikkeling, ekonomiese ontwikkeling en transformasie van armoede, menslike gelykheid en beheer oor eie lewe. Die teendeel wat geproduseer was, het tot ‘n nuwe negatiewe paradoks gelei.

Die derde chimurenga het nie die oorspronklike bestaansrede van die stryd gebaar nie, maar eerder intimidasie, geweld, wetteloosheid, ontwrigting van produksie, ‘n onvermoë om te voorsien in die basiese infrastruktuur en dienstebehoefte van die nuut-hervestigde nedersetters, ‘n onvermoë om die aankope van die bekombare

plase te finansier, ‘n eskalasië in armoede en verhongering, groeiende werkloosheid (tussen 60-70% in 2002), asook ‘n ekonomie met die hoogste inflasiekoers wêreldwyd en veral, ‘n onvermoë om die historiese rasse- en stamkonflik te transformeer. Helaas, ‘n onvermoë om ware menseregte ooreenkomstig die strewes wat, onder andere, ‘n kontinentale “uhuru stryd” gemotiveer het, tot stand te bring.

Die tragedie is dat daar onder geeneen van die belangegroepes ‘n bepaalde wilskrag was om die vraagstuk op ‘n inklusief-geïntegreerde wyse, binne die konteks van ‘n multi-vlakkige ontwikkelingsprogram te benader nie. Die grondvraagstuk is dus tereg soos bo ook vermeld, die mees sigbare bewys van die onversoenende karakter en gees van die mense van Zimbabwe op inter-rasse, sowel as inter-stambasis.

In die grondvraagstuk is die totale destruktiewe konflikprojeksië-probleem van die Zimbabwiese konflikstruktuur saamgevat en word dit steeds as ‘n stryd om magsbeheer gevoer, met weinig fokus op die ekonomiese realiteite van die land. Dit is ‘n voorbeeld waar gesindhede sodanig verswak het dat negatiewe gedragspatrone volledig daaruit voortspruit. Die destruktiewe konflikterende grondhervormingsgedragspatrone is daarom die mees sigbare bewys vir die noodsaak van ‘n formele neutraal-, objektief- en kundigbestuurde multi-vlakkige versoeningsproses. Hieronder sal aksies en programme gemik op ‘n ommekeer van die bestaande krisis waarskynlik niks anders as simptomatiese uitkomst oplewer nie. Dit is daarom belangrik dat die blanke boeregemeenskap (ook die voormaliges), die swart politieke en ekonomiese élite asook die internasionale gemeenskap, (Brittanje by name, wat sy hande graag in onskuld wou was), deeglik selfondersoek moet doen oor hul aandeel in die saai van die saad van destruktiewe konflikgedrag.

‘n Verdere belangrike vraag wat ter sprake kom en veral fokus op die rol van die internasionale gemeenskap in intra-staatskonflikte, is in watter mate die waarde van staatsoewereiniteit verabsoluteer moet word, gesien in die lig van die feit dat die gevolge daarvan dikwels tot diepliggende menseregte-skendings en -vernietiging lei. Daar is waarskynlik ‘n behoefte aan nuwe internasionale reëls, prosedures en meganismes vir toetreding en voorkoming van ‘n misbruik van ‘n veranderde grondslag rakende staatsoewereiniteit. Dit handel hier nie oor ‘n aftakeling van staatsoewereiniteit *per sé* nie. Dit gaan eerder oor die rol (reëls, prosedures en meganismes) beskikbaar binne internasionale instellings om ‘n “reboot-proses” te aktiveer, indien staatsoewereiniteit deur virusse van binne aangeval en bedreig word”.

‘n Baie ernstige destruktiewe konflik-gedragselement in die post-1980-periode (‘n kwessie wat direk aandadig was vir die mislukking van versoening en ‘n vredeskultuur in Zimbabwe), was die manipulering en aftakeling van die oppergesag van die reg, basiese menseregte en ‘n aftakeling van die wesentlike kenmerke van die demokrasie in Zimbabwe vir persoonlike en etniese magsgewin. *Hill (2003:86)* wys op Mugabe se manipulering van die oppergesag van die reg, ter konsolidering van mag en die institusionalisering van ‘n nie-amptelike diktatuur, veral na die eenwording van PF-ZAPU en ZANU (PF) in 1987.

Na eenwording is die grondwet verander wat van Mugabe die uitvoerende staatspresident gemaak het met meer uitgebreide magte as enige staatshoof sedert 1923. Hiervolgens kon Mugabe wetgewing deur dekreet afkondig en regters na goeëddunke aanstel. Daarbenewens is hyself gevrywaar van regsprekende repudiëring en optrede. Hy het ook in die periode volledige amnestie aan al die soldate van die 5de Brigade toegeken. Mugabe het voorts die parlement van 100 na 150 lede vergroot, waarvan slegs 120 verkose was. Dertig lede is deur homself aangestel. Die implikasie was dat ZANU (PF) slegs 46 setels nodig gehad het om 'n meerderheid te bekom. Enige ander party het gevolglik 76 nodig. Tot en met die jaar 2000 sou ZANU (PF) 148 setels beheer waarvan 30 deur Mugabe aangestel is (*Hill, 2003:86;89*).

John Hatchard (2001:210-216) wys ook op die rol en impak wat die verontagsaming van die oppergesag van die reg, grondwetlikheid en demokrasie as destruktiewe konflikgedragspatroon in die 90-ger dekade en die vroeë 21 ste eeu gespeel het. Die muilband van die belangrikste konflikoplossende instrument en die regstelsel as 'n objektiewe arbitter, het immers 'n belangrike rol gespeel in die eskalasië van konflik. Teen die agtergrond van hierdie argumente haal Hatchard regter Ismail Mohammed aan oor die uiters belangrike rol van die grondwet in die psige van 'n land op weg na vreedsame transformasie:

"The constitution of a nation is not simply a statute which mechanically defines the structures of government and the relations between the government and the governed, it is a 'mirror of the national soul', the identification of the ideals and aspirations of a nation, the articulation of the values binding its people and disciplining its government."

Ter aansluiting by regter Mohammed sou verklaar kon word dat 'n grondwet 'n beskrywing van die *raison d'être* van 'n nasie is (die gees van die nasie). Die ignorering hiervan ten gunste van die ideale van magskonsolidasie en absolute mag en die gelykstel van staatsoewereiniteit in die posisie en persoon van President Robert Mugabe en ZANU (PF) as politieke party, is waarskynlik van die grootste redes vir die gewelddadige eskalasië van konflikgedrag in Zimbabwe. In dié konteks het die bestaansrede (*raison d'être*) van Zimbabwe vir hierdie politieke groepering, die magsbehoud van ZANU (PF), Robert Mugabe en die Shona etniese groep geword. Die vroeëre aanhaling dat "Matabeleland is Nkomo en Zimbabwe is Mugabe", blyk hier weer eens belangrik te wees.

Hatchard (2001:210-216) wys voorts op die wyse hoe die Zimbabwe regering die grondwetskrywende en daaropvolgende prosesse hanteer het toe daar vanaf 1997 'n proses begin is om 'n nuwe grondwet te ontwikkel in opvolg van die Lancaster House-grondwet. Volgens hom is dit 'n voorbeeld van die realiteit dat die gees en psige van die nasie daardeur geïgnoreer is en dat legitimeitskrisisse noodwendig voortgevloei het. Uiteindelik sou dit lei tot die verwerping van Mugabe se konsep-grondwetlike voorstelle tydens die 2000 referendum en die daaropvolgende aansienlik verkleinde, parlementêre meerderheid:

"a superimposed constitutional formulae or constitutional arrangements that . . . do not address the real causes of discontent, are sure to generate their own legitimacy crisis" (Hatchard, 2001:210).

Ironies, want Hatchard wys in sy artikel op die feit dat Mugabe aanvanklik juis ‘n relatief goeie, demokratiese konsultasie-proses in sake die ontwikkeling van ‘n nuwe grondwet van stapel gestuur het. Dit, ondanks die feit dat die proses en prosedure lomp en oneffektief was (*Hatchard, 2001:210-213*).

“The debate on a new constitution for Zimbabwe to replace the 1979 independence document commenced in earnest in 1997 when a grouping of various civic organizations that included churches, political parties (although crucially not the ruling party, ZANU(PF)) and human rights groups formed the National Constitutional Assembly (NCA).... In response, and apparently with the intention of maintaining control over both the review process and the contents of the new constitution, President Mugabe established a Constitutional Commission (CC)” (Hatchard, 2001:210).

Dit is belangrik om daarop te wys dat die NCA waarna Hatchard verwys, Morgan Tsvangirai as stigtersvoorsitter gehad het. Tsvangirai was destyds steeds die Sekretaris-Generaal van die Zimbabwe Congress of Trade Unions (ZCTU). Die ZCTU het saam met ander burgerlike organisasies hulself beywer vir ‘n nuwe grondwet. Dit was ‘n voorbeeld van burgerlike betrokkenheid in die ontwikkeling van ‘n gees van demokrasie en die oppergesag van die reg.

Mugabe sou in reaksie hierop met ‘n eie grondwetskrywende proses begin (*Movement for Democratic Change, 2007. www.mdc.co.zw*). Sy grondwetlike komitee het uit ‘n lomp 500 lede bestaan waarvan die oorgrote meerderheid ZANU(PF) lede was. Dit het ook die 150 parlamentslede ingesluit, waarvan slegs 3 lede ander politieke partye verteenwoordig het. Die ander lede is vanuit ‘n kruissnydende seksie van die samelewing getrek. Die kommissielede moes al die provinsies besoek en insette vanuit die gemeenskap oor ‘n nuwe grondwet ontvang. Die uiteindelige verslag en grondwetlike voorstelle is egter deur Mugabe verwerp en ‘n drasties-gewysigde konsepgrondwet is voorgelê vir toetsing in ‘n referendum wat deur die kiesers met ‘n nee-stem van 697 754 teenoor ‘n ja-stem van 578 210, verwerp is (*Hatchard, 2001:215*).

‘n Groot rolspeler in die mobilisering van die nee-stem in die referendum was ‘n politieke party wat, voortspruitend uit die aksies van die NCA en die ZCTU, ontstaan het. Die Movement for Democratic Change (MDC) is met die goedkeuring en inisiatief van die ZCTU/NCA met Morgan Tsvangirai, Gibson Sibanda en Professor Welshman Ncube as leidende figure, gestig. Die MDC het die woede en frustrasie van die gemeenskap gefasiliteer en ‘n verwerping van die nuutvoorgestelde konsepgrondwet in die referendum bepleit. Die MDC sou ook in die proses ‘n groot rol speel om die twee derde parlementêre meerderheid van die regerende party in die Junie 2000-verkiesings te beëindig (*Hill, 2003:98-105*). Ten spyte van Mugabe se belofte om die uitslag te aanvaar en die nuwe grondwetlike ontwikkelingsproses op die basis van konsensussoeke te bestuur het hy nietemin die wil van die kiesers ignoreer deur byvoorbeeld die deurvoering van ‘n grondwetwysiging wat die verpligte *“land acquisition provision”* wat in die referendum verwerp is, te bekragtig (*Hatchard, 2001:215*).

Die negentiger dekade het egter vanuit 'n konflik-gedragsperspektief gesien, 'n verdere onaangespreekte probleem, tot een met destruktiewe implikasies laat eskaleer. *Hill (2003:94-95)* wys in dié verband daarop dat, ten spyte van die feit dat die voormalige lede van die Rhodesiese weermag regeringspensioene verkry het, Mugabe nie soortgelyke voordele aan sy eie en die voormalige ZIRPA-magte toegeken het nie (afgesien van die aanvanklike uitbetaling waarna voorheen verwys is). Daarbenewens het die *'Economic Structural Adjustment Programme'* asook die ekonomiese afwaartse siklus, die oud vryheidsvegters direk nadelig geraak. Talle van die voormalige vryheidsvegters het lae vlakke van skoolopleiding gehad weens die feit dat hulle die skool vroeg verlaat het. Met hul terugkeer in 1980 kon hulle as gevolg van hierdie swak opleiding slegs laag-besoldigde poste bekom.

Twee dekades na afloop van die oorlog, het hierdie groepering in ernstige armoedige omstandighede, 'n oorlewingstryd gevoer. Dit, midde in omstandighede waar 'n superryk groeiende swart elite ontstaan het, wat self meer voordele getrek het uit die grondhervormingsprogram. Die oorlogsveterane het gevolglik toenemend gemarginaliseerd begin voel. Die probleem is vererger nadat die fonds wat Mugabe in 1992 gestig het om oorlogslagoffers met permanente beserings te vergoed, wanaangewend is. Volgens *Hill (2003:94)* het baie min vryheidsvegters gebaat uit die Z\$450 miljoen wat uitbetaal is. Daarteenoor het die bestaande swart élite ruim vergoeding ontvang. Voorbeelde in die verband is: Robin Shava (voormalige Zimbabwe Broadcasting Corporation werknemer) Z\$ 483 535; Viva Mwashita (parlementslid vir Hatfield) - Z\$579 091; Perence Shiri (hoof van die Lugmag en die persoon wat die 5de Brigade aanvalle in Matabeleland gelei het) – Z\$90 249; Joyce Mujuru (kabinetsminister en vrou van die voormalige weermag bevelvoerder, Solomon Mujuru) – Z\$389 427 en Augustine Chihuri (Polisie Kommissaris) – Z\$138 664 (*Hill, 2003:94*).

Die woede van die oorlogsveterane het, volgens *Hill (2003:95)*, vir die eerste keer werklik 'n sigbare intensiteit ontwikkel tydens die begrafnis van Mukona Musa in Desember 1996, na die volgende uitlating deur brigadier Gibson Mashingaidze:

“Mukoma Musa had died in poverty, Some people now have ten farms and luxury yachts, and have developed fat stomachs, while ex-combatants like Comrade Musa lived in poverty. Is this the Zanu(PF) I trusted with my life? The party that promised to care for us in our old age?he believed that the leaders had abandoned their most faithful supporters” (Hill, 2003:95).

Hill wys ook daarop dat, sedert 1997, konflik tussen die regering en die oorlogsveterane eskaleer het. Die oorlogsveterane het eise gestel in die vorm van 'n lewenslange pensioen, 'n onmiddellike uitbetaling van Z\$50 000 en bewerkbare grond. Uiteindelik het die regering besluit om die Z\$50 000 asook 'n maandelikse pensioen van Z\$2000 elk, aan oorlogsveterane uit te betaal. Laasgenoemde bedrag sou ook in die toekoms hersien word ooreenkomstig heersende inflasiekoerse. Hoewel die fondse vir uitbetaling nie beskikbaar was nie, het die regering, ondanks waarskuwings van 'n Wêreldbank taakgroep, die Zimbabwiese Reserwebank opdrag gegee om genoeg geld te druk ten einde die uitbetalings moontlik te maak. Daarbenewens het die regering besluit om die oorlogsveterane se kompensasie deels te befonds deur 'n verhoging in verkoopbelasting van 15 tot

17,5%. Belasting op elektrisiteit is ook verhoog, asook 'n brandstofheffing van 20 sent per liter. Teen 1999 het die inflasiekoers reeds tot 50% gestyg, die werkloosheidskoers was die hoogste in 50 jaar. Woede in die gemeenskap het stadig maar seker 'n sigbare straatdemonstrasie-gestalte begin aanneem (*Hill, 2003:97;105*).

In reaksie het die destydse Sekretaris-Generaal van die Zimbabwe Congress of Trade Unions(ZCTU), Morgan Tsvangirai, 'n staking vir 9 Desember 1997 aangekondig. Dit was die begin van stygende, groeiende en destruktief gewelddadige konflik tussen ZANU (PF) en ZCTU/Tsvangirai. Mugabe het die staking geblameer op blanke en buitelandse invloed en Tsvangirai is soos talle kere daarna in sy kantoor aangeval en aangerand. Nietemin, Mugabe se aanpassings van die verkoopbelasting, elektrisiteitsverhogings en brandstofheffings, het tot drastiese stygings in die koste van basiese voedselsoorte gelei. Die resultaat was burgerlike onrus en geweld in die stedelike gebiede wat veral deur sterk polisie- en later weermag-optrede beantwoord is op 'n wyse wat op 'n ignorering van die beginsel van minimum geweld neergekom het. Staatsgeweld het toenemend geïnstitusionaliseer geraak (*Hill, 2003:98-105*). Teen die agtergrond van hierdie gebeure en gesien die oorplasing van soewereiniteit vanaf die staat na ZANU (PF), is dit duidelik waarom die era van eskalerende gewelddadige konflikgedrag hierna in alle erns sou aanbreek met die stigting van die MDC in 1999.

Blair wys daarop dat die totale aantal plase wat vir besetting en onteining geormerk was, Mugabe se troef in die politieke arsenaal vir oorlewing was. Mugabe het in die proses die inherente konflik wat binne Zimbabwe ontstaan het en tot die stigting van die MDC gelei het, geprojekteer (konflikeskalasie) na blanke oorsake en motiewe. Daardeur het hy ook 'n einde aan versoening met blankes en hul "meelopers" aangekondig: *"The national reconciliation policy we adopted in 1980 is threatened,..... by the acts of the white settlers in this country and we shall revoke that national reconciliation, we shall revoke it.....the MDC will never run this country because they are used by whites"* (Blair, 2002:198).

Mugabe sou op 14 Desember 2000 die haatspraak teen blankes herhaal en ook bestaande inter-swart konflik na blank beplande motiewe projekteer: *"Our party must continue to strike terror into the hearts of the white man, our real enemy"*(Blair, 2002:203). Uiteindelik sou hierdie uitsprake morele stukrag verleen aan die geradikaliseerde oorlogsveterane, onder leiding van Hitler Hunzvi om voort te gaan met gewelddadige plaasbesettings - aksies wat op 21 Desember 2000 deur die Hooggeregshof as onwettig en boos verklaar is. Mugabe sou egter hierdie uitsprake ignoreer en volgens Blair, nog sterker optredes in 2001 en 2002 inisier (*Blair, 2002:203*). Die optredes het gevolglik verder meegewerk tot die verdere aftakeling van die gesag van die regstelstel. In ieder geval sou hierdie optredes van Mugabe en sy regering uit 'n konflikeskalasie en -gedragsoogpunt beskou, 'n waterskeidingsjaar wees.

Blair plaas die "fast track" grondhervormingstrategie en die geweldaddige konflikgedragpatroon wat dit gekenmerk het, binne die konteks van 'n regering en president wat nie in staat was om kieser-verwerping te aanvaar nie. 'n Regering wat ten alle koste mag wou behou, wat nooit in diepte ernstig was om te versoen nie en die grondoorsake van die Zimbabwiese historiese konflik wou aanspreek

nie. ‘n Regering wat nie ernstig was oor armoedetransformasie en die uit-skakeling van werkloosheid en groot ongelykheid nie, maar wat eerder ooreen-komstig die nou-bewysbare teorie van *Paulo Freire* se *Pedagogy of the Oppressed* (1996) opgetree het. Voorts argumenteer Blair dat die “fast track” grondhervormingsplan nie die verarmde kommunale inwoners bevoordeel het nie, maar eerder die swart élitistiese polisie- en weermagsoffisiere, staatsamptenare, munisipale amptenare en winkeleienaars wat ZANU (PF) ondersteun het. Die 7 miljoen verarmde inwoners van die kommunale gebiede, was volgens hom, soos in die pre-1980-periode weer eens geïgnoreer (*Blair, 2002:183*).

Grond, een van die slagare van Zimbabwe se potensiele ekonomiese skatkis, het ironies genoeg, vanweë die wyse waarop beleid-, bestuurs-, en implementerings-grondslae daarvoor beslag gekry het, ‘n ernstige sentrifugale krag geword, soos dit ook histories tot in die vroegste tye was met die uitwissing van die vroeëre inwoners. Die basiese ononderhandelbare fisiese en ontologiese mensebehoefes van, veral die arm en minderbevoorregte gemeenskape van Zimbabwe, is in hierdie proses geïgnoreer en eerder op die politieke belange altaar van Mugabe en sy ZANU(PF) eksklusiewe élite groepering geplaas.

4.4. Versoening en vredebou: konflikterende gesindhede

Wat was die aard en ontwikkelingsdinamika van in die eerste plek blank-swart en in die tweede plek, intra-swart gesindhede in die post-1980-periode? Watter impak het dit op die beoogde versoeningsproses gehad? Watter impak het dit op die mislukking van versoening uitgeoefen? Watter impak kan dit uitoefen op die transformasie van die huidige Zimbabwiese konflik? Hierdie is enkele vrae wat in hierdie afdeling ondersoek sal word.

In ‘n wetenskaplike ondersoek deur Graham Kinloch van die Florida State University, oor die aard en wese van blank-swart gesindhede in die eerste sewe jaar van onafhanklikheid (1980-1987) word sekere belangrike gevolgtrekkings ge-maak.

In die eerste plek, bevind hy, nadat hy alle briewe in die briewe kolom van die Sunday Mail vanaf 20 April 1980 tot einde Desember 1987 ontleed het, dat die gesindhede oorwegend krities van aard was, ongeag die rasse-oriëntasie van die fokusgroepe. In die tweede plek bevind hy dat swart briefskrywers oorwegend negatief was oor die geskiedenis en historiese konteks, besorgd was oor sosiale verandering en krities was oor die regering se prestasies, veral op onderwysterrein. Daarteenoor was blanke briefskrywers geneig om die verlede te verdedig, die huidige te kritiseer en hulle besorgdheid oor media onafhanklikheid en hul eie ekonomiese prioriteite uitgespreek het. Beide groepe was in die derde plek besorg oor nasionale ontwikkelingspatrone en ‘n verenigde demokratiese samelewing. Vir beide swart en blank was media onafhanklikheid noodsaaklik vir beveiliging van die demokratiese gees van die land (*Graham Kinloch, 1997:836-837*).

Die kernvraag wat beantwoord moet word is wat na Mugabe se aanvanklike sterk simboliese en verbale versoeningskommunikasie gebeur het? Wat het met vredebou en versoening gebeur? Wat het die nuwe Mugabe regering gedoen om die wortelprobleme, of soos hoofstuk 3 aandui, die historiese struktuur van die

Zimbabweese konflik as deel van 'n versoeningsprogram, te transformeer? As metingsinstrument hiervoor kan van die aanhaling uit die werk van *Prof Luc Huyse*, "*Reconciliation after Violent Conflict. A Handbook*" (Huyse, 2003:10) gebruik gemaak word. In hierdie werk maak Huyse die volgende uiters belangrike stelling oor demokrasie wat ook vir die Zimbabwe-situasie relevant is:

"Democracy is a system for managing difference without recourse to violence. Differences (of opinion, belief, ideology, culture etc.) are a natural part of every society. And conflict arises from such differences. Rather than eradicating or removing differences, or excluding some groups who differ within society, democracy functions as a process through which differences are brought out, acknowledged and dealt with in a way that permits them to exist without threatening the whole system. It is, in other words, a system for managing conflict. This process of conflict management involves debate, argument, disagreement, compromise and cooperation, all within a system that permits opposing points of view to coexist fairly without recourse to violence" (Huyse, 2003:10).

'n Kernvraag is of die post-1980 periode 'n era in Zimbabwe ingelei het waar 'n gees van demokrasie posgevat het? 'n Era waar die vermoë om verskille effektief te bestuur, erken is, sonder 'n teruggrype na geweld. Het demokrasie in die post-1980 era die kern program/metodiek vir geïnstitusioneerde konflikbestuur geword? Of het die gevaarsenario, soos uitgespel deur *Anna Jarstad* (2008:29), waar die *eiendomlike "contestation-*"psige van demokrasie juis nie omgeskakel het in vreedsame konflikbestuur nie - maar eerder die historiese geweldspisgose ('n ontkenning van die reg om met respek en in vreedzaamheid te verskil), in 'n *gereïnkarneerde vorm* voortgesit het? Nou nie tussen blank en swart nie, maar op inter-etniese vlak - Shona teenoor Matabele? Indien laasgenoede die scenario is, is die vraag waarom dit in Zimbabwe só verloop het? Was daar dalk 'n inherente gebrekkige demokratiese gees en kultuur? Hoekom is die doel van die bevrydingstryd – die erkenning en eerbiediging van menseregte, nie deur die nuwe regeerders implementeer nie? Waar het die "*Pedagogy of the Oppressed*", om die woorde van *Freire* (1996) te gebruik, in Zimbabwe skeefgeloop? Indien dit wel skeefgeloop het, hoekom is dit slegs 'n verdere bevestiging van Freire se navorsing, wat reeds jare terug gedoen is? Weer eens, wat het versoening en vredebou laat misluk?

Labuschagne (2009) wys daarop dat die redes vir die mislukking en ommeswaai vanaf die aanvanklike positiewe tendense rondom versoening en die bou van vrede op die sielkundige dimensie te vinde is. In die eerste plek was daar die stygende druk vanaf Mugabe se steunbasis wat geoordeel het dat hulle veels te min voordeel trek in post-1980-era. In die tweede plek is geoordeel dat die verloor van die referendum op verraad teen Mugabe, as "struggle held", neergekom het. In die derde plek wys hy op die kalmerende rol wat Mugabe se eerste vrou (Sally) gespeel het in vergelyking met die stygende negatiewe invloed van Grace, Mugabe se tweede vrou.

In die lig van hierdie vrae, verskaf Huyse weer eens 'n metingsinstrument vir die Zimbabwe scenario as hy daarop wys dat post-konfliksamelewings gekenmerk word deur onderhandelingsprosesse gerig op die ontwikkeling van nuwe regering-

strukture. Hierdie strukture is gewoonlik demokraties van aard wat uiteraard uitdagings aan die voormalige vyande stel om, ten spyte van hul gewelddadige konflikterende verhoudingsgeskiedenis, saam te werk aan die implementering van die ooreenkomste. Die primêre uitdaging in hierdie proses is egter om ten spyte van die gewelddadige verlede en ten spyte van hul onderlinge verhoudinge van antagonisme, wantroue, disrespek en haat, die vermoë tot samewerking te ontwikkel. Dit stel groot eise aan die funksionering van die implementeringsproses. Daar is as gevolg van hierdie dinamika 'n noodsaaklike behoefte om die histories negatiewe verhoudingsbasis te transformeer. Die doel van só 'n transformasieproses is om ten minste 'n minimum vertrouensbasis te ontwikkel, ten einde samewerking en erkenning van interafhanklikheid moontlik te maak.

Versoening is hiervoor nodig aangesien die ondersoek van die gewelddadige historiese verhoudingsbasis noodsaaklik is vir die transformering van die bestaande verhoudingskonteks. Hier is dus sprake van 'n verwantskap tussen demokratiese prosesse en versoening. Demokratiese kompromie fokus in só 'n verhouding op die ontwikkeling van oplossings vir die konflikterende strydpunte. Versoening aan die ander kant, fokus op die verhoudingsaangeleenthede tussen die mede-implementeerders van die oplossing. Die implementering van hiërdie interverwantskapsproses is nie slegs 'n taak vir die gesentraliseerde politieke élite nie, maar moet die totale bevolkingsgemeenskap insluit. Dit is immers die totale bevolking wat 'n heroriëntasie benodig, vanaf vyandige oorlogsgebaseerde verhoudings na 'n verhoudingsgrondslag ooreenkomstig samewerkende respek.

Versoening bevorder, ooreenkomstig hierdie benadering, demokrasie, deurdat dit die ontwikkeling van gesonde effektiewe onderlinge werksverhoudings skep wat benodig word vir die suksesvolle implementering van demokraties bedingde ooreenkomste. Demokrasie grondves aan die ander kant ook versoening – die genesing van verhoudingsbehoefte deur ekonomiese geregtigheid en politieke en sosiale magsdeling. Demokrasie en versoening is dus, volgens Huyse, interverwant en interafhanklik. Positiewe werksverhoudinge genereer immers die atmosfeer waarbinne goeie regering kan gedy. Negatiewe verhoudinge ondermyn, aan die ander kant, die beste vorms van regering (*Huyse, 2003:11-12*).

Die kernvraag is dus, was dit dalk die samevattende probleemdefinisie wat vanaf die pre-1980 era oorgeloop het na die post-1980-era? Het dit die fatale erfenis van Zimbabwe geword? Indien wel, kan versoening met sy fokus op verhoudingshantering, Zimbabwe se konflikproses fasiliteer tot 'n nuwe transformasie waarvan 'n gees of kultuur van demokrasie, die uiteindelijke volhoubare produk is? In hierdie konteks wil dit voorkom dat die gebrekkige fokus op die rol van versoening, as instrument vir die bou van gesonde werksverhoudinge, die kernrede vir die konflikteskalasieproses in Zimbabwe is. Bevestiging hiervoor kan ook in die talle negatiewe rasgedrewe uitsprake van Mugabe gesien word wanneer hy in sy motiverings vir politieke en ekonomiese mislukkings, projekteer na sogenaamde blanke, westerse en swartmeeloper verraad.

Luc Huyse (2003:34) ondersoek in die verband, vanuit sy perspektief, die Zimbabwe oorgangsproses en die redes vir die mislukking van versoening aan die hand van veral 2 vrae. In die eerste plek, hoekom het versoening tussen die Mugabe-regering en die blankes in Zimbabwe misluk en tweedens, watter faktore

is die oorsaak van gebrekkige of afwesige intra-swart versoening? Van die belangrike gevolgtrekkings wat Huyse maak, is onder meer dat versoening gebou was op verkeerde aannames, paradigmas, motiewe en konflikhanteringsstrategieë: *“This policy was from the very beginning built on sand: it was almost exclusively based on political and economic imperatives, weakened by the triple culture of amnesia, impunity and contentment (or easy satisfaction), and imposed from above.” (Huyse, 2003:35).*

Huyse wys op die gevare van kosmetiese benaderings tot versoening. As voorbeelde noem hy politieke en ekonomiese gedwongenheid, doelbewuste “geheue verliesstrategieë” (konflikvermyding), strafloosheid, tevredenheid en versoening ingestel en afgedwing vanaf sentrale regeringsvlakke. Hy argumenteer dat dit in Zimbabwe die geval was en een van die primêre redes vir die mislukking daarvan is. ‘n Tweede belangrike aspek wat Huyse as ‘n ernstige nalating in die Zimbabwe versoeningsproses identifiseer, is die afwesigheid van ‘n openbare erkenning van die verkeerdhede van die verlede. Verbandhoudend hiermee wys hy op die nalating van prosesse gemik op korrektiewe geregtigheid en veral ‘n nalating van vordering op die terrein van ekonomiese geregtigheid (*Huyse, 2003:36*).

‘n Belangrike element wat Huyse beklemtoon, is die ontwikkeling van ‘n kultuur van vergeet en amnestieverlening in beide die pre- en post-1980-era’s. Daarbenewens argumenteer hy dat die benadering deur middel van die Lancaster House-ooreenkoms geïnternaliseer is. Dit het, volgens hom, die vorige blanke bewind goed te pas gekom vanweë die menseregte oortredings deur die intelligensiediens, polisie en weermag. In dieselfde mate het dit die Mugabe-regering gepas, gegewe hul eie menseregte oortreding teen burgerlikes en in die guerrilla kampe in Mosambiek en Zambië. Die fatale erfenis hiervan was egter die konsekwente voortdurende verlening van amnestie aan regeringsvertegenwoordigers in die post-1980-era vir growwe menseregte skendings. Die moord op ‘n blanke boer deur die voormalige sekretaris-generaal van ZANU(PF) en die toekenning van amnestie aan hom gegrond op die “Indemnity and Compensation Act of 1975”, is ‘n enkele voorbeeld in hierdie verband.

Ernstiger is die impak wat die kultuur van amnestie gehad het op die erodering van die onafhanklikheid van die regbank, politieke manipulering van die polisie en die stilmaak van die onafhanklike media en menseregte organisasies. Tesame hiermee het ‘n kultuur van voldaanheid in regeringsgeledere met die nuwe post-1980-era posgevat wat op sy beurt ontwikkel het tot ‘n ignorering van die dringendheid om sosio-ekonomiese geregtigheid as prioriteit te inisieer. Die resultaat hiervan was ‘n kultuur van tevredenheid met die feit dat die transformasie van die ernstige patrone van ekonomiese ongelykheid tussen blank en swart, nie prioriteitsaandag geniet nie. In die verband het veral die kwessie van grondverdelingsongelykheid en rykdomongelykheid voorop gestaan (*Huyse, 2003:36-37*). Die resultaat hiervan sou ‘n eskalاسie in die psige van onversoenbaarheid in die laat negentiger en vroeë 21 ste eeu wees.

Een van die ernstigste aanklagte van Huyse teen die nalating van ‘n versoeningsprogram in Zimbabwe was die feit dat versoening ‘n direktief vanaf die sentrale vlak was, sonder inagneming van ander noodsaaklike multi-vlakkige rolspelers.

Die geïntegreerde amptelike deelname van tweede- en derdevlak rolspelers was dus nie volgens die Lederach-model as deel van 'n nasionale beleidsdirektief, toegepas nie. Dit het, volgens hom, verhinder dat versoening binne die gemeenskap geïnternaliseer word. Volgens hierdie oogpunt het 'n gees van versoening nie posgevat nie. Die resultaat hiervan was ooglopende steun vir die radikale grondherverspreidingsprogram deur die Mugabe-regering (*Huyse, 2003:37*).

Huyse verwys ook na die gebrekkige versoening tussen Shona en Matabele en die oorsprong daarvan wat waarskynlik teruggevoer kan word na die Matabele toetrede tot Zimbabwe in die 19de eeu (hoewel historici hieroor debat voer). Meer resent verwys hy na die impak van die Gukurahundi en die noodwendige beëindiging van swart-swart versoening as gevolg daarvan. Die optredes van die 5de Brigade en die verontskuldigings van menseregteskendings deur hulle gepleeg, word as bewysplaas hiervoor verskaf. Huyse argumenteer dat die 1987-eenheidsooreenkoms gewelddadige konflik uitgeskakel het, 'n ongemaklike saambestaan verseker het, maar dat dit nie ware versoening was nie. Konflik sou 'n dimensie van diskriminasie en verwaarlosing van veral die Matabele aanneem. Noodsaaklike vereistes van versoening soos vertrouwe, empatie, 'n demokratiese magsdelingsproses en groeiende vlakke van gelykheid, sou nie materialiseer nie (*Huyse, 2003:38*).

Die verslag van die Catholic Commission for Justice and Peace (2007) wys ook op tipiese psigologiese gevolge van die omvang van staatsgeweld en marteling as gevolg van die Gukurahundi. Voorbeelde hiervan was byvoorbeeld post-traumatiese stres en die verkragtingstrauma-sindroom (*Catholic Commission for Justice and Peace, 2007:329*). Ander gevolge in die groter samelewing wat vir jare voortgeduur het, was byvoorbeeld, volgens die kommissie 1. 'n volgehoue vreesklimaat onder die geaffekteerde bevolking wat die gemeenskap se vermoë tot volle sosiale en ekonomiese lewens drasties geraak het; 2. 'n toename in gewelddadige gedragsspatrone in die betrokke gemeenskappe; 3. die verskynsel van stilte tydens groepsessies uit vrees vir vergeldingsaksies asook; 4. vrees in die geleedere van veral menseregte werkers vir 'n veilige toekoms. Die impak daarvan was volgens die kommissie merkbaar in terme van deelname aan sosiale en politieke aktiwiteite (*Catholic Commission for Justice and Peace, 2007:332*).

Uit 'n analise van die verslag is dit duidelik dat, afgesien van die konflikgedragsspatrone en die fisiese implikasies daarvan, daar omvangryke psigologiese impakte is. Die impak van hierdie gesindheidskonflikte op die groter samelewingskonteks (sosiale, ekonomiese en politieke verbande), en dus op die eskalering van 'n kultuur van destruktiewe konflikresolusie strategieë, word sterk deur die kommissie se verslag beklemtoon. Dit is aangeleenthede wat 'n beduidende impak op die verskillende vlakke van onversoenendheid gehad het:

“There are those living now in our country that have been tortured, watched others being tortured, seen deaths by execution, and even had a close family relative abducted, never to be seen again. It is also pertinent to observe the very real poverty of many of these survivors, and to remember the findings on property loss. The general air of economic stress scarcely provides a climate for healing and rehabilitation, and may worse than this, be a source of continued

trauma, or..... ‘continued traumatic stress’....The survivors of Gukurahundi will show physical and psychological injuries and disorders, and will probably have little faith in these being addressed, given it is the same Government that inflicted the injuries that they must go to for help.....how can we continue to help relieve others of their sorrow and liberate them from the sufferings of grief if society keeps shutting the door on truth and full redress? Is it at all possible to imagine peace of mind for a person if you force him/her completely to give up any hope of finding out the whereabouts of a son, a spouse, the most beloved? How do we succeed in making a survivor of cruel and inhuman torture feel completely rehabilitated if this society continues to disgrace the survivor and lets the torturer go unpunished.....The task will be difficult, but not impossible with the will and commitment to change the future by acknowledging the past.” (Catholic Commission for Justice and Peace, 2007: 334).

Die verslag van die “*Chihanibakwe Commission of Inquiry*” wat die gebeure verbandhoudend met die Gukurahundi moes ondersoek, is ook nooit bekend gemaak nie. Dit het uiteraard die benadering van “geheueverlies” as versoeningstrategie, soos deur Huyse aangetoon, onderstreep maar nooit daarin geslaag om die onderliggende bronne van konflik en gevolglike konflikgesindhede, soos deur Galtung en Mitchell onderstreep, uit die harte van die mense van Zimbabwe, te verwyder nie. Die “Clemency Order of 1988” (rakende die Gukurahundi optredes); die 1995-presidensiële amnestie (afbrand van huise deur ZANU (PF)-lede tydens die 1995-verkiesings) asook die “Clemency Order of 2000” na aanleiding van ontvoerings en martelings tydens die Junie 2000-parlementêre verkiesings, is almal voorbeelde van die kultuur van -amnestie, -vergeet en -ignoreer, wat die psigologiese impak van wesentlike versoening bemoeilik (Huyse, 2003:38).

In sy aanbevelings vir die herstel van ware vrede in Zimbabwe beveel Huyse (2003:39) ‘n versoeningsproses aan wat histories inklusief insluitend is. ‘n Proses wat geregtighedsvraagstukke op politieke, sosiale en ekonomiese terreine aanspreek. ‘n Proses wat alle rasse en gemeenskappe in Zimbabwe (swart-wit en swart-swart) asook ter sake globale en koloniale akteurs insluit in beide die pre-1980-eeu en post-1980-dekades. Só ‘n proses moet, volgens hom, ‘n soeke na waarheid, herstellende geregtigheid (nie vergeldende geregtigheid nie), asook die transformasie van ekonomiese ongelykheid insluit.

Holland sluit by Ndlovu se beklemtoning van die etniese grondslag van konflik aan deur in haar welbekende boek, “*Dinner with Mugabe*”(Holland, 2008:208) 'n analise van Dennis Norman, voormalige blanke “versoeningskabinetslid” in die Mugabe-regering, aan te haal na aanleiding van sy denke rakende Mugabe se besluit om die beleid van multi-etniese versoening ter ruste te lê:

“Denis Norman says Zimbabwe’s premier was deeply hurt and angry when, despite all his efforts to reassure them, white Zimbabweans voted racially against him and in favour of Ian Smith in 1985. He also blames Britain for destabilising Zimbabwe by withholding the funding required to accomplish land redistribution. According to Norman, the land grab which ruined Zimbabwe’s economy began spontaneously and was claimed by the president as his own initiative only once Mugabe realised he had lost control. In addition, Norman

argues that Mugabe's acute jealousy of Nelson Mandela's rise to fame at a time when Mugabe's own star was on the wane significantly embittered the Zimbabwean leader" (Holland, 2008:208).

'n Tweede onderhoud van Holland, met dieselfde strekking en gevolgtrekkings, was met Lawrence Vambe, 'n ou skoolkennis van Mugabe en latere geskiedskrywer/akademikus. Vambe het in die onderhoud aangevoer dat die verwerping van Mugabe by die stembus deur blankes, nadat hy die eerste vyf jaar 'n versoeningsbenadering tot hulle gevolg het en later ook met die 2000-referendum, 'n groot keerpunt in Mugabe se uiteindelijke verwerping van versoening gehad het. Die tweede invloed was die sterfte van sy vrou, Sally, wat 'n baie groot gematigde impak op Mugabe gehad het: *"Something closed down in him. He returned to being a lonely, isolated little boy in an old man's body....."* (Holland, 2008:209-210). Sy derde motief was waarskynlik die uitwysing van Westerse dubbelstandaarde. In dié verband wys sy op die feit dat die Weste 'n "dowe oor en blinde oog" geopenbaar het tydens die Gukurahundi, maar in die sterkste vorm denkbaar protes aangeteken het toe Mugabe se "grondtroepe", blanke plase beset het en sommige boere vermoor het (Holland, 2008:209-210).

Vambe se analise van Mugabe sny aan by Sites se *Human Needs Theory* (Sites, 1973:9) en veral by die ernstige nie-onderhandelbare behoefte aan identiteit en erkenning en die rol wat persepsiële bedreigings speel in die ontwikkeling en eskalering van mense-konflik. Die soeke daarna kan alle aksies, gedragspatrone en beleidsrigtings beïnvloed en domineer indien die bedreiging daarvan 'n persepsie is. Dit is 'n behoefte wat van sy kinderjare af talle van sy optredes gemotiveer het. Hierdie is 'n uiters belangrike waarneming wat die impak van persepsies van doelonversoenbaarhede, asook die rol van ontologiese mensebehoefte as motiveerder vir anti-sosiaal aanvaarbare gedrag, ook in die Zimbabwe scenario, bevestig. Dit beklemtoon voorts die feit dat die psigologiese ervaringsveld van politieke en ander leierskappe deeglik verreken moet word, veral ten opsigte van prosesse verbandhoudend tot besluitneming en konflikbestuur. Vambe wys die impak daarvan op Mugabe soos volg uit:

"...He was always settling scores. That was his nature, even as a child.....he wanted love and affection from his siblings and later from his people, and he firmly believes he has given them what they most wanted: the return of the land taken by the whites in the 1890's. He doesn't care that he destroyed the economy in the process. He thinks that was just the sacrifice that had to be paid – but by others, not him, of course." (Holland, 2008:209-210).

Holland en Vambe se analise sluit ook sterk aan by die werk van *Paulo Freire*. Die vervolgde wat die heerser word en nou midde in Sites se behoefte-jaag na identiteit en erkenning, 'n erger psigologiese onderdrukker van mense word. Die paradoks gebeur in die proses – hy word juis dit waarteen hy in die eerste plek geveg het (Freire, 1997:27). Vanuit die aanhalings gemaak van Holland, kan afgelei word dat Mugabe in sy besluit om weg te beweeg vanaf sy aanvanklike versoeningsgerigte beleidsrigtings, 'n diep psigologiese reaksie, gegrond op persepsies van menslike behoefte bedreigings geopenbaar het. Meer spesifiek, persepsies en gewaarwordings van menslike verwerping.

In watter mate Holland se analise korrek is, al dan nie, verg verdere ondersoek. Wat wel aandag verdien, is die mate waarin dit ooreenstem met Freire se waarskuwing dat die onderdrukker dikwels vanweë sy eie psigologiese onvermoë om sy geskiedenis van onderdrukking te verwerk, self 'n baie sterk onderdrukker word. Haar analise toon ook 'n merkwaardige ooreenkoms met Galtung en andere se verwysing na die komplementêre rol wat die psigologiese dimensie van die konfliktdriehoek in die eskalering van konflik speel. Ter bevestiging hiervan die volgende aanhaling van *Holland (2008:213-231)* se werk:

“When Mugabe rebelled – and stopped trying to please ‘everybody’, in the words of his prison priest Father Emmanuel Ribeiro – because he felt he had nothing left to lose after a lifetime spent playing a game as the ‘good native’,It is quite possible that Mugabe’s grievances simply accumulated to the point where, unable to bear the humiliation of being rejected by his own people or believing he had been made to look a fool by the British, he decided to strike back at all those he reckoned had betrayed him, regardless of the consequences.” (Holland, 2008:213).

Holland som haar siening van die probleem op deur daarop te wys dat Mugabe se probleem en krisis ontstaan het as gevolg van sy gedetermineerdheid om wraak te neem vanweë sy ervaring van verwerping reeds vanaf sy kinderjare. Sy lewe was gekenmerk deur isolasie en gemarginaliseerdheid vanuit die sosiale groep. Dit was slegs Sally (sy vrou) wat hom psigies van hierdie gevoelens verlos het - dié één wat hy volledig kon vertrou. Haar sterfte was 'n vernietigende slag vir Mugabe. Uiteindelik was Mugabe se politieke keuses, beïnvloed deur sy onverwerkte historiese psigiese ervaringsveld, wat Zimbabwe tot op die punt van vernietiging gebring het: ***“Too weak to tolerate rejection, too angry to resist revenge, he succumbed to his power lust as well as to retribution rather than serving Zimbabwe in the best interests of the people who once idolised him.” (Holland, 2008:216).***

Hierdie analise van Holland beklemtoon die relevansie van Galtung se konfliktdriehoek en veral die impak wat gesindheidsdimensies op beide die persepsies van doelonversoenbaarhede en gedragsoptredes het. Dit beklemtoon voorts dat die teorie van konflikresolusie 'n veel groter klem op die impak van gesindheidsbeïnvloeding moet plaas, gegewe die feit dat konflikresolusie in wese 'n mensewetenskap is en hom met die menslike dinamika moet bemoei. In hierdie verband is Victor Frankl (eksistensiële sielkundige in Auschwitz) se waarneming dat die mens se daade grootliks 'n metingsinstrument is van sy denkwêreld, van besondere belang vir politieke studies en 'n beklemtoning van die noodsaak en rol van versoening in konfliktsituasie, ook op intra-staatlike vlak.

In *Holland (2008:231)* se onderhoud met Mugabe laat Mugabe hom in lyn met Holland se psigo-analise soos volg oor die grondkwessie uit:

“The stance we took was: ‘they can refuse their money but the land is ours anyway. So keep your money and we’ll keep our land. So that became it. Then our people became disenchanted and the war veterans started moving on to farms and taking them. We said we would not arrest them, but we would not at the same time regard them as legal acts.’ (Holland, 2008:231).

Dit wil voorts voorkom asof Holland se analise van Mugabe ooreenstem met een van die konflikanalises gedoen in hoofstuk 2, sien in dié verband Tabel 5 (Konflikgesindhede), waar aangedui word dat inklusiewe kulturele vooroordeel 'n ernstige konflikgesindhedsbron is.

Blankes het oor die jare die swart bevolking as van 'n laer kulturele orde beskou. Daarenteen het die swart bevolking die blankes as buite kontinentale vreemdelinge, indringers en vyande beskou wat in disharmonie met die Afrika kulturele en religieuse realiteit leef. Holland maak in dié verband die volgende waarneming oor haar onderhoud met Mugabe:

“.....However, many of the white farmers were their own worst enemies in the sense that they underpinned Mugabe’s ‘them’ and ‘us’ view through their shocking racism. They could never portray themselves as Africans, trying instead to elevate themselves to superior, denigrating, British-type overlords.” (Holland, 2008:232,237).

Indien hierdie aanname korrek is, bevestig dit dat diepliggende inter-etniese versoening nie plaasgevind het nie en dat die voortbestaan en eskalering van negatiewe historiese konflikgesindhede aan die een kant en die ignorering om dit deur doelmatige versoeningsprogramme in die post-1980-era aan te spreek, 'n prominente oorsaak kan wees. Hierdie is 'n belangrike waarneming, veral indien die jongste internasionale navorsing oor die rol van vredebou, versoening en demokratisering in post-oorloggeteisterde samelewings in ag geneem word. Die gevolge van, aan die een kant, 'n afwesigheid van doelmatige programme van versoening en vredebou en, aan die ander kant, die problematiek verbonde aan effektiewe tydsraamwerke, effektiewe beplanning en effektiewe koördinerings tussens prosesse van vredebou en demokratisering, word sterk beliggaam in die navorsing wat *Anna Jarstad, Timothy Sisk(2008)* e.a. in hul boek, *“From War to Democracy. Dilemmas of Peacebuilding”*.

In hul navorsing wat 45-prosesse van vredebou en demokratisering regoor die wêreld na tydperke van oorlog insluit, bevind Jarstad en Sisk dat demokratisering en vredebou dikwels as komplementêre prosesse beskou word. Dit kan ook negatiewe impakte op mekaar hê, indien dit nie volgens die konteks van omstandighede korrek beplan is nie (*Jarstad, 2008:17*). Sy verduidelik dat demokrasie, vanweë die fokus op die reg om te verskil, asook die beginsels van kompetisie tydens byvoorbeeld verkiesings, dikwels nie gemenegrond beklemtoon nie, maar juis andersheid en verdeelde sienings.

In omstandighede in samelewings geteister deur diepgewortelde konflik, samelewings met 'n geskiedenis van gewelddadige konflik, is 'n klimaat of gees van demokrasie, waar die reg om te verskil en waar die bestuur van verskille en konflik vreedsaam deur demokratiese prosesse hanteer word, heel dikwels afwesig. Wapens is in sulke samelewings ook dikwels onbeheers teenwoordig. In die psigiese klimaat waar trauma van jarelange geweld en intimidasie asook vrees vir vergelding en weerwraak heers, is politieke vertrouwe baie laag. Gevolglik is die eise van kompetisie soos dit binne verkiesingsprosesse gestalte vind, dikwels nie gepas nie. Integreerende bestuurde en multi-vlakkige versoeningsprosesse is in

sulke tye dikwels meer nodig as om die burgery aan risiko-belaaide verkiesings, op die korttermyn, bloot te stel (*Jarstad, 2008:29,31*).

In dieselfde navorsing wys *Timothy Sisk (2008:258)* op die noodsaak om die strukturelemente van konflik deur korrekte beplande prosesse (tydsbeplanning ingesluit) van vredebou aan te spreek, al wil dit voorkom asof vrede deur eenvoudige oorgangsproesse gevestig was: *“As Wallenstein notes, many of the crises in the cases he has evaluated – Uganda, Lebanon and Libia – have come a decade or more after the peace agreement was reached. Likewise, Zimbabwe is an example of a situation in which the legacies of war and social conflict threatened peace and democratization more than a decade after the war was ostensibly settled, with devastating social, economic and regional effects of the slide into authoritarianism and state failure in that country.”*

In een van die basis dokumente van die MDC: *“Roadmap. The National Healing & Integration Agenda: Truth, Justice and Reconciliation Commission (www.mdc.co.zw)* word die sentimente en gesindhede van ‘n beduidende persentasie van die Zimbabwiese kiesers, (indien in ag geneem word dat die MDC die 2008-parlementêre verkiesings gewen het), in sake die post-1980-periode verwoord. Om die rede word dit direk aangehaal, aangesien daar ‘n mate van aansluiting by die werk van Jarstad te vinde is:

“We live in a fractured society. The nation is highly polarized and tension has reached fever pitch. The language of hatred has become a form of currency passed around with the blessing of the authorities. A sizeable section of our community, a portion of our nation has been ordered to hate, often in cases of reverse racial discrimination. We are divided across race, ethnicity and politics. The policy of Nation Reconciliation as espoused after independence lacked practical substance since it did not seek to address in a structured way abuses that occurred before 1980 (www.mdc.co.zw).

In dié opsig is die transformasie van die onderstaande konflikgesindhede soos in die MDC-dokument belangtig, van die grootste belang. Dit behoort as metingsinstrument vir ‘n suksesvolle konfliktransformasie- en versoeningsproses ingesluit te word:

“’n Gefragmenteerde samelewing gegrond op ras, etnisiteit en politieke verdeling; hoogse gepolariseerd; koorsagtige spanning; haatspraak, geondersteun deur die regering; omgekeerde rassediskriminasie; permanente psigiese littekens weens die impak van die Gukurahundi; gees van ontkenning; gevoelens van onveiligheid, gebrekkige sekuriteit, onverdraagsaamheid met diegene wat van jou verskil (diversiteitsonverdraagsaamheid); bitterheid, gees van vergelding en disrespek vir die oppergesag van die reg.”

Erin MacCandless (2000:234) vul by die lys van konflikterende gesindhede wat die proses van versoening tans belemmer, aan en wys daarop dat *gebrekkige* intergroep-kommunikasie en die nalating om effektiewe intergroep kommunikasiekanale te skep ‘n direkte eskaleerder van destruktiewe konflikgesindhede was. In hierdie verband wys hy op die suksesse wat SA in sy oorgang met kommunikasie-instrumente behaal het. Samehangend hiermee wys hy daarop

dat hierdie nalatings veel daartoe bygedra het dat 'n pre-1980-konflikgesindheidselement, diepliggende inter- sowel as intra-etniese wantroue in reusespronge geëskaleer het en bydraend was vir die eskalering van gewelddadige konflikgedragspatrone.

In die lig van die MDC se betoog vir 'n Waarheids- en Versoeningskommissie as medium om veral gesindheidsgerigte konflikte te transformeer, is die benadering van *Erin MacCandless (2000:234)* relevant, waar sy argumenteer dat 'n prominente rede vir die mislukte diplomatieke en ander vredes pogings in Zimbabwe, die ignorering van die wesentlike behoeftes vir geregtigheid van die 'onderdrukte en rebelle groepe' is. Sy argumenteer dat die Lancaster House-ooreenkoms die fokus foutiewelik op 'n proses van konflikterminasie geplaas het, terwyl die ware behoefte eerder 'n vredesooreenkoms was wat tot 'n proses van regverdige uitkomst en volhoubare vrede kon lei: ***“It preserved white interests and economic power, without adequate measures to address the cause of war in the first place – the injustice of grossly unequal access to land (MacCandless, 2000:234).*** Sy wys daarop dat dit 'n ingewikkelde proses is, omdat die verskillende belangegroepes in Zimbabwe verskillende ervarings, sienings en waardes het oor wat geregtigheid impliseer. Vir haar is die proses hoe hierdie verskille in onderhandelings aangesprek word krities, vir noodsaaklike vertroue en verhoudingsbou (*MacCandless, 2000:234*).

In die lig van die MDC asook MacCandless se betoog vir waarheid, versoening en herstellende geregtigheid is die navorsingsverslag van die *Centre for the Study of Violence and Reconciliation (July, 2005)* in hul ondersoek na omstandighede van versoening in Angola, Mosambiek, Malawi, Namibië en Zimbabwe, van besondere belang. 'n Belangrike deurlopende reaksie van die fokusgroep, ook oor die Zimbabwe situasie, was dat die huidige situasie nie beter as die koloniale opset is nie (*Centre for the Study of Violence and Reconciliation, July, 2005:6*). In hul reaksie op die Gukurahundi wys hulle daarop dat gesindhede van vrees en stilte vir jare na die gebeure deel van die burgerlike samelewingspatrone geword het.

Die verslag toon ook aan dat daar stygende inter-swart rasisme en “tribalism” in die post-1980-era ontwikkel het. Ander prominente konflikterende gesindhede wat as resultaat van onderhoude met die fokusgroepe beklemtoon word, is onder meer geen respek vir menselewens en hul waardigheid nie; doelbewuste pogings om die verlede te probeer verwerk deur te vergeet en nie daaroor te praat nie, wetende dat dit tot onverwerkte haat lei; eise dat slagoffers amptelik materieel vergoed word; skuldiges hul skuld moet bely, die waarheid vertel en duidelik berou toon (*Centre for the Study of Violence and Reconciliation, July, 2005: 7;39*).

In sy analise van die destruktiewe konflikgesindhede argumenteer *Nkomo (1984: 217;252)* dat Mugabe en die eerste post-1980-regering versoening en nasionale eenheid ondergeskik aan mags- en partikulêre belange gestel het en niks gedoen het om faksie gevegte in sy eie geledere te transformeer nie. Dit is volgens hom 'n aandadige faktor in die ontwikkeling van latere negatiewe gedragspatrone:

“The underlying problem was that the ZANU ministers – regarded their party central committee as more important than the cabinet or parliament itself

.....Zanu had been set up on the back of tribal feelings, stirred up in the first place Shona-speaking exiles who exploited it as a way of attacking my own leadership...Zanu central committee had developed into a balancing act between the various Shona-speaking groups. Nothing could be decided rationally: everything rested on the calculation of advantage between those groups.”

Sandra Maclean (June, 2002:514) argumenteer egter aan die ander kant, dat die toenemende partikulêre en outoritêre maggesentreerde benadering van die Mugabe-regering wel ‘n positiewe gesindheidsimplikasie gehad het, ten spyte van die eskalاسie in staatsgeweld en intimidاسie. Volgens haar het veral die MDC en NCA se weerstand teen die regering se grondwetlike hervormingsprosesse gedurende 2000 en later, tot ‘n verdere groei in *georganiseerde burgerlike samelewingspolitieke bewussyn* en samewerking gelei. Prominent in die verband was die aktivering van studente groepe, akademici, opposisie media, kerkgroepe, verskeie NGO’s en ‘n stygende persentasie middelklas verteenwoordigers van sake en ander professies.

Die eskalاسie in georganiseerde burgerlike samelewingsaktiwisme het, volgens haar, veral in die tweede helfte van die 1990’s in tempo geëskaleer. Soos in Suid-Afrika hou dit ‘n belangrike strategiese sleutel vir die beskerming van ‘n gees van demokrasie in. Veral indien daar ‘n suksesvolle konfliktransformasieproses kan plaasvind met ‘n terugkeer na inklusiewe deelnemende demokrasie en die oppergesag van die reg. Maclean motiveer haar argument deur daarop te wys dat die groeiende verontagsaming van burgerlike regte, meningsuitdrukking en politieke deelname, asook die bedreiging van hul menslike behoeftes, verantwoordelik is vir groeiende burgerlike onrus en aktiwisme in en buite Zimbabwe.

Kenmerkend van die konflikgesindhede van aktiwisme in Zimbabwe is dat dit nie die vorm van “warlords”, soos in talle ander Afrika lande, aanneem nie, maar juis van verkose georganiseerde burgerlike samelewingsrolspelers. Mugabe se opposisie kom, volgens haar, nie van dissidente aksies nie, maar organisasies wat vanuit die hart van die gemeenskap funksioneer, ongeag die bedreigings wat staatsgeweld inhou (*Maclean, June 2002:517-519*). Op hierdie aktiewe burgerlike samelewingsgees sou die fundamente van ‘n nuwe demokratiese orde gebou kan word, ooreenkomstig Lederach se model van geïntegreerde multi-vlakkige en multi-dimensionele vredebou.

Maclean (June 2002:520) wys daarop dat, aan die ander kant, die Afrika neiging tot “warlord”-benaderings en -gesindhede toenemend deel van die Mugabe regeringsbenadering geword het:

“Indeed, certain features of decadent leadership described in the introduction of Warlord Politics apply, to a worrissome degree, to present-day Zimbabwe: in principle, the triumph of informal (shadow state) networks to the near exclusion of bureaucracies, or state collapse in political science literature, could leave rulers in a condition in which they pursue power through purely personal means and that pursuit becomes synonymous with and indistinguishable from their private interests... an increasing use of the offices of state for personal

gain, and an apparent growth in 'informal' networks to maintain the regime are features of the Mugabe leadership.”

Tot krediet van Maclean se argument kan daar inderdaad na die Mugabe-regering se alliansie met en aanwending van die oorlogsverterane, die Jeugbrigade en die rol van die polisie en breë veiligheidsgemeenskap verwys word. Die vervanging van gerespekteerde Hooggeregshof juriste met Mugabe ondersteuners, asook die kwytskeldings van oorlogsveterane en jeugbrigade-optredes tydens onwettige plaasbesettings en tydens intimidasie van opposisie groepe, is voorbeelde en bewyse van die teenwoordigheid van hierdie gesindheidskenmerke in regeringsgeledere (Maclean, June, 2002:520). Maclean (June, 2002:526) argumenteer verder dat die internasionale gemeenskap die aktivistiese gesindheid van die burgerlike samelewing, sowel as die aanspreek van die politieke en ekonomiese ontwikkelingsvraagstukke wat aan die hart van die historiese konflikstruktuur geleë is, as grondslag moet gebruik om mee te help tot die transformasie van die huidige konflikstruktuur van Zimbabwe.

Tabel 23 verskaf enkele voorbeelde van burgerlike samelewingsorganisasies en menseregte groepe, NGO's, ens. wat tans aktief in Zimbabwe op 'n multi-dimensionaliteit van terreine funksioneer, gemik op die transformasie van die Zimbabwiese vraagstuk, die herstel van demokrasie en menseregte, armoedetransformasie, media vryheid, ens.

Tabel 23: Georganiseerde burgerlike samelewingsorganisasies in Zimbabwe (Nie volledige lys). (Bron: www.kubutana.net)

| Organisasie | Bestaansdoel |
|--|--|
| Amani Trust | Democracy; Good Governance; Human Rights |
| Anti-Corruption Trust of Southern Africa | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Centre for Research and Development | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Centre for Community Development | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Christian Care | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Christian Legal Society | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Crisis in Zimbabwe Coalition | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Farm Community Trust of Zimbabwe | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Legal Resource Foundation | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Zimbabwe Lawyers for Human Rights | Democracy; Good Governance Human Rights |
| Justice for Agriculture | Land rights |
| FOSENET (Food Security Network) | Land rights |
| Zimbabwe Environment Law Association | Land rights |

| | |
|-----------------------------------|------------------|
| Human Rights NGO Forum | Human Rights |
| Solidarity Peace Trust | Human Rights |
| Zimbabwe Peace Project | Human Rights |
| Harare Inner City Partnership | Local Government |
| Zimbabwe Congress of Trade Unions | Local Government |

4.5. Beoordeling

Die doel van die hoofstuk is om deur ondersoek en analise antwoorde op die volgende drie vrae te verskaf: 1. Was daar versoening in die post-1980-periode in Zimbabwe? 2. Is die historiese konflikstruktuur getransformeer? 3. Indien daar nie versoening was nie, hoekom het dit misluk? As metingsinstrument vir analise, beoordeling en beantwoording van hierdie drie kernvrae, verskaf Tabel 21 ‘n kontrolelys van die historiese konflikstruktuur soos in hoofstuk 1 geanaliseer is. Die tabel is ‘n praktiese toepassing van Johan Galtung se konflik-driehoek wat as basis dien van hierdie studie se ontleding van die historiese konflikstruktuur in Zimbabwe.

Was daar versoening in die post-1980-periode? Uit die ondersoeke in hierdie hoofstuk gedoen, is dit baie duidelik dat daar algemene ooreenstemming tussen die analiste bestaan dat daar nie ‘n **geïntegreerde versoenings- en vredeboubeleid en program** in die post-1980-periode bestaan of ontwikkel is nie. ‘n Belangrike bewys hiervan is die waarneming dat die aanvanklike pogings wat aangewend is, nie al die dimensies van die historiese konflikstruktuur kon transformeer nie. In hierdie verband moet die integrasie van versoeningsprosesse asook, Lederach se beklemtoning van die vereistes vir ‘n multi-vlakkige versoeningsproses, as metingsinstrument gebruik word in die Zimbabwe gevallestudie. ‘n Vereiste vir ‘n geïntegreerde versoeningsproses impliseer immers, ooreenkomstig die Lederach model, dat daar in die eerste plek ooreenstemming onder alle deelnemende rolspelers (die voormalige konflikterende partye) moet bestaan oor die visie en doelstellings van versoening.

Lederach se versoeningsmodel, soos in hoofstuk 1 verduidelik, is hiervan ‘n bewys. Daar was dus teen die agtergrond gesien, nie ‘n algemene konsensus in die post-1980 era in Zimbabwe oor wat versoening en die fokus daarvan in terme van programme en beleidsgrondslae op alle samelewingsvlakke moet behels nie. Zimbabwe se versoeningsproses het in die woorde van “The sons of Korah” die volgende prosesse kortgekom:

“Mercy and truth are met together; righteousness and peace have kissed each other.....truth shall spring out of the earth.....righteousness shall look down.....our land shall yield her increase...righteousness shall go before him....”(Thompson Chain Reference Bible, Ps 58:10-13).

Die implementering van “mercy, truth, righteousness and peace” as ‘n geïntegreerde versoening- en vredebouprogram, met inagneming van Galtung se struktuur van konflik (konflikdriehoek) en David Easton se “System Analysis of Political Life” as voertuig vir konflikrisiko-analise, word as ‘n model vir praktiese implementering in hoofstuk 5 voorgestel en behandel.

In die tweede plek is daar ‘n algemene konsensus tussen die analiste dat versoeningsaksies en beleid wat wel bestaan en toegepas is, op gesentraliseerde en élitistiese benaderings gegrond was. ‘n Belangrike implikasie hiervan is, in die derde plek, dat multi-vlakkige en multi-sektorale rolspelers geensins op ‘n geïntegreerde wyse as mede-implementeerders van ‘n ‘nasionale versoenings-konsensusvisie betrek is nie. Hierdie waarneming is veral belangrik, indien Galtung se konflikdriehoek, wat in ‘n groot mate ook as ‘n konflikdefinisie geïnterpreteer sou kon word, in oënskou geneem word. Galtung beklemtoon juis die rol van konflikterende gesindhede as ‘n samelopende faktor wat ‘n beduidende impak op beide gedrags- en persepsies van doel en belangebotsings, of onversoenbaarhede, het. Indien dit gevolglik, met inagneming van die analyses gedoen, op Zimbabwe toepaslik gemaak word, kan die gevolgtrekking dat **“vrede ‘n duur artikel is en dat niemand dit sal kry as hy dit self nie wil maak nie”** inderdaad psigologies (gesindheidsgerig) op die verskillende historiese en huidige konflikterende rolspelers in Zimbabwe, van toepassing gemaak kan word.

Dit wil uit die analyses gedoen, voorkom asof gebrekkige psigologiese konfliktransformasie, of te wel, gesindheidstransformasie (Galtung se konflikgesindheidsdimensie) nie volhoubaar en deurtastend plaasgevind het nie en is dit ook nooit bestuur nie. Hierdie strategiese nalating het ‘n ernstige deurvloeiende impak en gevolg op die ander elemente van die konflikdriehoek – botsende belange en gedragspatrone - gehad. In dié lig hiervan sal die verdere beoordeling van die ondersoek wat in hierdie hoofstuk volvoer is, gedoen word aan die hand van Galtung se konflikdriehoek as metingsinstrument vir beantwoording van die twee verdere vrae: Is die historiese konflikstruktuur getransformeer en hoekom het versoening misluk?.

Ten spyte van hierdie waarneming, moet daar wel baie sterk beklemtoon word dat die mislukking van versoening in die periode wat in die studie gedek word, nie sou beteken dat daar geen positiewe of proversoeningskragte, dinamika en rolspelers bestaan of bestaan het nie. Die analise bevestig juis dat daar wel besondere kragtige moontlikhede vir versoening en vredebou bestaan. Zimbabwe is byvoorbeeld baie sterk toebedeel met ‘n aktiewe georganiseerde burgerlike samelewing wat multi-sekoraal ontwikkel is. Daar bestaan reeds sterk internasionale betrokkenheid op multi-sektorale vlakke wat beduidende rolle in so ‘n proses sou kon speel.

Die bestaan daarvan hou ook sterk positiewe moontlikhede vir konfliktransformasie, -resolusie, versoening en vredebou vir die post-2009 era in, sou die kragte geïntegreerd aangewend word. Die gevolgtrekking van die post-1980 periode is egter dat die nalating van ‘n geïntegreerde multi-vlakkige en multi-sektorale proses, hierdie kragte ontmagtig het en dat daar gevolglik as gevolg daarvan, nie ‘n sterk genoeg gees van demokrasie, versoening en vredebou kon ontwikkel nie. Die kritiese deurslaggewende toets vir die nasionale politieke élite (ingesluit die openbare en party-politieke sektore asook stam- en etniese belangegroepes) in Zimbabwe, is die wil van alle partye om vrede te wil hê. Die Afrikaanse idioom – “waar ‘n wil is, is ‘n weg” is in die verband binne die Suid-Afrikaanse transformasieproses korrek bewys en sal ook in die Zimbabweese proses bewys kan word.

4.5.1. Versoening en vredebou in die na-onafhanklikheidsperiode: persepsies van doel en belangebotsings.

In die ontleding van die Mugabe-regering se aanvanklike post-1980-versoening-prioriteite, blyk dit dat die primêre oogmerk gefokus was om die blanke landbou en ander sake-entiteite, asook die internasionale belangegroep van betroubare en veilige rentmeesterskap te verseker. Die versekering van eiendomsregbeskerming, die omarming van kapitalisme, die aanstelling van Dennis Norman, president van die Commercial Farmers Union as minister van Landbou, die simboliese erkennings wat aan Ian Smith in openbare vertoon, ens. gegee is, asook Mugabe se konstante versoeningstoespraaklyn is, benewens ander faktore, tipiese voorbeelde hiervan.

Dit wil gevolglik uit die analyses gedoen, voorkom asof versoening 'n een-dimensionele fokus, gerig op blanke en internasionale belange gehad het. Die beveiliging en verskansing van, veral ekonomiese belange en sekuriteite, sou die primêre aktiveringswerktuie wees – die “graaf-, pik- en skottelploeg-implemente” van die nuutgeskepte Zimbabwiese “versoeningsplaas.” Direk daarteenoor is die argument van Sachikonye dat daar geen gedetermineerde poging van regeringskant was om die fatale erflatings van die bevrydingstryd op een of ander wyse in programme of aksies strategies te verwerk nie. Geen beduidende pogings om programme en prosesse van multi-vlakkige waarheid en versoening en veral herstellende geregtigheid te inisieër, is van stapel gestuur nie.

Min is ook gedoen vir die sistematiese bemagtiging van die voorheen benadeeldes. Hoewel daar 'n verafrikanisering van die openbare sektor plaasgevind het, het weinig binne die ekonomies-winsgewende sektore van die samelewing plaasgevind. Min ondersteuning is ook vanaf regeringskant aan die NGO-sektor verleen wat entrepreneurskapontwikkeling, hervestiging, ens. help fasiliteer het. Vir die terugkerende vryheidsvegters, ontwortelde gesinne en gemeenskappe het weinig in die praktyk verander (grondhervorming van 162 000 families en die harde werk van NGO's in dié verband, ten spyte), terwyl die ekonomiese dualisme tussen blank en nie-blank met rasse skrede gegroei het. Zimbabwe het in beide die pre- en die post-1980-periode bevestig dat armoede inderdaad nie slegs 'n ekonomiese verskynsel is nie, maar ten diepste verbonde is aan persepsies van beide fisiese en ontologiese mensebehoefte bedreigings. Konflikstruktuurprobleme soos in tabel 21 (p212) aangetoon, byvoorbeeld werkloosheid, ongelykheid, wanverdelings van inkomstes en voordele, grondverspreidingsongelykheid, ongelyke opleiding- en opvoedingsgeleenthede, ens. is almal kenmerke van 'n armoede-profiel. Dit lei inderdaad tot persepsies van doelonversoenbaarheid, psigologies gemotiveerde konflikte soos dit in konflikterende gesindhede verwoord word en uiteindelik ook in konflik gedragspatrone. In dié lig sou armoede inderdaad as een van Zimbabwe se ernstigste mense-konflikte, soos in die res van Suider-Afrika en die res van Afrika, gedefinieer kon word - méér só in die post-2000-era.

Die verafrikanisering van die openbare sektor het ook op verskeie terreine vasgeval in 'n oënskynlike swart-op-swart magstryd, hoewel dit wel aanvanklik gewerk het. Die probleme met die integrering van die weermag, die wegbreek en vorming van dissidente aksiegroepe en die daaropvolgende Gukurahundi, is egter

sprekende voorbeelde hiervan. Konfliktransformasie programme gemik op die lang historiese konflik tussen ZANU (PF) en PF-ZAPU is nie as deel van die rekonstruksie van die openbare sektor en as deel van die regering van nasionale eenheid geïnisieer nie. In 'n groot mate is die konflik voortgesit tot en met 1987. Dit is 'n gebeurtenis wat deur daardie Matabele wat hulle met Nkomo se PF-ZAPU geïdentifiseer het, as 'n vernederende nederlaag beskou is en beslis nie as ware versoening gesien is nie.

Die grondvraagstuk is 'n verdere aangeleentheid waarvoor daar nie 'n eenstemmige aanvaarbare konfliktransformasie strategie ontwikkel kon word nie. Die onvermoë om hierdie vraagstuk doelmatig binne die konteks van versoening en vredebou aan te spreek, het 'n baie prominente rol gespeel in die latere eskalering van gewelddadige en misdadige konfliktoevouing wat gekenmerk is deur toeneemende outoritêre regeerstyle, miskennings van die oppergesag van die reg en die basiese grondwetlike menseregte beginsels. **Sachikonye** se argument dat die vraagstuk nie grondtekort op sigself is nie, blyk hier baie belangrik te wees. Sy evaluasie dat die lomp gekompliseerde en moeilik implementeerbare grondhervormingsprogram eerder die geleentheid aan kommersiële landbou en internasionale donateurs gebied het om hul verantwoordelikheid tot mede-beplanning van 'n gelyke grondhervormingstrategie, te ontduik, is hier veral baie belangwekkend. Dit, sowel as die wanaanwending van fondse vanuit regeringskringe wat vir grondhervorming deur, veral Brittanje, beskikbaar gestel is en die opbou van 'n nuwe, maar klein bevoordeelde swart élite vanuit die Mugabe/ZANU (PF)-kring, sou 'n direkte bydrae lewer vir die radikalisering van veral die oorlogsveterane. Die oorlogsveterane het oor jare nie die volhoubare ekonomiese ontwikkelingsimpak van die staatkundige transformasie aan hul lyf gevoel en ervaar nie en dit het bygedra tot 'n radikalisering en eskalering van konflik.

Dit wil dus blyk dat nòg die blanke gemeenskap, nòg die regerende élite, nòg die verskillende swart gemeenskappe, 'n eenvormige verbintenis en belang in diepliggende versoening gesien het. Dit wil voorkom asof al die genoemde rolspelers veel eerder op die verskansing van hul eiebelang en sekuriteite gefokus het en versoening en vredebou nie as 'n gedeelde waarde vir gesamentlike beplanning, beveiliging en ontwikkeling beskou het nie. Dit wil dus blyk dat die historiese persepsie om etniese diversiteit as noodwendige belangebotsend en bedreigend te beskou, nie in die post-1980 getransformeer is nie.

Hoewel daar beslis vir 'n dekade of langer 'n periode van vreedsame naasbestaan was, (indien die Gukurahundi en ander aangeleenthede vir 'n wyle nie in aanmerking geneem word nie) het die feit dat 'n spesifieke proses van versoening, visionering en vredebou nie plaasgevind het nie, daartoe gelei dat die onderliggende konflikstruktuur en persepsies van doel- en belangebotsings steeds voortgeleef het. Méér nóg, dat dit in die vorm van radikale geweld en eksklusiwitiese outoritêre regeringsbestuur ontaard het, veral toe multi-vlakkige omgewingstoestande, die krisis breekpunt laat bereik het. Dit is ook uit die analyses gedoen, duidelik dat meganismes vir konflikbestuur binne die demokratiese orde, nie na wense ontwikkel is om hierdie en die ander prominente ontwikkelingsuitdagings aan te spreek nie, dit, ondanks die feit dat die rol van die IMF en Suid-Afrikaanse programme 'n belangrike rol gespeel en geleentheid gebied het.

Die gevolg hiervan was dat, toe die hart van demokrasie, naamlik die reg om te verskil, in woord en daad deur die gemeenskap uitgeleef is, soos byvoorbeeld die steun wat die blankes in opeenvolgende verkiesings aan Ian Smith gegee het, die Matabele steun vir Nkomo, die stygende steun aan die MDC, ens, dit vanuit die regeringsgeledere, en veral deur Mugabe self, as 'n verwerping van versoening genuanseer is. Uit hoofde van hierdie persepsie het hy die einde van versoening as beleid aangekondig. Die wyse hoe verskille van mening en voorkeure hanteer is, dui op 'n gebrekkige gees van demokrasie onder die post-1980-2002 regerende élite.

Aan die ander kant wil dit blyk dat versoening verhinder is deur die onvermoë om etniese en stamvooroordele en magstryde te transformeer. Die belangrikheid hiervan is duidelik vanuit die werk van Ndlovu geïllustreer in sy beklemtoning van dié diepliggende onopgeloste historiese konflik tussen die Matabele en die Shona gemeenskappe. **Die bewys hiervan kan duidelik gesien word in die konflikgedrags- en gesindheidspatrone asook in die persepsies van doelonversoenbaarhede in beide die pre- en post-1980-periodes.** Die direkte strategiese implikasie hiervan is deur verskeie analiste uitgewys, naamlik die gelykstelling of eerder, oordrag van staatsowereniteit aan ZANU (PF) en aan die persoon van die president, Robert Mugabe, met gepaardgaande stygende outokratiese regeringstyle, ignorering van die oppergesag van die reg en 'n afskeping van Matabeleland in terme van sosio-ekonomiese ontwikkeling. Laasgenoemde word ook deur die werk van Judith Todd sterk beklemtoon.

Die waarneming dat 'n tradisionele - en charismatiese gesagsoriëntasie die heersende konsepte is, ten koste van 'n ignorering en miskennening van wetlike gesag, is waarskynlik die primêre rede vir die koppeling van soewereiniteit aan ZANU(PF) en Mugabe. Die impak daarvan was 'n ignorering van die regstaatkonsep asook die regstrukture, parlement, wetgewing en ander belangrike meganismes. Die institusionalisering van staatsgeweld is 'n direkte gevolg hiervan. Dit is waarskynlik ook 'n belangrike rede vir die onvermoë om diepliggende intra-swart en swart-blank versoeningsprosesse te institusionaliseer. Waarskynlik het die ZANU (PF)- en MDC-konflik ook daarmee te make.

Die onderspeling en ontkenning van die wetlike/regsgesagsbasis van die grondwet en gepaardgaande strukture is 'n kritiese probleem in Zimbabwe. Vandaar die maklike ignorering en onderspeling daarvan. **Die transformering hiervan deur konflikresolusieprosesse wat as legitiem deur alle ter sprake rolspelers ervaar word, is waarskynlik 'n voorvereiste vir versoening en vredebou, asook vir die heropbou van Zimbabwe in die toekoms.**

'n Belangrike perspektief wat uit die studie na vore kom, is die nuanse dat die Mugabe-regering teen 1980 'n ekonomie geërf het wat vir jare geïsoleerd was, hoë kostes aan 'n oorlog bestee het en wie se ekonomiese en finansiële reserwes as gevolg daarvan, boonskrap was. Finansieringsbronne van die omvang wat die grondhervormingsproses vereis het, was gevolglik duidelik nie voldoende vanuit eie bronne beskikbaar nie. Veral nie indien die vrywillige koper, vrywillige

verkoper-beginsel wat, volgens markkragte, gefunksioneer het in ag geneem word. Indien verder in ag geneem word dat die fondse wat wel bekom is, grotendeels vir grondaankope aangewend is en dat weinig finansiering vir die verdere noodsaaklike ondersteunende funksies soos opleiding, infrastruktuurvoorsiening, produksie ondersteuningsprosesse, beskikbaar was, is dit duidelik dat die grondhervormingsvraagstuk veel meer gekompliseerd en veelkantig is as wat in die media voorgehou word.

‘n Konflik verbandhoudend met die grondvraagstuk sal gevolglik by uitnemendheid deur die geïntegreerde versoenings- en vredebouprogram beplan en gefasiliteer moet word. ‘n Proses wat veral internasionale, multi-sektorale en multi-vlakkige betrokkenheid noodsaak. In dié verband kan ‘n kort, medium en langtermyn grondberaadingsproses gefasiliteer en beplan, ooreenkomstig die Lederach-model, ‘n belangrike bydrae tot sukses lewer. Nie slegs in terme van die onmiddellike ekonomiese vraagstuk nie, maar dit sou ook sukses in terme van die breë versoeningsproses as verdere uitset kan help fasiliteer, of ten minste ‘n positiewe klimaat daarvoor skep. Dit wil verder blyk dat die kritiese konflikomstandighede wat gedurende die eerste dekade van die 21ste eeu ontwikkel het, paradoksaal gesien, waarskynlik juis ‘n gunstige samewerkende klimaat vir sodanige proses verskaf

4.5.2. Versoening en vredebou: konflikgedragsspatrone

Met verwysing na konflikgedragsspatrone het die ondersoek aangetoon dat staatsgeweld en ander onderdrukkende optredes teenoor opposisie groepe kort na 1990 in momentum toegeneem het. Die eskalاسie van konflikterende gedragstyle, ooreenkomstig stam- en rassentimente, het eerder die historiese konflikstruktuur versterk as wat dit getransformeer is. In die proses het die staat en sy alliansievennote veral van terreur- en intimidasie-aksies teen opposisie gebruik gemaak. Samehangend hiermee is die aanvalle wat op die instrumente van demokrasie gemaak is waarvan die beperkings op media vryheid, die regstelsel en die georganiseerde burgerlike samelewing, enkele voorbeelde is.

In die ondersoek het dit ook duidelik na vore gekom dat daar ‘n eskalاسie in destruktiewe konflikgedragsspatrone is en dat dit direk verband hou met die bespreekte persepsies van belangebotsings en konflikgesindhede. Voorbeelde in dié verband is onder meer die manipulerings en wanaanwending van noodvoedsel vir politieke doeleindes, die ondermyning van die parlementêre stelsel, die kwytskelding van regeringsondersteuners en amptenare wat hul aan gewelddadige en korruptiewe gedrag skuldig maak, politiek gemotiveerde geweld, die ondermyning van die werksaamhede van NGO's, aanvalle op onderwysers, die bestuur van die grondvraagstuk en die gepaardgaande *“fast track”* beleidsraamwerk, die nalating om die grondhervormingsprogram deel van die *‘Economic Structural Adjustment Programme’* te maak, asook stygende radikalisme in die geledere van die oorlogsveterane en jeugbrigade.

Dit het duidelik in die studie na vore gekom dat die grondhervormingsvraagstuk ook ander destruktiewe konflikgedragselemente tot gevolg het, soos byvoorbeeld ‘n eskalاسie in geweldsmisdaad, eskalاسie van armoede en verhongering,

groeïende werkloosheid (tussen 60-70% teen die jaar 2002. Later jare sou dit selfs hoër vlakke bereik), die wêreld se hoogste inflasiekoers ens.

In die lig hiervan kan afgelei word dat die grondvraagstuk waarskynlik die mees sigbare bewysplaas van die huidige onversoenende karakter en gees op inter-rasse en inter-stamverhoudinge, illustreer.

4.5.3. Versoening en vredebou: konflikterende gesindhede.

Daar is in die studie aangetoon dat in die eerste plek, kosmetiese benaderings tot versoening waarvan “geheueverlies-strategieë” (konflikvermyding), strafloosheid, ingesteldhede van selftevredenheid, in samewerking met enkelvoudige en sentraliseerd ingestelde en afgedwingde versoeningstrategieë, van die primêre redes vir die aanvanklike mislukking daarvan was. ‘n Tweede belangrike aspek is die afwesigheid van openbare erkenning van die wandade van die verlede. ‘n Derde aspek is die feit dat geen prosesse gemik op herstellende geregtigheid en veral, vordering op die terrein van ekonomiese geregtigheid, geloods is nie. Daar is aangetoon dat hierdie benadering veral deur middel van die Lancaster House-ooreenkoms geïnternaliseer is.

Daar is voorts aangetoon dat gebrekkige versoening tussen die Shona en Matabele sover terug as die negentiende eeu, aandadig was aan die resente eskalerende konflik tussen hierdie twee etniese groepe.

Die studie het aangetoon dat die teorie van Paulo Freire ook in Zimbabwe relevant is. **Freire se waarskuwing dat die onderdrukker vanweë sy eie psigologiese onvermoë om sy geskiedenis van onderdrukking te verwerk, self ‘n sterk onderdrukker word. Hierdie tendens het om duidelik ook in die geleedere van die post-1980-regeerders van Zimbabwe, afgespeel. Weer eens beklemtoon dit die noodsaak vir ‘n proses van diepliggende versoening.**

Dit wil verder voorkom dat inter- en intra-kulturele antagonisme, steeds ‘n prominente faktor in Zimbabwe is. Analiste argumenteer steeds dat blankes oor die jare die swart bevolking as van ‘n laer kulturele orde beskou het. Daarenteen beskou die swart bevolking die blankes steeds as buite kontinentale vreemdelinge, indringers en vyande wat in disharmonie met die Afrika kulturele en religieuse realiteit leef. **Dit wil dus blyk dat diepliggende inter- sowel as intra-etniese versoening nie plaasgevind het nie en dat die voortbestaan en eskalering van negatiewe historiese konflikgesindhede aan die een kant, en aan die ander kant, die nalating om dit deur doelmatige versoeningsprogramme aan te spreek, ‘n prominente oorsaak daarvan kan wees.**

Ter afsluiting kan die volgende elemente as ‘n sinvolle definisie van die bestaande konflikterende konflikgesindhede aangebied word:

“n Gefragmenteerde samelewing gegrond op ras, etnisiteit en politieke verdeling; ‘n hoogsgepolariseerde samelewing; koorsagtige diepliggende spanning; vry algemene haatspraak; omgekeerde rassediskriminasie; permanente psigiese littekens weens die impak van die Gukurahundi; gees van ontkenning; gevoelens van onveiligheid, gebrekkige sekuriteit, onverdraagsaamheid met

diegene wat van jou verskil (diversiteitsonverdraagsaamheid); bitterheid, 'n gees van vergelding en disrespek vir die oppergesag van die reg.'

Die afwesigheid van 'n geïntegreerde multi-vlakkige en multi-sektorale versoenings- en vredebouproses blyk dus die grondliggende oorsaak vir die eskalerende konflikgesindheids- en gedragspatrone in Zimbabwe te wees. Dit blyk ook dat daar reeds genoegsame strukture en rolspelers gevestig is wat, die huidige Zimbabwiese konflik op 'n nuwe weg van konfliktransformasie, versoening en vredebou, kan stuur. Belangrike kriteria vir sukses is dat só 'n proses multi-sektooraal, multi-vlakkig en ooreenkomstig plaaslike omgewingsrealiteite sal moet plaasvind. 'n Verdere belangrike kriterium is dat volhoubare internasionale ondersteuning (nie beheer nie) daarvoor nodig sal wees. Die slothoofstuk sal in die lig van die voorafgaande hoofstukke voorstelle in die verband formuleer.

4.6. BRONNELYS

1. Albrow, Martin. 1970. *"Bureaucracy."* London: The MacMillan Press Ltd.
2. Bambooweb. *"Land Reform in Zimbabwe."* www.bambooweb.com/articles/land_reform_in_Zimbabwe.
3. BBC News. Transcript. "Lord Carrington, former Foreign Secretary, June 25th, 2000 in *"Breakfast with Frost."* www.news.bbc.co.uk
4. Blair, David. 2002. *"Degrees in Violence. Robert Mugabe and the Struggle for Power in Zimbabwe."* London: Continuum.
5. Centre for the Study of Violence and Reconciliation, 2005. *Memorialisation and Reconciliation in "Transitional Southern African Societies."* <http://www.csvr.co.za>.
6. Chiwewe, Willard, A. 1989. *Unity Negotiations* in Banana, Canaan S. (ed), 1989. *"Turmoil and Tenacity."* Harare: The College Press (Pty) Ltd.
7. Cleary, S. 1980. *"Zimbabwe is Born."* Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
8. Coldham, Simon. 1993. *The Land Acquisition Act, 1992 of Zimbabwe* in *"Journal of African Law". Spring 1993.* Vol. 37. No. 1. Cambridge: School of Oriental and African Studies.
9. Coldham, Simon. 2001. *The Land Acquisition Amendment Act, 2000 of Zimbabwe* in *"Journal of African Law". 2001.* Vol. 45. No. 2. Cambridge: School of Oriental and African Studies.
10. Flower, Ken. 1987. *"Serving Secretly. Rhodesia's CIO Chief On Record."* Alberton: Galago Publishing (Pty) Ltd.
11. Freire, Paulo, 1996. *"Pedagogy of the Oppressed."* Translated by Myra Bergman Ramos. London: Penguin Books.
12. *"Gukurahundi in Zimbabwe. A Report on the Disturbances in Matabeleland and the Midlands 1980-1988."* 2007. The Catholic Commission for Justice and Peace in Zimbabwe and the Legal Resources Foundation. Johannesburg: Jacana Media (Pty) Ltd.
13. Hatchard, John. 2001. *Some Lessons on Constitution-making from Zimbabwe* in *"Journal of African Law."* 2001. Vol. 45. No 2. <http://www.jstor.org/journals/-soas.html>.
14. Hill, Geoff. 2003. *"The Battle for Zimbabwe. The Final Countdown."* Cape Town: Zebra Press.
15. Hodder-Williams, R. 1980. *"Independent Zimbabwe."* in *"Africa Insight."* Vol. 10. No3,4. Pretoria: Africa Institute of South Africa.
16. Holland, Heidi. 2008. *"Dinner with Mugabe. The untold story of a freedom fighter who became a tyrant."* Johannesburg: Penguin Books (South Africa) (Pty.) Ltd.
17. Huyse, Luc. 2003. *The Process of Reconciliation* in Bloomfield, D. Teresa Barnes and Luc Huyse. 2003. *"Reconciliation after Violent Conflict. A Handbook."* Stockholm, Sweden: International Institute for Democracy and Electoral Assistance.
18. International Crisis Group, 2004. *"Blood and Soil. Land, Politics and Conflict Prevention in Zimbabwe and South Africa."* Brussels, Belgium: International Crisis Group Press.
19. Jarstad, Anna. K. and Timothy Sisk. 2008. *"From War to Democracy. Dilemmas of Peace Building."* Cambridge: Cambridge University Press.

20. Kinloch, G.C. July 1997. "Racial Attitudes in the Post-Colonial Situation: The Case of Zimbabwe" in **"Journal of Black Studies."** Vol. 27, No. 6. pp. 820-838. <http://www.jstor.org/journals/sage.html>.
21. Labuschagne, P. 2002, *The Realignment of Classes and Political Elites in Zimbabwe: The Politics of Change and Transformation.* in **"Politeia"** Pretoria: Unisa.
22. Labuschagne, 2009. **"Skriftelike Kommentaar en Navorsingsinsette."** Pretoria: Unisa.
23. MacCandless, Erin. 2000. *Reconciling Relationships while Pursuing Justice: The Case of Land Redistribution in Zimbabwe* in **"Peace & Change. A Journal of Peace Research."** April 2000. Vol. 25. No 2. www.blackwellpublishing.com.
24. Maclean, Sandra. J. 2002. *Mugabe at war: the Political Economy of Conflict in Zimbabwe* in **"Third World Quarterly."** June 2002. Vol 23. No 3. London: Taylor & Francis.
25. Marimira, S.C. and K. Odero. 2003. *An Analysis of Institutional and Organisational Issues on Fast Track Resettlement The Case of Goromonzi District* in Roth, Michael and Francis Gonese (eds), 2003. **"Delivering Land and Securing Rural Livelihoods: Post-Independence Land Reform and Resettlement in Zimbabwe."** The Land Tenure Center of the University of Wisconsin-Madison and the Centre for Applied Social Sciences, University of Zimbabwe: <http://www.wisc.edu/ltc/zimpfl.html>.
26. Ministry of Information, Immigration and Tourism, 1980. **"Address to the Nation by the Prime Minister Elect. 4 th March, 1980."** Salisbury: Government Printer.
27. Ministry of Information and Tourism, January 1981. **"Prime Minister's New Year Speech to the Nation. 31 December 1980."** Salisbury: Government Printer.
28. Ministry of Information and Tourism, January 1982. **"Prime Minister's New Year Speech to the Nation. 31 December 1981."** Salisbury: Government Printer.
29. Mnangagwa, Emmerson D. 1989. *Post-Independence Zimbabwe: 1980-1987* in Banana, Canaan S. (ed), 1989. **"Turmoil and Tenacity."** Harare: The College Press (Pty.) Ltd.
30. Morris-Jones, W.A. 1980. **"From Rhodesia to Zimbabwe. Behind and Beyond Lancaster House."** London: Frank Cass and Company Limited.
31. Moyo, Sam. 2000. *The Political Economy of Land Acquisition and Redistribution in Zimbabwe, 1990-1999* in **"Journal of Southern African Studies."** (March, 2000). Vol. 26. No. 1. London: Taylor & Francis Group. <http://www.jstor.org/journals/taylorfrancis.html>.
32. Movement for Democratic Change. 2007. **"In Dept. Morgan Tsvangirai."** www.mdc.co.zw.
33. Ndlovu, Scotch, M. 3-6 November, 1994. **"Ndebeles and Shonas in Zimbabwe: A Case Study of Ethnic Conflict Resolution."** Presented at the Thirty-Seventh Annual Meeting of the African Studies Association. Toronto, Canada: African Studies Association.
34. Nkomo, J.1984. **"Nkomo The Story of My Life"**. London: Methuen London Ltd.
35. Palmer, Robin. 1990. *Land Reform in Zimbabwe, 1980-1990* in **"African Affairs."** April 1990. Vol 89. No 355. London: Oxford University Press.
36. Putman, Robert, D. 1976. **"The Comparative Study of Political Elites."** Englewood Cliffs: Prentice-Hall, Inc.
37. Physicians for Human Rights, 20th November, 2002. **"Vote Zanu-PF or Starve. Zimbabwe: August to October 2002."** Denmark: www.phrusa.org.

38. Raftopoulos, Brian. 1992. *Beyond the House of Hunger: Democratic Struggle in Zimbabwe* in “**Review of African Political Economy.**” July, 1992. No. 54, Surviving Democracy? <http://www.jstor.org/about/terms.html>. Roape Publications Ltd.
39. Raftopoulos, Brian. 2004. *Nation, Race and History in Zimbabwean Politics* in Raftopoulos, Brian & Tyrone Savage (ed’s), 2004. “**Zimbabwe. Injustice and Political Reconciliation.**” Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation.
40. Raftopoulos, Brian. 15 Junie 2008. “**Boekepromosie. Kaapstad Internasionale Boekefees.**”
41. “**Roadmap. The National Healing & Integration Agenda: Truth, Justice and Reconciliation Commission.**” www.mdc.co.zw.
42. Roth, Michael and Francis Gonesse (eds.), 2003. “**Delivering Land and Securing Rural Livelihoods: Post-Independence Land Reform and Resettlement in Zimbabwe.**” www.wisc.edu/lrc/zimpfl.html.
43. Sachikonye, Lloyd M. 2003. *From 'Growth with Equity' to 'Fast-Track' Reform: Zimbabwe's Land Question* in “**Review of African Political Economy.**” Jun 2003. Vol. 30, No. 96, War & the Forgotten Continent. London: Taylor & Francis, Ltd.
44. Sachikonye, Lloyd, M. 2004. *The Promised Land. From expropriation to reconciliation and jamba* in Raftopoulos, Brian & Tyrone Savage (ed’s), 2004. “**Zimbabwe. Injustice and Political Reconciliation.**” Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation.
45. Sites, Paul. 1973. “**Control: The Basis of Social Order.**” New York: Dunellen Company, Inc.
46. Smith, D. Colin Simpson and Ian Davies. 1981. “**Mugabe.**” Salisbury: Pioneer Head (Pty.) Ltd.
47. Sylvester, C. 1991. “**Zimbabwe. The Terrain of Contradictory Development.**” Oxford: Westview Press. Inc.
48. Todd, Judith Garfield. 2007. “**Through the Darkness. A life in Zimbabwe.**” Cape Town: Zebra Press.
49. Todd, Judith Garfield. 5 October 2008. “**E-mail Interview.**” jtodds@mweb.co.za.
50. USAID, February, 1981. “**Zimbabwe. Country Development - Strategy Development.**” Washington DC: United States International Development Cooperation Agency.
51. Zimbabwe Lawyers for Human Rights, 2002. “**Political Violence Report. 1-16 February, 2002.**” www.zlhr.org.zw

HOOFTUK 5

Samevatting en gevolgtrekking: ‘n raamwerk vir konfliktransformasie deur middel van geïntegreerde konflikresolusie en vredebou

Vrede is ‘n duur artikel; niemand sal dit kry as hyself dit nie wil maak nie
- *Jannie du Toit – Pallet*

5.1. Konflikresolusie en transformasie: versoening en vredebou in Zimbabwe?

In die inleiding is die doel van die ondersoek gedefinieer as ‘n ontleding van die konfliktransformasieproses vanaf 1980 tot en met 2002 in Zimbabwe. As oogmerk moes vasgestel word op watter wyse daar, op alle vlakke van die gemeenskap, gepoog is om die geweldskultuur wat eie aan die pre-1980-periode was, te transformeer tot ‘n volhoubare inklusiewe vredesomgewing en –kultuur. Die oogmerk was om vas te stel of daar uiteindelik vrede en versoening in Zimbabwe plaasgevind het en of daarin geslaag is om die diepliggende bronne van konflik te transformeer.

Hoofstuk 1 het ‘n teoretiese grondslag vir ‘n konflikresolusie-benadering op die tafel geplaas wat as raamwerk vir die ondersoek gebruik is. In dié verband is geput uit die werke van *Galtung (1969); Mitchell (1981); Fisher en Ury (1983); Burton (1984;1987); Anstey (1991) en Lederach (1997)*. Hiervolgens word beklemtoon dat konflikresolusie, in die eerste plek, ‘n geïntegreerde multi-dimensionele en multi-vlakkige proses behoort te wees. Vervolgens beklemtoon dit dat konflik gewoonlik struktureel uit ‘n geïntegreerde wisselwerking van behoefte- en doel-onversoenbaarheidspersepsies, voortspruitende konflikterende gesindhede en gedragspatrone bestaan. Daar is geargumenteer dat wesentlike, nie-onderhandelbare ontologiese mensebehoefte en die persepsiële bedreiging of beveiliging daarvan, gewoonlik onderliggend tot die ontwikkeling en groei van konflik is en dat daar in elke konfliksituasie, ook duidelike eskalerende en de-eskalerende invloede teenwoordig is.

Hoofstuk 2 het teen hierdie agtergrond die historiese konflikstruktuur as kernmetingsinstrument vir die transformasie-prosesse van die post-1980-onafhanklikheidsperiode ondersoek. Die kernvraag was die redes of faktore wat uiteindelik tot die eskalerende en uitgerekte guerrilla-oorlog aanleiding gegee het. Binne die taalverwysingskonteks van *Mitchell (1981)* word daar na die faktore as die wesentlike, onderliggende bronne van konflik verwys. In hoofstuk 2 is daar gevolglik, gegrond op Galtung se konflikdriehoek, tot die onderstaande gevolgtrekkings gekom.

5.1.1. Persepsies van onversoenbare behoeftes en belange

Die geskiedenis van Zimbabwe in die pre-1980-periode en in ‘n groter wordende mate ook in die post-1980-era, toon duidelik dat versoening en die bou van langtermyn vrede, aan bande gelê word deur die afwesigheid van ‘n inklusiewe *“raison d’être”*, ‘n bestaansrede, wat alle rolspelers, ten spyte van diepliggende verskille en diversiteite op etniese, stam, sosiale, ekonomiese, klas en ander terreine, inbind tot een Zimbabwiese sentiment. Die loodsing van ‘n diepliggende

en veelvlakkige versoeningsproses, sal die identifisering van sódanige sentiment - die aorta van Zimbabwe se konstruktiewe, volhoubare voortbestaan - as primêre samebindende prioriteit moet neem.

In hoofstuk 2 het die ondersoek aangetoon dat die *geskiedenis van Zimbabwe* 'n baie belangrike bron van konflik, of sentrifugale krag met direkte aanleidende eskalerende gevolge is, in dié sin dat dit 'n regverdigingsbasis bied aan konflikterende belangegroepes vir die historiese en bestaande eskalerende konflikgesindhede en gedragspatrone. In dié sin is daar 'n duidelike tendens van *simplistiese, historiese rekonstruksies*, gemotiveer deur eksklusiwistiese politieke motiewe.

Die ondersoek het voorts ook aangedui dat die *voorkoms van magstryde, magsoornames* en die *begronningsbasis daarvan op 'n eksklusiwistiese, etniese, rasse en stambasis 'n uniforme kenmerk en gedragspatroon* van die Zimbabwiese pre-koloniale, koloniale en post-koloniale era's was. Dit sou akademies en ook polities onwaar wees om hierdie tendens aan 'n era, beginnende by die 1890's, te koppel en dit eksklusief verbandhoudend met die toetrede van blanke betrokkenheid, te beskou.

Die vernietiging van die Khoisan-samelewing (voor blanke koms), asook die optredes van die Gokomere, Leopards Kopje, Karanga, Shona-sprekendes, die Matabele, sowel as die blankes, is bewys van die gevolgtrekking dat gesindheids- en gedragspatrone, in terme van magstryd en magsoornames ooreenkomstig eksklusiwistiese ras, etnisiteit en stamkontekste, 'n gemeenskaplike kenmerk van die totale Zimbabwiese geskiedenis is. Die waarheid hiervan kan ook in die post-1980-periode waargeneem word.

Hoofstuk 4 het juis binne hierdie konteks aangetoon dat *versoening in die post-1980-periode verhinder is deur die onvermoë om die histories gedrewe etniese, stamvooroordele en magstryde, soos in hoofstuk 2 na vore gekom het, te transformeer*. Die belangrikheid hiervan is duidelik vanuit die werk van Ndlovu geïllustreer in sy beklemtoning van dié diepliggende, onopgeloste historiese konflik tussen die Matabele- en die Shona-gemeenskappe. Daar is ook in hoofstuk 4 aangetoon dat dié bewys hiervoor duidelik gesien kan word in die konflikgedrags- en gesindheidspatrone, asook in die persepsies van doelonversoenbaarhede in beide die pre- en post-1980-periodes. Die direkte strategiese implikasie hiervan is deur verskeie analiste uitgewys, naamlik *die gelykstelling of eerder, oordrag, van staatsoewereiniteit aan ZANU (PF) en aan die persoon van die president, Robert Mugabe, met gepaardgaande stygende, outokratiese regeringstyle, ignorering van die oppergesag van die reg en 'n marginalisering van Matabeleland, in terme van sosio-ekonomiese ontwikkeling*. Laasgenoemde word ook deur die werk en argumente van Judith Todd sterk beklemtoon.

Hoofstuk 2 argumenteer dat *ekonomiese, sosiale en politieke ongelykheid en klasvorming* (sentrifugale krag) sedert die ryk van Mwena Mutape, kenmerkend van Zimbabwe was en vandag nog steeds is. *Armoede en ongelykheid sou ook later op 'n etniese grondslag geïnstitusionaliseer word*, veral as gevolg van wetgewing oor die beheer en verdeling van skaarshulpbronne soos politieke mag, ekonomiese mag, vaardigheidsontwikkeling, inkomsteverdelings, grondversprei-

ding en -benuttingsvermoëns. Uiteindelik sou geïnstitusioneerde dualistiese ontwikkelingsbeleidsgrondslae, ooreenkomstig ‘n rassegrondslag, ‘n klimaks bereik tydens die periodes van die BSAC, die selfregerende tydvak, die federasie-era en die UDI-tydvak. In hierdie sin sou dit as ‘n deurlopende historiese verskynsel, *‘n baie ernstige bron van konflik* word, wat uiteindelik op ‘n guerrilla-oorlog sou uitloop.

Hoofstuk 4 het daarop gewys dat hierdie *dualistiese samelewingskonteks, wat een van die groot bronne van konflik in die pre-1980-era was, ooreenkomstig die teorie van Paulo Freire, nie getransformeer het na ‘n meer gelyke samelewing nie, maar voortgesit is deur die ontwikkeling van ‘n nuwe klein maar magtige swart élite, in noue alliansie en geïntegreerd met die regerende ZANU (PF) gesag*. Geen gedetermineerde poging van regeringskant om dié fatale erflatings van die bevrydingstryd te transformeer, is volgens die analiste implementeer nie. Daar is ook aangedui dat daar *weinig pogings was om multi-vlakkige waarheid, versoening en veral, prosesse van herstellende geregtigheid te inisieer. Min is gedoen vir die bemagtiging van voorheen benadeeldes*, veral deur die ekonomies winsgewende sektore van die samelewing.

Vanaf regeringskant is min ondersteuning aan die NGO-sektor verleen wat entrepreneurskap-ontwikkeling en hervestiging betref. Vir die terugkerende vryheidsvegters, ontwortelde gesinne en gemeenskappe het feitlik niks in die praktyk verander nie, terwyl die ekonomiese dualisme tussen blank en swart met rasse skrede gegroei het. Zimbabwe het in beide die pre- en die post-1980-periode bevestig dat armoede inderdaad, nie slegs ‘n ekonomiese verskynsel is nie, maar ten diepste verbonde is aan persepsies van fisiese en ontologiese mense-behoefte bedreigings. Konflikstruktuurprobleme soos in tabel 21 aangetoon, byvoorbeeld werkloosheid, ongelykheid, wanverdelings van inkomstes en voordele, grondverspreidingsongelykheid, ongelyke opleiding en opvoedingsgeleenthede is alles kenmerke van die *Zimbabwiese armoede profiel*. Dit lei tot persepsies van doelonversoenbaarheid, psigologies gemotiveerde konflikte soos dit in konflikterende gesindhede verwoord word en uiteindelik ook kristaliseer in konflikgedragspatrone. In dié lig sou *armoede inderdaad as een van Zimbabwe se ernstigste mensekonflikte gedefinieer kon word*. Méér só in die post-2000-era.

Die verafrikanisering van die openbare sektor het ook op verskeie terreine in ‘n oënskynlike swart-op-swart magstryd vasgeval. Die probleme met die integrering van die weermag, die wegbreek en vorming van *dissidente aksie-groepe* en die daaropvolgende Gukurahundi, is sprekende voorbeelde hiervan. Konfliktransformasieprogramme gemik op die lang historiese konflik tussen ZANU (PF) en PF-ZAPU is nie as deel van die rekonstruksie van die openbare sektor en as deel van die regering van nasionale eenheid, geïnisieer nie. In ‘n groot mate is die konflik voortgesit tot en met 1987. ‘n Gebeurtenis wat deur die Matabele wat hulle met Nkomo se PF-ZAPU geïdentifiseer het, as ‘n vernederende nederlaag beskou is, en nie as ware versoening gesien is nie, ten spyte van die feit dat dit om die groter samelewingskonteks as ‘n nuwe “honeymoon”-tydperk in Zimbabwe ervaar is.

Hoofstuk 2 het daarop gewys dat *die grondvraagstuk*, aangevul deur die *Industrial Conciliation Act* en die *Land Husbandry Act*, een van die ernstigste

bronne van konflik was. Veral aangesien hierdie wette saam met die strukturele en kulturele dimensies daarvan, in rasisme, politieke, sosiale en ekonomiese wanverdelings in die pre-1980-era neerslag gevind het. Die rede hiervoor is waarskynlik te vinde in die impak wat dit op die fisiese voortbestaan (skaarsbronne en fisiese mensebehoefes aan oorlewing), asook op die *ontwikkeling van strukturele wanbalanse* op 'n etniese grondslag (toegang tot verspreidingsmag) en uiteindelik, op die *persepsiële bedreiging van hul ontologiese mensebehoefes* (oorlewingsekuriteit, identiteit as mens en beheer oor eie ontwikkeling) gehad het.

Hoofstuk 4 wys *daarop dat daar nie vir die grondkonflik 'n eenstemmige, aanvaarbare konfliktransformasie-strategie ontwikkel kon word nie. Die onvermoë om hierdie vraagstuk doelmatig, binne die konteks van versoening en vredebou aan te spreek*, het 'n baie prominente rol gespeel in die latere eskalering van gewelddadige en misdadige konflikontvoing wat gekenmerk is deur toenemende outoritêre regeerstyle, miskennings van die oppergesag van die reg en die basiese grondwetlike menseregte-beginsels.

Sachikonye se argument dat die vraagstuk nie grondtekort opsigself is nie, blyk hier baie belangrik te wees. Sy evaluasie dat die *lomp, gekompliseerde en moeilik implementeerbare grondhervormingsprogram*, eerder die geleentheid aan kommersiële landbou en internasionale donateurs gebied het om hul verantwoordelikheid tot mede-beplanning van 'n gelyke grondhervormingstrategie, te ontduik, is veral baie belangwekkend. Dit, sowel as die *wanaanwending van fondse* vanuit regeringskringe, wat vir grondhervorming deur, veral Brittanje, beskikbaar gestel is, asook die opbou van 'n nuwe, maar klein bevoordeelde swart élite vanuit die Mugabe/ZANU (PF)-kring, sou 'n direkte bydrae lewer tot die *radikalisering van, veral die oorlogsveterane*, wat oor jare nie die volhoubare ekonomiese ontwikkelingsimpak van die staatkundige transformasie aan hul lyf kon voel en ook nie in die gemeenskap met die blote oog kon sien nie.

Dit wil blyk dat *nóg die blanke gemeenskap, nóg die regerende élite, nóg die verskillende swart gemeenskappe, 'n eenvormige verbintenis en belang in diep-liggende versoening gesien het*. Dit wil voorkom asof al die genoemde rolspelers veel eerder op die *verskansing van hul eie belang en sekuriteite gefokus* het en versoening en vredebou nie as 'n gedeelde waarde vir gesamentlike beplanning, beveiliging en ontwikkeling beskou het nie.

Dit wil ook blyk dat *die historiese persepsie om rasse en etniese diversiteit as belangebotsend en bedreigend te beskou, nie in die post-1980-era getransformeer is nie. 'n Afrika-sentristiese kulturele persepsie voer steeds 'n stryd met 'n Westersentristiese kulturele denkpatoon. Steeds word dit deur sommige belangegroepes in beide kulturele kante, as vyandig en wedersyds uitsluitend, gedefinieer. Steeds word dit in die post-1980-tydvak vir politieke mobilisasie en regverdighedsdoeleindes aangewend. Steeds word dit deur, veral Mugabe, projekteerend aangewend as die grondoorsaak vir Zimbabwe se krisis*.

Die gevolge van al hierdie bronne van konflik het 'n kritiese impak op die post-1980-Zimbabweese situasie uitgeoefen. Sentraal in die krisis staan veral die grondkwessie, wat steeds 'n ernstige invloed op die psige van die swartbevolking

uitoefen. Die impak daarvan het uiteindelik prakties gekristaliseer in armoede en marginalisering. Dit sou om hierdie redes in die pre-1980-era tot ‘n *guerrilla-oorlog lei wat soos die konflik-eskalasiespiraal ontvou het, vanuit ‘n religieuse basis, op beide animistiese (Mwari-kultus) en die Christelike “African Initiated Churches,” legitimering sou ontvang. In die post-1980-era sou die onaangename spreektheid van die konflikbronne lei tot staatsgeweld, rebellegroepe, grond-onteynings en ander konflikpatrone. Een van die primêre redes hiervoor, is die feit dat versoening – die psigiese dimensie van konflikresolusie, ontkenning hanteer is.*

Die eskalاسie en voortsetting van hierdie historiese bronne van konflik in die post-1980-periode, is bewys van die noodsaak van ‘n geïntegreerde proses van versoening. ‘n Versoeningsproses wat die menslike psige kan transformeer en kreatief, probleemoplossende en multi-vlakkig deelnemende strategiese aksies ontwerp en implementeer, op ‘n grondslag wat nie vir politieke manipulasie misbruik kan word nie.

Die ondersoek het ook aangetoon dat *geen enkele een van die bestaande konflikbelangegroepes, homself van die ander kan onderskei of verhef, op grond van “inheemse versus inkommer”-status nie.* Daar is op grond van historiese ontwikkelingsprosesse geen groter morele gesagsgronde aan enige rasse of stam-groepe toedeelbaar nie, aangesien die enigste nie-inkomende groep, die uitgesterfde Khoisan was. Die wete behoort alle rolspelers tot nadenke en ‘n gees van nederige versoening, te stem.

In terme van versoening, is dit eweneens baie duidelik dat, in die lig van die psigiese-menslike-impak wat die ervaring van konflik oor tyd uitoefen, daar nie historiese grenslyne getrek kan word vir wanneer geregtigheid of onreg ter sprake kom en wanneer nie. Só sou dit gevolglik ‘n historiese fout wees om 1890 as die beginpunt vir die ontstaan van konflik uit te sonder. Dit sou foutief wees, aangesien die interstam en inter-etniese konflikte en magstryde binne Shona-sprekendes en tussen Shona en Matabele ‘n ontstaansgeskiedenis het, heelwat verder terug as 1890. *Die psigiese impak van daardie onopgeloste en onversoerende konflikte, soos in hoofstuk 4 aangetoon, kon gesien word in die fokus van die Gukurahundi, die nuanse en geografiese klem wat die regering op gemeenskapsontwikkeling geplaas het.* Dit kan ook gesien word in die negatiewe ervarings van Judith Todd en die Zimbabwe Project Trust met die Zimbabwe regering vanweë hul werk in Matabeleland, asook in die stygende politieke konflik van die tagtiger, negentiger en post-2000-eras. Só ‘n simplistiese konflikdefinisie (wat die ontstaanpunt van die probleem na die 1890’s reduceer) sou ‘n baie prominente element van die Zimbabwiese konflik van sy wortelgeskiedenis ontnem en as niks anders as onwetenskaplik beskou kon word nie.

Die inklusiewe, eerlike en nederige/opregte erkenning hiervan, met inbegrip van die feit dat die geskiedenis inderdaad aantoon dat Zimbabwe nie toebedeel is met onskuldige slagoffers, in terme van ras-, groep-, stam en verwante konflikte nie, is waarskynlik een van die belangrikste vereistes vir die loodsing van ‘n diep-liggende versoeningsproses. Hierdie waarheidsrealiteit behoort die verskillende rolspelers te dwing om die psigiese impak van die totale konflikgeskiedenis op huidige psigoses te verreken. In dié proses kan die ontkenningkultuur om die

Matabele- en Shona-konflik ook op die versoeningstafel te plaas, aangespreek word tot voordeel van 'n veel meer dieperliggende vredeskultuur, en volhoubare demokratiese gees. Ingeslote hierby ook, gelyke armoedetransformasie en maatskaplike en sosio-ekonomiese ontwikkeling in Zimbabwe wat juis as gevolg van die geneigdheid tot historiese waarheidsontkennings, dikwels neerslag vind in armoedeprofiel-kontekste volgens demografiese en fisiografiese grensraamwerke.

Skuld, toerekenbaarheid en skade/lyding is inderdaad 'n inklusiewe eienaarskap van al die huidige mense- en belangegroep. Dit impliseer dat al die mense-groep in Zimbabwe, 'n morele verantwoordelikheid het tot deelname aan 'n gelyke, en volledig-geïntegreerde versoeningsproses, wat nie die geskiedenis vir politieke doeleindes, eenogig interpreteer nie. Die erkenning hiervan is 'n noodsaaklike vereiste vir suksesvolle versoening.

5.1.2. Konflikterende Gesindhede

Vanuit hoofstuk 2 het dit duidelik geblyk dat 'n kern-verwoording van die historiese konflikstruktuur aangevuur word op die psigiese verhoudingsvlak deur intens-negatiewe rasse- en stamgesindhede. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die gesindhede oor die diverse samelewingskonstruksie, die vorm van 'n intense rasse-, identiteits- en kulturele konflik aanneem en deur prosesse van politieke en sosiale ingeurswese in die pre-1980-era bestuur is. Daar is ook tot die gevolgtrekking gekom dat *Mitchell (1981)* se voorbeelde van konflikgesindhede soos vyandigheid, hoë emosionele vlakke, negatiewe evaluasies van die omgewing waarbinne die konflik ontstaan het, asook aangeleenthede soos etnies- en stamgeoriënteerde projeksies en druk tot groepskonformasie, ook tipiese voorbeelde van die pre-1980-situasie in Zimbabwe was.

Daar is in hoofstuk 2 daarop gewys dat die pre-1980-periode gekenmerk was deur 'n ingesteldheid gegrond op die persepsie dat gedeelde doelwitte, waardes en bestaansredes (*raison d'être's*) nie tussen die diverse kultuurgroepe moontlik is nie. Die persepsie het oor jare bestaan dat die verskillende etniese en stamgroepe 'n noodwendig botsende en uitsluitende ontologiese behoefte-basis het, wat nie gesamentlik bevredig sou kon word nie. Aan die een kant was dit in die geleedere van blanke sentiment, gemotiveer deur die oortuiging dat daar 'n bepaalde kulturele hiërargie bestaan, waarin die Brits-Westerse waardesistiem as oppermagtig beskou is en wat uit, die aard, daarvan missionêr geroepe was as mentor vir die transformasie van die 'onbeskaafde Afrika kulturele'-persoonlikheid. Hierteenoor was daar die swart afrikanistiese "peasant"- en werkersklas-gedrewe persepsie van die blanke as 'n buite-kontinentale vreemdeling. Iemand wat deur sy totalitêre, arrogante, liefdelose, dikwels alwetende houding en deur sy onmenslike optrede en beleidsgrondslae, 'n vyand van die totale Afrika-kulturele en religieuse realiteit is en wat, veral in disharmonie, daarmee leef.

Op hierdie wyse, só is geargumenteer, het diepliggende psigosos en projeksies van menslike bedreiging neerslag gevind in byvoorbeeld, aan die eenkant, beleidsgrondslae soos die ongelyke verdeel en beheerproses van die ruimtelike bronne en die sosiale konstruksie van die land. Aan die ander kant was daar eweneens psigosos en projeksies van bedreiging. Dit het egter neerslag gevind in latere jare, toe die konflik sy hoogtepunt bereik het, in gewelddadige gedragspatrone en 'n

diep agterdochtige gesindheidsoriëntasie ten opsigte van enige pogings tot onderhandelende ooreenkomste. In só 'n mate het hierdie psigoses besluitneming aan beide kante van die konfliktspeelveld gereguleer, dat onderhandeling en 'n grondwetlike skikking, soos dit by Lancaster House in 1979 gekristaliseer het, slegs op inisiatief en met behulp van doelgerigte druk vanuit die internasionale gemeenskap, gebore kon word. 'n Inherente morele oortuiging vir vreedsame konflikbeslegting het nie, teen 1980, in die geleedere van die besluitnemende leierskappe bestaan nie. Tipies projekterende gedragspatrone in die post-1980-era, in die vorm van skuldtoesegging vir destruktiewe binnelandse konflik-situasies, is 'n direkte gevolg van die deurvoering van 'n ekstern beheerde onderhandelde skikking, met die uitsluiting van 'n sterk morele oortuigingsgrondslag in die geleedere van die binnelandse rolspelers.

'n Belangwekkende gevolgtrekking wat in hoofstuk 2 gemaak is, was dat die pre-1980-era gekenmerk sou word as 'n tydperk waarin daar nooit werklik geslaag kon word om 'n allesomvattende en insluitende *raison d'être* te ontwikkel nie. Beslis nie in só 'n mate dat dit rassekriteria en diversiteite kon akkommodeer op 'n wyse dat 'n diepliggende inklusiewe vredeskultuur ontwikkel het, waarbinne alle belangegroepe hul verskille en verdeeldheid vreedsaam en ooreenkomstig 'n kultuur van demokrasie kon besleg en bestuur, nie.

Daar is ook tot die gevolgtrekking gekom dat konflikgesindhede fundamenteel geïnspireer is, deur die omvattende stel konflikbronne waarna reeds verwys is en dat dit in sigbare vorm gestalte gevind het in 'n intense rasse- en kulturele magstryd, wat grootliks as basis gebruik is waarop persepsies en oortuigings van morele gesag gebou is. Dit is 'n konflik wat versterk is deur gesindheidspatrone, gebaseer op grondliggende onderlinge wantroue, etniese en identiteitsvooroordele, wedersydse negatiewe projeksies, botsende en uitsluitende geloofsoortuigings, wanpersepsies, antagonistiese, vyandige emosionele sentimente, ens. Dit is veral hierdie gesindhede wat die etniese magstryd versterk en ryp gedruk het sodat dit tot groeiende destruktiewe konflikteskalasie-gedragspatrone gelei het.

Eweneens kom die impak wat gesindheidsgrondslae op persepsies van doel, behoeftes en belangebotsings, asook op gedragspatrone, uitoefen in die Zimbabwiese situasie duidelik na vore. Dit bevestig ook dat konflikresolusieprosesse en die wetenskaplike basis wat daarmee gepaard gaan in die besinning oor konfliktransformasie, versoening en vredebou, meer as in die verlede, 'n bepaalde klem moet plaas op die impak en interaktiewe invloed wat menslike gesindhede op konflik-eskalasie en de-eskalasie speel. Dit beklemtoon die noodsaak van die verhoudingsprioriteit en die dinamika daaraan verbonde, wat in openbare bestuursprosesse in ag geneem behoort te word. In wese handel hierdie wetenskap immers oor die mens. 'n Ignorering van die invloed van die psigiese dimensie op regeringsbestuursprosesse, beleidmaking, wetmaking en op die samelewingsdynamika, sou op 'n ernstige tekortkoming dui.

Bewys hiervoor is te vind in die gevolgtrekking dat die blanke minderheid vir die grootste gedeelte van die 20ste eeu in 'n diepliggende vrees-psigose vasgevang was en dat die rede daarvoor waarskynlik te vind is in die persepsies oor wat sou gebeur indien rassegelykheid die beleidsnorm word. Op grondvlak het blankes gevrees vir die verlies van hul grond en eiendom. Daar is gevrees dat

geïntegreerde, politieke ontwikkeling van die swartman gedwonge integrasie van skole, hospitale en woongebiede sou meebring en dat blanke vakmanne as gevolg van swart kompetisie hul werk sou verloor. *Flower (1987:26-28)* het hierby aangevul toe hy op die feit gewys het dat mindersheidsregte in ander kolonies wat onafhanklik geword het, geminag is. Dit het blanke projeksies van soortgelyke scenario's versterk, tot 'n gesindheid van sterker konserwatisme in terme van die formulering en uitvoering van rassebeleid. Uiteindelik het dit aanleiding gegee en neerslag gevind, in die verkiesingsoorwinning van die Rhodesian Front en die party se oriëntasie tot sterker wet en orde beleidsgrondslae.

Belangrik is egter ook die waarneming dat, alhoewel dit 'n konflik tussen die blanke minderheid en die meerderheid van swart Afrikane was, daar ook 'n baie intense intra-swart konflik was. 'n Konflik wat deurlopend die gang van kreatiewe, probleemoplossende skikkings verhinder het. *Ranger (1985) en Lan (1985)* se analyses toon duidelik hoe die konflik ook binne stam, kleinboer en "petty-bourgeoisie"-vlak gestalte gevind het. *Muzorewa (1978:58)* het ook hiermee saamgestem en aangetoon dat die verdeling tussen ZAPU en ZANU op die psigiese vlak verwarring by die swartman geskep het en dat dit dikwels tot gewelddadige uitbarstings gelei het.

Vanuit hierdie konteks is bevind dat *Burton (1987) en Paul Sites (1973)* reg is in hul beoordelings dat opponerende rolspelers in situasies van diepgewortelde konflik, persepsies van ontologiese behoefte-bedreigings ervaar. In pre-1980-Zimbabwe het beide blank en swart, vanuit die behandelde historiese perspektief gesien, persepsies van behoefte-bedreigings ervaar. Dit sou in beide gevalle tot bepaalde konflikterende gesindheidspatrone aanleiding gee, in terme van duidelik waarneembare emosies wat gelei het tot groepskonformasie in beide swart en blanke geleedere. Hierdie konflikthouinge sou 'n energiebron vir 'n groeiende destruktiewe konflik-eskalasiespiraal word, wat eers met die Lancaster House-ooreenkoms vir 'n wyle beëindig is.

Hoofstuk 3 het, in die lig van hierdie intense konflik, van behoefte en belangebotsings en konflikterende gesindhede, 'n belangrike vraag ondersoek. Waarom het die Lancaster House-beraad tot 'n ooreenkoms gelei, ten spyte van die feit dat nie een van die partye in hart en siel en uit eie morele oortuiging, daaraan deelgeneem het nie? Daar is in die hoofstuk tot die slotsom gekom dat daar 'n strategiese gereedheid vir 'n onderhandelde skikking was en dat konfliktransformasie, in terme van die pre-1980-konflik, 'n bepaalde rypheidsmoment bereik het. Dit is grootliks geskoei op die grondslag van 'n internasionale klimaatgereedheid vir 'n skikking van 'n konflik wat jarelange oorlog meegebring het en uit 'n morele en ekonomiese basis onregverdigbaar geword het. Die koste-implikasies van die oorlog was sodanig dat, die finansiering daarvan, geen morele regverdigingsbasis meer verskaf het nie en ook geen politieke gewin vir die borge lande ingehou het nie. Anders as in die verlede, het die internasionale rolspelers, in terme van die noodsaak vir 'n terugkeer na wettigheid en 'n internasionaal erkende skikking, hul punt van "*no return*", of soos Zartman daarna verwys, "*point of seriousness*", bereik. Vir hulle was die koste van 'n voortsetting van die oorlog, veel groter as die winste daaraan verbonde. Dit is natuurlik óók waar dat die land uitgeput was, vanweë die psigologiese eise wat oor meer as 'n dekade van stryd, gestel is.

Die tweede vraag wat hoofstuk 3 ondersoek het, is uit hoofde van die ontwikkeling van ware konfliktransformasie en vredebou, uiters relevant. “In watter mate het die konflikterende partye in Zimbabwe-Rhodesië en die alliansie-vennote van die Patriotic Front, self tot ‘n innerlike oortuiging van die noodsaak van ’n onderhandelde skikking gekom?”

In hierdie verband kan, na aanleiding van die analyses gedoen, tot die gevolgtrekking gekom word dat die Muzorewa-regering, ten spyte van hul analise rakende die kostes en risiko’s wat ‘n skikking sou meebring, asook ten spyte van die druk deur die VSA en SA, tog tot ‘n oortuigde besluit gekom het dat Lancaster House noodsaaklik was vir ‘n terugkeer na legaliteit en ekonomiese herstel. Die beginsel om ‘n Patriotiese Front-regering as deel van ‘n demokratiese verkiesingsproses te aanvaar, was waarskynlik nie deel van hul verdraagsaamheidsvlak nie. Hier was dit dus eerder ‘n geval van geen ander keuse, as innerlike morele oortuiging.

In terme van die Patriotic Front se motiverings, sou Jannie du Toit se strofe in die liedjie, Vrede Vanaand, sterk van toepassing wees: “Vrede is ‘n duur artikel, niemand sal dit kry, as hyself dit nie wil maak nie”. Só het die ondersteunerskontigent en die ZANU (PF)-partystrukture in die nuanse van Shamuyarira, Kumar en Kangai geglo dat onafhanklikheid nie deur die Lancaster House-ooreenkoms bereik is nie, maar deur die jare lange gewapende stryd.

Met hierdie gees en gesindheid is die onafhanklikheids-era betree. Met hierdie gees en gesindheid is daar nie werklik in hart en siel eienaarskap oor die Lancaster House-grondwet en regstaatsbeginsel geneem nie. Dit is eerder gesien as ‘n verdrag ter wille van “convenience” en noodsaak, as wat dit om innerlike oortuiging gegaan het.

Chan (2003:10) het ook dié argument ondersteun toe hy aangedui het dat die strydende Patriotic Front geen aandeel in die voorbereidings en voorstelle van die Statebond en Lancaster House-prosesse gehad het nie. Hulle het ‘n proses bygewoon waarvoor ander die beheer gehad het, terwyl hulself geen sin of lus vir eienaarskap gehad het nie.

Vanuit hierdie vertrekpunte kan tot die gevolgtrekking gekom word dat, nóg die Muzorewa-afvaardiging, nóg die Patriotiese Front vanuit innerlike oortuiging en ‘n soeke na ware volhoubare vrede, onderhandel het. Veel eerder was die motief die verkryging en konsolidering van politieke en ekonomiese staatsmag en die instandhouding daarvan deur die beskikbare staatsbronne, met internasionale ondersteuning en erkenning. Onderhandeling was vir hierdie rolspelers nie ‘n middel tot vrede nie, maar ‘n strategiese aanpassing om dieselfde doel – magsoorname en –konsolidasie - ongeag wát, te bereik.

Teen hierdie agtergrond, het die Lancaster House-ooreenkoms wel daarin geslaag om ‘n einde aan die gewelddadige stryd mee te bring, maar dit het nie daarin geslaag om interne vrede en versoening te bring nie. Dit, ten spyte van die feit dat die post-1980-era wel ‘n bepaalde “honeymoon”-tydperk meegebring het. Daar was selfs vir jare oënskynlike stabiliteit. Aangesien die worteloorsoeke en bronne van wantroue nie opgelos is nie, sou dit egter later tot uitbarsting kom in die vorm van gewelddadige staatsgeweld, rebellegroepvorming, radikaal georiënteerde grondbeleid en ander vorme van sosiale onstabiliteit.

Vrede, wat volgens *Fisher (1981): "an ability to deal well with differences"* beteken, is nie deur die Lancaster House-konferensie bereik nie. Teen hierdie agtergrond, word tot die gevolgtrekking gekom dat 'n onderhandelde skikking wat deur eksterne moondhede beheer en afgedwing word, sonder dat daar instrumente en prosesse vir inter-party konflikresolusie, versoening en vredebou geskep word, op die lange duur moeilik volhoubare vrede skeep. Lancaster House het hier ernstig in gebreke gebly en die vrugte daarvan sou in die post-1980-periode, gepluk word. Beide die Lancaster House-ooreenkoms, asook die implementeringsfases daarvan, het nie vir grondliggende en multi-vlakkige inter-party versoening, voorsiening gemaak nie

Die implikasies hiervan was dat, terwyl die geweerlope nog skaars afgekoel was, die skutters mekaar binne parlementêre konteks gekonfronteer het met 'n innerlike gesindheid van "'n gewapende guerrilla/bosoorlog". Lancaster House en die opeenvolgende oorgangsproses het dus in gebreke gebly om sterker bindingskragte vir volhoubare vrede te skeep.

Die analyses in hierdie hoofstuk gedoen, toon ook aan dat die vereistes vir 'n geïntegreerde vredevestigings- en vredebouproses, naamlik, sosio-politieke, sosio-ekonomiese, sosio-psigologiese, asook geestelike prosesse en programme, nie voldoende aandag tydens die oorgangsperiode gekry het nie. Selfs die hervestigingsprogramme van politieke vlugteling en terugkerendes, is as die verantwoordelikheid van die nuwe regering beskou. Verbintnisse wat moes seker maak dat sulke prosesse aandag kry, is nie aangegaan nie. Die analyses gedoen, dui aan dat slegs die Statebondswaarnemersgroep moeite gedoen het om met die breë burgerlike samelewing kontak te maak. Die United Nations het wel pogings aangewend om die terugkerende vlugteling behulpsaam te wees, maar op daardie stadium het geen geïntegreerde proses bestaan nie.

Teen hierdie agtergrond word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die oorgangsproses nie die basis gelê het vir 'n integrasieproses tussen die korttermyn krisisstabiliserende aksies en die langertermyn vredesdoelstellings nie. Samevlopend hiermee, het die onderhandelingsstyl wat Carrington en sy afvaardiging tydens die Lancaster House-konferensie gevolg het, nie werklik in diepte 'n kultuur van gesamentlike probleemoplossing probeer skeep nie. Carrington wou in wese, slegs die Rhodesiese vraagstuk van die voortslepende agenda verwyder kry. Sy styl van magsbedinging, deur veral van die drukkragte werksaam in die internasionale omgewing, gebruik te maak, het wel effektief 'n ooreenkoms beding, maar dit kon nie daarin slaag om 'n gees van onderlinge begrip en dus gesindheidsverandering, te skeep nie. Emosies, persepsies van wantroue, antagonismes en haat het steeds in so 'n mate hoogty gevier dat Soames in sy artikel die probleem van diepe wantroues tydens sy regeertydperk beklemtoon het. Wantroue, nie slegs tussen die Patriotic Front, Muzorewa, Smith en Brittanje nie, maar ook binne die geledere van die Patriotic Front self. Die besluit van Mugabe om die verkiesing losstaande van Nkomo te veg, is ook hiervan 'n bewys.

Die Statebondsverslag toon ook aan dat, hoewel daar duidelike voorbeelde van intimidasie in verskeie vorme was, dit nie aan enkele rolspelers eksklusief toegeskryf sou kon word nie. Dit eerder 'n produk van die steeds warm geweerlope in die psiges van die betrokke partye. Konflikterende gesindhede sou immers in die verloop van só 'n kort oorgangsproses, wat slegs op die tegniese aspekte van

oorgang gefokus het, moeilik gestuit kon word. Die besluit van die skietstakingsmonitorgroep om nie partye vir die verbreking van die skietstakingsooreenkoms te vervolg nie, maar om eerder die basis vir 'n vreedsame integrasie van al die gewapende magte tot 'n enkele weermag te lê, was waarskynlik die korrekte benadering.

In die geheel gesien het die Lancaster House-beraad wel die basis vir korttermyn vredevestiging gelê. Dit het ook die jarelange bosoerlog beëindig en internasionale erkenning en wettigheid herstel. Kritiese elemente van die historiese konflikstruktuur is aangespreek, waaronder die herstel van gelyke politieke regte, die beginsel van meerderheidsregering, die verskaffing van grondwetlike waarborge teen 'n willekeurige wysiging van die grondwet, die onmiddellike verbetering van die politieke status van die swart bevolking, die beëindiging van institusionele of "wetboek-rassediskriminasie", die aanvaarding van die beginsel van geen onderdrukking van die minderheid deur die meerderheid en die meerderheid deur die minderheid, nie. Die vredevestigingsfase het ook deur die verkiesingsproses van 1980 'n duidelike bewys van die sentimente van die kiesers van Rhodesië verskaf.

Dit is uiters onwaarskynlik dat 'n ander tipe uitslag verwag sou kon word. Die verkiesings en die bevindinge van die Statebondswaarnemers daarvoor, in terme van vryheid en regverdigheid, kan wel ondersteun word. Die internasionale kriteria vir legaliteit is nagekom. Tegnies-grondwetlike maatreëls vir die bou van 'n vredeskultuur is wel gelê. Die konflik was egter nog nie in 'n proses van transformasie nie, aangesien die oorgangsproses geen raamwerk of voorbeeld vir die resolering van Galtung se konflikgesindheidsdriehoek op die drie verskillende vlakke van Zimbabwe se samelewing (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) verskaf het nie.

Daar is in hoofstuk 4 aangetoon dat kosmetiese benaderings tot versoening, waarvan "geheue-verliesstrategieë" (konflikvermyding), strafloosheid, ingesteldhede van selftevreedenheid, in samewerking met enkelvoudige en gesentraliseerde versoeningstrategieë, van die primêre redes vir die aanvanklike mislukking daarvan was. 'n Tweede belangrike aangeleentheid was die afwesigheid van openbare erkenning van die foute van die verlede, geen duidelike prosesse gemik op herstellende geregtigheid nie en veral, gebrekkige vordering op die terrein van ekonomiese geregtigheid. Daar is aangetoon dat hierdie benadering veral, deur middel van die Lancaster House-ooreenkoms geïnternaliseer is.

Daar is ook aangetoon dat gebrekkige versoening tussen die Shona en Matabele in sake die interstam-konflik met sy ontstaan, sover terug as die negentiende eeu, aandadig was aan die post-1980 eskalerende konflik. Die studie het voorts aangetoon dat die teorie van Paulo Freire in Zimbabwe relevant is. Dit blyk dat Freire se waarskuwing dat die onderdrukker dikwels, vanweë sy eie psigologiese onvermoë om sy geskiedenis van onderdrukking te verwerk en as gevolg daarvan, self 'n sterk onderdrukker word, ook in die geval van Zimbabwe se politieke élite relevant is. Hierdie waarneming bevestig die noodsaak vir 'n proses van diepliggende versoening.

Voorts het die studie aangetoon dat interkulturele antagonisme steeds 'n prominente faktor in Zimbabwe is wat, veral deur middel van die verskynsel van

projeksie sigbaar na vore kom. Redes vir verskille en konflik in die post-1980-periode, soos byvoorbeeld reaksies op verkiesingsuitslae, grondhervorming, si-klusse van ekonomiese inkrimping, ens. is heel dikwels oor die boeg van etniese en interkulturele antagonistiese motiewe gegooi. Analiste argumenteer steeds dat blankes oor die jare die swart bevolking as van 'n laer kulturele orde beskou. Daarenteen beskou die swart bevolking die blankes steeds as buite-kontinentale vreemdelinge, indringers en vyande wat in disharmonie met die Afrika kulturele en religieuse realiteit leef. Dit wil dus blyk dat diepliggende inter- sowel as intra-etniese versoening nie plaasgevind het nie en dat die voortbestaan en eskalering van negatiewe historiese konflikgesindhede aan die een kant en aan die ander kant, die ignorering om dit deur doelmatige versoeningsprogramme in die post-1980-era aan te spreek, 'n prominente oorsaak kan wees.

Ter afsluiting kan die volgende elemente as gesindhedskenmerke in die post-1980-samelewing, aangedui word:

“n Gefragmenteerde samelewing gegrond op ras, etnisiteit en politieke verdelings; 'n hoogsgepolariseerde samelewing; koorsagtige diepliggende spanning; vry algemene haatspraak; omgekeerde rassediskriminasie; psigiese littekens weens die impak van die Gukurahundi; gees van ontkenning; gevoelens van onveiligheid, gebrekkige sekuriteit, onverdraagsaamheid met diegene wat van jou verskil (diversiteitsonverdraagsaamheid); bitterheid, 'n gees van vergelding en disrespek vir die oppergesag van die reg.”

5.1.3. Konflikterende Gedragspatrone

Vanuit die historiese perspektief, soos in hoofstuk 2 beskryf, kom dit na vore dat die verloop en ontwikkeling van die konflik in Matabeleland, Mashonaland, later in Suid-Rhodesië, tydens die Sentraal-Afrikaanse Federasie-tydperk, in die UDI-periode en die Zimbabwe/Rhodesië-era ooreenstem met die uiteensetting van konflikgedragspatrone soos aangedui deur Mitchell (1981). Onderhandelings, ooreenkomssluitings, kolonialisering, strukturele ongelykheid en uitsluiting, wetlike aksies en wetlike dwang, opstand en oproer, geweld, protes, betogings, boikotte, lydelike verset, revolusie in die vorm van guerrilla-oorlogvoering, sanksies en internasionale isolasie, veiligheidswetgewing en noodtoestande, sterk optredes van veiligheidsmagte, is alles patrone van konflikgedrag wat ook in Zimbabwe neerslag gevind het.

Uit die historiese analise kom dit ook na vore dat die konflikbronne wat deur die geskiedenis heen in Zimbabwe neerslag gevind het, saamgesien met die afwesigheid van genoegsame sentripetale kragte, soos gemeenskaplike waardesisteme, eenvormige samebindende *raison d'être's*, legitieme konflik-beslegtingsprosedures en -meganismes, die ruimte geskep het vir die ontwikkeling van destruktiewe konflikgedragspatrone wat voortdurend deur negatiewe en onverdraagsame gesindhede gerugsteun is.

Teen hierdie agtergrond, sou die konflik vanaf die gewelddadige karakter wat dit in 1893 en 1896 aangeneem het, verander na, aan die een kant, sterk grondwetlike optredes in die vorm van kolonialisering, toekenning van verantwoordelike selfregerende status, federasievorming en ontbinding, eensydige onafhanklikheids-

verklaring, détente-prosesse, sterk veiligheidsoptredes en uiteindelik 'n binnelandse skikkingsproses, gerugsteun deur die verskansing van blanke regte en belange deur middel van omvattende, rasgebaseerde wetgewing.

Aan die ander kant sou 'n veranderende weerstandstrategie ontvou vanaf die aanvanklike rebellie-optredes, na oorredende gesprekstrategieë in die vroeë twintigste eeu. Dit sou opgevolg word met lydelike verset-strategie, groter militantheid, burgerlike verset en ongehoorsaamheid, na die uiteindelige besluit tot gewelddadige optrede en guerrilla-oorlogvoering.

In dié proses bevestig die ondersoek na die aard van die historiese gebeure in die pre-1980-era in Zimbabwe, ook die korrektheid van *Anstey (1991)* waar hy argumenteer dat die konflik-eskalasiespiraal gekenmerk word deur: “'n uitbreiding van konfliktaangeleenthede, 'n transformasie van spesifieke eise tot allesomvattende eise, 'n eskalering vanaf beperkte hulpbronbeleggings na 'n stygende belegging in die hulpbronnkoste van die stryd, die vorming van weerstands/bevrydingsalliansies en -kollektiwiteite, die ontwikkeling van doelstellings gerig op die benadeling van opponente, negatiewe stereotipering, eskalاسie van negatiewe persepsies, 'n toename in vyandige verhoudinge, 'n transformasie van die interne organisatoriese strukture waar die duiwe (gematigdes/vredesoekers) beheer verloor, ten gunste van die “valke” (oorloglustiges), outokratiese leierskap wat beheer neem, asook die transformasie van vreedsame probleemoplossende benaderings tot volskaalse geweld en oorlog.”

Die omvang van gewelddadige konflikgedragpatrone aan beide kante van die spektrum, sou slegs getransformeer word, so bewys die geskiedenis, in die eerste plek, nie deur interne oortuigings of verandering in gesindhede of houdinge nie, maar veel eerder deur die druk van internasionale rolspelers wat daartoe gelei het dat albei groeperings hul strategiese punte van erns bereik het. 'n Punt waarin daar besef is dat strategiese veranderings vir hul politieke voortbestaan nodig is. Dit sou lei tot die onderhandelings in beide die binnelandse skikkingsproses en die latere 1979-Lancaster House-beraad.

Nietemin bevestig die eskalاسie in destruktiewe konflikgedrag die teoretiese gronde van die ontologiese mensebehoefte-teorie dat, indien persone of kollektiwiteite van mense die persepsie het dat hul wesentlike behoeftes bedreig word, hulle antisosiaal aanvaarbare gedrag sal legitimiseer, sou hulle daarvan oortuig wees dat dit die enigste werkbare alternatief is vir die beskerming van daardie behoeftes. Dit wil voorkom dat hierdie teorie, ook in die Zimbabwiese geval, korrek bewys is.

In die pre-1980-era het daar inderdaad 'n evolusionêre proses plaasgevind waartydens 'n radikalisering van verhoudinge, asook 'n radikalisering van konflikbestuur- en resoluasie-strategieë, ontwikkel het vanweë persepsies van fisiese en ontologiese behoeftebedreigings. In die proses het die vrug van gewelddadige konflik ryp geword, ook vanweë doelbewuste strukturele en kulturele geweldstrategieë.

In die sin kan die toepasbaarheid van Ted Gurr se toerie oor die rol en impak van relatiewe deprivasie waargeneem word. Armoede was bepaald 'n belangrike

konflikbron en dryfveer in die pre-1980-era. Armoede was vir die Matabele, Mashona en vir die landelike en stedelike swart werker, nie 'n kultuur waarmee vrede gemaak kon word nie. Dit was, benewens ander faktore, (fisiografiese omstandighede) die produk van strukturele geweld – doelbewuste uitsluitende beleidstrategieë ter bevoordeling van 'n bepaalde etniese groep op politieke, ekonomiese en sosiale gebiede.

Vir hierdie mense het armoede ontwikkel vanweë uitsluiting op politieke, ekonomiese en sosiale gebiede. Die resultaat was die disintegrasie van tradisionele kultuur, gesins- en verwantskapsnetwerke, byvoorbeeld, vanweë migrasie-arbeid vir oorlewing. Vir hulle was dit die gevolg van, byvoorbeeld, 'n minderwaardige onderwysbeleid wat die swartman tot 'n lewe van hande-arbeid gereduseer het, met beperkte geleentheid vir opleiding en die bereiking van maksimale mensepotensiaalontwikkeling. In wese het dit in die woorde van *Galtung (1969:170-171)* gelei tot die persepsiebedreigings van die Matabele en Mashona se oorlewingsbehoefte, welvaartsbehoefte, identiteitsbehoefte en vryheidsbehoefte. Dit kon, uit hulle gesigspunte beskou, nie anders as om tot gewelddadige teenreaksie te lei nie.

Hierdie gevolgrekking beweer nie dat die ekonomies laer klasse in die samelewing die inisieërders van die gewelddadige stryd was nie. Daar word ook nie beweer dat armoede assulks, tot gewelddadige reaksie lei nie. In die Zimbabwe-situasie het die leierskap vir weerstand, inderdaad, vanuit die élite groepering gekom. Wat egter wel in die analise na vore kom, is dat armoede 'n sigbare metingsinstrument vir die ongelyke verdeling van bronne en welvaart is. Dit was en is ook steeds 'n metingsinstrument vir die diepliggende omvang van inkomste-ongelykheid. Die analise bevestig ook die waarneming dat die bronne van armoede oor die jare nie slegs deur normale ekonomies-kompeterende kragte geskep is nie, maar dat dit ook ontwikkel het deur institusioneel verskanste beleidsgrondslae. In die pre-1980-era, ooreenkomstig ras-gebaseerde verskansing van voordele en bevooringting en in die post-1980-periode deur stam- en politieke party-gebaseerde verskansing van voordele.

In terme van die grondherverspreidingsprogram het dit uiteraard ook 'n ras-gebaseerde aanslag (swart teenoor blank) binne die paradigma van vergeldende geregtigheid, impliseer. Vanuit hierdie oogpunte gesien, het armoede 'n psigologiese atmosfeer geskep, gegrond op diepliggende oortuigings van beide fisiese en ontologiese mensebehoefte-bedreigings. Die fokus van optrede deur die slagoffers is wel gerig op oorlewing en nie gewelddadige teenreaksie nie. Indien egter, soos *Sites (1973)* en andere analiseer (en in hoofstuk 1 aangedui), die potensiële geleentheid van 'n ontsnapping vanuit hierdie omstandighede hom voordoen en indien die verwagting opduik van die moontlike beveiliging van die bedreigde behoeftes, (met hulp van rolspelers wat oënskynlik vir hierdie regte veg, al is dit deur middel van gewelddadige strydmodes), sal die slagoffers van sodanige institusioneel-gevestigde armoede, met gemak begin deelneem aan sodanige bevrydingsaksies. Die feit dat élitistiese leierskap die voortou in die bevrydingsproses neem, is nie 'n aanduiding van die nie-bestaan van armoede as konflikbron in die psige van die leidende party nie. Dit bevestig juis die beskikbaarheid van die psigologiese ruimte en klimaat vir mobilisering van die arm-massas vir hul (die élite) eiesoortige, magsgesentreerde ideale. Vir die

lydende persoon is sy stryd teen armoede egter, binne die struktuurraamwerk van konflik gesien, 'n projeksievoertuig wat op growwe benadeling deur magshebbers dui. Dit skep die omstandighede waardeur die arm persoon psigologies daarvan oortuig word dat die voortbestaan van die *status quo*, sy lewensbestaan bedreig. In die sin gesien, is armoede 'n belangrike konflik-eskalerende faktor.

In dieselfde mate is die teorie van Skocpol, Davies en andere, oor die evolusionêre ontwikkeling van 'n revolusionêre situasie en gees, aangevuur deur 1. interne institusionele omstandighede, 2. interne groepsverhoudinge en aangehelp deur 3. internasionale interaksie regdeur die geskiedenis van Zimbabwe waarneembaar. Reeds vanaf die tyd van 1. Lobengula, 2. die aanvanklike 1893- en 1896-opstande, 3. die latere pogings om vir verbeterde lewensomstandighede te stry binne die grondwetlike raamwerk van die BSAC-regering, 4. in die selfregerende periode, 5. die aanvanklike gebruikmaak van lydelike verset-aksies, asook in die tydperk van die 6. Sentraal Afrikaanse Federasie, word gesien hoe 'n sameloop van interaktiewe faktore daartoe aanleiding gegee het dat 'n rypwordende situasie vir revolusionêre optrede geskep is en was die rasse- en klassestryd deel van die groeiende konflikspiraal, soos Anstey se teorie dit noem.

Die Uhuru-proses in Afrika, samelopend met 1. die dekolonisasie prosesse, 2. die stygende aanvaarbaarheid van menseregte kulture wat internasionaal ontwikkel het en 3. die internasionale afkeur in die praktyk van minderheidsregerings en rasgebaseerde diskriminerende beleidsrigtings, het 'n duidelike impak op die binnelandse ontwikkelingsprosesse van Suid-Rhodesië, Rhodesië en later ook Zimbabwe-Rhodesië, gehad. Dit was 'n geïnternasionaliseerde vraagstuk. Hiervan was die Lusaka-manifes van 1969, die OAE- en VVO-resolusies, die omvattende reeks internasionaal beheerde onderhandelingsprosesse, detenté-pogings, Statebonds-konferensie en uiteindelik die Lancaster House-konferensie, sprekende getuigenis. In 'n groot mate het die rol wat die internasionale gemeenskap gespeel het, die binnelandse akteurs by hul "security points" gebring, waar besef is dat die voortgang van bestaande strategieë te lae winste inhou en dat daar nie ander keuses was as om te onderhandel nie. In hierdie opsig is Zartman se teorie reg bewys.

Die impak van voortdurende intra- en inter-party konflikte binne die geledere van die nasionalistiese groepe, het ook meegewerk tot die ontwikkeling van 'n strategie wat noodgedwonge moes verander. Die belegging van 'n stygende las van bronne in die konflik en die beperkte hulpbronne-skatkis beskikbaar, samelopend met die feit dat Zimbabwe 'n beperkte hulpbronland is, het in samewerking met die internasionale rol, die "turning points of seriousness" in die laat sewentigerjare op alle rolspelers se agenda geplaas. Hoewel die omvattende lys van onderhandelings en buitelandse, sowel as binnelandse onderhandelings-inisiatiewe, belangrike konflik de-eskalasie prosesse was, was die persepsies van onversoerbare belange in die denke van alle binnelandse deelnemende akteurs só sterk ontwikkel, dat dit nie ruimte verskaf het vir die grondlegging van 'n fundamentele vertroue in vreedsame probleemoplossing en gelyke akkommodering van behoeftes nie. Dit het ook die moontlikheid van 'n intern-gedrewe versoeningsproses, uit die oogpunt van die binnelandse akteurs, gemarginaliseer. Die wil tot ware versoening het onder alle rolspelers ontbreek. Uiteindelik sou die

realiteit van beperkte bronne en die druk van die internasionale akteurs die deurslag gee.

Die konflik van pre-1980-Zimbabwe was inderdaad 'n diep mensekonflik, gefundeer op oortuigings van diepliggende mensebehoefte bedreigings. Dit is aangevuur deur oortuigings dat die etniese en kulturele diversiteit sodanige sentrifugale krag was, dat dit vanuit die staanspoor, tot kulturele geweldspatrone aanleiding gegee het. Dit was in só 'n mate die geval dat daar bykans geen samebindende krag was, wat sterk genoeg was, om alle verdelings te bowe te kon kom nie. In dié proses is religie as legitimeerder van beide, diskriminerende beleidsrigtings en gewelddadige weerstand, gebruik. As gevolg hiervan het 'n diepliggende rassekonflik ontwikkel in só 'n mate dat selfs ooreenstemmende religieuse oortuigings, nie sterk genoeg uitgeleef is, om dit te kon oorwin nie.

Vanuit die studie wil dit voorkom asof die werke van Galtung, Mitchell, Anstey, Burton, Sites, Pounds en Hartshorne versoenbaar met mekaar is en as goeie basis dien vir die ontleding van die struktuur van konflik, as grondslag vir Lederach se vredebou raamwerk.

In terme van konflikgedragspatrone het die ondersoek in hoofstuk 4 aangetoon dat staatsgeweld en ander onderdrukkende optredes teenoor opposisie groepe, kort na 1980 in momentum toegeneem het. Die eskalاسie van konflikterende gedragstyle, ooreenkomstig stam- en rassentimente, het gevolglik eerder die historiese konflikstruktuur versterk as wat dit getransformeer is. In die proses het die staat en sy alliansie-vennote veral, van terreur- en intimidasie-aksies teen opposisie gebruik gemaak. Samehangend hiermee, is daar veral ook die aanvalle wat op die instrumente van demokrasie gemaak is, waarvan die beperkings op mediavryheid, die regstelsel en die georganiseerde burgerlike samelewing, enkele voorbeelde is.

In die ondersoek het dit ook duidelik na vore gekom dat daar 'n eskalاسie in destruktiwe konflikgedragspatrone is en dat dit direk verband hou met die bespreekte persepsies van belangebotsings en konflikgesindhede. Voorbeelde in die verband is onder meer, die manipulering en wanaanwending van noodvoedsel vir politieke doeleindes, die ondermyning van die parlementêre stelsel, die kwytskelding van regeringsondersteuners en amptenare wat hul aan gewelddadige en korruptiewe gedrag skuldig maak, politiek-gemotiveerde geweld, die ondermyning van die werksaamhede van NGO's, aanvalle op onderwysers, die bestuur van die grondvraagstuk en die gepaardgaande "fast track" beleidsraamwerk, die nalating om die grondhervormingsprogram deel van *die 'Economic Structural Adjustment Programme'* te maak, asook stygende radikalisme in die geleedere van die oorlogsveterane en jeugbrigade.

Dit het duidelik in die studie na vore gekom dat die grondhervormingsvraagstuk ook ander destruktiwe konflikgedragselemente tot gevolg het, soos byvoorbeeld 'n eskalاسie in geweldsmisdaad, eskalاسie van armoede en verhongering, asook groeiende werkloosheid (tussen 60-70% teen die jaar 2002). Later jare sou dit selfs hoër vlakke bereik, soos die wêreld se hoogste inflasiekoers 'n getuienis van is. In die lig hiervan, kan afgelei word dat die grondvraagstuk waarskynlik die mees sigbare bewys van die huidige onversoenende karakter en gees op inter-rasse en inter-stam-verhoudinge, is.

Die vraag aan die begin van hierdie studie was of konflikresolusie en transformasie: versoening en vredebou in die post-1980-periode in Zimbabwe plaasgevind het?

Uit die analyses wat veral in hoofstuk 4 gedoen is, is dit baie duidelik dat daar nie 'n geïntegreerde versoenings- en vredeboubeleid en program, ooreenkomstig die Lederach-model bestaan het, of ontwikkel is nie. Die afwesigheid van só 'n doelbewuste geïntegreerde beleid en program is waarskynlik een van die primêre redes waarom die pogings en benaderings wat wel geïmplementeer was, nie volhoubaarheid bereik het nie en ook nie al die dimensies van die historiese konflikstruktuur kon transformeer nie. In hierdie verband moet die geïntegreerdheid en Lederach se beklemtoning van die multi-vlakkigheid van die proses, in ag geneem word. Dit is 'n belangrike nuanse, aangesien die navorsing oor die post-1980-periode aantoon dat daar 'n groot konsensus onder analiste bestaan dat daar in wese, nie enigsins 'n versoeningsvisie en doelstellings onder die voormalige konflikterende partye as kompasanduider vir die heropbou van Zimbabwe bestaan, of ontwikkel is nie.

Daar is ook 'n algemene konsensus tussen die analiste dat versoeningsaksies en beleid wat wel toegepas is, op gesentraliseerde, élitistiese en *ad hoc*-benaderings gegrond was. 'n Belangrike implikasie hiervan is, dat multi-vlakkige en multi-sektorale rolspelers geensins op 'n geïntegreerde wyse as mede-implementeerders van 'n 'nasionale versoeningskonsensusvisie', betrek is nie. Hierdie waarneming is veral belangwekkend, indien Galtung se konflikdriehoek, wat in 'n groot mate ook as 'n konflikdefinisie geïnterpreteer sou kon word, in oënskou geneem word. Galtung beklemtoon juis die rol van konflikterende gesindhede as 'n samelopende faktor wat 'n beduidende impak op beide gedrags- en persepsies van doel en belangebotsings, of onversoenbaarhede, het. Indien dit gevolglik, met inagneming van die analyses gedoen, op Zimbabwe toepaslik gemaak word, kan die gevolgtrekking dat *“vrede ‘n duur artikel is en dat niemand dit sal kry as hy dit self nie wil maak nie”*, inderdaad psigologies op die verskillende historiese en huidige konflikterende rolspelers in Zimbabwe, van toepassing gemaak kan word.

Dit wil uit die analyses gedoen, voorkom asof gebrekkige psigologiese konfliktransformasie, of te wel, gesindheidstransformasie (Galtung se konflikgesindheidsdimensie) nie volhoubaar en deurtastend plaasgevind het nie. Hierdie strategiese nalating het 'n ernstige deurvloeiende impak en gevolg op die ander elemente van die konflikdriehoek – botsende belange en gedragspatrone gehad.

Ten spyte van hierdie waarneming, moet daar wel baie sterk beklemtoon word dat die mislukking van versoening in die periode wat in die studie gedek word, nie sou beteken dat daar geen positiewe of pro-versoeningskragte, dinamika en rolspelers bestaan of bestaan het nie. Die analise bevestig juis dat daar wel besondere kragtige moontlikhede vir versoening en vredebou bestaan. Zimbabwe is baie sterk toebedeel met 'n aktiewe georganiseerde burgerlike samelewing wat multi-sekoraal en multi-vlakkig, ontwikkel is - ongelukkig steeds oorwegend in stedelike gebiede en nie voldoende in die landelike gebiede nie. Daar bestaan

reeds sterk internasionale betrokkeheid op multi-sektorale vlakke wat beduidende rolle in so 'n proses sou kon speel.

Die bestaan daarvan hou ook sterk positiewe moontlikhede vir konfliktransformasie, -resolusie, versoening, en vredebou vir die post-2009-era in, sou die kragte geïntegreerd aangewend word. Die gevolgtrekking van die post-1980-periode is egter dat die nalating van 'n geïntegreerde multi-vlakkige en multi-sektorale proses, hierdie kragte ontmagtig het en dat daar as gevolg daarvan, nie 'n sterk genoeg gees van demokrasie, -versoening en -vredebou kon ontwikkel nie. Die wil tot vrede bly die kritiese deurslaggewende toets vir die nasionale politieke élite in Zimbabwe. Die Afrikaanse idiom "waar 'n wil is, is 'n weg," is in die verband, binne die Suid-Afrikaanse transformasieproses, korrek bewys en sal ook in die Zimbabwiese proses, korrek bewys kan word.

5.2. Gevolgtrekkings: impak op konflikresolusie en vredebou teorie

Vanuit die studie, kom dit duidelik na vore dat daar 'n noue verband bestaan tussen persepsies van doel, belange en behoefte-onversoenbaarheid – die psigologiese reaksies daarop, in die vorm van gesindheidsontwikkeling en die gevolglike gedragspatrone. Konfliktransformasieprosesse behoort gevolglik as vertrekpunt, die interaksie van hierdie konflikdriehoek binne 'n historiese- en resente konteks, te verreken en strategies te inkorporeer in enige konflikresolusie en transformasieproses.

Die studie het ook aangetoon dat die verhoudingskomponent, soos dit in gesindhede gestalte vind, heel dikwels in prosesse onderspeel word. Die impak daarvan is dat die kiem vir latere destruktiewe konflik sluimerend, maar lewendig, gehou word. Dit lei heel dikwels tot nuwe konflikte, gebou op onopgeloste psigoses in die vorm van projeksies, binne die nuut getransformeerde state.

Die basiese kern van politieke wetenskap bly, ondanks alle ander uiters noodsaaklike komponente, (binne die konteks van die proefskrif) die mens en sy interaksie en reaksies binne kollektiewe verband. Die institusionele en alles verbandhoudend daarmee, het weinig waarde sonder dat die mens op wie dit betrekking het, verreken word. Die verhoudingskomponent, soos dit in gesindhede vergestalt, is gevolglik van die uiterste belang in regeer- en konfliktransformasieprosesse.

Dit beklemtoon as eerste belangrike les, die noodsaak om konflikresolusie, versoening en vredebou as bestuurstyl en -program in die politieke en regeerprosesse in oorgangsamelewings multi-vlakkig te integreer. Politieke Wetenskap, Openbare Bestuur, Ontwikkelingstudies, ens. het die uitdaging om konflikresolusie (ingeslote konfliktransformasie en vredebou as versoeningsprogram) as 'n noodsaaklike generiese sub-dissipline in kurrikulums te integreer, met die oog op die spesifieke bevordering van konflikresolusie as bestuurstyl in openbare bestuurskontekste. Die uitdagings van die tyd noodsaak 'n sterk strategiese besinning hieroor.

'n Tweede belangrike les wat vanuit die Zimbabwe ervaring na vore kom, is dat onversoende historiese konflikte, die vestiging van 'n kultuur van standhoudende

vrede bykans onmoontlik maak. In Zimbabwe het die onversoende historiese konflikte die ontwikkeling van 'n inklusiewe, samebindende *raison d'être* verhinder. Die direkte implikasie hiervan kan gesien word in persepsies dat die sosiale, ekonomiese en politieke doelwitte van een etniese of stamgroep, noodwendig die uitsluiting van die ander impliseer. Die neiging om ooreenkomstig stam en ras te mobiliseer, het hierdie persepsie versterk en laat eskaleer in denkrigtings dat waardesisteme ook botsend is. 'n Inklusiewe, multi-vlakkige versoeningsproses, ooreenkomstig die vier fases van Lederach, sou kon meehelp om inklusiewe instemming en eienaarskap (aandadigheid) oor die historiese bronne van konflik te neem en daarna, 'n inklusiewe definisie van 'n nuwe geregtigheid as basis vir 'n eenvormige *raison d'être*, te help ontwikkel.

'n Derde belangrike les, is dat die bestuur van oorgang vanuit gewelddadige intra-staatskonflik na 'n demokratiese orde, baie deeglike geïntegreerde bestuur en beplanning verg. In hierdie verband is die bestuur en inagneming van die konflikdriehoek weer eens relevant. Jarstadt het daarop gewys dat demokrasie in wese, ook oor vreedsame kompetisie handel. Die gevaar is egter dat die psige onmiddellik na vredesooreenkomste nog gehul is in gewelddadige kompetisie. Die bestuur van sodanige oorgang is 'n kernuitdaging en 'n negering van dié tipe uitdaging in oorgangprosesse, is dikwels aandadig aan die mislukking van sulke prosesse.

Konflikterende partye en hul steunbasisse is, met ander woorde, dikwels nie gereed om só vinnig van 'n psige van gewelddadige konflikgesindhede en gedragspatrone na een van vreedsame kompetisie te transformeer nie. Die vraag wat ter tafel kom, is in welke mate dit dalk sinvol sou wees om oor die tydsbeplanning vir die implementering van verkiesings te herbesin.

'n Tweede vraag wat daarmee saamgaan is in welke mate die vestiging van aangestelde/-onderhandelde oorgangsregerings op al drie regeringsvlakke, samelopend met die instelling van formele multi-vlakkige versoeningsprosesse, die hou van demokratiese verkiesings kan voorafgaan? Op só 'n wyse kan die risiko's verbonde aan die oorgang vanaf gewelddadige na vreedsame kompetisie, verminder word, aangesien die nodige tydsraamwerk vir die ontwikkeling van 'n gereedheidsgrondslag vir die psigologiese transformasie daardeur gefasiliteer word.

'n Vierde belangrike les wat uit die studie na vore kom, is dat die ontwikkeling van 'n breë nasionale konsensus, oor die wyse hoe die historiese konflikstruktuur getransformeer kon word, veel sou kon bydra tot die ontwikkeling van 'n gesindheid van verdraagsaamheid, versoening en vredebou.

In 'n diepverdeelde samelewing gekenmerk deur historiese wantroue en gewelddadige konflik, sou dit van belang wees om gesindheidstransformasieprosesse te inisieer deur middel van programme, waarvan die gedragskodes van gesamentlike probleem-diagnosering, gesamentlike probleem-definiëring, gesamentlike soeke na oplossings, gesamentlike besluitneming, beplanning en implementering, asook veral, gesamentlike kommunikasieprosesse, die nie-onderhandelbare werkswyse tussen die voormalige antagonist is.

Sodanige konsensus sou deur middel van, byvoorbeeld, die opstel van 'n politieke, sosiale en ekonomiese kontrak, deur middel van 'n beraadsproes wat multi-vlak-kige belange betrek, gefasiliteer kon word. Só 'n beraadsproes wat deel van die voorgestelde versoeningsproes kon uitmaak, sou veel kon vermag om 'n nasionale eenheid te bewerkstellig, rakende 'n praktiese program van herstellende geregtigheid (die derde fase in Lederach se versoeningsmodel). Só 'n proses sou ook kon bydra om die negatiewe siklus van die konflikdriehoek te transformeer tot 'n vredeskultuur, met 'n vermoë om verskille effektief te kan hanteer. Die studie toon immers aan dat wantroues ontwikkel het deur uitsluitende politieke en ekonomiese beleidsrigtings. Daarbenewens was hierdie beleidsrigtings die direkte gevolg van 'n ignorering van die noodsaaklike prioriteit, om diepliggende intergroepsbegrip en –empatie te ontwikkel, deur middel van volhoubare en gelykvakkige kommunikasieprosesse. Die werkbaarheid van hierdie tipe gedragstyle is binne die Suid-Afrikaanse transformasieproses bewys.

Voorbeelde hiervan was die verskillende beraadsprosesse wat die tafel vir onderhandeling moes dek en gereed maak: Grootte Schuur-, DF Malan- en Pretoria-berade, die vestiging van die Vredesakkoord en die gepaardgaande strukture tot op gemeenskapvlak, die onafhanklike bestuur van beide die Kodesa- en Veelparty onderhandelingsproses; die vorming van onderhandelingsforums in aanloop tot die aangestelde oorgangsrade op munisipale vlak; die loodsing van onderhandelingswerkswinkels deur die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens ten einde 'n raamwerk vir probleemoplossende samewerking te verkry, die Waarheids- en Versoeningskommissie, ens. Die volhoubare sukses van die Suid-Afrikaanse oorgangspreses was grootliks te danke aan die feit dat die proses van onderhandeling multi-dissiplinêre rolspelers en belangegroeppe op verskillende vlakke van die samelewing betrek het, reeds 'n geruime tyd voor die 1994-verkiesings.

Die klimaat (psige) vir 'n vreedsame oorgang was dus tydig gelê. Hierdie tipe proses was afwesig in Zimbabwe en die gevolg, daarvan was 'n aktiewe kiem van konflik wat onderliggend voortgeleef het en telkens en periodiek na vore getree het, totdat die konflik tot onbeheerbare vlakke ge-eskaleer het. Natuurlik was die verskil dat die Suid-Afrikaanse onderhandelingsproses in vreedsame omstandighede plaasgevind het, terwyl die Zimbabwe-proses deur opportunistiese krisis-bestuur gekenmerk is.

'n Vyfde les wat uit die studie geleer is, is dat daar 'n neiging in die geledere van eertydse bevrydingsbewegings is om staatsoewereiniteit aan die regerende party te koppel. Hierdie neiging in die geledere van ZANU (PF) het 'n belangrike rol gespeel om die demokratiese gees en gepaardgaande gedragstyle in Zimbabwe in te perk. Die beginsel, inherent in demokrasie, 'n erkenning en verskansing van die reg om te verskil en dit op 'n vreedsame wyse, is hierdeur aan bande gelê.

Die inmenging in die regsisteem, asook in die onafhanklikheid van die openbare media, in die werksaamhede van die nie-regeringsektor - beide die NGO en georganiseerde burgerlike samelewing, is sprekende voorbeelde hiervan. Die noodsaak vir die instelling van die regstaat in Zimbabwe en die langtermyn-eerbiediging daarvan, is een van die belangrikste vereistes vir konfliktransformasie, vredebou en 'n samehangende kultuur van vrede. Meganismes en pro-

sesse wat hierdie vereiste nie slegs kan instel nie, maar eerbiediging, waarborg, verdien verdere ondersoek.

Sedens, die belangrikste les wat, uit die konflikstruktuur soos dit in Zimbabwe in beide die pre- en post-1980-periodes ontvou en geëskaleer het, geleer kan word, is **die verskynsel dat gelyke, interaktiewe kommunikasie regdeur die geskiedenis afwesig was. Die grootste behoefte was vir gelyke inter-aktiewe kommunikasie, gefokus op die ontwikkeling van diepliggende inklusiewe begrip, -empatie en gelykwaardige mensedeelname aan die beplanning van bestuurs/regeerprosesse. Interaktiewe kommunikasie, as deel van geïnstusionaliseerde konflikresolusie in regeerprosesse, in staat om etniese en stamdiversiteite, asook ander bronne van verskille, effektief te kan hanteer [“an ability to deal well with differences” – in Roger Fisher en Scott Brown (1989)].** Die nalating hiervan, is die enkele grootste faktor wat deur die jare ‘n eskalاسie in wantroue, persepsies van doel, behoefte- en belangebotsings, konflikterende gesindheidspatrone en destruktiewe gedragspatrone gebaar het.

‘n Vredebou-benadering tot konflikresolusie binne ‘n transformasiekonteks, spesifiek gerig op die Zimbabwe-geval, maar ook toepasbaar in ander Afrika-state met soortgelyke transformasie uitdagings, sal hierdie gedragskode as grondliggende nie-onderhandelbare vertrekpunt en waardesisteen (gedragskode) moet stel. Dit sou institutionalisering van gelyke, voortdurende en volhoubare interaktiewe kommunikasie impliseer, gefokus op die ontwikkeling van diepliggende inklusiewe begrip, -empatie en gelykwaardige mensedeelname aan die beplanning van bestuurs/regeerprosesse. ‘n Proses van interaktiewe kommunikasie in staat om uiteindelik, etniese en stamdiversiteite asook ander bronne van verskille, effektief te kan hanteer binne ‘n mede-verantwoordelikeproses.

Die afwesigheid van hierdie gedragskode is waarskynlik Zimbabwe se primêre konflikdefinisie. Die implikasie hiervan was die toepassing van distributiewe magsbedingingsparadigmas in die hantering van persepsiële konflikterende belange en behoeftes. Die impak, deur die eskalering van persepsies van uitsluiting, bedreiging, ens. was radikaal in terme van negatiewe gesindheids- en gedragseskalاسie. Sodanig dat projeksies van rasse- en stam-antagonismes ernstig sou eskaleer.

Dit wil gevolglik blyk dat distributiewe magsbedingingsparadigmas in lande gekenmerk deur historiese kulturele, etniese en stamkonflikte, tot ernstige konflikteskalاسie lei. In sulke samelewings, is konflikresolusieparadigmas, gegrond op inklusiewe kreatief probleem-oplossende versoening en vredebou-werkswyses, ‘n noodsaaklike transformasiebestuurstyl.

Uiteindelik blyk die navolging van distributiewe magsbedingings- onderhandelingsprosesse (soos dit histories in Zimbabwe ontvou het), botsend te wees met die hart/gees en psige van internasionaal- erkende menseregte-beginsels. Veral, aangesien dit werkswyses bevorder waarvan die onderliggende sentiment ‘n “ten koste van,” eerder as ‘n “ter wille van” paradigma is. Die direkte gevolg hiervan is dat die verantwoordelike tot die erkenning en respektering van die basiese behoeftes en belange, wat ‘n inherente motiveringsbron van, byvoorbeeld, ‘n menseregte handves is, in beide die proses van konflikhantering, sowel as in die

eindproduk daarvan, ignoreer en selfs ontken word. Indien die psigiese motivering vir die skepping en grondwetlike verskansing van menseregte handveste oorweeg en bedink word, sal distributiewe magsbedingsbenaderings tot konflik-resolusie, as botsend en strydig met die bestaansrede daarvan, bevind word. Dit sal as onbevorderlik vir die ontwikkeling van versoening en 'n gees van demokrasie, verklaar word.

'n Sewende belangrike les wat vanuit die studie geleer word, sentreer om vraagstukke verbandhoudend tot die soewereiniteit van state en die toetredingsrol van die internasionale gemeenskap om intra-staatskonflikte, verbandhoudend met ernstige bedreigings vir menselewens, te help transformeer. Internasionale organisasies soos die VN, Europese Unie, Statebond en Afrika Unie het oor die jare internasionale spelreëls en gedragskodes, in terme van aangeleenthede soos menseregte, ens. ontwikkel. Om verklaarbare redes word die erkenning en instandhouding van staatsoewereiniteit en daarmee saam, die beskerming teen internasionale inmenging, as 'n internasionale spelreël, gehandhaaf.

Die vraag wat egter na vore kom en verdere ondersoek verdien, is in welke mate die reël onbevoegd, gehandhaaf moet word, indien die resultaat daarvan meehelp tot ernstige menseregte vergrype, destruktiewe staatsgeweld, vernietiging van menselewens en ontkenning van kieservoorkeure? Die intensiteit van destruktiewe staatsgeweld tydens die Gukurahundi, en die internasionale stilswye hieroor, is hiervan 'n voorbeeld. Méér nog, die persepsie het oor die jare internasionaal bly voortleef dat die periode waartydens die Gukurahundi geïmplementeer is, gekenmerk is deur stabiliteit en versoening. Desnieteenstaande die inligting dat die Gukurahundi oorwegend 'n etnies/stamgeoriënteerde fokus gehad het, 'n aksie oorwegend teen Matabeles, 'n voorbeeld van 'n onopgeloste historiese konflik waarvan die opvlamming in die 1980's geïnspireer is deur die onversoerende gees tussen Shona/Matabele/ZANU (PF)/PF-ZAPU/Nkomo/Mugabe.

'n Onmiddellike vraagstuk wat natuurlik hiermee saamgaan, handel oor die mate waarin 'n misbruik sou kon ontwikkel van 'n gewysigde spelreël in terme van staatsoewereiniteit en internasionale toetrede. Watter prosedures en beginsels moet in werking gestel word om 'n toetreders- en toesighouers/mentorskaprol aan die internasionale gemeenskap te bied, sonder dat staatsoewereiniteit aangetas of misbruik word? Die ontwikkeling van 'n nuwe internasionale orde, sedert die val van die Berlynse Muur en die daaropvolgende styging in intra-staatskonflikte, regverdig in ieder geval, besinning oor hierdie aangeleentheid. Die UNPC (Die United Nations Peace Building Commission) wat in 2006 geskep is, is waarskynlik een baie belangrike voertuig wat in die besinning oorweeg moet word.

Die agste belangrike les wat uit die studie na vore kom, is die feit dat die internasionale gemeenskap duidelik 'n bepaalde rol in 'n konflikresolusie en – transformasieproses, binne intra-staatskonflikte, te speel het. Dit is egter belangrik om te besef dat dit nie suksesvol sonder die neem van eienaarskap en die ontwikkeling van 'n diepliggende wil tot deelname van al die binnelandse akteurs, moontlik is nie. In dié verband is daar 'n kernrol te speel deur die georganiseerde burgerlike samelewing (die geloofsgemeenskap ingesluit), georganiseerde sakesektor, arbeid en die openbare sektor op nasionale, streeks- en plaaslike

regeringsvlakke. Daarsonder is die ontwikkeling van ‘n inklusiewe vrede-psige en gees waarskynlik nie moontlik nie. Die wil tot vrede moet “psigiese voete op alle vlakke van die samelewing kry” – ‘n golf wat geen politieke belangegroep kan verhinder of stuit nie.

In die volgende afdeling sal voorstelle oor die implementering van ‘n geïntegreerde konflikresolusie-benadering gebaseer op versoening en vredebou ter tafel gelê word. Hierdie voorstel is gegrond op 1. die lesse wat in die voorafgaande hoofstukke geleer is, 2. die teoretiese beginsels vervat in die argumente van Galtung, Mitchell, Burton, Fisher, Anstey en Lederach, asook 3. op die implementering en fasilitering van konflikresolusie-werkswinkels in verskeie diepverdeelde gemeenskappe in Suid-Afrika tydens die Suid-Afrikaanse oorgangproses, op nasionale vlak en tydens die inwerkingstelling van die Oorgangswet op Plaaslike Regering (wet 203 van 1991) (*In samewerking met Dr Joh van Tonder, voormalige Hoof-direkteur, Staatskundige Ontwikkelingsondersteuning, Staatskundige Ontwikkelingsdiens*).

5.3. Voorgestelde raamwerk vir konflikresolusie in ‘n transformasiekonteks deur middel van versoening en vredebou

5.3.1. Beginselvertrekpunte

Uit die navorsing gedoen, het dit duidelik geword dat die Zimbabwe konflik oor meer as ooglopende belange en beleid handel. Dit gaan eerder oor:

1. diep emosies,
2. persoonlike, selfs fisiese en psigiese ervarings van leed, menswees-ontkennings,
3. kroniese armoede as resultaat,
4. onuitputlike verwagtinge asook,
5. diepliggende vrese van die ontneming van alles wat oor die jare opgebou is
6. diepliggende wantroue, vrees en antagonisme tot die punt van haat, tussen opponerende groepe,
7. ‘n politieke kultuur, gekenmerk deur die afdwing van “oplossings” deur wetgewing, en konformasie tot ZANU (PF) motiewe,
8. magsbeheer, intimidasie, élitistiese groeppvorming en
9. élitistiese maatstafvasstelling vir toelating van ‘vreemdelinge’ tot die eie oppergeledere,
10. etniese, stam en gemeenskapskonflik,
11. hopeloos gebrekkige intergroeppkommunikasie,
12. eensydig afgedwonge beplanning van oplossings, uit vrees dat die ‘eie groep’ beheer en statusposisies mag verloor, sou andere tot mede-besluitnemende prosesse toegelaat word, asook
13. rigiede persepsievorming en emosionele besluitneming is ‘n algemene kenmerk en daar word wyd in die media daaroor berig.

Die hantering van sulke konflik - ‘n diepliggende konflikpsige wat reeds vir agtien jaar in die post-1980-era groeiend is - vereis ander metodes as die suiwer tradisionele mags- en bedingingstegnieke wat tot op hede die werkswyse was.

Dit vereis ‘n gefasiliteerde en geïntegreerde konflikresolusieproses, ‘n multi-vlakkige deelname en fokus – vanaf ‘n internasionale vlak tot en met ‘n plaaslike vlak van fokus. Met ander woorde, ‘n **diepliggende en veelvlakkige gefasiliteerde versoenings- en vredebouproses.** Die onderliggende doel van só ‘n proses behoort veral die volgende te wees:

1. ‘n transformering van bestaande konflikterende verhoudinge,
2. die kweek van wedersydse begrip en empatie tussen die konflikterende partye, ras en stamgroepe en
3. die prosesmatige opbou van gesonde werksverhoudinge op multi-vlakkige grondslag (nasionaal, provinsiaal, plaaslik) in staat om diepverdeelde konflik en verskille effektief en vreedsaam te hanteer. Hierdie doel kan slegs bereik word indien daar aan sekere kern interaktiewe kommunikasie gedragskodes in diepverdeelde samelewings voldoen word (sien diagram 24).

Gegewe die verskynsel dat wantroue tydens die aanloop- en ook aanvangsfase van sodanige proses op ‘n hoogtepunt is, is dit van die uiterste belang dat vertroue in die werkswyse en aard van die proses, op ‘n inklusiewe vlak, gevestig word. In hierdie stadium behoort die proses, kommunikasiestyl en gedragskode die nodige sekuriteitswaarborg vir alle deelnemers te verseker. Dit impliseer dat die doel in die aanloop en aanvangsfase baie duidelik geformuleer moet word as die vestiging van ‘n inklusief aanvaarbare en betroubare demokratiese konflikresolusieproses. Die werkswyse wat gevolg word om so ‘n proses te beplan en te implementeer moet volledig aan hierdie gestelde doel beslag gee. ‘n Aanvaarbare demokratiese proses impliseer gevolglik binne die konteks van versoening en vredebou - ‘n werkswyse gegrond op inklusiwiteit. Alle rolspelers, op alle vlakke moet betrek word en op ‘n gelyke basis deelneem. Dit impliseer dat die proses as legitiem aanvaar moet word. Die legitimiteit van die onderskeie rolspelers moet ook erken word. ‘n Proses gebou op die beginsels van deelnemende demokrasie beteken in die praktyk ‘n werkswyse gekenmerk deur gesamentlike en gelyke beplanningsdeelname, gesamentlike probleemdiagnose, gesamentlike opsiesontginning; gesamentlike implementeringsbeplanning en uitvoering; gekoördineerde proses-kommunikasie na alle tersaaklike belangegroepes.

Die kriteria vir sukses van so ‘n proses behoort, veral, die volgende elemente in te sluit:

1. die identifisering van die inklusiewe waarheid deur die oorsake en bronne van konflik te ontleed;
2. die gesamentlike gee van genade (“mercy”) in die vorm van amptelike vergiffenis deur alle betrokkenes - wedersyds aan mekaar. Hier handel dit oor die verantwoordelikheid van alle rolspelers ongeag ras, etnisiteit, stam, ens om mekaar te vergewe;
3. die gesamentlike ontwikkeling van ‘n nuwe versoeningsvisie en -doelstellings. In wese behels dit die bereiking van ‘n ooreenkoms oor ‘n inklusiewe definisie en beginsels van herstellende en instandhoudende geregtigheid as die *“raison d’être”* van die nuwe eenheidstaat (die reënboognasie, of die simboliek vergestalt in die *“American dream,”* ens.);

4. die gesamentlike ontwikkeling (multi-vlakkige basis) van 'n gewetgeefde praktiese aksieprogram vir die transformering van die historiese bronne van konflik, ooreenkomstig die nuut ontwikkelde en ooreengekome definisie van geregtigheid;
5. die gesamentlike ontwikkeling van 'n implementeringsplan, ingesluit 'n bronnebeplanningsbegroting met langtermyn objektiewe moniteringsmeganismes en konflikvoorkomende en -resolerende prosedures vir die bestuur van die implementeringsproses. Die proses moet veral multi-vlakkig van aard wees.

Tabelle 24 tot 27 (pp300-303) verskaf meer tegniese inligting oor die beplanning van só 'n gestruktureerde proses. Hierdie tabelle is die praktiese fasiliteringsmeganismes of ook genoem, werktuie, vir die implementering van die teoretiese vertrekpunte soos in hoofstuk 1 uiteengesit.

5.3.2. Rolspelers

Die kernvraag is hoe die proses om inklusiewe eienaarskap en morele verantwoordelikheid van hierdie historiese bronne van konflik te neem, gefasiliteer kan word? In hierdie verband behoort konflikresolusie intellektuele, praktisyns en veral ook religieuse groepe, ander georganiseerde burgerlike samelewingsrolspelers (georganiseerde sakesektor, nie-regeringsorganisasies, ens.), asook die regsgemeenskap 'n kritiese fasiliteringsrol te speel. Die Christelike kerk het byvoorbeeld, vanweë die feit dat versoening 'n grondliggende bestaansrede van sy geloof is, 'n prominente en leidinggewende rol te speel. Neem ook in ag die feit dat die kerk in Zimbabwe 'n groot legitimeitsbasis het vanweë die feit dat daar op interdenominale vlak waarskynlik meer lidmate aan die kerk behoort as wat beide ZANU (PF) en MDC ledetal het.

Daarbenewens het die kerk 'n multi-vlakkige strukturele en infrastruktuurbasis, vanaf die Wêreldraad van Kerke tot op plaaslike gemeente vlak. Die morele en gesagsbasis van sy potensiele betrokkenheid by 'n geïnstitutionaliseerde versoeningsproses kan ook in die lig van sy bestaansgrondslag, nie betwyfel word nie. Die betrokkenheid van die Kerk, intellektuele, die regsgemeenskap en ander noodsaaklike burgerlike samelewingstrukture soos die NGO's, sakekamers, georganiseerde landbou, ens. is in lyn met Lederach se argument dat versoening multi-vlakkig moet wees en nie 'n afgedwonge gesentraliseerde benadering moet volg nie. Die direkte bestuur van só 'n fasiliteringsproses lê waarskynlik ook nie, (indien volhoubaarheid en opregtheid die ononderhandelbare gedragskodes is), in die hande van politieke leierskap nie. Hoewel hulle inkoop, deelname en die skepping van 'n grondwetlike klimaat en raamwerk op multi-vlakkige basis, uiters noodsaaklik sou wees. Só 'n proses sou waarskynlik slegs binne die konteks en onder beskerming van 'n onaantasbare grondwetlike regstaat, aldaar, implementeer kan word.

Die instelling van só 'n proses sal deeglike omgewingsvoorbereiding, met inagneming van die geïntegreerde konflikresolusie-model verg. Dit sal veral ook deeglike risiko-analise verg, ooreenkomstig die riglyne in tabel 5.3 verskaf, as deel van die voorbereidingsfase, ten einde die regte loodsingstrategie vir só 'n proses te

beplan. 'n Kern beplanningsvraagstuk handel oor wie die proses moet loods en hoe inklusiewe instemming daarvoor verkry kan word. Uiteraard behoort daar 'n wetgewende raamwerk, binne die konteks van die regstaat, verskaf te word. Die wetgewende raamwerk van die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie is hiervan 'n voorbeeld. Die betrokkenheid van só 'n sterk multi-vlakkige kontingent van multi-dimensionele deelnemers behoort egter die regte omgewingsklimaat vir versoening te skep. Internasionale rolspelers soos veral die United Nations Peace Building Commission (UNPBC), die Wêreldraad van Kerke en internasionale konflikresolusie praktisyns en intellektuele, sou met die sanksie van die VVO, Statebond, AU, SAOG (Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap) asook die binnelandse politieke rolspelers, 'n objektiewe, veilige versoeningsproses op multi-vlakkige basis met behulp van die reeds genoemde, georganiseerde, burgerlike samelewing, kon fasiliteer.

Só 'n proses sal ook, veral die inheemse Afrika kulturele versoeningskonteks moet verwoord en weerspieël. 'n Simboliese formele moment van versoening met die nodige formele dokumentêre bewysplase, sou 'n belangrike sentripetale krag kon wees vir die nuutgebore en verder ontwikkelde Zimbabwiese nasie op weg na langtermyn versoening en 'n gees en kultuur van vrede.

Indien die legaliteitsbasis wat aan die Internasionale Geregshof verleen is, in ag geneem word, sou dit in dié verband uiters sinvol wees om die uitbreiding van daardie gedagtegang te oorweeg in terme van die vestiging van byvoorbeeld die UNPBC as 'n amptelike internasionale liggaam met soortgelyke volkeregterlike status as die Internasionale Geregshof, maar toegespits op die fasilitering van multi-vlakkige, objektiewe konflikresolusie, versoening en vredebouprosesse. Op nasionale vlak het Suid-Afrika, binne die arbeidsbedeling 'n mikro-voorbeeld hiervan in die vorm van die Kommissie vir Konsiliasie, Mediasie en Arbitrasie. Só 'n Internasionaal erkende vredesliggaaam, sou die werksaamheid van die Internasionale Geregshof sinvol kon aanvul, hoewel dit onafhanklik van 'n streng, regsgeoriënteerde fasiliteringsparadigma behoort te funksioneer. Belangrike rolspelers in die herstruktureringproses van die UNPBC behoort die VN; Wêreldraad van Kerke; AU; EU; Statebond en ander internasionale streeksagentskappe te wees.

Sodanige internasionale fasiliteringsliggaam met legaliteit, sou sinvol binne die huidige ontwikkelingsgrondslag van 'n nuwe internasionale orde inpas, gegewe die stygende prioriteit wat aan internasionale spelreëls op politieke, ekonomiese, regs- en ander terreine gegee word. Só 'n liggaam sou byvoorbeeld binne die raamwerk van sy funksie en binne die spelreëls van die vredesteorie, kontinentale en sub-kontinentale/streeksfokusse en veral ook staatsfokusse of departemente kon hê ten einde die unieke kulturele kontekste in die vredesprosesse te integreer.


Dié internasionale vredesliggaam behoort die nodige sekuriteitsbasis vir neutraliteit en gelyke behandeling van elke belangegroep te kan verseker op dieselfde basis as wat die Internasionale Geregshof reeds erkenning ontvang. Die nasionale fokus of departement sou selfs ook in provinsiale en plaaslike owerheidskontekste onderverdeel kon word.

Die behoefte aan so 'n liggaam word onderstreep, gegewe die dinamika verbonde aan intra-staatkonflikte, tans 'n dominante internasionale verskynsel, waar politieke onverbonde rolspelers met universele morele gesag, 'n rariteit is. Die nuwe internasionale orde is steeds aan die ontwikkel. Steeds word die wêreld uitgedaag om in die post-koue oorlog fase nuwe intra-staat konflikuitdagings te hanteer. Dit stel besondere vrae rakende die verhoudingsbasis tussen staatsoewereiniteit en die handhawing en beskerming van basiese menseregte en menselewens. Zimbabwe is hiervan 'n resente voorbeeld.

Die verlening van internasionale regstatus aan versoening- en vredeboumeganismes en liggame is 'n uitdaging wat besliste aandag verdien. Die sukses daarvan sal gemeet word aan die bereikbaarheid van versoeningsprogramme op grondvlak - daar waar dit mense voelbaar raak. Internasionale en nasionale liggame het hierin 'n kritiese rol te speel. Vennootskap en mede-eienaarskapsvorming hiervan, word toenemend 'n ononderhandelbare verantwoordelikheid. Uiteindelik is die strofes soos geformuleer deur Jannie du Toit : ***“Vrede is ‘n duur artikel, niemand sal dit kry as hyself dit nie wil maak nie”, en die Seuns van Korah: “Mercy and Truth are met together, righteousness and peace have kissed each other. Truth shall spring out of the earth and righteousness shall look down from heaven,”*** 'n riglyn en verantwoordelikheid van almal wat die belange van mense op kollektiewe verband bestuur.


Konflikresolusie sal in die toekoms, in die benadering tot die vestiging van 'n kultuur van vrede binne staats- en ander strukture, as bestuurstyl geïntegreer moet word. Dit is ook die uitdaging van die mense van Zimbabwe. Mag hulle die riglyne van die Seuns van Korah volg waarop beide die modelle van Lederach en die voorgestelde geïntegreerde konflikresolusie, versoening- en vredebou-model wat in hierdie studie voorgestel word (hoofstuk 1, tabel 9 {p62} en hoofstuk 5, paragraaf 5.3.1 en 5.3.2) gebou is.

Tabel 24
Gedragkode vir Interaktiewe Kommunikasie in Gefragmenteerde
Samelewings



Tabel 25


Raamwerk vir Geïntegreerde Vredebou
(Galtung(1969); Mitchell (1981); Fisher&Ury (1981); Burton (1987); Lederach (1997))



Tabel 26

Konflikrisiko-analise

O.J. GRUNDLING: soos geanaliseer vanuit die werk van Galtung(1969), Mitchell(1981), Burton(1984), Anstey(1991) en Easton(1965)



Tabel 27
Fisher en Ury se “Currently Perceived Choice”-meganisme (Fisher, Roger and William Ury, 1981)

| | |
|--|--|
| Besluitnemer | Party 1; 2; ; 3 |
| Opsie | 1; 2; 3; 4; 5; ens. |
| Vraag | Wat is die gevde vir Party 1; 2; 3 inden ons die bepaalde opsie sou aanvaar? |
| Indien ons dit sou aanvaar? Lys al de voordele | Indien ons dit nie aanvaar nie, lys al die nadele |
| Positiewe gevde: ken aan elke voordeel 'n punte waarde toe (1-100). Waar 1 = minste waarde en 100 – meeste waarde. Evalueer die implikasies aan die hand van de volgende kriteria: | Negatiewe implikasies: ken aan elke voordeel 'n punte waarde toe (1-100). Waar 1 = minste waarde en 100 – meeste waarde. Evalueer die implikasies aan die hand van de volgende kriteria: |
| Behoefes; begeertes; prioriteite; waardes; beperkinge; visie; missie; doelstellings, ander faktore | Behoefes; begeertes; prioriteite; waardes; beperkinge; visie; missie; doelstellings, ander faktore |
| Negatiewe implikasies, ken aan elke voordeel 'n punte waarde toe (1-100). Waar 1 = minste waarde en 100 – meeste waarde. Evalueer die implikasies aan die hand van de volgende kriteria: | Positiewe implikasies, ken aan elke voordeel 'n punte waarde toe (1-100). Waar 1 = minste waarde en 100 – meeste waarde. Evalueer die implikasies aan die hand van de volgende kriteria: |
| Behoefes; begeertes; prioriteite; waardes; beperkinge; visie; missie; doelstellings, ander faktore | Behoefes; begeertes; prioriteite; waardes; beperkinge; visie; missie; doelstellings, ander faktore |
| Lys die totale gewigswaarde hiërgies | Lys die totale gewigswaarde hiërgies |
| Positief | Positief |
| Negatief | Negatief |
| Finale Besluit | |

4/27/2010

13

BIBLIOGRAFIE

"A Concise Guide to: The First Parliament of Zimbabwe." 1984/85 edition. Causeway: Ministry of Information, Post and Telecommunication.

"African Political Parties in Rhodesia and the 1980 Election." February 1980. Causeway: Ministry of Foreign Affairs.

"Africa Research Bulletin." March 1-31, 1980. Exeter: Africa Research Ltd.

Albrow, M. 1970. *"Bureaucracy."* London: The McMillan Press Ltd.

Annan, Kofi. April 1998. *"Africa: Secretary-General's Report to the UN Security Council: The Causes of Conflict and the Promotion of Durable Peace and Sustainable Development in Africa."* New York: United Nations

Anstey, M. 1991. *"Negotiating Conflict. Insights and Skills for Negotiators and Peacemakers."* Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Anstey, M. 1993. *"Practical Peace-making. A Mediator's Handbook."* Kenwyn: Juta & Co, Ltd.

Anstey, M. 2002. *"Managing Change. Negotiating Conflict."* Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Anyaoku, E. January 31, 1980. *"Zimbabwe: Reflections on the Lancaster House Conference."* A Lecture Delivered at the Nigerian Institute of International Affairs. January 31, 1980. Lecture Series No. 28. Lagos: The Nigerian Institute of International Affairs.

Arendt, H. 1965. *"On Revolution."* London: Penguin Books.

Azar, Edward. E. 1990. *Protracted International Conflicts: Ten Propositions* in Burton, John and Frank Dukes (ed.), 1990(c): *"Conflict: Readings in Management & Resolution."* London: The MacMillan Press Ltd.

Bambooweb, *"Land Reform in Zimbabwe."* www.bambooweb.-com/articles/land_reform_in_Zimbabwe)

BBC News. Transcript. "Lord Carrington, Former Foreign Secretary, June 25th, 2000" in *"Breakfast with Frost."* www.news.bbc.co.uk

Berlyn, Phillippa. 1978. *"The Quiet Man. A Biography of the Hon. Ian Douglas Smith, I.D. Prime Minister of Rhodesia."* Salisbury: M.O. Collins (Pvt.)Ltd.

Bhebe, Ngwabi.1977. *"Lobengula of Zimbabwe."* London: Heinemann Educational Books Ltd.

Bhebe, Ngwabi. 1989. *The Nationalist Struggle, 1957-1962.* in Banana, Canaan. S. (ed). 1989. *"Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990."* Harare: The College Press (Pty.) Ltd.

Blair, David. 2002. *"Degrees in Violence. Robert Mugabe and the Struggle for Power in Zimbabwe."* London: Continuum.

- Boutros Boutros Ghali, 1992. *“An Agenda for Peace. Preventative Diplomacy, Peacemaking and Peace-keeping.”* Report of the Secretary-General pursuant to the statement adopted by the Summit Meeting of the Security Council on 31 January 1992.” A/47/277 – S/24111. New York: United Nations.
- Burton, John. 1984. *“Global Conflict. The Domestic Sources of International Crisis.”* Sussex: Wheatsheaf Books Ltd.
- Burton, John W. 1987. *“Resolving Deep-Rooted Conflict. A Handbook.”* London: University Press of America Burton.
- Burton, John. 1990. *“Conflict: Resolution and Provention.”* London: The MacMillan Press Ltd.
- Burton, John and Frank Dukes. 1990 *“Conflict: Readings in Management & Resolution.”* London: The MacMillan Press Ltd.
- Bond, Patrick and Masimba Manyana, 2003. *“Zimbabwe’s Plunge. Exhausted Nationalism, Neoliberalism and the search for social justice.”* New Edition. Scottsville: University of Natal Press
- British Information Service. 1970. *“Rhodesia.”* London: British Information Service.
- Centre for the Study of Violence and Reconciliation, 2005. Memorialisation and Reconciliation in *“Transitional Southern African Societies.”* <http://www.csvr.co.za>.
- Chambati, Ariston M. 1989. *National Unity* in Banana, Canaan. S. (ed). 1989. *“Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990.”* Harare: The College Press (Pty.) Ltd.
- Chan, Stephen, 2003. *“Robert Mugabe. A Life of Power and Violence.”* London: I.B. Tauris & Co. Ltd.
- Childs S. Terry & William J. Dewey. 1996. *Forging Symbolic Meaning in Zaire and Zimbabwe* in Schmidt, Peter R. 1996. *“The Culture and Technology of African Iron Production.”* Gainesville: University Press of Florida.
- Chitiyo, T.K. 2000. *“Land Violence and Compensation. Reconceptualising Zimbabwe’s Land & War Veterans Debate”* in *“Track Two. Constructive Approaches to Community and Political Conflict.”* May 2000. Occasional Paper. Vol. 9. No.1. Cape Town: Centre for Conflict Resolution.
- Chiwewe, Willard, A. 1989. *Unity Negotiations in Banana, Canaan S. (ed.), 1989. “Turmoil and Tenacity.”* Harare: The College Press (Pty) Ltd.
- Cleary, S. 1980. *“Zimbabwe is Born.”* Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Clements, Kevin. 1997. *“Peace Building and Conflict Transformation.”* Peace and Conflict Studies. Virginia: George Mason University.
- Cliffe, Lionel, Joshua Mpfu and Barry Munslow, 1980. *Nationalist Politics in Zimbabwe: The 1980 Elections and Beyond* in *“Review of African Political Economy”* Vol 7. No. 18. London: Routledge.

- Commonwealth Secretariat, 1980. *“Southern Rhodesia Elections. February, 1980. The Report of the Commonwealth Observer Group on elections leading to independent Zimbabwe.”* London: The Commonwealth Secretariat.
- Coldham, Simon. 1993. *The Land Acquisition Act, 1992 of Zimbabwe* in *“Journal of African Law”*. Spring 1993. Vol. 37. No. 1. Cambridge: School of Oriental and African Studies.
- Coldham, Simon. 2001. *The Land Acquisition Amendment Act, 2000 of Zimbabwe* in *“Journal of African Law”*. 2001. Vol. 45. No. 2. Cambridge: School of Oriental and African Studies.
- Cole, B. 1984. *“The Elite, the story of the Rhodesian Special Air Service.”* Transkei: Three Knights Publishing.
- Coser, L. 1956. *“The Functions of Social Conflict.”* New York: Free Press.
- Daneel, M.L. 1970. *“God of the Matopo Hills. An Essay on the Mwari Cult in Rhodesia.”* The Hague: Mouton & Co.
- Daneel, M.L. 1998. *“African Earthkeepers. Vol 1. Interfaith Mission in Earth-care.”* Pretoria: Unisa Press.
- Daneel, M.L. 1999. *“African Earthkeepers. Vol 2. Environmental mission and liberation in Christian Perspective.”* Pretoria: University of South Africa.
- Davidow, Jeffrey. 1984. *“A Peace in Southern Africa. The Lancaster House Conference on Rhodesia, 1979.”* London: Westview Press, Inc.
- Davidson, Basil. 1984. *“African in History. Themes and Outlines.”* London: Granada Publishing Ltd.
- Davies, D.K. 1975. *“Race Relations in Rhodesia. A survey for 1972-1973.”* London: Rex Collings.
- Davies, James C. 1963. *“Human Nature in Politics the dynamics of political behaviour.”* London: John Wiley and Sons, Inc.
- Dekker, Loet. C.G. Doves. 1985. *The Escalation of Industrial Conflict and the Nature of Intervention Strategies* in Geldenhuys, Odette and Wanita Kawa, June 1985. *“Third Party Intervention: Mediation, Facilitation and Negotiation.”* Occasional Paper No. 11. Cape Town: Centre for Intergroup Studies.
- Department of Information, August 26, 1980. *“Prime Minister Addresses United Nations.”* Causeway: Government Printer.
- Deutch, M. 1973. *“The Resolution of Conflict: Constructive and Destructive Processes.”* New Haven: Yale University Press.
- De Waal, V. 1990. *“The Politics of Reconciliation. Zimbabwe’s First Decade.”* London: Hurst & Company.
- Dollard, John, Neal E Miller, Leonard Doob, O.H.Mowerer and Robert R. Sears. 1939. *“Frustration and Aggression.”* New Haven: Yale University Press.

Dollard, John, Neal E Miller, Leonard Doob, O.H. Mowrer and Robert R. Sears. 1963. *“Frustration and Aggression.”* New Haven: Yale University Press.

Du Toit, Jannie. 1990. Vrede Vanaand in *“Pallet.”* Musiek CD. Brooklyn, Pretoria: JNS Musiek.

Easton, D. 1965. *“A System Analysis of Political Life.”* Chicago: The University of Chicago Press, Ltd.

“Excerpts on the British Proposals on Independence Constitution for Rhodesia.” September 12, 1979 in <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster>.

Fisher, Roger & William Ury, 1982. *“Getting to Yes. How to Negotiate to agreement without giving in.”* London: Arrow Books Ltd.

Fisher, Roger & Scott Brown. 1989. *“Getting Together. Building Relationships that Get to Yes.”* Harvard Negotiation Project. London: Business Books Ltd.

Flower, Ken. 1987. *“Serving Secretly. Rhodesia’s CIO Chief On Record.”* Alberton: Galago Publishing (Pty) Ltd

Freire, Paulo, 1996. *“Pedagogy of the Oppressed.”* Translated by Myra Bergman Ramos. London: Penguin Books.

Fukuyama, F. 1995. *“Trust. The Social Virtues and the Creation of Prosperity.”* London: Hamish Hamilton Ltd.

Gahli, Boutros, Boutros. 1992. *“An Agenda for Peace. Preventative Diplomacy, Peacemaking and Peace-keeping.”* Report of the Secretary-General pursuant to the statement adopted by the Summit Meeting of the Security Council on 31 January 1992. A/47/277 – S-24111. New York: United Nations.

Galtung, J. 1969. *Violence, Peace and Peace Research* in *“Journal of Peace Research”*, 1969. www.jstor.org.

Galtung, J. 1990. *International Development in Human Perspective* in Burton, John (ed.) 1990. *“Conflict: Human Needs Theory.”* London: The MacMillan Press Ltd.

Galtung, J. 1996. *“Peace by Peaceful Means: Peace and Conflict, Development and Civilisation.”* London: Sage.

Grundling, O.J. 1988. *“Ruimtelike en Magsverhoudinge in Zimbabwe na Onafhanklikheid (1980-1985).”* MA Tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

“Gukurahundi in Zimbabwe. A Report on the Disturbances in Matabeleland and the Midlands 1980-1988.” 2007. The Catholic Commission for Justice and Peace in Zimbabwe and the Legal Resources Foundation. Johannesburg: Jacana Media (Pty) Ltd.

Gurr, Ted Robert. 1970. *“Why Men Rebel.”* Princeton, New Jersey: Princeton University Press.

Hallet, Robin. 1970. *“Africa to 1875.”* London: Heinemann Educational Books Ltd.

- Hallet, Robin. 1974. *"Africa since 1875."* London: Heinemann Educational Books Ltd.
- Harrison, P. 1981. *"Inside the Third World."* Middlesex: Penguin.
- Hartshorne, R. 1959. *The Functional Approach in Political Geography* in *"Annals of the Association of American Geographers."* Vol 40. No 2. www.jstor.org.
- Hatchard, John. 2001. Some Lessons on Constitution-making from Zimbabwe in *"Journal of African Law."* 2001. Vol. 45. No 2. <http://www.jstor.org/journals/soas.html>.
- Haugerudbraaten, Henning. Geen datum. *"Peacebuilding: Six dimensions and two concepts."* Joint project of the ISS, ACCORD and NUPI: Training for Peace Project.
- Hill, Geoff. 2003. *"The Battle for Zimbabwe. The Final Countdown."* Cape Town: Zebra Press. Hoofstuk 4: The Making of Mugabe.
- Hodder-Williams, R. 1980. "Independent Zimbabwe." in *"Africa Insight."* Vol 10. No3;4. Pretoria: Africa Institute of South Africa.
- Holland, Heidi. 2008. *"Dinner with Mugabe. The untold story of a freedom fighter who became a tyrant."* Johannesburg: Penguin Books (South Africa) (Pty.) Ltd.
- Huyse, Luc. 2003. *The Process of Reconciliation* in Bloomfield, D. Teresa Barnes and Luc Huyse. 2003. *"Reconciliation after Violent Conflict. A Handbook."* Stockholm, Sweden: International Institute for Democracy and Electoral Assistance.
- Huyse, Luc. 2003. *Case Study: Zimbabwe: Why Reconciliation Failed* in Bloomfield, D. Teresa Barnes and Luc Huyse. 2003. *"Reconciliation after Violent Conflict. A Handbook."* Stockholm, Sweden: International Institute for Democracy and Electoral Assistance.
- International Crisis Group, 2004. *"Blood and Soil. Land, Politics and Conflict Prevention in Zimbabwe and South Africa."* Brussels, Belgium: International Crisis Group Press.
- "Interview with R.G. Mugabe."* September 25, 1979. in <http://www.gta.gov.zw/Constitutional/Lancaster>.
- "Interview with J. Nkomo."* September 2, 1979 in <http://www.gta.gov.zw/Constitutional/Lancaster>.
- Jarstad, Anna K. And Timothy D Sisk. (eds.) 2008. *"From War to Democracy. Dilemmas of Peacebuilding."* New York: Cambridge University Press.
- Jeffery, Anthea, J. 1997. *"The Natal Story: Sixteen Years of Conflict."* Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Kinloch, G.C. July 1997. *"Racial Attitudes in the Post-Colonial Situation: The Case of Zimbabwe"* in *"Journal of Black Studies."* Vol. 27, No. 6. <http://www.jstor.org/journals/sage.html>.

Knox, C. and Padric Quirk 2000. *“Peace Building in Northern Ireland, Israel and South Africa. Transition, Transformation and Reconciliation.”* London: MacMillan Press Ltd.

Labuschagne, P. 8 September, 1989. *“Die Problematiese Posisie van die Swart Onderhandelaar in die Onderhandelingsproses, met Spesiale verwysing na die posisie van Biskop Abel Muzorewa en Eerwaarde Ndabaningi Sithole.”* Unisa: Afrika Studie Forum Seminaar.

Labuschagne, P. 1990. *‘n Toepassing van Carnevale se Opvatting van die rol van die Bemiddelaar in die Onderhandelingsproses met Spesiale Verwysing na die rol van Lord Carrington as Bemiddelaar tydens die 1979-Lancasterhuisberaad in “Politeia.”* 1990. Vol 9. No 2. Pretoria, Unisa: Departement Publieke Administrasie.

Labuschagne, P. 1990. *“Kommentaar op die Historiese ontwikkelingsgang van die Zimbabwe Bevrydingstryd.”* Pretoria.

Labuschagne, P. 2002. *The Realignment of Classes and Political Elites in Zimbabwe: The Politics of Change and Transformation in “Politeia.”* Pretoria: Unisa.

Lan, D. 1987. *“Guns & Rain. Guerrillas & Spirit Mediums in Zimbabwe.”* London: James Currey Ltd.

Laue, James. 1990. *The Emergence and Institutionalization of Third-Party Roles in Conflict* in Burton, John and Frank Dukes, 1990©. *“Conflict: Readings in Management & Resolution.”* London: The MacMillan Press Ltd.

Lederach, John Paul. 1996. *“Preparing for Peace: Conflict Transformation Across Cultures.”* Syracuse, New York: Syracuse University Press.

Lederach, John Paul. 1997. *“Building Peace. Sustainable Reconciliation in Divided Societies.”* Washington D.C.: United States Institute of Peace Press.

Lederach, J.P. 1998. *Remember and Change* in Herr, J.Z. and Robert Herr (ed.). 1998. *“Transforming Violence. Linking Local and Global Peacemaking.”* Scottsdale: Herald Press.

Loden, M. 1996. *“Implementing Diversity.”* London: Irwin Professional Publishing.

“Lord Carrington Opening Speech.” September 10, 1979. <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster>.

MacCandless, Erin. 2000. *Reconciling Relationships while Pursuing Justice: The Case of Land Redistribution in Zimbabwe* in *“Peace & Change. A Journal of Peace Research.”* April 2000. Vol. 25. No. 2. www.blackwellpublishing.com.

Maclean, Sandra. J. 2002. *Mugabe at war: the Political Economy of Conflict in Zimbabwe* in *“Third World Quarterly.”* June 2002. Vol. 23. No. 3. London: Taylor & Francis.

Mandela, N. May 2, 1990. *“Statement of the Deputy President of the ANC, Nelson Mandela, at the Opening of the Obstacles Meeting”* Cape Town: Grootte Schuur.”

Manning, T. 1981. *“World Class. Strategies for Winning with your Customer.”* Kenwyn: Juta & Co, Ltd.

Marimira, S.C. and K. Odera. 2003. *An Analysis of Institutional and Organisational Issues on Fast Track Resettlement The Case of Goromonzi District* in Roth, Michael and Francis Gonese (eds.), 2003. *“Delivering Land and Securing Rural Livelihoods: Post-Independence Land Reform and Resettlement in Zimbabwe.”* The Land Tenure Center of the University of Wisconsin-Madison and the Centre for Applied Social Sciences, University of Zimbabwe: <http://www.wisc.edu/ltc/zimpfl.html>.

Martin, David and Phyllis Johnson. 1981. *“The Struggle for Zimbabwe. The Chimurenga War.”* Johannesburg: Ravan Press.

Maxwell, John. C. 2002. *“Word die leier wat jy kan wees.”* Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

Meredith, M, 1979. *“The Past is Another Country. Rhodesia 1890-1979.”* London: André Deutch Limited.

Mitchell, C.R. 1981. *“The Structure of International Conflict.”* New York: St. Martin’s Press.

Mitchell, Peter. 2002. *“The Archaeology of Southern Africa.”* New York: Cambridge University Press.

Ministry of Foreign Affairs. 1980. *“British Initiatives for a Rhodesian Settlement. Constitutional Conference, Lancaster House Chronology, September –December 1979.”* Background Briefing 1/80. Causeway: Ministry of Foreign Affairs.

Ministry of Information. 1980. *“The 1980 Election Simplified.”* Causeway: Government Printer.

Ministry of Information, Immigration and Tourism, 1980. *“Address to the Nation by the Prime Minister Elect. 4 th March, 1980.”* Salisbury: Government Printer.

Ministry of Information and Tourism, January 1981. *“Prime Minister’s New Year Speech to the Nation. 31 December 1980.”* Salisbury: Government Printer.

Ministry of Information and Tourism, January 1982. *“Prime Minister’s New Year Speech to the Nation. 31 December 1981.”* Salisbury: Government Printer

Minogue, M. and J. Molloy (eds.). 1979. *“African Aims and Attitudes. Selected Documents.”* London: Cambridge University Press.

Mnangagwa, Emmerson. 1989. *Post-Independence Zimbabwe: 1980-1987* in Banana, Canaan (ed). 1989. *“Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990.”* Harare: The College Press (Pvt.)Ltd.

Mnangagwa, Emmerson. 1989. *The Formation of the Zimbabwe People’s Army: Zipa* in Banana, Canaan. S. (ed.). 1989. *“Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990.”* Harare: The College Press (Pty.) Ltd.

Mnangagwa, Emmerson D. 1989. *Post-Independence Zimbabwe: 1980-1987* in Banana, Cnaan S. (ed.), 1989. ***Turmoil and Tenacity.*** Harare: The College Press (Pty) Ltd.

Morris, Catherine, 2000. *What is Peacebuilding. One Definition* in www.peacemakers.ca/publications/peace-buildingdefinition.html.

Morris-Jones, W.A. 1980. ***From Rhodesia to Zimbabwe. Behind and Beyond Lancaster House.*** London: Frank Cass and Company Ltd.

Moshiri, Farrokh. 1991. *Revolutionary Conflict Theory in an Evolutionary Perspective* in Goldstone, Jack A. Ted Robert Gurr and Farrokh Moshiri (eds.). 1991. ***Revolution of the Late Twentieth Century.*** Oxford: Westview Press, Inc.

Movement for Democratic Change. 2007. ***In Dept. Morgan Tsvangirai.*** www.mdc.co.zw

Moyo, Sam. 2000. *The Political Economy of Land Acquisition and Redistribution in Zimbabwe, 1990-1999* in ***Journal of Southern African Studies.*** (March, 2000). Vol. 26. No. 1. London: Taylor & Francis Group <http://www.jstor.org/journals/taylorfrancis.html>.

Mugabe, R. 1980.: ***Prime Minister Addresses United Nations General Assembly in New York on August 26, 1980.*** Causeway: Department of Information.

Mungazi, D.A. 1992. ***Colonial Policy and Conflict in Zimbabwe. A Study of Cultures in Collision, 1890-1979.*** London: Taylor & Francis Ltd.

Murphy, E. Jefferson. 1972. ***History of African Civilization.*** New York: Dell Publishing Co. Inc.

Muzorewa, Bishop Abel. Tenderai. 1978. ***Rise up and Walk.*** An Autobiography. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Muzorewa opening Speech. September 11, 1979. <http://www.gta.gov.zw/Constitutional/Lancaster>.

Nathan, Laurie. 1-2 December 1998. ***Strategies for Peace and Prosperity in Southern Africa.*** Prepared for the Southern Africa Trade and Investment Summit, International Herald Tribune, Cape Town Centre for Conflict Resolution: University of Cape Town, South Africa.

Ndlovu, Scotch, M. 3-6 November, 1994. ***Ndebeles and Shonas in Zimbabwe: A Case Study of Ethnic Conflict Resolution.*** Presented at the Thirty-Seventh Annual Meeting of the African Studies Association. Toronto, Canada: African Studies Association.

Nkomo, J. 1984. ***Nkomo. The Story of My Life.*** London: Methuen.

Nyangoni, W.W. 1978. *"African Nationalism in Zimbabwe."* Washington DC: University Press of America.

Nzombe, S. 1989. *"Negotiations with the British"* in Banana, Canaan S.(ed.). 1989. *"Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990."* Harare: The College Press (Pty.) Ltd.

Omer-Cooper, J.D. 1966. *"The Zulu Aftermath. A Nineteenth-Century Revolution in Bantu Africa."* Essex: Longman Group Ltd.

"Opening Speech by J. Nkomo on behalf of the Patriotic Front." September 11, 1979. <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster>.

"Patriotic Front's response to British Constitutional Proposals." October 8, 1979. <http://www.gta.gov.zw/Constitutional/Lancaster>.

"PF Proposals." in <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster>.

Physicians for Human Rights, 20th November, 2002. *"Vote ZANU-PF or Starve. Zimbabwe: August to October 2002."* Denmark: www.phrusa.org.

Pakenham, Thomas. 1991. *"The Scramble for Africa. 1876-1912."* Johannesburg: Jonathan Ball Publishers

Palley, C. 1966. *"The Constitutional history and law of Southern Rhodesia (1888-1965) with special reference to imperial control."* Oxford: Clarendon Press.

Palmer, Robin. 1990. *Land Reform in Zimbabwe, 1980-1990* in *"African Affairs."* April 1990. Vol. 89. No. 355. London: Oxford University Press.

Pandya, Paresh, 1988. *"Mao Tse-tung and Chimurenga. An investigation into ZANU's strategies."* Braamfontein: Skotaville Publishers.

Pounds, N.J.G. 1972. *"Political Geography."* Second Edition. New York: McGraw Hill.

Pruitt, Dean G. 1981. *"Negotiation Behavior."* London: Academic Press Inc.

Pruitt, D and Rubin, J. 1986. *"Social Conflict: Escalation, Stalemate and Settlement."* New York: Random House.

Putman, Robert, D. 1976. *"The Comparative Study of Political Elites."* Englewood Cliffs: Prentice-Hall, Inc.

Raftopoulos, Brian. 1992. *Beyond the House of Hunger: Democratic Struggle in Zimbabwe* in *"Review of African Political Economy."* Jul., 1992. No. 54, Surviving Democracy? <http://www.jstor.org/about/terms.html>. Roape Publications Ltd.

Raftopoulos, Brian. 2004. *Nation, Race and History in Zimbabwean Politics* in Raftopoulos, Brian & Tyrone Savage (eds.), 2004. *"Zimbabwe. Injustice and Political Reconciliation."* Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation.

Raftopoulos, Brian. 15 Junie 2008. "**Boekepromosie. Kaapstad Internasionale Boekefees.**"

Ramsbotham, Oliver; Tom Woodhouse and Hugh Miall. 2006. "**Contemporary Conflict Resolution. The prevention, management and transformation of deadly conflicts.**" Second Edition. Cambridge: Polity Press.

Ranger, Terrence. 1985. "**Peasant Consciousness and Guerrilla War in Zimbabwe. A Comparative Study.**" London: James Currey Ltd.

Report of the Constitutional Conference Lancaster House London, September-December 1979:4-5. London: Lancaster House.

Reychler, Luc. 1998. *Democratic Peacebuilding and Conflict Prevention* in Wellens, Karel, 1998. "**International Law: Theory and Practice. Essays in Honour of Eric Suy.**" The Hague: Martin Nijhoff Publishers.

"Roadmap. The National Healing & Integration Agenda: Truth, Justice and Reconciliation Commission." www.mdc.co.zw.

Roth, Michael and Francis Gonesse (eds.), 2003. "**Delivering Land and Securing Rural Livelihoods: Post-Independence Land Reform and Resettlement in Zimbabwe.**" www.wisc.edu/lrc/zimpfl.html.

Rubenstein, R.E. 1990. *Basic Human Needs Theory: Beyond Natural Law* in Burton, John (ed.). 1990 (b). "**Conflict: Human Needs Theory.**" London: The MacMillan Press Ltd.

Sachikonye, Lloyd M. 2003. *From 'Growth with Equity' to 'Fast-Track' Reform: Zimbabwe's Land Question* in "**Review of African Political Economy.**" June 2003. Vol. 30, No. 96, War & the Forgotten Continent. London: Taylor & Francis, Ltd.

Sachikonye, Lloyd, M. 2004. *The Promised Land. From expropriation to reconciliation and jamba* in Raftopoulos, Brian & Tyrone Savage (eds.), 2004. "**Zimbabwe. Injustice and Political Reconciliation.**" Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation.

Scully, P. 1984. "**Exit Rhodesia.**" Ladysmith: Cattsworld Press.

Shamuyarira, Nathan M. 1965. "**Crisis in Rhodesia.**" London: Andre Deutch Ltd.

Shamuyarira, Nathan M. Dr. & Narendra Kumar & Tirivafi John Kangai. 1995. "**Mugabe's Reflections. Zimbabwe and the Contemporary World.**" New Delhi: Har-Anand Publications.

Sibanda, Misheck J. 1989. *Early foundations of African nationalism* in Banana, Canaan (ed.). 1989. "**Turmoil and Tenacity. Zimbabwe 1890-1990.**" Harare: The College Press (Pty.) Ltd.

Sites, Paul. 1973. "**Control: The Basis of Social Order.**" London: Dunellen Publishing Company Co.

Sites, Paul. 1990. *Needs as Analogues of Emotions* in Burton, John (ed.). 1990 (b). "**Conflict: Human Needs Theory.**" London: The MacMillan Press Ltd.

Skocpol, Theda. 1979. *“States & Social Revolutions. A Comparative Analysis of France, Russia & China.”* New York: Cambridge University Press Ltd.

Smith, D. Colin Simpson and Ian Davies. 1981. *“Mugabe.”* Salisbury: Pioneer Head (Pty.) Ltd.

Smith, Ian Douglas, 2001. *“Bitter Harvest: The Last Betrayal.”* London: Blake.

Soames, Rt Hon Lord. Summer 1980. *From Rhodesia to Zimbabwe* in *“International Affairs (Royal Institute of International Affairs, 1944-)”* Vol. 56. No. 3. www.jstor.org.

“Southern Rhodesia. Report of the Constitutional Conference Lancaster House London. September – November 1979.” Presented to Parliament by the Secretary of State for Foreign and Commonwealth Affairs by Command of Her Majesty, January 1980. London: Her Majesty’s Stationary Office.

Southern Rhodesia, February 1980. *“Electoral Act, 1979.”* Salisbury: Government Printer.

Stedman, Stephen John. 2003. *“Peacemaking in Civil War. International Mediation in Zimbabwe, 1974-1980.”* Colorado: Lynne Rienner Publishers, Inc.

Stiff, Peter, 2000. *“Cry Zimbabwe. Independence – Twenty Years On.”* Alberton: Galago Publishing (Pty.) Ltd.

Stoneman, Colin and Lionell Cliffe. 1989. *“Zimbabwe. Politics, Economics and Society.”* London: Pinter Publishers Ltd.

Sully, Max. 1996. *Using the Cases as a Means of Peace Building* in *“Centre for Conflict Resolution’s African Case Studies Manual for Conflict Resolution Training.”* 1996. Cape Town: University of Cape Town.

Sylvester, C. 1991. *“Zimbabwe. The Terrain of Contradictory Development.”* Oxford: Westview Press, Inc.

“The Lancaster House Conference: Lord Carrington’s statements in Reply to the Patriotic Front’s Papers.” October 9, 1979 in <http://www.gta.gov.zw/Constitutional/Lancaster>.

“The Patriotic Front Memorandum ‘The Legislature’” September 24, 1979 in <http://www.gta.gov.zw/Constitutional/Lancaster>.

“The Post-Election Scene: Constitutional Developments and Related Matters.” 18 February, 1980. Causeway: Ministry of Foreign Affairs.

“The Transition Period.” <http://www.gta.gov.zw/-Constitutional/Lancaster>.

“The 1980 Election Simplified.” 1980. Zimbabwe: Ministry of Information.

Todd, Judith Garfield. 2007. *“Through the Darkness. A life in Zimbabwe.”* Cape Town: Zebra Press.

Todd, Judith Garfield. 5 October 2008. "*E-mail Interview.*" jtodds@mweb.co.za.

USAID, February, 1981. "*Zimbabwe. Country Development - Strategy Development.*" Washington DC: United States International Development Cooperation Agency.

Vambe, Lawrence, 1976. "*From Rhodesia to Zimbabwe.*" London: William Heinemann Ltd.

Van Aswegen, H.J. 1980. "*Geskiedenis van Afrika. Van die Vroegste Oorsprong tot Onafhanklikheid.*" Pretoria: Academica.

Verrier, A. 1986. "*The Road to Zimbabwe. 1890 – 1980.*" London: Jonathan Cape Ltd.

Windrich, Elaine. 1975. "*The Rhodesian Problem. A Documentary Record 1923-1973.*" London: Routledge & Kegan Paul Ltd.

Wiseman, H. and A.M. Taylor. 1981. "*From Rhodesia to Zimbabwe. The politics of transition.*" International Peace Academy. New York: Pergamon Press.

Wood, J.R.T. 1983. "*The Welensky Papers. A History of the Federation of Rhodesia and Nyasaland.*" Durban: The Graham Publishing Company (Pty.) Ltd.

Wright, Quincy. 1990. *The Nature of Conflict* in Burton, John and Frank Dukes, 1990 (c). "*Conflict: Readings in Management and Resolution.*" London: The MacMillan Press Ltd.

Young, O.R. 1967. "*The Intermediaries: Third Parties in International Crises.*" Princeton: Princeton University Press.

Zartman, I.W. and Maureen, R. Berman. 1982. "*The Practical Negotiator.*" London: Yale University Press.

Zartman, I.W. 1989. "*Ripe for Resolution. Conflict and Intervention in Africa.*" Updated Edition. Oxford: Oxford University Press.

Zartman, I.W. 2003. "*Contemporary Peace-making: Conflict, Violence and Peace Processes.*" New York: Palgrave Macmillan.

Zimbabwe-Rhodesia. 1979. "*Report of the Constitutional Conference. Lancaster House London. September-December, 1979.*" Zimbabwe: Government Printer.

Zimbabwe-Rhodesia. 1979. "*Proposals for Independence.*" Zimbabwe: Government Printer.

Zimbabwe Lawyers for Human Rights, 2002. "*Political Violence Report. 1-16 February, 2002.*" www.zlhr.org.zw.